

# **DIE AFRIKAANSE VOLKSLIED ONDER DIE BRUINMENSE**

**Matilda Burden**



**Proefskrif ingelewer vir die graad van Doktor in die Wysbegeerte  
(Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van  
Stellenbosch**

**Promotor: Prof. P.W. Grobbelaar**

**Maart 1991**

## VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening

Datum

## OPSOMMING

'n Volkslied is 'n lied wat deur die gemeenskap aanvaar is, mondelings versprei word en op dieselfde wyse van geslag tot geslag oorgelewer word en waarvan daar in die prosesse variante ontstaan. 'n Volkslied is dus nie voltooi die oomblik dat die eerste vorm geskep is nie, maar word deur 'n langsame proses geleidelik gevorm en omvorm.

Die Afrikaanse volkslied wat deur die bruinmense gesing word, toon dieselfde kenmerke as die volkslied in die algemeen. Daar is tekens van mondelinge oorlewering wat veral weerspieël word deur die baie variante wat aangetref word, sowel as talle voorbeelde van verbrokkeling en vervorming ("Umsingen" en "Zerzingen"). Eenvoud in woord en melodie is opvallend. Die majeurtoonaard, met vermyding van modulاسie, kom feitlik deurgaans voor. Suggestiwiteit en growwe taal is redelik algemeen. Melismes kom selde voor en dan meestal by liedere wat waarskynlik van ou Afrikaanse plate kom.

By die opnames onder bruin kinders is gevind dat die oorgrote meerderheid liedere wat hulle sing, een of ander vorm van spel begelei. Hulle sing selde sonder om te speel, en hulle speel selde sonder om te sing. Die meeste variante van liedere word ook by die kinders aangetref.

By die liedere van volwassenes is die danslied ongetwyfeld die gewildste. Die meeste daarvan bestaan uit kort, eenvoudige strofes met baie strofes in een lied. 'n Klein persentasie van die liedere wat versamel is, ongeveer 5%, is vermoedelik van ou Afrikaanse grammofoonplate afkomstig. Die meeste daarvan het baie vervorm in die volksmond en selfs daarvan is variante aangetref. Die temas van hierdie groep liedere handel hoofsaaklik oor die liefde, afskeid, hartseer en die dood.

Voorbeelde van piekniek-, arbeids- en oorlogsliedere, sowel as enkele drinkliedere en doprympies is aangetref. Die humoristiese lied en spotlied dra by tot die vermaaklikheidsfunksie van die volkslied en kom ook by die bruinmense voor.

Die gewyde of geestelike lied kan nie altyd streng van die wêreldlike lied geskei word nie. Daar is te veel wisselwerking tussen die twee groepe, veral wat wysies betref. Die gewyde liedere wat by die bruinmense aangetref is, is meestal van die sogenaamde "koortjie"-tipe. 'n Kenmerk van hulle gewyde sang is dat wanneer dit deur 'n groep gesing word, dit altyd meerstemmig is met pragtige harmonieë wat op natuurlike wyse gedoen word.

Die feit dat daar al so baie oor die volkslied geskryf is en selfs onlangs nog omvattende studies daarvoor die lig gesien het, is bewys dat die volkslied nog nie uitgesterf het nie. Daar is bewys dat die Afrikaanse volkslied onder die bruinmense baie sterk staan, hoewel Engelse invloed duidelik merkbaar is en tekens van moderne ontwikkeling en verstedeliking onmiskenbaar waargeneem kan word.

## SUMMARY

A song has to be accepted by the community, must form part of the oral tradition and be handed over from one generation to the next, before it can be called a folk song. In the process of oral tradition, variants usually develop. A folk song is therefore never complete the moment it is created, but is formed gradually through a process of changes.

The Afrikaans folk song sung by the coloured people has the same characteristics as the folk song in general. The fact that oral tradition is the major way of spreading songs, is evident from the many variants that occur and from the examples of transformation of words and melody ("Umsingen" and "Zersingen"). Simplicity, the use of the major key and the avoidance of modulation are prominent characteristics. Suggestiveness and coarse language are fairly common. Melismata are very rare and usually occur in songs which probably have their origin in old Afrikaans records.

Most of the songs collected amongst coloured children are used to accompany games. The children seldom sing without playing or play without singing. Most variants are found amongst children's songs.

Dancing songs are without a doubt the most popular amongst the songs of adults. The form of the stanzas is very simple and usually the songs consist of many stanzas. A small percentage of the songs collected, more or less 5%, presumably originate from old Afrikaans grammophone records. Most of these songs have been transformed by popular usage and even amongst them variants have been found. The main themes of this group of songs are love, parting, grief and death.

Picnic songs, work songs, war songs and drinking songs have been found. Humorous and mocking songs contribute to the entertainment value of the folk song and are also found amongst the coloured people.

Because there is so much interaction between sacred songs and secular songs, especially where the melodies are concerned, the two groups cannot always be separated from each other. The sacred songs of the coloured people are mostly of the "refrain"-type. When a group of coloured people perform the sacred songs, they usually harmonise spontaneously and most beautifully.

The fact that so much has been said and written on the subject of the folk song, and that even in recent years substantial research projects have been carried out, is proof enough that the folk song has not yet died out. The Afrikaans folk song features strongly amongst coloured people, though noticeably influenced by the English language, modern technology and urbanisation.



Vir sy onberekenbare en onvermoeide hulp en  
ondersteuning, word hierdie werk opgedra aan my  
man **Hugo**

## BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank:

My promotor, **prof. P.W. Grobbelaar**, vir sy insiggewende en gewaardeerde leiding.

**Proff. G.G. Cillié** en **R.E. Ottermann**, wat as mede-eksaminatore opgetree en baie waardevolle hulp ten opsigte van die musiek verleen het.

**Elisabeth Potgieter**, wat 'n reuse-taak verrig het met die transkripsie van die musiek.

**Karen en Roelof Temmingh**, vir oorskryf en kontrolering van die musiek.

**Marie Bakkes, Nelia Steyn** en **Haidee Beukes** vir tegniese hulp.

**Francis le Roux**, vir die tegniese versorging en finale uitdruk van die skripsie.

*M. Burden*

M. BURDEN

STELLENBOSCH

Februarie 1991

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

# INHOUDSOPGAWE

<b>INLEIDING</b>	<b>1</b>
<b>HOOFSTUK 1 DIE VOLKSLIED: 'N Wêreldverskytsel</b>	<b>5</b>
1.1 Definisies	5
1.2 Die ontstaan van volksliedere	8
1.3 Opteken van volksliedere	10
1.4 Klassifikasie	12
1.5 Liedboeke	16
1.6 Die kerk en die volkslied	17
<b>HOOFSTUK 2 DIE VOLKSLIED VAN DIE BRUINMENSE</b>	<b>19</b>
2.1 Vroeë optekeninge van liedere onder bruinmense	19
2.2 Vorm	21
2.3 Begeleiding	24
2.4 Invloed van die media, moderne vermaak en tegnologie	25
2.5 Ritme en tydmaatsoorte	27
<b>HOOFSTUK 3 KINDERLIEDERE</b>	<b>29</b>
3.1 Kinderliedere met spel	30
3.1.1 Uittelryme	32
3.1.2 Handklapspele	38
3.1.3 Ander parespele	45
3.1.4 Ryspele	49
3.1.5 Kringspele	52
3.1.6 Touspringryme	119

3.2	Kinderliedere sonder spel	192
3.2.1	Wiegelied	192
3.2.2	Tongglippers	198
3.2.3	Kettingliedere	200
3.2.4	Sportliedere	211
3.2.5	Algemene liedere	221
 <b>HOOFSTUK 4 MINNE- EN AFSKEIDSLIEDERE</b>		<b>243</b>
4.1	Minneliedere	243
4.2	Afskeidsliedere	290
 <b>HOOFSTUK 5 DANSLIEDERE</b>		<b>302</b>
 <b>HOOFSTUK 6 PIEKNIEKLIEDERE</b>		<b>451</b>
 <b>HOOFSTUK 7 ARBEIDSLIEDERE</b>		<b>464</b>
 <b>HOOFSTUK 8 HUMORISTIESE LIEDERE</b>		<b>476</b>
 <b>HOOFSTUK 9 SPOTLIEDERE</b>		<b>491</b>
 <b>HOOFSTUK 10 DRINK- EN DAGGALIEDERE EN DOPRYME</b>		<b>501</b>
 <b>HOOFSTUK 11 OORLOGSLIEDERE</b>		<b>511</b>
 <b>HOOFSTUK 12 LIEDERE OOR HARTSEER, SKEIDING EN DIE DOOD</b>		<b>518</b>

<b>HOOFSTUK 13</b>	<b>GODSDIENSTIGE LIEDERE</b>	<b>568</b>
<b>HOOFSTUK 14</b>	<b>ALGEMENE LIEDERE</b>	<b>635</b>
<b>HOOFSTUK 15</b>	<b>GEVOLGTREKKINGS</b>	<b>686</b>
15.1	Kenmerke van die volksliedere by bruinmense	686
15.2	Kenmerke van die volkslied in die algemeen	692
15.3	Taalverskynsels	692
15.4	Voortbestaan van die volkslied	696
15.5	Slot	697
<b>BRONNELYS</b>		<b>698</b>
<b>ALFABETIESE INDEKS VOLGENS EERSTE REËLS</b>		<b>733</b>

## INLEIDING

### Doel van ondersoek

Daar is nog nie vantevore enige wetenskaplike studie van die volksliedere van die Afrikaanssprekende bruinmense gemaak nie. Die musiek van drie afsonderlike gekleurde Afrikaanse groepe, te wete die Maleiers (deur I.D. du Plessis, 1935), die Rehoboth-Basters (deur F.J. Strydom, 1983) en die Griekwas (deur A.M. Cloete, 1986) is wel reeds ondersoek. Die grootste gekleurde groep, die sogenaamde Kaapse bruinmense, word nie hierdeur gedek nie.

Die doel van hierdie studie is om vas te stel wat hierdie Kaapse bruinmense in Afrikaans sing en hoe dit aansluit by die Afrikaanse volkslied van die blankes en ook soms van die ander gekleurde groepe.

### Terreinafbakening

Die liedere van die Maleiers, Rehoboth-Basters en Griekwas is uitgesluit, behalwe as vergelykingsbasis waar ooreenstemmende liedere of dele van liedere by die Kaapse bruinmense gevind is. Slegs vokale musiek is versamel. Daar is gekonsentreer op Afrikaanse liedere wat deur die bruinmense gesing word, hoewel die invloed van Engels sterk waarneembaar is, soos aangedui word in 15.3.1.

Oorbekende liedere soos "Jan Pierewiet" en "Sarie Marais" is nie opgeteken nie, behalwe wanneer variante gevind is (vergelyk nr. 339).

Die geografiese gebied wat deur die veldwerk gedek is, sluit die volgende in (die dorpe binne elke streek wat by die ondersoek betrek is, word tussen hakies aangedui): Boland en Skiereiland (Wellington, Bellville), Overberg (Swellendam), Suid-Kaap (George), Klein Karoo (Montagu, Ladismith, Calitzdorp), Langkloof (Misgund, Louterwater, Krakeelrivier), Groot Karoo (Graaff-Reinet, Beaufort-Wes, Fraserburg, Sutherland, Middelpas), Hexriviervallei (De Doorns), Boesmanland (Kliprand), Richtersveld (Lekkersing, Eksteensfontein, Steinkopf), Namakwaland (Springbok, Soebatsfontein, Garies, Vredendal), Sandveld (Clanwilliam, Graafwater, Lambertsbaai), Swartland (Porterville, Malmesbury). Enkele opnames is in die Transvaal (Springs) en in Natal (Durban) gemaak.



## Metode van ondersoek

Die stofinsameling is hoofsaaklik deur middel van veldwerk gedoen. Ander bronne wat gebruik is, is die volgende:

- Die transkripsies van drie radioprogramreekse, *Die volk as digter*, aangebied deur Pieter W. Grobbelaar in 1978, 1987 en 1988.
- Die boek *Witwater se mense* van M.I. Murray wat handel oor 'n bruin gemeenskap in die Sederberge.
- E. Barnard se ongepubliseerde M.A.-tesis: *'n Kultuurhistoriese beeld van Gansbaai en omgewing*.

Veldwerk is gedoen deur die informante te ondervra en hulle liedere op kassetbande vas te lê. Die opnames is later getranskribeer. Altesame 526 liedere met 113 variante, 'n totaal van 639 liedere, is versamel.

## Transkripsies

Opvallend van die bruinmense se sang, is die gesinkopeerde ritme waarmee baie van hulle wysies gesing word. Met die transkripsie van die liedere was dit nie altyd moontlik om te onderskei wanneer die ritme werklik gesinkopeerd is, en wanneer dit net 'n mate van gevoelsvertolking is wat deur die sangers aangewend word nie. Daar is dus besluit om wanneer die sinkopasie baie sterk en opvallend is, dit so te transkribeer, maar wanneer dit effens vaag en onduidelik is, ongesinkopeerde ritme te gebruik.

Die sang van een spesifieke sanger, mnr. Pieter van der Westhuizen van Bellville, was baie moeilik om te transkribeer aangesien hy baie a-ritmies sing in dié sin dat sy musiek nie in 'n vaste ritme in die konvensionele Westerse patroon ingepas kan word nie. Daar is dus by sommige van sy liedere van 'n verskeidenheid van ritmes gebruik gemaak. Deurgaans is egter gepoog om dit so eenvoudig as moontlik te hou.

Wat die toonaard van liedere betref, is daar besluit om konstant 'n maklik singbare toonhoogte te gebruik. Dit sou onprakties wees om altyd te transkribeer in die toonaard waarin tydens opnames gesing is. In baie gevalle was dit wel moontlik, maar om dit konsekwent te doen, sou twee probleme oplewer. Eerstens is die toonaard wat die sanger toevallig "kies" moontlik  $F^{\sharp}$  of  $C^{\sharp}$ -majeur, wat onderskeidelik ses en sewe kruise het en die teorie van 'n eenvoudige lied dus

baie ingewikkeld sou maak. Tweedens is daar gevind dat sommige individue moeilik singbare toonhoogtes kies. In 'n paar gevalle het jong meisies of vroue geweldig hoog gesing en 'n paar van die ouer mans het weer hul liedere so laag ingesit dat hulle self nie die onderste note kon bykom nie.

Daar is enkele liedere waarby geïndikeer is wat nie in die transkripsies aangedui word nie (vergelyk nrs. 159 en 196).

## Evaluering van bronne

Daar is gevind dat baie van die individuele sangers nie nootvas sing nie. Dit bemoelijk transkripsie. Mnr. Kobus Kriel van Montagu het só swak gesing dat sommige van sy liedere glad nie getranskribeer kan word nie, want daar kan geen wysie uitgemaak word nie (vergelyk nrs. 344 en 363).

Die groepsang van die bruinmense, daarenteen, is baie mooi en word altyd in stemme gesing.

Mnr. Pieter van der Westhuizen van Bellville sing tekste wat waarskynlik hulle oorsprong in die volksmond het, maar waaraan hy veranderings aangebring het wat opvallende nie-volkse elemente bevat (vergelyk nrs. 167, 172 en 173).

Enkele blankes is as informante gebruik, maar die liedere wat hulle sing, het hulle almal by die bruinmense geleer, of het die blankes en bruinmense saam gesing. Hulle is mnr. Kobus Kriel van Montagu, mnr. John McClaren van Calitzdorp, mnr. Burger en mev. Greta Gericke van George, mev. Anna Stroebel van George, mnr. G. du T. Cillié van Durban, mev. B. van Wyk van Fraserburg en mnr. N.S. (Klaas) Louw van Loeriesfontein.

Die radioprogramreeks *Die volk as digter* van Pieter W. Grobbelaar het baie waardevolle stof gelewer. Dit is aangevul deur Grobbelaar se privaatversameling "Ons Erfenis", wat hoofsaaklik vir vergelykende studies gebruik is. Laasgenoemde versameling word op kassetbande bewaar en gehuisves by sy woning te Franschoek.

Die boek van M.I. Murray, *Witwater se mense*, bevat talle tekste van liedere wat belangrik is vir hierdie studie. Ongelukkig word die musiek nie weergegee nie en veroorsaak dit dus 'n leemte.

Barnard het wel die musiek van die liedere wat sy in die Gansbaai-omgewing opgeteken het, in haar tesis weergegee.

## **Aanbieding van stof**

In die eerste twee hoofstukke word onderskeidelik 'n agtergrond van die volkslied as wêreldverskynsel en die volkslied van die bruinmense gegee. Die liedere self is ingedeel in kategorieë, hoofsaaklik volgens die strekking van die woorde. Daar is egter wel enkele kategorieë wat die funksie van die liedere weerspieël. Die redes hiervoor word onder 1.4 bespreek.

Die liedere word deurlopend genommer van 1 tot 526. Die variante word met letters van die alfabet aangedui, byvoorbeeld 95(a).

## HOOFSTUK 1

### DIE VOLKSLIED: 'N WÊRELDVERSKYNSEL

#### 1.1 Definisies

Die wêreldliteratuur oor die volkslied bied talle definisies vir dié begrip. Dit is belangrik vir navorsing oor die volksliedere van watter groep ookal omdat dit noodwendig die studie in perspektief stel. Dit gaan die skrywer se benadering bepaal en ook wat by die studie in- en uitgesluit word.

Die feit dat daar talle verskillende definisies bestaan, maak dit duidelik dat dit nie 'n maklike begrip is om te omskryf nie. 'n Bekende skrywer oor die Nederlandse volkslied, J. Pollmann, stel die probleem baie sterk: "Dat is het noodlot, dat zwaar drukt op iederen schrijver over het volkslied, van welk land of van welk beschaving dan ook: dat hij aan de primaire eisch van een definieering van zijn onderwerp niet kan voldoen. En wie zich aan een definitie van het 'volkslied' waagde, kon er van te voren reeds op rekenen, dat zijn theorie zou worden aangevallen en met objectief vast te stellen feiten zou worden omvergeworpen" (Pollmann 1936:3). Hy beweer dus dat dit nie eintlik moontlik is om die volkslied te definieer nie.

Kommentators wat met Pollmann saamstem, is onder meer die Amerikaanse volkskundige Benjamin A. Botkin, wat deur Jan Bouws, skrywer van 'n hele aantal boeke oor die Afrikaanse volkslied, aangehaal word. Botkin sê dat die wesenlike van folklore, en dus ook van die volkslied as 'n onderdeel van folklore, iets is wat nie in 'n definisie vasgevang kan word nie (Bouws 1969:23). Héléne Nolthenius laat 'n tikkie ironie in haar uitspraak deurskemer: "Wat een volkslied is, weet natuurlijk iedereen. Maar omdat ongelukkigerwijs iedereen het anders blijkt te weten, zou men uiteindelijk kunnen zeggen, dat niemand het weet [...]" (Van der Molen 1961:206). 'n Meer moderne Nederlandse volkskundige, S.J. van der Molen, wys daarop dat sedert die begrip **volkslied** deur Duitsers soos Herder en Eschenbach geskep is, die inhoud daarvan voortdurend verander het na gelang van die benadering van versamelaars, die opvattinge van die wetenskap en die gees van die tyd (1961:206). J.A.J. Koning het 'n analise gemaak van 'n hedendaagse musieksubkultuur in Nederland, en hy beweer dat volkskundiges en etnomusikoloë selde eksplisiet onder woorde bring wat hulle met volksmusiek bedoel. Hy sê dat hulle blykbaar veronderstel dat die begrip só bekend is dat dit geen omskrywing nodig het nie. 'n Mens moet maar tussen die reëls van hulle betoë lees of luister om agter te kom wat hulle presies met die begrip bedoel (Koning 1983:9).



Ten spyte van die probleme wat bogenoemde skrywers met die definiëring van die volkslied sien, is daar wel baie navorsers oor die onderwerp wat hulle tog daaraan gewaag het. Sommige definisies egter is só vaag dat dit nie werklik toegepas kan word nie.

Albert Daur, wat deur W. Wiora, skrywer van *Das echte Volkslied* aangehaal word, sê 'n lied wat die eenvoudige krag en helderheid van 'n ervaring ongeveinsd kan oordra, is in die volste sin van die woord 'n volkslied (Wiora 1950:55). F.J. Strydom het navorsing gedoen oor die liedere van die Rehoboth-Basters in Namibië (vroeër Suidwes-Afrika). Hy sê Karl Gottlieb Horstig definieer die volkslied as 'n melodie wat die oor op so 'n welgevallige wyse streel dat jonk en oud, musiekkenners sowel as leke op dié gebied, dit in die huise en op die strate onophoudelik herhaal sonder dat 'n mens daarvoor moeg word (Strydom 1983:148). Die Nederlandse volkskundige Tj. W.R. de Haan se definisie sluit hierby aan waar hy beweer dat 'n volkslied 'n lied is wat op 'n sekere tydstip deur die volk gesing word (Bouws 1969:66). Bogenoemde skrywers, wat almal erkende navorsers omtrent die volkslied is, se omskrywings is natuurlik nie verkeerd nie, net onvolledig, omdat dit ook op ander liedere wat nie noodwendig volksliedere is nie, toegepas sou kon word. Bouws sê dan ook tereg na aanleiding van De Haan se definisie dat 'n mens daarmee die gevaar loop om verwante vorme by die volkslied in te sluit, soos die "top hit" of treffer, die kabaretlid en selfs die gewilde operalied (1969:66) Jos. Schrijnen, een van die grootste Nederlandse volkskundiges, sê die volkslied word genoem "een uiting der volksziel". Hy voeg by dat 'n mens nie dié uitspraak moet verstaan in die gees van die vroeë Romantiek, asof jy te make het met een of ander anonieme, verhewe gees nie, maar wel met die man-uit-die-volk as outeur (Schrijnen 1933:224).

Alles wat die mens aan lief en leed ondervind, wat hom skok, verheug, prikkel of afskrik, ontlok aan hom klanke in die vorm van sang. Dié klanke sou, volgens Otto Böckel, een van die mees gesaghebbende Duitse kenners, die kern vorm van die volkslied (Schrijnen 1933:225). Dit is al 'n meer gespesifiseerde definisie, maar sal nog steeds op ander genres van die lied toegepas kon word. Dit bevat egter 'n element wat baie belangrik by die volkslied is, naamlik die feit dat dit 'n uiting van emosie by die volksmens is. 'n Nog nader omskrywing vind ons by G. List, 'n Amerikaner wat 'n hoofstuk oor die volkslied in die boek *Folklore and folklife* van Richard M. Dorson geskryf het. Hy sê dat die term gewoonlik toegepas word op alle tradisionele musiek wat op gehoor en volgens geheue oorgedra word eerder as geskrewe of gedrukte musieknote. 'n Interessante uitbreiding van sy definisie is dat die term verwys na bogenoemde soort musiek wat gevind word in 'n samelewing waar daar ook kuns- en gekultiveerde musiek bestaan wat gewoonlik in geskrewe of gedrukte vorm oorgedra word. Dit word op dié manier onderskei van die musiek van 'n ongeletterde samelewing waar geskrewe musiek glad nie bestaan nie (List 1972:363). In laasgenoemde geval sal alle liedere volksliedere wees. 'n Siening wat baie nou by List aansluit, is dié van G. Herzog, outeur van 'n artikel oor die volkslied in die *Standard dictionary of folklore, mythology and legend*. Hy is ook soos List van mening dat die musiek soos hierbo omskryf, hoofsaaklik op die platteland voorkom. Dié mense is in 'n beter

posisie om tradisionele kultuur te bewaar as die stedelinge met hulle meer gesofistikeerde, internasionale lewenswyse wat onderworpe is aan vinnig opeenvolgende veranderinge en modegiere (Herzog 1972:1032/3).

Dit is vanselfsprekend dat die rol van die volk of gemeenskap baie belangrik is in die definiëring van die volkslied aangesien dit tot die volk behoort. Hélène Nolthenius, wat reeds vroeër aangehaal is, sê dat dit 'n lied is wat bestem is vir, afgestem is op en aanvaar is deur die gemeenskap (Van der Molen 1961:206). Ook die beroemde Engelse komponis R. Vaughan Williams noem die volkslied die produk van 'n volk wat gevoelens en smake weerspieël wat gemeenskaplik eerder as persoonlik is. Hy voeg by dat die skepping van die volkslied nooit voltooi is nie omdat dit nooit in sy geskiedenis net in een vorm bestaan nie, maar in talle (Vaughan Williams 1934:60). Daarmee verwys hy na nog 'n alomteenwoordige kenmerk van die volkslied wat deur veldwerk bewys word, naamlik die baie variante wat dikwels van een liedjie bestaan.

In 1955 het die Internasionale Raad vir Volksmusiek sy sewende jaarlikse konferensie in Brasilië gehou. Die konferensie moes 'n definisie van volksmusiek opstel en het dit soos volg bewoord:

Volksmusiek is die produk van 'n musikale tradisie wat deur die proses van mondelinge oordrag ontstaan het. Die faktore wat die tradisie bepaal is:

- (i) Kontinuiteit, wat die hede met die verlede verbind.
- (ii) Variasie, wat ontspring uit die kreatiewe impulsiwiteit van die individu of die groep.
- (iii) Seleksie deur die gemeenskap, wat die vorm bepaal waarin die musiek gaan oorleef (Howes 1969:10-11).

Hierdie definisie van die konferensie is ongetwyfeld die beste van dié wat tot dusver bespreek is. Dit raak aan die heel belangrikste eienskappe van die volkslied en baken die terrein duidelik af, wat die meeste ander definisies nie doen nie. Kritiek teen dié definisie is dat hulle praat van die "mondelinge" oordrag van volksmusiek en dus nie voorsiening maak vir instrumentale musiek nie.

'n Mens kan 'n objektiewe studie van die volkslied maak waar die oorsake van die bloei en verval en herbloei van 'n lied, die verandering en vervorming nagegaan word; maar 'n mens sal nooit die objek van dié wetenskap so absoluut kan definieer dat alle volksliedere daarby ingesluit word en alle ander sang daardeur uitgesluit word nie (Pollmann 1936:4). In elk geval is dit hoogs onwaarskynlik dat 'n mens ooit by 'n helder en klinkklare definisie sal uitkom sonder dat 'n baie groot aantal volksliedere ondersoek is (Howes 1969:2).

Dit is nodig om kortliks te kyk na die plek van die volkslied in die kultuurgeskiedenis, veral as deel van die tradisionele kultuur. 'n Volksliedereskat maak deel uit van die geestelike kultuurbesit van 'n volk. Omdat dit beide woord en musiek bevat, maak dit terselfdertyd deel uit van die volkswoordkuns (saam met byvoorbeeld volkstaalverskynsels, naamgewing en volksvertellings), en die musikale tradisie (saam met instrumentale musiek).

'n Volkslied is 'n lied wat deur die gemeenskap aanvaar is, mondelings versprei word en op dieselfde wyse van geslag tot geslag oorgelewer word en waarvan daar in dié prosesse variante ontstaan. 'n Volkslied is dus nie voltooi die oomblik dat die eerste vorm geskep is nie, maar word deur 'n langsame proses geleidelik gevorm en omvorm.

## 1.2 Die ontstaan van volksliedere

Die twee Nederlandse samestellers van die bundel *Het straatlied*, D. Wouters en J. Moorman, skryf soos volg: "Liederen en liedjeszangers zijn er wel altijd geweest, sinds de mensch op deze aarde de strijd voor lijf en leven voerde en op avonturen ging" (Wouters en Moorman 1933:5). Dit beteken nog nie dat volksliedere saam met die mens geskape is nie. Hoe ontstaan 'n volkslied dan?

Die term "volkslied" is geskep deur Johann Gottfried Herder, die bekende Duitse digter en kultuurfilosoof, ongeveer in die jaar 1778 (Hensel 1944:7). Volgens Böckel is die naam of term nie so 'n gelukkige keuse nie, maar dit het ingeburger geraak en daar kan nie mee weggedoen word nie, veral aangesien daar in die meeste gevalle nie 'n beter plaasvervanger is nie (1908:2). Ongelukkig sê Böckel nie waarom dit vir hom nie 'n goeie keuse is nie.

Vroeër was baie navorsers die mening toegedaan dat die volkslied by 'n groep mense ontstaan, of die ontstaan is aan "die gemeenskap" of "die volk" toegeskryf. Herder en Jacob Grimm het veral die ontstaan van die volkslied verbind met wat Danckert noem "die mite van die kollektiewe outeurskap" (Danckert 1939:8). Dit is die bekende Romantiese siening. Jacob Grimm was een van die twee Grimm-broers wat veral bekendheid verwerf het vir hulle versamelings van Duitse sprokies (Grobelaar 1974:61) en Danckert is die skrywer van 'n werk oor die Europese volkslied. Navorsers van die 20ste eeu is egter daarvan oortuig dat die volkslied deur die individu geskep word. Vaughan Williams sê dat gesonde verstand 'n mens verplig om dié afleiding te maak, anders sou daar 'n gemeenskaplike uiting van woorde en musiek moes wees wat gelyktydig eenparig plaasvind (1934:55-56). Vir B. Nettl, wat baie wyd navorsing gedoen het oor Westerse volksmusiek, is dit ook vanselfsprekend dat die volkslied by 'n individu ontstaan, maar die proses van "communal re-creation" is baie belangrik. Baie ander mense naas die skepper van 'n lied kan veranderings aanbring, en dit is juis wat die volkslied van ander musiek onderskei (Nettl 1973:5). Ernst Meier, navorser omtrent die volkslied in Swabe, sê in 1855 reeds dat die kleinste sowel as die grootste lied altyd die produk van 'n enkele begaafde mens is, maar waar daar in so 'n lied miskien 'n uitdrukking, segswyse of beeld nie heeltemal tref nie, verander die



volk dit self na sy smaak (Beitl 1933:817). Sulke veranderinge is egter nie altyd verbeteringe nie. Max Prick van Wely, wat die boek *De bloeitijd van het Nederlandse volkslied* geskryf het, sê dat die tyd toe daar geglo is dat die volkslied deur die medewerking van die hele volk ontstaan het, reeds ver agter ons lê. Die volk as gemeenskap is nie in staat tot selfstandige skepping nie, hoogstens tot omvorming en variëring van die oorspronklike (g.d.:17). Met laasgenoemde stelling sluit hy aan by Nettl. Hy voeg ook by dat dit nie noodsaaklik is dat die naam van die skepper onbekend moet wees om die produk as 'n volkslied te bestempel nie, maar dat dit meestal wel die geval is (g.d.:18).

Die vraag of volksliedere by die boonste laag van die bevolking ontstaan en dan mettertyd oorgeneem word deur die onderkultuur, en of dit by die onderste laag ontstaan, het ook al baie navorsers se aandag geniet. Dit lyk asof die meeste van hulle meen dat dit wel uit albei oorde kom. Liedere kan moontlik op formele wyse geskep word deur die opperkultuur, sodat dit nie as 'n volkslied ontstaan nie, maar deur gewildheid by die breë lae van die bevolking, deur oorlewering en deur variante tog op die ou end aan die definisie van 'n volkslied voldoen. Schrijnen is van mening dat veral die minnelied, die verhalende lied, die sprokieslied en die geestelike lied op hierdie wyse volksliedere word (1933:225). F.J. Strydom sê dat diegene wat beweer dat die skeppingsimpuls slegs van die boonste lae van die bevolking kom, die saak uit 'n verengde oogpunt beoordeel (1983:146). Schrijnen se slotsom is dat liedere wat sonder beïnvloeding regstreeks uit die gemeenskap kom ("eenvoudige, maar oereigen volks- of gemeenschapslyriek"), volksliedere in die ware sin van die woord is. Herzog sê ook dat daar dikwels geargumenteer word oor die vraag of liedere wat in 'n "volksgemeenskap" gesing word, maar van die stad afkomstig is, werklik volksliedere is. Vir hom is hierdie soort argument nie ter sake nie, want volksliedere is vir hom liedere wat op 'n bepaalde tyd in die repertorium van 'n volksgroep bestaan, maak nie saak waar dit vandaan kom nie (Herzog 1972:1033).

Nettl gee spesifiek aandag aan die ontstaan van die melodie van 'n volkslied. Hy erken dat navorsers baie min daarvan weet. Iemand kan moontlik deeltjies van liedere wat hy reeds ken, aanmekaar las, of hy kan doelloos neurie totdat daar iets voortkom wat sy en ander mense se verbeelding aangryp, of hy kan doelbewus 'n bekende wysie sistematies verander (1973:4). Jan Bouws wys daarop dat voorbeelde van sentonisasie (wysies wat uit fragmente van ander wysies ontstaan) baie in die Afrikaanse volksliedereskate voorkom (1958:46). Sowel Danckert as Pollmann dui egter aan dat dit nie die herkoms van die melodie is wat die karakter van die volkslied bepaal nie, maar die vorm wat dit in die sang van die volk aangeneem het (Bouws 1958:50). Dit gebeur ook dat wysies in hul geheel aan ander volkere ontleen word, soos trouens by baie Afrikaanse volkswysies die geval is. Volgens Bouws sal dié ontleding, wanneer dit in beperkte mate en oor 'n lang tydperk gebeur, sekerlik nie die eie volksliedereskate nadelig beïnvloed nie (1958:42/43).

Daar is egter nog meer vraagstukke oor die ontstaan van die volkslied. Ontstaan dit uit die gevoelslewe van die volk (of individu), of word 'n volkslied gebore uit die praktyk? Pol Heyns, baie bekende Nederlandse volksliedvorser wat deur die meeste skrywers oor die volkslied aangehaal word, bespreek die invloed van arbeid op die lied en beskryf hoedat 'n volkslied gebore kan word uit die behoefte om aan die gevoel uiting te gee saam met die ritme van die arbeid. Hy sê egter dat dit oordrewe eensydig sal wees om die ontstaan van die volkslied uitsluitlik toe te skryf aan die begeleiding van arbeid (1941:14). Danckert haal verskeie volksliedkenners soos Böckel, Vilmar, Jungbauer, Pommer en Von Pulikowski aan, wat beweer dat die volkslied die sang van die natuurvolkere is wat sy direkte oorsprong in die gevoelslewe het (1939:7). Vir hierdie navorsers is die volkslied dus die primitiewe lied. In teenstelling daarmee stel Wouters en Moorman dit baie sterk dat die volkslied "is niet ontstaan [...] in de hoge verheven momenten van zielsverrukkend scheppen", maar dit word gebore uit fisiologiese behoeftes, uit 'n onbewuste ritmedrang, uit nuttigheidsoogmerke. Dit ontstaan om die arbeid te vergemaklik, of om kennis omtrent verskillende aspekte van die lewe soos die jag, die landboubedryf of natuurverskynsels mee te deel (Wouters en Moorman 1933:13-14). Dit lyk weer eens moontlik dat albei kante gelyk kan hê: dat die volkslied uit die gevoelslewe, of uit meer praktiese behoeftes kan ontstaan. In werklikheid kan die tweede die eerste omvat, dit wil sê sekere praktiese behoeftes kan die gevoelslewe insluit.

"Waarom zingt de mens?" vra Lucy Gelber. "Hoe de spontane en blijvende zangvreugde van de volksmens verklaren?" (Gelber 1982:viii). Gelber is die skryfster van 'n tweedelige ensiklopedie oor die Vlaamse volkslied. Sy verklaar dat die lied deur die aard van die mens drievoudig gemotiveer word:

- (i) Sang is selfuitdrukking, mededeling van hart tot hart, dit wil sê 'n gemoedsuitstraling.
- (ii) Die lied het 'n religieuse funksie in die daaglikse lief en leed: dit bied 'n houvas in onsekerheid en twyfel, skenk 'n gevoel van geborgenheid, wek moed en vertroue. Die volkslied sing uit geloof en bygeloof.
- (iii) Deur die eeue heen het die volkslied ook 'n sosiale en politieke betekenis gehad (Gelber 1982:viii).

### 1.3 Opteken van volksliedere

Geen kultuurhistorikus behoort te twyfel aan die belangrikheid van die optekening van kultuurhistoriese stof nie. Wanneer geestelike kultuur ter sprake is, is dit uiters belangrik dat stof nadat dit ontdek is, sonder verwyf vasgelê moet word, hetsy in skrif of op band. Wanneer 'n informant wat oor die kennis beskik, te sterwe kom, is dit vir altyd verlore. Dit kan nie soos stoflike kultuur onafhanklik van die besitter bly voortbestaan nie.

Strydom beklemtoon die belangrikheid van die optekening van volksliedere uit die volksmond en voeg by dat klankopnames essensieel vir die bestudering van volksmusiek is (1983:193). Voordat klankapparaat geredelik beskikbaar was, moes volksliedvorsers tydens hulle veldwerk melodieë direk op skrif noteer. Sulke notasies moes vanselfsprekend baie akkuraat wees, want daar bestaan gewoonlik geen geleentheid om dit weer te kontroleer nie. Cecil Sharp het die metode gebruik om direk te noteer. Hy sê dat hy dikwels nadat hy 'n melodie genoteer het, dit eers weer vir die sanger geneurie of gefluit het sodat hy kon bevestig of dit korrek neergeskryf is (1960:xxvi).

Een van die eerste lesse wat die volksliedvorsers moet leer, is geduld. Veral wanneer met plattelandse mense gewerk word, moet die navorser bereid wees om by die informant aan te pas. Eenvoudige of ongeletterde informante is dikwels bang of agterdogtig, en dit kan 'n geruime tyd duur voordat hulle op hulle gemak is (Karpeles 1958:14). Met die opnames van liedere onder die bruinmense is ondervind dat dit dikwels eers nodig was om oor ander onderwerpe as liedere te gesels om informante se vertroue te wen. Omdat daar van klankapparaat gebruik gemaak is, was dit ook belangrik om die doel van die opnames presies te verduidelik voordat hulle bereid was om te sing.

Maud Karpeles, wat 'n handleiding opgestel het vir die versamelaar van volksmusiek en ander etnomusikologiese materiaal, sê dat dit onwaarskynlik is dat 'n sanger die eerste maal sy hele repertorium sal kan weergee. Dit is daarom wenslik om terug te keer na goeie informante vir verdere stof (Karpeles 1958:15). Strydom bevestig dat hy met goeie resultate teruggegaan het na informante wat interessante liedere geken het (1983:7). Wanneer daar met 'n geslote gemeenskap soos die Rehoboth-Basters gewerk word, is dit waarskynlik prakties meer moontlik om 'n tyd in die gemeenskap deur te bring en dus weer te kan terugkeer na sekere informante. Aangesien die bruinmense wyd verspreid oor die hele Suid-Afrika en veral Kaapland woon, was die besoeke in die meeste gevalle eenmalig en was dit dus nie moontlik om terug te keer nie.

Volgens Bartelink is dit belangrik om 'n versameling streekliedere te sien as die dokumentasie van wat in 'n bepaalde gebied leef, of op die punt staan om te verdwyn, eerder as wat 'n estetiese doel nagestreef word (g.d.:3). Dit is dus essensieel om met die versameling van volksliedere 'n wetenskaplike benadering te volg.

Daar is reeds verwys na die ontstaan van variante by die volkslied - dat 'n lied van streek tot streek, en dikwels binne dieselfde streek, verskille toon ten opsigte van die woorde sowel as die melodie. Karpeles sê dat dit baie belangrik is om alle beskikbare variante van 'n lied op te teken (1958:19). Die navorser is geneig om as hy 'n reeds bekende lied hoor, dit nie te wil opneem nie om herhaling uit te skakel. Dit is egter telkens 'n openbaring om agter te kom dat dit nie werklik presies dieselfde as die vorige is nie. Goeie voorbeelde daarvan in hierdie studie is die liedere "Op 'n dam se wal" (nr. 101) en "Dit is swaar om 'n weeskind te wees" (nr. 404).



Die laaste aspek van optekening van volksliedere wat baie belangrik is, het te make met die notasie van liedere wat op band opgeneem is. Die Amerikaner G. List sê dat die transkripsie van musiek 'n baie moeilike proses is en 'n goed-geoefende gehoor verg. Normaalweg is die persoon wat notasies doen, opgelei in Westerse kunsmusiek eerder as in volksmusiek. Daarom moet hy uiters objektief luister om volksmusiek noukeurig weer te gee, anders is hy geneig om die musiek wat hy hoor, te wil inpas in bekende patrone (List 1972:366). Dit gebeur veral met die weergee van ritmes, waar die volksmusiek hom nie laat bind deur bekende ritmepatrone nie, en die transkribeerder dit daar wil inpas. Dit het onnoukeurige notasies tot gevolg.

#### 1.4 Klassifikasie

Wanneer 'n groot groep volksliedere vir watter doel ookal versamel is, is dit baie belangrik om dit op een of ander manier te klassifiseer, anders word die bruikbaarheid daarvan beperk. Om 'n geskikte stelsel van klassifikasie te vind, is egter baie moeilik. Uit die wêreldliteratuur oor die volkslied blyk dit duidelik dat daar nog geen eenvormigheid ten opsigte van klassifikasie bestaan nie. Dit is 'n probleem wat ondervind is vandat volksliedere opgeteken word, maar wat nog sterker na vore gekom het sedert die ontstaan van die wetenskap etnomusikologie in die laat 19de eeu (Keller 1984:100). A.K. Davis, 'n Amerikaanse volksliedvorsers wat die boek *Folk-songs of Virginia* gepubliseer het, stel 'n ideale stelsel van klassifikasie voor, maar sê dat dit weens die talle onsekerhede rondom die volkslied, waarskynlik nooit bereik sal word nie. 'n Goeie, logiese indeling, gebaseer op fundamentele verskille, gebaseer op 'n enkele beginsel wat dwarsdeur gehandhaaf word, waarvan die verskillende groepe onderling uitsluitend is - dít is die ideaal (Davis 1965:xiii). Soos hy tereg sê, is dit nie altyd moontlik nie. So 'n rigiede indeling sou die volkslied sy menslike faktor ontnem.

Die vraagstuk van klassifikasie word veral belangrik wanneer musiek op baie groot skaal ingesamel word en akkumuleer in argiewe sonder dat daar 'n metode bestaan om 'n spesifieke lied redelik maklik terug te vind (Herzog 1972:1046). In sulke gevalle het 'n mens ook te make met die probleem van katalogisering en nie net klassifisering nie.

Volgens W.P. Gerritse, medeskrywer van *Het Antwerps liedboek*, word daar in die literatuur oor liedere sekere aanduidings gegee waarvolgens bepaalde soorte liedere geïdentifiseer kan word. Dié aanduidings berus egter soms op die herkoms en styl, dan weer op die ooreenkomste in tema, en dan weer op tema en styl (Vereniging voor Nederlandse Musiekgeschiedenis 1975:XV). Gerritse identifiseer hiermee duidelik die probleem van oorvleueling by klassifikasie.

'n Gevolgtrekking waartoe gekom is ná die bestudering van die volksliedliteratuur, is dat die meeste volksliedvorsers van die 20ste eeu wat skryf oor die probleem van klassifikasie, musikoloë is en nie volkskundiges nie. Daarom word die meeste stelsels vir klassifikasie gegrond op die melodie en nie op die teks nie. Keller erken dat dié tipe indelings feitlik sonder uitsondering slegs die musikale aspek van die volkslied in berekening bring. Hy sê wel dat dit

eensydig is (1984:101), maar sy verdere bespreking is steeds gegrond op musikale indelings. So vind 'n mens dus dat skrywers soos Herzog, Suppan, en Bartók, wat oor klassifikasie skryf, hoofsaaklik van 'n musikale indeling gebruik maak. Suppan was 'n navorser van die Duitse volkslied en Bartók 'n komponis en kenner van die Roemeense volkslied. Daarteenoor is die versamelings van byvoorbeeld De Lange (*Nederlandsch volksliederenboek*), Wouters en Moorman (*Het straatlied*), Rörich en Brednich (*Deutsche Volkslieder*) en Gelber (*Encyclopedie van het levende Vlaamsche volkslied*), wat nie oor klassifikasie skryf nie, se indelings nagegaan. Hulle maak sonder uitsondering gebruik van klassifikasie op grond van òf die vorm, òf die doel waarvoor die lied aangewend is, òf die strekking van die woorde.

Bartók het bevind dat die Roemeense volkslied wel ingedeel kan word volgens die geleentheid waarby dit gesing is. Sy motivering is egter nie dat die inhoud van die woorde aansluit by die geleentheid nie, maar dat die melodieë wat by die onderskeie seremonies gesing is, sekere muskikale karakteristieke vertoon. Hy groepeer die Roemeense volksliedere soos volg:

- (i) Nie-seremoniële melodieë
- (ii) Treur(rou)melodieë
- (iii) Huweliksmelodieë
- (iv) Oesmelodieë
- (v) Reënvra("rain-begging") melodieë
- (vi) Colinde(wintersonstilstand) melodieë (Bartók 1967:7).

Suppan bied 'n moontlike klassifikasie vir wanneer die volkslied volgens musikale eienskappe ingedeel word:

- (i) Volgens die ordening van tone wat die melodie ten grondslag lê.
- (ii) Volgens die verloop van die melodie of die verhouding tussen toonhoogtes.
- (iii) Volgens ritmies-metriese gegewens.
- (iv) Volgens die harmoniese opbou, of die swaartepunte wat daardeur ontstaan (Suppan 1966:20/21).

Wanneer alle vorme van volksmusiek versamel is, is dit belangrik om eers vokale en instrumentale melodieë te skei. Herzog erken dat daar ook ander moontlikhede is waarvolgens geklassifiseer kan word, bv. die funksie van die lied of die onderwerp van die teks, en as 'n laaste moontlikheid noem hy die vorm van die teks. Alle moontlikhede van klassifikasie moet egter eers getoets word om vas te stel of dit slaag (Herzog 1972:1046). Hy bespreek ook die

klassifikasietodes volgens melodie wat veral in Oos-Europa gebruik is deur die Finse navorser Ilmari Krohn, deur Bèla Bartók in Roemenieë en Zoltán Kodály, komponis en kenner van Hongaarse volksmusiek (1972:1047).

Vervolgens word die indelings van drie versamelings weergegee om aan te toon wat die klassifikasie moontlikhede is wanneer daar op die teks gekonsentreer word:

**Wouters, D. & J. Moormann:** *Het straatlied* (1933:311-312):

- (i) Liefdesliedere
- (ii) Historiese liedere
- (iii) Oorlogsliedere
- (iv) Sosiale liedere
- (v) Godsdienstige liedere
- (vi) "Burleske" en sentimentele liedere
- (vii) Ballades en romantiese liedere

Met die uitsondering van (vii) berus die indeling dus suiwer op die inhoud van die liedere. "Ballades" dui op die vorm en kan dus wat inhoud betref ooreenstem met die meeste van die ander hoofde.

**Rörich, L. & R. Brednich:** *Deutsche Volkslieder* (1967:inhoudsopgawe):

- (i) Tradisionele liedere
- (ii) Handwerk-, beroeps- en arbeidsliedere
- (iii) Liefdesliedere
- (iv) Troebadoerliedere
- (v) Drinkliedere
- (vi) Stryd- en wedstrydliedere
- (vii) Wens- en leuenliedere
- (viii) Raaiselliedere
- (ix) Skerts- en spotliedere
- (x) Dansliedere

- (xi) "Schnaderhüpfer!" (Dit was oorspronklik 'n oeslied, maar het later 'n soort geïmproviseerde terglid geword waarby daar gejodel is.)

Dit is interessant dat Rörich en Brednich klassifikasie volgens inhoud en funksie hier meng. Dit is veral arbeidsliedere en dansliedere wat gemik is op die funksie, terwyl die woorde eintlik van enige aard kan wees en dus ook moontlik met van die ander onderafdelings kan oorvleuel. Hulle noem die eerste afdeling "Tradisionele liedere", terwyl die ander kategorieë ook tradisionele liedere verteenwoordig. Dit verwys waarskynlik na liedere met 'n patriotiese strekking.

**De Lange, D. e.a.: *Nederlandsche volksliederenboek* (1919):**

1. Algemene Nederlandse liedere
2. Historiese liedere
3. Geestelike liedere
4. Verhalende liedere
5. Minneliedere
6. Drinkliedere
7. Studenteliedere
8. Soldateliedere
9. Matroosliedere
10. Liedere van gemengde inhoud
11. Kinderliedere

Ook by De Lange kom oorvleueling voor. Dit is moontlik dat sommige studenteliedere ook byvoorbeeld minneliedere kan wees. Wat egter belangrik is by sy indeling, is die insluiting van 'n afdeling *Kinderliedere*. Dit lyk onwaarskynlik dat 'n versameling volksliedere daarsonder volledig kan wees.

By die indeling van die liedere van die bruinmense, is hoofsaaklik gekonsentreer op die woorde, hoewel dit geblyk het omtrent onmoontlik te wees om 'n suiwer klassifikasie op grond daarvan te maak. Die grootste probleem lê by dansliedere: om dansliedere uit te sonder, beteken natuurlik dat daar na die funksie van die lied gekyk word. Die inhoud van dansliedere is van so 'n wyd uiteenlopende aard en dikwels ook baie moeilik om te bepaal omdat dit geen sin maak nie, dat dit onprakties sou wees om dit onder ander hoofde te verdeel. Daar is dus besluit om dansliedere saam te groepeer, afgesien van die aard van die woorde. Dieselfde geld vir die



arbeidslied: die woorde het nie noodwendig altyd betrekking op die arbeid wat verrig word nie, maar hulle is weer saamgegroepeer op grond van die funksie.

Ten slotte kan weer verwys word na Davis se siening omtrent klassifikasie omdat dit die probleme goed opsom: "In the circumstances, all that a sincere editor can do is courageously to use his own best judgment, explaining his procedure and the reasons therfor, and trust that no malevolent critic will arise to call unkind attention to all his borderline inclusions and exclusions ..." (Davis 1965:x).

## 1.5 Liedboeke

Voordat die opteken van volksliedere deur die volkskundige of die musikoloog op wetenskaplike wyse aangepak is, dit wil sê voordat die motief van bewaring of bestudering daaraan gekoppel is, was die opteken van hoofsaaklik die woorde van liedere daarop gemik om te versamel en beskikbaar te stel.

Hoewel die meeste volksliedere normaalweg mondeling oorgelewer is, is dit vir baie eeue ook reeds in geskrewe vorm versprei. In Nederland is daar vroeër gepraat van "liedbrieven": dit was los blaadjies waarop die woorde van die liedere verskyn het en wat van deur tot deur, byvoorbeeld deur skêrslypers, en ook op kermisse verkoop is. Die liedere is dan gewoonlik eers deur die verkoper voorgesing (Bartelink g.d.:4). In Engeland is hierdie los blaaië waarop liedere neergeskryf of gedruk is, "broadsides" genoem. Michael Pollard, vorseer omtrent die Engelse volkslied, sê dat hoewel die volkslied mondelings van geslag tot geslag oorgelewer word, daar tog vroeër heelwat liedere saam met hul sangers gesterf het. Vir drie eeue, van die 16de tot die 19de eeu, het die "broadsides" grootliks bygedra tot die voortbestaan van die volkslied (Pollard 1982:5). Dit is egter nie net tradisionele liedere wat op dié wyse versprei is nie, maar ook baie nuut gemaakte liedere wat op bekende wysies gesing is. Sanders wys daarop dat die groot aantal "mopsjes" wat uit die 17de eeu dateer, 'n bewys is dat daar geweldig baie gesing is. 'n "Mopsje" is 'n liedboekie met 'n formaat wat maklik gehanteer en rondgedra kon word (Sanders 1958:5) (vergelyk hoofstuk 3.2.1). Elke stad en elke provinsie het sy eie liedboekie gehad, bv. *Amsteldams minnenboekje* (1658), *Haarlemsche zomerbloempjes* en *Friesche lusthof* (1621) (Sanders 1958:5).

Die name en datums van die liedboeke wat deur Sanders aangegee word, dui daarop dat dit gedrukte boeke is. Max Prick van Wely gee ook 'n breedvoerige bespreking van gedrukte Nederlandse liedboeke (g.d.:43-71). Hy sê dat die ontwikkeling van die boekdrukkuns omstreeks 1440 van groot betekenis was vir die verspreiding en beoefening van die lied. Die term "liedboek" dui egter nog nie daarop dat die melodieë daarin voorkom nie. Gewoonlik is slegs aangedui op watter wysie dit gesing word, met die veronderstelling dat dit algemeen bekend is (Prick van Wely g.d.:43).

Die gebruik om die woorde van liedere persoonlik in liedboeke neer te skryf (vir die gebruik van die individu self), is waarskynlik nie so oud nie. Herzog meen dat dit 'n verskynsel is wat moontlik meer algemeen in die VSA as elders voorkom (1972:1033). In Suid-Afrika was dit beslis ook algemene gebruik. Daar is vandag talle van dié liedboeke in museums, argiewe en privaatbesit.

Dit is belangrik om te noem dat daar nêrens tydens die veldwerk onder die bruinmense liedboeke teëgekomp is nie. Daar kon ook geen aanduiding gevind word dat dit 'n gebruik is wat ooit onder hulle bestaan het nie. Die rede hiervoor was waarskynlik dat baie bruinmense in die 19de en die eerste helfte van die 20ste eeu nog ongeletterd was. In Suid-Afrika was dit hoofsaaklik liedboeke wat voor die koms van die grammofoonplaat, verantwoordelik was vir die behoud van lang liedere soos ballades. Dit is dus nie vreemd dat daar min lang verhalende liedere by die bruinmense aangetref word nie.

## 1.6 Die kerk en die volkslied

Die Duitse skrywer H.F. Wirth maak in sy boek *Der Untergang des niederländischen Volksliedes* baie sterk uitsprake omtrent die Calvinisme se invloed op die volkskuns. Hy sê dat die Calvinisme die volkskuns versteur het en dat die kulturele nalatenskap van die Calvinisme 'n dooie, verwilderde volk is (1911:181). In die sinodale acta van die 16de en 17de eeu word die beste verklaring vir die verwerping van die volkslied gevind; daarin word ook die ganse Calvinistiese etiek uitgespreek: die verwerplikeid van luukse, maar ook van genot, van vrolikheid en plesier, van dans en sang, ensovoorts (Wirth 1911:175). So het die Sinode van Edam (Noord-Holland, 1586) hom uitgespreek teen die speel van volksliedere tydens die toringklokkespel wat nog in elke Hollandse stad voorgekom het. Vir baie jare het volksliedere uit die kloktorings oor land en see weerklink, maar nou het Artikel 19 van bogenoemde sinode uitspraak gegee dat sulke "gesange" verbeter moet word (Wirth 1911:175). Die Sinode van Deventer (1619) het besluit dat alle ligte, wêreldse bruilofsliedere afgeskaf moet word (Wirth 1911:177).

Dit is egter nie net Wirth wat die stremende invloed van die kerk op die volkslied waargeneem het nie. Sanders voer ook die opkoms van die Calvinisme aan as 'n oorsaak vir die verval van die volkslied, selfs nog in die 19de eeu. Dit was veral Abraham Kuyper en sy volgelinge wat van mening was dat die kunsbesef ná 1880 nie in ooreenstemming was met die morele standaard van die Calvinisme nie. Kuyper was 'n Nederlandse staatsman, onder andere eerste minister van 1901-1905, wat met 'n groep volgelinge afgeskei het van die Gereformeerde Kerk (*NEB* Vol. VII 1986:51-52). Sulke mense sou vanselfsprekend slegs geestelike liedere kon waardeer (Sanders 1958:13).

Net soos Sanders meen S.C. Hattingh en S.C.H. Rautenbach, skrywers van *Volkskuns uit die Eerste Tydperk*, dat die opbloei van die Calvinisme gelei het tot die verdwyning van die volkslied. Volksliedere, sê hulle, word gewoonlik gesing op gesellige byeenkomste, pieknieks,

danspartye, ensovoorts, en dit is dinge wat deur die kerk as wêrelds en sondig bestempel word (Hattingh & Rautenbach 1942:XVIII). Volgens dié twee skrywers het die volkslied reeds verdwyn, wat natuurlik nie waar is nie.

In 1950 verskyn 'n boekie getiteld *Die jeug se lekkergoed* van prof. Jac. J. Müller van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, waarin hy aan die jeug riglyne bied ten opsigte van ontspanning en vermaak. Daarin beklemtoon hy die waarde van musiek en sang in die huislike kring en sluit ook ander genres as die geestelike lied in: "Die gewyde sang, die forse volkslied, die dartele, ligte, speelse jeug- en kinderlied, almal kan by die begeleiding van klavier of snaarinstrumente gesing word, en 'n genoeglike aand van gesonde vermaak binnenshuis kan so deurgebring word" (Müller 1950:31). Dit is egter nie moontlik om bloot met die term "volkslied" te impliseer dat alles wat dit behels vir die kerk aanvaarbaar sal wees nie. As daar na sommige van die volksliedere se woordgebruik gekyk word, sou dit te wagte wees dat die kerk daarteen beswaar sou hê.

Die voorafgaande sienings van die rol van die kerk blyk baie eensydig te wees. Die kerk het ook 'n indirekte aandeel in die behoud van die Afrikaanse volkslied. Sedert die stigting van die Volkspelerbeweging in 1941, het die kerk die beweging en sy beginsels ondersteun, alhoewel sommige leraars as individue en sommige kerkrade nie wou toelaat dat die volkspelers byvoorbeeld hulle sale gebruik nie. Die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspeler het geweldig baie gedoen om die volkslied te bevorder en te bewaar. Dit het die goedkeuring van die kerk weggedra.

'n Belangrike feit wat in gedagte gehou moet word, is dat sekere gewyde liedere ook volksliedere is (vergelyk hoofstuk 13). Dié tipe godsdienstige liedere is nie noodwendig vir alle kerke aanvaarbaar vir kerksang (dit wil sê om tydens eredienste te sing) nie, maar as godsdienstige lied en volkslied word dit nie verwerp nie.

Die kerk het dus nie net 'n negatiewe rol ten opsigte van die volkslied gespeel nie.

## HOOFSTUK 2

### DIE VOLKSLIED VAN DIE BRUINMENSE

#### 2.1 Vroeë optekeninge van liedere onder bruinmense

Die heel vroegste gepubliseerde verwysing na 'n liedjie wat deur 'n bruinmens gesing is, kom in *Het Volksblad* van 28 Januarie 1860 voor. Jan Sezar, "halfdronk", is daarvan aangekla dat hy op straat gesing het:

Alie, mijn Alie, gij kost mijn nog mijn nek,  
Zonder mijn Alie wil ek lievers vrek.  
(Nienaber 1942:96)

'n Paar dae later, op 31 Januarie, verskyn 'n verslag van 'n aanklag teen Moos wat die volgende liedjie in die strate "gebulk" het:

Mooije meisjes, mooie blommen,  
Van een mooi meisje is ek gekommen.  
(Nienaber 1942:96)

Jan Bouws verduidelik dat J.J. de Kock, "sollisiteur en beëdigde vertaler", ampshalwe in die hof aanwesig was. Hy het vermaaklike voorvalle tydens hofsake opgeteken en in 'n rubriek in *Het Volksblad* op humoristiese wyse daarvoor verslag gedoen. Die volgende het ook in 1860 verskyn:

Jan Piet, Jan Piet, Jan Pierewierewiet,  
Jan Piet van Maaslandsluis,  
Kwam's avonds dronken thuis.  
(Bouws 1969:17)

In 1861 is Caniem, 'n Maleier, gearresteer. Caniem het getuig: "Ja, ik het gesing

Alle mooie mijssies in een sak met suiker...

toe wil ek net segge

Mooije mijssies, mooie blomme,

toe val jij - dit is die konstabel - mijn zomaar in die nek" (Bouws 1969:19). Dié verwysings is almal na "Alie Brand", die "Nonnaslied" of 'n variant van "Jan Pierewiet".

In Januarie 1863 vertel De Kock in *Het Volksblad* van ene Daantje Kieviet, 'n bruinman, wat Kaap toe gegaan het om Nuwejaar te vier, maar reeds op Ou-Kersaand voor die huis van 'n ou vrou die volgende lied gesing het:

A ja, a ja, Nieuwe jaar,



En die gesteelde gans is gaar,  
 Dirk het geneem die van Baas Piet,  
 Of hij dit weet, dit weet ik niet.  
 Falderalderiere, Falderaldera.  
 (Bouws 1982:104)

Daar is niks meer oor dié lied bekend nie.

In 1918 het die skrywer G.R. von Wielligh enkele liedjies van bruinmense in sy boek *Jakob Platjie* weergegee. 'n Rondloper bruinman, Tijs Bokkies, het die volgende lied gesing:

Daar onder in die Paddas Vlei  
 Daar het 'n mooie meisie geblij;  
 Daar het ek rondgerij,  
 Gesweer om haar te krij.  
 Alexander Klipsalmander,  
 Tijs, Tijs, die Bokkies.  
 (Von Wielligh 1918:139)

S.J. du Toit gee 'n variant van dié lied, maar meld nie waar hy dit gehoor het nie (Du Toit 1924:177).

Nog 'n lied wat in *Jakob Platjie* voorkom, is die volgende:

Katjie, Katjie Kekkelbek;  
 Hiervandaan na Katrivier,  
 Drink ons nooit g'n water nie,  
 Maar daar drink ons niks als bier.  
 (Von Wielligh 1918:118)

"Kaatjie Kekkelbek" was die naam van 'n satiriese klugspel wat op 4 Maart 1839 in die *South African Sentinel* verskyn het. Kaatjie word voorgestel as 'n jong Khoivrou met 'n baie skerp tong, wat spot met die doen en late van sendelinge, veral John Philip, met betrekking tot hulle werk onder die Khoi. Na bewering was die skrywer van dié werk die ingenieur Andrew Geddes Bain, wat dit met die hulp van Frederick Rex, seun van George Rex van Knysna, geskryf het (SESA 1972:260).

Die volgende lied is in die tweede dekade van die twintigste eeu deur mnr. F.J. Staal op Robertson opgeteken. Dit kan beskou word as 'n arbeidslied, want hy het dit gehoor by 'n wasvrou, Kaaitjie Afrika, wat besig was om wasgoed te vrywe:

My arreme man loop langes die straat,  
 Langes die straat en sy diens verlaat.  
 Wie gee vir die weeskenders brood?  
 Wie gee vir die weeskenders brood?  
 (Bouws 1969:20)

Vroeë skrywers oor die Afrikaanse volkslied soos F.Th. Schonken, C.F. Groenewald, S.P.E. Boshoff en L.J. du Plessis, en S.J. du Toit, ignoreer die bruinmense se bydrae en deur die jare is feitlik geen aandag aan hulle sang gegee nie. In die jongste tyd is wel twee belangrike studies in hierdie verband gedoen, naamlik *Die musiek van die Rehoboth-Basters van Suidwes-Afrika* van F.J. Strydom (1983), en *Die musiek van die Griekwas* van A.M. Cloete (1986). Albei is ongepubliseerde D. Phil.-proefskrifte van die Universiteit van Stellenbosch. Pieter W. Grobbelaar het ook opnames onder bruinmense gemaak waarvan sommige in sy radioprogramreeks *Die volk as digter* uitgesaai is.

## 2.2 Vorm

By die bespreking van die klassifikasie van volksliedere is daar genoem dat liedere ook volgens vorm geklassifiseer sou kon word. Wat die liedere van die bruinmense betref, sou dit egter onprakties wees, aangesien 'n groot groep by twee of drie vorme ingedeel kan word en die meerderheid nie spesifieke, identifiseerbare vorme het nie.

Ten aanvang moet genoem word dat een van die belangrikste vorme wat gewoonlik by die volkslied aangetref word, naamlik die ballade, selde by die bruinmense voorkom. Daar is slegs enkele lang, verhalende liedere opgeteken (sien nrs. 367, 414, 489 en 506).

By die volksliedere van die blankes vind 'n mens dikwels dat 'n siklus gevorm word deur 'n reeks liedere aan mekaar te skakel deur 'n verband in die woorde of wysies. Du Toit noem byvoorbeeld die "serie Oorkant-die-spruit" as die mees nasionale en in baie opsigte die belangrikste in die Afrikaanse volkslied (1924:209). V.S. van Zyl, wat navorsing oor die minneliedere in Suid-Afrika gedoen het, verwys na dieselfde verskynsel as 'n "ketting waarvan die skakels bestaan uit woorde of wysies" (1962:76). Dié siklusvorming word nie by die bruinmense aangetref nie.

'n Groot groep volksliedere word gekarakteriseer deur hulle eenvoud en klein omvang, dit wil sê ook korthed van die strofes, hoewel daar soms talle strofes in een lied voorkom. Dieselfde verskynsel word deur Herzog bevestig. Hy sê dat die mees algemene strofeligte in Wes- en Sentraal-Europa vier reëls is. Wanneer die aantal reëls vier oorskry, is dit gewoonlik wanneer van die reëls herhaal word, of wanneer 'n refrein bykom (Herzog 1972:1038).

Dieselfde verskynsel wat deur Herzog genoem word, is by die liedere van die bruinmense waargeneem. Die mees algemene vorm is die kwatryn, maar dan is hulle ook baie lief vir driereëlige strofes, sowel as tweereëlige liedere, wat gewoonlik die rieldans begelei. Dit is interessant dat twee- en driereëlige vorme volgens Herzog meer algemeen in Oos-Europa as in Wes-Europa is (1972:1044).

Die kwatryn is 'n baie gewilde vorm by die tradisionele Afrikaanse volkslied. Die digter N.P. van Wyk Louw skryf daaroor, in die besonder die 0-kwatryn, in sy boek *Rondom eie werk*, en noem dit in die algemeen "lieflike poësie" (1970:102).

Daar is voorbeelde van losstaande kwatryne wat nie deur herhaling van sekere reëls 'n bepaalde patroon vorm nie, byvoorbeeld:

Ek gaat vir Mamma sê  
 dat Jan in die taaibos lê  
 Koekie bly by die huis  
 dat jy kan die waarheid sê.  
 (nr. 113)

By die drie-en-een-kwatryn, word die eerste reël twee maal herhaal, en dit word afgesluit met 'n vierde reël wat gewoonlik daarmee rym (NAK 1982:234).

Ek dra my rokkies kort  
 ek dra my rokkies kort  
 ek dra my rokkies kort  
 om te kyk wat van my word.  
 (nr. 244)

Volgens Grobbelaar het die o-kwatryn eers met die publikasie van N.P. van Wyk Louw se postume bundel *Rondom eie werk* bekend geraak. Hy het as kind tydens die Eerste Wêreldoorlog hierdie kwatryne op die dansbaan in Sutherland se wêreld hoor sing (NAK 1982:235).

Die o-kwatryn word deur Van Wyk Louw self soos volg beskryf: Die "vereistes" is vier kort reëls waarvan die tweede telkens met 'n "o" begin en dan verder 'n herhaling van die eerste is. Die derde en vierde reëls het geen logiese, duidelike verband met die voorafgaande nie (Louw 1970:100), byvoorbeeld:

Die nuwe lantern  
 o die nuwe lantern  
 ja ander jaar dan dryf ek  
 my eie affêring.  
 (nr. 231)

Wanneer daar wél so 'n verband bestaan, word die geheel te berekend en die spontaneïteit ontbreek (Louw 1970:100).

Die bruinmense pas die o-kwatryn dikwels aan deur die "o" by die tweede reël te laat wegval, of 'n ander woord - gewoonlik "ja", "maar" of "en" - daar in te voeg, byvoorbeeld:

Die vis se kuite  
 ja die vis se kuite  
 en toe stuur die klong sy liefde



deur my kamerruite.

(nr. 237)

Benewens kwatryne wat volop by dansliedere voorkom, het die bruinmense 'n groot voorliefde vir driereëlige strofes (vergelyk nrs. 224, 226 en 314) en in 'n mindere mate vir tweereëlige strofes (vergelyk nrs. 261, 262 en 287). Soms word drie- en tweereëlige strofes in een lied afgewissel (vergelyk nrs. 199 en 311) en dan word die wysie by laasgenoemde aangepas deur bloot een reël weg te laat. Dit is egter nie net die lengtes van strofes wat inkonsekwent is in die bruinmense se liedere nie, maar ook die tipes kwatryne wat in een lied voorkom, byvoorbeeld o-kwatryne en drie-en-een-kwatryne (vergelyk nr. 232). Die herhalingspatroon in die verskillende strofes verskil ook soms (vergelyk nrs. 236 en 239).

By driereëlige strofes, waarvan daar letterlik honderde opgeteken is, word die eerste reël herhaal, en 'n derde rymende reël word bygevoeg:

My ma maak oop die deur  
my ma maak oop die deur  
kyk hoe donker word die weer.

As ek my ma se huis so kyk  
as ek my ma se huis so kyk  
dan word ek so hartseer en spyt.  
(nr. 258)

Soms vind daar geen herhaling plaas nie, soos by dié losstaande strofe:

My hart is aan die brand  
my bokkie sê vanaand  
hy kom eers Juliemaand.  
(nr. 258)

By driereëlige strofes begin die eerste twee reëls dikwels met "nou ja maar", "nou maar" of "o maar" (vergelyk nrs. 200 en 253).

In die twee strofes "My ma maak oop die deur" en "As ek my ma se huis so kyk", is die element van herhaling baie opvallend. Die beginsel van die effektiwiteit van herhalende klanke word by die volkslied ook waargeneem in die verskynsel dat reëls of gedeeltes van reëls herhaal word (Herzog 1972:1038). By die kwatryn dra dit ongetwyfeld by tot die eenvoud en die skoonheid daarvan. Wanneer 'n reël of reëls herhaal word, kan dit in sommige gevalle 'n individuele afwyking deur die sanger wees, moontlik omdat hy die woorde vergeet het (Herzog 1972:1044), maar dit is nie altyd moontlik om vas te stel nie.

Die laaste vorm waarna verwys word, is die tweereëlige lied. Dié wat opgeteken is, is sonder uitsondering dansliedere, en in die meeste gevalle riele. Daar is egter 'n paar wat ander danse begelei. Opvallend is die onsinnigheid en die onlogiese in die woorde, byvoorbeeld:

Mamma bring die viool van Bêrend  
want hy wil vir my vermoor.  
(nr. 281)

Die volgende twee is voorbeelde van tiekiedraaidanse:

Wie se kar is dit daardie?  
dis die dokter s'n.  
(nr. 338)

Kalkoentjie jou lekker ding  
daar kom jou mamma aan.  
(nr. 270)

Vervolgens 'n paar riele:

Moenie vir koejawel kneus nie  
want koejawel het nie neus nie.  
(nr. 287)

Ou bok gee my 'n fluit  
daar onder die donker bome uit.  
(nr. 312)

O maar tant Dina het 'n kind  
wat uit sy linkerborsie drink.  
(nr. 303)

Die twee reëls word tydens die dans oor en oor herhaal.

## 2.3 Begeleiding

Die meeste mense sing waarskynlik lekkerder met een of ander tipe begeleiding. By die bruinmense is begeleiding egter dikwels nie beskikbaar nie en moet hulle dus net so goed daarsonder kan klaarkom. Tydens die opnames 'is gevind dat baie individue aanvanklik sê dat hulle nie sonder 'n kitaar kan sing nie, en dat hulle nie nou 'n kitaar beskikbaar het nie. Met die nodige aanmoediging het hulle wel op die ou end goed daarsonder gesing.

Die kitaar is sonder twyfel die belangrikste instrument wat by die bruinmense se sang vir begeleiding aangewend word. By al die opnames wat vir hierdie studie gemaak is, was daar net een geval waar die informant 'n klavier in sy huis gehad en dit vir die begeleiding van sy sang gebruik het. Origens is slegs die kitaar as begeleiding gebruik.

Kinders het geen vorm van begeleiding nodig nie. Hulle sing spontaan en maklik. Dit is waarskynlik omdat die meeste van hulle liedere hulle spel begelei. Hulle ken dit goed omdat hulle so baie speel.

Dit is interessant dat onder blankes die Afrikaanse volkslied dikwels met 'n verskeidenheid instrumente begelei word, veral wanneer dit dansliedere is. Dit is algemeen bekend dat benewens die kitaar, ook die konsertina, viool en soms die banjo baie gewild was. Herzog meld dat in Wes- en Sentraal-Europa die ou snaarinstrumente vroeër algemeen gebruik is (waarskynlik was die meeste daarvan tuisgemaak), maar dat die gebruik van "moderne" instrumente soos die kitaar, mandolien en banjo van die stede na die platteland versprei het (Herzog 1972:1046).

## 2.4 Invloed van die media, moderne vermaak en tegnologie

Die Nederlandse navorser Koning het gevind dat in Nederland die onbedorwe volksgemeenskap met sy outentieke kultuur en musiek, onaangetas deur invloede van buite, grootliks 'n mite is (1983:9). In teenstelling daarmee kan 'n mens sê dat die tradisionele Afrikaanse volkslied onder die bruinmense grotendeels nog onaangeraak is deur moderne kultuurverskynsels, hoewel tog hier en daar tekens daarvan te bespeur is. Koning sê: "Alle invloed van buiten de gebruikersgemeenschap, met name die van stedelike modes en moderne communicatiemedia, wordt als corrumperend beschouwd" (Koning 1983:9). By die bruinmense is die invloed wat wel waargeneem is, só aangepas dat dit opgeneem is in die tradisionele trant.

By die liedere van die volwassenes is daar min tekens van moderne invloed. Enkele liedere wat in hulle volksliedskat bestaan, kom wel voor op die vroeë Afrikaanse grammofoonplate, wat dus tog 'n voorbeeld is van die invloed van die tegnologie. Dié liedere, soos "Die wind waai oor 'n graffie so klein" (nr. 403), "Vaarwel my liefeling ek gaan nou" (nr. 197), en "Hier staan ek by die kis van my liefeling" (nr. 410), is baie gewild.

Dit is veral by die liedere van die kinders waar tekens van die invloed van die media en moderne vermaak, soos die televisie, te sien is. By die eerste en tweede voorbeelde, wat variante is, kom die name van moderne wasmiddels in die teks voor:

Ek was my goed met Omo  
 ek spoel dit uit met Sta Soft  
 ek hang dit op met pennetjies  
 en môre is dit droog

Jik Jak spiene-kelientjies  
 Jik Jak spiene-kelientjies  
 Jik Jak spiene-kelientjies  
 môre is dit droog.  
 (nr. 84)

Was die goed met Omo  
 spoel dit uit met Jik  
 hang dit op met pennetjies  
 en môre is dit droog  
 tjiem tjiem pen en *polony*  
 tjiem tjiem pen en *polony*.  
 (nr. 84(b))

Die grootwêreldse vermaak het ook deurgedring tot 'n eenvoudige touspringrym:

Buck neem vir Wilma na die *disco*  
 Wilma sê vir Buck hy's 'n ander ou  
 is a *one two* onderdeur  
 is a *one two* onderdeur.  
 (nr. 69)

Die nuusmedia het beslis bygedra tot die ontstaan van die volgende twee liedere:

My naam is Big John Tate  
 ek bang vir Gerrie nie  
 ek het hom uitgeslaan  
 ek weet nie waarom nie  
 Gerrie Gerrie kom tog gou  
 Big Tate verlang na jou.  
 (nr. 99)

Big John Tate slaan vir Gerrie uit  
 Big John Tate slaan vir Gerrie uit  
 Big John Tate  
 Big John Tate slaan vir Gerrie uit.  
 (nr. 104(a))

Vermaak wat veral deur middel van die televisie versprei word, het neerslag gevind in die volgende liedjies:

Die *A-team* die *A-team*  
 BA is sterk  
 Murdock is kaptein

Face het 'n meisie  
 hy ry die bussie  
 met BA daarby  
 toe-toe-te-roe-toe.  
 (nr. 140)

My naam is Liewe Heksie  
 ek sing soos Elvis Presley  
 ek dans soos John Travolta  
 en dit is die *name of* sout  
 die beertjie is in gevaar  
 en Jan Wilkens speel kitaar  
 en was dit nie vir jou nie  
 was Graafwater nie gebou nie.  
 (nr. 11)

Pinocchio waar is jou vrou  
 Pinocchio waar is jou vrou  
 Pinocchio-o-o-o Pinocchio  
 waar is jou vrou?  
 (nr. 104)

As die totale omvang van liedere wat in hierdie studie opgeneem is, in ag geneem word, is dit maar enkele voorbeelde wat moderne invloed toon.

## 2.5 Ritme en tydmaatsoorte

Volgens Jan Bouws is daar by die wêreldlike wysies 'n duidelike voorkeur vir die 2/4-maat, en dis ook by baie dansliedjies die geval (1958:49). Dit is ook 'n uitstaande kenmerk van die liedere van die bruinmense: die oorgrote meerderheid van hul liedere is in 2/4- of 4/4-tyd, en geweldig baie daarvan is danswysies.

Dit gebeur soms by die vertolking deur 'n spesifieke sanger dat hy in 'n bepaalde ritme sing, maar dan afwyk daarvan òf om 'n noot sommer net langer aan te hou, òf dat hy note invoeg om voorsiening te maak vir ekstra woorde en langer reëls as wat byvoorbeeld in 'n vorige strofe voorgekom het. Die Britse musikus Vaughan Williams maak melding van dieselfde verskynsel waar die sanger na willekeur ritmes verander om by omstandighede aan te pas (soms ook by danspassies). Hy sê dat 'n mens geneig is om te dink dat ongewone maatlengtes soos 5 of 7 net deur moderne komponiste gebruik word, maar dat hulle waarskynlik net besig is om terug te



keer na die vryheid wat hulle voorvaders hulle in hulle sang veroorloof het (Vaughan Williams 1934:43).

By die liedere van bruinmense word tydmaatwisseling veral aangetref wanneer daar kitaarbegeleiding is. Die begeleiers voeg dikwels ekstra maatslae in wat nie werklik deel van die wysie uitmaak nie. Dit word baie duidelik geïllustreer in nr. 491 waar die tyd van 2/2 na 3/2 wissel, en in nr. 510 waar dit van 4/4 na 6/4 wissel. Soms word die tydmaatwisseling wel deur die sangers teweeggebring, byvoorbeeld by nr. 477 waar elke maat wissel van 3/4- na 4/4- en dan weer na 3/4-tyd.

## HOOFSTUK 3

### KINDERLIEDERE

Die Duitse volksliedvorser Otto Schell se uitspraak dat die kinderlied 'n noue verwantskap met die volkslied by volwassenes toon (1908:137), laat dit voorkom asof hy die kinderlied nie werklik as volkslied beskou nie. Tog blyk dit dat hy dit moeilik vind om die kinderlied en die volkslied geïsoleerd te beskou, want hy sê elders dat soveel van die ou volksliedere in die kinderwêreld oorgegaan het (1908:138), en dat die volkslied buitengewoon verryk en aangevul word deur die kinderlied (1908:139). Die kinderlied is 'n integrerende deel van die volksliedereskat waarin oneindig baie fragmente van die volksliedere van volwassenes aangetref word. Dit is fragmente in die vorm van enkele woorde, reëls, strofes, musikale frases en volledige wysies.

Talle ander navorsers wys daarop dat die kinderlied in baie opsigte reste vertoon van ou volksgebruike. Dit is juis een van die waardes van die kinderlied wat dit so 'n uiters belangrike bron vir die kultuurgeskiedenis maak. Schrijnen praat van die "resten van nog zoovele andere oude volksgebruike" wat in die kinderlied vervat is (1933:237). Schell beweer dat die kinderlied 'n bron van kennis aangaande die heidense voorvaders se geloof in gode is en ook ander oerou gebruike weerspieël. Hy noem egter dat gebruike van die jongste tyd ook daarin voorkom (1908:139). Nie een van Schrijnen of Schell noem voorbeelde nie. S.J. du Toit, skrywer van die belangrike werk *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, trek die kring wyer en praat nie net van die kinderlied nie, maar ook van kinderspel wat elemente uit die vroegste tye bewaar (1924:78). Schrijnen sluit daarby aan deur te verwys na die danslied wat dikwels in kinderspel opgeneem word (1933:236). J.H. Halbertsma, 'n navorsers wat deur Dijkstra aangehaal word, sê: "Uit de spelen der kinderen verneemt men de laatste zuchten van een stervend volksleven, dat voor eeuwen in kracht was" (Dijkstra 1966:225). Met "een stervend volksleven" bedoel die skrywer sekere gebruike wat aan die uitsterf is, want die volkslewe self kan nooit uitsterf nie.

Na aanleiding van Du Toit en Schrijnen se verwysings na kinderspel, is dit belangrik om te kyk na die verband tussen kinderlied en -spel. By die opnames onder bruin kinders is gevind dat die oorgrote meerderheid liedere wat hulle sing, een of ander vorm van spel begelei. Hulle sing selde sonder om te speel, en hulle speel selde sonder om te sing. Die Nederlander Max Prick van Wely bevestig hierdie bevinding. Hy sê dat die grootste persentasie egte kinderliedere spelliedjies is wat gesamentlik gesing en uitgevoer word (g.d.:163). Hy maak ook 'n ander baie interessante stelling omtrent die groot aantal kinderspele wat die skilder Pieter Breughel op een van sy doeke afgebeeld het, naamlik dat die liedere wat daarby gesing is, net so talryk en gevarieerd sou gewees het (g.d.:161). Herzog lê ook die verband baie duidelik: "Children's game and round songs are found wherever there is folk song. They often contain fragments of songs of grown-ups and reflections of grown-up activities [...]" (1972:1034).

'n Paar belangrike kenmerke van die volkslied in die breë word by die kinderlied waargeneem. Van die mees algemene is die volgende:

- \* Herhaling van woorde, veral die herhaling van volle reëls (vergelyk nrs. 8, 37 en 89).
- \* Herhaling in die melodie (vergelyk nr. 8; die musiek by die woorde "sit 'n muisie binne-in die kos", wat 'n herhaling van dieselfde melodiese lyn 'n heeltoon uitmekaar is).
- \* Die vermenging van Afrikaans en Engels (vergelyk nrs. 8, 21 en 44).
- \* Elemente uit die jongmens-/liefdeslewe wat in die kinderspel opgeneem is (vergelyk nrs. 8: "as die jong jaloers is" en 98: "mooie meisie met jou ronde lyfie").
- \* Elemente uit die lewe van volwassenes wat in die kinderlied opgeneem is (vergelyk nrs. 8: "Ma ek sal nie weer trou nie", 49(b): "Ons almal is nou lekker dronk" en 91(a) in sy geheel).
- \* Vermenging met ander liedere (vergelyk nr. 8: "groen komkommer gebakte vis" en nr. 352: "groen komkommer en gebakte vis").
- \* Die vervorming van woorde (vergelyk nr. 8: "souwie souwie verlos jou ding"; daar kon nie vasgestel word wat die oorspronklike woord was nie).

### 3.1 Kinderliedere met spel

Kinderliedere word in een hoofstuk behandel, met 'n onderskeid tussen liedere wat met spele gepaard gaan en algemene kinderliedere (dit wil sê sonder spel). Die spelliedere is ingedeel hoofsaaklik met inagneming van die fisiese vorm wat die spel aanneem, byvoorbeeld 'n kring of 'n ry. Hallema en Van der Weide (1943:77), sowel as Jos. Schrijnen (1930:263-273), maak byvoorbeeld gebruik van kategorieë soos loopspele, springspele, dansspele, gooispele, skommelspele, tolspele, ensovoorts. As die lied nie die oorweging is nie, sal die spele van die bruin kinders meer van bogenoemde tipes insluit.

In die onderafdelings 3.1.2 en 3.1.3 kom onderskeidelik handklapspele en parespele voor. Hoewel die twee kategorieë baie oorvleuel, is daar tog verskille en was dit dus nodig om hulle te skei. Met handklapspele word bedoel dat die spelers òf hulle eie hande ritmies klap òf dat hulle in pare teenoor mekaar staan en kruisklapbewegings uitvoer wat byvoorbeeld die volgende patroon kan aanneem: klap eie hande saam, regterhande teenmekaar, eie hande saam, linkerhande teenmekaar, ensovoorts, tot by die laaste woord van die rym of lied, waarop gelyktydig linker- teen regter- en regter- teen linkerhande geklap word. Daar word na laasgenoemde as kruisklapspele verwys. Om 'n sinvolle skeiding te maak tussen parespele en

handklapspele is alle spele met handklapbewegings, ook dié wat in pare gespeel word, onder 3.1.2 behandel en ander parespele sonder handklapbewegings onder 3.1.3.

By alle ryme wat nie wysies het nie, word die ritmes op 'n notebalk aangedui deur middel van kruisies met nootwaardes.

Dit is 'n algemene verskynsel dat 'n groep kinders in 'n bepaalde skool of omgewing se speletjies 'n basiese patroon het met hier en daar verskille in die spel. Die kinders van Zeekoeivlei Primêr, Graafwater, het byvoorbeeld baie handklasppele. Die kinders van die Buffeljagsrivier het weer meestal kringpele met handgebare wat die woorde uitbeeld. By Stofkraal R.K.Primêr in die Garies-distrik is die spele ook meestal in kringvorm, maar die bewegings is hoofsaaklik voetwerk - hulle maak skopbewegings. Dit herinner aan die riel wat nog deur sommige bruinmense gedans word (vergelyk nr. 43). Die kindergroep van Twee Palms, distrik George, se basiese patroon vir hulle kringpele is soos volg: een staan in die middel, almal klap hande by die sing van die strofe en by die refrein kies die middelste speler iemand in die kring om mee tienie te draai, waarna daardie speler binne moet gaan staan (vergelyk nrs. 25, 37 en 47).

By baie van die kinderliedere kon geen Nederlandse of blanke oorsprong of ooreenkomste gevind word nie en lyk dit asof hulle in die bruin gemeenskap self ontstaan het. Dit kan egter nooit met volkome sekerheid gesê word as daar nie bewyse daarvoor bestaan nie.

In Namakwaland en in die Richtersveld is oorblyfsels van die Namataal gevind in twee liedjies met klapklanke (vergelyk nrs. 43 en 138). Daar is ook enkele liedere wat duidelike invloed van een of ander swart taal toon. Soms is dit in die vorm van 'n herkenbare woord wat saam met die Afrikaans gebruik word (vergelyk nr. 125), maar in ander gevalle het die woorde vervorm tot blote klanke (vergelyk nr. 48).

In die meeste gevalle waar daar van taalvermenging sprake is, is Engelse woorde of reëls by die Afrikaans ingevoeg. Daar is ook sommige gevalle waar 'n Engelse lied net so oorgeneem is en slegs 'n paar Afrikaanse reëls aangelas word. 'n Bekende voorbeeld hiervan is die Engelse lied "Rosie my darling" (vergelyk nrs. 55 en 346). Volgens Boshoff en Du Plessis is dit 'n algemene verskynsel ook in ander lande, byvoorbeeld die Duits-Franse gemengde liedere in die Elzas (1918:42).

Jan Bouws skryf dat dit moeilik is om vas te stel of sekere Hollandse kinderliedere oorleefsels is van liedere wat deur vroeë Hollandse nedersetters saamgebring is, en of dit deur middel van 'n Hollandse liedbundel in vier dele, *Kinderdeuntjes en wiegeliederen*, bekend geraak het. Laasgenoemde was in 1873 by 'n boekhandelaar in Kaapstad beskikbaar. So kon hy byvoorbeeld nie vasstel of "Tussen Keulen en Parys" (vergelyk nr. 60) al vóór 1873 hier gesing is en of dit deur middel van genoemde bundel hier bekend gemaak is nie (Bouws 1982:63). Dit het 'n baie gewilde lied en speletjie in Suid-Afrika geword en daar is vyf optekeninge daarvan by die



bruin kinders gemaak, een as 'n pairespel en vier as kringspele. S.J. du Toit het ook 'n paar variante opgeteken. Dit is waarskynlik dat 'n lied wat só wyd versprei is en waarvan daar soveel variante bestaan, baie vroeër as 1873 reeds in die land is. Dit is ook onwaarskynlik dat daar soveel variante sou ontstaan as dit uit 'n boekie gekom het.

Die verskynsel dat die sleutelwoorde by variante heeltemal verskillend in betekenis is, maar dat die vokaalklanke wel ooreenstem, kom meermale by die volkslied voor. By nrs. 8 en 39 word die volgende aangetref: "Daar sit 'n muisie" teenoor "Hier sit ek in my huisie". In nrs. 42 en 42(a) word die woorde "lewensdroom" en "lewensgroot" teenoor mekaar aangetref. Soms is eiename by die vokaalooreenkomste betrokke, byvoorbeeld "'n Slamse man", "ant San se man" en "'n man soos Jan" (vergelyk nrs. 73, 73(a) en 73(b)).

Verwysings na kos kom baie voor by die liedere van die bruinmense. In nrs. 93 en 93(a) is dit die sentrale tema. Ander verwysings word gevind in onder andere nrs. 8, 9, 23, 35 en 47.

Een van die belangrike kenmerke van die volkslied, naamlik die aanmekaarlas van dele van verskillende liedere, vind 'n mens veral by die touspringryme. Daar is soms so baie dele aanmeekaargelas dat een lied 'n variant van drie of meer ander kan wees (vergelyk nr. 82).

**Nota:** Binne elke onderafdeling word die liedere alfabeties volgens die eerste reël behandel. Alle kursiefgedrukte woorde in die teks word op Engels uitgespreek.

### 3.1.1 Uittelryme

Om uit te tel of uit te bof, beteken dat een speler aangewys moet word om 'n bepaalde funksie te verrig in 'n sekere spel, byvoorbeeld om oë toe te hou by wegkruipertjie.

Aangesien reeds aangetoon is dat die kinderspel deels 'n afspieëling is van die wêreld van die volwassene, is dit nie vreemd dat die gebruik om die lot te laat beslis, ook deur kinders in hul spel aangewend word nie. Vandag word dit by minder geleenthede as vroeër aangewend, maar dit word wel nog in die kerk gebruik wanneer daar 'n staking van stemme is. By sport kom dit algemeen voor. Om die lot te werp, is 'n baie ou gebruik waarvan daar voorbeelde reeds uit die tyd voor Christus in die Bybel opgeteken is (vergelyk Josua 18:10 en Jona 1:8). By die Germane, Grieke en Romeine was dit ook 'n algemene gebruik en in die lewe van primitiewe volke is dit tot vandag nog 'n belangrike faktor (Du Toit 1924:60). Vandag pas kinders dit steeds toe in hulle spel.

Dit is opvallend dat daar in die Nederlandse bronne oor kinderliedere relatief min uittelryme opgeteken is. Van der Molen bied maar enkeles; Sanders sowel as Hallema en Van der Weide het geen voorbeelde nie, hoewel laasgenoemde melding maak van die belangrikheid van 'n afdeling vir "aftelrijmen" in 'n indeling oor kinderspele (1943:218). Dijkstra (1966:249-251) en



Van Vloten (1874:149-154) is die enigste bronne waarin 'n noemenswaardige aantal opgeteken is.

Volgens Du Toit is van alle kinderryme die uittelrym sekerlik die gewildste (1924:62). Uit die groot verskeidenheid wat hy opgeteken het (1924:59-72), blyk dit baie duidelik. By die bruin kinders is daarteenoor 'n baie klein verskeidenheid uittelryme en -liedjies gevind.

(1)

Een been dik se-we kan-ne kik

se-we kan-ne ok-ke-le-wan-ne een been dik.

Een been dik  
sewe kanne kik  
sewe kanne okkelewanne  
een been dik.  
(J. McClaren: Calitzdorp)

'n Baie ou variant by S.J. du Toit het oorspronklik in *Die Huisgenoot* van Desember 1922 verskyn:

Eune, deune, dip  
Vette kane kip,  
Vette kane,  
Bakke bane,  
Eune, deune, dip.  
(Du Toit 1924:77)

Dit blyk dat dié rym deel van ons erfgoed uitmaak, aangesien dit teruggevoer kan word na 'n Nederlandse rym wat deur Dijkstra en Van Vloten opgeteken is. Let daarop dat van die woorde vervorm het by die bruin kinders, hoewel die vokaalklanke min of meer dieselfde bly, byvoorbeeld "deun" word "been" en "bokkebanne" word "okkelewanne". In die Afrikaanse weergawe het die laaste reël wat Dijkstra opgeteken het, weggeval.

Eun deun dik,  
Zeven kannen strik,  
Zeven kannen, bokkebanne.

Eun deun dik,  
 Zij zigt er eerlijk afgetikt.  
 (Dijkstra 1966:250)

Eun, deun, dip,  
 Ikke de kane flip,  
 Ikke de kane boekenemane,  
 Eun, deun, dip.  
 (Van Vloten 1874:149)

(2)

Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe,  
 Ma is skewe  
 Ma is skewe  
 Met 'n boggel op die rug  
 Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe.  
 (Murray 1974:3)


Dié rym kom voor in die boek *Witwater se mense* deur M.I. Murray wat handel oor 'n bruin gemeenskap in die Sederberge.

Die volgende variant is deur Du Toit uit *Die Huisgenoot* oorgeneem:


Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe,  
 Om die hoek van mama's skewe,  
 Ongeluk-dientjie, ongeluk-daantjie  
 Môre kraai die honderhrantjie.  
 Kejoeps! Suiker en kaneel -  
 (Du Toit 1924:63)

Reël een van die twee variante stem ooreen; reël twee en drie van Murray se optekening stem ritmies ooreen met reël twee by Du Toit. Die res van die twee ryme verskil heeltemal.


(3)



My pa bau n huis in die huis is n kas in die



kas is n laai in die laai is 'n brief in die brief staan ge-skry-we



Jan-nie Ko-lo-nie jou hoen-der-dief.

My pa bou 'n huis  
 in die huis is 'n kamer  
 in die kamer is 'n kas  
 in die kas is 'n laai  
 in die laai is 'n brief  
 in die brief staan  
 Jannie Kolonie die hoenderdief.  
 (Kindergroep: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Dié uittelrym is ook onder blanke kinders baie bekend. Du Toit sê dat dit een van die "mees wyd en syd verbreide uittelrympies in Suid-Afrika" is en het drie variante daarvan opgeteken (1924:69-70). Die variant van die bruin kinders kom grotendeels ooreen met die drie by Du Toit. Dit is slegs die slotreëls wat verskil.


(4)

Onder die brug daar sit 'n hond  
 as hy eet dan eet hy grond  
 as hy drink dan drink hy tee  
 om vir Kosie in te gee.  
 (G. du T. Cillie: Durban)


Mnr. Gawie Cillie is 'n blanke man van Durban wat in die Wellington-distrik grootgeword het. Hy kan nog heelparty liedjies en rympies onthou wat hy by die bruinmense geleer het. Die woorde van nr. 4 is op skrif verskaf, daarom word die ritme nie weergegee nie.

Dié rym sou nie 'n variant van nr. 5 genoem kon word nie, maar het tog verband deurdat die eerste deel van reël een ooreenstem.

(5)



On-der die brug staan twee kal-koentjies een se naam is sui-ker-pot-jie



een se naam is kof-fie-pot-jie hik hik die per-de vloek.

Onder die brug staan twee kalkoentjies  
 een se naam is suikerpotjie  
 een se naam is koffiepottjie  
 hik hik die perde vloek.  
 (Kindergroep: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

S.J. du Toit het 'n uittelrym opgeteken wat soos volg lui:

Onder die brug sit drie eendjies  
 Die een se naam is Driemeloklantjies,  
 Die een se naam is Suikerbek,  
 Die een se naam is haak, haak, haak.  
 Die ou meid sit te vaak, vaak, vaak.  
 (1924:68)

Waarskynlik lê die oorsprong van bogenoemde twee ryme (en moontlike ander variante) by 'n Nederlandse rym wat nie as 'n uittelrym opgeteken is nie, maar wel as 'n gewone spelrym. Dit is 'n langerige rym waarvan slegs die eerste vier reëls waarskynlik tot die Afrikaanse uittelrym aanleiding gegee het:

Er waren drie eendjes in een pontje,  
 het eene heette Bontje,  
 het tweede heette Gontje,  
 en het derde Klisklasklepelklontje.  
 Dat vond eens een klontje  
 En wou het niet geven aan Bontje.  
 Toen nam Bontje een steen,  
 En gooide dien naar Klisklasklepelklontjes been.  
 "Wel foei, Bontje!" zei toen Gontje,  
 "Neem jij een steen,  
 "En gooi jij dien naar Klisklasklepelklontjes been!"  
 (Van Vloten 1874:135)

In Afrikaans is variante van die rym ook as eenasems bekend: dit is ryme wat opgesê moet word sonder om asem te haal voor die einde. Pieter W. Grobbelaar het die volgende twee variante daarvan opgeteken:

Onder die brug  
 sit drie eendjies,  
 die eerste se naam  
 is Drie-drimmel-beentjies,  
 die tweede se naam  
 is Suikerbek,

en die derde sê net:  
 "Ek, ek, ek!"  
 En Ek-ek-ek  
 en Suikerbek  
 en Drie-drimmel-beentjies  
 is my drie eendjies.  
 (Grobelaar 1976b:116)

Onder die brug swem drie eendjies:  
 Boontjie, Soontjie en Kry-sy-Loontjie.  
 Boontjie kry 'n stokkie en slaan vir Soontjie  
 met die stokkie oor sy seer toontjie.  
 "A nee a, Boontjie," sê Kry-sy-Loontjie,  
 "hoekom slaan jy vir Soontjie  
 met die stokkie oor sy seer toontjie?"  
 Toe gryp Kry-sy-Loontjie  
 die stokkie en slaan vir Boontjie.  
 (Grobelaar 1976a:174)

(6)

Op die klavier staan 'n bottel wyn  
 die een wat daaraan drink  
 se asem sal stink.  
 (Barnard 1987:261)

As deel van 'n stofinsamelingsprojek wat jaarliks deur die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch gedoen word, is tientalle voorbeelde van die rym by blankes opgeteken. Die woorde van bostaande rym is uit 'n geskrewe werk geneem, dus kan die ritme nie weergegee word nie.

(7)

Waar woon jy? ek woon in Pa-ra-dys Wat is jou nom-mer? nom-mer  
 ses-en-der-tig uit vrou vir jou ma of ek en jy kan trou  
 sê sy nee of sê sy ja?



Waar woon jy?  
 ek woon in Paradys  
 wat is jou nommer?  
 nommer ses-en-dertig uit  
 vra vir jou ma  
 of ek en jy kan trou  
 sê sy nee  
 of sê sy ja?  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Van dié lied is twee variante opgeteken wat albei touspringryme is (vergelyk nrs. 108 en 108(a)). Hier moet net daarop gewys word dat die variante albei in reël vier ook verwys na "nommer ses-en-dertig", maar dat die uittelrym die enigste is wat lui: "nommer ses-en-dertig uit". Dit is tog interessant dat die uittelrym nie stop by "uit", soos 'n mens sou verwag nie, maar nog vier reëls bygevoeg word. (Vergelyk nr. 1 op ingeslote kasset)

### 3.1.2 Handklapspele

(8)

Daar sit 'n mui-sie bin-ne-in die kos-kas daar sit 'n mui-sie  
 bin-ne-in die kos-kas daar sit 'n mui-sie bin-ne-in die kos-kas  
 hal-lo my ba-by boy dan slaan my ma my  
 ting-e-ling-e-ling dan slaan my ma my ting-e-ling-e-ling dan  
 slaan my ma my ting-e-ling-e-ling hal-lo my ba-by

boy ma ek sal nie weer trou nie  
 ma ek sal nie weer trou nie ma ek sal nie  
 weer trou nie dis lek-ker om hier te bly  
 groen kom-kom-mer ge-bak-te vis as die jong ja-  
 loers is slaan hom op sy nael-tjie  
 sou-wie sou-wie ver-los jou ding

Daar sit 'n muisie binne-in die koskas  
 daar sit 'n muisie binne-in die koskas  
 daar sit 'n muisie binne-in die koskas  
 hallo my *baby boy*

dan slaan my ma my tingelingeling  
 dan slaan my ma my tingelingeling  
 dan slaan my ma my tingelingeling  
 hallo my *baby boy*

Ma ek sal nie weer trou nie  
 Ma ek sal nie weer trou nie  
 Ma ek sal nie weer trou nie  
 dis lekker om hier te bly  
 groen komkommer gebakte vis


as die jong jaloers is  
 slaan hom op sy naeltjie  
 souwie souwie verlos jou ding  
 souwie souwie verlos jou ding.

(Kindergroep: De Rust N.G. Kerk Primêr, Wellington)

Die kinders staan vir hierdie speletjie in 'n kring, maar twee-twee na mekaar gedraai. Hulle klap oorkruis hande soos daar in die inleiding verduidelik is, terwyl die lied gesing word.

'n Variant van dié lied "Hier sit ek in my huisie binne-in my glaskas" word onder kringsele behandel (vergelyk nr. 39).

(9)




Ek koop 'n pond ta-ma-ties ek gee dit vir my man my

Ek koop 'n pond tamaties  
 ek gee dit vir my man  
 my man wil dit nie hê nie  
 ek gee dit vir my kind  
 my kind wil dit nie hê nie  
 ek gee dit vir my broer  
 my broer wil dit nie hê nie  
 ek gee dit vir my suster.


(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr, Graafwater)

Dit is ook 'n kruisklaspelletjie. Die enigste variant wat gevind is, word by touspring gebruik. In daardie geval het dit wel 'n wysie en is die teks ook meer uitgebreid (vergelyk nr. 83).

(10)



Ou Jie-ke-rie Jol-lie raak nie vol nie van die jol-



lie n man van jou hy kom in die Kaap S A hy

lus vir slaap S A hy kom met die tjor-rie Jie-ke-rie Jol-lie

van die jol-lie

Ou Jiekerie Jollie  
 raak nie vol nie  
 van die jollie  
 'n man van jou S-A  
 hy kom in die Kaap S-A  
 hy't lus vir slaap S-A  
 hy kom in die boom S-A  
 hy't lus vir droom S-A  
 hy kom in die kis S-A  
 hy't lus vir pis S-A  
 hy kom met die bus S-A  
 hy't lus vir rus S-A  
 hy kom by die maan S-A  
 hy't lus vir slaan S-A  
 hy kom in die dorp S-A  
 hy't lus vir snork S-A  
 hy kom met die tjorrie  
 Jiekerie Jollie van die jollie.  
 (Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr: Graafwater)

Die koppelteken tussen S en A dui aan dat die letters gespel word en nie as 'n woord uitgespreek word nie.

In die liedjie kom die skurfheid wat baie by die bruinmense se liedere aangetref word, na vore in die reël "hy't lus vir pis S-A".

Die voorkoms van die baie handklapspele by Zeekoeivlei Primêr is reeds vermeld. By die speletjie wat deur bostaande lied begelei word, staan die kinders twee-twee teenoor mekaar en voer kruisklapbewegings uit.

(11)

My naam is Lie-we Hek-sie ek sing soos El-wis  
 Pres-ley ek dans soos John Tra-vol-ta en dit is die name of  
 sout sout die beer-tjies in ge-vaar en Jan  
 Wil-kens speel ki-taar en was dit nie vir jou nie was Graaf-  
 wa-ter nie ge-bou nie

My naam is Liewe Heksie  
 ek sing soos Elvis Presley  
 ek dans soos John Travolta  
 en dit is die *name of* sout sout  
 die beertjie is in gevaar  
 en Jan Wilkens speel kitaar  
 en was dit nie vir jou nie  
 was Graafwater nie gebou nie.  
 (Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr, Graafwater)

Dit is 'n kruisklaspelletjie waarvan die eerste gedeelte gesing en die laaste twee reëls gesê word.

Dit is 'n paar interessante karakters wat deur die kinders in dié lied bymekaar gebring is. Liewe Heksie is 'n storiëkarakter wat deur die skryfster Verna Vels geskep is. Haar regte naam is Levinia Heks en sy word as baie dom voorgestel. Die eerste Liewe Heksie-verhaal is in 1964 oor die Siembamba-kleuterprogram van die SAUK uitgesaai. In 1965 het die eerste boekie met die



titel *Liewe Heksie* verskyn (MFP: SRSJ 7032, Liewe Heksie nr. 1). Sy het verder bekend geraak deur middel van strokiesprente, plate en televisiereekse.

Elvis Presley (1935-1977) was 'n Amerikaanse "rock 'n roll"-sanger. Hy het so gewild geword dat hy die pop-kultuur van Amerika in die sestiger- en sewentigerjare geheel en al oorheers het. Hy is wêreldwyd nagevolg en later, veral ná sy dood, ook nageboots (NEB Deel 9 1986:684).

John Travolta is 'n filmster wat in 1978 bekendheid verwerf het met sy buitengewone dansvermoë in die rolprent "Grease". Die film was wêreldwyd 'n lokettreffer en Travolta het sinoniem geraak met die disko-manie (*Sarie* 8/8/1990:14).

Jan Wilkens is 'n rofstoeier wat in 1965 vir hom begin naam maak het. In 1973 het hy 'n belangrike titel in Tokio verower en in 1975 wen hy die wêreldtitel in die ekstra-swaargewigafdeling teen die Amerikaner Don Leo Jonathan (*RGN Sportondersoek* 1982:273-274).

(12)




Tant Sa-rie en tant Ma-rie het gis-ter-aand ba-klei tant  
 Sa-rie hard-loop dat die stof so staan a doe-me-lak-ke doe-me-lak-ke  
 ai ai ai doe-me-lak-ke doe-me-lak-ke ai ai ai.

Tant Sarie en tant Marie  
 het gisteraand baklei  
 tant Sarie hardloop dat die stof so staan  
 a doemelakke doemelakke ai ai ai  
 doemelakke doemelakke ai ai ai.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Van dié liedjie is geen variant opgeteken nie en kon ook geen verwysing in bronne gevind word nie.

Vir die speletjie staan die kinders twee-twee teenoor mekaar en klap oorkruis hande.

(13)



Wat soek jy in die sand? ek soek hier na 'n mol Jan  
Pie-re-wiet se mol Jan Pie-re-wiet se mol Jan Pie-re-wiet se mol mol mol.

Wat soek jy in die sand?  
ek soek hier na 'n mol  
Jan Pierewiet se mol Jan Pierewiet se mol  
Jan Pierewiet se mol mol mol.  
(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr, Graafwater)

Dit is 'n kruisklapspeletjie wat ook 'n kettinglied is en waarvan daar heelwat variante in Afrikaans bestaan. Bostaande strofe is slegs die eerste strofe van die lang kettinglied. Dit word as nommer 124 volledig bespreek.

(14)

Hannekoekiede!  
steek hom toe.  
hannekoekiede,  
hannekoekiede,  
steek hom toe!  
(Murray 1974:2)

M.I. Murray skryf soos volg oor die liedjie: "Soos altyd op pad houtveld toe, loop ons speel-speel. Ons klap onse hande en spring nou diékant toe en nou daarie kant toe oor die paadjie en ons sing [...] By 'steek hom toe' steek ons hand in die sy en ons wikkel die heup. Dis by 'Hannekoekiede!' dat ons onse hande klap en so hiernatoe en so daarnatoe oor die paadjie spring" (1974:2). Die vertelling is uit die mond van die meisie Poon, hoofkarakter van die verhaal.

### 3.1.3 Ander parespele

Daar is slegs enkele parespele gevind waarby nie hande geklap word nie. By die meeste hiervan staan die twee kinders teenoor mekaar en maak gebare wat by die woorde pas.

(15)




Daan- tje Vaal-ge-vrete stap daar in die Kaap-stad as ek met jou saam-stap dan  
 noem ek jou ma-nier dan noem ek jou ma-nie-re ma-  
 nie-re ma-nier dan noem ek jou ma-nie-re en my ma-nier lyk so.

Daantjie Vaalgevrete  
 stap daar in die Kaapstad  
 as ek met jou saamstap  
 dan noem ek jou manier  
 dan noem ek jou maniere maniere manier  
 dan noem ek jou maniere  
 en my manier lyk so.  
 (Kindergroep:Stofkraal R.K.Primêr, distrik Garies)

Dié speletjie is algemeen bekend as 'n kringpeletjie en is as 'n uitsondering aangetref as 'n parespel. Daarom sal die variante asook die oorsprong van die lied onder kringpele behandel word (vergelyk nr. 60).

(16)



On- der in die paad-jie daar lê 'n hond-jie dood die

hond-jie se stert-jie is af-ge-kap dis  
 on-se baas se koei-e dis on-se baas se koei-e die bok-kie skree a-mê hy  
 wil 'n stuk-kie hê da-nos-sie da-nos-sie an-  
 gel was da-nos-sie da-nos-sie da-nos-sie an-  
 gel was da-nos-sie jou diem jou diem jou lek-ker diem jou  
 diem jou diem jou ice-cream jou diem jou diem jou lek-ker diem jou  
 diem jou diem jou ice-cream.

Onder in die paadjie  
 daar lê 'n hondjie dood  
 die hondjie se stertjie is afgekap  
 dis onse baas se koeie  
 dis onse baas se koeie  
 die bokkie skree a-mê  
 hy wil 'n stukkie hê  
 danossie danossie *angel* was danossie  
 danossie danossie *angel* was danossie

jou diem jou diem jou lekker diem  
 jou diem jou diem jou *ice-cream*  
 jou diem jou diem jou lekker diem  
 jou diem jou diem jou *ice-cream*.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Die geval met "Daar onder in die paadjie" is presies dieselfde as met "Daantjie Vaalgevreet". Dit is 'n baie ou Nederlandse lied wat in Suid-Afrika bly voortbestaan het en waarvan baie variante voorkom. Dit is ook meer algemeen bekend as 'n kringspeletjie (vergelyk nr. 27) en slegs die een voorbeeld is as 'n pairespel opgeteken. By hierdie speletjie staan die kinders twee-twee teenoor mekaar en maak gebare terwyl hulle sing.

Mate vyf tot sewe van die wysie stem ooreen met 'n deel van die bekende "Sy lyk vir my so baie na tant Koek se hoenderhaan" (vergelyk ook nr. 71(b)).

(17)




Die don-kie lê in die kooi die don-kie lê in die kooi  
 U - ni - on - dale Moss-sel-baai die don-kie lê in die kooi red white en blue  
 mam-ma se kind-jie red white en blue mam-ma se kind-jie.

Die donkie lê in die kooi  
 die donkie lê in die kooi  
 Uniondale Mosselbaai  
 die donkie lê in die kooi  
*red white en blue*  
 Mamma se kindjie  
*red white en blue*  
 Mamma se kindjie.  
 ((Kindergroep: Twee Palms, George))

Die kinders hou twee-twee hande vas, beweeg na mekaar en weer weg van mekaar op maat van die musiek. Die rooi, wit en blou is algemeen bekend as die kleure van die Engelse vlag.



(18)



Mam - ma ek is bang mam - ma ek is bang mam -  
ma ek is bang vir die das-sie en die slang

Mamma ek is bang  
mamma ek is bang  
mamma ek is bang  
vir die dassie en die slang.

Hy het my gebyt  
hy het my gebyt  
hy het my gebyt  
aan my broek se pyp.

Kom laat Mamma sien  
kom laat Mamma sien  
kom laat Mamma sien  
Mamma bietjie sien.  
(Kindergroep: Twee Palms, George)

Dié speletjie word op dieselfde wyse as die vorige gespeel.

'n Variant van "Mamma ek is bang" is in dieselfde distrik opgeteken, maar as 'n liedjie van volwassenes (vergelyk nr. 505). Nog twee variante van strofe een word gevind in twee touspringryme, nrs. 95 en 95(a), waar dit lui: "Mamma ek is bang(e)//vir die rooikop-slang(e)".

Die laaste reël van strofe een, "vir die dassie en die slang", kan moontlik verband hou met die dassieslang, ook bekend as die dassie-adder, wat vroeër 'n belangrike rol in die volksgeloof gespeel het. Oor die lengte en breedte van die land is daar al baie beskrywings aan die legendariese dassie-adder gegee. Sommige meen dat hy die voorlyf van 'n das het en dat die harige lyf dan geleidelik oorgaan in dié van 'n vaal slang. Eienskappe wat aan hom toegeskryf word, is onder meer dat hy sy slagoffers kan vastrek of hipnotiseer deur bloot na hulle te kyk, en dat hy 'n blêrgeluid maak (Grobelaar 1977:23).

'n Baie interessante variant van die lied is deur W.J. van Zyl opgeteken in sy M.A.-tesis *Die Afrikaanse volkspoësie, met spesiale toespitsing op Boerneef se poësie*. Hy het die lied by 'n blanke informant, mnr. F. van der Merwe van Bronaar, Kouebokkeveld, gevind.

Hoor waar brul die bul  
 duskant Porterwul  
 Mamma ek is bang (x3)  
 vir Katriena Hardestang  
 die perde loop en pronk (x2)  
 maar Katriena Hardestang  
 is in Morriesburg se tronk  
 Moenie vir die ouvrou sê nie  
 dat ek vir jou wil hê nie.  
 (Van Zyl 1975:35)

Die informant was onseker of die plek "Morriesburg" waarna verwys word Moorreesburg of Murraysburg is (Van Zyl 1975:34). Die wyse waarop die naam vervorm het, dui egter daarop dat dit waarskynlik Murraysburg is. Boerneef se vers "Die swartes loop en pronk" wat in sy bundel *Krokos* opgeneem is, is op hierdie volksliedjie gebaseer (Van Zyl 1975:35).

Katriena Hardestang het ook as kinderskrik voorgekom. In die Noordweste is daar vir die kinders vertel dat sy mense grond toe dwing deur haar groottoon in hulle klere te haak (DALG VI:8).

### 3.1.4 Ryspele

(19)



Al- le- jan al- le- jan deur die bos ket- ting trek aan die drui- we- tros.

Allejan allejan deur die bos  
 ketting trek aan die druiwetros  
 allejan allejan deur die bos  
 ketting trek aan die druiwetros.  
 (A. Farmer: Eksteensfontein)

Slegs hierdie een optekening is by die bruinmense gedoen. Dit is egter een van die bekendste Afrikaanse kinderspele wat algemeen deur blanke kinders gespeel word. Die volgende weergawe is by 'n blanke vrou gevind:

Aljander Aljander so deur die bos

my ma en pa kook lekker kos  
 die kinders verstik aan 'n druiwetros  
 Aljander Aljander so deur die bos.  
 (M. van Zyl: onderhoud)

De Jongh het vier variante van die lied opgeteken. Die eerste lui soos volg:

Aljander, Aljander so deur die bos,  
 My pa en ma kook lekker kos.  
 Die laaste een se kop is af.  
 (De Jongh 1984:165)

Die speletjie word deur bruin en blanke kinders soos volg gespeel: Twee kinders hou hulle arms omhoog en vat mekaar se hande om 'n bogie te vorm. Die ander spelers vorm 'n lang ry en kruip onder die bogie deur totdat die liedjie klaar gesing is. Die speler wat met die laaste woorde in die bogie is, word gevang en moet 'n keuse maak uit twee moontlikhede wat aan hom gebied word deur die twee wat hom gevange hou. Laasgenoemde het voorheen reeds besluit wat elkeen gaan verteenwoordig, byvoorbeeld 'n appel of 'n peer, of goud of silwer. Nadat hy die keuse gemaak het, gaan staan hy agter dié een. Die lied word dan herhaal. Op dié wyse word twee rye gevorm agter die twee wat die bogie maak. Wanneer al die spelers in die twee rye opgeneem is, trek die twee kante teen mekaar om te kyk wie die sterkste is. Die voorste twee vat mekaar se hande stewig vas en elke speler in die ry sit sy arms om die een voor hom se middel.

Du Toit gee 'n lang beskrywing van die oorspronklike Nederlandse speletjie wat heeltemal ooreenstem met die hedendaagse Afrikaanse speletjie. Die volgende versie is daarby gesing:

Al hier deur, al dāor deur  
 al deur min golden poortjen,  
 hier verkoop men wit lint,  
 swart lint, waor de boer de bokske mee bindt.  
 (Du Toit 1924:111)

(20)

Mō - re gaan my sus-ter trou my sus-ter trou my sus-ter trou

mō-re gaan my sus-ter trou een twee drie

Ry 1: Môre gaan my suster trou suster trou suster trou  
 môre gaan my suster trou  
 een twee drie.

Ry 2: O mag ons na die bruilof kom bruilof kom bruilof kom  
 mag ons na die bruilof kom  
 een twee drie.

Ry 1: O julle is te morsig te morsig te morsig  
 julle is te morsig  
 een twee drie.

Ry 2: O julle is dieselfde dieselfde dieselfde  
 julle is dieselfde  
 een twee drie.

Ry 1: O mag ons maar vir Sêra kry Sêra kry Sêra kry  
 mag ons maar vir Sêra kry  
 een twee drie.

Ry 2: O mag ons maar vir Marie kry Marie kry Marie kry  
 mag ons maar vir Marie kry  
 een twee drie.

(Kindergroep: Pacaltsdorp)

Die wysie is dié van die bekende Engelse spellied "Walking on the green grass", wat vroeër jare baie gewild was in Suid-Afrika (Boshoff en Du Plessis 1918:40-41).

Die kinders staan in twee lang rye teenoor mekaar. By die sing van elke strofe beweeg die rye as geheel na mekaar toe en weer agteruit. Dit word herhaal. As strofe ses klaar gesing is, moet die twee kinders wie se name in strofes vyf en ses genoem is, mekaar se hande vat en trek om te kyk wie die sterkste is. Die een wat omgetrek word, is die verloorder en moet in die ander ry gaan staan. In die volgende twee strofes word weer twee name gesing en die proses word herhaal. Die doel is om te kyk of een ry al die spelers in die ander ry kan oorneem.

Volgens Boshoff en Du Plessis was die spel wat vroeër by "Walking on the green grass" gespeel is, 'n vervorming van die ou Nederlandse "Patertje langs de kant" en dus 'n kringspel met tikiëdraai (1918:40-41). Die skrywer Eitemal vertel dat die kinders van die plaas waar hy grootgeword het, ook dié speletjie saans op die kweekwerf gespeel het. Hy verduidelik nie die vorm van die spel nie, maar vertel dat hulle die Engelse woorde soos volg vermink het: "Wieka, wokke, krikra, krikra, krikra, wieka, wokke, krikra, ones, twos, sree" (1958:7).


(a)





Die woorde van die tweede optekening is presies dieselfde, maar daar is 'n geringe verskil in wysie (Kindergroep: St.Johns Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam).

(21)



'n Handvol teer *together here*

'n handvol teer *together here*

jugela ham jugela ham

jugela ham van ver af.

(Kindergroep: St.John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Die opstelling is in twee lang rye teenoor mekaar. Eers beweeg die rye as geheel na mekaar en daarna beweeg die spelers een-een na sy maat in die ander ry. As hulle bymekaar kom, draai hulle in die rondte en beweeg terug.

Die woord "jugela" kan moontlik afkomstig wees van die Xhosawoord "jikela" wat beteken "om om te draai".

### 3.1.5 Kringspele

Volgens Schrijnen vertoon die kringspele van kinders 'n groot variasie. In 'n kring spring hulle op en af, hurk neer, klap hande en maak allerlei nabootsende gebare (1933:240). Die kringspele van die bruin kinders is op dieselfde lees geskoei as die ou Nederlandse kringspele. Die bewegings van baie van die spele is dieselfde - net die lied verskil. Hulle is baie lief vir kringspele



en ken 'n groot verskeidenheid liëdere wat daarmee saam gesing word. By verskeie kringsele word presies dieselfde speelpatroon gehandhaaf. Een speler staan in die middel van die kring, en almal klap hande saam by die sing van die eerste gedeelte van die lied. By die refrein draai die een in die middel tēkie met een van die spelers in die kring, en daarna moet daardie een weer in die middel staan.

(22)



An-na-tjie Sa-bon-na-tjie ou An-na-tjie Sa-bon-na-tjie ou

Annatjie Sabonnatjie


ou Annatjie Sabonnatjie.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)


Die woorde is uiters eenvoudig en word oor en oor herhaal.

Een speler staan binne-in die kring; hy kies een uit die kring, wat dan al agter hom aan moet loop.


(23)




Ant Dol maak boon-tjieskoon ou-ma is te oud




tieng-e-lieng daar lui die klok tieng-e-lieng daar lui die klok die



son gaan on-der die kin-ders kry hong-er daar kom tant



A-lie tant A-lie tant A-lie daar kom tant A-lie tant



A - lie oor die see

Ant Dol maak boontjies skoon  
 Ouma is te oud  
 tiengelieng daar lui die klok  
 tiengelieng daar lui die klok  
 die son gaan onder  
 die kinders kry honger  
 daar kom tant Alie tant Alie tant Alie  
 daar kom tant Alie  
 tant Alie oor die see.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

"Ant Dol maak boontjies skoon" is 'n kringspel met meer bewegings as die vorige. Die kinders vat hande en hardloop in die rondte tot by die woorde "Ouma is te oud". By die volgende vier reëls voer hulle aksies uit om die woorde te illustreer, en by die laaste gedeelte word daar weer in die rondte gehardloop.

Dit is interessant dat tant Alie hier oor die see kom, en nie om die draai, soos algemeen bekend nie (NRVV 1962:90; *FAK-sangbundel* 1979:419).

Fragmente uit bogenoemde lied kom voor in die volgende liedjie wat deur S.J. du Toit opgeteken is:

Ma gee die kinders kos!  
 Ma gee die kinders kos!  
 Ma gee die kinders kos!  
 Die kinders huil al weer.  
 Tingelingeling, daar lui die klok, lui die klok, lui die klok,  
 Tingelingeling, daar lui die klok,  
 Die kinders huil al weer!  
 (Du Toit 1924:152)

In 'n bespreking van die Afrikaner se hofmakery soos dit blyk uit sy minneliedere, verwys V.S. van Zyl na die volgende lied:

Toemaar niggie sê maar ja!  
 Die son gaan onder  
 en die perd ly honger.  
 (Van Zyl 1962:126)

Die laaste twee reëls toon ooreenkoms met die reëls "die son gaan onder//die kinders kry honger" in nr. 23.

(24)

As - kies mies Mol-lic Em - mie hal - le doe - doe

Em - mie hal - le doe - doe Em - mie hal - le doe - doe.

Askies mies Mollie  
 emmie halle-doe-doe  
 emmie halle-doe-doe  
 emmie halle-doe-doe.  
 (Jongmensgroep: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

Bogenoemde groep informante was vier jongmense wat die speletjie as kinders gespeel het.


Dié speletjie leen hom tot inisiatief aan die kant van die leier wat in die kring staan. Aangesien die woorde eintlik net klanke is wat nie uitgebeeld kan word nie, kan hy enige bewegings maak wat die ander moet namaak. Aan die einde kies hy een uit die kring met wie hy tiekiedraai. Die liedjie word herhaal totdat hulle moeg is vir die speletjie.

(25)

Daar kom Bel-lie om die hoe - kie daar kom Bel-lie om die

hoe - kie daar kom Bel-lie om die hoe - kie ou Bel-lie met haar rooi rok

kie Bel - lie om die hoe - kie koe - kie



Bel-lie om die hoe-kie koe-kie Bel-lie met haar rooi rok-kie.

Daar kom Bellie om die hoekie  
 daar kom Bellie om die hoekie  
 daar kom Bellie om die hoekie  
 ou Bellie met haar rooi rokkie  
 Bellie om die hoekie-koekie  
 Bellie om die hoekie-koekie  
 Bellie met haar rooi rokkie.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Die wysie is dié van die bekende "John Brown's body" en ook van die "Battle hymn of the Republic". John Brown was 'n militante Amerikaner wat hom beywer het vir die vrystelling van die slawe. Hy het 'n klein kommando op die been gebring en die slawe probeer aanhits tot opstand (*CE* Deel II g.d.: inskrywing onder Brown, John). Dit het aanleiding gegee tot die verhoging van vyandelikheid tussen verskillende faksies wat uiteindelik sou uitloop op die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865). John Brown is in 1859 tereggestel vir moord en hoogverraad (*NEB* Deel 2 1986:558). Na aanleiding van sy dood ontstaan die lied "John Brown's body lies a-mould'ring in his grave//his soul is marching on", gesing op 'n Negerwysie. In 1861 het Julia Ward Howe, ook 'n sterk teenstander van slawerny, *The battle hymn* geskryf met die bekende woorde: "Mine eyes have seen the glory of the coming of the Lord". Die magte van die Noordelike state het dit aangegryp en begin sing op die wysie van "John Brown's body" (*CE* Deel V g.d.: inskrywing onder Howe, Julia Ward). Die lied het wêreldwyd gewild geword en die wysie is deur die jare al vir talle volklidjies gebruik, telkens met nuwe woorde.

Die speletjie behels dat een kind in die middel van die kring staan, terwyl almal hande klap op maat van die musiek. By die refrein draai die middelste een tiekie met een van die spelers in die kring, waarna laasgenoemde in die middel moet staan.

(26)



Daar kom die lor-rie die lor-rie die lor-rie daar kom die



lor-rie die lang-e lang-e lor-rie jul-le moet op-sy-staan op-

sy-staan op- sy- staan jul- le moet op- sy- staan dat die lor-rie kan ver-

by- gaan ta- ma- tie- sous ta- ma- tie- sous sous sous sous

sous E- li- sa- bet E- li- sa- bet bet bet bet bet

bet Geor- gi- na- wê Geor- gi- na- wê Geor- gi- na-

wê wê wê wê wê sie- i- na- wê Sie- i- na- wê wê

wê wê wê

Daar kom die lorrie die lorrie die lorrie  
 daar kom die lorrie  
 die lange lange lorrie  
 julle moet opsystaan opsystaan opsystaan  
 julle moet opsystaan  
 dat die lorrie kan verbygaan  
 tamatiesous tamatiesous  
 sous sous sous sous  
 Elisabeth Elisabeth  
 bet bet bet bet  
 Georgina-wê Georgina-wê  
 Georgina-wê wê wê wê wê  
 Sie-ina-wê Sie-ina-wê



wê wê wê wê.

(Kindergroep:Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

By die naam "Georgina-wê" word die ritmepatroon versteur deurdat dit 'n derde keer herhaal word en 'n addisionele twee mate word dus ingevoeg.

Hoewel die woorde van die eerste deel van die lied dit laat klink na 'n atletiekliedjie (vergelyk nr. 126), is dit 'n kringspeletjie wat hoofsaaklik berus op gebaarspel. Tydens die eerste deel wat gesing word, gaan hulle af op die hurke en kom weer regop. Vanaf die woord "tamatiesous" word die woorde ritmies gesê en maak hulle terselfdertyd gebare.

(27)

Daar on-der in die paad-jie daar lê 'n hond-jie dood die  
 hond-jie se stert-jie is af-ge-loop dis on-se baas se  
 koei-e die bok-kie skree mê mê hy wil 'n stuk-kie hê ja-  
 loer-sie ja-loer-sie om die draai jou ding jou ding jou  
 lek-ker ding jou skop ek on-der jou ding

Daar onder in die paadjie  
 daar lê 'n hondjie dood  
 die hondjie se stertjie  
 is afgeloop  
 dis onse baas se koeie  
 die bokkie sê mê-mê

hy wil 'n stukkie hê  
 jaloersie jaloersie  
 jaloersie om die draai  
 jou ding jou ding jou lekker ding  
 jou skop ek onder jou ding.

(Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

(a)

Daar on-der langs die paad-jie daar lê 'n hond-jie dood die  
 hond-jie se ster-tjie is af-ge-kep en dit is on-se baas se  
 koei-e on-se baas se koei-e die bok-kie skree nou mê ek  
 wil 'n stuk-kie hê en dan-toe-sie dan-toe-sie Em - ma wil 'n  
 loe-sie jou ding jou ding jou lek-ker ding op die op die kant.

Daar onder langs die paadjie  
 daar lê 'n hondjie dood  
 die hondjie se stertjie  
 is afgekap  
 en dit is onse baas se koeie  
 onse baas se koeie  
 die bokkie skree nou mê  
 ek wil 'n stukkie hê  
 en dantoesie dantoesie  
 Emma wil 'n loesie

jou ding jou ding jou lekker ding

op die op die kant.

(S. Pretorius: Hartebeesrivier, Swellendam)


(b)

Daar on-der in die paad-jie daar lê 'n hond-jie dood die  
 hond-jie se stert-jie is af-ge-keap dis on-se baas se  
 boei-e dis on-se baasse boei-e die bok-kie skree mē hy  
 wil 'n stuk-lie hē eend-jie ka-ros-sie A- bie van 'n  
 ros-sie eend-jie ka-ros-sie A- bie van 'n ros-sie  
 drup-pel drup-pel so so so drup-pel drup-pel so so en  
 so en die wê-reld is my e-nig-ste e-nig-ste e-nig-ste die  
 wê-reld is my e-nig-ste e-nig-ste.


Daar onder in die paadjie  
 daar lê 'n hondjie dood  
 die hondjie se stertjie  
 is afgekap  
 dis onse baas se boeie  
 dis onse baas se boeie  
 die bokkie skree mê  
 hy wil 'n stukkie hê  
 eendjie karossie  
 Abie van 'n rossie  
 eendjie karossie  
 Abie van 'n rossie  
 druppel druppel so so so  
 druppel druppel so  
 so en so  
 en die wêreld is my enigste enigste enigste  
 die wêreld is my enigste  
 enigste.

(Kindergroep: Elandsfontein, Beaufort-Wes)


(c)



Daar in die pad lê 'n hond-jie sy stert is af-ge-



kap dis on-se baas se boei-ing dis on-se baas se



boei-ing dis on-se baas se boei-ing wat daar lê.

Daar in die pad lê 'n hondjie  
 sy stert is afgekap  
 dis onse baas se boeiing  
 dis onse baas se boeiing  
 dis onse baas se boeiing  
 wat daar lê.

(R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Die woord "boeiing" word uitgespreek soos "boei" met die agtervoegsel "ing".

Nog 'n variant is as 'n parespel bespreek (vergelyk nr. 16).

Variant (b) is langer as die ander omdat die laaste gedeelte 'n fragment van 'n ander lied is wat hier opgeneem is. Dit is naamlik 'n variasie van die refrein van "Japie my skapie, ek verlang na jou", wat lui: "Kalkoentjies trap also, also, also;//kalkoentjies trap also,//also, also.//In die wêreld is nie ene nie, ene nie, ene nie;//in die wêreld is nie ene nie//so as jy" (NRVV 1962:56). Ook die musiek stem ooreen. Maat nege tot veertien stem ook ooreen met 'n deel van "Sy lyk vir my so baie na tant Koek se hoenderhaan" (vergelyk nr. 16).

Variant (c) is weer korter as die res aangesien die gedeelte wat by die ander begin met danossie/jaloersie/dantoesie/eendjie, hier heeltemal wegval.

Die kringsele gaan gepaard met gebare en/of skopbewegings waarmee die verhaaltjie uitgebeeld word.

Dit blyk dat by al die variante dit telkens die eerste vier reëls is wat min of meer ooreenstem met die oorspronklike Nederlandse rym, wat deur Van Doren as 'n aftelrym of 'n spotrym opgeteken is.

Al onder de groene bomen,  
 daar lagt er een hondje dood,  
 zijn steertje was vervrozen,  
 en heel zijn koentje bloot.  
 Daar kwam soeur Maloenke.  
 Die zei dat hondje is droenken.  
 Daar kwamt daar een patere,  
 hij smeeet dat hondje in't watere.  
 Daar dwam daar een puit,  
 hij haalde dat hondje uit.  
 Daar kwam daar een timmerman,  
 hij kapte dat hondje zijn steiretje van.  
 (gesproken)  
 danke zei dat hondje,  
 me steertje is van mijn koentje.  
 A, B, af.  
 (Van Doren 1964:163)

'n Verdere punt van ooreenstemming is die feit dat die laaste paar reëls van die Nederlandse rym, sowel as van sommige van dié wat by die bruinmense gevind is, gepraat word.

S.J. du Toit gee ook 'n Afrikaanse weergawe:



Buite in die bieses  
 Daar lê 'n hondjie dood.  
 Sy staartjie was bevrore,  
 Sy beentjies ware bloot.  
 Toe kom Aap die slager  
 Die sê: die bees is mager  
 Toe kwam Truitjie Lollepot,  
 Die sê: die bees is waarlik sot.  
 Toe kwam Jan die timmerman,  
 Die lapte er weer 'n staartje aan.  
 Toe liep die hondjie henen  
 Met sy staartje tussen die benen.  
 (Du Toit 1924:22-23)

Daarnaas gee Du Toit 'n Nederrynse weergawe waarvan die eerste vier reëls soos volg lui:

Bute in de Bise  
 Do lei ên Hôndje dôd.  
 Sin stertje wor bevrôre,  
 Sin bellekes leije blôt.  
 (Du Toit 1924:22)

I.D. du Plessis het dit soos volg onder die Maleiers opgeteken:

Daar onder in die paadjie,  
 daar lê 'n hondjie dood.  
 Hondjie se stertjie  
 was afgestoot.  
 Ons se baas se koeie,  
 Ons se baas se koeie,  
 Die bokkie skree a-mê!  
 En hy wil 'n stukkie hê  
 Ons se baas se koeie,  
 Ons se baas se koeie,  
 Die bokkie skree a-mê!  
 En hy wil 'n stukkie hê.  
 (Du Plessis 1935:134)

Die wysies van die verskillende variante stem verbasend baie ooreen, met hier en daar afwykings.

(28)



jong-e man ek vat die mei-sie met die groentruï aan sun-  
 rye kof-fie sun- rye tee sun-  
 rye 'n mooi-e mei-sie net soos jy

Daar's 'n roos in die tuin vir 'n jonge man  
 daar's 'n roos in die tuin vir 'n jonge man  
 ek vat die meisie met die groen trui aan  
 sunrye koffie sunrye tee  
 sunrye 'n mooie meisie net soos jy  
 daar's 'n roos in die tuin vir 'n jonge man  
 daar's 'n roos in die tuin vir 'n jonge man  
 ek vat die meisie met die groen trui aan.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

(a)

Pe- sun-rite kof-fie pe- sun-rite tee pe - sun-rite 'n mooi-e mai-sie  
 net soos jy daar's 'n roos in my tuin vir 'n jong-e meid ek  
 vat die mei-sie met die groen rok aan

Pe-sunrite koffie pe-sunrite tee  
 pe-sunrite 'n mooie meisie net soos jy  
 daar is 'n roos in my tuin vir 'n jonge meid  
 ek vat die meisie met die groen rok aan.

(Kindergroep: Proseskop, N.G.K. Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Dié lied is 'n baie goeie voorbeeld van vervorming van woorde wat in die volksmond plaasvind. Een reël in die lied lui: "Sunrye koffie sunrye tee"; in variant (a) lui dit "Pe-sunrite koffie pe-sunrite tee". E. de Roubaix skryf oor 'n Boesmanlandse dansparty en verwys na die lied "Samlai koffie, samlai tee", wat een van die ander karakters in die verhaal dan verklaar as "Some like coffee, some like tea" (1928:125). Die oorspronklike Engelse liedjie word soos volg deur Du Toit weergegee:

There's a rose in the garden for you young man,  
 There's a rose in the garden for you young man,  
 So choose the lady with the white dress on.  
 Some like coffee, some like tea,  
 Some like a pretty girl just like me.

(Du Toit 1924:190)

Ook die Engelse weergawe het in Suid-Afrika variante gekry. 'n Variant waarvan die derde reël lui: "to kiss a pretty lady with a white dress on", is by blankes gevind (G. Gericke: George). Boshoff en Du Plessis gee ook die Engelse weergawe met 'n bekende Afrikaanse refrein daarby:

Ander man se koffie, ander man se tee;  
 Ander man se dogter, die draai julle mee.  
 Dis nie myne nie, dis nie jouwe nie,  
 Dis ander man se goed, waar julle om stry.

(Du Toit 1924:190)

Die melodieë van die twee Swellendamse optekeninge is wêl verwant, maar toon tog ook opvallende verskille.

Die speletjie self word op dieselfde wyse gespeel as "Annatjie Sabonnatjie" (nr. 22).

(29)

Daar vlieg n voel-tjie in die ghie-mi-lês ghie-mi-lês

ghie-mi-lès daar vlieg 'n voël-tjie in die ghie-mi-lès ou

Ste-ven is die baas daar-van ou Steven is die baas daar-van.

Daar vlieg 'n voëltjie in die ghiemilês ghiemilês ghiemilês  
 daar vlieg 'n voëltjie in die ghiemilês  
 ou Steven is die baas daarvan  
 ou Steven is die baas daarvan.

Want ek wil weet wie is die baas daarvan baas daarvan baas daarvan  
 want ek wil weet wie is die baas daarvan  
 ou Steven is die baas daarvan  
 ou Steven is die baas daarvan.

(Kindergroep: Twee Palms, distrik George)

In woord "ghiemilês" word die aksent op die eerste lettergreep geplaas. Die woord kon nie deur die informante verklaar word nie.

Die wysie is verwant aan die bekende "Solank as die rietjie in die water staan" (NRVV 1962:152). Twee kinders staan in die middel van die kring en wys met hul hande hoe die voëltjie vlieg, terwyl die spelers in die kring hande klap.

(30)

Die boe-re-plek se dam is 'n heer-li-ke dam en

daar wat die skol-lies hul-le ha-re moet kam El-lie Ma-lou oor

wie huil jy nou ek huil oor g'n nie-mand nie ek



huil net oor jou oor wie oor my oor sies jou lies.


Die boereplek se dam dis 'n heerlike dam  
 en daar wat die skollies hulle hare moet kam  
 Ellie Malou oor wie huil jy nou  
 ek huil oor g'n niemand nie  
 ek huil net oor jou  
 oor wie oor my  
 oor sies jou lies.  
 (Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

Die lied is 'n variant van die bekende "Boegoeberg se dam", waarvan die woorde onder meer op die plaat *Sarie Marais en ander bekende volksdeuntjies* voorkom. Die sanger is Danie Pretorius.


Boegoeberg se dam is 'n lekker lekker dam  
 daar waar die nooiens hulle hare was en kam  
 hulle harte is maar koud maar ons sakke is vol goud  
 ons gaan vir hulle vang by die Boegoeberg se dam  
 Emma toe sê maar  
 sê maar vir grêmma  
 wat wil jy vir Krismis hê?  
 Emma Koelêma  
 sê maar vir jou grêmma  
 Emma wil 'n *biscuit* hê.  
 (Plaat: Perel PLS 7095)

Vir die speletjie staan die kinders in kringvorm, klap ritmies hulle eie hande teen mekaar en draai tiekie met die maat langsaan.

(31)



Die haan en die hen het stry ge-kry op Bot-ri-vier se wal op



Bot-ri-vier se wal op Bot-ri-vier se wal en kyk hoe sak sy nou






en kyk hoe sak sy nou op Bot-ri-vier se wal.

Die haan en die hen het stry gekry  
 op Botrivier se wal  
 op Botrivier se wal  
 op Botrivier se wal  
 en kyk hoe sak sy nou  
 en kyk hoe sak sy nou  
 op Botrivier se wal.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

Daar is baie min aksie by dié speletjie. Die kinders staan in die kring en sing en by die laaste gedeelte sak hulle af op hulle hurke en kom weer regop.

(a)



Die hen en die haan het stry ge-kry op al-la-se-wie-se-wa op  
 al-la-se-wie-se-wa en kyk hoe sak sy en kyk hoe  
 sak sy op al-la-se-wie-se-wa.

Die hen en die haan het stry gekry  
 op alla-se-wie-se-wa  
 op alla-se-wie-se-wa  
 en kyk hoe sak sy  
 en kyk hoe sak sy  
 op alla-se-wie-se-wa.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

By dié variant kom meer aksies voor: een kind loop binne-in die kring om, gaan staan voor 'n speler in die kring met sy hande in sy sye, swaai sy lyf heen en weer, en die betrokke speler moet dan afsak grond toe deur sy knieë te buig.

Nog 'n variant is in die George-distrik as 'n touspringrym opgeteken (vergelyk nr. 77).

(32)

Die se-we pam-poe-ne die rol in die sloot die ou vrou skrik haar  
by-na dood hul-le doe-doe my ba-ba-tjie sla-pies maar ge-  
rus dis win-ter al-weer dit reën al-weer die ou vrou skrik haar  
by-na dood hul-le doe-doe my ba-ba-tjie sla-pies maar ge-rus

Die sewe pampoene die rol in die sloot  
die ou vrou skrik haar byna dood  
hulle doe-doe my babatjie  
slapies maar gerus  
dis winter alweer dit reën alweer  
die ou vrou skrik haar byna dood  
hulle doe-doe my babatjie  
slapies maar gerus.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

By die speletjie staan twee kinders binne-in die kring. Die een hou die ander se oë toe, stap rond met hom/haar, en gaan staan dan voor iemand in die kring. Die een wie se oë toegehou word, moet raai voor wie hulle staan. Die wysie is baie interessant: die eerste twee reëls is dieselfde as dié van "Aljander aljander al deur die bos" (vergelyk nr. 19); verder verskil dit egter heeltemal. Die woorde herinner plek-plek aan 'n wiegelied, maar dit word duidelik nie daarvoor gebruik nie.

Du Toit gee die volgende twee reëls, wat gedeeltelik met bostaande rym ooreenstem, aan:

Wolfie rol pampoens in die sloot,

Jakkals skrik hom byna dood.

(Du Toit 1924:5)

(33)

Een Son-dag ag-ter-mid-dag toe vat ek my pop en  
loop ek loop so ver as Bran-der-straat toe be-gin my pop te  
praat loe-lie loe-lie draai daar kom'n man ver-by hy  
haal af sy hoed en hy stamp sy voet en ek ken hom bai-e goed  
loe-lie loe-lie draai daar kom'n vrou ver-by sy  
haal af haar hoed en sy stamp haar voet en ek ken haar bai-e  
goed loe-lie loe-lie dyn shō.

Een Sondag-agtermiddag  
toe vat ek my pop en loop  
ek loop sover as Branderstraat  
toe begin my pop te praat

loelie-loelie draai  
 daar kom 'n man verby  
 hy haal af sy hoed  
 en hy stamp sy voet  
 en ek ken hom baie goed  
 loelie-loelie draai  
 daar kom 'n vrou verby  
 sy haal af haar hoed  
 en sy stamp haar voet  
 en ek ken haar baie goed  
 loelie-loelie dyn shô.

(R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Die spel behels weer eens 'n kringvorm waarin die spelers staan en gebare maak wat by die woorde pas.

Die laaste reël is 'n duidelike voorbeeld van vervorming van woorde, waarvan die oorspronklike heeltemal verlore gegaan het. In die Graafwater-distrik is 'n variant van die lied opgeteken waarby daar nie 'n speletjie gespeel word nie (vergelyk nr. 149).

(34)

Ek gaan nou kaf-fer-land toe na my kaf-fer-man toe ek en my  
 kin-ders is dood van vet en brood Wel-ling-ton se mei-de staan  
 om die hoe-kie vrek van ver-kou-e kan nie man kry nie el-  
 ke jaar n ba-ba ba-ba son-der ta-ta sê  
 vir jou mam-ma dis nie ek-ke nie.

Ek gaan nou Kafferland toe  
na my Kafferman toe  
ek en my kinders is dood  
van vet en brood  
Wellington se meide  
staan om die hoeke  
vrek van verkoue  
kan nie man kry nie  
elke jaar 'n baba  
baba sonder tata  
sê vir jou mama  
dis nie ekke nie.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)


Dit is nog 'n kringspeletjie waarby tiekiedraai en hande geklap word.

Die wysie is 'n baie goeie voorbeeld van gesinkopeerde ritme, wat maklik en op 'n natuurlike wyse deur die bruin kinders gesing word. Die woorde lyk nie na dié van 'n kinderlied nie, maar kom voor asof dit net so uit die wêreld van die volwassenes oorgeneem is.

(35)

Ek lus vir 'n ap-pel en 'n ei en 'n  
stuk-kie ka-sie daar-by hoe-ra hoe-ra hoe-  
ra kom slaap van-aand by my want die  
spo-ke gaan jou ver-lei ou-pa kom slaap van-aand by






my want die spo-ke gaan jou ver- lei.

Ek lus vir 'n appel en 'n ei  
 en 'n stukkie kaside daarby  
 hoera hoera hoera hoera  
 kom slaap vanaand by my  
 want die spoke gaan jou verlei  
 Oupa kom slaap vanaand by my  
 want die spoke gaan my verlei.


(Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

Die informante het as kinders die lied geken.

(a)



Ek hou van 'n ap-pel en 'n ei en 'n stuk-kie ka-sie daar-




by kom slaap van-aand by my en die spo-ke sal vir jou lei.


Ek hou van 'n appel en 'n ei  
 en 'n stukkie kaside daarby  
 kom slaap vanaand by my  
 en die spoke sal vir jou lei.

(Kindergroep: Stofkraal R.K.Primêr, distrik Garies)

(b)



Ek lus vir 'n ap-pel en 'n ei ei ei en 'n



stuk-kie ka-sie daar-by by by ou-pa kom slaap van-



Ek lus vir 'n appel en 'n ei ei ei  
 en 'n stukkie kassie daarby by by  
 Oupa kom slaap vanaand by my  
 want die spoke gaan vir my ry.  
 (H. Hendriks: Hartebeesrivier, Swellendam)

In al drie die streke is die speletjies baie eenvoudig. Die spelers maak gebare wat moontlik die woorde moet uitbeeld, maar dit lyk asof hulle meestal improviseer aangesien nie al die individuele gebare dieselfde is nie.

'n Vierde variant is opgeteken as 'n liedjie sonder spel (vergelyk nr. 143).

Die woord "ei" is die Nederlandse vorm vir "eier". Dit word in Afrikaans algemeen gebruik in die uitdrukking "'n appel en 'n ei".

(36)

Ek sien 'n skil-pad in die pad ek tel hom op hy pi's my nat ek  
 sit hom neer hy doen dit weer bams kelielie-la bams ou-sous.

Ek sien 'n skilpad in die pad  
 ek tel hom op hy pis my nat  
 ek sit hom neer hy doen dit weer  
 bams kelieliea bams ousous.  
 (R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Die kinders beweeg stadig in 'n kring om en maak gebare.

Die eerste drie reëls van die lied is algemeen bekend as 'n volksrym, maar minder bekend as 'n lied of 'n spel. Grobbelaar het die rympie soos volg opgeteken:

Daar loop 'n skilpad  
langs die pad;  
ek tel hom op,  
hy maak my nat -  
o alla gonna!  
(Grobbelaar 1976a:69)

(37)

Ek wil na mam-ma gaan die ri- vier is vol ek  
wil na mam-ma gaan die ri- vier is vol ek wil na mam-ma gaan die ri-  
vier is vol die ri- vier is vol en die dam-me loop oor die ri-  
vier is vol en my tra- ne rol.

Ek wil na Mamma gaan die rivier is vol  
ek wil na Mamma gaan die rivier is vol  
ek wil na Mamma gaan die rivier is vol  
die rivier is vol en die damme loop oor  
die rivier is vol en my trane rol.

My bokkie sê my reg want die trein trek weg  
my bokkie sê my reg want die trein trek weg  
my bokkie sê my reg want die trein trek weg  
o *skollie-boy* ek het jou baie lief

o skollie-boy ek het jou baie lief.

(Kindergroep: Twee Palms, George)

Die speletjie word op dieselfde wyse gespeel as "Daar kom Bellie om die hoekie" (vergelyk nr. 25).

Die woorde van die eerste vers kom ook voor by 'n hartseerlied van die volwassenes, hoewel die volgorde van die frases omgekeer is: "Die rivier is vol//laat my trane rol//ek wil huis toe gaan//na my mamma toe" (vergelyk nr. 402, waar dit volledig bespreek word). Die lied is baie bekend, ook onder blankes.

(38)

Groe-ne gras groe-ne gras on-der by die wa-ter

gee vir my die reg-te ding on-der by die wa-ter

ai ja maak'n paad-jie vir die jong-e da-me en 'n

hoe-kie in die nag en n koe-kie in die dag wie se naam is

taam-lik jy wie se naam is taam-lik jy.

Groene gras groene gras  
 onder by die water  
 gee vir my die regte ding  
 onder by die water  
 en 'n hoekie in die nag  
 en 'n koekie in die dag

ai ja maak 'n paadjie  
vir die jonge dame  
wie se naam is taamlik jy  
wie se naam is taamlik jy.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Een speler staan binne-in 'n geslote kring. By die sing van die lied breek hy deur die kring na buite, stap om, en by die laaste twee reëls tel hy die ander spelers uit. Die een op wie die lot val, moet hom volg. Die hele patroon word herhaal sodat die kring al kleiner word en die ry al langer.

(39)

Hier sit ek in my hui-sie bin-ne-in my glas-kas hier  
sit ek in my hui-sie bin-ne-in my glas-kas hier sit ek in my  
hui-sie bin-ne-in my glas-kas hal-lo my ba-by boy  
hal-lo my ba-by hal-lo my lek-ker ding hal-lo my ba-by  
hal-lo my lek-ker ding hal-lo my ba-by hal-lo my lek-ker ding  
hal-lo my ba-by boy.

Hier sit ek in my huisie binne-in my glaskas  
hier sit ek in my huisie binne-in my glaskas  
hier sit ek in my huisie binne-in my glaskas



hallo my *baby boy*.

Hallo my *baby* hallo my lekker ding  
hallo my *baby* hallo my lekker ding  
hallo my *baby* hallo my lekker ding  
hallo my *baby boy*.

Mamma ek sal nie weer trou nie  
mamma ek sal nie weer trou nie  
mamma ek sal nie weer trou nie  
dis te lekker om 'n jong meid te wees.

Al slaan my ma my tingelingeling  
al slaan my ma my tingelingeling  
al slaan my ma my tingelingeling  
dis te lekker om 'n jong meid te wees.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Die lied is 'n variant van "Daar sit 'n muisie binne-in die koskas" (vergelyk nr. 8). By hierdie speletjie sit die kinders in 'n kring, staan met tussenposes op en waai hul hande in die lug.

Die derde strofe is 'n afspieëling van die grootmensewêreld wat in die kinderlied neerslag gevind het. Dié verskynsel is in die inleiding van hierdie hoofstuk bespreek.

(40)


John-ny my skat weet jy wat ek het ge-droom van 'n moer-bei-boom my  
ma bly ver my pa bly ver hier is my hand skep hom vol sand  
hier is my ving-er wat die mei-de van skin-ner.

Johnny my skat  
weet jy wat  
ek het gedroom


van 'n moerbeiboom  
 my ma bly ver  
 my pa bly ver  
 hier is my hand  
 skep hom vol sand  
 hier is my vinger  
 wat die meide van skinner.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)


(a)



John-ny my skat weet jy wat? ek het ge-droom van 'n moer-bei-boom my



ma bly ver in Bloem-fon-tein hier is my hand gooi hom vol sand



hier is my ving-er wat die men-se van skin-ner.

Johnny my skat  
 weet jy wat  
 ek het gedroom  
 van 'n moerbeiboom  
 my ma bly ver  
 in Bloemfontein  
 hier is my hand  
 gooi hom vol sand  
 hier is my vinger  
 wat die mense van skinner.

(R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Variante (a) het nie 'n wysie nie, maar word ritmies opgesê. Die speelpatroon van die twee variante is dieselfde. Soos by so baie ander kringsele, staan die kinders in die kring en maak gebare wat die woorde uitbeeld.

(41)

Musical notation for exercise (41) in G major (one sharp) and 4/4 time. The melody consists of two staves. The first staff contains the first line of music with the lyrics: "Kruip maar deur jou ven-ster kruip maar deur jou ven-ster kruip maar deur jou ven-ster my". The second staff contains the second line of music with the lyrics: "naam is bok-kie mē En". The melody is written in a simple, rhythmic style using quarter and eighth notes.

Kruip maar deur jou venster  
 kruip maar deur jou venster  
 kruip maar deur jou venster  
 my naam is Bokkie-mê.

Slaan maar op jou lengte  
 slaan maar op jou lengte  
 slaan maar op jou lengte  
 my naam is Bokkie-mê.

En stap maar saam my Kaap toe  
 en stap maar saam my Kaap toe  
 en stap maar saam my Kaap toe  
 my naam is Bokkie-mê.

En roema roema *rosie*  
 en roema roema *rosie*  
 en roema roema *rosie*  
 my naam is Bokkie-mê.

(Kindergroep: Proseskop N.G.K.Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Die spelers hou hande vas in 'n kring en een kruip in en uit onder hulle arms deur. By die tweede strofe slaan hy met een hand op elke speler se skouers al in die kring om; by die derde strofe stap hy net om, en by die vierde gaan hy staan en almal beduie met hulle hande.

(42)

Musical notation for exercise (42) in G major (one sharp) and 4/4 time. The melody is written on a single staff and consists of a simple, rhythmic line of music with the lyrics: "laat ons in 'n kring staan in 'n kring van al-mal". The melody is written in a simple, rhythmic style using quarter and eighth notes.

al - mal was 'n le - wens - droom kom ons kyk wat al - mal doen  
dit doen al - mal dit doen al - mal.

Laat ons in 'n kring staan  
in 'n kring van almal  
almal was 'n lewensdroom  
kom ons kyk wat almal doen  
dit doen almal  
dit doen almal.

Laat ons in 'n kring staan  
in 'n kring van Mary-Anne  
Mary-Anne was 'n lewensdroom  
kom ons kyk wat Mary-Anne doen  
dit doen Mary-Anne  
dit doen Mary-Anne.  
(Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

(a)

laet ons in n kring staan in n kring van ke-a ke-a is so  
le-wens-groot kom ons kyk wat ke-a doen so maak ke-a  
so maak ke - a.

Laat ons in 'n kring staan

in 'n kring van Lea  
 Lea is so lewensgroot  
 kom ons kyk wat Lea doen  
 so maak Lea  
 so maak Lea.

(R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Die name wat in die lied gebruik word ("Mary-Anne" in nr.42 en "Lea" in 42(a)), is die name van spelers en wissel by elke herhaling van die lied, sodat elke speler 'n beurt kry.

Hier kom die verskynsel na vore dat die woorde "lewensdroom" en "lewensgroot" dieselfde vokaalklanke het, maar in betekenis heeltemal verskil (vergelyk ook nrs. 8 en 39). Die speletjies word op presies dieselfde wyse gespeel: die een wie se naam genoem word, moet binne-in die kring gaan staan en gebare maak wat die ander moet namaak. Elke speler kry 'n beurt om in die kring te gaan staan wanneer sy naam gesing word.

Bogenoemde lied en speletjie kan teruggevoer word na 'n Nederlandse oorsprong. Van Vloten het dit soos volg opgeteken:

Laat ons dansen in den kring,  
 in den kring van Pieter (en zoo vervolgens naar de rij af);  
 Pieter is zoo lief en zoet,  
 laat ons doen als Pieter doet,  
 zoo doet Pieter.

(Van Vloten 1874:92)

(43)

Mam-ma sê vir g/i g/i se been is seer Mam-ma sê vir g/i  
 g/i se been is seer i-ng/o-ba i-ng/o-bo sê Mam-ma-goed vir g/i i-  
 ng/o-ba i-ng/o-ba sê Mam-ma-goed vir g/i ei-ke-boom jou bas  
 ei-ke-boom jou bas jy moet jou skur-we voe-te gaan was



swaai hom dat sy swaai hom swaai hom dat sy wip swaai hom dat sy swaai hom

swaai hom dat sy wip.

Mamma sê vir g/i  
 g/i se been is seer  
 Mamma sê vir g/i  
 g/i se been is seer  
 ing/oba ing/oba  
 sê Mammagoed vir g/i  
 ing/oba ing/oba  
 sê Mammagoed vir g/i  
 eikeboom jou bas  
 eikeboom jou bas  
 jy moet jou skurwe voete gaan was  
 swaai hom dat sy swaai hom  
 swaai hom dat sy wip  
 swaai hom dat sy swaai hom  
 swaai hom dat sy wip.

(Kindergroep: Stofkraal R.K.Primêr, distrik Garies)

By dié lied word die klapklank waarna in die inleiding verwys is, aangetref. Dit is waarskynlik 'n oorblyfsel van die Namataal, aangesien die lied in Namakwaland gevind is. Die spel lyk asof dit op die rieldans gebaseer kan wees, want hulle maak net skopbewegings.

'n Variant van die woorde "eikeboom jou bas" kom voor as "die akkerboom se bas" in 'n kwatryn wat 'n danslied is (vergeelyk nr. 217).

(44)

Mê mê die bok-kie mê mê die bok-kie die bok-kie het 'n lam die

lam se naam is Ne-lie die lam se naam is Ne-lie die lam se naam is Ne-lie en  
 Ne-lie hou daar-van en pol-la hier pol-la daar al die pol-las by-me-kaar pol-la  
 hier pol-la daar al die pol-las by-me-kaar vat bok-ka  
 vat bok-ka vat bok-ka en bok-ka hou daar-van en dit is  
 i-no-we i-no-we i-no-we en dit is  
 i-no-we en dit is slice po-lo-ny slice po-lo-ny  
 slice po-lo-ny en dit is slice po-lo-ny.

Mê mê die bokkie  
 mê mê die bokkie  
 die bokkie het 'n lam  
 die lam se naam is Nelie  
 die lam se naam is Nelie  
 die lam se naam is Nelie  
 en Nelie hou daarvan  
 polla hier polla daar  
 al die pollas bymekaar  
 polla hier polla daar  
 al die pollas bymekaar

vat bokka vat bokka vat bokka  
 en bokka hou daarvan  
 en dit is inowe inowe inowe  
 en dit is inowe  
 en dit is *slice polony slice polony slice polony*  
 en dit is *slice polony*.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

By die sing van die eerste sewe reëls van die lied word daar in die kring om na elke speler gewys asof daar uitgetel word. Daarna klap elke speler sy eie hande en draai in die rondte. By die laaste vier reëls maak hulle handgebare.

(a)

Mê mê die bok-kie mê mê die bok-kie mê mê die bok-kie die  
 bok-kie het 'n lam en die lam se naam is Hei-di die lam se naam is  
 Hei-di die lam se naam is Hei-di en Hei-di het 'n lam en die lam se naam is  
 Lie-sel die lam se naam is lie-sel die lam se naam is Lie-sel en lie-sel het 'n  
 lam en dit is vas bok-ka vas bok-ka vas bok-ka bok-ka  
 hier bok-ka daar al die bok-kas by-me-kaar.

Mê mê die bokkie  
 mê mê die bokkie  
 mê mê die bokkie  
 die bokkie het 'n lam  
 en die lam se naam is Heidi  
 die lam se naam is Heidi  
 die lam se naam is Heidi  
 en Heidi het 'n lam  
 en die lam se naam is Liesel  
 die lam se naam is Liesel  
 die lam se naam is Liesel  
 en Liesel het 'n lam  
 en dit is vas bokka vas bokka vas bokka  
 bokka hier bokka daar  
 al die bokkas bymekaar.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

(b)

Mê mê die bok-kie mê mê die bok-kie mê mê die bok-kie  
 bok-kie het sy lam en die lam-me-tjie se naam is Mel-lie die  
 lam-me-tjie se naam is Mel-lie die lam-me-tjie se naam is Mel-lie  
 Mel-lie het sy lam.

Mê mê die bokkie  
 mê mê die bokkie  
 mê mê die bokkie  
 bokkie het sy lam  
 en die lammetjie se naam is Mellie  
 die lammetjie se naam is Mellie

die lammetjie se naam is Mellie  
 Mellie het sy lam.  
 (C. Christoffel: Eksteensfontein)

By nrs. 44 en 44(b) word die name "Nelie" en "Mellie" nie gewissel nie. By variant (a) word die name van die spelers om die beurt gesing, en moet die kind wie se naam genoem word in die kring gaan staan terwyl die res tiekiedraai met mekaar. By variant (b) gaan staan die kinders om die beurt in die kring terwyl die res ook tiekiedraai.

Die reël "polla hier polla daar" in nr. 44 word nie by variante (a) en (b) aangetref nie, maar is baie bekend en kom in heelwat Afrikaanse volksliedere voor. Moontlik is dit in die geval van dié kinderlied verwant aan 'n rympie wat in *Kinderrijmpies vir Afrikaanse kinders* deur Tante Kota opgeteken is:

Polka hier en polka daar,  
 Polka was 'n wewenaar.  
 Ou konfijt en die jong konfijt  
 Die nooiens kom kyk hoe die polka lyk.  
 (Tante Kota 1917:11)

Normaalweg verwys die term "polla" na 'n meisie, terwyl "polka" soos in laasgenoemde rym gewoonlik na die dansvorm verwys. Reël twee lui egter "Polka was 'n wewenaar" wat dit moontlik laat lyk dat "polla" in reël agt van nr. 44 verwant kan wees.

(45)

Mer-ry-go-round mer-ry-go-round we are the win-dow dis-se  
 ak-ke-lak-ke deun-tjie was-mas-jien - tjie ak-ke-lak-ke deun-tjie  
 was-mas-jien- tjie mer-ry-go-round mer-ry-go-round we are the  
 win-dow dis-se



*Merry-go-round merry-go-round*  
*we are the window*  
 disse akkelakke deuntjie wasmasjientjie  
 akkelakke deuntjie wasmasjientjie.

*Merry-go-round merry-go-round*  
*we are the window*  
 disse akkelakke deuntjie trapmasjientjie  
 akkelakke deuntjie trapmasjientjie.

*Merry-go-round merry-go-round*  
*we are the window*  
 disse akkelakke deuntjie spieëlmasjientjie  
 akkelakke deuntjie spieëlmasjientjie.

*Merry-go-round merry-go-round*  
*we are the window*  
 disse akkelakke deuntjie spinmasjientjie  
 akkelakke deuntjie spinmasjientjie.

*Merry-go-round merry-go-round*  
*we are the window*  
 disse akkelakke deuntjie kammasjientjie  
 akkelakke deuntjie kammasjientjie.

*Merry-go-round merry-go-round*  
*we are the window*  
 disse akkelakke deuntjie borselmasjientjie  
 akkelakke deuntjie borselmasjientjie.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

By die eerste twee reëls huppel die spelers in die rondte; by die woorde "akkelakke deuntjie" gaan hulle staan en word die heupe geswaai, en by die noem van die masjien word sy werking gewys. Die ritme is weer eens baie gesinkopeerd (vergelyk nr. 2 op ingeslote kasset).

(46)

My naam is Doem-sie Doem-sie Doem-sie My naam is

Doem-sie Doem-sie van die see kan ek kry? ja me-neer wat-tereen? e-ni-ge  
 een My naam is Doem-sie Doem-sie Doem-sie My naam is  
 Doem-sie Doem-sie van die see.


My naam is Doemsie Doemsie Doemsie  
 my naam is Doemsie  
 Doemsie van die see  
 kan ek kry?  
 ja meneer  
 watter een?  
 enige een  
 my naam is Doemsie Doemsie Doemsie  
 my naam is Doemsie  
 Doemsie van die see.

(Kindergroep: Elizabeth Wimmer N.G.K.Primêr, Lekkersing)

Soos by "Groene gras groene gras" (nr. 38), word in dié speletjie die kring ook opgebreek totdat 'n lang slangetjie gevorm is. Een speler hardloop al om die kring; by die woorde "enige een" tik hy op 'n speler in die kring se skouer en dié moet agter hom inval. Met die herhaling van die lied, moet die tweede speler op iemand tik, en so word die ry langer. Wanneer daar net een oor is, kom al die ander rondom hom staan en tik gelyktydig op sy kop.

(47)

My oom-pie het gaan pe-re haal pe-re haal pe-re haal my oom-pie het gaan  
 pe-re haal daar on-der in die vlei o boon-tjies ke-loon-tjies aar-  
 tap-pel la-moen-skil o boon-tjies ke-loon-tjies aar- tap-pel la-



moen-skil ek smeer my hand vol teer met 'n wit vol- struis-veer en ek  
 smeer my hand vol teer met 'n wit vol-struis-veer o boon-tjies ke-  
 loon-tjies aar- tap-pel la-moen-skil o boon-tjies ke- loon-tjies aar-  
 tap- pel la- moen- skil.

My oompie het gaan pere haal pere haal pere haal  
 my oompie het gaan pere haal  
 daar onder in die vlei  
 o boontjies keloontjies  
 aartappel lamoenskil  
 o boontjies keloontjies  
 aartappel lamoenskil  
 ek smeer my hand vol teer  
 met 'n wit volstruisveer  
 en ek smeer my hand vol teer  
 met 'n wit volstruisveer  
 o boontjies keloontjies  
 aartappel lamoenskil  
 o boontjies keloontjies  
 aartappel lamoenskil.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Dit is 'n algemene verskynsel dat groepe kinders speletjies by verskillende liedjies op dieselfde patroon speel. Daar is reeds in die inleiding daarna verwys dat die speelpatroon van dié lied dikwels by die bepaalde groep kinders voorkom. Een speler staan in die kring, almal klap hande en by die refrein draai die een in die middel tienie met 'n speler in die kring.

Die musiek van maat een tot ses toon ooreenkoms met die wysie van die refrein van "Japie my skapie", naamlik "Kalkoentjies strap also" (NRVV 1962:56).

'n Interessante variant van dié lied, soos dit meer as sestig jaar gelede deur blanke kinders in dieselfde omgewing gesing is, is ook gevind:

Oompie het gaan pêre haal pêre haal pêre haal  
 oompie het gaan pêre haal  
 daar onder by die draai  
 o boontjie keloontjie  
 ertappel se blare  
 lemoenboom se bloeisels  
*I don't care.*  
 (B.W. Gericke: George)


In die bruin kinders se weergawe kom die reël "ek smeer my hand vol teer" voor, iets wat meermale by die Afrikaanse volkslied gevind word. I.D. du Plessis het dit onder andere in 'n Maleierlied opgeteken wat soos volg lui:

Ma, die klok slaat neënuur,  
 Kom laat ons huis toe gaan  
 Die jongste man hy sit voor die deur,  
 Hy smeer my rok vol teer.

Hy smeer my rok vol teer,  
 Hy smeer my rok vol teer,  
 Hy smeer my rok vol teer  
 met 'n appel en 'n peer.  
 (Du Plessis 1935:144)

(48)

Na doe doe doe wa- nie na tsie tsie tsie bel- lie na  
 doe doe doe wa- nie na tsie san- na sei  
 sab- ba ba- loe- bie sab- ba sab- ba ba- loe- bie sab- ba



Na doe doe doe wanie  
 na tsie tsie tsie bellie  
 na doe doe doe wanie  
 na tsie sanna sei  
 sabba baloebie sabba  
 sabba baloebie sabba  
 sabba baloebie sabba  
 sabba baloebie sabba.

(Kindergroep: Twee Palms, George)

Alhoewel die woorde klink asof dit moontlik 'n vervorming of verbleking van 'n Bantutaal kan wees, kon daar geen verband gevind word nie. Vir die speletjie staan die kinders in 'n kring en sing en slegs by die refrein word lywe geswaai en voete gestamp.

(49)



'n Feetje wat nou binnekom binnekom binnekom  
 'n feetjie wat nou binnekom  
 binnekom.

'n Timmerman wat binnekom binnekom binnekom  
 'n timmerman wat binnekom  
 binnekom.

'n Feetje raak nou aan die slaap aan die slaap aan die slaap  
 'n feetjie raak nou aan die slaap  
 aan die slaap.

'n Timmerman raak aan die slaap aan die slaap aan die slaap  
'n timmerman raak aan die slaap  
aan die slaap.

En almal raak nou aan die slaap aan die slaap aan die slaap  
en almal raak nou aan die slaap  
aan die slaap.

En almal gaan nou na die dans na die dans na die dans  
en almal gaan nou na die dans  
na die dans.

En almal doen die josterdans josterdans josterdans  
en almal doen die josterdans  
josterdans.

En almal drink 'n lekker dop lekker dop lekker dop  
en almal drink 'n lekker dop  
lekker dop.

En almal is nou lekker dronk lekker dronk lekker dronk  
en almal is nou lekker dronk  
lekker dronk.

En almal gaan nou na die huis na die huis na die huis  
en almal gaan nou na die huis  
na die huis.

(Kindergroep: Goede verwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

(a)

Tant Rosy wat nou binnekom binnekom binnekom  
tant Rosy wat nou binnekom  
binnekom.

Ou Dapperman wat binnekom binnekom binnekom  
ou Dapperman wat binnekom  
binnekom.

Tant Rosy raak toe aan die slaap aan die slaap aan die slaap  
tant Rosy raak toe aan die slaap  
aan die slaap.



Ou Dapperman raak aan die slaap aan die slaap aan die slaap  
 ou Dapperman raak aan die slaap  
 aan die slaap.

En almal raak toe aan die slaap aan die slaap aan die slaap  
 en almal raak toe aan die slaap  
 aan die slaap.

Tant Rosy raak toe wakker wakker wakker  
 tant Rosy raak toe wakker  
 wakker.

Ou Dapperman raak wakker wakker wakker  
 ou Dapperman raak wakker  
 wakker.

En almal raak toe wakker wakker wakker  
 en almal raak toe wakker  
 wakker.

(Kindergroep: Proseskop N.G.K. Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

(b)

Ou Ro-sy met sy ron-de kop ron-de kop ron-de kop ou

Ro-sy met sy ron-de kop ron-de kop.

Ou Rosy met sy ronde kop ronde kop ronde kop  
 ou Rosy met sy ronde kop  
 ronde kop.

Ons almal tel 'n *five bob* op *five bob* op *five bob* op  
 ons almal tel 'n *five bob* op  
*five bob* op.

Ons almal koop 'n stywe dop stywe dop stywe dop  
 ons almal koop 'n stywe dop

stywe dop.

Ons almal is nou lekker dronk lekker dronk lekker dronk  
ons almal is nou lekker dronk  
lekker dronk.

Ons almal dans die josterdans josterdans josterdans  
ons almal dans die josterdans  
josterdans.

Ons almal is nou klaar baljaar klaar baljaar klaar baljaar  
ons almal is nou klaar baljaar  
klaar baljaar.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Die musiek van die eerste twee variante is presies dieselfde, maar die derde toon 'n geringe afwyking.

Die "josterdans" wat in variant (b) voorkom, is 'n onbekende dansvorm.

Die algemene speelpatroon van 'n kring met gebare by die verskillende strofes word hier gehandhaaf.

Strofes drie tot vyf van variant (b) toon duidelik die invloed van die grootmenswêreld op die kinderspel.

(50)

Oom Daan-tjie werk op Bar-ry se plaas oom Daan-tjie lyk na gom oom  
Daan-tjie wag vir die brui-de-gom en die mei-de lag daar-om hou jou rok-sak  
toe hou jou rok-sak toe hou jou rok-sak hand-sak sy-sak hou jou rok-sak  
toe.


Oom Daantjie werk op Barry se plaas  
 oom Daantjie lyk na gom  
 oom Daantjie wag vir die bruidegom  
 en die meide lag daarom  
 hou jou roksak toe  
 hou jou roksak toe  
 hou jou roksak handsak sysak  
 hou jou roksak toe.

(H. Hendriks: Hartebeesrivier, Swellendam)

Mej. Hester Hendriks by wie dié lied opgeteken is, het dit as kind geleer maar kon nie verduidelik presies hoe dit gespeel word nie. Sy was egter wel seker dat dit 'n kringspel is. Die lied is 'n variant van 'n bekende Afrikaanse volkslied. Dit is interessant dat hierdie variant, wat in die Swellendam-distrik opgeteken is, verwys na "Barry se plaas", aangesien die Barry's vroeër 'n baie bekende familie in daardie omgewing was. Die eerste Barry (Joseph) het in 1819 in die Kaap aangekom en kort daarna 'n klein handelonderneming by Port Beaufort by die mond van die Breërivier begin. Sy vervoeronderneming het geweldig uitgebrei en sedertdien was die Barry's een van die mees vooraanstaande families van Swellendam en omgewing (Rothman 1983:43-44).

Nog 'n variant is as 'n danslied by volwassenes opgeteken (sien nr. 306 waar dit vollediger bespreek word).

(51)



Ou-ma Ja-nie ou-ma Ja-nie wat maak ou-ma Ja-nie nou?

Ouma Janie ouma Janie  
 wat maak ouma Janie nou?  
 ouma Janie was die wasgoed.

Ouma Janie ouma Janie  
 wat maak ouma Janie nou?  
 ouma Janie stryk die wasgoed.

Ouma Janie ouma Janie  
 wat maak ouma Janie nou?  
 ouma Janie is dorp toe.

Ouma Janie ouma Janie  
 wat maak ouma Janie nou?  
 ouma Janie is ernstig siek.

Ouma Janie ouma Janie  
 wat maak ouma Janie nou?  
 ouma Janie is nou net dood.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Die naam "Janie" word op Engels uitgespreek.

"Ouma Janie" sit in die middel en roep telkens 'n antwoord op die koor se vraag. Die koorgedeelte word deur die spelers in die kring gesing. Ná die laaste strofe spring die "ouma" op en probeer die ander vang. Die een wat gevang word is nou "ouma Janie". Die speletjie is 'n variant van Ambraal, wat op dieselfde wyse gespeel word. Ambraal verskyn in die laaste strofe as 'n spook en begin dan die kinders jaag. Volgens die WAT is ambraal ook in sekere streke bekend as "ambrella", "sambraal", "Ouma Jenie" en "Ou Jynie" (WAT Deel I 1970:175).

'n Soortgelyke spel en liedjie is by die Rehoboth-basters gevind. Strydom gee slegs die eerste strofe en verduidelik verder hoe dit gespeel is.


Sambrele, sambrele  
 hoe gaan dit met Jannie?  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 44)

Die speletjie van nr. 51 is verwant aan dié van nr. 52, hoewel nie die woorde of wysies ooreenstemming toon nie.

(52)

Ou Rooi-jan was dood en hy lê in sy graf

lê in sy graf lê in sy graf ou Rooi-jan was dood en hy



Ou Rooijan was dood en hy lê in sy graf  
 lê in sy graf lê in sy graf  
 ou Rooijan was dood en hy lê in sy graf  
 lê in sy graf.

Daar groei 'n ou appelboom bo-oor sy kop  
 bo-oor sy kop bo-oor sy kop  
 daar groei 'n ou appelboom bo-oor sy kop  
 bo-oor sy kop.

Die appels word ryp en dan val hulle af  
 val hulle af val hulle af  
 die appels word ryp en dan val hulle af  
 val hulle af.

Daar kom 'n ou vroutjie en tel hulle op  
 tel hulle op tel hulle op  
 daar kom 'n ou vroutjie en tel hulle op  
 tel hulle op.

Ou Rooijan vlie op en hy gee haar 'n hap  
 gee haar 'n hap gee haar 'n hap  
 ou Rooijan vlie op en hy gee haar 'n hap  
 gee haar 'n hap.  
 (Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

In "Ou Rooijan" word die verhaal wat in elke strofe vertel word weer deur middel van gebare nageboots terwyl "Rooijan" in die middel lê en net heel aan die einde opspring (vergeelyk die spel in nr. 51).

(53)



mooi-e mooi-e mei-sie met 'n ron-de ron-de ly-fie

Per-de-by staan stil Per-de-by staan stil.

Perdeby Perdeby

waarom steek jy my?

ek is 'n mooie mooie meisie

met 'n ronde ronde lyfie

perdeby staan stil

perdeby staan stil.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

'n Afwyking van die gewone patroon van kringspele is by dié liedjie gevind. Hier moet almal doodstil staan terwyl die liedjie gesing word, want die een wat roer, is uit.

Die liedjie is in woorde en wysie 'n variant van die bekende Afrikaanse volkslied "Perdeby", waarvan die woorde soos volg lui:

Perdeby Perdeby

jy moet jou lollery laat staan

sy's 'n mooi nooientjie

met 'n rooi mondjie

jy moet jou lollery laat staan.

(Teal GGL10 MMTL 1303)

Nog 'n variant wat by die bruin kinders opgeteken is, is 'n lied sonder 'n speletjie (vergelyk nr. 148).

Die woorde "Mooie meisie met jou ronde lyfie" word deur dieselfde groep kinders ook in 'n touspringrym gebruik (vergelyk nr. 98). Dit kom ook voor in 'n oorlogslied by die volwassenes (vergelyk nr. 393)


(54)

Pie-ram-pie pie-ram-pie en Mi-chael draai hom om hy





het hom om-ge-draai hy het sy skoe-ne aan die



jong-e-tjie ge-gee pie-ram-pie pie-ram-pie.

Pierampie pierampie  
 en Michael draai hom om  
 hy het hom omgedraai  
 hy het sy skoene aan die jongetjie gegee.

Pierampie pierampie  
 en Richard draai hom om  
 hy het hom omgedraai  
 hy het sy skoene aan die jongetjie gegee.  
 (R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Die speler wie se naam genoem word, draai om, lig sy voet op en skop om te wys dat hy sy skoen "aangegee" het.


(55)




Ro-sy is my dar-ling I love you so Ro-sy is my dar-ling dear



dar-ling dear dar-ling dear Ro-sy is my dar-ling dear hang in die bos



son-der kos ek wil weet wat jy ma-keer jy ma-keer jy ma-keer ek



wil weet wat jy ma-keer jy ma-keer 'n hal-we peer.

*Rosie my darling*

*I love you so*

*Rosie is my darling ja darling ja darling ja*

*Rosie is my darling ja*

hang in die bos

sonder kos

ek wil weet wat jy makeer jy makeer jy makeer

ek wil weet wat jy makeer

jy makeer

'n halwe peer.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

Van die drie optekeninge wat by die bruinmense gemaak is, is bogenoemde een by 'n groep kinders gevind wat dit by 'n kringspeletjie sing. By die volwassenes word dit beskou as 'n piekniekliedjie, wat waarskynlik die bron is waarvandaan die kinders dit oorgeneem het. Die twee variante word later bespreek (vergelyk nrs. 346 en 346(a)).

(56)



Rot-jie rot-jie leef jy nog? ja ek le-we nog leef jy nog

leef jy nog leef jy nog so lank o die spel daai spel pan-ne-koek in die

pan o die spel daai spel pan-ne-koek in die pan.

Rotjie rotjie leef jy nog?

ja ek lewe nog

leef jy nog leef jy nog

leef jy nog so lank

o die spel daai spel

pannekoek in die pan

o die spel daai spel

pannekoek in die pan.

(Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

By bogenoemde speletjie staan een in die middel van die kring en maak gebare, terwyl die ander dit nadoen.

(a) en (b)



Rot-jie rot-jie leef jy nog? ja ek le-we nog

rot-jie rot-jie leef jy nog? ja ek le-we nog dan

hier spring dan daar spring bin-ne-in die pan dan

hier spring dan daarspring bin-ne-in die pan.

Rotjie Rotjie lewe jy nog?

ja ek lewe nog

Rotjie Rotjie lewe jy nog?

ja ek lewe nog

dan hier spring dan daar spring

binne-in die pan

dan hier spring dan daar spring

binne-in die pan.

(a) (Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes); (b) (R. Wales, La-de-dah, Beaufort-Wes)

Variante (a) en (b) kom in alle opsigte ooreen. Die speletjie verloop egter anders as in nr. 56: die speler binne-in die kring, loop al in die rondte en druk teen elkeen wat in die kring staan. By die refrein maak hy springpassies op een plek.

'n Variant wat by die Maleier-gemeenskap gevind is, lui soos volg:

Rotjie, Rotjie, leef jy nog?

Ja Mamma ek lewe nog.

Rotjie, Rotjie, leef jy nog?

Ja Mamma ek lewe nog.

Nooi vir my, nooi vir my,  
 Nooi vir my by die teeparty.  
 Nooi vir my, nooi vir my  
 Nooi vir my by die teeparty.  
 (Du Plessis 1939:135)

Die lied se oorsprong kan na 'n Vlaamse kinderlied teruggevoer word. Van Doren het dit soos volg opgeteken:

Papegaatje leeft ge nog? Hoezee.  
 Ja meneer ik ben hier nog. Hoezee.  
 'k Heb m'n eten uitgeëten,  
 en m'n drinken laten staan.  
 Hoezee, hoezee, hoezee.  
 Hoezee, hoezee, hoezee.  
 (Van Doren 1964:121)

By die bruin kinders en die Maleiers het "Papegaatje" "Rotjie" geword, en die laaste paar reëls verskil. Die wysies stem ook glad nie ooreen met dié van die Vlaamse lied nie.

(57)

San- nie draai die maan San-nie draai die maan San-nie draai die maan so  
 ver as sy kan gaan. hoe?

Sannie draai die maan  
 Sannie draai die maan  
 Sannie draai die maan  
 so ver as sy gaan  
 hoe?  
 (R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Dit is 'n baie eenvoudige liedjie en speletjie waar bloot in kringvorm tiekiedraai word.

(58)



So- lank as die bol op die wa- ter rol op die wa- ter rol op die wa- ter rol so- lank as die bol op die wa- ter rol dan sal ek met jou trou.


Solank as die bôl op die water rol  
 op die water rol op die water rol  
 solank as die bol op die water rol  
 dan sal ek met jou trou.

Gee my 'n stukkie van jou eskoelê  
 van jou eskoelê van jou eskoelê  
 gee my 'n stukkie van jou eskoelê  
 dan sal ek met jou trou.

(Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

Daar is altesaam vier variante van dié lied gevind, almal kringspele. Nie twee is presies dieselfde wat woorde of wysie betref nie, en ook die kringspele verskil in 'n geringe mate. By die eerste loop die speler binne-in die kring al in die rondte en druk op elke speler; die een by wie hy is wanneer die lied eindig, moet nou binne gaan staan.

(a)



As die bol so lig- gies in die wa- ter rol in die wa- ter rol in die wa- ter rol as die bol so lig- gies in die wa- ter rol in die wa- ter rol as die bol so lig- gies in die wa- ter rol in die wa- ter rol

wa-ter rol dan skop ek dat jy py-ne kry.

As die bôl so liggies in die water rol  
 in die water rol in die water rol  
 as die bol so liggies in die water rol  
 dan skop ek dat jy pyne ly.

Gee my 'n stukkie van jou eskoelê  
 van jou eskoelê van jou eskoelê  
 gee my 'n stukkie van jou eskoelê  
 dan skop ek dat jy pyne ly.


(Kindergroep: Stofkraal R.K.Primêr, distrik Garies)

By dié speletjie staan hulle net in 'n kring en skop met die voete.

(b)

So-lank as die bol in die wa-ter rol in die wa-ter rol  
 in die wa-ter rol so-lank as die bol in die wa-ter rol  
 dan skop ek dat jy py-ne kry gee my 'n  
 stuk-kie van jou ems ko- lems van jou ems ko- lems van jou  
 ems ko- lems gee my 'n stuk-kie van jou ems ko- lems dan





skop ek dat jy py-ne kry.

Solank as die bôl in die water rol  
 in die water rol in die water rol  
 solank as die bôl in die water rol  
 dan skop ek dat jy pyne kry  
 gee my 'n stukkie van jou ems koelems  
 van jou ems koelems van jou ems koelems  
 gee my 'n stukkie van jou ems koelems  
 dan skop ek dat jy pyne kry.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

By dié variant word gebare met hande en voete gemaak: met die hande word gewys hoe die "bôl" in die water rol en met die voete word geïllustreer hoe daar geskop word.

(c)



As die bol in die wa-ter rol dan skop hom dat hy py-ne  
 kry dan gee ek vir jou 'n stuk-kie es-ko-lês 'n stuk-kie  
 es-ko-lês dan sal ek met jou trou.

As die bôl in die water rol  
 dan skop hom dat hy pyne kry  
 dan gee ek vir jou 'n stukkie eskoelês  
 'n stukkie eskoelês  
 dan sal ek met jou trou.

(Kindergroep: Die Bof, George)

Die laaste variant is 'n baie vereenvoudigde vorm. Die spel is dieselfde as by variant (a).

Die woorde "eskoelê", "ems koelems" en "eskoelês" is vermoedelik 'n vervorming van dieselfde oorspronklike woord, wat nie vasgestel kon word nie.

(59)


Son-ny my va-der was 'n roo-ker en hy slaan sy kep-pie in sy  
 oog-a en hy jol met 'n an-der man se mei-sie tel  
 een toe vat hy aan haar been tel twee toe gaat hy met haar mee tel  
 drie toe loer hy oor die muur en tel vier toe drink ek 'n bot-tel bier tel  
 vyf toe vat ek om haar lyf tel ses toe sny ek haar met die mes tel  
 se-we toe be-gin sy te be-we entel ag toe be-gin sy te lag.

Sonny my vader was 'n rooker  
 en hy slaan sy keppie in sy ooga  
 en hy jol met 'n ander man se meisie  
 tel een toe vat hy aan haar been  
 tel twee toe gaat hy met haar mee  
 tel drie toe loer hy oor die muur  
 en tel vier toe drink ek 'n bottel bier  
 tel vyf toe vat ek om haar lyf  
 tel ses toe sny ek haar met die mes  
 tel sewe toe begin sy te bewe


en tel ag toe begin sy te lag ga gaai  
 tel nege toe vra ek haar vergewe  
 tel tien toe wil ek haar net sien  
 deur jou het ek my mamma se huis verlaat  
 om die liefelike lewe in te gaan  
 ai ai my mamma sê maar ja  
 ai ai my mamma sê maar ja  
 ai ai my mamma sê maar ja  
 om die liefelike lewe in te gaan.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Die woord "rooker" word algemeen deur die bruinmense gebruik om te verwys na 'n daggaroker. Dit kom ook in 'n ander lied voor (vergelyk nr. 381). Die verwysing na 'n daggaroker sowel as die frases "toe drink ek 'n bottel bier" en "toe sny ek haar met die mes", is wêre eens 'n afspieëling van die grootmensewêreld in die kinderlied.

(a)



In die ou pad ont-moet ek 'n mei-sie ek



vat haar om haar ly-fie en soen haar op haar bek-kie die



eer-ste een was soet die twee-de een was goed die



der-de een was sui-ker-soet die vier-de een was soet



vyf toe vat ek om haar lyf ses toe lê sy in die nes



se-we be-gin sy be-we en ag be-gin sy lag

ne-ge maal daar-na toe lyk sy soos 'n pa 'n

pa van 'n kind die kind se naam is Ge-rald

Ge-rald moet ge-doop word en wie gaan die tja-lie koop die

tja-lie is ge-koop en ge-rald is ge-doop

tien toe wil ek haar sien elf toe kom sy self

twaalf toe kry ek 'n kalf en der-tien toe steek ek hom weg.

In die ou pad ontmoet ek 'n meisie  
 ek vat haar om haar lyfie  
 en soen haar in haar bekkie  
 die eerste een was soet  
 die tweede een was goed  
 die derde een was suikersoet  
 die vierde een was soet  
 vyf toe vat ek om haar lyf  
 ses toe lê sy in die nes  
 sewe begin sy bewe  
 en ag begin sy lag  
 nege maal daarna  
 toe lyk sy soos 'n pa  
 'n pa van 'n kind  
 die kind se naam is Gerald

Gerald moet gedoop word  
 en wie gaan die tjalie koop  
 die tjalie is gekoop  
 en Gerald is gedoop  
 tien toe wil ek haar sien  
 elf toe kom sy self  
 twaalf toe kry ek 'n kalf  
 en dertien toe steek ek hom weg.

(Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

In albei variante word telwoorde gebruik vanaf reël vier. Die doel is egter nie om daarmee uit te bof nie. Dit word in kringvorm gespeel: twee kinders staan binne-in die kring en demonstreer alles wat hulle sing.

(60)

Tus-sen Keu-len en Pa-rys so gaan die weg na Ro-me as jy met my  
 mee wil gaan dan moet jy my ma-nie-re ver-staan so seg my ma-nie-re  
 so seg my ma-nie-re.

Tussen Keulen en Parys  
 so gaan die weg na Rome  
 as jy met my mee wil gaan  
 dan moet jy my maniere verstaan  
 dit seg my maniere  
 dit seg my maniere.  
 (K. Kriel: Montagu)

Mnr. Kriel, 'n blanke man, het al die liedere wat hy tydens opname gesing het, as kind by die bruinmense geleer.

(a)

Dos-sie dos-sie an-ner-land hoe gaan die pad na Kaap-stad  
 as jy saam met my wil gaan dan moet jy jou ma-nie-re kry  
 so lyk jou ma-nie-re so lyk jou ma-nie-re nie-re nie-re.

The musical notation for (a) is written on three staves. The first staff begins with a treble clef, a key signature of two flats (B-flat and E-flat), and a 4/4 time signature. The melody consists of quarter and eighth notes. The second staff continues the melody with similar note values. The third staff concludes the piece with a double bar line and repeat dots, featuring some notes with a '7' above them, possibly indicating a specific fingering or a rhythmic pattern.

Dossie dossie annerland  
 hoe gaan die pad na Kaapstad  
 as jy saam met my wil gaan  
 dan moet jy jou maniere kry  
 so lyk jou maniere  
 so lyk jou maniere -niere -niere.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

(b)

Ver in die wê-reld vat jou goed na Kaap-stad as jy saam met  
 my wil gaan dan het jy jou ma-nie-re so lyk jou ma-nie-re so  
 lyk jou ma-nie-re so lyk jou ma-nie-re ma-nie-re van jou.

The musical notation for (b) is written on three staves. The first staff begins with a treble clef, a key signature of one sharp (F#), and a 2/4 time signature. The melody is composed of quarter and eighth notes. The second staff continues the melody. The third staff concludes the piece with a double bar line and repeat dots, featuring a final note with a fermata.

Ver in die wêreld  
 vat jou goed na Kaapstad



as jy saam met my wil gaan  
 dan het jy jou maniere  
 so lyk jou maniere  
 so lyk jou maniere  
 so lyk jou maniere  
 die maniere van jou.

(Kindergroep: Proseskop N.G.K.Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

(c)

As jy jou ma se ma-nie-re ver-staan se ma-  
 nie-re ver-staan se ma-nie-re ver-staan as jy jou ma se ma-  
 nie-re ver-staan ja jy hip-pie ja jy nog 'n maal ja  
 jy hip-pie ja jy nog 'n maal ja jy hip-pie ja jy.

As jy jou ma se maniere verstaan  
 se maniere verstaan se maniere verstaan  
 as jy jou ma se maniere verstaan  
 ja jy hippie ja jy nog 'n maal  
 ja jy hippie ja jy nog 'n maal  
 ja jy hippie ja jy.

(Kindergroep: Hartebeesrivier, Buffeljagsrivier, Swellendam)

'n Vyfde en laaste variant word by die pairespel wat reeds bespreek is, gesing (vergelyk nr. 15).

Die spel behels in alle gevalle een of twee kinders wat in die middel van die kring staan en gebare maak om te illustreer hoe die "maniere" lyk. Die res moet dit nadoen.

Daar is reeds in die inleiding verwys na dié lied wat baie oud is en baie variante in Afrikaans opgelewer het.

'n Nederlandse weergawe is soos volg deur Van Vloten opgeteken:

Tusschen Keulen en Parijs,  
leit de weg naar Rome,  
al wie met ons mee wil gaan,  
die moet onze manieren verstaan:  
zoo zijn onze manieren.  
(Van Vloten 1874:92)

De Lange se optekening stem wat die eerste vier reëls betref ooreen met dié van Van Vloten. Die refrein is egter soos volg uitgebrei:

Zoo zijn onze manieren,  
Zoo zijn onze manieren,  
Zoo zijn onze manieren, manieren,  
Zoo zijn onze manieren.  
(De Lange 1919:222)

In Vlaandere is die volgende variasie gesing:

Tusschen Torhout en Parijs,  
daar weunt er eenen;  
gij weet wel wie is meenen.  
daar weunt er een mijnheere,  
en hij had drie dochterkens fiere;  
alzoo zijn hun manieren, manieren,  
alzoo zijn hun manieren.  
(De Cock en Teirlinck 1903:184)

In Suid-Afrika is die woorde aangepas deurdad plaaslike plekname gebruik word. Vergelyk variante (a) en (b), sowel as 'n variant by Du Toit wat soos volg lui:

Dwars oor Vaal- en Groot-rivier  
Loop die pad na Kaapstad.  
As jy met ons saam wil gaan,  
Moet jy ons maniere verstaan.  
So lyk maniere!  
So lyk maniere, maniere!  
So lyk maniere!  
(Bultfontein) (Du Toit 1924:110)

Daar is nog twee variante by Du Toit (1924:110).

Volgens Du Toit is Kalf, skrywer van *Het lied in de Middeleeuwen*, van mening dat dié lied ontstaan het na aanleiding en ter bespotting van die pelgrimstogte tydens die Middeleeue (Du Toit 1924:111).

(61)

Waar was jy die he-le aand? die he-le aand om die  
 hoe-ke ge-staan toe sy sien haar ma kom aan toe  
 hard-loop sy dat die stof so staan toe staan ek in die hoen-der-hok toe  
 staan ek in my on-der-rok huis toe huis- toe.

Waar was jy die hele aand?  
 die hele aand om die hoeke gestaan  
 toe sy sien haar ma kom aan  
 toe hardloop sy dat die stof so staan  
 toe staan ek in die hoenderhok  
 toe staan ek in my onderrok  
 huis toe huis toe.


(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

Die speletjie bestaan daaruit dat die spelers by die eerste vier reëls hul eie hande klap en by die laaste deel tiekiedraai met die maat langs hom/haar.

Daar is nog vyf variante van bogenoemde lied gevind; een is 'n touspringlied op sy eie (107), terwyl die ander almal deel uitmaak van verskillende variante van "Op 'n dam se wal", wat een van die gewildste touspringryme is (vergelyk nrs. 101(e), (f), (g) en (h)).

(62)

Wie hard-loop van-aandom die hui-sie? dis Mal-jan wil hy nie



graag 'n ska-pie hê nie? ja hier's hy.

Wie hardloop vanaand om die huisie?

dis Maljan


wil hy nie graag 'n skapie hê nie?

ja hier's hy.


(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêre Skool, distrik Graafwater)

By dié speletjie hardloop een speler buite om die kring, tik op een se skouer en dié een moet hom dan probeer vang. Die woorde wat daarmee saamgaan, het nie 'n wysie nie, maar die ritme word wel weergegee. (Vergelyk nr. 3 op ingeslote kasset.)

(63)



Wie het die hoen-der uit die pot uit ge-steel? nom-mer een het die



hoen-der uit die pot uit ge-steel wie ek? ja jy jy lieg jy's 'n dief.

Wie het die hoender uit die pot uit gesteel?

nommer een het die hoender uit die pot uit gesteel

wie ek?


ja jy

jy lieg


jy's 'n dief.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)


(a)



Wie het die hoen-der uit die pot uit ge-steel? nom-mer een het die




hoen-der uit die pot uit ge-steel wie ek? ja jy jy lieg jy's 'n



dief draai om.

Wie het die hoender uit die pot uit gesteel?  
 nommer een het die hoender uit die pot uit gesteel  
 wie ek?  
 ja jy  
 jy lieg  
 jy's 'n dief  
 draai om.  
 (Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr, distrik Graafwater)


(b)



Wie het die hoen-der uit die pot uit ge-steel? nom-mer



een het die hoen-der uit die pot uit ge-steel wie ek? ja jy wie



ek? ja jy.

Wie het die hoender uit die pot uit gesteel?  
 Nommer een het die hoender uit die pot uit gesteel  
 wie ek?  
 ja jy  
 wie ek?  
 ja jy.  
 (Kindergroep: Kroonvale, Graaff-Reinet)

Die spelers vorm 'n kring en almal word genommer. Wanneer die woorde "nommer een", "nommer twee", ensovoorts, gesê word, moet daardie speler omdraai en buitentoe kyk. Dit gaan voort totdat elkeen se nommer gesê is.

Na aanleiding van die pieknied "Adam het sewe seuns", bespreek Du Toit 'n Duitse rondedans, "Der Gänsedieb" wat miskien invloed gehad het op die ontstaan van bogenoemde rym. Die Duitse liedjie lui soos volg:

Wer die Gans gestolen hat,  
 Der ist ein Gänsedieb, ist ein Gänsedieb.  
 Wer sie aber wiederbringt  
 Den hab' ich herzlich lieb.  
 Wer sie aber wiederbringt  
 Den hab' ich herzlich lieb.  
 Da steht der Gänsedieb!  
 Da steht der Gänsedieb!  
 (Du Toit 1924:108)

(64)

Rôna is my rokkie mooi?  
 Ja, nooi, my beste nooi.  
 Rôna is my skoentjies mooi?  
 Ja, nooi, my beste nooi.  
 Adoemela-ketjalie-tjiep-tjiep,  
 Adoemela-ketjalie-tjiep-tjiep.  
 Koos Tôkie  
 lui die klôkie  
 die duiwel dans  
 met sy boepens  
 en die wamakers  
 kos sikspens.  
 (Murray 1974:71)

Dié speletjie sowel as die volgende kom uit die boek van M. Murray, dus kan net die woorde weergegee word. Die hoofkarakter in Murray se boek beskryf die speletjie soos volg: "Nou, die een wat in die middel staan, is Rôna. En wat ons sê 'Is my rokkie mooi?' dan los ons hande en ons vat so alkant aan onse rokke en ons wys. So maak ons ook by 'Is my skoentjies mooi?' en ons wys met die voet. En by 'Adoemela-ketjalie-tjiep-tjiep' los ons weer hande en ons spring so uitskud-uitskud tot ons by 'Koos Tôkie' weer hande vat en so sing-sing al in die rondte loop tot by die end."



**(65)**

Kring: Die boer gaan na die land

Die boer gaan na die land.

Boer: Kom nou, kom nou!

Kring: Die boer die roep sy vrou.

Almal: Die boer gaan na die land

Die boer die roep sy vrou.

(Murray 1974:35-36)

Die belangrikste eienskap van dié lied is dat dit 'n kettinglied is, en dit word dus as nr. 122 behandel. Hier is slegs die eerste paar reëls aangehaal.

Die kinders vat almal hande en loop in die rondte, terwyl een wat die boer is, buite die kring loop. Wanneer die boer sing: "Kom nou, kom nou!", neem hy 'n meisie uit die kring wat dan die vrou is. Wanneer die vrou sing: "Kom nou, kom nou!", neem sy nog 'n speler uit die kring wat die kind is. Daarna neem die kind ook 'n speler wat die hond voorstel en Kaas heet. Al vier gaan dan na die binnekant van die kring en wanneer die groep sing: "En almal slaan vir Kaas!", word laasgenoemde deeglik op sy agterkant geslaan.

Bogenoemde lied lyk na 'n vertaling van die Engelse lied en spel "The farmer in his den". Die lied is in die dertiger- en veertigerjare in die Wes-Vrystaat gesing by 'n speletjie wat min of meer soos hierbo verloop het. Die woorde is soos volg:

The farmer in his den  
the farmer in his den  
E I O U  
the farmer in his den.

The farmer wants a wife  
the farmer wants a wife  
E I O U  
the farmer wants a wife.

The wife wants a child, ens.

The child wants a nurse, ens.

The nurse wants a dog, ens.

The dog wants a bone, ens.

The bone wants a beating.  
(P.W. Grobbelaar:onderhoud)

Hierdie lied is basies op die wysie van "Wat maak oom Kalie daar?" gesing, met 'n geringe wysiging by die derde reël.

De Jongh het ook 'n variant van die Engelse weergawe by bejaarde informante van Simonstad, Wynberg en Kaapstad gevind. Hy maak die opmerking dat die kinders dit nie meer vandag ken nie. Die woorde stem baie ooreen met bogenoemde, maar verskil by die derde reël:

The farmer's in his den,  
 The farmer's in his den  
 He-i-dad-dy O!  
 The farmer's in his den.  
 (De Jongh 1984:170)

### 3.1.6 Tουςpringryme

In sy verhandeling *Kleinspele onder die blanke bevolking van die Suidwes-Kaap*, meld J.H. de Jongh dat touspring 'n baie ou spel is wat in die Middeleeue al in Nederland bekend was (1984:217). Hy verwys na navorsers in Wes-Europa, Amerika, Suid-Afrika en die Ooste om aan te dui hoe wyd die spel voorkom en onder hoeveel name dit wêreldwyd bekend is (De Jongh 1984:218).

Dijkstra onderskei tussen "touwdansen" en "bochtspringen". Die eerste word deur een speler alleen, wat die twee punte van 'n tou in elke hand vashou, uitgevoer; die tweede, wat meer algemeen "touwtespringen" genoem word, behels dat twee spelers 'n lang tou swaai en 'n derde onderdeur en bo-oor spring. Daar kan natuurlik ook meer as een speler op 'n keer spring (Dijkstra 1966:246). De Cock en Teirlinck sê dat daar veral vier dinge is wat in aanmerking kom by touspring: (1) hoeveel spelers die tou swaai; (2) die in- en uitspring; (3) hoe daar gespring word en (4) wat daarby gesing of opgesê word (1903:16). Vir hierdie ondersoek is net die laaste punt belangrik.

Die versameling touspringryme van De Cock en Teirlinck uit Suid-Nederland, is verreweg die grootste wat in Nederlandse bronne gevind is. Van Vloten het 'n afdeling "By't touwtjespringen", waaronder hy slegs twee kort rympies opgeteken het (1874:105). Dijkstra het ses touspringryme opgeteken (1966:247), waarvan nie een ooreenstem met ryme of liedjies wat by die bruin kinders gevind is nie. Ook geeneen van die 69 touspringryme en -liedjies wat deur De Cock en Teirlinck byeengebring is (1903:23-63), lyk asof dit die oorsprong van enige van die bruin kinders se ryme of liedere kan wees nie.

Die meeste van die touspringryme van die bruin kinders het wel wysies en word dus gesing. Of dit egter 'n wysie het of nie, is die belangrikste element deurgaans die ritme, omdat die rym of lied met touspring gepaard gaan en baie ritmies moet verloop. Schrijnen beklemtoon ook dat die ritme die hoofsaak is (1933:239).

Soos by die kringspele, is daar by touspringspele liedere waarvan die eerste deel gesing word en die laaste reël of paar reëls gepraat word (vergelyk nrs. 72 en 101(c)). Van Doren dui aan dat dieselfde verskynsel by Vlaamse kinderliedjies voorkom, spesifiek ook by touspringliedjies, byvoorbeeld:

Vis, vis, lange vis,  
die van de nacht gevangen is  
gesproken:  
van a een, van a twee, van a drij.  
(Van Doren 1964:13)

(66)


Ag-ter die berg staan 'n Zoe-loe - meid hy  
wys sy tan - de en hy wil my byt hy gaan na die boer en hy  
vra die tyd die boer sê dit is Zoe - loe - tyd.

Agter die berg staan 'n Zoeloemaid  
hy wys sy tande en hy wil my byt  
hy gaan na die boer en hy vra die tyd  
die boer sê dit is Zoeloetyd.

(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêre Skool, distrik Graafwater)

(a)

Ag-ter die berg staan 'n jol-ler - meid hy  
wys sy tan-de om vir my te byt hy vra vir die boer hy




vra vir die tyd die boer sê dis gab-zel-la - tyd.

Agter die berg sit 'n jollermeid  
hy wys sy tande om vir my te byt  
hy vra vir die boer hy vra die tyd  
die boer sê dis gabzellatyd.

(Kindergroep: De Rust N.G.K. Primêr, distrik Wellington)

Hoewel die twee groepe by wie die woord "gabzella" opgeteken is (vergelyk die variant wat deel uitmaak van nr. 82), glad nie geweet het wat die woord beteken nie, is daar in 'n ander streek vasgestel dat dit 'n soort dans is, en daar is 'n jong meisie gevind wat die gabzella kon dans (vergelyk nr. 250). Nog 'n lied waarvan 'n paar reëls ooreenstemming toon, is "Daar onder in die vlei" (nr. 138), wat as 'n lied sonder speletjie opgeteken is.

(67)



An- tje An-tje So-mers kan jy my ge-tui-e van  
Blik-kies-dorp se mei-de a- tjoë a- tjoë a- tjoë tjoë tjoë.

Antjie Antjie Somers  
kan jy my getuie  
van Blikkiesdorp se meide  
atjoe atjoe  
atjoe tjoë tjoë.

(Kindergroep: Goedeverwachting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

Baie kinders ken die naam "Antjie Somers" omdat dié figuur algemeen as kinderskrik gebruik word (Grobelaar 1977:69). Sy is soms voorgestel as 'n baie groot man met lang voortande en geklee in vroueklere. Haar rok het groot sakke aan weerskante waarin sy stout kinders kan wegsteek. Ander kere is sy as 'n tipe heks voorgestel (Grobelaar 1977:68-69). Dié karakter het ongetwyfeld aanleiding gegee tot die ontstaan van die liedjie.

(68)

Ap-pel op my kop peer in my sy Ma kom kyk hoe  
 slaan die mei-de my hier wil ek nie bly nie want  
 hier is niks vir my nie in die Bo-land wil ek bly want daars 'n ou van my.

Appel op my kop

peer in my sy

ma kom kyk

hoe slaan die meide my

hier wil ek nie bly nie

want hier is niks vir my nie

in die Boland wil ek bly

want daar's 'n ou van my

die ou se naam is Basie

hy koop 'n stukkie kaside

die ou se naam is Mary

haar rok is opgefleerrie

Oupa kom verby

kom slaap vanaand by my

ek het jou lief

jou uitgedraaide dief.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

(a)

Ap- pels op my kop pe - re in my sy Ma kom

kyk hoe slaan die mei-de my hier wil ek nie bly nie want hier is niks vir  
 my nie in die Bo-land wil ek bly want daar's 'n ou van my die  
 ou se naam is Spa-sie hy woon in die lo-ka-sie die meid se naam is  
 Ma-ry sy dra 'n rok van Fier-rie dis nie jou-ne nie dis my-ne dis nie  
 jou-ne nie dis my-ne dis nie jou-ne nie dis my-ne jou aan-ge-na-me dief.

Appels om my kop  
 pere in my sy  
 ma kom kyk  
 hoe slaan die meide my  
 hier wil ek nie bly nie  
 want hier is niks vir my nie  
 in die Boland wil ek bly  
 want daar's 'n ou van my  
 die ou se naam is Spasie  
 hy bly in die lokasie  
 die meid se naam is Mary  
 sy dra 'n rok van fierrie  
 dis nie jounie nie dis myne  
 dis nie jounie nie dis myne  
 dis nie jounie nie dis myne  
 jou aangename dief.

(Kindergroep: Goedeverwachting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

(b)

Ap- pel op my kop peer in my sy



Ma kom kyk hoe slaan die mei-de my hier

wil ek nie bly nie want hier is niks vir my nie in die

Bo-land wil ek bly want daar is n jong van my hoe

is sy naam hoe is sy naam sy naam is Jan met

Jan gaan ek trou hoe is sy van hoe

is sy van sy van is Ro-bert-son met

Ro-bert-son gaan ek trou.

Appel op my kop  
 peer in my sy  
 Ma kom kyk  
 hoe slaan die meide my  
 hier wil ek nie bly nie  
 want hier is niks vir my nie  
 in die Boland wil ek bly  
 want daar is 'n jong van my  
 hoe is sy naam?

hoe is sy naam?  
 sy naam is Jan  
 met Jan gaan ek trou  
 hoe is sy van?  
 hoe is sy van?  
 sy van is Robertson  
 met Robertson gaan ek trou.  
 (Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

(c)

Appel op my kop peer in my sy

Ma kom- kyk hoe slaan die mei-de my want

hier wil ek nie bly nie want hier is niks vir my nie in die

Bo-land wil ek bly want daar's 'n bok-kie van my.

Appel op my kop  
 peer in my sy  
 Ma kom kyk  
 hoe slaan die meide my  
 want hier wil ek nie bly nie  
 want hier is niks vir my nie  
 in die Boland wil ek bly  
 want daar's 'n bokkie van my.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

(d)

Groen groen gras  
 appels op die kop  
 pere in my sy

ma kom by  
 hoe slaan die boere my  
 hier wil ek nie bly  
 want hier is niks vir my  
 in die Boland wil ek bly  
 want daar is iets vir my.  
 (Barnard 1986:261)

Bogenoemde rym is sonder musiek deur Barnard opgeteken.


(e)

Ap-pel op my kop peer in my sy Ma kom kyk hoe  
 slaan die kin-ders my hier wil ek nie bly nie want hier is niks vlr  
 my nie in die Bo-land wil ek bly want daars n jong van my  
 groe-ne groe-ne gras melk in die glas bot-ter in die  
 kom-me-tjie koe-baai my lie-we jong-e-tjie daar kom bant Ma-ry met die  
 blik vol ker-rie blik-ke aan ma-nel-le en hoe hang jou vel-le.

Appel op my kop  
 peer in my sy  
 ma kom kyk

hoe slaan die kinders my  
 hier wil ek nie bly nie  
 want hier is niks vir my nie  
 in die Boland wil ek bly  
 want daar's 'n jong van my  
 groene groene gras  
 melk in die glas  
 botter in die kommetjie  
 koebaai my liewe jongetjie  
 daar kom tant Mary  
 met die blk vol kerrie  
 blikke aan manelle  
 en hoe hang jou velle.  
 (Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

(f)



Ap- pel op my kop peer in my sy Ma kom kyk hoe  
 slaan die jong-ens my hier wil ek nie bly nie want  
 hier is niks vir my nie in die Bo-land wil ek bly want  
 daar's n jong van my ou- pa ME-re-by kom  
 slaap van-aand by my ek het jou lief jou aan-ge-na-me dief.

Appel op my kop  
 peer in my sy

Ma kom kyk  
 hoe slaan die jongens my  
 hier wil ek nie bly nie  
 want hier is niks van my nie  
 in die Boland wil ek bly  
 want daar's 'n jong van my  
 Oupa Mèreby  
 kom slaap vanaand by my  
 ek het jou lief  
 jou aangename dief.  
 (M. van Wyk: Sutherland)

Die reëls "Oupa kom verby//kom slaap vanaand by my" (nr. 68) en "Oupa Mèreby//kom slaap vanaand by my" (variant (f)) is variante van die laaste twee reëls van nrs. 35, 35(a) en 35(b).

Die musiek van die eerste vier reëls van variante (c), (e) en (f) toon sterk ooreenkoms met die wysie van die bekende "Suikerbossie" (NRVV 1962:50).

Die laaste agt reëls van variant (a) is 'n variant van nog 'n touspringlied, "Groene groene gras" (vergelyk nr. 85). Ook reël een van variant (d) is 'n fragment van dié rym. Die ander bekende reëls in "Appel op my kop" is "hier wil ek nie bly nie//want hier is niks vir my nie". Dit is twee reëls wat in baie Afrikaanse volksliedere voorkom, onder andere by S.J. du Toit en I.D. du Plessis.

Hier wil ek nie blij nie,  
 Want hier is niks vir my nie,  
 Huistoe wil ek nie gaan nie,  
 Want daar het ek niks laat staan nie.

Die wapad is my woning,  
 Skulpad is my koning,  
 Hier wil ek nie bly nie,  
 Want hier is niks vir my nie .  
 (Du Toit 1924:293)

Dit kom ook in die volgende lied voor:

Pick fine, pick fine, ja, ja!  
 Skaam om my nooi te vra, vra.  
 Hier wil ek nie bly nie  
 Want hier is niks van my nie;  
 Wapad is my woning,  
 Skilpad is my koning,  
 Pick fine, pick fine, ja, ja!  
 Skaam om my nooi te vra, vra.  
 (Du Toit 1924:147)

Die Maleise vorm is soos volg:

Ek soeke na my jassie,  
 ek kan my jas nie kry nie.  
 So gaan ek weg en so kom ek weer.  
 Maar hier wil ek nie bly nie,  
 want hier is niks van my nie.  
 Kaap is my woonplaas  
 en daar wat die liefde lê.  
 Tra la la lillala, la lillala, la lillala,  
 Tra la la lillala, la lilla lilla lê.  
 (Du Plessis 1939:114)

Die reëls "Ma kom kyk//hoe slaan die meide my" stem ooreen met die tweede strofe van 'n lied wat by volwassenes gevind is (vergelyk nr.505).

Ten slotte kan daarop gewys word dat die woorde "appel" en "peer" meermale in die volksmond saamgegroepeer word, byvoorbeeld in die aanspreekvorm "Dames en here, appels en pere", en in die rympie "Dis my appel//dis my peer//dis my kanon//en hy maak seer" (M. van Zyl:onderhoud).

(69)

Buck neem vir Wil-ma na die dis-co Wil-ma sê vir Buck hy's 'n  
 an-der ou is a one two on-der-deur is a  
 one two on-der-deur.

Buck neem vir Wilma na die *disco*  
 Wilma sê vir Buck hy's 'n ander ou  
 is a one two onderdeur  
 is a one two onderdeur.  
 (Kindergroep: Stofkraal R.K.Primêr, distrik Garies)



Die rym is baie ritmies, sonder wysie, met 'n moderne inslag in die woorde waar in reël een na "disco" verwys word. "Buck" en "Wilma" is karakters uit die bekende strokies-, radio- en TV-verhaal "Buck Rogers", wat reeds sedert 1929 in Amerika bekend is (Pringle 1987:388-389). In Suid-Afrika het dié denkbeeldige heldefiguur veral in die tagtigerjare bekend geword deur middel van televisie. Dit is 'n voorbeeld van hoe kennis van moderne vermaak waarskynlik deur die media na die platteland versprei het. Stofkraal is 'n reservaatgebied wat baie afgeleë is, ongeveer vyftig kilometer van Garies. Die sangers spreek die naam uit as "Bak", en daar is eers later vasgestel dat dit verwys na Buck Rogers. Daarom is die lied nie alfabeties korrek ingedeel nie.

(70)

Blou-piet se ou-ma bly in Blou-huis-straat is dit nie  
'n skan-de nie Blou-piet se ou-ma het nie  
tan-de nie swaai swaai Ka-lien-tjie na jou ma.

Bloupiet se ouma bly in Blouhuisstraat  
is dit nie 'n skande nie  
Bloupiet se ouma het nie tande nie  
swaai swaai Kalientjie na jou ma  
swaai swaai Kalientjie na jou ma.  
(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr, distrik Graafwater)


Hierdie liedjie toon interessante ooreenkoms met die dansliedjie "Pamela" wat deur Pieter W. Grobbelaar in 'n radioprogram gebruik is. Hy het die lied gekry by mnr. Ben Spies van Heidelberg, Transvaal. Die ooreenkoms lê veral by die eerste twee strofes wat hier aangehaal word:

Pamela se oupa woon in Boomstraat  
 ja Pamela se oupa woon in Boomstraat.  
 Is dit nie 'n skande nie  
 dat sy nie wil verander nie  
 waai waai Kedoosie na sy maai.


Pamela se ouma woon in Boomstraat  
 ja Pamela se ouma woon in Boomstraat.  
 Is dit nie 'n skande nie  
 die ou vrou het nie tande nie  
 waai waai Kedoosie na sy maai.  
 (Ons Erfenis:RSA86-IIIa)

Dit is moontlik dat die laaste twee reëls van nr. 70 ook oorspronklik "na jou maai" gelui het. Dit is onwaarskynlik dat die betrokke groep kinders dit doelbewus verander het, aangesien hulle baie jonk was.


(71)




Bob-be-jaan my man vir 'n pen-nie koe-ke pan snuif




in snuif uit dat die ruik kan uit ap-pel-koos-pit jou



los lit wat bo in die boom se mik sit so oop sit so toe sit wat



bo in die boom se mik sit as jy wil as ek wil dan kan ons mekaar




nat pis ja nat pis.

Bobbejaan my man  
 vir 'n pennie koekepan  
 snuif in snuif uit  
 dat die ruik kan uit  
 appelkoospit jou los lit  
 wat bo in die boom se mik sit  
 so oop sit so toe sit  
 wat bo in die boom se mik sit  
 as jy wil as ek wil  
 dan kan ons mekaar nat pis  
 ja nat pis.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

(a)



Vir 'n pen-niekoop twak snuif in snuif uit dat die ruik kan  
 uit ap-pel-koos-pit jou wit pit wat bo in die boom se mik sit klaas  
 oop sit klaas toe sit wat bo in die boom se mik sit.

Vir 'n pennie koop twak  
 snuif in snuif uit  
 dat die ruik kan uit  
 appelkoospit jou wit pit  
 wat bo in die boom se mik sit  
 Klaas oop sit Klaas toe sit  
 wat bo in die boom se mik sit.

(Kindergroep: Stofkraal R.K.Primêr, distrik Garies)

Soos in die inleiding bespreek is, is dit moontlik dat by variant (b) 'n paar reëls weggelaat is weens die grofheid van die woorde.

(72)

Daan-tjie-Daan-tjie tel op jou klip Daan-tjie Daan-tjie sit neer jou klip  
tel op jou klip sit neer jou klip tel op jou klip sit neer jou klip.

The musical notation consists of two staves. The first staff is in treble clef, 2/4 time, with a key signature of one flat (Bb). It contains a melody with a fermata over the final note. The second staff is in treble clef, 2/4 time, with a key signature of one flat, and contains a rhythmic accompaniment of eighth notes marked with 'x'.

Daantjie Daantjie tel op jou klip  
Daantjie Daantjie sit neer jou klip  
tel op jou klip sit neer jou klip  
tel op jou klip sit neer jou klip.

(Kindergroep: Goedeverwachting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

Dié liedjie is weer 'n voorbeeld waar die eerste twee reëls gesing en die laaste twee gepraat word. Die wysie is weer eens 'n variant van "Aljander, aljander so deur die bos" (vergelyk nrs. 19 en 32). Dit varieer in dié opsig dat die ritme heeltemal verskil - in so 'n mate dat dit moeilik herkenbaar is, hoewel die melodie presies dieselfde is.

(73)

Daar on-der by die dam daar woon 'n slam-se man Wil-le-  
mie-na maak die ker-rie -kos die kin-ders se bek-ke brand vol-  
struis jou lang-nel-se plat bek met wie gaan jy trou? met An-na Ka-lie-na-  
Sty-da daar-bo daar-bo daar-bo in die ou Ka-roo.

The musical notation consists of four staves. The first staff is in treble clef, 4/4 time, with a key signature of one flat (Bb). It contains a melody with a fermata over the final note. The second staff is in treble clef, 4/4 time, with a key signature of one flat, and contains a rhythmic accompaniment of eighth notes marked with 'x'. The third and fourth staves continue the melody and accompaniment.


Daar onder by die dam  
 daar woon 'n Slamse man  
 Willemiëna maak die kerriekos  
 die kinders se bekke brand  
 volstruis jou langnek se plat bek  
 met wie gaan jy trou  
 met Anna Kaliëna Styda  
 daarbo daarbo  
 daarbo in die ou Karoo.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

(a)


Daar on-der by die dam daar woon tont son se man tont  
 lie-na kook die ker-rie-kos die kin-ders se mon-de brand vol-  
 struis jou lang nek jou plat-bek met wie gaan jy  
 trou met e-ni-ge Ly-da Sty-da daar bo daar  
 bo daar bo daar bo een twee drie my ma vang 'n vlieg die  
 vlieg gaan dood my ma skree oe my pa skree a my  
 boe-tie poep hard son-der baard.

Daar onder by die dam  
 daar woon ant San se man  
 tant Liena kook die kerriekos  
 die kinders se monde brand  
 volstruis jou langnek jou platbek  
 met wie gaan jy trou  
 met enige Lyda Styda  
 daar bo daar bo  
 daar bo daar bo daar bo  
 een twee drie  
 my ma vang 'n vlieg  
 die vlieg gaan dood  
 my ma skrou oe  
 my pa skrou a  
 my boetie poep hard  
 sonder baard.  
 (T. Smith: Springs)


(b)




Daar on- der by die dam daar hoort n man soos Jan Ka-



lie- na -kook die ker-rie -kos die kin- ders se mon- de brand vol-



struis vol- struis jou lang bek se plat bek met wie gaan jy trou tant



Mie- na Chris- ti- na se hont- bek Di- na.

Daar onder by 'n dam



daar hoort 'n man soos Jan  
 Kaliena kook die kerriekos  
 die kinders se monde brand  
 volstruis volstruis  
 jou lang nek se platbek  
 met wie gaan jy trou  
 tant Miëna Christina  
 se boutbek Dina.  
 (L. Bollodello: Graaff-Reinet)

Die verskynsel van ooreenstemmende klanke by variante hoewel die woorde heeltemal verskil, kom in dié rym baie sterk na vore. Vergelyk byvoorbeeld: "n Slamse man", "ant San se man" en "n man soos Jan"; "Willemiëna", "tant Liëna" en "Kaliëna"; "Anna Kaliëna Styda" en "enige Lyda Styda".

(74)

Daar on-der in die vlei was'n riet ge-sny die  
 se-we bob-be-ja-ne het 'n vark ge-ry die  
 een bob-be-jaan het'n knop voor sy kop die  
 an-der bob-be-ja-ne het 'n mop ge-fop die  
 trein trek weg na Jo-han-nes-burg die mei-sie het ge-jol en sy  
 het ge-jol.

Daar onder in die vlei  
 was 'n riet gesny  
 die sewe bobbejane  
 het 'n vark gery  
 die een bobbejaan  
 het 'n knop voor sy kop  
 die ander bobbejane  
 het 'n mop gefop  
 die trein trek weg  
 na Johannesburg  
 die meisie het gejol  
 en sy het gejol.


(Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

Die woord "mop" in reël agt kan moontlik 'n vervorming van die Engelse woord "mob" wees.

'n Variant van dié lied is opgeteken as 'n lied sonder speletjie (vergelyk nr. 138). Dit is egter net die eerste sewe reëls wat min of meer ooreenstem.

Die woorde "die trein trek weg" kom meermale voor in die liedere van die bruinmense (vergelyk nr. 91). Dit verskyn ook in sommige liedere van volwassenes (vergelyk nr. 302).

(75)



Die aap sit in die boom die boer sit en droom die  
 aap druk sy ving-er in die boer se hol die boer sê ha jou  
 dē-mit-all wat seek jou ving-er in die ou kas-trol.

Die aap sit in die boom  
 die boer sit en droom  
 die aap druk sy vinger

in die boer se hol  
 die boer sê ha  
 jou dêmit-a//  
 wat soek jou vinger  
 in die ou kastrol.

(Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

By die opname van bogenoemde lied is spesifiek gevind dat die enkele volwassenes wat teenwoordig was, alles in hulle vermoë gedoen het om die kinders stil te maak weens die growwe woorde wat voorkom. Die kinders was onkeerbaar, maar is agterna streng aangespreek daarvoor.

(76)

Die bak vol ei-ers dis lek-ker om te bak dis  
 be-ter om by die huis te bly met 'n half-sent in my sak die  
 on-der-baad-jie die bo-baad-jie die on-der-baad-jie die  
 bo-baad-jie die on-der-ste-bo-baad-jie.

Die bak vol eiers  
 dis lekker om te bak  
 dis beter om by die huis te bly  
 met 'n halvesent in my sak  
 die onderbaadjie die bo-baadjie  
 die onderbaadjie die bo-baadjie  
 die onderstebo-baadjie.

(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr, Graafwater)

Die refrein van bogenoemde lied is in effens gewysigde vorm meer bekend as die refrein van die volkslied "Dis julle wat die wind laat waai":

Dis 'n onderbaadjie dis 'n bo-baadjie,  
 dis 'n onderste bo-baadjie.  
 Dis 'n onderbaadjie, dis 'n bo-baadjie,  
 dis 'n onderstebo baadjie!  
 (NRVV 1962:104)

Die wysies van die twee refreine verskil heeltemal.

(77)

Die haan en die hen het stry ge-kry op Rooi-ri-vier se wal die  
 haan en die hen het stry ge-kry op Rooi-ri-vier se wal en kyk hoe  
 wip sy en kyk hoe wip sy en kyk hoe  
 wip sy op Rooi-ri-vier se wal.

Die haan en die hen het stry gekry  
 op Rooirivier se wal  
 die haan en die hen het stry gekry  
 op Rooirivier se wal  
 en kyk hoe wip sy  
 en kyk hoe wip sy  
 en kyk hoe wip sy  
 op Rooirivier se wal.  
 (Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

Dié lied is 'n variant van nommer 31 en 31(a), wat kringspele is. Vergelyk veral die reëls "op Rooirivier se wal", "op Botrivier se wal" en "op alla-se-wie se wa".

(78)

Die man wat die koei op-pas hy melk die ba-lie vol die  
 ba-lie loop al oor hy skiet die ka-non van voor.

Die man wat die koei oppas  
 hy melk die balie vol  
 die balie loop al oor  
 hy skiet die kanon van voor.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

(a)

Die man wat die koei-e melk hy melk die ba-lies vol die  
 ba-lies loop al oor hy skiet die kin-ders van voor perd-jie perd-jie  
 roer jou stert-jie perd-jie perd-jie roer jou stert-jie perd-jie perd-jie  
 roer jou stert-jie.

Die man wat die koeie melk  
 hy melk die balies vol  
 die balies loop al oor  
 hy skiet die kinders van voor

perdjie perdjie roer jou stertjie  
 perdjie perdjie roer jou stertjie  
 perdjie perdjie roer jou stertjie.  
 (Kindergroep: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

(b)

Die man wat die koeie melk hy melk die balies vol die  
 balie loop al oor tot binne-in die poskan-toor  
 perdjie perdjie roer jou stertjie op en af op en af.

Die man wat die koeie melk  
 hy melk die balies vol  
 die balie loop al oor  
 tot binne-in die poskantoor  
 perdjie perdjie roer jou stertjie  
 op en af op en af  
 perdjie perdjie roer jou stertjie  
 op en af op en af.  
 (Kindergroep: De Rust N.G.K.Primêr, distrik Wellington)

(c)

Bee bee bokstert i-kô-si-na i-mam-makô-si ma-  
 wê i mam-makô-si ma-we die man wat die koeie...



melk hy melk die ba-lie vol die ba-lie loop al oor en  
 keer die kin-ders voor perd-jie perd-jie laat roer jou stert-jie.

Bee bee bokstert  
 ikôsi na  
 imamma kôsi mawê  
 imamma kôsi mawê  
 die man wat die koeie melk  
 hy melk die balie vol  
 die balie loop al oor  
 en keer die kinders voor  
 perdjie perdjie laat roer jou stertjie  
 perdjie perdjie laat roer jou stertjie.  
 (Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

Dié variant verskil van die meeste ander liedere waar daar gesproke woorde by is deurdat die eerste sowel as die laaste deel gepraat word en die middelste deel gesing word. Die woorde van die inleidende deel lyk asof dit moontlik uit 'n Bantutaal oorgeneem en vervorm is.

(d)

Die man wat die os-se op-pas hy trap die os-koek  
 vas hy maak die ba-lie vol die ba-lie loop al oor hy  
 slaan die kwei van voor.

Die man wat die osse oppas  
 hy trap die askoek vas  
 hy maak die balie vol  
 die balie loop al oor  
 hy slaan die koei van voor.  
 (P. le Grange: George)

Dié lied dien as 'n goeie voorbeeld vir 'n studie van variante. Vergelyk byvoorbeeld die wyse waarop die volgende reël varieer: "hy skiet die kanon van voor", "hy skiet die kinders van voor", "tot binne-in die poskantoor", "en keer die kinders voor" en "hy slaan die koei van voor". Variante (a), (b) (albei van reël vyf af) en (c) (van reël nege af) het 'n koorgedeelte wat nie by die ander variante aangetref word nie. Hoewel die wysies nie noot vir presies dieselfde is nie, stem die melodiese lyn ooreen.

Daar het nie alleen by die bruinmense baie variante ontstaan nie, maar in die volksmond in die algemeen. S.J. du Toit het 'n fragment van dié lied vermeng met 'n ander lied aangetref. Dit lui:

Die ou jong wat die bees oppas,  
 Die trap in die askoek vas.  
 Gou (gooi) water bo Tante, gooi water bo Sielja.  
 (Du Toit 1924:144)

Hy het ook 'n langer weergawe opgeteken:

Die jong wat die koei oppas  
 Hy trap in die askoek vas;  
 Die jong wat die koeie melk,  
 Hy melk die balie vol.  
 Die balie loop al oor,  
 En die jong verdrink in die voor.  
 Dis my ma se Lelieblom,  
 Wat bo uit die Vrystaat kom.  
 En waarom nie gesê nie,  
 Dat jy my nie wil hê nie?  
 En nou dat ons wil trou.  
 Nou het jy die ding bebrou.  
 Kom sit nou hier by my,  
 Dat ons kan lekker vry.  
 (Du Toit:1924:146)

Du Toit gee nie by een van die twee weergawes wysies nie.

Die weergawe wat in die *Goue gerf*-sangbundel opgeneem en deur G.G. Cillie vierstemmig verwerk is, lui feitlik woordeliks soos dié van Du Toit, behalwe dat die laaste vier reëls van Du Toit nie in *Goue gerf* voorkom nie. (Cassaleggio 1970:69).

Nog 'n variant uit Heidelberg, Transvaal, kom voor in die radioreeks *Die volk as digter II* as die lied "Mamma se blom". Dit lui soos volg:

Koor:

Jy's Mamma se blom  
 jou mamma se blom  
 jou mamma se lelieblom  
 jou mamma se mooi rooi lelieblom  
 wat onder uit die Vrystaat kom.  
 Jy's Mamma se blom  
 jou mamma se blom  
 jou mamma se lelieblom  
 jou mamma se mooi rooi lelieblom  
 wat onder uit die Vrystaat kom.

Al duur dit duisend jare  
 die nooi met die rooi kophare  
 dis vir haar wat ek wil hê  
 al wag ek hoeveel jare.

Koor

En hoekom nie gesê nie  
 dat jy my nie wil hê nie  
 dan het ek mos geweet  
 om jou in die pad te steek.

Koor

(Grobbelaar 1987:41)

I.D. du Plessis het die volgende by die Maleiers gevind:

Die Halladina,  
 Jou stêre rys nes brood!  
 Die Halladina,  
 Jou stêre rys nes brood!  
 Die man wat die bees oppas,  
 Hy trap die askoek vas.  
 Die man wat die bees oppas.  
 Hy trap die askoek vas.  
 (Du Plessis 1939:115)

(79)




Die rooi ta-ma-tie die rooi ta-ma-tie Wil-le mie-na sê die dok-ter sê die  
kind het in-flam-ma-sie o jy't ver-niet ge-stry o jy't ver-niet ge-  
stry so-lank as die kind in die tja-lie lê dan lyk hy net soos jy.

Die rooi tamatie  
die rooi tamatie  
Willemiena sê die dokter sê  
die kind het inflammasie  
o jy het verniet gestry  
o jy het verniet gestry  
solank as die kind in die tjalie lê  
dan lyk hy net soos jy.  
(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

Die laaste vier reëls van dié lied kom meermale by die Afrikaanse volkslied voor. Dit maak ook die laaste vier reëls van nr. 335(a) uit. Die wysie van die betrokke twee gedeeltes is nie dieselfde nie.

Wat die musiek van hierdie lied betref, kan daar gelet word op die oktaaf-sprong in die vierde maat wat nie dikwels by die volkslied aangetref word nie.

(80)



Doh te la doh te la soh fa a-rie jou ma soh fa die  
pê-re koem-ba-ja a-rie jou ma soh fa die pê-re koem-ba-ja.

Doh te la  
 doh te la soh fa  
 arie jou ma soh fa  
 die pêre koembaja  
 arie jou ma soh fa  
 die pêre koembaja.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Hierdie lied/rym is 'n sameflansing van woorde en klanke, onder meer die solfanote. Net die eerste twee reëls word gesing. Nog 'n lied waar die name van solfanote as woorde voorkom, is nr. 517.

Die woord "koembaja" hou waarskynlik verband met "kumbaya" wat in die bekende Neger geestelike lied "Kumbaya my Lord" voorkom. Die betekenis is onbekend.

(81)

Ek het 'n klei-ne ha-sie die ha-sie het in-flam-ma-sie die  
 hul-le het hom on-der soek en draai hom in 'n doek die  
 dok-ter het ge-kom en draai die ha-sie om To-  
 ha-sie is ge-sond en speel daar bui-be rond.  
 ny po-lo-ny aai To-ny po-lo-ny naai.

Ek het 'n kleine hasie  
 die hasie het inflammasie  
 die dokter het gekom  
 en draai die hasie om  
 hulle het hom ondersoek  
 en draai hom in 'n doek  
 die hasie is gesond  
 en speel daar buite rond

Tony polony aai


Tony polony naai

Tony polony aai

Tony polony naai.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

(a)



Ek het 'n klei-ne ha-sie die ha-sie het in-flam-ma-sie die  
dok-ter het ge-kom en dra 'n bos-sie blom hy het hom on-der-  
soek en draai hom in 'n doek klein ha-sie is ge-sond en  
speel daar bui-te rond.

Ek het 'n kleine hasie  
die hasie het inflammasie  
die dokter het gekom  
en dra 'n bossie blom  
hy het hom ondersoek  
en draai hom in 'n doek  
klein hasie is gesond  
en speel daar buite rond.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

Die musiek van die twee variante verskil by maat 2,3 7 en 8. Dit toon ook interessante ooreenkoms met nr. 83 wat net by die laaste twee mate verskil van 81(a).



(82)

Ek is 'n an-der bol-lem sas se skel-lem en ek ver-  
 lang na my mam-mie se jam ek het nie geld om vir  
 jul-le te gee nie ek is 'n an-der bol-lem sas se skel-  
 lem so rond-om die bos my lint is los ek  
 jol saam met ker-rie wat my nooit sal los daar bo-op die  
 berg staan n ker-rie - man hy wys my sy tan-de en hy  
 wil my vang hy gaan na die mas-ker en vra die tyd  
 die mas-ker se vir my dis gab-zel-la- tyd.

Ek is 'n ander bollem sas se skelm  
 ek verlang na my mammie se jêm  
 ek het nie geld om vir julle te gee

ek is 'n ander bollem sas se skelm  
 so rondom die bos  
 so rondom die bos  
 my lint is los  
 ek jol met 'n kerrie wat my nooit sal los  
 daar bo-op die berg staan 'n kerrie-man  
 hy wys my sy tande en hy wil my vang  
 hy gaan na die masker en vra die tyd  
 die masker sê vir my dis gabzellatyd.

(Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Hierdie lied is 'n samevoeging van drie ryme van vier reëls elk wat tog deur dié bepaalde groep as een lied gesing word. Die middelste deel, "so rondom die bos", is 'n variant van 'n touspringlied wat later bespreek word (vergelyk nr. 105), en die laaste deel is 'n variant van nr. 66. In die laaste reël kom die woord "gabzellatyd", wat by nr. 66 bespreek is, weer voor.

(83)

Ek koop 'n sak ta-ma-ties ek gooi dit in die pan ek  
 proe dit smaak nie lek-ker nie ek gee dit vir my man.


Ek koop 'n sak tamaties  
 ek gooi dit in die pan  
 ek proe dit smaak nie lekker nie  
 ek gee dit vir my man  
 my man wil dit nie hê nie  
 ek gee dit vir my kind  
 my kind wil dit nie hê nie  
 ek gee dit vir my hond  
 my hond wil dit nie hê nie  
 ek gee dit vir my kat  
 my kat wil dit nie hê nie  
 ek skop hom onder sy gat.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

Dié liedjie het 'n variant wat as 'n handklapspeletjie opgeteken is (vergelyk nr. 9). Laasgenoemde het glad nie 'n wysie nie, terwyl die wysie van hierdie weergawe baie ooreenstem met dié van nrs. 81 en 81(a).

'n Fragment van die liedjie, die twee reëls "Ek koop 'n pond tamaties//ek braai dit in die pan", kom voor by variant (d) van "Op 'n dam se wal" (vergelyk nr.101).

(84)




Ek was my goed met O-mo ek spoel dit uit met Sta Soft ek  
hang dit op met pen-ne-tjies en mō-re is dit droog jik jak  
spie-ne - ke-lien-tjies jik jak spie-ne - ke-lien-tjies jik jak  
spie-ne - ke-lien-tjies mō-re is dit droog.

Ek was my goed met Omo  
ek spoel dit uit met Sta Soft  
ek hang dit op met pennetjies  
en mōre is dit droog  
jik jak spiene-kelientjies  
jik jak spiene-kelientjies  
jik jak spiene-kelientjies  
mōre is dit droog.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

(a)



Was jou goed met O-mo spoel dit uit met Jik hang dit op met

pen-ne-tjies mô-re is dit droog see jik see jik see Geor-gie


jik.

Was jou goed met Omo  
 spoel dit uit met Jik  
 hang dit op met pennetjies  
 môre is dit droog  
 see jik see jik see Georgie jik  
 see jik see jik see Georgie jik.  
 (Kindergroep: De Rust N.G.K.Primêr, distrik Wellington)

(b)

de ket en de fie-del de fie-del en de laet Lau-  
 ra maak die kof-fie ek is nes n mof-fie skoe-ê skoe-  
 ê skoe-ê-ê ta was jou goed met O-mo spoel  
 dit uit met Jik hang dit op met pen-ne-tjies en mô-re is dit  
 droog tjiek tjiek pen en po-lo-ny tjiek tjiek pen en po-lo-ny.





pot vol ker-rie.

Groene groene gras  
 melk in die kas  
 botter in die trommeltjie  
 jou ongeleerde jongetjie  
 daar kom die merrie  
 met die pot vol kerrie.

(Kindergroep: Elizabeth Wimmer N.G.K.Primêr, Lekkering)

'n Variant hiervan is gevind by nr. 68(e), waar dit deel uitmaak van "Appels op my kop". Vergelyk veral reël dertien, "daar kom tant Mary" met "daar kom die merrie" in bostaande lied.

Die eerste reël kom by twee ander liedjies voor, naamlik: "Groen groen gras//appels op die kop//pere in my sy" (nr. 68(d)), en as 'n variant in die reël "Groene gras groene gras" (vergelyk nr. 38).

Van Vloten gee die rym nie as 'n touspringrym aan nie, maar as 'n algemene rym.

Groen, groen grasjen,  
 Boter in mijn taschjen,  
 Melk op mijn tongetjen,  
 Dag, mijn zoete jongetjen.  
 (Van Vloten 1874:17)


Troelstra-Bokma de Boer het die rympe soos volg opgeteken:

Groen, groen grasje,  
 Melk in mijn tasje,  
 Melk in mijn kommetje,  
 Is dit geen aardig jongetje?  
 (Troelstra-Bokma de Boer 1944:106)


Die eerste vier reëls van nr. 85 stem ooreen met die twee Nederlandse weergawes. Reëls twee, drie en vier se sleutelwoorde is nie presies dieselfde nie, maar die vokaalklanke stem ooreen, byvoorbeeld "kas" teenoor "taschjen" en "tasje", en "trommeltjie" teenoor "tongetjen" en "kommetje".



(86)



Griet-jie Griet-jie Dou die boe-re slaan die vrou die



kat-te drink die melk die kat-krum-mels is vir jou.


Grietjie Grietjie Dou  
 die boere slaan die vrou  
 die katte drink die melk  
 die katkrummels is vir jou.  
 (L. Bollodello: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Ongeveer 65 jaar gelede het die blanke kinders van Graaff-Reinet die woorde soos volg gesing:

Grietjie Grietjie Dou  
 die boere slaan vir jou  
 die katte suip die melk  
 die krummels is vir jou.  
 (G. Gericke: George)

As reël vier van beide weergawes vergelyk word, lyk dit asof daar in nr. 86 moderne invloed voorkom, deurdat "krummels" in die ouer weergawe "katkrummels" geword het, wat 'n moderne tipe katkos is.

(87)



Hoe oud wil jy wees? wil jy try om hon-derd te wees? een twee ---

Hoe oud wil jy wees?  
 wil jy try  
 om honderd te wees?  
 dis een twee drie ensovoorts.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

Die tellery by hierdie rympie gaan natuurlik aan totdat die speler wat spring se voete aan die tou vashaak en hy uit is.

(88)


Hoe ver is dit na Kim-ber-ley? hoe ver is dit na Kaap? hoe  
 ver is dit na Knys-na? so na-by die see een twee drie Ma-  
 ry stoot-n pie waar wil sy pie? daar in die la-va tory  
 ver in die wê-reld kit-tie kit-tie kit-tie ver in die wê-reld  
 Kit-tie Kit-tie oor die see sy laat haar swaai en sy  
 laat haar draai en sy laat haar nie ver-raai sy laat haar swaai en sy  
 laat haar draai en sy laat haar nie ver-raai.

Hoe ver is dit na Kimberley?  
 hoe ver is dit na Kaap?  
 hoe ver is dit na Knysna?  
 so naby die see  
 een twee drie  
 Mary stoot 'n pie  
 waar wil sy pie  
 daar in die *lavatory*  
 ver in die wêreld Kittie Kittie Kittie  
 ver in die wêreld Kittie  
 Kittie oor die see  
 sy laat haar swaai  
 sy laat haar draai  
 sy laat haar nie verraai  
 sy laat haar swaai  
 sy laat haar draai  
 sy laat haar nie verraai.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

Die laaste gedeelte van bogenoemde lied, van reël nege af, is 'n baie bekende selfstandige volkslied. Al verskil by die weergawe van die bruinmense is dat die twee reëls "sy laat haar swaai//sy laat haar draai" omgeruil is. Dit verskyn in omgekeerde volgorde in *Vir ons volkspelers* (1962:48) en die *FAK-sangbundel* (1979:330). Die wysie wat die bruin kinders sing, stem ooreen met die bekende wysie.

(89)



Hond- jies blaf kat- jies lag hond- jies blaf kat- jies lag hond- jies blaf blaf blaf.


Hondjies blaf katjies lag  
 hondjies blaf katjies lag  
 hondjies blaf katjies lag  
 hondjies blaf blaf blaf.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)


Die kombinasie van ritme en woorde by dié rympie klink vreemd. Hoewel die ritme op sigself in gewone, ongesinkopeerde 4/4-tyd is, sou 'n mens die groepering anders verwag, naamlik  $x^{\uparrow} x^{\uparrow} x^{\uparrow}$ ,

in plaas van  $x \overset{1}{x} \overset{\uparrow}{x}$ . Die gevolg is dat die klem telkens op die "-jies" van "hondjies" en "katjies" val, in plaas van op "blaf" en "lag", soos dit natuurlikerwys kom.


(90)




In die skool leer ons nou sub A sub B stan-derd




een stan-derd twee stan-derd drie stan-derd vier stan-derd



vyf stan-derd ses stan-derd se-we stan-derd agt stan-derd



ne-ge stan-derd tien juf- frou ver-pleeg-ster skol-lie- meid



skol-lie - meid juf- frou ver-pleeg-ster skol-lie -meid skol-lie-meid.

In die skool  
 leer ons nou  
 sub A sub B  
 standerd een standerd twee  
 standerd drie standerd vier  
 standerd vyf standerd ses  
 standerd sewe standerd agt  
 standerd nege standerd tien  
 juffrou verpleegster  
 skolliemeid skolliemeid  
 juffrou verpleegster  
 skolliemeid skolliemeid.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

Dié rym het 'n geweldige sterk ritme in 4/4-tyd, waartoe die rusposes, soos aangedui in maat 3 tot 8, baie bydra. Opvallend is dat die ritme in maat 10 en 11 en weer in 13 en 14 na 2/4-tyd verander.

(91)

Ka-tie kind lê soontoe met jou hart na boon-toe ou-  
 pa kom van ver af hul-le wil vir Ka-tie vang o-o-o ham tie  
 dam hul-le wil vir Ka-tie vang o-o-o ham tie dam hul-le  
 wil vir Ka-tie vang die trein ry ver na Jo-han-nes-burg  
 my-le ver na Jo-han-nes-burg o-o-o ham tie dam hul-le  
 wil vir Ka-tie vang o-o-o ham tie dam hul-le wil vir Ka-tie vang.

Katie-kind lê soontoe  
 met jou hart na boontoe  
 Oupa kom van ver af  
 hulle wil vir Katie vang  
 o-o-o ham-tie-dam  
 hulle wil vir Katie vang  
 o-o-o ham-tie-dam  
 hulle wil vir Katie vang  
 die trein ry ver na Johannesburg

myle ver na Johannesburg

o-o-o ham-tie-dam


hulle wil vir Katie vang

o-o-o ham-tie-dam


hulle wil vir Katie vang.

(Kindergroep: Hartebeesrivier, Buffeljagsrivier, Swellendam)

(a)



Ka- trie -na all the way kom slaap van-aand by my lê soun-toe lê



soun-toe jou bin-ne boud na my toe.

Katriena *all the way*

kom slaap vanaand by my


lê sountoe lê sountoe

jou binneboud na my toe.


(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

Die woorde van variant (a) klink nie na dié van 'n kinderlied nie, en is ongetwyfeld van volwassenes oorgeneem. Nog twee variante is by volwassenes gevind (vergelyk nrs. 277 en 277(a)).

(92)



Ker-rie-kos H A jou broek is vuil H A was dit uit H A met



Sun-light-seep H A daar kom die lor-rie S A Hy raak nie vol nie S A .



Kerriekos H-A  
 jou broek is vuil H-A  
 was dit uit H-A  
 met Sunlightseep H-A  
 daar kom die lorrie S-A  
 hy raak nie vol nie S-A.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

Dié rym kan as 'n variant van nr. 10 beskou word, hoewel al die reëls daar eindig met "S-A". Net soos by nr. 10 word die laaste twee letters gespél en nie as 'n woord uitgespreek nie.

(93)

Ker-rie rys en vis-kop-vleis al die mei-de kyk na my  
 ek kom van die draai van Mos-sel-baai my naam is Ka-lien ja hoei my  
 naam is Ka-lien ja haai ek kom van Mos-sel-baai om  
 sper-kies op te laai ding dong hoe lui die klok vir my my  
 ta-fel is ge-dek met poe-ling en span-spek ek  
 vra 'n stuk-kie brood daar is nie bot-ter nie ek  
 vra 'n biet-jie kaf-fie daar is nie sui-ker nie ek

vra 'n biet-jie kos daar is nie bor-de nie ek

vra 'n stuk-kie pa-tat dan loop ek in jou pad.

Kerrie rys en viskopvleis  
 al die meide kyk na my  
 ek kom van die draai van Mosselbaai  
 my naam is Kalien ja hoei  
 my naam is Kalien ja haai  
 ek kom van Mosselbaai  
 om sperkies op te laai  
 ding dong hoe lui die klok vir my  
 my tafel is gedek  
 met poeding en spanspek  
 ek vra 'n stukkie brood  
 daar is nie botter nie  
 ek vra 'n bietjie koffie  
 daar is nie suiker nie  
 ek vra 'n bietjie kos  
 daar is nie borde nie  
 ek vra 'n stukkie patat  
 dan loop ek in jou pad.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

(a)

ker-rie rys en vleis span-spek al die mei-de kyk na my

kom om die draai van Mos-sel-baai my naam is ka-lien-ja hie my

naam is ka-lien-ja ha ek kom van Mos-sel-baai om  
 er-tjies op te laai ding dong ka-los-sie daar  
 lui die kerk se klok-kie die ta-fel staan ge-dek met  
 poe-ding en span-spek ek vra 'n stuk-kie brood daar  
 is nie bot-ter nie ek vra 'n stuk-tjie ta-ma-tie  
 mô-re is 'n par-tie die dui-wel met sy boe-pens hy  
 skuld my nog 'n silk-spens.

Kerrie rys en vleis spanspek  
 al die meide kyk na my  
 kom om die draai van Mosselbaai  
 my naam is Kalien ja hie  
 my naam is Kalien ja ha  
 ek kom van Mosselbaai  
 om ertjies op te laai  
 ding dong kalossie  
 daar lui die kerk se klokkie  
 die tafel is gedek  
 met poeding en spanspek

ek vra 'n stukkie brood  
 daar is nie botter nie  
 ek vra 'n stukkie tamatie  
 môre is 'n party  
 die duiwel met sy boepens  
 hy skuld my nog 'n sikspens.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

Die woord "sperkies" in reël sewe van nr. 93 is 'n vervorming van "perskes" (Mnr. B.W. Gericke:onderhoud). Die ooreenstemmende woord in variant (b), naamlik "ertjies", het dieselfde vokaalklank.

Soos in die inleiding vermeld is, is kos dikwels 'n belangrike tema in die liedere van die bruinmense. In bogenoemde twee variante is dit baie sentraal.

(94)

Kof-fie sui-ker melk en tee o la la steek hom 'n pa-  
 lie lê steek hom 'n pa- lie lê.

Koffie suiker melk en tee  
 o la-la steek hom 'n palie lê  
 steek hom 'n palie lê.

(Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

Hoewel die informante die lied slegs een maal gesing het, sou dit vermoedelik by 'n touspringspeletjie oor en oor herhaal. Die woord "palie" word met die klem op die eerste lettergreep uitgespreek.

(95)

Mam-ma ek is bang-e vir die rooi-kop slang-e hy  
 ket- en die fing-er die fing-er en die ket Non

het my ge-by-te aan my broek se py-pe kom  
na maat die kof-fie en Jame-sie is die met-fie het

laat Mam-ma sie-ne nee Mam-ma nee de  
jy nie ge-weet nie nee Mam-ma nee

hop my ba-lie skop my ba-lie hop my ba-lie.

Mamma ek is bange  
vir die rooikop-slange  
hy het my gebyte  
aan my broek se pype  
kom laat Mamma siene  
nee Mamma nee  
de kêt en de *finger*  
de *finger* en de kêt  
Nonna maak die koffie  
en Jamesie is die moffie  
het jy nie geweet nie?  
nee Mamma nee  
hop my balie  
skop my balie  
hop my balie.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

(a)

Mam - ma ek is bang vir die rooi-kop-slang hy

- het my ge-byt aan my broek se pyp kom laat Mam-ma

sien kom laat Paps-pa sien bring die Va-se-line en

smeer dit aan jou bien ice-cream sak-ka gin-ger-bread en

dag-ga dag-ga maak jou dronk en smyt hom in die tronk.

Mamma ek is bang  
 vir die rooikop-slang  
 hy het my gebyt  
 aan my broek se pyp  
 kom laat Mamma sien  
 kom laat Pappa sien  
 bring die Vaseline  
 en smeer dit aan jou bien  
 ice cream sakka  
 gingerbread en dagga  
 dagga maak jou dronk  
 en smyt hom in die tronk.

(De Rust N.G.K.Primêr, distrik Wellington)

Ander variante van bogenoemde word gevind in nrs. 18 en 505. Reëls een tot vyf by 95 en 95(a) is by nrs. 18 en 505 uitgebrei tot drie-en-een-kwatrijne. Reëls ses tot tien van nr. 95 is weer 'n variant van 84(b) en 101(c).

Die woord "bien" in reël agt van variant (a) is die Bolandse uitspraak van "been", terwyl "sakka" 'n vervorming van die Engelse woord "sucker" is. "Vaseline" is die handelsnaam van 'n smeermiddel. Dit kom ook voor in nr. 237.

(96)

My mam-ma se kind het n pad-da in-ge-sluk toe



word sy naar op n nu-we jaar Mam-ma slaan vir  
Pap-pa met n bam-boes - stok om die draai kom 'n  
Hot-not aan.

Mamma se kind  
het 'n padda ingesluk  
toe word sy naar  
op 'n Nuwejaar  
Mamma slaan vir Pappa  
met die bamboesstok  
om die draai  
kom 'n Hotnot aan.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)


Die eerste vier reëls van die lied het 'n variant wat as 'n spotliedjie by volwassenes opgeteken is (vergelyk nr. 375). Nog 'n variant is gevind by prof. P.W. Grobbelaar, wat die volgende rym uit sy kinderdae onthou:

Antjie dun Antjie dik  
het 'n padda ingesluk  
in die middel van die nag  
as haar ouma sit en wag.

(P.W. Grobbelaar: onderhoud)

(97)

Mam-mie kom was vir my Mam-mie kom was vir my  
Mam-mie kyk vir boe-tie hy maak my bang Mam-mie kyk vir boe-tie hy



maak my bang.

Mammie kom was vir my

Mammie kom was vir my

Mammie kyk vir boetie

hy maak my bang

Mammie kyk vir boetie

hy maak my bang.

(R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Alhoewel bostaande rym by touspring gesê is, maak dit melding van bangmaak. Die Afrikaner is bekend met bangmaakfigure, kinderskrikke of paalboelies, wat veral aangewend is om kinders van gevaarlike plekke weg te hou (Grobelaar 1977:68).

(98)

Mooi-e mei-sie met jou ron-de ly-fie mooi-e

sko-en-tjie aan haar voet-jie mooi-e

mei-sie wat het jy ge-maak? as jy op-hou sal ek jou

la-we as jy ster-we sal ek jou be-

gra-we en op jou graf-steen sal ek

skry-we mooi-e mei-sie wat het jy ge-maak?

Mooie meisie met jou ronde lyfie  
 mooie skoentjie aan haar voetjie  
 mooie meisie wat het jy gemaak?  
 as jy ophou sal ek jou lawe  
 as jy sterwe sal ek jou begrawe  
 en op jou grafsteen sal ek skrywe  
 mooie meisie wat het jy gemaak.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

Die inleidende reël van dié lied kom baie algemeen voor. Vergelyk reël drie van die kringspeletjie "Perdeby" (nr. 53), wat lui: "ek is 'n mooie mooie meisie", die oorlogslied "Hier staat 'n mooie meisie" (nr. 393) en twee minneliedere, nrs. 178 en 178(a). Die woorde klink na dié van 'n lied vir volwassenes en baie vreemd vir 'n touspringspeletjie.

Die reël "en op jou grafsteen sal ek skrywe" word in hierdie lied gevolg deur 'n reël wat onlogies klink vir 'n grafskrif, naamlik "mooie meisie wat het jy gemaak". Dit versterk die vermoede dat die reël waarskynlik 'n fragment is van 'n bekende Nederlandse ballade, "Ik ben er de groenelands straatjes", wat in Suid-Afrika as "Groenlands straatjies" baie gewild was en waarvan talle variante oor die lengte en breedte van die land aangetref word (Du Toit 1924:224). Die reël kom voor in strofe nege van Du Toit se Afrikaanse weergawe wat soos volg lui:

Ag, Bettie, as jy kom te sterwe,  
 So skryf my tog eens 'n brief,  
 Opdat ek op jou grafsteen mag skrywe:  
 "Hier lê ook 'n soetlief van my".  
 (Du Toit 1924:227)

Grobbelaar verduidelik in sy programreeks *Die volk as digter II* ook hoe die lied oor die land versprei en in die proses verbrokkel het. Hy het een teks uit 'n paar variante saamgestel, waarvan die sewende strofe baie ooreenstem met die aangehaalde strofe van Du Toit:

Ag Bettie as jy kom te sterwe  
 dan sal ek jou gedagtig nog sy  
 ek sal op jou grafsteen laat skrywe:  
 hier lê ook 'n soetlief van my.  
 (Grobbelaar 1987:260)

(99)

My naam is Big John Tate ek bang vir Ger-rie nie ek

het hom uit-ge-slaan ek weet nie waar-om nie Ger-  
 rie Ger-rie kom tog gou Big Tate ver-lang na jou Ger-  
 rie Ger-rie kom tog gou Big Tate ver-lang na jou.

My naam is Big John Tate  
 ek bang vir Gerrie nie  
 ek het hom uitgeslaan  
 ek weet nie waarom nie  
 Gerrie Gerrie kom tog gou  
 Big Tate verlang na jou.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

In hoofstuk 2.3.6 is daar gewys op die invloed van onder andere die media op die ontstaan van nuwe liedjies by die bruin kinders. In bostaande rym, en ook in "Pinnocchio waar is jou vrou" (vergelyk nr. 104(a)), word die tema van 'n wêreldtitel-boksgeveg tussen Gerrie Coetzee van Suid-Afrika en John Tate van Amerika aangeraak. Die geveg het plaasgevind op 20 Oktober 1979 in die Loftus Versfeld-stadion. Tate het die geveg oor vyftien rondtes met punte gewen (Greyvenstein 1981:433).

(100)

Oom Jan gaan saam sy vrou gaan saam al-les gaan saam sy  
 hon-de kat-be mui-se hui-se al-les gaan saam hel-

le pop-pie hel-le pop-pie dans met my hel-

le pop-pie hel-le pop-pie dans met my hel-

le pop-pie hel-le pop-pie uit is jy.

Oom Jan gaan saam  
 sy vrou gaan saam  
 alles gaan saam  
 sy honde katte muise huise  
 alles gaan saam  
 hellepoppie hellepoppie  
 dans met my  
 hellepoppie hellepoppie  
 dans met my  
 hellepoppie hellepoppie  
 uit is jy.

(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

Van reël ses af kan die rym vergelyk word met "Houtepoppie" (nr. 498), wat 'n lied vir volwassenes is. Dit toon ook sterk ooreenkomstige met 'n kinderrytm wat deur Grobbelaar opgeteken is en soos volg lui:

Modepoppie, fraaie poppie,  
 hande in die sy.  
 Modepoppie, fraaie poppie,  
 lag met my.  
 Modepoppie, fraaie poppie,  
 kom ons dans,  
 Modepoppie, fraaie poppie,  
 dis jou kans.  
 Modepoppie, fraaie poppie,  
 hande in die sy.  
 Modepoppie, fraaie poppie -  
 weg is jy.

(Grobbelaar 1975:71)

Die woord "uit" in die laaste reël dui daarop dat die speler wat besig is om te spring, moet uitbeweeg sodat 'n volgende een 'n beurt kan kry.

Ooreenkoms is ook gevind met 'n Maleierlied "Jan Piet" waarin vertel word van 'n uitstappie na die koringland, en wie almal saamgaan. Tussen brokstukke van 'n paar bekende piekniekliedere soos "Vanaand gaan die volkies koring sny" en "Perdeby" word telkens verwys na almal wat saamgaan, naamlik Jan Piet, tant Dina, Jan Piet se sewe vrouens en Jan Piet se honde, katte, kinders (Gallo DLPA:165/6).

## (101)

Op 'n dam se wal staan 'n vy-e boom al  
mens kan som-mer sien waar jou lief-de lê jou

wat vy-e dra die boe-re ag-ter-na.  
lief-de lê daar-bo daar bo in die du ka-roo.

Op 'n dam se wal  
staan 'n vyeboom  
al wat vye dra  
die boere agterna  
'n mens kan somer sien  
waar jou liefde lê  
jou liefde lê daarbo  
daarbo in die ou Karoo.

(Kindergroep: Goedehoop Pimêr, distrik Malmesbury)

## (a)

Op 'n dam se wal staan 'n vy-e-boom al

wat vy-e dra die boe-re ag-ter-na



Op 'n dam se wal  
staan 'n vyeboom  
al wat vye dra  
die boere agterna  
mens kan sommer sien  
waar die liefde lê  
die liefde lê daarbo  
daarbo in die ou Karoo.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

(b)

Op oom Jan se wal  
staan 'n vyeboom  
dus al wat vye dra  
die boere agterna  
mens kan sommer sien  
waar die liefde lê  
die liefde lê daarbo  
daarbo in die ou Karoo.

(Barnard 1986:261)

(c)

Op 'n dam se wal staan 'n vy-e-boom al  
wat vy-e dra die boe-re ag-ter-na mens  
kan som-mer sien waar die lief-de lê die  
lief-de lê daar-bo daar-bo in-nie ou ka-roo de



kēt en de fie- del de fie- del en de kēt Non-  
na met die kof- fie Dai- sy is die mof- fie het  
jy nie ge- weet nie nee Mam- ma nee  
hak my ba- lie skop my ba- lie hak my ba- lie .

Op 'n dam se wal  
staan 'n vyeboom  
al wat vye dra  
die boere agterna  
mens kan somer sien  
waar die liefde lê  
die liefde lê daarbo  
daarbo innie ou Karoo  
de ket en de fiedel  
de fiedel en de ket  
Nonnie met die koffie  
Daisy is die moffie  
het jy nie geweet nie  
nee Mamma nee  
hak my balie skop my balie  
hak my balie.

(Kindergroep: Twee Palms, George)

(d)



Op 'n dam se wal staan 'n vy-e-boom al  
mens kan som-mer sien waar die lief-de le die

wat vy-e dra die boe-re ag-ter-na die  
lief-de lê daar-bo daar-bo in die ou ka-roo ek

eer-ste was 'n ap-pel die twee-de was 'n peer die der-de was 'n  
koop 'n pond ta-ma-ties en braai dit in die pan en nie-mand wil dit

Die laaste twee mate  
word aanhoudend herhaal

siks-pens ek spaar hom ag-ter my deur  
hê nie net ek en my eer-ste mari.

Op 'n dam se wal  
staan 'n vyeboom  
al wat vye dra  
die boere agterna  
mens kan somer sien  
waar die liefde lê  
die liefde lê daarbo  
daarbo in die ou Karoo  
die eerste was 'n appel  
die tweede was 'n peer  
die derde was 'n sikspens  
ek spaar hom agter my deur  
ek koop 'n pond tamaties  
ek braai dit in die pan  
en niemand wil dit hê nie  
net ek en my eerste man  
net ek en my tweede man  
net ek en my derde man  
net ek en my vierde man  
net ek en my vyfde man  
ensovoorts.  
(Kindergroep: Die Bof, George)

(e)

Op 'n dam se wal staan 'n vye-boom al-  
Mens kan som-mer sien waar die lief-de lê die

- wat vy-e dra die boe-re ag-ter-na  
 lief-de lê daar-bo daar he in die ou Ka-roo

waar was Let-tie die he-le aand die he-le aand in die


hoek ge-staan toe sy sien haar mam-ma kom aan -toe

hard-loop sy met die broek in die hand.

Op 'n dam se wal  
 staan 'n vyeboom  
 al wat vye dra  
 die boere agterna  
 mens kan somer sien  
 waar die liefde lê  
 die liefde lê daarbo  
 daarbo in die ou Karoo  
 waar was Lettie  
 die hele aand  
 die hele aand  
 in die hoek gestaan  
 toe sy sien  
 haar mamma kom aan  
 toe hardloop sy  
 met die broek in die hand.  
 (Kindergroep: De Rust N.G.K.Primêr, distrik Wellington)

(f)

Op 'n dam se wal staan 'n vy-e-boom al



wat vy-e dra die boere ag-ter-na mens  
 kan som-mer sien waar die lief-de lê die  
 lief-de lê daar-bo daar-bo in die ou ka-roo  
 waar was Jes-sie die he-le aand? die he-le aand om die  
 hoek ge-staan toe sy sien Han-sie kom aan toe  
 hard-loop sy met die broek in die hand.

Op 'n dam se wal  
 staan 'n vyeboom  
 al wat vye dra  
 die boere agterna  
 mens kan sommer sien  
 waar die liefde lê  
 die liefde lê daarbo  
 daarbo in die ou Karoo  
 waar was Jessie  
 die hele aand  
 die hele aand  
 om die hoekie gestaan  
 toe sy sien  
 Hansie kom aan  
 toe hardloop sy  
 met die broek in die hand.  
 (Kindergroep: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

(g)

Op 'n dam se wal staan 'n vy-e-boom al  
 mens kan som-mer sien waar die lief-de lê die  
 wat vy-e dra die boe-re ag-ter-na  
 lief-de lê daar-bo daar-bo in die ou Ka-roo  
 waar was jul-le die he-le dag die he-le dag om die  
 hoe-kie ge-staan.

Op 'n dam se wal  
 staan 'n vyeboom  
 al wat vye dra  
 die boere agterna  
 mens kan sommer sien  
 waar die liefde lê  
 die liefde lê daarbo  
 daarbo in die ou Karoo  
 waar is julle  
 die hele dag  
 die hele dag  
 om die hoekie gestaan.

(Kindergroep: Elizabeth Wimmer N.G.K.Primêr, Lekkersing)

(h)

Mens kan som-mer sien waar die lief-de lê die



lief-de lê daar-bo daar-ho in die ou Ka-roo

waar was Ben-ja-min die he-le aand die he-le aand op die

hoe-ke gaan staan toe hy sien sy mam-mie kom aan toe hard-loop hy dat die

stof-fies so staan.

Mens kan somer sien  
 waar die liefde lê  
 die liefde lê daarbo  
 daarbo in die ou Karoo  
 waar was Benjamin  
 die hele aand  
 die hele aand  
 op die hoeke gaan staan  
 toe hy sien  
 sy mammie kom aan  
 toe hardloop hy  
 dat die stoffies so staan.

(Kindergroep: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Daar is reeds verskeie male vooruit verwys na bogenoemde lied. Dit is die kinderlied waarvan die meeste variante gevind is. Fragmente kom in ander liedere voor en dit bevat weer fragmente van ander liedere. Die gedeelte in variant (c) wat lui: "de ket en de fiedel//de fiedel en de ket//Nonnie met die koffie//Daisy is die moffie" het variante in 84(b) en 95. Die Engelse kinderrym waaruit die eerste twee van die aangehaalde reëls vervorm is, word by 84(b) aangegee. Twee reëls van variant (d), naamlik "ek koop 'n pond tomaties//ek braai dit in die pan", kom as variante voor in die eerste twee reëls van nrs. 9 en 83. Die laaste gedeelte van variante (e), (f), (g) en (h) wat begin met "waar was Lettie", "waar was Jessie", "waar is julle" en "waar was Benjamin", is almal variante van nr. 61. Nog 'n variant van genoemde gedeeltes is deur Grobbelaar by August Gertse van Wuppertal gevind as 'n danslied van volwassenes. Die betrokke strofe lui soos volg:

Wat soek jy so laat op straat  
 die hele tyd op die kantienstoep staan  
 toe jy net sien die lô kom aan  
 toe loop jy dat die stof so staan.

(Grobbeelaar 1987:199)

(102)

Ou-pa Ni-klaas hy het 'n bob-be-jaan die  
 bob-be-jaan sê a-tjie-sa a-tjie-sa a-  
 tjie-te-lie-te-lie-tja.

Oupa Niklaas  
 hy het 'n bobbejaan  
 die bobbejaan sê  
 atjiesa atjiesa  
 atjie-telie-telietja.  
 (Kindergroep: Twee Palms, George)

Die liedjie herinner aan "Antjie Antjie Somers" (nr. 67), hoewel dit nie 'n variant daarvan genoem kan word nie.

(103)

Perd-jie waar's jou ma? jou ma is in die stal  
 wat maak sy in die stal? sy sny die perd se bal ens.

Perdjie waar's jou ma?  
 jou ma is in die stal

wat maak sy in die stal?  
 sy sny die perd se bal  
 wat maak sy met die bal?  
 sy maak vir haar 'n beurs  
 wat maak sy met die beurs?  
 sy sit haar geld daarin  
 wat maak sy met die geld?  
 sy koop vir haar 'n kind  
 wat maak sy met die kind?  
 sy sit hom in die skool  
 wat leer hy in die skool?  
 A B C D E ensovoorts tot by Z.  
 (Kindergroep: Die Bof, George)

Dié touspringrym kan ook as 'n tipe kettingrym beskou word, hoewel daar nie volledige strofes rondom elke stap gebou word nie. Dit vergelyk met die bekende "Die mol" wat as "Wat maak jy in die sand?" (nr. 124) bespreek word.

Prof. P.W. Grobbelaar onthou 'n spotrym uit sy kinderdae tydens die Tweede Wêreldoorlog, wat gemik was teen die Eerste Minister, genl. Jan Smuts, en wat 'n variant van die eerste vier reëls van nr. 103 is.

Ma waar is Jannie?  
 Jannie is in die stal  
 wat maak ou Jannie daar?  
 hy hang aan die perd se bal.  
 (Prof. P.W. Grobbelaar: onderhoud)

In die hoofstuk "Oorlog II" in *Die Vrystaat en sy mense* verduidelik Grobbelaar die sterk antipatie wat daar jeens Smuts onder baie Vrystaters geheers het. Hoewel hy 'n ruk lank 'n vennoot was in die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party saam met genl. J.B.M. Hertzog, hulle leier by uitnemendheid, het hulle hom nie vertrou nie en niks van hom gehou nie (Grobbelaar 1980:148-149). Dit is dus te verstane hoe 'n rym soos bogenoemde sy beslag gekry het.

(104)

Pi - noc - chi - o waar is jou vrou? Pi - noc - chi -  
 o waar is jou vrou? Pi - noc - chi - o

Handwritten musical notation on a single staff in G major (one sharp) and 2/4 time. The melody consists of quarter and eighth notes. The lyrics are written below the staff.

Pi- noc- chi- o      waar is jou vrou?

Pinocchio waar is jou vrou?  
 Pinocchio waar is jou vrou?  
 Pinochio-o-o-o  
 Pinocchio waar is jou vrou?

Ons drink aloes boksies aloes  
 ons drink aloes boksies aloes  
 ons drink aloe-loe-loe-loes  
 ons drink aloes boksies aloes.  
 (Kindergroep: Die Bof, George)

(a)

Handwritten musical notation on three staves in G major (one sharp) and 2/4 time. The melody continues with various note values and rests. The lyrics are written below the staves.

Pi- noc- chi- o      waar is jou vrou? Pi- noc- chi- o  
 waar is jou vrou? Pi- noc- chi- o - - - -      Pi-  
 noc- chi- o      waar is jou vrou?

Pinocchio waar is jou vrou?  
 Pinocchio waar is jou vrou?  
 Pinocchio  
 Pinocchio waar is jou vrou?

Dina jy's 'n ware een  
 Dina jy's 'n ware een  
 Dina  
 Dina jy's 'n ware een.

Amina Lippe gooi my met die klippe  
 Amina Lippe gooi my met die klippe  
 Amina Lippe  
 Amina Lippe gooi my met die klippe.

Amina Tanne steek my in die skande  
 Amina Tanne steek my in die skande  
 Amina Tanne  
 Amina Tanne steek my in die skande.

Big John Tate slaan vir Gerrie uit  
 Big John Tate slaan vir Gerrie uit  
 Big John Tate  
 Big John Tate slaan vir Gerrie uit.  
 (Kindergroep: Hartebesrivier, Buffeljagsrivier, Swellendam)

"Amina" in variant (a) is vermoedelik 'n vervorming is van "Ant Mina". Die laaste strofe van dieselfde variant verwys weer na die boksgeweg tussen Gerrie Coetzee en John Tate (vergelyk nr. 99). Dit is 'n duidelike aanduiding van die baie publisiteit wat aan dié geweg verleen is, want die twee liedere is hoegenaamd nie variante nie en is baie ver van mekaar - onderskeidelik in Springbok en Swellendam - opgeteken.

Die woord "aloes" in die tweede strofe van nr. 104 word met die klem op die laaste lettergreep uitgespreek. Dit verwys waarskynlik na die Engelse woord "aloe" (aalwyn) en dui op die invloed van die volksgeneeskunde, omdat die woorde lui: "Ons drink aloes". Aalwynsap word dikwels in die volksgeneeskunde vir 'n verskeidenheid kwale aangewend (S.A. Akademie 1966:Aanhangsel D:1).

*Pinocchio*, een van die gewildste kinderverhale uit Italië, is geskryf deur Carlo Collodi, skuilnaam vir Carlo Lorenzini. Die verhaal van Pinocchio het in 1881 as 'n vervolgreeks in 'n tydskrif verskyn, en is twee jaar later in boekvorm uitgegee. Lorenzini is dood voordat hy self die internasionale sukses van *Pinocchio* kon beleef (Carpenter & Prichard 1984:123,413). In 1937 is die verhaal vir die eerste keer in Afrikaans vertaal deur Marie Malherbe. Dit is minstens twee maal as Afrikaanse radioreeks uitgesaai, en in 1979 is dit oorgeklank vir die Suid-Afrikaanse Televisie (Le Roux 1981:2).

(105)


So rond-om die bos my lint skiet los ek  
 jol nie met 'n ker-rie wat my nooit sal los ek gooi dit in al  
 is dit min die kind se naam is Ben-ja-min  
 Ben- ja- min.

So rondom die bos  
 my lint skiet los  
 ek jol nie met 'n kerrie  
 wat my nooit sal los  
 ek gooi dit in  
 al is dit min  
 my kind se naam  
 is Benjamin  
 Ben-ja-min.  
 (Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

(a)

So rond-om die bos my lint is los ek  
 jol saam met cher-rie wat my nooit sal los ek gee hom raad al






's dit min my man se naam is Ben- ja-min oe oe-a  
oe oe-a oe oe-a.

So rondom die bos  
my lint is los  
ek jol saam met *cherrie*  
wat vir my sal los  
ek gee hom raad  
al is dit min  
my man se naam  
is Benjamin  
oe-oe-a oe-oe-a oe-oe-a.  
(Kindergroep: De Rust N.G.K.Primêr, distrik Wellington)

(b)



So rond-- om die bos my lint is los ek jol met die  
ded-die wat my nooit sal los al is-- dit-- min ek  
gooi-- dit-- in my kind se naam is Ben-ja-min.

So rondom die bos  
my lint skiet los  
ek jol met 'n dëddie  
wat my nooit sal los  
al is dit min  
ek gooi dit in  
my kind se naam

is Benjamin.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêr, Rietkuil, Swellendam)

Die drie variante verskil baie min van mekaar. Die eerste vier reëls het 'n vierde variant wat deel uitmaak van nr. 82.

Die woorde "kerrie", "cherrie" en "dêddie" wat in die derde reël van die onderskeie variante verskyn, toon dieselfde vokaalklanke in albei lettergrepe. Dit is moontlik dat "dêddie" in dié bepaalde sinsverband, naamlik "ek jol met 'n dêddie", kan verwys na die Engelse term "sugar daddy". Die verwysing is dan afkomstig uit die grootmensewêreld.

(106)

Vrot ta-ma-tie lek-ker kon-fyt hoe-veel kin-ders het die Boes-man-meid

een twee drie vier

Vrot tamatie lekker konfynt  
hoeveel kinders het die Boesmanmeid?  
een twee drie ensovoorts.


(Kindergroep: Goedehoop Primêr, distrik Malmesbury)

De Jongh het met sy optekening van kleinspele onder blankes ook enkele ryme opgeteken. Hy het bostaande rym met presies dieselfde bewoording ook as 'n touspringrym gevind (De Jongh 1984:221). Hy meld nie die plek waar dit opgeteken is nie.

(107)

Waar was Anne die he-le aand? die he-le aand om die hoek ge-staan

toe sy sien haar mam-ma kom aan toe hard-loop sy dat die



stof so staan.

Waar was Anne die hele aand?  
 die hele aand  
 om die hoeke gestaan  
 toe sy sien haar mamma kom aan  
 toe hardloop sy  
 dat die stof so staan.

(Kindergroep: Hartebeesrivier, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Variante van dié lied is reeds behandel by nrs. 61 en 101.

(108)

Waar woon jy? ek woon in Pa-ra-dys nom-  
 mer hoe-veel? ses-en-dertig gaan vra jou ma of  
 ons kan trou as sy sê ja kom  
 laat ons trou kom laat ons trou.

Waar woon jy?  
 ek woon in Paradys  
 nommer hoeveel?  
 ses-en-dertig  
 gaan vra jou ma  
 of ons kan trou  
 as sy sê ja  
 kom laat ons trou

kom laat ons trou.

(Kindergroep: Dr. Isak van Niekerk Primêr, Bergsig, Springbok)

(a)

Waar woon jy? ek woon in Do-ris-vlei wat is jou nom-mer? nom-mer  
 ses-en-der-tig vra vir jou ma of ek en jy kan trou  
 wat sal sy sê? nee of ja dis een dis twee dis  
 een twee drie Mam-ma ek wil man hê wat se man my kind?  
 wil jy dan 'n kaf-fer hê? nee Mam-ma nee kaf-fer-taal ver-  
 staan ek nie mie-lie-pap die vreet ek nie dit is 'n ple-sier om 'n  
 jong meid te wees.

Waar woon jy?  
 ek woon in Dorisvlei  
 wat is jou nommer?  
 nommer ses-en-dertig  
 vra vir jou ma  
 of ek en jy kan trou


wat sal sy sê  
 nee of ja  
 dis een dis twee  
 dis een twee drie  
 Mamma ek wil man hê  
 wat se man my kind?  
 wil jy dan 'n kaffer hê?  
 nee Mamma nee  
 kaffertaal verstaan ek nie  
 mieliepap die vreet ek nie  
 dit is 'n plesier  
 om 'n jong meid te wees.

(Kindergroep: Goedeverwachting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)


Dié twee liedjies is variante van die uittelliedjie "Waar woon jy?" (vergelyk nr. 7).

Variant (a) se slotgedeelte vanaf reël 11 is 'n variant van die bekende Afrikaanse lied "Mamma, 'k wil 'n man hê" (FAK 1979:146). By die volwasse bruinmense is nog 'n variant gevind wat onder minneliedere bespreek word (vergelyk nr. 179).

(109)



Wie't die bok se ho-ring ge-vat? dis hô wat-ter hô? hô



hie wat-ter hie? hie tas wat-ter tas? tas koe wat-ter koe? koe-



ê wat-ter ê? blik-skêr.

Wie't die bok se horing gevat?  
 dis hô  
 watter hô?  
 hô hie  
 watter hie?  
 hie tas  
 watter tas?

tas koe  
 watter koe?  
 koe ê  
 watter ê?  
 blikskêr.

(Kindergroep: Goedeverwachting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

(a)

Ma waar's Pa? Pa is in die tuin wat maak hy in die  
 tuin? hy het 'n bot-tel wyn wat-ter soort wyn? suur a-  
 syn bas ghan wat-ter ghan? ghan-die hô wat-ter hô? hô  
 diek wat-ter diek? diek bas wat-ter bas? bas skoe wat-ter skoe? skoe  
 ê wat-ter ê? bok-lie mê wat-ter mê? ei-er ge-lê.

Ma waar's Pa?  
 pa is in die tuin  
 wat maak hy in die tuin?  
 hy het 'n bottel wyn  
 watter soort wyn?  
 suur asyn  
 bas ghan  
 watter ghan?  
 ghan-die hô  
 watter hô?



hō diek  
 watter diek?  
 diek tas  
 watter tas?  
 tas skoe  
 watter skoe?  
 skoe ê  
 watter ê?  
 bokkie mê  
 eier gelê.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

(b)

Kas ghan wat-ter ghan? ghan hô wat-ter hô? hô hiek wat-ter hiek? hiek

bas wat-ter tas? tas koe wat-ter koe? koe-ê wat-ter ê? blik-

skêr dis-se bok-kie wat blêr oor wat? oor sy ma semelk wat-ter

melk? koei-melk koei-melk.

Kas ghan  
 watter ghan?  
 ghan hô  
 watter hô?  
 hô hiek  
 watter hiek?  
 hiek tas  
 watter tas?  
 tas koe  
 watter koe?  
 koe ê

watter ê?  
 blikskêr  
 disse bokkie wat blêr  
 oor wat ?  
 oor sy ma  
 se melk  
 watter melk?  
 koeimelk  
 koeimelk.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

Variante (a) en (b) is op dieselfde plaas by dieselfde groep kinders gevind. Hoewel die woorde ook verskil, is die belangrikste onderskeid dat (a) gesing en (b) opgesê word.

'n Variant van bostaande ryme is deur Pieter W. Grobbelaar in die bundel *Koeitjies in die klawer* opgeneem. Dié rym is bedoel om met een asem op te sê.

Wie het die koei  
 se horing afgeslaan?  
 - Man Kan.  
 Watter Kan?  
 - Kan-hô.  
 Watter hô?  
 - Hô-tie.  
 Watter tie?  
 - Tie-tas.  
 Watter tas?  
 - Tas-koe.  
 Watter koe?  
 - Koe-ert.  
 Watter ert?  
 - Blikstert!  
 (Grobbelaar 1975:102-103)

Dit is opvallend dat al drie variante van die bruin kinders, sowel as dié van Grobbelaar, deurgaans dieselfde vokaalklanke toon, hoewel die woorde meestal verskil.

Die eerste ses reëls van variant (a) wat nie by die ander twee variante voorkom nie, kom as 'n variant voor by nog 'n rym wat uit die George-omgewing kom en in die radioreeks *Die volk as digter I* uitgesaai is. Reëls vyf tot twaalf van dié rym word aangehaal:

Want Pa't mos vir Ma geslaan,  
 Pa het mos vir Ma geslaan,  
 Pa het mos vir Ma geslaan,  
 toe vlug hy na die tuin

met 'n lekker bottel wyn.  
 Pa het vir Ma geslaan.  
 Waar is Pa? Pa is in die tuin.  
 Wat het Pa? Pa het 'n bottel wyn.  
 (Grobelaar 1978:10)

### 3.2 Kinderliedere sonder spel

#### 3.2.1 Wiegelied


Jos. Schrijnen skryf soos volg oor die wiegelied: "Niet alleen rhythmisch zijn zij van belang, maar ook, omdat zij een bijzonder soort van kinderliedjes vertegenwoordigen, nl. in kindertoon gehouden volkspoëzie: in kindertoon, wat betreft tekst en melodie [...]" (Schrijnen 1933:249). Schotel beweer dat wiegeliedere baie skaars is in ou Nederlandse liedboeke en "mopsjes". (Laasgenoemde is 'n ou soort liedjiesboekie uit die 17de eeu waarin 'n deurlopende verhaaldraad voorkom, soms grappig, soms oor die liefde, die werk, die kroeg, ensovoorts (Grobelaar 1982:247)). Dit is dus moeilik om vas te stel wat die Nederlandse voorouers vir hulle babas gesing het (Schotel 1903:63). Indien daar volgens reeds bestaande publikasies geoordeel word, is daar in Suid-Afrika weliswaar ook nie veel tradisionele wiegeliedere bekend nie. By Schonken (1914:64-65) en S.J. du Toit (1924:3-8), is die meeste liedere variante van 'n paar bekendes, byvoorbeeld "Doe doe, doe doe baba, // Baba moet maar slapie, // Ou paai sal vir baba vang, // As baba nie wil doedoe gaan" (Schonken 1914:65), of "Klaas Vakie kom" (Du Toit 1924:6) en "Slaap, kindjie, slaap" (Du Toit 1924:7). Dit kan egter bevraagteken word of Schonken en Du Toit se navorsing wyd genoeg was om daarvolgens 'n finale uitspraak te gee.

In "Doe doe, doe doe baba" van Schonken, soos hierbo aangehaal, kom 'n belangrike verkynsel by slaapliedere na vore, naamlik die bangmaakelement (vergelyk "Ou paai sal vir baba vang"). Kinders word dikwels gedreig as hulle nie wil slaap nie. Nog 'n bangmaakverskynsel word in die volgende lied aangetref:


Soesa, my lam! Soesa, my lam!  
 Soesa my lam! Waarom is jy bang?  
 Soesa, my lam! Soesa, my lam!  
 Is jy dan bang  
 Dat Dollewera se honde  
 Jou sal vang?  
 (Du Toit 1924:5)

Jan Bouws sê dat 'n mens nooit 'n droewige toon by Afrikaanse wiegeliedere hoor nie (Bouws g.d.a.:25). Dié stelling word weêrlê deur die klein versameling wiegeliedere wat hier volg. By die bruinmense is altesaam agt wiegeliedere gevind. Sommige se woorde is van so 'n aard dat dit niks met babas of slaap te make het nie, maar volgens die informante is dit wel gesing om kinders aan die slaap te sus.


(110)




Doe-doe doe-doe San-na doe-doe doe-doe doe-doe San-na




doe-doe hie-sô ie-sie mam-ba hie-sô ie-sie mam-ba




doe doe doe doe doe kyk hoe lyk ou An-na se man




kyk hoe lyk ou An-na se man doe-doe doe-doe



doe-doe doe-doe San-na doe-doe doe-doe doe-doe San-na



doe-doe hie-sô ie-sie mam-ba hie-sô ie-sie mam-ba



doe-doe doe-doe doe.

Doe-doe doe-doe Sanna doe-doe  
 doe-doe doe-doe Sanna doe-doe  
 hiesô iesie mamba  
 hiesô iesie mamba  
 doe-doe doe-doe doe  
 kyk hoe lyk ou Anna se man  
 kyk hoe lyk ou Anna se man  
 doe-doe doe-doe doe-doe Sanna doe-doe  
 doe-doe doe-doe doe-doe Sanna doe-doe

hiesô iesie mamba  
 hiesô iesie mamba  
 doe-doe doe-doe doe.  
 (S.Rondganger: George)

Die klanke "hiesô iesie mamba" in reëls twee en drie kan moontlik 'n vervorming van 'n swart taal wees, of dit kan bloot 'n vervorming van "hierso is die mamba" wees. Indien dit werklik na 'n mambaslang verwys, kan die reël moontlik dreigend bedoel wees. Hoewel sekere reëls onvanpas by 'n wiegelied klink (byvoorbeeld "kyk hoe lyk ou Anna se man"), het die lied as geheel tog 'n sussende effek.

Die reël "kyk hoe lyk ou Anna se man" herinner aan die eerste twee reëls van die oorlogslied "Daar kom tant Anna aan//sy het haar man laat staan" (vergelyk nr. 390).


(111)

Doe-doe my kind-jie klein doe-doe my kind-jie klein doe-doe my  
 kind-jie klein slaap nou son-der vre-se.

Doe-doe my kindjie klein  
 doe-doe my kindjie klein  
 doe-doe my kindjie klein  
 slaap nou sonder vrese.  
 (H. Apollos:George)

Dié besonderse liedjie is in vorm 'n kwatryn, meer spesifiek die drie-en-een-kwatryn (dit wil sê die eerste drie reëls is dieselfde met 'n vierde wat normaalweg rym, hoewel nie in hierdie geval nie). Kwatryne kom meestal by die liedere van volwassenes voor en word aan die begin van hoofstuk 4 meer volledig bespreek. Wat die melodie betref, kry ons hier 'n verskynsel wat dikwels by kwatryne aangetref word, naamlik dat die melodiese lyn van die eerste en derde reëls ooreenstem.

(112)



Doe-doe my pop-pie die wind-jie waai koud doe-doe my pop-pie die  
wind-jie waai koud slaap ge-rus ter-wyl ek jou sus doe-doe my kind-jie ter-  
wyl ek jou sus.

Doe-doe my poppie  
die windjie waai koud  
doe-doe my poppie  
die windjie waai koud  
slaap gerus terwyl ek jou sus  
doe-doe my kindjie terwyl ek jou sus.  
(Kindergroep: Twee Palms, George)

Die ritme van dié lied word nie dikwels by volksliedere aangetref nie, maar is baie gepas vir 'n wiegelied. Tog is dit die enigste van die wiegeliedere wat opgeteken is wat in 6/8-tyd gesing word. By hierdie lied skep die woorde en die wysie werklik 'n droewige toon.

(113)



Ek gaat vir mam-ma sê dat Jan in die taai-bos lê  
koe-kie bly by die huis dat jy kan die waar-heid sê.

Ek gaat vir mamma sê  
dat Jan in die taibos lê





Mnr. McClaren het beduie hoe die bruin vroue hul babas gestaan en wieg het as hulle dié liedjie sing.

'n Variant van dié lied is by blankes gevind. Dit kom oorspronklik uit Noordwes-Kaapland, maar word nog steeds in die Boland gesing:

Oelie lalie la  
oelie lalie la  
gee my twee jaarts rooi flennelet  
van die rooiste wat julle het.

Oelie lalie la  
oelie lalie la  
gee my twee pond meel  
en 'n halfpond suiker.  
(A. van der Westhuizen: Wellington)

Hierdie twee strofes is slegs 'n fragment van die volledige lied. Dit is klaarblyklik 'n hele inkopielys wat gesing word terwyl die moeder die winkel besoek en terselfdertyd die baba sus.

(116)

O tjeie-lê ma-ma tjeie-lê tjeie-lê ma-ma tjeie-lê tjeie-


lê ma-ma tjeie-lê tjeie-lê tjeie-lê ma-ma tjeie-

lê ma tjeie-lê.

O tjielê mama tjielê  
tjielê mama tjielê  
tjielê mama tjielê  
tjielê tjielê  
mama tjielê ma tjielê.  
(B. Stoffels: Pacaltsdorp)

Dié lied se melodie en ritme kan byna onsamehangend genoem word. Aangesien die teks ook net uit twee woorde (of klanke) bestaan, lyk dit moontlik dat die sanger elke keer wat die liedjie gesing is, bloot geïmproviseer het met woord en wysie. Die woord "tjielê" is eintlik slegs 'n klank; dit het geen verband met 'n Bantutaal nie.

(117)



Stil maar my kind-jie jou moe-der is hier stil maar my  
 kind-jie jou moe-der is hier stil maar my kind-jie jou moe-der is  
 hier stil maar my kind-jie jou moe-der is hier.

Stil maar my kindjie jou moeder is hier  
 stil maar my kindjie jou moeder is hier  
 stil maar my kindjie jou moeder is hier  
 stil maar my kindjie jou moeder is hier.

Op na die maan en af na die grond  
 agtertoe en vorentoe en draai en swaai  
 stil maar my kindjie jou moeder is hier  
 stil maar my kindjie jou moeder is hier.  
 (Groep volwassenes: Quado, De Doorns)

Dié lied is die enigste van die wiegeliedere waar die moeder spesifiek genoem word, terwyl die moeder as beskermmer normaalweg 'n bekende tema in wiegeliedere is.

### 3.2.2 Tongglippers

Daar is nie baie voorbeelde van tongglippers by die bruinmense gevind nie. Dit is rympies wat vinnig gesê moet word sonder dat die tong knoop, met die bedoeling dat as die tong glijp, iets onguurs gesê word. Die twee voorbeelde wat in dié afdeling opgeneem is, is albei by 'n blanke, mnr. John McClaren van Calitzdorp, wat beweer dat hy dit in sy jeug by bruin kinders geleer het,

opgeteken. Dit is interessant dat, waar dit normaalweg rympies is wat vinnig gesê sord, hierdie voorbeelde wel gesing is.

(118)



Kar-re-tjie wip-gat tip-gat oor-kant klip-gat kar-re-tjie  
wip-gat tip-gat oor-kant klip-gat kar-re-tjie wip kar-re-tjie tip  
wip-gat tip-gat oor-kant klip-gat.

Karretjie wipgat tipgat oorkant klipgat  
karretjie wipgat tipgat oorkant klipgat  
karretjie wip karretjie tip  
wipgat tipgat oorkant klipgat.  
(J. McClaren: Calitzdorp)

In die bundel *Varkies in die bone* is 'n variant van dié rym as 'n uittelrym opgeneem. Uit die woorde blyk dit dat dit ook as 'n soort dryfrym beskou kan word.

Haasbek, Liebek,  
hotvoor die wa trek,  
karretjie wipgat,  
oorkant die klipgat -  
uitspanplek!  
(Grobelaar 1976b:90)

(119)



Piet skiet die kat in die mid-del van die pad daar gaan die  
kat met die pyl in die blad.

Piet skiet die kat  
 in die middel van die pad  
 daar gaan die kat  
 met die pyl in die blad  
 Piet skiet die blad  
 in die middel van die pad  
 daar gaan die blad  
 met die pyl in die pad  
 Piet skiet die pad  
 in die middel van die blad  
 daar gaan die pad  
 met die pyl in die blad.  
 (J. McClaren: Calitzdorp)

S.J. du Toit het 'n lied wat met bogenoemde ooreenkoms toon, in sy bundel opgeneem. Dit dien as begeleiding vir die "pas de quatre", 'n ou dansvorm wat in die volksmond "paddika" geword het en letterlik "vierpas" beteken (Burden 1985:85). Die volledige rym by Du Toit lui:

Griet slag 'n kat,  
 En Nel verkoop die vel,  
 Nel verkoop die vel  
 Vir 'n troumanel.  
 (Du Toit 1924:179)

Hy verskaf ook brokstukke van variante wat nader aan die weergawe van die bruinmense kom, byvoorbeeld "Piet skiet 'n kat//in die middel van die gat" (Du Toit 1924:179).

### 3.2.3 Kettingliedere

S.J. du Toit behandel 'n groot aantal variante van 'n paar bekende kettingryme in Afrikaans. Daaruit blyk dit dat daar veral drie tipes kettingryme voorkom:

(1) Die rym wat groei deurdat daar telkens 'n reël aangelas word tot by 'n klimaks wat 'n logiese of onlogiese klimaks kan wees, en dan weer afneem deurdat die aksies van die reëls waarmee opgebou word, omgekeer word. In die bekende rym "Hok, ootjie [otjie], hok" wat by Du Toit aangetref word, word die vark aangesê om in die hok te gaan. As hy nie wil reageer nie, word die stok beveel om die vark te slaan. Dié wil ook nie die opdrag uitvoer nie en in die volgende strofe word die vuur gevra om die stok te brand. So kom daar in elke strofe 'n element by waardeur die strofe langer gemaak word, totdat een element uiteindelik reageer en die aksies soos bogenoem, omgekeer word. Die laaste strofe lui dan soos volg:

"Hond, byt die kat!"  
 Die hond byt die kat,  
 Die kat vang die muis,  
 Die muis kou die riem,  
 Die riem hang die man,  
 Die man slag die koe,  
 Die koe suip die water,  
 Die water blus die vuur,  
 Die vuur brand die stok,  
 Vark in die hok.  
 (Du Toit 1924:79).

(2) Die rym wat deur byvoeging van 'n reël op 'n keer, opbou tot 'n klimaks en daar eindig. "As ek ook 'n plaas het" (Du Toit 1924:87) is 'n goeie voorbeeld (vergelyk die aanhaling by nr. 121). Net soos by die vorige voorbeeld sou die rym met enige van die strofes kon eindig, of dit sou vir 'n oneindige aantal strofes voortgebou kon word. Daarom word dit 'n onlogiese klimaks genoem.

(3) Die rym waarvan die strofes ewe lank bly, maar een element in die strofe elke keer vervang word met 'n nuwe. In die lang kettinglied "Ek loop daar op die rand" (Du Toit 1924:101), begin elke tweede strofe met 'n vraag wat aanleiding gee tot die verskyning van 'n nuwe element in die volgende strofe (vergelyk die aanhaling by nr. 124).

Hoewel daar net vyf kettingryme/liedere by die bruinmense gevind is, is al drie groepe verteenwoordig.

### Groep 1:

Du Toit noem hierdie groep ook kettingsprokies en sê dat dit dwarsoor die wêreld aangetref word. Hulle verskil soms met betrekking tot die aanleidende oorsaak van die handeling en die getal en aard van die karakters wat aan die handeling deelneem. Wat egter dikwels konstant bly, is die volgorde hond, stok, vuur, water, os, ensovoorts (Du Toit 1924:80).

### (120)

Die boer stuur vir Jochem uit  
 Om hawer te gaan sny  
 Jochem sny nie hawer nie  
 En kom ook nie weer huis toe nie.  
 Toe stuur die boer vir Kierie  
 Om vir Jochem te gaan slaan  
 Kierie slaan nie Jochem nie  
 En Jochem sny nie hawer nie  
 En kom ook nie weer huis toe nie.  
 Toe stuur die boer vir Vuurvlam



Om Kierie te gaan brand  
 En Vuurvlam brand vir Kierie nie  
 En Kierie slaan vir Jochem nie  
 En Jochem sny nie hawer nie  
 En kom ook nie weer huis toe nie.  
 Toe stuur die boer vir Water  
 Om Vuurvlam te gaan blus  
 Water blus g'n Vuurvlam nie  
 En Vuurvlam brand g'n Kierie nie  
 En Kierie slaan vir Jochem nie  
 En Jochem sny nie hawer nie  
 En kom ook nie weer huis toe nie.  
 (Murray 1974:63)


In dié rym vind ons wel drie van bogenoemde elemente, naamlik stok (kierie), vuur en water. Dié spesifieke rym bied 'n probleem, omdat die bou op die patroon van "Stok, slaan die vark" is, maar die ontknoping of ommekeer kom nie werklik nie. Dit eindig dus eintlik soos die ryme in groep twee, maar word as 'n voorbeeld van groep een behandel omdat dit volgens die bou hier tuis hoort.

Van Vloten het in hierdie kategorie 'n baie lang rym opgeteken. Dit bevat ook die elemente vark, hond, stok, vuur en water, maar met 'n inleiding wat nie by die Afrikaanse weergawes van Du Toit of Murray voorkom nie.


Daar was ereis 'n mannetjen,  
 Die veegde zijn stalletjen.  
 Wat vond hij er in?  
 Een gouden, gouden stuivertjen.  
 Wat kocht hij er voor?  
 Een vet, vet varken.  
 Maar't varken wou niet gaan,  
 Of't moest gedragen worden  
 Op een berrie of kruiwagen.  
 Toen ging hij naar den hond:  
 "Hond, wil jij varken bijten?"  
 ensovoorts.  
 (Van Vloten 1874:131)

## Groep 2:


(121)



Daar an-der-kant die bult daarstaan 'n plaas




as daar dan 'n plaas is dan moet daar mos 'n baas wees




wat eet die baas? brood en kaas eet die baas daar




an-der-kant die bult daarstaan 'n plaas as daar dan 'n baas is dan



moet daar mos 'n vrou wees wat eet die vrou? ou-tjie-ke-lou eet die vrou




boer-be-skuit eet die meid pip-per-ment eet die kind



ou-tjie-ke-lou eet die vrou brood en kaas eet die baas daar



an-der-kant die bult daarstaan 'n plaas as daar dan 'n plaas is dan



moet daar mos 'n baas wees.

Daar anderkant die bult  
daar staan 'n plaas  
as daar dan 'n plaas is  
dan moet daar mos 'n baas wees  
wat eet die baas?  
brood en kaas eet die baas.

Daar anderkant die bult  
daar staan 'n plaas  
as daar dan 'n baas is  
dan moet daar mos 'n vrou wees  
wat eet die vrou?  
ou-tjieke-lou eet die vrou.

Daar anderkant die bult  
daar staan 'n plaas  
as daar dan 'n vrou is  
dan moet daar mos 'n kind wees  
wat eet die kind?  
pippermint eet die kind.

Daar anderkant die bult  
daar staan 'n plaas  
as daar dan 'n kind is  
dan moet daar mos 'n meid wees  
wat eet die meid?  
boerbeskuit eet die meid.

Daar anderkant die bult  
daar staan 'n plaas  
as daar dan 'n meid is  
dan moet daar mos 'n hond wees  
wat eet die hond?  
ottertong eet die hond  
boerbeskuit eet die meid  
pippermint eet die kind  
ou-tjieke-lou eet die vrou  
brood en kaas eet die baas.

Daar anderkant die bult  
 daar staan 'n plaas  
 as daar dan 'n plaas is  
 dan moet daar mos 'n baas wees.  
 (T. Smith: Springs)

Die sanger het hier nie die strofes laat rek met elke toevoeging nie. In plaas van die slotreëls "wat eet die baas?//brood en kaas eet die baas" by strofe een, eindig strofe twee met "wat eet die vrou//ou-tjieke-lou eet die vrou", sonder om weer die laaste twee reëls van strofe een te herhaal. Slegs by die laaste strofe is al die elemente herhaal.

Die musiek van die eerste twee mate stem ooreen met die begin van die bekende Engelse lied "Old MacDonald had a farm".

Dié lied is verwant aan die vier voorbeelde (een Nederlands en drie Afrikaans) wat Du Toit opgeteken het. Tog verskil dit in 'n belangrike opsig. Die verskillende elemente wat die ketting vorm, heet almal iets, byvoorbeeld: "Hartjieliefie heet my vrou//Over-die-Berge heet my plaas", terwyl in die opgetekende lied van die bruinmense, eet die elemente almal iets, hoewel die inleiding dieselfde is as dié by Du Toit. Die eerste en laaste strofe van een van Du Toit se optekenings lui so:

As ek 'n man is,  
 dan moet ek ook 'n plaas hê;  
 as hulle my kom vra,  
 hoe heet my plaas.  
 Over-die Berge heet my plaas.

[...]

As ek dan 'n juk het  
 dan moet ek ook 'n skei hê;  
 As hulle my kom vra,  
 hoe heet my skei.  
 Groot baklei heet my skei,  
 Losruk heet my juk,  
 Swarte spoeg heet my ploeg,  
 Lange reep heet my sweep,  
 Swaar dra heet my wa,  
 Lospetos heet my os,  
 Swarte tong heet my jong,  
 Welbereid heet my meid,

Welbemind heet my kind,  
 Hartjieliefie heet my vrou,  
 Over-die-Berge heet my plaas.  
 (Du Toit 1924:84-85)

## (122)

Kring: Die boer gaan na die land  
           Die boer gaan na die land.  
 Boer: Kom nou, kom nou!  
 Kring: Die boer die roep sy vrou.  
 Almal: Die boer gaan na die land  
           Die boer die roep sy vrou.  
 Vrou: Kom nou, kom nou!  
 kring: Die vrou die roep die kind.  
 Almal: Die boer gaan na die land  
           Die boer die roep sy vrou  
           Die vrou die roep die kind.  
 Kind: Kom nou, kom nou!  
 Kring: Die kind die roep die hond.  
 Almal: Die boer gaan na die land  
           Die boer die roep sy vrou  
           Die vrou die roep die kind  
           Die kind die roep die hond.  
           Kom nou, kom nou!  
           En almal slaan vir Kaas!


(Murray 1974:35-36)

Die musiek word nie deur Murray aangegee nie, maar dit is klaarblyklik 'n verafrikaansing van die Engelse speletjie "The farmer in his den". Daar is reeds by nr. 65 daarna verwys.

## Groep 3:

## (123)

Die dag-ga-land die dag-ga land- die  
 dag-ga-land is aan die brand die klok slaan een die



Die daggaland die daggaland  
 die daggaland is aan die brand  
 die daggaland die daggaland  
 die daggaland is aan die brand.

Die klok slaan een  
 die roker gryp sy been  
 die daggaland is aan die brand.

Die klok slaan twee  
 die roker staan en vee  
 die daggaland is aan die brand.

Die klok slaan drie  
 die roker maak 'n drie  
 die daggaland is aan die brand.

Die klok slaan vier  
 die roker drink sy bier  
 die daggaland is aan die brand.  
 (T. Smith: Springs)

Die lied word ingelui deur 'n vierreëlige strofe, waarna al die strofes drie reëls lank is. Dit lyk asof die informant moontlik by strofe vier die rymwoord vergeet het en toe die woord "drie" herhaal het.


Die reël "Die daggaland is aan die brand" kom voor in 'n lied gesing deur mnr. August Gertse van Wuppertal. Dit lui soos volg:

Stadig stap daar oor die klipplaatjies  
 die reëntjie val sulke druppeltjies  
 die ou vrou staan met haar tjalie in die hand  
 want die daggaland is aan die brand.  
 (Ons Erfenis: NAM85-la&b)

Die lied herinner aan die twee liedere (nrs. 59 en 59(a)) wat by kringspele gesing word en ook van telwoorde gebruik maak. Vergelyk byvoorbeeld die reël "tel een toe vat hy aan haar been" (nr. 59).



(124)



Wat soek jy in die sand? ek soek hier na 'n mol Jan



Pie-re-wiet se mol Jan Pie-re-wiet se mol Jan Pie-re-wiet se mol mol mol.

Wat soek jy in die sand?  
 ek soek hier na 'n mol  
 Jan Pierewiet se mol  
 Jan Pierewiet se mol  
 Jan Pierewiet se mol mol mol.

Wat maak jy met die mol?  
 ek slag sy velle af  
 Jan Pierewiet se vel  
 Jan Pierewiet se vel  
 Jan Pierewiet se vel vel vel.

Wat maak jy met die vel?  
 ek maak vir my 'n beurs  
 Jan Pierewiet se beurs  
 Jan Pierewiet se beurs  
 Jan Pierewiet se beurs beurs beurs.

Wat maak jy met die beurs?  
 ek sit my geld daarin  
 Jan Pierewiet se geld  
 Jan Pierewiet se geld  
 Jan Pierewiet se geld geld geld.

Wat maak jy met die geld?  
 ek koop vir my 'n kind  
 Jan Pierewiet se kind  
 Jan Pierewiet se kind  
 Jan Pierewiet se kind kind kind.

Wat maak jy met die kind?  
 ek sit hom in die skool  
 Jan Pierewiet se skool  
 Jan Pierewiet se skool  
 Jan Pierewiet se skool skool skool.

Wat maak hy in die skool?  
 hy leer die A-B-C  
 Jan Pierewiet se A  
 Jan Pierewiet se A  
 Jan Pierewiet se A-B-C.  
 (Kindergroep: Zeekoeivlei Primêr, distrik Graafwater)

Vergelyk die musiek van dié lied op meegaande kasset, nr. 4.

Die lied kom ook by handklapspele voor, waar slegs 'n gedeelte aangehaal is (vergelyk nr. 13). Daar moet egter hier meer aandag daaraan gegee word, aangesien dit een van die bekendste kettingryme/liedere in Nederlands en Afrikaans is, met talle variante. By die bruinmense is egter net die een weergawe gevind. In Suid-Nederland is daar 'n weergawe omtrent 'n vis wat gevang is, met dieselfde afloop:

Mijn vader werkt op zee,  
 Mijn vader werkt op de mosselzee,  
 Van ramplamplam en de mosselman.  
 Mijn vader werkt op zee,  
 Mijn vader werkt op zee.

Wat doet hij op de zee,  
 Wat doet hij op de mosselzee?  
 Van ramplamplam en de mosselman.  
 Wat doet hij op de zee,  
 Wat doet hij op de zee?

Hij vangt daar eene visch,  
 hij vangt daar eene mosselvisch,  
 ensovoorts.

Dan volg die strofes met vel, beurs, geld, kind, skool en:

De kind leert a-b-c,  
 De kind leert a-b mossel-c,  
 Van ramplamplam en de mosselman.  
 De kind leert a-b-c,  
 De kind leert a-b-c.  
 (De Cock en Teirlinck 1903:114-116)

In die een Nederlandse weergawe wat Du Toit aanhaal, is die reël "van ramplamplam en de mosselman" vervang met "toppesche, toppesche, toppesche mol/vel/beurs/geld", ensovoorts. Sy Afrikaanse ekwivalent lui: "fisika, fisika, poska mol/vel/sak/geld", ensovoorts (Du Toit 1924:102). Laasgenoemde se teks word nou volledig aangehaal:

Ek loop daar op die rand,  
 Ek loop daar op die rand,  
 Ek loop daar op die poska rand,  
 Fisika, fisika, poska rand!  
 Ek loop daar op die rand.

Wat maak jy op die rand?  
 Wat maak jy op die rand?  
 Wat maak jy op die poska rand,  
 Fisika, fisika, poska rand!  
 Wat maak jy op die rand?

Ek vang vir my 'n mol,  
 Ek vang vir my 'n mol,  
 Ek vang vir my 'n poska mol,  
 Fisika, fisika, poska mol!  
 Ek vang vir my 'n mol.

Dan volg vel, sak, geld, vrou, skool:

Wat leer sy in die skool?  
 Wat leer sy in die skool?  
 Wat leer sy in die poska skool?  
 Fisika, fisika, poska skool?  
 Wat leer sy in die skool.

Sy leer die A B Jab.  
 Sy leer die A B Jab.  
 Sy leer die poska A B Jab.  
 Fisika, fisika, A B Jab!

Sy leer die A B Jab.  
(Du Toit 1924:101-104)

Dit is opvallend dat die bruin kinders die lied só vereenvoudig het dat die vraag en die antwoord telkens in een strofe afgehandel word, terwyl by die ander voorbeelde wat genoem is, daar elke keer rondom vraag en antwoord 'n volle strofe gebou word. Du Toit het ook 'n teks waarvan die vraag en antwoord in een strofe afgehandel word, maar dit verskil van die Graafwater-optekening van die bruin kinders in dié opsig dat die vraag elke keer in die laaste reël gevra word en die antwoord daarop in die volgende strofe kom, byvoorbeeld:

Ek loop daar langs die strand,  
Ek loop daar langs die strand,  
Ek loop daar langs die poska strand,  
O, hof laf, lief laf poska strand.  
Wat maak jy langs die strand?

Ek vang vir my 'n mol  
Ek vang vir my 'n mol  
Ek vang vir my 'n poska mol,  
O, hof laf, lief laf poska mol!  
Wat maak jy met die mol?  
(Du Toit 1924:104)

Du Toit noem dat hy baie variante van dié kettingrym gevind het wat veral in die refrein verskil. Hy vergelyk die refreine van altesaam twaalf variante wat hy teëgekome het. Een daarvan stem ooreen met dié van die bruin kinders, naamlik "Jan Pierewiet se mol" (Du Toit 1924:106).

Du Toit gee nie by dié lied 'n wysie aan nie. Daar kom wel 'n wysie voor by die aangehaalde lied van De Kock en Teirlinck. Die wysie is nie dieselfde as dié van die bruin kinders nie, maar as mate twee en drie van De Kock en Teirlinck met mate drie tot sewe van bostaande wysie vergelyk word, is daar wel ooreenkomste merkbaar. In *Die volk as digter III* meld Grobbelaar dat die lied gesing kan word op die wysie van "Wat maak oom Kalie daar?", 'n baie ou Europese volkswysie wat onder meer deur die komponis Brahms in sy "Akademiese feesoverture" (Opus 80) gebruik is (Grobbelaar 1988:36). Bostaande wysie en dié van De Kock en Teirlinck toon egter geen ooreenkoms daarmee nie.

### 3.2.4 Sportliedere

Die vraag kan gevra word of sportliedere werklik volksliedere is aangesien dit dikwels vir 'n spesifieke skool geskryf word. In die geval van die bruinmense lyk dit tog asof die meeste van die liedere aan die basiese vereistes van 'n volkslied voldoen. Baie van die liedere se woorde is so eenvoudig dat dit spontaan kon ontstaan het. Daar is ook enkele variante aangetref. Oor die

algemeen is dit nie so stereotiep soos die meeste sportliedere wat by blanke skole aangetref word nie.

(125)

A -ba- twa- na hier kom ons aan ons sal mos nooit nie ver-

loor a- ba- twa- na hier kom ons aan ons sal mos nooit nie ver-

loor ce- le- bra- tion ja ja ja ja hier kom ons aan ce- le- bra- tion


ja ja ja ja hier kom ons aan.

Abatwana hier kom ons aan  
 ons sal mos nooit nie verloor  
 abatwana hier kom ons aan  
 ons sal mos nooit nie verloor  
 celebration ja ja ja ja  
 hier kom ons aan  
 celebration ja ja ja ja  
 hier kom ons aan.  
 (Kindergroep: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

"Abatwana" is 'n Xhosawoord wat "kinders" beteken.

(126)

Daar kom die lor-rie die lor-rie die lor-rie daar kom die



lor-rie die lang-e lang-e lor-rie, Jul-le moet op- sy-staan op-  
 sy-staan op- sy-staan jul-le moet op- sy-staan dat die Rooihuis kan ver-  
 by-gaan. Hoe-veel kos jul-le ra-pe jul-le ra-pe jul-le  
 ra-pe hoe-veel kos jul-le ra-pe want die Groen-huis is die  
 a-pe. Hoe-veel kos jul-le tof-fies jul-le tof-fies jul-le  
 tof-fies hoe-veel kos jul-le tof-fies want Groen-huis is die mof-fies.

Daar kom die lorrie die lorrie die lorrie  
 daar kom die lorrie  
 die lange lange lorrie.

Julle moet opsystaan opsystaan opsystaan  
 julle moet opsystaan  
 dat die Rooihuis kan verbygaan.

Hoeveel kos julle rape julle rape julle rape  
 hoeveel kos julle rape  
 want die Groenhuis is die ape.



Hoeveel kos julle toffies julle toffies julle toffies  
hoeveel kos julle toffies  
want Groenhuis is die moffies.

Hoeveel kos julle linte julle linte julle linte  
hoeveel kos julle linte  
want Rooihuis kry die punte.

(Kindergroep: Goedeverwagting Primêr, Rietkuil, Swellendam)

Dieselfde kindergroep het 'n variant van hierdie lied by 'n kringspel gesing (vergelyk nr. 26).

(a)

Hoe-veel kos die meel die meel die meel? hoe-veel kos die meel? want  
Gans<sup>1</sup>-baai is te veel. Hoe-veel kos die ra-pe die ra-pe die  
ra-pe? hoe-veel kos die ra-pe? want Haw-ston is die a-pe.  
Hoe-veel kos die tof-fies die tof-fies die tof-fies? hoe-veel kos die  
tof-fies? want Haw-ston is die mof-fies.

Hoeveel kos die meel die meel die meel  
hoeveel kos die meel  
want Gansbaai is te veel.

Hoeveel kos die rape die rape die rape

hoeveel kos die rape  
want Hawston is die ape.

Hoeveel kos die toffies die toffies die toffies  
hoeveel kos die toffies  
want Hawston is die moffies.  
(Barnard 1986:265)

Dié variant is in Gansbaai gevind.

Die name "Rooihuis" en "Groenhuis" in nr. 126 verwys na sportspanne of "huise" waarin al die kinders van die skool ingedeel is. "Moffies" (strofe vier in nr. 126 en strofe drie in variant (a)) is 'n spotnaam waarmee die lede van die ander span beledig word, want die woord verwys na verwyfde mans of seuns.

Die name "Gansbaai" en "Hawston" in variant (a) verwys na twee skole wat kompeteer.


Dit is 'n baie bekende sportlied wat onder meer soos volg by blanke skole gesing is:

Julle moet opstaan opstaan opstaan  
julle moet opstaan  
dat die Bloues kan verbygaan.

Julle moet nou ophou ophou ophou  
julle moet nou ophou  
want die Rooies is al stokflou.  
(Eie herinnering)

Die wysies kom ook ooreen.


(127)



Ek het 'n kok-ke-rot-jie in die kos-kas ge-van-gen



daar-mee maak ons vir Haw-ston bang hy't die he-le aand



Gans-baai ge-stree ons is van plan om vir Haw-ston 'n pak-slae te gee.

Ek het 'n kokkerotjie in die koskas gevang  
 en daarmee maak ons vir Hawston bang  
 hy't die hele aand Gansbaai geskree  
 ons is van plan om vir Hawston 'n pak slae te gee.  
 (Barnard 1986:266)

Die melodie het 'n sterk gesinkopeerde ritme. Al herinner die woorde van reël een aan "Daar sit 'n muisie binne-in die koskas" (nr. 8), is daar geen verband tussen die twee liedjies nie. Cloete het by die Griekwas 'n lied gevind wat met soortgelyke woorde begin, hoewel die wysies geen ooreenkoms toon nie.

Die kokkerotjie binne in die koskas  
 Hy raak nie vol nie,  
 vol nie van die "Doom" nie.  
 Hy raak nie vol nie,  
 Hy raak nie vol nie,  
 Hy raak nie vol nie,  
 vol nie van die "Doom" nie.  
 Hy is 'n boskokkerotjie  
 Hy is 'n boskokkerotjie  
 Hy is 'n bos-"guy"  
 hy raak nie vol van "Doom" nie.  
 (Cloete 1986:279)

Die woord "Doom" is die handelsnaam van 'n insekdoder.

(128)

Ja Wheat-lands is die hy is die wen-ner hy  
 sal mos nooit nie ver- loor.

Ja Wheatlands is die hy is die wener  
 hy sal mos nooit nie verloor.  
 (Kindergroep: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

"Wheatlands" is die naam van 'n skool. Die wysie van dié lied het geen opswepende effek nie; dit word trouens baie rustig gesing. Die twee reëls word oor en oor herhaal.

(129)



Mam-ma Mam-ma weet Mam-ma wie is die mees-ter wat die  
 Es-kom bou nee my kind dit weet ek nie maar die  
 rooi en die wit is wat die hart-seer maak.

Mamma Mamma weet Mamma  
 wie is die meester wat die Eskom bou  
 nee my kind dit weet ek nie  
 maar die rooi en wit  
 is wat die hartseer maak.  
 (T. Smith: Springs)

Volgens die informant is dié vreemde liedjie wél by sportgeleenthede gesing. Die "rooi en wit" verwys nie na sportkleure nie, maar na die kleure waarmee die maatskappy Eskom sy kragpale geverf het. "Eskom" is die naam van 'n maatskappy wat elektrisiteit landwyd voorsien.

(130)



Nog net 'n biet-jie vin-ni-ger nog net 'n biet-jie vin-ni-ger nog  
 net n biet-jie vin-ni-ger vin-ni-ger- vin-ni-ger.

Nog net 'n bietjie vinniger  
 nog net 'n bietjie vinniger  
 nog net 'n bietjie vinniger  
 vinniger vinniger.

Ons sal vir Lingcom wysmaak  
 ons sal vir Lingcom wysmaak  
 ons sal vir Lingcom wysmaak  
 wysmaak wysmaak.

Ons sal vir Kroonvale wysmaak  
 ons sal vir Kroonvale wysmaak  
 ons sal vir Kroonvale wysmaak  
 wysmaak wysmaak.  
 (Kindergroep: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

"Lingcom" en "Kroonvale" is die name van skole gereeld meeding.

(131)



Rom rom rom dis Rooi-huis wat daar kom- sa sa sa  
 ons maak hul al-mal klaar Rooi-huis hier Rooi-huis daar  
 Rooi-huis maak hul al-mal klaar ja ja o ja ja ja.


Rom rom rom  
 dis Rooihuis wat daar kom  
 sa sa sa  
 ons maak hul almal klaar  
 Rooihuis hier Rooihuis daar  
 Rooihuis maak hul almal klaar  
 ja ja o ja ja ja.  
 (Kindergroep: Goedeverwachting Primêr, Rietkuil, Swellendam)

Die woorde "Rom rom rom" opgevolg met "kom", is deel van 'n bekende kreet wat vroeër jare deur ondersteuners van die Universiteit van Stellenbosch se sportspanne gebruik is. Dit lui soos volg:

Rom! Rom! Rom!  
 Stellenbosch kom!  
 Gemmasessa wa i!  
 Moeranti joti sa i!  
 Ghemelaja ghemelaja wha wha wha!  
 Ghemelaja ghemelaja wha wha wha!  
 STELLENBOSCH!  
 (G.J. de Swardt:onderhoud)

Die verwysing na "Rooihuis" het hier dieselfde betekenis as in nr. 126, naamlik die naam van 'n sportspan.

(132)




Sa ge-luk Car-na-von sa ge-luk Car-na-von  
 sa ge-luk Car-na-von — Car-na-von.

Sa geluk Carnavon  
 Sa geluk Carnavon  
 Sa geluk Carnavon  
 Carnavon Carnavon.  
 (Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)


Die woorde skep die indruk dat dit 'n tipe segelied is wat ná 'n oorwinning gesing is.

(133)




Stan-ford wil maan toe gaan Stan-ford wil maan toe gaan hul





kan nie af-ford nie hul-le kan nie af-ford nie hul-le




hang aan die ha-kies-draad hul-le hang aan die ha-kies-draad.


Stanford wil maan toe gaan  
 Stanford wil maan toe gaan  
 hul kan nie *afford* nie  
 hulle kan nie *afford* nie  
 hulle hang aan die hakiesdraad  
 hulle hang aan die hakiesdraad.  
 (Barnard 1986:266)

Stanford is 'n buurdorp van Gansbaai waar bogenoemde lied opgeteken is. Dit is dus baie duidelik 'n spottery met die buurskool. Die laaste twee reëls kom ook voor in 'n kwatryn wat 'n danslied is (vergelyk nr. 322).

(134)




Sub A ry die wa sub B ag-ter-na stan-derd een skiet die




bom stan-derd twee val om.

Sub A ry die wa  
 Sub B agterna  
 St. 1 skiet die bom  
 St. 2 val om.  
 (Kindergroep: St. John's Junior Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

(135)




Waar is Groen-huis? hy is nie hier nie waar is Geel-huis?



hy is nie hier nie Rooi-huis gaan die he-ker wen



daar op die baan- Rooi-huis gaan die be-ker wen



daar op die baan.

Waar is Groenhuis?

hy is nie hier nie

waar is Geelhuis?

hy is nie hier nie

Rooihuis gaan die beker wen

daar op die baan

Rooihuis gaan die beker wen

daar op die baan.


(Kindergroep: Goedeverwachting Primêre Skool, Rietkuil, Swellendam)

Die verskillende huise verwys hier weer eens na die sportspanne.

### 3.2.5 Algemene liederere

Die volgende agtien liederere is deur die meeste informante as "singliedjies" aangedui, dit wil sê dit word nie by spel gebruik nie. Dit kon ook nie by een van die vorige vier onderafdelings ingedeel word nie.

(136)



Daan-tjie jy moet huis toe gaan, jou vrou is bai-e siek is sy siek

bly sy siek maar ek gaaneers 'n dop-pie stiek maar huis toe gaan ek nie ja  
huis toe gaan ek nie.

Daantjie jy moet huis toe gaan  
jou vrou is baie siek  
is sy siek bly sy siek  
maar ek gaan eers 'n doppie stiek  
maar huis toe gaan ek nie  
ja huis toe gaan ek nie.

Daantjie jy moet huis toe gaan  
jou vrou is al dood  
is sy dood bly sy dood  
vat haar maar en gooi haar in die sloot  
maar huis toe gaan ek nie  
ja huis toe gaan ek nie.

Daantjie jy moet huis toe gaan  
jou vrou word nou begrawe  
is sy begraaft bly sy begraaft  
mag die Heer haar beter straf  
maar huis toe gaan ek nie  
ja huis toe gaan ek nie.

(Barnard 1986:264)

Die woord "stiek" in die eerste strofe is 'n Bolandse uitspraak van "steek". In hierdie geval is dit ook 'n rymwoord saam met "siek".

Die lied is in Vlaandere deur Lucy Gelber opgeteken, waar dit vyf strofes het:

Jan, en ge moet eens gauw naar huis toe gaan,  
Want uw vrouw die is zo ziek.  
Is ze ziek, dan blijft ze ziek,  
Als de ziekte maar een goede is.  
Naar huis toe gaan doe ik toch niet!  
Naar huis toe gaan doe ik toch niet!

Jan, en ge moet eens gauw naer huis toe gaan,  
 Want uw vrou die is dood.  
 Is ze dood, dan blyf ze dood:  
 Al wat dood is eet geen brood.  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!


Jan, en ge moet eens gauw naer huis toe gaan,  
 Want uw vrou die is in de kist.  
 Is z'in de kist, dan blyf z'in de kist,  
 Als de kist maar goed gesloten is.  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!

Jan, en ge moet eens gauw naer huis toe gaan,  
 Want uw vrou die is in de kerk.  
 Is z'in de kerk, dan blyf z'in de kerk:  
 Dan heeft meneer pastoor toch werk.  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!

Jan, en ge moet eens gauw naer huis toe gaan,  
 Want uw vrou die is in het graf.  
 Is z'in het graf, dan blyf z'in het graf:  
 Dan ben ik van een hele goede grolpot af.  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!  
 Naer huis toe gaan doe ik toch niet!  
 (Gelber 1982:174-175)

Die wysies stem nie ooreen nie.

(137)



Daar kom Pol-la om die hoe-kie daar kom Pol-la om die hoe-kie



daar kom Pol-la om die hoe-kie en Pol-la met sy waai dres-sie en

Pol-la om die hoe-kie en Pol-la om die hoe-kie en  
 Pol-la om die hoe-kie en Pol-la met sy waai dres-sie.

Daar kom Polla om die hoekie  
 daar kom Polla om die hoekie  
 daar kom Polla om die hoekie  
 en Polla met sy waai dressie.

En Polla om die hoekie  
 en Polla om die hoekie  
 en Polla om die hoekie  
 en Polla met sy waai dressie.  
 (H. Farmer: Eksteensfontein)

Die woord "waai" in die laaste reël van beide strofes is waarskynlik 'n vervorming van "white". Die lied is 'n variant van die kringspel "Daar kom Bellie om die hoekie" (vergelyk nr. 25).

(138)

Daar on-der in die vlei waar die bees-te wei die  
 se-we bob-be-jaan-tjies sit en kyk na my die  
 een drink wa-ter en die an-der gooi nat die  
 an-der is 'n biet-jie so lui hy gaan na die boer en hy

vra sy roer die boer se g!ú dit is oor-logs-tyd hy  
 maak net tand-jies en hy wil my byt //ho //ho //ho sê die  
 se-wen-de Mei.

Daar onder in die vlei  
 waar die beeste wei  
 die sewe bobbejaantjies  
 sit en kyk na my  
 die een drink water  
 en die ander gooi nat  
 die ander is 'n bietjie so lui  
 hy gaan na die boer  
 en hy vra sy roer  
 die boer sê g!ú  
 dit is oorlogtyd  
 hy maak net tandjies  
 en hy wil my byt  
 //ho //ho //ho  
 sê die sewende Mei.

(Kindergroep: Elizabeth Wimmer N.G.K.Primêr, Lekkering)

Daar is reeds verwys na die klapklanke wat by twee liedere gevind is. Dit is waarskynlik oorblyfsels van die Namataal. Hierdie lied, wat in die Richtersveld opgeteken is, is die tweede voorbeeld (vergelyk ook nr. 43). Die eerste sewe reëls van die lied toon ooreenstemming met nr. 74 en die laaste agt reëls met nr. 66.

(139)

Daar trek 'n ha-sie sê Piet vi-sa-gie skiet sê Coen-raad



Wiid dwars-oor die muur spring Daan-tjie Duur skram sê Wi-lem Mof-  
 ram ek is wit sê Griet-tjie Smit my wais blou sê A-der-jan  
 Louw.

Daar trek 'n hasie  
 sê Piet Visagie  
 skiet sê Coenraad Wiid  
 dwarsoor die muur  
 spring Daantjie Duur  
 skram sê Willem Mofram  
 ek is wit sê Grietjie Smit  
 my wa is blou sê Aderjan Louw.  
 (A. Farmer: Eksteensfontein)


Bogenoemde is 'n baie bekende Afrikaanse rym waarvan daar talle variante bestaan. Pieter W. Grobbelaar het die volgende een in sy bundel *Trippe trappe trone* opgeteken:

"Daar trek 'n hasie!"  
 sê oom Koos Visagie.  
 "Skiet hom met 'n pyl,"  
 sê oom Piet van Zyl.  
 "Dis te kort,"  
 sê ou Delport.  
 "Dis oor die rantjie,"  
 sê sus Antjie.  
 "Dis oorheen,"  
 sê ou tant Leen.  
 "Deur sy stertvelletjie,"  
 sê ou vrou Nelletjie.  
 "Dit is raak,"  
 sê meneer Vermaak.

"Sit hom in die pot,"  
 sê Gert de Bod.  
 "Dit smaak lekker,"  
 sê Sarel Bekker.  
 (Grobelaar 1976a:55)

Ook S.J. du Toit het 'n paar variante opgeteken wat hy as uittelryme behandel (1924:71-72).


(140)



Die A-team die A-team B-A is sterk Mur-doch is mal



Face het 'n mei-sie Han-ni-hal is kap-tein hy ry die bus-sie met



B-A daar-by toe roe te-roe toe toe roe te roe.

Die A-team die A-team  
 BA is sterk  
 Murdock is mal  
 Face het 'n meisie  
 Hanniball is kaptein  
 hy ry die bussie  
 met BA daarby  
 toe roe te-roe toe  
 toe roe te-roe.

(Kindergroep: Proseskop N.G.K.Primêr, Buffeljagsrivier, Swellendam)

Die A-team is 'n uiters gewilde Amerikaanse televisiereeks wat in die tagtigerjare vir die eerste maal op Suid-Afrikaanse televisie te sien was. Die name in die liedjie is dié van die vier hoofkarakters in die reeks, naamlik BA, Murdock, Face en Hanniball, wat die leier van die span is. Dit is 'n baie oorspronklike lied wat deur die kinders geskep is. Die wysie is nie dié van een of ander bekende lied nie, maar het waarskynlik by hulle self ontstaan.

(141)

Die haas se kop is ek en jy s'n- e die  
le-wer en die long-e is die kin-ders s'n-e .


Die haas se kop is ek en jy s'ne  
die lewer en die lange is die kinders s'ne  
die haas se kop is ek en jy s'ne  
die lewer en die lange is die kinders s'ne.  
(Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

In die woord "s'ne" (spreek uit "sinne") aan die einde van elke reël verteenwoordig die afkappingsteken die letter "y". Die woord moet dus eintlik lui "syne" wat "behoort aan" beteken.

Daar is reeds genoem dat die tema van kos baie belangrik is in die liedere van die bruinmense. In bogenoemde lied is dit weer eens opvallend (vergelyk nrs. 8,9,23,35 en 93).

(142)

Een Sa-ter-dag-mo-re het ek op-ge- staan my ge-sig ge-  
was my ha-re ge- kam toe gaan ek  
bui-te by die voor-deur staan toe sien ek  
daar kom haas wil-lie se hond-jie aan en hy kom na



my en hy se vir my jou dag-ga-ro-ker jou wyn-ver-  
 ko-per o my ba-sie wat het ek ge-  
 maak toe kry ek se-we maan-de daar bin-ne-in die ma-gi-  
 straat hul-le gooi my hier hul-le gooi my  
 daar hul-le gooi my voor die ma-gi-straat hul-le trek my  
 bin-ne-in my broek se naat.

Een Saterdagmôre het ek opgestaan  
 my gesig gewas my hare gekam  
 toe gaan ek buite by die voordeur staan  
 toe sien ek daar kom baas Willie se hondjie aan  
 en hy kom na my en hy sê vir my  
 jou daggaroker se wynverkoper  
 o my basie wat het ek gemaak  
 toe kry ek sewe maande binne-in die magistraat  
 hulle gooi my hier a a  
 hulle gooi my daar a a  
 hulle gooi my voor die magistraat  
 hulle trek my binne-in my broek se naat.  
 (Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

'n Fragment van 'n baie bekende lied wat onder meer deur die Maleiers gesing word, kom in bogenoemde lied voor. Vergelyk reëls sewe en agt met I.D. du Plessis se optekening van die Maleierlied:

Hier's ek weer al voor die deur  
 Al voor die Judge en die Magistraat,  
 Oe la, my basie wat het ek gemaak?  
 Toe kry ek nege maande bo in die Roelandstraat.  
 (Du Plessis 1939:144)

Die wysies van die betrokke twee reëls uit die lied van die bruin kinders en dié by Du Plessis stem grotendeels ooreen.

Die bekende vorm soos ook deur blankes gesing, wyk baie min af van bogenoemde:

O hier's ek weer,  
 In die Roelandstraat,  
 Voor die deur  
 Van die magistraat.  
 O alla basie, wat het ek gemaak,  
 Toe kry ek nege maande bo in die Roelandstraat.  
 (De Waal 1956:32-33)

(143)



Ek lus vir 'n ap-pel en 'n ei en 'n  
 stuk-kie ka-sie daar-by hoe-ra hoe-ra hoe-ra kom  
 slaap van-aand by my want die spo-ke gaan jou ver-lei.

Ek lus vir 'n appel en 'n ei  
 met 'n stukkie kaside daarby  
 hoera hoera hoera  
 kom slaap vanaand by my  
 want die spoke gaan jou verlei.  
 (R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

Die woord "ei" in reël een is 'n verouderde Nederlandse vorm van "eier".

By kringspele is daar reeds verskeie variante van dié lied behandel (vergelyk nrs. 35, 35(a) en 35(b)). Volgens die informant is hierdie voorbeeld gesing sonder om daarby te speel.

(144)

Ha-sie ha-sie blou-bok pad-da het ge-hoes ko-  
 nyn-tjie steek sy ving-er in sy kies skil-pad sê net poi poi.

Hasie hasie bloubok  
 padda het gehoes  
 konyntjie steek sy vinger in sy kies  
 skilpad sê net poi poi.  
 (B. van Wyk: Fraserburg)


Dié liedjie is 'n variant van 'n bekende kinderrytm wat ook by 'n blanke musiekonderwyseres gehoor is en soos volg lui:

Hasie hasie wolstert  
 die olifant speel kitaar  
 die slakkie speel op sy saxofoon  
 en die skilpad sê net poi poi poi.  
 (M. Gericke: George)

Alhoewel die wysies nie presies dieselfde is nie, toon dit sterk ooreenkoms.



(145)



Maan-dag werk-ek nie Dins-dag gaan ek op  
sprie Woens-dag gaan ek na my mei-sie toe en Don-der-dag  
kom ek weer Vry-dag is dit die Slam-se se kerk  
wie de dui-welwil Sa-ter-dag werk? Son-dag is dit weer  
on-se kerk en Maan-dag werk ek nie .

Maandag werk ek nie  
Dinsdag gaan ek op sprie  
Woensdag gaan ek na my meisie toe  
en Donderdag kom ek weer  
Vrydag is dit die Slamse se kerk  
wie de duiwel wil Saterdag werk  
Sondag is dit weer onse kerk  
en Maandag werk ek nie.  
(Barnard 1986:262)

Die luiaardslied het baie variante, hoewel bostaande die enigste een is wat by die bruinmense gevind is. Grobbelaar het dit soos volg in die bundel *Trippe trappe trone* opgeteken:

Van Maandag moet ek Maandag maak  
om Dinsdag aan die werk te raak,  
Woensdag is ek siek,  
Donderdag werk ek nie,

Vrydag is daar Slamse kerk,  
 en wie wil nou op Saterdag werk?  
 En Sondag is weer kerk.  
 (Grobbelaar 1976a:47)

Luiaardsryme is in wese 'n gespesialiseerde soort spotrym (Grobbelaar 1975:132). Dit het te make met die kind, wat self 'n sosiale wese is, se verhouding tot sy medemens (Grobbelaar 1982:223).

Du Toit gee 'n Afrikaanse sowel as 'n Nederlandse variant. Laasgenoemde word aangehaal:

Meester, mag ik Maandag houwen,  
 Dinsdag gaat mijn suster trouwen,  
 Woensdag moet ik bruiloft houwen,  
 Donderdag is ze ziek;  
 Vrijdag wil ze niet,  
 Zaterdag is het werkdag,  
 Zondag is het kerkdag.  
 (Du Toit 1924:58)

Cloete het ook 'n variant by die Griekwas gevind:

Maandag werk ek nie  
 Dinsdag is ek op my "free"  
 Woensdag gaan ek na my meisie toe  
 en Donderdag kom ek weer.  
 Vrydag is mos die Slamse fees  
 Wie de duiwel wil Saterdag werk,  
 Sondag is dit mos Skotse Kerk  
 en Maandag dan werk ek nie.  
 (Cloete 1986:281)

Oor die algemeen word luiaardsryme opgesê, terwyl die weergawe van die bruin kinders sowel as dié van Cloete gesing word. Die wysies toon groot ooreenstemming.

(146)

My-le weg na Jo-han-nes-burg toe ek daar kom toe

is hy al weg.

Myle weg na Johannesburg

toe ek daar kom

toe is hy al weg.

(Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

Daar is reeds vroeër melding gemaak van die reël "die trein trek weg" wat dikwels in liedere voorkom, soms met die bykomende woorde "na Johannesburg" (vergelyk nrs. 74 en 91). By hierdie lied is dit net effens gewysig. Dit lyk asof dit 'n tipe hartseer- of liefdeslied is wat deur die kinders uit die wêreld van die volwassenes oorgeneem is.

(147)

My ou-pa het 'n perd met 'n bai-e lang-e stert en  
 op die perd wil my ou-pa ry hy ry daar teen die vlei dat die  
 perd se woe-te gly en op die perd wil my ou-pa ry hoe-  
 ra hoe-ra hy ry dat die stof so staan hoe-ra hoe-  
 ra daar kom my ou-pa aan my ou-pa het 'n perd met 'n  
 bai-e lang-e stert en op die perd wil my ou-pa ry.

My oupa het 'n perd met 'n baie lange stert  
 en op die perd wil my oupa ry

hy ry daar teen die vlei  
 dat die perd se voete gly  
 en op die perd wil my oupa ry  
 hoera hoera hy ry dat die stof so staan  
 hoera hoera  
 my oupa het 'n perd met 'n baie lange stert  
 en op die perd wil my oupa ry.  
 (Kindergroep: Elizabeth Wimmer N.G.K.Primêr, Lekkersing)

(a)

My ou-pa het 'n perd met 'n stom-pe stert maar  
 op die perd wil my ou-pa ry hoe-ra hoe-  
 ra daar kom my ou-pa aan hoe-ra hoe-ra en hy  
 ry dat die stof so staan my ou-pa het 'n perd met 'n stom-pe  
 stert maar op die perd wil my ou-pa ry.

My oupa het 'n perd met 'n stompe stert  
 maar op die perd wil my oupa ry  
 hoera hoera daar kom my oupa aan  
 hoera hoera hy ry dat die stof so staan  
 my oupa het 'n perd met 'n stompe stert  
 maar op die perd wil my oupa ry.

My oupa ry deur die pan dat die stof so staan

maar op die perd wil my oupa ry  
 hoera hoera daar kom my oupa aan  
 hoera hoera en hy ry dat die stof so staan  
 my oupa het 'n perd met 'n stompe stert  
 maar op die perd wil my oupa ry.  
 (J. Swart: Vredendal)

Hoewel mnr. Swart 'n volwassene is, het hy te kenne gegee dat hy die lied (variant (a)) as kind leer ken het.

'n Variant is deur Grobbelaar in die radioreeks *Die volks as digter III* uitgesaai. Die eerste strofe lui soos volg:

My oupa het 'n perd  
 met 'n spierwitte stert  
 waarmee hy die vlieë van hom waai  
 sy ore is so lank  
 soos 'n viersitplekbank  
 en as hy runnik sal jy sweer  
 dis 'n haan wat kraai.  
 (Grobbelaar 1988:26)

Dit is moontlik dat die lied deur middel van die grammofoonplaat bekend geword het. Dit kom voor op die plaat *Agter die ou kraalmuur* van Chris Blignaut, met die volgende woorde:

My oupa het 'n perd  
 met 'n stomp stomp stert  
 maar op die perd wil my oupa ry  
 hy kom daar deur die vlei  
 en die perd se voete gly  
 maar op die perd wil my oupa ry  
 hoera hoera  
 daar kom my oupa aan  
 hoera hoera  
 hy ry dat die stof so staan  
 my oupa het 'n perd  
 met 'n stomp stomp stert  
 maar op die perd wil my oupa ry  
 hy jaag soos 'n cowboy op die plaas  
 die hoenders die spat die ganse die raas  
 my oupa het 'n perd met 'n stomp stomp stert  
 maar op die perd wil my oupa ry  
 hy lyk so snaaks met sy een voortand  
 hy lyk soos oom Kallie van die vaderland  
 my oupa het 'n perd met 'n stomp stomp stert

maar op die perd wil my oupa ry  
 hy het 'n job in die sirkus gekry  
 hy moet staan staan op sy ou perd ry  
 my oupa het 'n perd met 'n stomp stomp stert  
 maar op die perd wil my oupa ry.

(Plaat: Juweel LSJ 12-225)

Chris Blignaut is in 1897 gebore en het reeds tydens die Eerste Wêreldoorlog begin sing onder die naam Harold Wise (die konsertbase was van mening dat sy eie naam nie goed genoeg was nie). Hy was die eerste Afrikaanse sanger wat oor die radio opgetree het. Hy het talle plate gemaak en daar is meer as een en 'n halfmiljoen van sy plate verkoop (*Die Brandwag* 13/7/1956:20).

Chris Blignaut het dikwels bestaande volksliedjies bygewerk of in keurspele saamgevoeg. By bogenoemde lied is dit duidelik dat die teks vanaf reël dertien tot die einde in trant verskil van die voorafgaande en dus waarskynlik Blignaut se eie woorde is.

By die Rehoboth-Basters is ook 'n variant gevind wat soos volg lui:

My oupa het 'n perd met 'n baie stomp stert,  
 En op die perd wil my oupa ry.  
 Hy ry deur die vlei en die perdjie het gegly,  
 Maar op die perd wil my oupa ry.  
 Hoéré! Hoera! Hoéré! Hoera!  
 Daar kom my oupa aan.  
 Hoéré! Hoera! Hoéré Hoera!  
 Hy ry dat die stof so staan.  
 My oupa het 'n perd met 'n baie stomp stert,  
 En op die perd wil my oupa ry.  
 Hy ry deur die vlei en die perdjie het gegly,  
 Maar op die perd wil my oupa ry.  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 128).

Die wysies van al drie aangehaalde voorbeelde stem ooreen.

(148)

Pê-re by waar-om steek jy my? ek het jou mos niks ge-maak

waar-om steek jy my?



Pêreby waarom steek jy my?

pêreby waarom steek jy my?


ek het jou mos niks gemaak

waarom steek jy my?

(R. Wales: La-de-dah, Beaufort-Wes)

'n Variant van "Pêreby" is onder kringspele behandel (vergelyk nr.53). Die eerste twee reëls van die wysies stem min of meer ooreen.

(149)



Son-dag-ag-ter-mid-dag toe vat ek my pop en loop ek

loop toe weg tot an-der-kant die berg toe be-gin my pop te

praat hier kom 'n man ver-by my ek won-der wie is hy hy

haal af sy hoed om vir my te groet dis doe-la doe-la doe-la dy.

Sondagagtermiddag

toe vat ek my pop en loop

ek loop toe weg tot anderkant die berg

toe begin my pop te praat

hier kom 'n man verby my

ek wonder wie is hy

hy haal af sy hoed

om vir my te groet

is 'n doela doela dy a dy.

(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêre Skool, distrik Graafwater)

Dié lied is 'n variant van nr. 33, wat by 'n kringspel gesing word. Die wysies stem ooreen.

(150)

So rik-ke -tik-ke -tik my trom-mel-tjie so slaan ek op my  
trom-mel-tjie en ek ben daar op my fleur en ek ben daar op my fleur.

So rikke-tikke-tik my trommeltjie  
so slaan ek op my trommeltjie  
en ek ben daar op my fleur  
en ek ben daar op my fleur.  
(A. Farmer: Eksteensfontein)

Mev. Farmer het ook die liedjie as kind geleer. Dit is woordeliks dieselfde as een van S.J. du Toit uit Calvinia. Du Toit gee ook ander variante wat elders gevind is. Hy noem dit 'n geselskapspel, maar verduidelik nie hoe dit gespeel is nie (1924:115). Die wysies stem feitlik presies ooreen.

(151)

Ta- ma-tie jô jô jô jô ta- ma-tie jô jô  
jô jô I like a kuif a kuif a mi-ni kuif I like a  
kuif a kuif a mi-ni kuif ta- ma-tie jô jô jô jô.

Tamatie jô jô jô jô  
tamatie jô jô jô jô

*I like a kuif a kuif a mini-kuif*  
*I like a kuif a kuif a mini-kuif*  
 tamatie jô jô jô jô  
*I like a smile a smile a mini-smile*  
*I like a smile a smile a mini-smile*  
 tamatie jô jô jô jô  
*I like a broek a broek a mini-broek*  
*I like a broek a broek a mini-broek*  
 tamatie jô jô jô jô  
 tamatie jô jô jô jô.  
 (Kindergroep: Laerskool R.P.Botha, Zoar, distrik Ladismith)

By hierdie lied word die reëls wat met "tamatie" begin, gesing en die res word gesê.

Die voorvoegsel "mini" het algemeen in die spreektaal begin voorkom ná die verskyning van die minirok in kleremodes in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare. Dit is dus moontlik dat die lied in daardie jare of kort daarná ontstaan het.

(152)

Tant San-nie sy huil sy kan nie oor die bult kom nie sy  
 kan nie oor die bult kom nie sy kan nie oor die bult kom  
 nie tant San-nie sy huil sy kan nie oor die bult kom  
 nie haar rok-kie is te nou en haar been-tjie is te kort.

Tant Sannie sy huil  
 sy kan nie oor die bult kom nie  
 sy kan nie oor die bult kom nie  
 sy kan nie oor die bult kom nie  
 tant Sannie sy huil

sy kan nie oor die bult kom nie  
 haar rokkie is te nou en haar beentjie is te kort  
 haar rokkie is te nou en haar beentjie is te kort.  
 (Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)


Grobbelaar gebruik in *Die volk as digter III* 'n variant van bogenoemde wat uit die Langkloof kom:

Tant Siena sy huil  
 sy kan nie oor die brug kom nie  
 sy kan nie oor die brug kom nie  
 sy kan nie oor die brug kom nie  
 tant Siena sy huil  
 sy kan nie oor die brug kom nie  
 haar rokkie is te nou  
 en haar beentjies is te kort  
 haar rokkie is te nou  
 en haar beentjies is te kort.  
 (Grobbelaar 1988:20)

Die wysies van die twee variante is presies dieselfde.

(153)

Tok-ke - los-sie in die ka-mer hy maak vir Dol-la bang Dol-  
 la vat sy skoe-ne en sok kies en hy hard-loop deur die  
 gang 'n bot-tel vol Tas maak my ba-be-las 'n  
 gla-sie wyn maak my kopp-pie pyn 'n  
 bot-tel vol Tas maak my ba-be-las 'n bot-tel vol Tas-  
 gla-sie wyn maak my kop-pie pyn 'n gla-sie wyn-  
 'n bot-tel vol Tas maak my ba-be-las 'n  
 'n gla-sie wyn



maak my kop-pie pyn.

Tokkelossie in die kamer  
 hy maak vir baba bang  
 hy maak vas sy skoen en sokkies  
 en hy hardloop deur die gang  
 'n bottel vol Tas maak my babbelas  
 'n bottel vol Tas maak my babbelas  
 'n bottel vol Tas 'n bottel vol Tas  
 maak my babbelas  
 'n glasie wyn maak my koppie pyn  
 'n glasie wyn maak my koppie pyn  
 'n glasie wyn 'n glasie wyn  
 maak my koppie pyn.

(Kindergroep: Zeekoeivlei Primêre Skool, distrik Graafwater)

Tokkelossie, wat in die Afrikaanse volksgeloof opgeneem is uit die swartmense se geloofswêreld, word algemeen as 'n kinderskrik aangewend. Hy is 'n harige klein mannetjie wat graag kwaad doen. Hy terg en steel en verniel. Tog is hy vriendelik teenoor kinders en swaksinniges en verrig selfs huiswerkies vir die vrou by wie hy bly. Sy klere bestaan uit 'n kort baadjie en langbroek, of hy het vroueklere aan. Soms word hy ook gesien as half mens en half dier (Grobbelaar 1977:29-30,70). In die eerste deel van hierdie lied doen hy weer diens as kinderskrik. Die laaste deel van die lied lyk asof dit moontlik 'n tipe drinklied kon wees wat uit die wêreld van volwassenes oorgeneem is. Die naam "Tas" verwys na 'n wynsoort "Oom Tas" wat deur Stellenbosch Boerewynmakery bemark word. Dié wyn staan ook onder studente bekend as "Tassies".

## HOOFSTUK 4

### MINNE- EN AFSKEIDSLIEDERE

#### 4.1 Minneliedere

Die grootste klassifikasieprobleem waarmee 'n volksliedvorsner te make het, is sekerlik dié van oorfleueling. Soos verduidelik in hoofstuk 1.5, is daar besluit om alle dansliedere saam te groepeer. Daar sal dus ook onder die dansliedere (hoofstuk 5) talle minneliedere aangetref word. Die minneliedere wat in hierdie hoofstuk behandel word, is slegs dié waarby daar geen aanduiding is dat hulle as dansbegeleiding gebruik is nie.

Otto Schell beweer dat liefdesliedere die grootste deel van die volksliedereskat uitmaak (1908:119). So iets is moeilik te bepaal. Dit is egter wel waar dat baie volksliedere die liefde of hofmakery as tema het. Die liedere van die bruinmense is wat dit betref geen uitsondering nie.

In hoofstuk 4 en 12 kom heelparty liedere voor wat oorspronklik op ou Afrikaanse grammofoonplate verskyn het. Dié ou plaatopnames wat meestal van die twintiger- tot vyftigerjare gemaak is, het met betrekking tot die volkslied 'n tweeledige doel gedien. Aan die een kant het baie tradisionele volksliedere wat in die proses opgeneem is, bewaar gebly. Aan die ander kant was die plaatopnames van liedere wat in daardie stadium nuut geskep is, die oorsprong van talle latere volksliedere (Grobbeelaar 1987:84).

(154)

Al staan ek op die win-kel-stoep al staan ek op die win-kel-  
 stoep al staan ek op die win-kel-stoep dit kos 'n  
 die-ner om my af te roep ja- boers bok-kie jy met jou



Skots-rok-kie swaar-heid sal jy kry swaar-heid sal jy  
 kry maar jou lief-de bly by my ja- my.

Al staan ek op die winkelstoep  
 al staan ek op die winkelstoep  
 al staan ek op die winkelstoep  
 dit kos 'n diener om my af te roep  
 jaloers bokkie jy met jou Skotsrokkie  
 swaarheid sal jy kry  
 swaarheid sal jy kry  
 maar jou liefde bly by my  
 jaloers bokkie jy met jou Skotsrokkie  
 swaarheid sal jy kry  
 swaarheid sal jy kry  
 maar jou liefde bly by my.

(Volwasse groep: Die Vallei, Koo, distrik Montagu)

Die eerste vier reëls van hierdie lied vorm 'n drie-en-een-kwatryn. Die lied bestaan egter nie uit drie strofes van vier reëls elk nie, omdat die wysie van reëls vyf en nege nie dieselfde as dié van reël een is nie.

In reël vier kom die woord "diener" voor. Dit word algemeen deur die bruinmense gebruik om na 'n lid van die Polisiemag te verwys. "Skotsrokkie" in reël ses verwys waarskynlik na 'n romp of rok soortgelyk aan die tradisionele kleredrag van die Skotte, naamlik 'n romp van geruite materiaal.

'n Variant van die middelste deel word gevind in die danslied "Jaloerse bokkie//met 'n stywe rokkie" (vergeelyk nr. 259).

Om op die winkelstoep te staan of sit is iets waarna dikwels spottenderwys verwys word as een van die tradisionele tydverdrywe van Afrika.

(155)

Blom-me-tjie 'ksē vir jou wil ek aan die le-we hou al het ons



agt-ste jaar ver-laai jy my Boes-man-meid Is jy nog so flai.

Boesmanmeid is jy nog so flai  
 Boesmanmeid is jy nog so flai  
 sewe jaar na my gevry  
 die agtste jaar verlaat jy my  
 Boesmanmeid is jy nog so flai.  
 (Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Die woord "flai" word gebruik om 'n meisie wat uitlokkend of koketterig optree, te beskryf.

Fragmente van die lied kom voor in nrs. 186 en 337. Ook in die lied "Pamela", soos dit voorkom in Pieter Grobbelaar se reeks *Die volk as digter II*, is 'n strofe wat grotendeels ooreenstem met hierdie lied.

Sewe jaar het ek na haar gevry  
 ja sewe jaar het ek na haar gevry  
 sewe jaar het ek gevry  
 die agtste jaar verkul sy my  
 sewe jaar het ek na haar gevry.  
 (Grobbelaar 1987:273)

Dié optekening is afkomstig uit Heidelberg, Transvaal. Daar is geen ooreenkoms in die wysies nie.

(157)

Bok-kie jy moet huis toe gaan dis laat al jou  
 mam-mie en jou pap-ple is al kwaad al as  
 ek kan jol soos jy kan jol dan jol ons in die ci-ty hall




bok-kie jy moet huis toe gaan dis laat al die  
 hoen-der die kraai en die rooi-dag die breek die  
 hoen-der die kraai en die rooi-dag die breek Jan-nie jy moet ja sê  
 ja sê ja sê Jan-nie jy moet ja sê die hoen-der-haan die kraai.

Bokkie jy moet huis toe gaan dis laat al  
 jou mammie en jou pappie is al kwaad al  
 as ek kan jol soos jy kan jol  
 dan jol ons in die *city hall*  
 bokkie jy moet huis toe gaan dis laat al  
 die hoender die kraai  
 en die rooidag die breek  
 die hoender die kraai  
 en die rooidag die breek  
 Jannie jy moet ja sê ja sê ja sê  
 Jannie jy moet ja sê  
 die hoenderhaan die kraai.

(Kindergroep: Proseskop N.G.K.Primêr, Buffeljagtsrivier, Swellendam)

Die laaste gedeelte van die lied is 'n variant van "Die hoenderhaan die kraai" (nr. 162), waar ander variante vollediger bespreek word.

(158)



Bok-kie sê my reg is ek goed of is ek sleg daai


ding wil ek nou weet of het jy my al ver-geet? bok-kie vat jou  
sloop ons moet Mam-ma se huis toe loop vloek en skel is niks maar ja-  
loers is lie-der-lik my voet se eelt is seer maar ek spring nog soos 'n  
beer Ou lief-ling van die vlei jy's so mooi jy hoort aan my hou  
vas hier aan my hand want dis wild daar oor die rand die  
ein-de van ons pad is so ver maar ons moet stap.

Bokkie sê my reg  
is ek goed of is ek sleg?  
daai ding wil ek nog weet  
of het jy my al vergeet?  
bokkie vat jou sloop  
ons moet Mamma se huis toe loop  
vloek en skel is niks  
maar jaloers is liederlik  
my voet se eelt is seer  
maar ek spring nog soos 'n beer  
ou liefling van die vlei  
jy's so mooi jy hoort aan my  
hou vas hier aan my hand  
want dis wild daar oor die rand  
die einde van ons pad  
is so ver maar ons moet stap.


(P. van der Westhuizen: Bellville)

Dié lied van mnr. Pieter van der Westhuizen bevat verskeie reëls wat herhaaldelik in die liedere van die bruinmense voorkom, byvoorbeeld "Bokkie sê my reg//is ek goed of is ek sleg" (vergelyk nr. 274, en vir reël een, vergelyk onder meer nrs. 236, 302 en 313), "bokkie vat jou sloop//ons moet Mamma se huis toe loop" (vergelyk nrs. 214, 215 en 313) en "vloek en skel is niks//maar jaloers is liederlik" (vergelyk nr. 290).


(159)




Daar- is ie- mand wat ween oor my al- leen



ie- mand wat ek ook min en daar is




ie- mand wat ween oor my al- leen ie- mand wat




ek ook min ek het raad pro-beer om haar



lief- de te red maar ons kon nie ak- kor- deer en ek



wens so saans nadie he- mel daar- bo dat sy te- rug moet



keer want sy weet dat ek ween vir haar al- leen en



sy weet dat ek ook ween.



Daar is iemand wat ween  
 oor my alleen  
 iemand wat ek bemin  
 daar is iemand wat ween  
 oor my alleen  
 iemand wat ek ook min  
 ek het hard probeer  
 om haar liefde te red  
 maar ons kon nie akkordeer  
 en ek wens so saans  
 na die hemel daarbo  
 dat sy terug moet keer  
 want sy weet dat ek ween  
 vir haar alleen  
 en sy weet dat ek ook ween.  
 (Jodel)  
 (S. Rondganger: George)

Soos aangedui aan die einde van die musiek, volg daar 'n gedeelte waar die sanger gejodel het. Jodel by die bruinmense is in hoofstuk twee bespreek.


(160)

Daar ry hy met daar-die pad hier sit ek met my hart-seer

hart dit is hy en dit is hy wat so lig-voets ry daar-om het

hy mos toe die ja-woord ge-kry maarek was vas-ge-bind ja in die

mō-re-dou stuk-kend ge-sleean met 'n do-ring-tak dit is



hy en dit is hy wat so lig-voets ry daar-om het hy mos toe die  
ja-woord ge-kry.

Daar ry hy met daardie pad  
hier sit ek met my hartseer hart  
dit is hy en dit is hy  
wat so ligvoets ry  
daarom het hy mos toe die jawoord gekry  
maar ek was vasgebind  
ja in die môredou  
stukkend geslaan met 'n doringtak  
dit is hy en dit is hy  
wat so ligvoets ry  
daarom het hy mos toe die jawoord gekry.  
(A. Ferus: Ladismith)

Reël twee, "hier sit ek met my hartseer hart", is 'n tema wat meermale in die volkslied aangetref word. Nog 'n voorbeeld wat by die bruinmense voorkom, is nr. 404(c).

(161)



Da-me Be-lin-da so rein en skoon  
fyn en beer is jy da-me Be-lin-da my har-te-  
dief jy weet ek het jou so lief ek  
sal die wê-reld deur-reis met jou aan-my

sy Be - lin - da Be - lin - da my har - te  
dief jy weet ek het jou so lief.

Dame Belinda so rein en skoon  
fyn en teer is jy  
dame Belinda my hartedief  
jy weet ek het jou so lief  
ek sal die wêreld deurreis  
met jou aan my sy  
Belinda Belinda my hartedief  
jy weet ek het jou so lief  
ek sal die wêreld deurreis  
met jou aan my sy  
Belinda Belinda my hartedief  
jy weet ek het jou so lief.  
(E. Biancie: Keerom, Koo, distrik Montagu)

Dié lied is vermoedelik van 'n ou plaat afkomstig.

(162)

Die hoen - der - haan die kraai en die rooi - dag die breek die  
hoen - der - haan die kraai en die rooi - dag die breek gee vir my die  
ja - woord dat ek kan huis toe gaan gee vir my die ja - woord dat

ek kan huis toe gaan.

Die hoenderhaan die kraai  
 en die rooidag die breek  
 die hoenderhaan die kraai  
 en die rooidag die breek  
 gee vir my die jawoord  
 dat ek kan huis toe gaan  
 gee vir my die jawoord  
 dat ek kan huis toe gaan.

(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

(a)

Die hoenderhaan die kraai en die rooidag breek aan

bok-kie jy moet reg sê reg sê reg sê bok-kie jy moet

reg sê want die trein trek weg.

Die hoenderhaan die kraai  
 en die rooidag breek aan  
 die hoenderhaan die kraai  
 en die rooidag breek aan  
 bokkie moet my reg sê reg sê reg sê  
 ou bokkie jy moet reg sê  
 want die trein trek weg.

(H. Korkee: Krakeelrivier, Langkloof)

(b)

Die aand se le-moe-ne die mô-re se pam-poe-ne  
 kom gee vir my die ja-woord ek wil huis toe gaan die  
 hoen-der-haan die kraai en die rooi-dag die breek kom  
 gee vir my die ja-woord want ek wil huis toe gaan.

Die aand se lemoene  
 die môre se pampoene  
 die aand se lemoene  
 die môre se pampoene  
 kom gee vir my die jawoord  
 ek wil huis toe gaan  
 die hoenderhaan die kraai  
 en die rooidag die breek  
 die hoenderhaan die kraai  
 en die rooidag die breek  
 kom gee vir my die jawoord  
 want ek wil huis toe gaan.

(E. Arendse: Krakeelrivier, Langkloof)

Die lied word ook by S.J. du Toit aangetref. Die volgende variant kom uit Boshof in die Oranje-Vrystaat:

Die rooidag die breek  
 en die hoenderhaan die kraai.  
 Die rooidag die breek  
 en die hoenderhaan die kraai.  
 Die tannies moet nou ja sê, ja sê, ja sê,  
 Die tannies moet nou ja sê,

want die oompies wil gaan ry.

(Du Toit 1924:159)

Nog 'n variant word aangetref in die refrein van "Staan, Poppie, staan":

Staan, Poppie, staan,  
En laat jou gedagte gaan,  
Dat jy vir my kan sê  
Of jy vir my wil hê.

Ref. Die haan die kraai,

Die dag breek aan,  
Gee my die ja-woord  
Voor ek gaan.

(Du Toit 1924:117)

In die bundel *Vir ons volkspelers* is die lied soos volg opgeteken:

Die hoenders die kraai  
en die rooidag breek aan.  
Die hoenders die kraai  
en die rooidag breek aan.  
Die tannies moet nou ja sê, ja sê, ja sê.  
Die tannies moet nou ja sê,  
want oompies wil nou ry.  
(NRVV 1962:105)

Van die baie variante en optekeninge wat hierbo aangehaal is, kan die afleiding gemaak word dat dié opsittiedjie baie gewild was. Nog 'n variant word by die dansliedere aangetref (vergelyk nr. 240).

Du Toit verwys na die verband tussen die eerste variant wat aangehaal is (1924:159) en die refrein van "Staan, Poppie, staan" (1924:117). Laasgenoemde lied is gesing saam met 'n soenspeletjie, terwyl "Die rooidag die breek" vertel van die opsittery wat geduur het totdat die nuwe dag deur die hoenderhaan aangekondig is en die vryer vinnig moes huis toe gaan (1924:158-159).

(163)

Die een wat ek nie wil hê nie die kom na my vry en die  
een wat ek wil hê die loop my ver-by so



nou gaan ek maar lie-wers na die On-der-veld toe so

nou gaan ek maar lie-wers na die On-der-veld toe.

Die een wat ek nie wil hê nie  
 die kom na my vry  
 en die een wat ek wil hê  
 die loop my verby  
 so nou gaan ek maar liewers  
 na die Onderveld toe  
 so nou gaan ek maar liewers  
 na die Onderveld toe.  
 (B. van Wyk: Fraserburg)

Die informant is 'n blanke vrou van Fraserburg. Sy het al die liedere wat sy vir die opname gesing het, by bruinmense geleer.

Verwysings na die Onderveld kom meermale in Afrikaanse volksliedere voor (vergelyk nrs. 506 en 506(a)). Vroeër jare was die mense van mening dat die streek wat bekend staan as die Boland, hoër geleë is as die res van die binneland, wat om daardie rede die Onderveld genoem is. Dit was dus van toepassing op 'n baie groot gebied, van Namakwaland tot die Vrystaat en Transvaal.

(164)

Dis die Bos-veld waarek let-tie ont-moet het ja in die  
 was so rein soos 'n roos in die mô-re maar nog-tans

ska-du van 'n ou ak-ker-boom dit is as-  
 was sy vir my nie be-doel en toe ek

of ek haar nog sien in die stil-te in die  
af-skeid neem van haar daar-die mô-re het ek

skadu van 'n ou ak-ker-boom sy  
een-saam en treur-ig-ge-voel

hoor hoe sing die voëls daar bui-te die win-ter is nou weer ver-

by ek sê toe ek be-min jou lief-ste

kom en gee 'n soen-tjie vir my sy fluis-ter

sag-gies dat sy dit nie kan doen nie en toe het

sy my die sto-rie ver-tel sy het haar hart al ge-gee aan 'n

an-der en my toe-koms was vir my toe voor-spel.

Dis die Bosveld waar ek Lettie ontmoet het  
ja in die skadu van 'n ou akkerboom  
dit is asof ek haar nog sien in die stilte  
in die skadu van 'n ou akkerboom  
sy was so rein soos 'n roos in die môre  
maar nogtans was sy vir my nie bedoel  
en toe ek afskeid neem van haar daardie môre  
het ek eensaam en treurig gevoel  
hoor hoe sing die voëls daar buite

die winter is nou weer verby  
 ek sê toe ek bemin jou liefde  
 kom en gee 'n soentjie vir my  
 sy fluister saggies dat sy dit nie kan doen nie  
 en toe het sy my die storie vertel  
 sy het haar hart al gegee aan 'n ander  
 en my toekoms was vir my toe voorspel.  
 (A. Ferus: Ladismith)


Hierdie lied is 'n vertaling van die bekende Engelse lied, "Isle of Capri". Die liriek van die Engelse weergawe is geskep deur Jimmy Kennedy en die musiek deur Will Grosz. Die eerste vier reëls lui soos volg:

It was on the Isle of Capri that I found you  
 beneath the shade of an old walnut tree  
 o I can still see the flowers blooming round you  
 where we met on the Isle of Capri.  
 (RCA Victor:38619)

Die Afrikaanse weergawe staan bekend as "Bosveld-liefde", maar 'n plaatopname kon nie opgespoor word nie. Die wysies is dieselfde.

(165)

Een Son-dag ag-ter-mid-dag toe  
 loop ek langs die kant van die ri- vier-- ek ont-  
 moet daar 'n mei-sie maar sy sê sy's te jonk vir my haar  
 tra-ne rol soos pe-trol en sy vee dit met 'n rooi sak-doeek  
 af--- al hoe be-ter hoe se-ker maar



Een Sondagtermiddag  
 toe loop ek langs die kant van die rivier  
 ek ontmoet daar 'n meisie  
 maar sy sê sy's te jonk vir my  
 haar trane rol soos petrol  
 en sy vee dit met 'n rooi sakdoek af  
 al hoe beter hoe seker maar sy vir my  
 maar sy sê sy's te jonk vir my.

(Kindergroep: Laerskool R.P. Botha, Zoar, distrik Ladismith)

Die eerste reël word gevind in die kinderlied "Een Sondagtermiddag//toe vat ek my pop en loop" (vergelyk nrs. 33 en 149). Die res van die twee liedere verskil egter heeltemal. Dieselfde reël herinner ook aan die danslied "Een Sondagmôre//toe stap ek oor die rantjie" (vergelyk nr. 250). Die wysies van die liedere verskil totaal.

(166)

Ek is op vir jou ek is klaar met jou hoor hoe huil die ma-kwê-tas  
 nou langbaad-jie dra tot die ein-de van die jaar  
 bok-kie ons moet huis toe gaan.

Ek is op vir jou  
 ek is klaar met jou  
 hoor hoe huil die makwêttas nou  
 langbaadjie dra tot die einde van die jaar  
 bokkie ons moet huis toe gaan.


(A. Stroebel: manuskrip)

Mev. Anna Stroebel, 'n blanke vrou van George, het in 1960 'n paar liedere wat sy by bruinmense gehoor het, in solfanote neergeskryf. Sy het die liedere gekry op die plaas Leeublad van mnr. S.J. Stander in die Oudtshoorn-distrik. Sy skryf in haar aantekeninge dat die liedjies hul ontstaan in die Karoo gehad het. Dit is 'n afleiding wat sy waarskynlik gemaak het omdat dit daar opgeteken is, maar daar is geen bewyse daarvoor nie. Mev. Stroebel het 'n hele aantal liedere op dié manier opgeteken en dit aan mnr. Burger Gericke, ook van George, gegee. Die dokumente is tans in skrywer se besit.

Die woord "makwêtta" is vervorm uit die Xhosawoord "bakwetha" of "abakwetha", wat verwys na manlike inisiantie (J.A. Du Plessis:onderhoud). "Langbaadjie dra" beteken om te rou.

Die woorde en musiek van die laaste reël stem ooreen met die laaste reël (voor die refrein) van "Die trane die rol oor jou, Bokkie" soos opgeneem in die *FAK-Sangbundel* (1979:147). Geen ander deel van die lied toon ooreenkoms in woorde of wysie nie.

(167)



Ek's my ma se droë pram ja haar ei-ge-ne laat-lam daar's geen  
 an-der be-ter ram daai as-koeken daai  
 vet-koek eet lek-ker tot die mam-ma vloek be-ter  
 kos in die berg gaan soek ek's ge-bou van  
 klip en sand ja hard werk ken my reg-ter-hand ek's n laai-tie van Na-ma  
 land.

Ek's my ma se droë pram  
 haar eiegn laatlam  
 daar's g'n ander beter ram  
 daai askoek en daai vetkoek  
 eet lekker tot die mamma vloek  
 beter kos in die berg gaan soek  
 ek's gebou van klip en sand  
 ja hard werk ken my regterhand  
 ek's 'n laitie van Namaland  
 ou Sil ek sal jou nie afstaan nie  
 ek's ou Piet van die Langlaag  
 vir jou sal ek my lewe waag  
 vat ou maat hier's vir jou 'n lekker dop  
 anders is ek kniediep in die sop  
 op hierdie kitaar van my  
 klink die snare op 'n ry  
 pas op ou kind ek kom vat jou vir my.  
 (P. van der Westhuizen: Bellville)

Dit is reeds genoem dat mnr. Pieter van der Westhuizen 'n uitvoerende kunstenaar is. As sy liedere goed bestudeer word, is dit duidelik dat sommige daarvan ongetwyfeld deur hom aangepas is, veral wat woorde betref. Sekere woorde en uitdrukkings lyk onvanpas by 'n volkslied, byvoorbeeld die reël "anders is ek kniediep in die sop" hierbo.

(168)

Ek staan so al-leen met tra-ne in my oë ek  
 loer deur die ven-ster ek sien die maan daar skyn al-leen al-  
 leen so - al-leen ag my lief-ling my har-tjie voel seer.



Ek staan so alleen  
 met trane in my oë  
 ek loer deur die venster  
 ek sien die maan daar skyn  
 alleen alleen so alleen  
 ag my liefling my hartjie voel seer.  
 (H.Apollos: George)

Dit is 'n besonder bekoorlike liefdeslied wat 'n baie droewe atmosfeer skep. Die wysie is uitsonderlik in dié sin dat daar intervalle voorkom wat ongewoon by die volkslied is, byvoorbeeld die mineur-derde by die openingsinterval.

(169)

Gans-baai se mei-sies is 'n biet-jie bai-e jonk Gans-baai se  
 mei-sies is 'n biet-jie bai-e jonk Gans-baai se mei-sies is 'n  
 biet-jie bai-e jonk want hul rok-kies hang op die grond  
 sê my waar jy bly o sê my waar jy bly  
 sê my waar jy bly dan wil die trein na jou toe  
 ry.

Gansbaai se meisies is 'n bietjie baie jonk  
 Gansbaai se meisies is 'n bietjie baie jonk  
 Gansbaai se meisies is 'n bietjie baie jonk  
 want hul rokkies hang op die grond  
 sê my waar jy bly  
 o sê my waar jy bly  
 sê my waar jy bly  
 dan wil die trein na jou toe ry.  
 (Barnard 1986:269)

Die lied is in Gansbaai opgeteken. Die melodie is dié van "John Brown's body", wat ook by nr. 25 aangetref is.

(170)

Ge- bran- de brie- fie my hart se lie- fie kom sê my  
 reg- want die trein trek weg- - - .

Gebrande briefie  
 my hart se liefie  
 kom sê my reg  
 want die trein trek weg  
 'n druppel water  
 van die môredou  
 is net so goed  
 as 'n soen van jou  
 'n soen van jou  
 sal ek nooit vergeet nie  
 want ek weet voorwaar  
 jy is my liefling  
 die bruin perd sal  
 op yster en staal  
 vir jou kom haal  
 jy is my liefling.  
 (G. Platjies: Die Bof, George)

Die reëls: "die bruin perd sal//op yster en staal//vir jou kom haal" is weerklanke van ander Afrikaanse volksliedere. By Du Toit word die volgende drie optekeninge gevind:

Die deur kan wees van yster en staal.  
Maar ek gaan haar daar dwarsdeur haal!  
(Du Toit 1924:184)


Die kolperd sal die skraal nooi daar gaan haal,  
Al is sy agter yster en staal [...]  
(Du Toit 1924:196)

Die kolperd sal haar daar gaan ha(a)l.  
Al is sy agter yster en klip [...]  
(Du Toit 1924:196)

Die wysies toon geen ooreenkoms met dié van die bruinmense nie.

Die liedere waaruit hierdie aanhalings kom, word deur Du Toit die "Oorkant-die-spruit-liedjies" genoem. Dit word meer volledig bespreek by nr. 183.

(171)



Geel Bar-ry loop 'n pas ja Geel Bar-ry loop 'n pas en  
kyk nou net daar loop hy hom in die Se-der-ber-ge vas.

Geel Barry loop 'n pas ja  
Geel Barry loop 'n pas  
en kyk nou net daar loop hy hom  
in die Sederberge vas.

Geel Barry kom in die hande ja  
Geel Barry kom in die hande  
en kort voor lank dan wei hy weer  
op Sanddrif se lande.

Die wit sakdoek se punt ja  
 die wit sakdoek se punt  
 hoe nader na die berge toe  
 hoe sterker waai die wind.

En eerdad daar vanjaar weer  
 die galereeboom blom  
 woon daar op Wolfhuis  
 'n bruid en bruidegom.  
 (Ons Erfenis:VLALG-IIb)

Grobbelaar het die lied opgeteken by mev. Jacoba Smit van Potchefstroom, wie se ouers van Clanwilliam af gekom het. Dit is uit daardie wêreld wat die lied oorspronklik kom. Mev. Smit vertel dat haar oupa Louw se oudste broer belang gestel het in 'n meisie wat in die Sederberge gebly het en die perd waarmee hy by haar gaan kuier het, se naam was Geel Barry. Die plaaswerkers het die lied oor dié vryery gemaak (Grobbelaar 1987:207). Die informante het nie geweet wat 'n "galereeboom" is nie.

"Sanddrif" (strofe twee) en "Wolfhuis" (strofe vier) is plaasname.

Die derde strofe is 'n baie bekende kwatryn. Die laaste reël lui soms "hoe koeler waai die wind", soos in die tweede strofe van nr. 237.

(172)

Har-tjie ek kom haal jou net vir my jy kan  
 e-wig by my bly dat ek na jou al-leen kan vry met  
 jou wil ek vom Ma se huis weg-loop jy kan

vir my sorg en kook daar is vir ons twee baie  
 hoop daar-die bruin-kop-meid o ja die  
 bruin-kop-meid daar-die bruin-kop-meid sal dat ek my le-we lank ver-  
 wyt die bruin-kop-meid o ja die  
 bruin-kop-meid daar-die bruin-kop-meid sal dat ek my le-we lank ver-  
 wyt die lief-de o ja die  
 lief-de daar-die lief-de he-sit te min vi-ta-  
 mi-ne. die mi-ne.

Hartjie ek kom haal jou net vir my  
 jy kan ewig by my bly  
 dat ek na jou alleen kan vry  
 met jou wil ek van ma se huis wegloop  
 jy kan vir my sorg en kook  
 daar is vir ons twee baie hoop  
 daardie bruinkopmeid  
 o ja die bruinkopmeid  
 daardie bruinkopmeid  
 sal dat ek my lewe lank verwyd  
 die liefde

o ja die liefde  
 daardie liefde  
 besit te min vitamine  
 antie ek kom haal jou kind  
 o ja ek kom haal jou kind  
 antie ek kom haal jou kind  
 want ek het genoeg wind  
 ek sal nie hoor nie  
 o ja ek sal nie hoor nie  
 ek sal nooit hoor nie  
 nie voor ek my bloed verloor nie.  
 (P. van der Westhuizen: Bellville)

By nr. 167 is melding gemaak van mnr. Pieter van der Westhuizen se woorde wat waarskynlik in sommige gevalle deur hom self aangepas is. In hierdie lied lyk die twee reëls "besit te min vitamine" en "want ek het genoeg wind" glad nie of dit in 'n volkslied tuishoort nie. Ook sy musiek is nie altyd in egte volkstyl nie - hy lewer baie individualistiese vertolkings. Dit maak dit moeilik om sy musiek te transkribeer. By dié lied is daar besondere moeite gedoen om die tyd en ritme vas te lê. Dit het egter voortdurende wisseling van tydaanduidings tot gevolg.

(173)

Hets het jy ge-hoor wat daai mei-sie-kind daar sê hets het jy ge-

hoor wat daai oom se kind wil hê ek sê ou maat al voel jy ghoë-hoe

dan hol jou hart soos 'n koe-doe daai bos-luis bas-ter

maak my kwa-ter ek sê ou kin-ta hoe dan.

Hets het jy gehoor  
 wat daai meisiekind daar sê?



hets het jy gehoor  
 wat daai oom se kind wil hê?  
 ek sê ou maat  
 al voel jy goeboe  
 dan hol jou hart soos 'n koedoe  
 daai bosluisbaster maak my kwaad  
 ek sê ou kinta hoe dan  
 klip se kind is ek gedoop  
 my siel is nie te koop  
 die stof die waai my oë toe  
 ek't bitter reeds geproe  
 die blomme blink die aarde wink  
 kom loop met my die pad  
 die blomme blink die aarde wink  
 kom loop met my die pad.  
 (P. van der Westhuizen: Bellville)

Die woord "hets" is 'n uitdrukking in streekstaal wat beteken: "Luister net gou hier". Die wisselvorme "hetsê" en "hitsê" kom ook voor (P. van der Westhuizen:onderhoud). Die betekenis van "goeboe" kon nie vasgestel word nie.

Soos by die vorige liedere van dieselfde informant, is dit hier weer opvallend dat dit lyk asof hy self woorde skep, byvoorbeeld die reël "dan hol jou hart soos 'n koedoe", wat nie tipiese volks is nie.

(174)

Hier gaan ek voor haar deur voor haar deur ver-by hier  
 gaan ek voor haar deur voor haar deur ver-by hier  
 gaan ek voor haar deur voor haar deur ver-by toe  
 kry sy my met 'n lek-ker stuk-kie brood.

Hier gaan ek voor 'n deur voor haar deur verby  
 hier gaan ek voor 'n deur voor haar deur verby  
 hier gaan ek voor 'n deur voor haar deur verby  
 toe kry sy my met 'n lekker stukkie brood.

Boompie kry sy bloeisels bloeisels weer  
 boompie kry sy bloeisels bloeisels weer  
 boompie kry sy bloeisels bloeisels weer  
 maar 'n jong meisie haar eer nooit weer.  
 (S. Rondganger: George)

Hierdie lied is 'n voorbeeld van 'n drie-en-een-kwatrjn wat nie alleen in die woorde weerspieël word nie, maar ook in die herhalingspatroon van die melodie.

Die tweede strofe se oorsprong word gevind in 'n ou Nederlandse lied, in Afrikaans bekend as die "Jagtersminnelied". Dit het met die loop van jare heeltemal verafrikaans. Die tweede laaste strofe van dié lied lui soos volg:

Dus meisielief bestee jou tyd  
 voordat die jeug se gloed verslyt  
 'n boompie kry sy blaartjies weer  
 maar jy jou jonkheid nooit nie weer.

Die laaste twee reëls het aanleiding gegee tot 'n selfstandige drie-en-een-kwatrjn waarvan bostaande strofe van die bruinmense 'n variant is.

Boompie kry sy blaartjies weer  
 boompie kry sy blaartjies weer  
 boompie kry sy blaartjies weer  
 maar 'n meisie kry haar eer nie weer.  
 (Grobelaar 1987:28-29)

'n Variant is by die Rehoboth-Basters opgeteken. Dit lui soos volg:

Die boom kry sy blare weer.  
 Die boom kry sy blare weer.  
 Die boom, hy kry sy blare weer,  
 Maar die meisie haar eer nooit nie meer.  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 95)

Die wysie van die Rehoboth-Basters en dié van die bruinmense stem nie ooreen nie.

(175)

Kom sit hier by my kom sit hier by my

sê my sê my sê my of jy sal bly aan my sy sal

bly aan my sy deur die le-we o----- kom

sit hier by my kom sit hier by my fluis-ter fluis-ter

fluis-ter of jy my lief-ling sal bly my

lief-ling sal bly deur die le-we.


Kom sit hier by my  
 kom sit hier by my  
 sê my sê my sê my of jy  
 sal bly aan my sy  
 sal bly aan my sy  
 deur die lewe o-o-o  
 kom sit hier by my  
 kom sit hier by my  
 fluister fluister fluister of jy  
 my liefling sal bly  
 my liefling sal bly  
 deur die lewe.  
 (T. Smith: Springs)

Die lied stem gedeeltelik ooreen met 'n fragment van 'n ou Afrikaanse lied wat prof. Grobbelaar onthou. Dit lui soos volg:

Kom sit nou hier by my

dat ons kan lekker vry  
(P.W. Grobbelaar:onderhoud)

(176)



Lief-ling is jy een-saam? lief-ling is jy al-  
leen? die ge-dag-tes van my sal al-tyd by jou  
bly jy dra my so diep in my hart ek kan nie  
le-we son-der jou die her-in-ne-ring is soet maar die  
smart lief-ling van my sal jy al-tyd bly ek  
dra jou so diep in my hart.

Lief-ling is jy eensaam?  
lief-ling is jy alleen?  
die gedagtes van my  
sal altyd by jou bly  
jy dra my so diep in jou hart  
ek kan nie lewe sonder jou  
die herinnering is soet maar die smart  
lief-ling van my sal jy altyd bly  
ek dra jou so diep in my hart.

Liefing ek is eensaam  
 liefing ek is alleen  
 die gedagtes van jou  
 sal altyd by my bly  
 ek dra jou so diep in my hart  
 ek kan nie lewe sonder jou  
 die herinnerings is soet maar die smart  
 liefing van my sal jy altyd bly  
 ek dra jou so diep in my hart.  
 (E. Biancie: Montagu)

Die eerste vyf reëls van strofe een word omgekeer in strofe twee, asof daar geantwoord word.

(177)

Moe-der mag ek gaan my mei-sie sê- sy wag by die hek maar  
 waar moet ek haar gaan haal die eer-ste gee'khaar'n ap-pel die  
 twee-de gee'khaar'n ring die der-de gee'khaar'n  
 lief-li-ke soen maar nou moet ek haar gaan haal.

Moeder mag ek gaan  
 my meisie sê sy wag by die hek  
 maar waar moet ek haar gaan haal?  
 die eerste gee ek haar 'n appel  
 die tweede gee ek haar 'n ring  
 die derde gee ek haar 'n lieflike soen  
 maar nou moet ek haar gaan haal.  
 (M. Alexander: Louterwater)

Anders as by die liedere van die blankes, is baie van die langer liedere van die bruinmense vrye, rymlose liedere. Dit is waarskynlik omdat baie van die blankes se liedere na geskrewe tekste teruggevoer kan word, terwyl dié van die bruinmense klaarblyklik in die volksmond ontstaan. Nr. 177 is 'n goeie voorbeeld daarvan.

(178)

Mooi-e mei-sie met jou ron-de ly-fie as jy  
ster-we sal ek jou be-gra-we op jou bed-jie sal ek  
skry-we mooi-e mei-sie ek het jou ver-laat.

Mooie meisie met jou ronde lyfie  
as jy sterwe sal ek jou begrawe  
op jou bedjie sal ek skrywe  
mooie meisie ek het jou verlaat.  
(K. Karoels: Louterwater)

(a)

Mooi-e mei-sie mooi-e mei-sie mooi-e mei-sie dink aan  
my mooi-e mei-sie o mooi-e mei-sie o mooi-e  
mei-sie o dink aan my.



Mooie meisie  
 mooie meisie  
 mooie meisie  
 dink aan my  
 mooie meisie  
 mooie meisie  
 mooie meisie  
 o dink aan my  
 as jy doodgaan dan moet ek jou begrawe  
 as jy flou val dan moet ek jou maar lawe  
 mooie meisie  
 mooie meisie  
 mooie meisie  
 o dink aan my.  
 (M. Alexander: Louterwater)

Hierdie lied is 'n variant van die touspringlied wat met presies dieselfde woorde begin as nr. 178, naamlik "Mooie meisie met jou ronde lyfie" (vergelyk nr. 98). Reël ses in laasgenoemde lied, "en op jou grafsteen sal ek skrywe", kom in reël vier van nr. 178 voor as "op jou bedjie sal ek skrywe".

Hierdie twee variante (178 en 178(a)) se wysies verskil heeltemal. Die aanvangswoorde van nr. 178 stem ook ooreen met dié van 'n oorlogslied: "Hier staat 'n mooie meisie//met 'n ronde lyfie" (vergelyk nr. 393). Die wysies toon geen ooreenkoms nie.

### (179)

My kind wil jy 'n man hē ja mam-ma ja  
 wil jy dan 'n boer hē ja mam-ma ja  
 mie-lie-pap die eet ek nie kie-rie slaan die ken ek nie  
 ja mam-ma ja.

My kind wil jy 'n man hê?  
 ja Mamma ja  
 wil jy dan 'n boer hê?  
 ja Mamma ja  
 mieliemeelpap die eet ek nie  
 kierieslaat die kan ek nie  
 ja Mamma ja.  
 (T. Smith: Springs)

Volgens S.J. du Toit is die lied 'n Keulse volkslied van oorsprong wat deur die komponis Brahms verwerk is. "So geadeld is dit die wêreld in, en het dit ongetwyfeld sy weg ook na ons suiderstrande gevind, waar 'n onbekende Afrikaner iets nuuts daarvan gemaak het." (Du Toit 1924:281). Die Afrikaanse weergawe is soos volg deur Du Toit opgeteken:

Mama, 'k wil 'n man hê!  
 Watter man, my liewe kind?  
 Wil jy dan 'n Fransman hê  
 Nee, mamma, nee!  
 'n Franseman die wil ik nie,  
 Want "parlez-vous" versta ik nie.  
 Dit is my plesier  
 Met die Boer-jongkêrels hier.

Mama, 'k wil 'n man hê!  
 Watter man, my liewe kind?  
 Wil jy dan 'n Hollander hê?  
 Nee, mama, nee!  
 'n Hollander, die wil ik nie,  
 Want God vervloek dit kan ik nie.  
 Dit is my plesier  
 Met die Boer-jongkêrels hier.

Mama, 'k wil 'n man hê!  
 Watter man, my liewe kind?  
 Wil jy dan 'n Duister hê?  
 Nee, mama, nee!  
 'n Duisterman, die wil ik nie,  
 Want Schweinefleisch dat lus ik nie.  
 Dit is my plesier  
 Met die Boer-jongkêrels hier.

Mama, 'k wil 'n man hê!  
 Watter man, my liewe kind?  
 Wil jy dan 'n Boer soms hê?  
 Ja, mama, ja!  
 'n Boereman, die wil ik hê,  
 In 'n Boer syn arme wil ik lê.  
 Dit is my plesier  
 Met die Boer-jongkêrels hier.  
 (Du Toit 1924:282-283)

In Petrusburg het Du Toit 'n strofe opgeteken wat lui:

Mama ek wil 'n man hê!  
 Wat se man, my liewe kind?  
 Wil jy dan 'n Kaffer hê?  
 Nee, mama, nee!  
 Kaffertaal dit ken ek nie  
 Knopkierie slaan dit wil ek nie,  
 Dit is my plesier  
 Met die Boer-jongkêrels hier.  
 (Du Toit 1924:283-284)

Dit blyk dat die enkele strofe wat by die informant gevind is, meer ooreenkomms toon met die laaste optekening van Du Toit. Dieselfde geld vir die variant wat as touspringrym by die kinders gevind is (vergelyk nr. 108(a)). Die wysie van laasgenoemde kinderlied stem grootliks ooreen met die wysie soos dit in die *FAK-sangbundel* opneem is (1979:146), terwyl die wysie van nr. 179 lyk asof dit dieselfde oorsprong kan hê, maar dit is nie meer so opvallend nie.

(180)



My kom-kom-mer-tjie my lie-we son-ne-blom-me-tjie my kom-  
 kom-mer-tjie my lie-we son-ne-blom-me-tjie met my baad-jie oor my  
 skou-ers stap ek na my ou-ers my kom-kom-mer-tjie my lie-we son-ne-  
 blom-me-tjie.

My komkommertjie my liewe sonneblommetjie  
 my komkommertjie my liewe sonneblommetjie  
 met my baadjie oor my skouers  
 stap ek na my ouers  
 my komkommertjie my liewe sonneblommetjie.  
 (Groep volwassenes: Quaddo, De Doorns)

Dit is 'n pragtige minneliedjie met eenvoudige woorde, maar 'n taamlik moeilike wysie. Dit is veral die eerste twee reëls wat ingewikkelder as die deursnee-volkslied is.

(181)

My naam is Jan die kaf-fers-man die mei-sies die  
 loop so ag-ter my aan.

My naam is Jan die Kaffersman  
 die meisies loop so agter my aan  
 ek weet nie meer wat om te doen  
 want dis swaar vir my  
 om na sewe te vry  
 nou gaan ek weg die Bosveld in  
 daar waar die tiere en die leeus om my bring.  
 (S. Rondganger: George)

Hoewel dit nie 'n variant genoem kan word nie, herinner die lied baie sterk aan 'n lied wat uit Namakwaland kom en deur Grobbelaar opgeneem is in die radioreeks *Die volk as digter II*.

Die eerste strofe lui soos volg:

Ek is Dawid van oom Jan,  
 En die meisies klos, klos, klos  
 So agter my aan.  
 En wat hulle meen,  
 Dit weet ek nie.

'Maar ek dink as ek moet sê  
 Hulle't 'n plan *to cross my way*.  
 (Grobbelaar 1987:5)

(182)

Nou ja my ko-per-perd is flou

a ja my ko-per-perd is flou

Nou ja my ko-per-perd is flou maar laat my dan maer

ry my bok-kie wag vir my.

Nou ja my koperperd is flou  
 nou ja my koperperd is flou  
 nou ja my koperperd is flou  
 maar laat hy dan maar ry  
 my bokkie wag vir my.  
 (A. van Zyl: Lambertsbaai)

Die informant, Anton van Zyl, is 'n bekende sanger van Lambertsbaai. Die musiek van bostaande lied is geweldig sterk ritmies en klink asof dit 'n perd se galop naboots. Wanneer hy die lied herhaal, maak hy die gerunnik van die perd na.

In 'n opname wat Grobbelaar by hom gemaak het, vertel hy eers hoe die lied sy ontstaan gekry het. Hy het as jong seun gewerk by mnr. Dirk Kok van Witwater naby Vanrhynsdorp. Hy het toe dié hingsperd opgepas en in die namiddae die kalwers huis toe gebring met die perd. Hy het die lied self gemaak en in dié opname sing hy vier verskillende strofes:

Nou ja my koperperd is flou  
 ja my koperperd is flou  
 nou ja my koperperd is flou

maar laat my dan maar ry  
my bokkie wag vir my.

Nou ja my koperperd is flou  
a ja my koperperd is flou  
nou ja my koperperd is flou  
dit is nou net deur jou  
so laat my dan maar ry.

(Runnik)

Nou ja Katrientjie maak dan gou  
nou ja Katrientjie maak dan gou  
nou ja Katrientjie maak dan gou  
dit is tog net deur jou  
so laat my dan maar ry.


(Runnik)

Nou ja my koperperd is flou  
a ja my koperperd is flou  
nou ja my koperperd is flou  
dit is nou net deur jou  
so laat my dan maar ry.


(Runnik)

(Ons Erfenis: NAM77 (2de toer)-1b)


(183)




Oor- kant die spruit staan'n mooi-e rooi-e blom



hoe sal ek dan maak om by haar te kom sy het mooi rooi lip-pies met 'n



lek-ker sui-ker-bek o al-la he-mel sy maak my gek dis nie



my-he nie's ook nie jou-ne nie an-ner-man se goed wat jy oor stry.



Oorkant die spruit  
staan 'n mooi rooie blom  
hoe sal ek maak  
om by haar te kom?  
sy het mooi rooie lippies  
met 'n lekker suikerbek  
o alla hemel  
sy maak my gek.

Refrein:

Dis nie myne nie  
dis okkie joune nie  
anner man se goed  
wat jy oor stry.

My liewe ou neef  
ek vra vir jou  
hoe sal ek maak  
om met Kaatjie te praat?  
die een span osse  
met die hotspruitwa  
al die jonge kêrels  
wil vry na haar.

Refrein:

Dis nie myne nie  
dis okkie joune nie  
anner man se goed  
wat jy oor stry.

My wa is swaar  
en my osse is maer  
die sprinkane maak  
my koring gedaan  
ek kan nie meer  
want my hart is seer  
hoe sal ek maak  
om met Kaatjie te praat?

Refrein:

Dis nie myne nie  
dis nie joune nie  
anner man se goed  
wat jy oor stry.

(Groep volwassenes: Fairy Brand Pakstoor, Misgund, Langkloof)

"Oorkant die spruit" is een van die Afrikaanse volksliedere met die meeste variante. Een van die vroegste optekeninge is gevind in die eerste Afrikaanse tydskrif, *Ons Klyntji*, waarvan die eerste drie strofes hier aangehaal word:

O'erkant di spruit  
Daar bly 'n blom;  
Hoe sal ek maak om daar te kom?

Te fêr om te ry,  
Te na om te bly;  
Hoe sal ek maak om haar te kry?

Di pêrde is ma'er,  
Di pad is swaar;  
Baing jongkêrels fry oek daar!  
(*Ons Klyntji*, Maart 1898:10)

Du Toit het ongeveer sewe variante opgeteken (1924:183-188). Twee weergawes wat onderskeidelik uit De Aar en Rouxville kom, toon die meeste ooreenkoms met bogenoemde optekening uit die Langkloof. Twee strofes van elkeen word aangehaal:

Oorkant die spruit daar woon 'n blom.  
Hoe sal ek maak om daar te kom?  
Die rivier is vol en die trane rol;  
Die bloues sal die weg om hol.

Die pad is swaar en die perd is maar;  
Baie jonkmans pla haar daar.  
Die deur kan wees van yster en staal.  
maar ek gaan haar daar dwarsdeur haal!  
(Du Toit 1924:184)

Oorkant die spruit daar staan 'n blom;  
Hoe sal ek maak om daar te kom?  
Te ver om te ry, te na om te bly;  
Hoe sal ek maak om haar te kry?

Die perde is maer, die pad is swaar,  
Baie jongkêrels vry ook daar;  
Jy kan maar sê wat jy wil sê,  
Die rooiwang noointjie wil ek hê!  
(Du Toit 1924:186)

Vergelyk ook optekeninge in *Vir ons volkspelers* (1962:121) en die *FAK-sangbundel* (1979:226).

Van Zyl haal variante aan wat sy onder meer by Du Toit, Boshoff en Du Plessis en in *Vir ons volkspelers* gekry het (1962:76-79). Die wysie wat deur die bruinmense gesing word, is min of meer dieselfde as dié wat deur Du Toit, Van Zyl en Boshoff en Du Plessis aangegee word.

'n Strofe deur Boshoff en Du Plessis opgeteken, maar met 'n ander wysie, lui soos volg:

Niggie, niggie, sê tog ja!  
 Die rooi span osse en die bont bokwa.  
 Daarmee sal ons kerk toe ry,  
 As ek maar net vir jou kan kry.  
 (Boshoff en Du Plessis 1921:165)

(184)




Ons het sa-me ge-gaan om die blom-me te pluk  
 blom-me te pluk op die werf maar die lief-de van ons het ver-  
 dwyn so as 'n ster en nou moet ons skei van me-kaar.

Ons het same gegaan  
 om die blomme te pluk  
 blomme te pluk op die werf  
 maar die liefde van ons  
 het verdwyn so as 'n ster  
 en nou moet ons skei van mekaar.  
 (S. Rondganger: George)

Daar word wel in die laaste reël van skeiding melding gemaak, maar die lied het meer die toon van 'n minnelied as van 'n afskeidslied. Die wysie is baie interessant: dit herinner sterk aan die wysie van die *Treklidjie* ("Die sweep het geklap"), wat volgens die *FAK-sangbundel* in 1864

deur Walter Kittredge gekomponeer is (1979:388). Dit stem nie heeltemal ooreen nie, maar sou 'n variant genoem kon word.

(185)



Ou lief-ling van die vlei o lief-ling van die vlei kom  
 slaap by my ou ding ek wil jou al- leen be - min.

Ou liefling van die vlei  
 ou liefling van die vlei  
 kom slaap by my ou ding  
 ek wil jou alleen bemin.

My ma se kluitjiesop  
 my ma se kluitjiesop  
 dit maak van my 'n korrelkop  
 ek't lank reeds uitgedop.

Jy kan my nie kom blô  
 jy kan my nie kom blô  
 jy dink jy kan kom tot die liefde  
 dis reeds lankal vol.

Ek is g'n kind se maat  
 ek is g'n kind se maat  
 gee jy my net 'n volle skop  
 hom laat hy tol.

(P. van der Westhuizen: Bellville)

Die vorm van die strofes in bogenoemde lied is dié van kwatryne. Die ritme van die woorde by die vierde reël van al die strofes verskil, sodat die ritme van die musiek noodwendig ook daarby aangepas moes word.

Die woord "blô" in strofe drie (normaalweg "blo" uitgespreek), is 'n sametrekking van "belowe" en beteken in hierdie sin om iemand uit te daag.

**(186)**

Pietersfontein is 'n lekker fontein  
 en die brandewyn loop  
 so dik soos jou duim  
 Martha Jordaan is 'n rooikop korhaan  
 jy wat alleen tussen sewe man staan  
 sewe jaar lank na jou gevry  
 en die agtste jaar toe verneuk jy vir my.  
 (K. Kriel: Montagu)

Hierdie lied is 'n variant van die pragtige volkslied "Meisiesfontein, jou ware fontein" waarvan daar heelwat variante bestaan. Pietersfontein is die plaas waar mnr. Kriel (die informant) grootgeword en waar hy die lied by die bruinmense gehoor het. Omdat die ritme presies inpas, is dit 'n logiese vervanging van die meer bekende "Meisiesfontein". S.J. du Toit het in ander variante ook "Biesiesfontein", "Jakkalsfontein" en "Apiesfontein" gevind (1924:182-183). Die volgende variant van Du Toit kom uit Zastron:

Meisiesfontein,  
 Jou mooie fontein!  
 Daar loop 'n stroom wyn  
 So dik as my duim.

Ogies so blou,  
 En daarom so gou!  
 Het ek gevra,  
 Dan het pa gesê ja.

'n Ring in my vinger  
 Is 'n ware trouband;  
 'n "Fan" in die sy  
 Is 'n pollie van my.  
 (Du Toit 1924:182)

Reëls vier en vyf is 'n variant van 'n lied wat voorkom in 'n seminaar in die argief van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch:

Anna Jordaan  
 jou rooikop-korhaan  
 vir sewe maande lank  
 op Suurbraak gestaan.

En Anna se ma  
 het baie gehuil  
 toe stuur sy vir Anna

na Barry-se-Dale.

(Seminaar DAK:ALGNW-VI:5)

Die laaste twee reëls van mnr. Kriel se variant kom algemeen by die Afrikaanse volkslied voor (vergelyk nrs. 156 en 337 asook die bespreking by nr. 156).

Dié lied is een van drie liedere deur mnr. Kriel gesing wat nie getranskribeer kan word nie aangesien daar geen wysie is nie (vergelyk nrs. 344 en 363). Soos in die inleiding vermeld is, het mnr. Kriel baie swak gesing en selfs sy ander liedere is met baie moeite getranskribeer.

(187)

Sie-na laat my los Sie-na laat my los Sie-na laat my los jy

maak my gek met jou hand om my nek Sie-na laat my los.

Siena laat my los  
Siena laat my los  
Siena laat my los  
jy maak my gek  
met jou hand om my nek  
Siena laat my los.

Siena laat my los  
Siena laat my los  
Siena laat my los  
jy maak my dol  
met jou hand in die kastrol  
Siena laat my los.  
(K. Kriel: Montagu)

Die wysie van hierdie lied kom ooreen met die melodie van die Amerikaanse volksliedjie "Sing Polly Wolly Doodle all the day". Laasgenoemde het meer woorde per reël om by die melodie in te pas, daarom is dit nie noot vir noot dieselfde nie. Die eerste strofe lui soos volg:

Oh, I went down South  
for to see my Sal,



Sing Polly wolly doodle all the day;  
 My Sally am  
 a spunky gal,  
 Sing Polly wolly doodle all the day.  
 (Lynn 1963:190)

(188)

Skryf vir my 'n brief hier waar ek sit hier in die tronk ek sit vir  
 ja-re ja-re al-leen om ver-gif-te be- kry skryf vir my 'n  
 brie-fie hier waar ek sit hier in die tronk o my lief ---  
 ling ek be-min jou jou al-leen skryf vir my 'n brie-fie hier waar ek  
 sit hier in die tronk.

Skryf vir my 'n brief  
 hier waar ek sit  
 hier in die tronk  
 ek sit vir jare jare alleen  
 om vergifte te kry  
 skryf vir my 'n briefie  
 hier waar ek sit  
 hier in die tronk  
 o my liefling  
 ek bemin jou jou alleen  
 skryf vir my 'n briefie

hier waar ek sit  
 hier in die tronk.  
 (R. Swarts: George)

Daar is heelparty liedere deur die bruinmense gesing waarin melding gemaak word van die tronk (vergelyk nrs. 409 en 418).

(189)

So loop ek oor die rant-jie met my tra-ne in my oë

tra-ne in my oë tra-ne in my oë so

loop ek oor die rant-jie met my tra-ne in my oë


bok-ka moe-nie huil oor my daars lief-de vir jou

lief-de vir my bok-ka moe-nie huil oor my.

So loop ek oor die rantjie  
 met my trane in my oë  
 trane in my oë trane in my oë  
 so loop ek oor die rantjie  
 met my trane in my oë  
 bokka moenie huil oor my  
 daar's liefde vir jou  
 liefde vir my  
 bokka moenie huil oor my.  
 (Groep volwassenes : Quado, De Doorns)

Dié lied is 'n variant van "So loop ek so langs die berge" (vergelyk nr.419). Daar is baie ooreenkoms in die woorde, hoewel die wysies heeltemal verskil. Die reël "bokka moenie huil oor my" stem ook ooreen met reël twaalf van nr. 194 en reël een van nr. 286. Die eerste reël kom voor in nr. 404(i).

(190)



Toe maak ou Boe-sie-tak sy goed-jies by-me-kaar want  
 ons gaan tra-vel op die rots is bai-e swaar en ek wil  
 huis toe gaan na Mam-ma toe maar die ri-  
 vier is vol- en die tra-ne rol 'n  
 bok-kie wat van-aand oor my wil huil sy kan maar  
 huil ek is 'n los lap-pie toe droom ek van die  
 mō-re ster die mō-re-ster is al lank-al weg.

Toe maak ou Boesietak sy goedjies bymekaar  
 want ons gaan *travel* op die rots is baie swaar  
 en ek wil huis toe gaan na mamma toe  
 maar die rivier is vol en my trane rol

'n bokkie wat vanaand oor my wil huil  
 sy kan maar huil  
 maar ek is 'n loslappie  
 toe droom ek van die môrester  
 die môrester is al lankal weg.  
 (N. Johannes: Zoar, distrik Ladismith)

Die woorde van hierdie lied maak nie baie sin nie, maar dit blyk tog dat dit 'n soort liefdeslied is. Vergelyk die reëls "en ek wil huis toe gaan na mamma toe//maar die rivier is vol en my trane rol" met nrs. 37 en 402.

Uit die konteks lyk dit asof "loslappie" verwys na iemand wat nog nie verbind is nie, dus 'n losloper.

(191)



Wat-ter kant toe nou? na my ou-ers toe wat-ter  
 kant toe nou? na my ou-ers toe toe ek n jong-meid was  
 toe was jy lief vir my nou van ek 'n ou meid is  
 nou trap en skop jy my wat-ter kant toe nou na my  
 ou-ers toe wat-ter kant toe nou na my ou-ers toe.

Watter kant toe nou?  
 na my ouers toe  
 watter kant toe nou?

na my ouers toe  
 toe ek 'n jongmeid was  
 was jy lief vir my  
 nou van ek 'n oumeid is  
 nou trap en skop jy my  
 watter kant toe nou?  
 na my ouers toe  
 watter kant toe nou?  
 na my ouers toe.

(Volwassegroep: Platfontein, Sutherland)

Daar is nie variante van hierdie lied gevind nie, maar daar is tog reëls wat bekend voorkom, byvoorbeeld "nou trap en skop jy my" (vergelyk nr. 482) en "na my ouers toe" (vergelyk nr. 180).

Die tema wat uit reëls vier tot agt na vore kom, word ook gevind in 'n lied "Die hond se naam is Flaai", by 'n blanke informant in die Noordweste opgeteken, waarvan die eerste strofe soos volg lui:

Jy het my ma belowe  
 jy sal my goed oppas,  
 en nou vandat ek oud is,  
 nou is ek vir 'n las.  
 (Grobbelaar 1978:124)

#### 4.2 Afskeidsliedere

In hierdie afdeling word afskeidsliedere behandel wat verband het met die minnelied. Ander liedere wat handel oor skeiding tussen familielede, soos byvoorbeeld tussen moeder en kind, of skeiding wat deur die dood teweeggebring word, word in hoofstuk 12 bespreek.

(192)

Ek kan nie ver-staan waar-om jy nie

ag op my lief-de slaan jy is my e-nig-ste lief-ling

daar- om sal ek nooit weg- gaan waar-  
 heen ek ook- al gaan sal ek al- tyd my  
 lief- de ag op jou slaan jy is my  
 e- nig- ste lief- ling daar- om bly  
 ek ge- trou aan jou hm- hm- hm- hm- hm-  
 hm- - - - hm- hm- hm- hm- hm- - en  
 nou het die tyd ge- kom dat ek van jou af- skeid moet neem  
 en nou gaan ek my lief- de vir 'n an- der  
 een gee ek sal jou nooit nooit meer be- min nie  
 want aan hier- die ein- de maak ek nou 'n nu- we be-



gin mô-re is dit dalk te laat

my lief-ling wat sal dit dan vir jou baat.

ek wil hê dat ons al-twee te-sa-me drie

le-we ge-luk-kig deur moes gaan hm-

hm-- hm hm-hm--- vaar-wel my lief-ling


vir al-tyd vaar-wel.

Ek kan nie verstaan  
 waarom jy nie ag op my liefde slaan  
 jy is my enigste liefling  
 daarom sal ek nooit weggaan  
 waarheen ek ookal gaan  
 sal ek altyd my liefde ag op jou slaan  
 jy is my enigste liefling  
 daarom bly ek getrou aan jou  
 en nou het tyd gekom  
 dat ek van jou afskeid neem  
 en nou gaan ek my liefde vir 'n ander gee  
 ek sal jou nooit meer bemin nie  
 want aan hierdie einde  
 maak ek nou 'n nuwe begin  
 môre is dit dalk te laat

my liefling wat sal dit dan vir jou baat  
 ek wil hê dat ons altwee tesame  
 die lewe gelukkig deur moes gaan  
 vaarwel my liefling vir altyd vaarwel.  
 (H. Botes: Fraserburg)

Dié lied kom moontlik ook van 'n ou plaat. In die eerste agt reëls van die lied belowe die sanger trou aan sy geliefde, terwyl hy in die laaste deel heeltemal omdraai en die teenoorgestelde houding aanneem.

(193)



Iets het ge-beuren nou jy gaan weg van my nou kom  
 sê my lief-ling waar-voor moet ons stei? het ek dan iets ge-doen  
 dat jy van my weg-gaan kom t'rugen laat ons twee maar vrien-de bly my  
 hart voel nou so seer want jy sal nooit t'rug-keer ek leef nou met ver-  
 lang-e vir my is daar niks meer al is jy ver weg nou sal  
 ek ver-lang na jou my lief-ling laat ons twee maar vrien-de bly.

iets het gebeur en nou  
 jy gaan weg van my nou  
 kom sê my liefling

waarvoor moet ons skei  
 het ek dan iets gedoen  
 dat jy van my weggaan?  
 kom terug en laat ons twee maar vriende bly  
 my hart voel nou so seer  
 want jy sal nooit terugkeer  
 ek leef nou met verlange  
 vir my is daar niks meer  
 al is jy ver weg nou  
 sal ek verlang na jou  
 my liefing laat ons twee maar vriende bly.  
 (D. Lotz: Swellendam)

Niks verder is omtrent dié lied bekend nie.

(194)


Kom sien my vir laas voor ek gaan en stort my geen  
 drup-pel geen traan maar nou het ek ge-luk-kig ie-mand  
 in my plek ge-vind en sal hoop jy's ge-luk-kig met groot hoop en  
 bly maar ver-se-ker sal dit-nooit ge-beur dan loop ek so  
 langs die ber-ge met tra-ne in my o-e  
 my dier-ba-re moe-der se woor-de ver-trap ek so



on-der my voe-be moe-nie huil oor my nie my  
 lief-ling moe-nie huil oor my nie my lief-ling  
 my oë gaan toe vir al-tyd en my stem sal jy  
 nooit weer hoor.

Kom soen my vir laas voor ek gaan  
 en stort my geen druppel geen traan  
 maar nou het ek gelukkig  
 iemand in my plek gevind  
 en sal hoop jy's gelukkig  
 met groot hoop en bly  
 maar verseker sal dit nooit gebeur  
 dan loop ek so langs die berge  
 met trane in my oë  
 my dierbare moeder se woorde  
 vertrap ek so onder my voete  
 moenie huil oor my nie my liefling  
 moenie huil oor my nie my liefling  
 my oë gaan toe vir altyd  
 en my stem sal jy nooit weer hoor.  
 (Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)


(a)




Soen my vir laas voor ek gaan o stort dan oor my geen-



traan want wat sal die lief-de en aan-dag so laat lê o -



kyk daar kom A-man-da want se-ker en bly want se-ker sal dit



dan be-ter wees.

Soen my vir laas voor ek gaan  
o stort dan oor my geen traan  
want wat sal die liefde  
en aandag so laat lê  
o kyk daar kom Amanda  
want seker en bly  
want seker sal dit dan beter wees.

(K. Karools: Louterwater)

Nog 'n variant is as 'n lied oor skeiding in hoofstuk 12 opgeneem (vergelyk nr. 419). In laasgenoemde lui die derde laaste reël "moenie treur oor my my seun" waarvolgens dit blyk dat dit nie 'n afskeid tussen twee verliefdes is wat ter sprake is nie, maar tussen 'n sterwende moeder en haar seun.

Reëls tien en elf van nr. 194 is baie bekende woorde en kom ook voor in nrs. 400, 415 en 419. By nr. 400 word dit meer volledig bespreek en word verwys na die lied "Hier sit ek onder die hoogte", waarvan dit 'n variant is.

Die wysies van nr. 194 en 194(a) stem ooreen, maar dié van 400, 415 en 419 verskil van mekaar en ook van eersgenoemde twee.

(195)



Ro-se Ma-ri-a my te-re be-min-de waar-om moes


ons twee dan skei? son-der jou by- my voel ek so al-  
 leen o die tyd gaan so sta-dig ver- by- en ek  
 gee ook my lief-de ge- trou en al die  
 ja-re wat voor-lê moet jy net ont-hou jy-  
 het al my lief-de by jou.

Rose Maria my tere beminde  
 waarom moes ons twee dan skei  
 sonder jou by my  
 voel ek so alleen  
 o die tyd gaan so stadig verby  
 en gee ook my liefde getrou  
 en al die jare wat voorlê  
 moet jy net onthou  
 jy het al my liefde by jou.  
 (H. Botes: Fraserburg)

(a)

Ag son-der jou by- my voel ek so al- leen die-  
 tyd gaan so sta-dig ver-by en ek gee ook my lief-de aan





jou- en ek gee ook my lief-de ge-trou-  
 en al die ja-re wat voor-lê moet jy net ont-  
 hou jy- het al my- lief-de by- jou Da-nie my  
 te-re be- min-de waar-om moet ons twee dan skei  
 lief-de teer en so- swaar- jy moet wys ons  
 lief-de breek- nie.

Ag sonder jou by my  
 voel ek so alleen  
 die tyd gaan so stadig verby  
 en ek gee ook my liefde aan jou  
 en ek gee ook my liefde getrou  
 en al die jare wat voorlê  
 moet jy net onthou  
 jy het al my liefde by jou  
 Danie my tere beminde  
 waarom moet ons twee dan skei  
 liefde teer en so swaar  
 jy moet wys ons liefde breek nie.  
 (Groep volwassenes: Quado, De Doorns)

Hier moet melding gemaak word van die baie besonderse sang van die groep volwassenes (vergelyk ingeslote kasset, nr. 5). Hulle sing die lied meerstemming met geïmproviseerde harmonieë op 'n baie natuurlike wyse. Die lied se oorsprong lê klaarblyklik by 'n ou Afrikaanse plaat, hoewel die oorspronklike woorde nie opgespoor kon word nie.

(196)




Soos die blom-me en soos die son-skyn so min ek jou  
 jy was vir my nie be- doel jy sê dit is be-ter dat  
 ons maar moet skei wat sal ge-beur nou met my?

Soos die blomme en soos die sonskyn  
 so min ek jou  
 jy was vir my bedoel  
 jy sê dit is beter dat ons maar moet skei  
 wat sal gebeur nou met my?  
 as jare verbysnel en ek is alleen  
 gaan gedagtes van jou met my heen  
 jy sê dit is beter dat ons maar moet skei  
 wat sal gebeur nou met my?  
 (E. Biancie: Montagu)

Niks verder is omtrent hierdie lied bekend nie.

(197)



Vaar-wel my lief-ling ek gaan nou jy was aan my te veel on-

Handwritten musical notation for the song "Vaarwel my liefling". The notation is on two staves, with lyrics written below the notes. The first staff contains the lyrics: "trou jy't 'n ander nou en hy is goed vir". The second staff contains the lyrics: "jou so vaar-wel my lief-ling vaar- wel." The music is written in a simple, handwritten style, likely for personal use or as a teaching aid.

Vaarwel my liefling ek gaan nou  
 jy was aan my te veel ontrou  
 jy't 'n ander nou  
 en hy is goed vir jou  
 so vaarwel my liefling vaarwel.

Liefling ons maak almal foute  
 somtyds kan ons daaroor weer stry  
 jy was bedoel vir my  
 maar ek kan jou nie kry  
 so vaarwel my liefling vaarwel.

Eendag my liefling sal jy weet  
 dat ek geen stories nou vertel  
 jy was bedoel vir my  
 maar ek kan jou nie kry  
 so vaarwel my liefling vaarwel.  
 (H. Botes: Fraserburg)

Hierdie lied is afkomstig van 'n Afrikaanse plaat *Die goue stem*, met sang deur Charles Jacobie. Teen die middel van die sestigerjare is gesê dat Jacobie Suid-Afrika se gewildste sanger in die "cowboy"-idioom is. Hy het op hoër skool al begin sing, en teen 1964 het hy reeds 'n goue plaat ontvang vir 25 000 plaatverkope (*Sarie Marais* 19/7/1964:50-51). Dit blyk dat die weergawe van "Vaarwel my liefling ek gaan weg" wat hy sing, 'n vertaling van die Engelse lied "Good bye little darling" is. Die wysies stem min of meer ooreen.

Vaarwel my liefling ek gaan weg  
 jy was aan my te veel ontrou  
 jy't 'n ander nou  
 en hy is goed vir jou  
 vaarwel my liefling vaarwel.

Vaarwel my liefling ek min jou  
 al wil jy my nie glo my lief  
 ek was altyd trou  
 as 'n ander man met jou  
 vaarwel my liefling vaarwel.

Liefing ons maak almal foute  
somyds kan ons daaroor skei  
ten spyte daar's geen raad  
want liefing dit kom laat  
maar liefing ek sal jou nooit verwy.

Eendag my liefing sal jy weet  
dat ek geen stories nou vertel  
jy was bedoel vir my  
maar ek kan jou nie kry  
so vaarwel my liefing vaarwel.  
(Unika UNA:1570)

## HOOFSTUK 5

### DANSLIEDERE

Die kategorie *Dansliedere* is verreweg die grootste van al die groepe liedere wat onder bruinmense versamel is. Daar is reeds verduidelik (sien hoofstuk 1.4) dat liedere wat as dansliedere geklassifiseer word, volgens funksie ingedeel word en nie volgens inhoud nie. Daar is dus baie dansliedere wat volgens inhoud in ander kategorieë sou kon tuishoort.

Wat tipes danse betref, is nie 'n groot verskeidenheid by die bruinmense gevind nie. By die oorgrote meerderheid van die liedere kon hulle nie aandui watter soort dans daarby gedans word nie. Dit sou daarom onprakties wees om die dansliedere volgens tipes danse te probeer groepeer. Die liedere word dus alfabeties aangebied soos in die ander hoofstukke en wanneer die inligting beskikbaar is, word die tipe dans vermeld.

Danse wat gevind is, is onder meer die *step-sleepwals* (nr. 201), die *riel* (nrs. 207, 244, 261, 281, 287, 293, 303 en 329), die *vastrap* (nr. 210 en 215), die *loop-glydans* (nr. 213), die *skuiwe stuk* (nr. 221, 264 en 273), die *seties* (nrs. 226 en 241), die *langarmdans* (nr. 248 en 330), die *gabzella* (nr. 250), die *ghaisa* (304), 'n *outydse wals* (333), en die *tiekiedraaidans* (262 en 338).

Die riel, of soos sommige informante dit noem, die *hotnotsriel*, bestaan dikwels uit slegs twee reëls wat tot vervelens toe oor en oor herhaal word.


'n Opvallende kenmerk van dansliedere is die kortheid van die strofes en die feit dat daar dikwels baie strofes in een lied voorkom. By al drie die tipes kort strofes word dikwels gevind dat die eerste reël niks met die res te make het nie, behalwe dat dit rym, soos in o-kwatryne. Vergelyk byvoorbeeld die volgende strofe van nr. 200:

Maar die oliestoof se pit  
ag maar as die nood jou kom druk  
moet jy die Onse Vader bid.


Die bruinmense is geweldig lief vir die woord "bokkie". Daar is talle liedere waarin dit voorkom. Voorbeelde waarvan die eerste strofe met "Bokkie" begin, tel alleen nege (vergelyk nrs. 207 - 215).

(198)


Ab- dol Ab- dol ja ek gaan jou mam-ma sê ek




gaan jou mam-ma sê ja dat jy in die baai-bos lê Ab-



dol Ab- dol ja Ab- dol wat die mei-stes jol ek




gaan jou mam-ma sê ek gaan jou mam-ma sê ek gaan jou mam-ma



sê ja dat jy in die baai-bos lê trek uit jou baad-jie




gooi hom on-der my ek gaan kou-e kry kou-e op my nie-re



kry trek uit jou baad-jie gooi dit on-der my




ek gaan kou-e kry kou-e op my nie-re kry jy kan



vry kan vry jy kan bly net waar jy bly jy kan vry met wie jy



wil maar ek sal kou-e kry kou-e op my nie-re kry Ab-



dol Ab- dol ja Ab- dol wat die mei-sies jol ek





gaan jou mam-ma sê ek gaan jou mam-ma sê ek gaan jou mam-ma



sê ja dat jy in die taaibos lê.

Abdol Abdol

ek gaan jou mamma sê  
ek gaan jou mamma sê  
ja dat jy in die taaibos lê

Abdol Abdol

ja jy wat die meisies jol  
ek gaan jou mamma sê  
ek gaan jou mamma sê  
ek gaan jou mamma sê  
ja dat jy in die taaibos lê  
trek uit jou baadjie  
en gooi dit onder my  
ek sal koue kry  
koue op my niere kry  
trek uit jou baadjie  
en gooi dit onder my  
ek sal koue kry  
koue op my niere kry  
jy kan vry kan vry  
jy kan vry net waar jy bly  
jy kan vry met wie jy wil  
maar ek sal koue kry  
koue op my niere kry

dat jy in die taaibos lê.

(A. van Zyl: Lambertsbaai)

Hierdie weergawe van "Abdol", gesing deur mnr. Anton van Zyl, is 'n goeie voorbeeld van die wyse waarop sangers soms improviseer terwyl hulle sing, sodat hulle weergawes van een lied nie altyd dieselfde is nie. 'n Weergawe van "Abdol" wat in 1977 deur Grobbelaar by dieselfde sanger opgeteken is, lui soos volg:

Abdol Abdol  
 ja ek gaan jou mamma sê  
 ek gaan jou mamma sê  
 ja dat jy in die taaibos lê  
 Abdol Abdol  
 ja Abdol wat die meide rol  
 ek gaan jou mamma sê  
 ek gaan jou mamma sê  
 ek gaan jou mamma sê  
 ja dat jy in die taaibos lê  
 trek uit jou baadjie  
 en gooi hom onder my  
 ek sal koue kry  
 koue op my niere kry  
 trek uit jou baadjie  
 en gooi hom onder my  
 ek sal koue kry  
 koue op my niere kry  
 jy kan vry so jy vry  
 jy kan bly net waar jy bly  
 jy kan vry net so jy vry  
 maar ek sal koue kry  
 koue op my niere kry  
 Abdol Abdol  
 ja Abdol wat die meide rol  
 ek gaan jou mamma sê  
 ek gaan jou mamma sê  
 ek gaan jou mamma sê  
 ja dat jy in die taaibos lê.  
 (Ons Erfenis:NAM77 (2de toer)IIIb)

'n Variant van die lied is onder die Rehoboth-Basters deur Strydom opgeteken. Dit lui soos volg:

Abdol, Abdol, Abdol,  
 Hy laat die meide rol!  
 Abdol, Abdol, Abdol,  
 Hy laat die meide rol!  
 Die man wat die bees oppas,  
 Hy loop die askoek vas.  
 Die man wat die bees oppas,

Hy loop die askoek vas.

(Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 117)

Die wysie is nie dieselfde as dié van mnr. Van Zyl nie.

(199)

A en die B A en die B het 'n swak-ke se-nu-wee.

A en die B

A en die B

het 'n swakke senuwee.

Suikerkanne

ek vra vir suster Sanna.

Bring vir my dou

vir daardie bruinbaadjie klong.

Bokkie sê my reg

bokkie sê my reg

ek trek my hart van jou af weg.

Gee my 'n porsie

van daai lewerworsie.

Kom staan en beduie my


daar kom my skatlam deur die vlei.

(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Let op die afwisseling van twee- en driereëlige strofes. Dit is opmerklik dat wanneer die groep slegs twee reëls in 'n strofe sing, hulle soms die eerste reël en soms die tweede reël van die musiek weglaat.

Die woorde van strofe vier, "Bokkie sê my reg", kom dikwels voor (vergelyk nrs. 236, 313, 322(a) en 328).

(200)



Ag maar mam-mie as-sem-blijf ag maar mam-mie as-sem-  
 blijf ek is vir lief-ie dan so lief.

Ag maar Mammie assemblief  
 ag maar Mammie assemblief  
 ek is vir liefie dan so lief.

Ag maar die vyf snytjies brood  
 ag maar liefling jy kan maar loop  
 ek maak my kind allenig groot.

Ag maar wat het ek gedaan  
 ag maar wat het ek gedaan  
 om uit my ma se huis te gaan?

Ag maar die môre op die myl (muil?)  
 ag maar die môre op die myl  
 het jy mos blinkoog-traan gehuil.

Maar die rinkie aan my pink  
 ag maar ou klonkie as jy loop  
 sal ek mos nooit weer aan jou dink.

Maar die oliestoof se pit  
 ag maar as die nood jou kom druk  
 moet jy die Onse Vader bid.

Maar wat het jy gehoor?  
 maar wat het jy gehoor?  
 daar is die ou Leyland op jou spoor.

Mammie kyk waar ek gaan  
 mammie kyk waar ek gaan

ek wil my liefde hier laat staan.

Maar ek lê mos op die gras  
 maar ek lê mos op die gras  
 toe hoor ek my kindjie oor my raas.

Ag as ou Jan maar aan jou venster klop  
 as ou Jan maar aan jou venster klop  
 staan jy warrempel uit die kooi uit op.

Ja maar dan vat ek my slopie vas  
 ja maar Mammie asseblief  
 ek loop in die rantjie my so vas.

Ja maar die kers en die blaker  
 ja maar Sanna sê ou Jantjie is  
 maar net 'n kindermaker.

Ja maar die vyf snytjies brood  
 ja jy moet vir Jantjie asseblief nou vra  
 hy moet sy kinders grootmaak.

(H. Saal en S. Claasse: Springbok)

Die woord "myl" in strofe vier word só uitgespreek, maar kan moontlik "muil" wees, in welke geval dit meer sin maak. "Rinkie" in strofe vyf is 'n wisselvorm van "ringetjie".


In hierdie lied vind 'n mens die herhaling van dieselfde reël in verskillende strofes. Die twee reëls "Ag maar die vyf snytjies brood" en "Ag maar Mammie asseblief" kom albei in twee strofes voor, hoewel dit die tweede maal lui: "Ja maar die vyf snytjies brood" en "ja maar Mammie asseblief".

Die "Leyland" waarna in een strofe verwys word, is die handelsnaam van 'n bekende tipe swaar vragmotor.

Die informante noem dié dans 'n *step-sleepwals*. Moontlik is die naam sommer deur hulle saamgeflans, want die musiek het nie eens 'n walsritme nie.

(201)

An-der-kant die blou ber-ge an-der-kant die blou ber-ge an-der-kant die



Anderkant die blou berge  
 anderkant die blou berge  
 anderkant die blou berge  
 daar's 'n meid van my.

As sy my nie skrywe nie  
 as sy my nie skrywe nie  
 as sy my nie skrywe nie  
 kan ek haar nie antwoord nie.

Blommetjie gedink aan my  
 blommetjie gedink aan my  
 blommetjie gedink aan my  
 anderkant die blou berge.

As jy my nie skrywe nie  
 as jy my nie skrywe nie  
 as jy my nie skrywe nie  
 kan ek jou nie antwoord nie.

(Groep volwassenes: Die Vallei, Koo, distrik Montagu)

Hierdie lied is 'n voorbeeld van 'n drie-en-een-kwatryn waar die laaste reël wel elke keer verband hou met die eerste drie, hoewel dit nie daarmee rym nie. Die eerste reël is ook die inleidingsreël van nr. 481. Die reël "blommetjie gedink aan my" kom meermale voor in die Afrikaanse volkslied. Die woord "blommetjie" verwys na die geliefde (jong meisie). In die Afrikaanse volkslied "Solank as die rietjie in die water lê" kom die woorde ook voor:

Solank as die rietjie in die water lê,  
 in die water lê, in die water lê,  
 solank as die rietjie in die water lê  
 blommetjie, gedenk aan my.  
 En ek vat haar om haar nekkie,  
 soen haar op haar bekkie,  
 blommetjie, gedenk aan my,  
 (ek) vat haar aan haar handjie,  
 lei haar om die rantjie,  
 blommetjie, gedenk aan my.  
 (FAK-sangbundel 1979:391)



Die reël word ook deur Boerneef gebruik in die volgende strofe:

Blommetjie gedink aan my  
 Blommetjie soet van geur  
 Blommetjie van kust en keur  
 Blommetjie gedink aan my.  
 (Van Zyl 1975:31)

In die lied "Sit sy op die hoogte" wat in *Goue gerf* verskyn, kom dieselfde reël voor:

Sit sy op die hoogte,  
 dink ek aan die droogte;  
 Blommetjie, gedink aan my.  
 Sit sy op die hoenderhaan,  
 kyk ek haar verwonderd aan;  
 Blommetjie, gedink aan my.  
 (Caseleggio 1970:144)

(202)

Ant Liz-zie se kin-ders is ja-rig hul-le speel op 'n lang-nek  
 ding hul-le druk sy nek hul-te kie-tie sy pens hoe har-der skree die ding.

Ant Lizzie se kinders is jarig  
 hulle speel op 'n langnek-ding  
 hulle druk sy nek hulle kielie sy pens  
 hoe harder skree die ding.  
 (P. le Grange: George)

Die humoristiese woorde van dié liedjie verwys natuurlik na 'n kitaarspelery. Die wysie is tipies van die volkslied: baie eenvoudig en saamgestel uit slegs vier tone, naamlik soh, la, te en doh.

Die woorde van die lied herinner aan 'n tradisionele raaisel waarop die antwoord 'n kitaar is:

Hom kop hom krom,  
 Hom maag hom hol,

Hom pens hom riempies om;  
 Hom kielie, hom skreeu hom pens so bars.  
 (Van Rooyen en Pellissier 1961:54)

(203)

As ie-mand sê hy loop vas teen die hek as ie-mand  
 sê hy loop vas teen die hek as ie-mand sê hy  
 loop vas teen die hek hoe sal ek maak om'n trein-tjie vas te slaan?

As iemand sê hy loop vas teen die hek  
 as iemand sê hy loop vas teen die hek  
 as iemand sê hy loop vas teen die hek  
 hoe sal ek maak  
 om 'n treintjie vas te slaan.


As iemand sê my dinge is deurmekaar  
 as iemand sê my dinge is deurmekaar  
 as iemand sê my dinge is deurmekaar  
 hoe sal ek maak  
 om 'n treintjie vas te slaan.

(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die vreemde begrip "om 'n treintjie vas te slaan" kon nie deur die informante verduidelik word nie. Strofe twee is 'n variant van die eerste strofe van nr. 492. Die wysies stem ook ooreen.

(204)

Ba-by slang is n kwaai ou slang maar ek is hom nie bang gis-




traand was ek by Ding-e-tjie ge-wees en kyk hoe lyk sy nou.


Baby Slang is 'n kwaai ou slang  
 maar ek is hom nie bang  
 gistraand was ek by Dingetjie gewees  
 en kyk hoe lyk sy nou.  
 (D. Isaac: Kliprand)

Die woorde "slang" en "bang" is baie gewilde rymwoorde in die Afrikaanse volkslied van die bruinmense. Meestal gaan dit egter oor iemand wat wél bang is vir die slang (vergelyk nrs. 18, 95, 500 en 505).

(205)




Boe-goe-berg se dam is 'n bai-e lek-ker dam daar waardie



mei-sies hul-le se ha-re was en kam Boe-goe-berg se



dam is 'n bai-e lek-ker dam daar waardie mei-sies hul-le se



ha-re was en kam Em-ma ja ou grêm-ma Em-ma ja ou



grêm-ma Em-ma wil 'n bis-cuit hê.

Boegoeberg se dam is 'n baie lekker dam  
 daar waar die meisies hulle se hare was en kam

Boegoeberg se dam is 'n baie lekker dam  
 daar waar die meisies hulle se hare was en kam  
 Emma ja ou grêmma  
 Emma ja ou grêmma  
 Emma wil 'n *biscuit* hê.

Boegoeberg se dam is 'n baie lekker dam  
 daar waar die meisies hulle se hare was en kam  
 Boegoeberg se dam is 'n baie lekker dam  
 daar waar die meisies hulle se hare was en kam  
 Emma ja ou grêmma  
 Emma ja ou grêmma  
 Emma wil 'n *baby* hê.  
 (J. Swart: Vredendal)

Hierdie lied is nader aan die bekende "Boegoeberg se dam" as nr. 30 wat 'n variant is. Daar word dit verder bespreek. Die wysies stem in al die gevalle ooreen.

(206)




Boe-tie moe-nie so maak nie jy maak my hart seer

Boe-tie moe-nie so maak nie jy maak my hart seer.


Boetie moenie so maak nie  
 jy maak my hart seer.  
 (Groep volwassenes: Die Vallei, Koo, distrik Montagu)

Dit is 'n riel wat deur die informante gedans is. Die kort strofe van twee reëls is baie tipies van die riel.

(207)



Bok-kie hang aan my bok-kie hang aan my bok-kie hang aan my aan'n



Bokkie hang aan my  
 bokkie hang aan my  
 bokkie hang aan my  
 aan 'n groot doringboom.

Die Grootrivier is vol  
 die Grootrivier is vol  
 die Grootrivier is vol  
 en my trane die rol.  
 (Groep volwassenes: Graaff-Reinet)

Die laaste reël, "en my trane die rol", kom dikwels voor in die Afrikaanse volkslied. Ander voorbeelde word gevind in nrs. 37 en 402, asook in die volkslied "Bokkie", soos dit in die *FAK-sangbundel* verskyn:

Die trane die rol oor jou, Bokkie,  
 die trane die rol oor jou, Bokkie.  
 Daar waar die son en die maan ondergaan,  
 Bokkie ons moet huis toe gaan.  
 (*FAK-sangbundel* 1979:147)

Die tweede strofe van dié drie-en-een-kwatrjn herinner aan "Grootrivier se voël" wat in die Noordweste deur Pieter W. Grobbelaar opgeteken is en in die radioreeks *Die volk as digter I* gebruik is.

Grootrivier se voël  
 is 'n doodlekker voël;  
 sit hom in die skool,  
 dis 'n doodlekker voël.  
 (Grobbelaar 1978:110)

Daar word soms na die Oranjerivier as die Grootrivier verwys. Daar is geen ooreenkoms in die wysies van die twee liedere nie.

(208)

Bok-kie kom laat ons be-sluit laat ons be-sluit lief-ling  
kom laat ons be-skuit dit is op jou wat die dou-drup-pels  
val.

Bokkie kom laat ons besluit laat ons besluit  
liefeling kom laat ons besluit  
dis op jou wat die doudruppels val.  
(J. Julies: Kliprand)

(a)

Lief-ling laat ons be-sluit be-sluit lief-ling laat ons be-  
sluit be-sluit daar kom die voor-dag-ster-re uit.

Liefling laat ons besluit besluit  
liefeling laat ons besluit besluit  
daar kom die voordagsterre uit.

Liefling laat ons nou draai laat ons draai  
liefeling laat ons nou draai laat ons draai  
laat ons los en liggies draai.

Liefling jy is so bitter soos gal  
liefeling jy is so bitter soos gal  
laat die dou eers op jou val.



Liefing jy is jou ma se blom  
 liefing as jy by Friesland kom  
 dan ly jy aan jou ma se lelieblom.  
 (K. Spangenberg: Kliprand)

Let op dat die laaste reël van die eerste variant in effens gewysigde vorm in die derde strofe van variant (a) voorkom.

Die woorde "jou ma se lelieblom" kom voor in die lied "Die jong wat die koei oppas" wat by nr. 78 aangehaal is. Twee reëls uit S.J. du Toit se weergawe lui soos volg:

Dis my ma se Lelieblom,  
 Wat bo uit die Vrystaat kom.  
 (Du Toit 1924:146)

(209)

Bok-kie maak my toe bok-kie maak my toe  
 bok-kie maak my toe on-der die wol-kom-bers van my.

Bokkie maak my toe  
 bokkie maak my toe  
 bokkie maak my toe  
 onder die wolkomers van jou.  
 (M. Onverwag: Swellendam)

Die woorde "onder die wolkomers" kom dikwels voor by die bruinmense se liedere. Dit word ook aangetref in nrs. 259, 278, 284, 285 en 322(a). 'n Variant van die lied as geheel is gevind by mnr. August Gertse van Wuppertal, soos deur Pieter W. Grobbelaar opgeteken:

Bokkie kom maak my toe  
 o ja bokkie kom maak my toe-oe-oe-oe  
 onder die wolkomers.  
 (Grobbelaar 1987:200)

(210)

Musical notation for song (210) in G major (one sharp) and 2/4 time. The melody consists of two lines of music. The first line has two measures of music, each with a '7' above it, indicating a seven-measure phrase. The second line also has two measures of music, each with a '7' above it. The lyrics are written below the notes.

Bok- kie moet my nie vloek bok- kie moet my nie vloek  
 bok- kie moet my nie vloek waar- om vloek jy my so?

Bokkie moet my nie vloek  
 bokkie moet my nie vloek  
 bokkie moet my nie vloek  
 waarom vloek jy my so?

Die lepeltjie vol bloed  
 die lepeltjie vol bloed  
 die lepeltjie vol bloed  
 die paddavleitjie.

Die *bangle* en die ring  
 die *bangle* en die ring  
 die *bangle* en die ring  
 dis 'n afgeprate ring.

Moet my nie besoek nie  
 moet my nie besoek nie  
 moet my nie besoek nie  
 maar hoe besoek jy my.  
 (G. Bediet: Steinkopf)

Die dans is 'n vastrap. Die derde strofe word ook in 'n ander danslied aangetref waar dit lui "Die belling en die ring" (vergelyk nr. 219). Die wysies toon geen ooreenkoms nie.

(211)

Musical notation for song (211) in G major (one sharp) and 4/4 time. The melody consists of a single line of music with four measures. The lyrics are written below the notes.

Bok- kie my hart is aan die brand bok- kie my

hart is aan die brand van van-mô-re- tot van-aand.

Bokkie my hart is aan die brand  
 bokkie my hart is aan die brand  
 van vanmôre tot vanaand.

Bokkie jy is die lang soldaat  
 bokkie jy is die lang soldaat  
 maar somtyds kom breek jy my hart.  
 (T. Boois: Garies)

(a)

Bok-kie my hart is aan die brand o maar lief-ting my  
 hart is aan die brand en hy brand van die mô-re tot die aand.

Bokkie my hart is aan die brand  
 o maar liefling my hart is aan die brand  
 en hy brand van die môre tot die aand.

Bokkie kom sê my reg  
 liefling kom sê my nou tog reg  
 want die swart wa trek mos weg.  
 (H. Gouws: Kliprand)

Die hartseer toon van die lied spreek baie duidelik uit die wysie. Hoewel dit as 'n danslied gebruik is, is dit definitief 'n tipe liefdes- en hartseerlied.

Strofe twee van variant (a) toon ooreenkoms met strofe vier van nr. 199.

(212)



Bok-kies bok-kies laat ons weg-gaan bok-kies bok-kies laat ons  
 weg-gaan bok-kies bok-kies laat ons weg-gaan so' on-der in die  
 maan ek vat my bok-kie aan die hand en ek lei haar oor die rant  
 bok-kies bok-kies laat ons huis toe bok-kies bok-kies laat ons huis toe.

Bokkies bokkies laat ons weggaan  
 bokkies bokkies laat ons weggaan  
 bokkies bokkies laat ons weggaan  
 so onder in die maan.

Ek vat my bokkie aan die hand  
 en ek lei haar oor die rand  
 bokkies bokkies laat ons huis toe  
 bokkies bokkies laat ons huis toe.  
 (H. van Wyk: Steinkopf)

Die wysie van hierdie dansliedjie herinner baie aan die bekende "Suikerbossie". So ook die woorde van die laaste reël van strofe een. Die tweede strofe van "Suikerbossie" lui soos volg:

Dan loop ons so onder deur die maan,  
 Dan loop ons so onder deur die maan,  
 Dan loop ons so onder deur die maan,  
 Ek en my suikerbossie saam.  
 (NRVV 1962:50)

Die eerste twee reëls van die tweede strofe herinner weer aan reëls agt en nege van "Solank as die rietjie in die water lê", wat in sy geheel by nr. 201 aangehaal is. Die betrokke twee reëls lui: "(ek) vat haar aan haar handjie, // lei haar om die rantjie".

(213)

Bok-kie sê my ja bok-kie sê my ja moet nie twy-fel nie

moet nie twy-fel nie

Bokkie sê my ja  
 bokkie sê my ja  
 moet nie twyfel nie  
 moet nie twyfel nie.

Die blou blommetjie  
 hou die liefde aanmekaar  
 die wit blommetjie  
 hou die vrede aanmekaar.

Liefeling is dit jy  
 liefeling is dit jy  
 liefeling is dit jy  
 wat vir my so wegklap.

Bokkie ek wil jou hê  
 bokkie ek wil jou hê  
 moet my nie verlei nie  
 moet my nie verlei nie.  
 (G. Bediet: Steinkopf)

Hierdie lied is 'n samestelling van verskillende kwatryne waarvan nie een 'n rymskema het nie. Daar is wel 'n patroon merkbaar deurdat die eerste en laaste strofes die eerste en dan ook die derde reël herhaal. Strofe drie is 'n drie-en-een-kwatryn, hoewel daar geen rymwoorde is nie. Mnr. Bediet beskryf hierdie dans as 'n loop-glydans.

(214)

Bok-kie vat jou sloop o - bok-kie vat jou sloop



Bokkie vat jou sloop  
 o bokkie vat jou sloop  
 bokkie vat jou sloop  
 dat ons ma se huis toe loop.

Die wit sakdoek se punt  
 o die wit sakdoek se punt  
 kyk waar loop hy nou  
 dis my al meisiekind.

Bokkie vat jou goed  
 o bokkie vat jou goed  
 bokkie vat jou goed  
 dat ons ma se huis toe loop.


Die rooibeek-hoenderhaan  
 o die rooibeek-hoenderhaan  
 kyk waar kom hy aan  
 dis ou Attie Steenkamp.  
 (Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Net soos die vorige lied is hierdie een ook 'n samevoeging van verskillende tipes kwatryne. Die eerste en derde strofes is 'n kombinasie van 'n drie-en-een- en 'n o-kwatryn. Die tweede en vierde strofes is voorbeelde van die o-kwatryn.

Die woorde "bokkie vat jou sloop" kom dikwels voor in die liedere van die bruinmense. Dit word ook aangetref in nrs. 158, 215, 253 en 313. "Die wit sakdoek se punt" kom voor in strofe twee van nr. 237.

In strofe twee word die verskynsel aangetref dat daar na 'n vroulike persoon met die manlike voornaamwoord "hy" verwys word. Dit is 'n taalverskynsel wat baie algemeen in Namakwaland en die Boesmanland voorkom (Links 1989:80) (vergeelyk nrs. 215 en 303).


(215)








Bo-land toe Mam-mie en Pap-pie gee die vrou




Mam-mie en Pap-pie gee die vrou Mam-ma en Pap-pa gee die vrou



gee ook maar die vrou ons gaan Bo-land toe ons gaan Bo-land toe




Mam-ma gee vir hom die vrou Pap-pa gee vir hom die vrou



bok-kie vat jou sloop ons gaan Bo-land toe Mam-ma gee vir hom die vrou



Pap-pa gee vir hom die vrou hy sal nie ver-lo-re gaan nie ja



gee vir hom die vrou die blou blom-me-tjie die blou blom-me-tjie.

Bokkie vat jou sloop  
 bokkie vat jou sloop  
 Mamma laat hom toe  
 ons gaan Boland toe  
 Mammie en Pappie gee die vrou  
 Mammie en Pappie gee die vrou  
 Mamma en Pappa gee die vrou  
 gee ook maar die vrou  
 ons gaan Boland toe

ons gaan Boland toe  
 Mamma gee vir hom die vrou  
 Pappa gee vir hom die vrou  
 bokkie vat jou sloop  
 ons gaan Boland toe  
 Mamma gee vir hom die vrou  
 Pappa gee vir hom die vrou  
 hy sal nie verlore gaan nie  
 ja gee vir hom die vrou  
 die blou blommetjie  
 die blou blommetjie.  
 (G. Bediet: Steinkopf)

Hoewel die lied met dieselfde woorde as nr. 214 begin, is dit nie variante van mekaar nie. Die dans wat hierby uitgevoer word, is 'n vastrap.

In die vierde laaste reël word weer na die vrou met 'n manlike vorm verwys, soos bespreek by nr. 214.

(216)

Strofe 1

Bos-sie wil-le prei      bos-sie wil-le prei my ma het my ge-  
 strofe 2  
 looi      dat wê-reld my moet ry. Pak-kie si-ga-ret  
 pak-kie si-ga-ret      en dan loop ek saam met jou man soos hy met  
 my ge-maak het.

Bossie wille prei  
 bossie wille prei  
 my ma het my gelooi  
 dat wêreld my moet ry.

Pakkie sigaret  
 pakkie sigaret  
 en dan loop ek saam met jou man  
 soos hy met my gemaak het.

Die berge kammero  
 die berge kammero  
 jy moet glo as jy glo.

My ma wys my skêr  
 my ma wys my skêr  
 daar teen die syding van die berg.

En ek stoot so teen die noord  
 en ek stoot so teen die noord  
 daar op die Swartkophok se poort.  
 (J. Swart: Vredendal)

In hierdie lied kom afwisseling van vier- en driereëlige strofes voor. Die woord "kammero" is 'n streeksuitspraak van "kambro", 'n eetbare knolplant wat wyd verspreid in die Karoo voorkom (WAT 1968:193). Die woord kom meermale voor in die liedere van die bruinmense (vergelyk nrs. 219 en 227).

Die term "noord" in die laaste strofe verwys na die noordewind.

(217)

Die ak-ker-boom se bas ja die ak-ker-boom se bas my  
 lief-ling wat ek het hy kom my goed te pas.

Die akkerboom se bas  
 ja die akkerboom se bas  
 my liefling wat ek het  
 hy kom my goed te pas.

Vaaljas se mou  
 ja vaaljas se mou  
 dis beter om te trou  
 as om die liefde in te hou.

Die seewater is blou  
 ja die seewater is blou  
 die liefde wat ek het  
 sal ek lank onthou.  
 (M. Muller: Porterville)

In die kinderlied "Mamma sê vir g/i" is 'n fragment van hierdie lied aangetref in die woorde "eikeboom jou bas" (vergelyk nr. 43). Nog 'n variant, "Elke boom het 'n bas" kom voor by Grobbelaar (1987:156). Ander dele van die lied kom ook in ander liedere voor, byvoorbeeld "dis beter om te trou//as om die liefde in te hou" (vergelyk nr. 274) en "die seewater is blou" (vergelyk nrs. 226, 238, 252 en 487). Dit word ook aangetref by 'n versameling kwatryne wat Grobbelaar saamgestel het, waar dit lui:

Die seewater is blou  
 o die seewater is blou  
 die woorde van my liefding  
 die sal ek steeds onthou.  
 (Grobbelaar 1987:40)

Die strofe "Vaaljas se mou" herinner aan die meer bekende "Swartbaadjie se mou" wat dikwels by die bruinmense aangetref word. Grobbelaar het twee voorbeelde daarvan opgeteken in Namakwaland en die Boesmanland:

Swartbaadjie se mou  
 swartbaadjie se mou  
 dis beter om te trou  
 as om die liefde in te hou.  
 (Grobbelaar 1987:20)

Swartbaadjie se mou  
 swartbaadjie se mou  
 dis beter om te trou as  
 om die ergernis uit te hou.  
 (Grobbelaar 1987:156)

(218)

Die bel-ling en die ring die bel-ling en die ring die  
bel-ling en die ring is 'n deur-ge-pra-te ding.

Die belling en die ring  
die belling en die ring  
die belling en die ring  
is 'n deurgeprate ding.

Die hondjie van my blaf  
die hondjie van my blaf  
die hondjie van my blaf  
vat ek Touwsrivier toe af.

Die honde van my knoor  
die honde van my knoor  
die honde van my knoor  
gaat ek Matroosberg oor.

Die pyp se rietjie  
die pyp se rietjie  
die pyp se rietjie  
ek wil nie ouma wees nie.

Die pyp se rietjie  
die pyp se rietjie  
die pyp se rietjie  
ek fluit my weglopliedjie.

Bontrok is 'n tier  
Bontrok is 'n tier  
Bontrok is 'n tier  
ek gaan jou pêreveld toe stuur.

Die sonnebesie  
 die sonnebesie  
 die sonnebesie  
 ek wil nie ouma wees nie.

Die horlosiewyster  
 die horlosiewyster  
 die horlosiewyster  
 jy moet mamma luister.

Die halwe pakkie pille  
 die halwe pakkie pille  
 die halwe pakkie pille  
 ek loop 'n entjie saam met julle.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Dié lied bestaan uit 'n reeks bekoorlike drie-en-een-kwartyne. Die wysie is op 'n bekende patroon vir 'n volkslied, naamlik die eerste reël word gevolg deur 'n sekvens in die tweede reël, 'n toon hoër.

Die informante het glad nie geweet wat "belling" is nie. Toe die lied "Bokkie moet my nie vloek" (vergelyk nr. 210) by mnr. Bediet van Steinkopf opgeteken is, is die afleiding gemaak dat "belling" waarskynlik na die Engelse "bangle" verwys.

Die woord "knoor" in strofe drie is 'n vervorming van "knor" ter wille van die rym met "oor". Die "pyp se rietjie" verwys na 'n pypsteel. "Bontrok" is 'n algemene volksnaam vir 'n tier of 'n koei.

Die reël "die horlosiewyster" kom ook voor in nrs. 227,230 en 276.

(219)

Die berg se kam-me-ro o ja die berg se kam-me-ro ou  
 bok gee my 'n sak-doek dat ek my traan-tjies af kan dro.

Die berg se kammero



o ja die berg se kammero  
ou bok gee my 'n sakdoek  
dat ek my traantjies af kan dro.

Môre op die dou  
o ja môre op die dou  
toe slaan my ma vir my  
met 'n nuwe klappertou.

O daardie swartkopskapie  
toe sien ek mos my bok  
daar in my sluimerslapie.

O daardie blink ster in die lug  
o dis 'n moeder se plig  
om haar meisiekind te tug.

Dis bitter bitter koel  
ja dis bitter bitter koel  
daar waar die kanaal se water spoel.

Die skoen se nate  
toe dink ek mos aan my ma  
se doen en late.

Die bossie druiwe  
môreoggend gaan ek  
met my swartkoppie skuiwe.  
(J. Swart: Vredendal)

Hier is die eerste twee strofes kwatryne en die res driereëlige strofes. Die sanger het nie probleme om die musiek aan te pas nie. Hy laat enige van die tweede of derde reëls weg vir die driereëlige strofes.

Die eerste strofe is 'n variant van die sesde strofe van nr. 227. Die laaste twee reëls is veral bekend en kom ook voor in nr. 297.

Die tweede strofe kom ook meermale voor by die Afrikaanse volkslied. Grobbelaar het die volgende variant opgeteken:

Die môre op die dou,  
o die môre op die dou.  
Die trane in haar oë  
sal ek altyd berou.

(Grobbelaar 1978:76)

Die laaste reël van dieselfde strofe kom ook voor in strofe agt van nr. 237.

Strofe vier kom voor by Grobbelaar se weergawe van "Die biesie" soos gesing deur mnr. Anton van Zyl van Lambertsbaai. Dit is egter nie ingesluit in dieselfde lied wat as nr. 253 opgeneem is nie. Die variant lui soos volg:

Ja die blink ster in die lug  
dit is 'n vader se plig  
om sy ou meisiekind te tug.  
(Grobbelaar 1987:3)

(220)

Die blik-kie se boom is uit hoe lek-ker slaan die ghoë-ma die  
blik-kie se boom is uit hoe lek-ker slaan die ghoë-ma  
ghoë-ma ghoë-ma ghoë-ma ghoë-ma van tant Sê-ra hoor hoestaat die  
ghoë-ma die ghoë-ma van tant Sê-ra.

Die blikkie se boom is uit  
hoe lekker slaan die ghoema  
die blikkie se boom is uit  
hoe lekker slaan die ghoema  
ghoema ghoema ghoema  
ghoema van tant Sêra  
hoor hoe slaat die ghoema  
die ghoema van tant Sêra.  
(Groep volwassenes: Quado, De Doorns)


Hierdie lied is 'n variant van 'n Maleierlied wat deur I.D. du Plessis opgeteken is en soos volg lui:

Die blikkie se boom is uit,  
 Hoor hoe lekker slaat die goema  
 Die blikkie se boom is uit,  
 Hoor hoe lekker slaat die goema  
 Goema, goema, goema,  
 Goema van pelsier.  
 Goema, goema, goema,  
 Goema van pelsier.  
 (Du Plessis 1935:140)

Die woord "ghoema" of "ghomma" is 'n benaming vir sekere musiekinstrumente, hoofsaaklik die trom (WAT 1972:247).

'n Variant van die eerste vier reëls kom voor in strofe drie van nr. 505.

(221)



Die blou gor-dy-ne die blou gor-dy-ne die blou gor-dy-  
 ne dit is my hart se py- ne.

Die blou gordyne  
 die blou gordyne  
 die blou gordyne  
 dit is my hart se pyne.

Die tafelmes se punt  
 die tafelmes se punt  
 die tafelmes se punt  
 dit is 'n jaloerse meid se kind.

Die drukkie in my sy  
 die drukkie in my sy  
 die drukkie in my sy  
 ek kan mos beter kry as jy.  
 (Groep volwassenes: Selderyfontein, Fraserburg)

(a)

Die ta-fel-mes se punt die ta-fel-mes se punt die  
 ta-fel-mes se punt jy is die va-der van die kind.

Die tafelmese punt  
 die tafelmese punt  
 die tafelmese punt  
 jy is die vader van die kind.

Die kooi se deken  
 die kooi se deken  
 die kooi se deken  
 jy moet jou ouer reken.

Die blink ster op die berg  
 die blink ster op die berg  
 die blink ster op die berg  
 ek trek my hart van jou af weg.

Die blou gordyne  
 die blou gordyne  
 die blou gordyne  
 dit is my hart se pyne.  
 (V. van der Horst: Fraserburg)

Die dans van die eerste optekening word 'n skuiwe stuk genoem.

Variant (a) begin met die tweede strofe van nr. 221, maar die laaste reël verskil. Die eerste strofe van nr. 221 verskyn as slotstrofe by variant (a). Nog 'n variant van "Die tafelmese punt" is as algemene lied opgeteken (vergelyk nr. 518). Dit kom ook voor as strofe vyf van nr. 311.

(222)

Die bok het my ge-stoot o die bok het my ge-stoot die  
bok het my ge-stoot van die wal af in die sloot.

Die bok het my gestoot  
o die bok het gestoot  
die bok het my gestoot  
van die wal af in die sloot.

(Groep volwassenes: Die Valleï, Koo, distrik Montagu)

Dié eenvoudige kwatryn het 'n baie eenvoudige maar baie mooi wysie. Dit is eintlik vreemd dat net een strofe gesing is, maar dit is heeltemaal moontlik dat die informante bloot in daardie stadium nie nog strofes kon onthou nie.

(223)

Die Dai-sy van my bok wat op die ou kra-le  
bly in die mô-re om half-drie het hy Suid-wes toe ge-vlie.

Die Daisy van my  
bok wat op die ou krale bly  
in die môre om halfdrie  
het Daisy Suidwes toe gevlie.

(T. Boois: Garies)

Daar is nêrens 'n variant van hierdie liedjie of selfs net fragmente wat hieraan herinner, gevind nie. Die naam Daisy kom egter meermale in die volkslied voor, byvoorbeeld in die Engelse lied "Daisy Bell", waarvan die refrein soos volg lui:

Daisy Daisy give me your answer do  
I'm half crazy all for the love of you

it won't be a stylish marriage  
 I can't afford a carriage  
 but you'll look sweet on a seat  
 of a bicycle built for two.  
 (EMI SRSJ:5118)

"Suidwes" verwys na die hedendaagse Namibië.

(224)

Die doek met die ster- re ek loop saam met die klein-meid om vir  
 hom te tē - re.

Die doek met die sterre  
 ek loop saam met die klimmeid  
 om vir hom te tēre.

Stuur die waaier weg  
 stuur die waaier weg  
 deur my *forty-four*.

Ek sal nie rook nie  
 ek sal nie rook nie  
 of my kop verloor nie.

Klein Piet Hyster  
 staan daar om die hoekie  
 om die klimmeid af te luister.

Daar loop ek 'n draai  
 daar loop ek 'n draai  
 dis my ou bok se *tie*  
 wat oor sy linkerskouer waai.

Die ding en die ring  
 die ding en die ring



ek gaan my ou bok wegbring.

Water in die glas  
koop vir my 'n motor  
wat kan toet-toet blaas.  
(S. Lewies: Malmesbury)

Daar is nie 'n konsekwente patroon in hierdie lied nie. Soms word die eerste reël herhaal en 'n derde wat soms rym en soms nie, bygevoeg. Van die ander strofes bestaan uit drie heeltemal verskillende reëls waarvan die eerste en derde gewoonlik rym. Daar is selfs ook 'n enkele kwatryn tussen die driereëlige strofes, naamlik strofe vyf.

Strofe een kom voor by Grobbelaar se weergawe van "Die biesie" van mnr. Anton van Zyl. Dit lui soos volg:

Ja maar die doek met die sterre  
ek sê nou maar net vir jou  
ek sal daardie bokkie tere.  
(Grobbelaar 1987:4)

Die woord "klimmeid" is vervorm uit "klein meid" en word baie algemeen deur die bruinmense gebruik.

(225)

Die do-ring-baai o die blou ge-blok-te tie wat oor my  
lin-ker-skou-er waai.

Die Doringbaai  
die blou-geblokte tie  
wat oor my linkerskouer waai.  
(D. Isaac: Kliprand)

Die lied stem wel in 'n mate ooreen met strofe vyf van die vorige lied, maar is nie werklik 'n variant van die lied as geheel nie. Die betrokke strofe van nr. 224 is 'n kwatryn. Die wysies stem nie ooreen nie.

(226)

Ek sê die ei-er-tjie se door ek sê die

trap en skop vir my ja maat ek won-der waar-oor.

Die eiertjie se door  
die trap en skop vir my  
ek wonder waaroor.

Die stukkerkannie  
jy vloek en skel vir my  
maar ek het jou niks gemaak nie.

Die seewater is blou  
toe laat weet ek vir my mamma  
ek gaan Septembermaand trou.

Die eiertjie se door  
my hartjie kry so seer maar  
ek wonder waaroor.

Moet haar net nie sê ja  
ek gaan vir haar net nie sê nie  
daar waar my liefde lê nie.

Die silwervissie  
toe verlang ek na my moeder  
wat nie hier rond is nie.

Die bittersielietak  
ek wonder wat my pappa  
op Teerivier maak.

Die eier in die pan  
jy vloek en skel vir my

jy moet my nie verlaat nie.

Die pakkie sigaret  
kom wys vir my die plek  
waar ek laas gelê het.

Dis die rooi polonie  
as ek my *darling* so bekyk  
dan kan ek my lag nie hou nie.

Bokkie is dit jy  
bokkie is dit jy  
wat daar buite dalk bly.  
(M. Muller: Porterville)

Die informant is 'n baie bedrewe kitaarspeler en het reeds verskeie male saam met mnr. Pieter van der Westhuizen opgetree. Hy speel dikwels by danspartye en hy noem hierdie lied die "Heideveld-sikketees" of die "Skuiwe-sikketees". Die woord "sikketees" is 'n vervorming van "seties".

Die woorde "trap en skop vir my" kom dikwels voor in die bruinmense se liedere (vergelyk nrs. 191, 323 en 482).

"Stukkerkannie" wat in strofe twee voorkom, kon nie deur die informant verduidelik word nie. Die reël "jy vloek en skel vir my" kom meermale voor (vergelyk nrs. 158 en 290). Dit verskyn ook in strofe agt van hierdie lied.

Die reël "die seewater is blou" word in verskeie liedere aangetref (vergelyk onder meer nrs. 217, 238 en 487).

In strofe sewe kom die woord "bittersielietak" voor. Dit kan moontlik 'n vervorming van "pietersielie" wees.

(227)

Die geel-slang is nie vrek maar jy hoef nie te trek daar is 'n  
an-der in jou plek.

Die geelslang is nie vrek  
maar jy hoef nie te trek  
daar is 'n ander in jou plek.

Die brakke het geblaf  
my liefling kan my wag  
al is dit twaalfuur in die nag.

Die horlosiewyster  
maar my mammië het gepraat  
maar ek wou nie luister.

Die pakkie Maizena vol  
ja die wêreld het vergaan  
maar van my het niks geword.

Ja die Duitse klappertou  
maar ou bok jy moet hom sê  
hy moet sy bek van my af hou.

Die berg se kammeroe  
maar bok gee my jou sakdoek  
dat ek my trane af kan dro.

Ja die pekel in die pan  
maar ou bok ek sal nou kom  
dan met my blink *bicycle* om.

Ja maar die vis se grate  
jy kan nou uitdroog soos 'n riet  
net deur jou doen en late.


Dis 'n Visser-meisie  
maar my bok is dit dan nou  
'n Cloete-meisie.

Die kitaar se snare  
ek dink daar aan  
my kinderjare.  
(K. Spangenberg: Kliprand)

Die reël "die horlosiewyster" kom ook voor in nrs. 218, 230 en 276. Die strofe "Die berg se kammero" kom ooreen met die eerste strofe van nr. 219. Die klomp driereëlige strofes van hierdie lied, soos ook van nr. 226, is baie tipies van dansliedere by die bruinmense.

Die term "Maizena" wat in strofe vier voorkom, is die handelsnaam van mielieblom.

(228)



Die hal-we kop-pie kool die hal-we kop-pie kool so  
na-der ek na my huis toe gaan hoe dun-ner raak my sool.


Die halwe koppie kool  
die halwe koppie kool  
so nader ek na my huis toe gaan  
hoe dunner raak my sool.  
(B. van Wyk: Fraserburg)

Behalwe dat die o weggelaat is in die tweede reël, is hierdie liedjie 'n pragtige voorbeeld van die o-kwatryn soos beskryf deur N.P. van Wyk Louw (vergelyk hoofstuk 2). Dit is die tipe vers waarvan daar gewoonlik 'n hele paar strofes ná mekaar volg, en dit lyk weer eens soos by nr. 222 asof die informant nie verder kon onthou nie.

(229)



Die hoen-der-kop en -poot-jies en ba- ma-tie-slaai dis-sie  
an-der oom se dog-ter wat so lek-ter draai dis-sie my-ne nie dis-sie  
jou-ne nie an-ner-man se goed wat jy oor dwing die



groen kom-kom-mer en die rooi beet-slaai kop-pie warm snort en die  
 bees-neus-pie die hoen-der-kop en-poot-jies en ta- ma-tie-slaai dis-sie  
 an-ner oom se dog-ter wat so lek-ker draai dis-sie my-ne nie dis-sie  
 jou-ne nie an-ner-man se goed wat jy oor dwing dis-sie  
 my-ne nie dis-sie jou-ne nie die an-ner-man se goed wat jy oor dwing.

Die hoenderkop en -pootjies en tamatieslaai  
 dissie ander oom se dogter wat so lekker draai  
 dissie myne nie dissie jounie nie  
 annerman se goed wat jy oor dwing  
 dissie myne nie dissie jounie nie  
 annerman se goed wat jy oor dwing.

Die groen komkommer en die rooi beetslaai  
 koppie warm snort en die beesneus-pie  
 die hoenderkop en -pootjies en tamatieslaai  
 dissie anner oom se dogter wat so lekker draai  
 dissie myne nie dissie jounie nie  
 anner man se goed wat jy oor dwing.

(A. Mentoor: Beaufort-Wes)



(a)



Hoender-poot-jies kop-pe en ta-ma-tie-slaai  
 lek-ker kop-pie kof-fie met 'n bees-pens-pie.

Hoenderpootjies koppe en tamatieslaai  
 lekker koppie koffie met 'n beespens-pie  
 hoenderpootjies koppe en tamatieslaai  
 ou beesvelle is 'n lekker pie.  
 (J. McClaren: Calitzdorp)

Hier moet melding gemaak word van die assimilasie wat in die eerste optekening voorkom, byvoorbeeld "dis die" word "dissie" en "ander" word "anner".

Die woord "snort" in strofe twee van nr. 229 kon nie deur die informant verklaar word nie.

S.J. du Toit het twee liedere opgeteken waarin die inleidende reël van hierdie lied voorkom. Die eerste kom uit Ficksburg se wêreld en lui soos volg:

Agter in die wa sit die lokhaar ma;  
 Die meisie met die rietskraal buikplank-pens,  
 Daar lê die liefde van 'n meisiemens!  
 Rooi span osse! Rooi-wiel wa!  
 Môre gaan ons ouers vra!  
 Hoender, kop-en-pootjies en tomatieslaai!  
 Daar is die noointjies wat so lekker draai!  
 (Du Toit 1924:206)

Die volgende weergawe het hy in die distrik van Heilbron opgeteken.

Hoender, kop-en-pootjies en tomatie-slaai,  
 Sannie het die koekies in die as gebraai.  
 Daar waar die son en die maan ondergaan,  
 Daar het ek vir laas my soetlief laat staan.  
 Kriekie in die dam en parras in die vlei,  
 Waar is die noointjie wat so lekker vry?  
 (Du Toit 1924:208)

Die twee variante van die bruinmense is meer verwant aan mekaar as aan die weergawes van Du Toit. Albei maak byvoorbeeld melding van 'n "beesneus-pie" en 'n "beespens-pie" onderskeidelik. Die wysies van die twee variante stem egter nie ooreen nie.

(230)

Die hor- lo-sie -wys-ter o die hor- lo-sie wys-ter

kyk waar stap hy nou dis my ge- we- se na- by- ste.

Die horlosiewyster  
o die horlosiewyster  
kyk waar stap hy nou  
dis my gewese nabyste.

Skoen se veter  
o die skoen se veter  
as hy sy ma geluister het  
dan was dit iemand beter.  
(Volwasse groep: Soebatsfontein)

Die woord "nabyste" in die eerste strofe verwys waarskynlik na 'n geliefde. Daar is verskeie ander verwysings na "die horlosiewyster" (vergelyk nrs. 218 en 227).

(231)

Die kel- kie son- der voet o die kel- kie son- der voet ek

lag net met my lip- pe maar ek huil in my ge- moed.

Die kelkie sonder voet  
o die kelkie sonder voet  
ek lag net met my lippe  
maar ek huil in my gemoed.

Wat het jy gedink  
o wat het jy gedink  
wat het jy gedink  
dat jy die troebel water drink.

Die nuwe lantern  
o die nuwe lantern  
ja ander jaar dan dryf ek  
my eie affêring.  
(Groep volwassenes: Soebatsfontein)

"Die kelkie sonder voet" is een van die bekendste o-kwatrene wat deur N.P. van Wyk Louw self in Kenhardt se wêreld opgeteken is. Vergelyk die volgende:

Die kelkie sonder voet  
o die kelkie sonder voet  
'n glimlag op my lippe maar  
verdriet in my gemoed.  
(Louw 1970:101-102)


Strofe ses van nr. 237 is nog 'n variant van hierdie strofe.

'n Variant van strofe drie is deur Grobbelaar by mnr. Klaas Louw van die Loeriesfontien-distrik gevind:

Die nuwe lanterntjie,  
o die nuwe lanterntjie.  
Aankomende jaar dan drywe ek mos  
my eie affêrinkie.  
(Grobbelaar 1978:73)

(232)

Die kra-le om my nek die kra-le om my  
nek die kra-le om my nek ek staan in Zeekoëi-vlei se



Die krale om my nek  
 die krale om my nek  
 die krale om my nek  
 ek staan in Zeekoeivlei se hek.

Die boksie mêtjies  
 die boksie mêtjies  
 die boksie mêtjies  
 ek lyk nog altyd netjies.

Die potjie Vaseline  
 die potjie Vaseline  
 die potjie Vaseline  
 ek het jou lanklaas gesien.

Die silwervissie  
 die silwervissie  
 ek jol met 'n jong  
 wat nie myne is nie.

Die trossie druiwe  
 die trossie druiwe  
 ek jol met 'n jong  
 wat kan lees en skrywe.

Die pakkie sigaret  
 die pakkie sigaret  
 die pakkie sigaret  
 wat my pa gestuur het.  
 (S. Hanekom: Clanwilliam)

Dit kom dikwels by die liedere van die bruinmense voor dat die naam van die plaas waar hulle woon en werk in die liedere gebruik word, soos in hierdie geval "Zeekoeivlei" (vergelyk nrs. 186 "Pietersfontein" en 326 "Drievlei"). Hier is ook die verskynsel dat sommige strofes drie-en-eenkwatryne is en ander die vorm van 'n o-kwatryn het, hoewel die "o" by die tweede reël weggelaat is.

'n Variant van "die potjie Vaseline" kom voor as strofe een van nr. 237.

In strofe ses van nr. 226 kom die reël "Die silwervissie" ook voor.

(233)

Meid se voet is seer die meid se voet is seer ons  
gaan die rooi draai deur.

Die meid se voet is seer  
die meid se voet is seer  
ons gaan by Rooidraai deur.

Ek maak my kamer aan die kant  
ek maak my kamer aan die kant  
daar kom Sias van Wyk vanaand.

Moenie huil en skel nie  
moenie huil en skel nie  
ons sal nie lank wegbly nie.  
(E. van Wyk: Malmesbury)

Die naam "Sias van Wyk" verwys na die informant se eggenoot.

Die melodie van dié lied is baie eenvoudig en eindig met 'n interval wat baie algemeen as afsluiting van 'n lied by die bruinmense aangetref word, naamlik 'n vyfde van soh na do (vergelyk nrs. 173 en 224).

(234)

Die mō-re toe my ma my las die

mô-re toe my ma my los die mô-re toe my ma my  
 los - kry sy die py-ne deur haar bors.

Die môre toe my ma my los  
 die môre toe my ma my los  
 die môre toe my ma my los  
 kry sy die pyne deur haar bors.

O maar die bok het die bont rok aan  
 o maar die bok het die bont rok aan  
 o maar die bok het die bont rok aan  
 die môre toe hy na sy ma se huis toe gaan.  
 (H. Gouws: Kliprand)

Die woorde van hierdie drie-en-een-kwatryn is nie baie ritmies nie omdat die laaste reëls van die twee strofes soveel in lengte verskil. Die sanger moes by strofe twee 'n klomp kort nootjies inpas om nie van die musiek se ritme af te wyk nie.

(235)

Die na-droe-jak-kals het sy kin-ders op-ge-eet die  
 na-droe-jak-kals het sy kin-ders op-ge-eet die  
 na-droe-jak-kals het sy kin-ders op-ge-eet die na-droe-jak-kals het sy  
 kin-ders op-ge-eet oom kin-ders op-ge-eet.



Jan-kals bring die ma-sjie-ne-ries hier - na- toe oom  
D.C. AL FINE

Jan-kals bring die ma-sjie-ne-ries hier- na- toe die

Die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 oom Jankals bring die masjieneries hiernatoo  
 oom Jankals bring die masjieneries hiernatoo.

Die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 bokkie my kom haal jou pay by my  
 bokkie my kom haal jou pay by my.

Die nadroejakkals het sy kinders opgeëet  
 die nadroejakkals het sy kinders opgeëet.  
 (Groep volwassenes: Die Bof(b), George)

Hierdie lied het 'n baie aantreklike wysie en is volgens die informante 'n gewilde dansliedjie.

Die nadroejakkals is 'n skrikaanjaende figuur in die volksgeloof. Hy kan 'n mensegesig of 'n jakkalsgedaante hê en vlieg snags by oop vensters in om die mense se bloed uit te suig (Grobbelaar 1977:89).

(236)

Die pienk strik in my sy toe laat weet ek vir my

ma ek moet n ba-ba-trui-tjie brei.

Die pienk strik in my sy  
toe laat weet ek vir my ma  
ek moet 'n babatruitjie brei.

Ou bokkie sê my reg  
ou bokkie sê my reg  
ek trek my hart van jou af weg.

My ma het my gestuur  
my ma het my gestuur  
om die bruilof te gaan vier.

Die potjie met die ink  
as ek dood is en ek stink  
sal my liefling oor my dink.

My ma maak oop die deur  
my ma maak oop die deur  
daar kom die krulkop klong alweer.

Die perde staan en pronk  
die perde staan en pronk  
tot in Bellville se tronk.

Staan ek op die klip  
staan ek op die klip  
ek hou die Hendriks-kindere dop.

Die ring aan my vinger  
die ring aan my vinger  
toe loop ek slinger-slinger.  
(M. Hendrikse: Clanwilliam)

By hierdie lied tref 'n mens die verskynsel van inkonsekwentheid ten opsigte van die herhalingspatroon van reëls aan. Strofe een en vier het elk drie verskillende reëls, terwyl by al die ander strofes reël een herhaal word.

Strofe ses toon ooreenkoms met 'n lied wat deur W.J. van Zyl opgeteken is (vergelyk nr. 18). Die betrokke vier reëls word hier aangehaal:

die perde loop en pronk (2x)  
 maar Katriena Hardestang  
 is in Morriesburg se tronk  
 (Van Zyl 1975:35)

(237)



Die pot-jie Va-se-line ja die pot-jie Va-se-line en ek  
 gee my kind vir Ma en gesels met jou al-leen.

Die potjie Vaseline  
 ja die potjie Vaseline  
 en ek gee my kind vir ma  
 en gesels met jou alleen.

Die wit sakdoek se punt  
 ja die wit sakdoek se punt  
 so nader na die berge  
 so koeler waai die wind.

Staan ek by die draad  
 o staan ek by die draad  
 en ek wag dat die klonkie  
 van die oeslande praat.

Die deur se werwel  
 ja die deur se werwel  
 aan jou voorkop kan ek sien  
 jy is 'n oujongkêrel.

Die waterglasie  
 ja die waterglasie  
 en ek jol nie met 'n swartman nie  
 ek het my nasie.

Die kelkie sonder voet

ja die kelkie sonder voet  
toe dink ek ingedagte  
en ek huil in my gemoed.

My ma se huis lê ver  
ja my ma se huis lê ver  
my bokka jy moet kom  
ons moet voetslaan oor die berg.

Die stukkie klappertou  
en die stukkie klappertou  
en loop sê vir daardie klimmeid  
hy moet sy bek van my af hou.

Duitse kakkerlak  
ja die Duitse kakkerlak  
jy het jou vader doodgemaak  
jy wil dieselfde met my maak.

Ring en die steentjie  
ja die ring en die steentjie  
toe laat weet ek vir my ma  
ek het 'n krulkop-seuntjie.

Saailand is geê  
ja die saailand is geê  
daardie antie vloek en skel  
maar my kind wil ek nog hê.

*Aeroplane* se vlerk  
ja die *aeroplane* se vlerk  
moenie die meid kasty nie  
want sy maag is aan die werk.

Angel in my oog  
ja die angel in my oog  
bokka jy moet kom  
ons moet kloegvat oor die vloer.

Die vis se kuite  
ja die vis se kuite  
en toe stuur die klong sy liefde  
deur my kamerruite.

Staan ek by die hek  
 en toe staan ek by die hek  
 deur 'n ander meid se bek  
 moet ek plaas vir plaas trek.

Duitse kakie  
 ja die Duitse kakie  
 jy het vir Ma en Pa gevra  
 maar nie vir skop en trap nie.


Halwe snytjie brood  
 ja die halwe snytjie brood  
 ja die klong sal ek nog los  
 en maak my kind alleny groot.

Die ag en die sewe  
 ja die ag en die sewe  
 ek het 'n boerplaasklong gevat  
 ek het 'n lekker lewe.  
 (K. Arendse: Malmesbury)

'n Hele reeks kwatryne is in hierdie lied bymekaargebring. Almal is op die patroon van die o-kwatryn gebou, hoewel by die meeste strofes die "o" met 'n "ja" of "en" vervang is.

Die eerste strofe kom voor in nr. 232, strofe twee in nr. 214 en strofe ses in nr. 231. Die reël "maar nie vir skop en trap nie" in strofe sestien is effens gewysig van die bekende "trap en skop vir my" wat voorkom in nrs. 191, 226, 323 en 482. Die woorde "Duitse kakie" in strofe sestien is 'n vreemde kombinasie. Daar word gewoonlik na Engelse soldate as "Kakies" verwys, andersins is "kakie" 'n tipe materiaal.

(238)



Die rooi-bek-kie van my die rooi-bek-kie van my die  
 rooi-bek-kie van my 'kwil op die rail-way- sta-sie bly.

Die rooibekkie van my  
 die rooibekkie van my  
 die rooibekkie van my  
 ek wil op die *railway*stasie bly.

Ek trek my flenterbaadjie aan  
 ek trek my flenterbaadjie aan  
 ek trek my flenterbaadjie aan  
*never mind* of die skollies van my hou.

Die seewater lê so blou  
 die seewater lê so blou  
 die seewater lê so blou  
*never mind* of die skollies van my hou.

Die ou getroude vrou  
 die ou getroude vrou  
 die ou getroude vrou  
 sy moet haar bek van my af hou.  
 (Groep volwassenes: Selderyfontein, Fraserburg)

Die laaste reël van strofe twee rym nie met die voriges nie en lyk asof dit plaasvervangend gebruik is vir 'n reël wat nie onthou kon word nie, aangesien dit ook in strofe drie herhaal word. Die reël "Die seewater lê so blou" is reeds aangedui as baie algemeen in die Afrikaanse volkslied (vergelyk nrs. 217 en 226).

(239)

Die rooi-dag wil breek die rooi-dag wil breek die  
 rooi-dag wil breek ek wil huis toe gaan my ma.

Die rooidag wil breek  
 die rooidag wil breek  
 die rooidag wil breek



ek wil huis toe gaan my ma.

Die voëltjies wil fluit  
die voëltjies wil fluit  
die hoenderhaan wil kraai  
ek wil huis toe gaan my ma.

Die rooidag wil breek  
die rooidag wil breek  
die rooidag wil breek  
ek wil huis toe gaan my ma.

Die voëltjies wil fluit  
die voëltjies wil fluit  
die voëltjies wil fluit  
en die hoenderhaan wil kraai.

Huis toe my ma  
huis toe my ma  
huis toe my ma  
ek wil huis toe gaan my ma.

Die rooidag wil breek  
die rooidag wil breek  
die rooidag wil breek  
ek wil huis toe gaan my ma.


Die voëltjies wil fluit  
die voëltjies wil fluit  
die voëltjies wil fluit  
en die hoenderhaan wil kraai.  
(Ons Erfenis:NAM84-1a))

In hierdie lied is 'n paar reëls in verskillende strofes oor en weer geskommel. Dit is nie net reëls wat herhaal word nie, maar ook strofes as geheel. Die element van herhaling is dus baie sterk. Die lied is deur Grobbelaar in die Clanwilliam-distrik gevind.

(240)



Die rooi haan die kraai en die rooi-dag die kom kom



gee vir my die ja-woord dat ek kan huis toe gaan hei my lief-ling.

Die rooi haan die kraai  
 en die rooidag die kom  
 kom gee vir my die jawoord  
 laat ek kan huis toe gaan  
 kom gee vir my die jawoord  
 laat ek kan huis toe gaan  
 hei my liefling.  
 (A. Farmer: Eksteensfontein)

Dié lied is 'n variant van nr. 169, waar dit volledig met al die ander variante bespreek is. By hierdie variant is die laaste reël uitsonderlik deurdadig uitgeroep word.

(241)



Tier tier in die Tier-ber-ge kraai  
 kraai in die Kraai vlak-ke waart jou  
 ma vir jou ge-kry in die don-ker bo-me.

Die tier tier en die Tierberge  
 die kraai kraai en die Kraaivlakke  
 waar het jou ma vir jou gekry  
 in die donker bome.

Die kraai kraai en die Kraaivlakke  
 die tier tier en die Tierberge  
 waar het jou ma vir jou gekry  
 in die donker bome.

Bokkie is dit jy  
 bokkie is dit jy  
 bokkie is dit jy  
 wat my hartjie so kasty?  
 (M. Muller: Porterville)

Die derde strofe van hierdie lied is 'n drie-en-een-kwatryn en pas in vorm glad nie by die eerste twee strofes nie. Hierdie woorde is baie bekend en is ook deur Grobbelaar in Namakwaland opgeteken (1987:39).

Die dans is 'n seties en word deur die informant die "Tierberge-sikketees" genoem.

(242)

Die vaal-baad-jie klong o ja die vaal-baad-jie klong wat na my  
 ma se huis toe kom.

Die vaalbaadjie-klong  
 die vaalbaadjie-klong  
 wat na my ma se huis toe kom.

Die pienk strik in my sy  
 ou bok is dit jy  
 wat verneem jy nog na my.

Die horlosiewyster  
 dis die weeskind van my ma  
 ek moet allenig luister.

Die skapie sê mos my  
 kyk waar trap Seloena  
 met sy kolekoorsteen.  
 (S. Isaac: Kliprand)

Die eerste reël van strofe twee word ook gevind in nr. 236 en die eerste reël van strofe drie in nrs. 218 en 230. "Seloena" is volgens die informant 'n naam wat die plaaslike mense vir die stoomtrein gegee het.

(243)

Dis swaar om met die jong bok te jol dis

swaar om met 'n jong bok te jol want die jong bok is 'n ding wat vir

jou in die moeilik-geit bring ja dis swaar om met die jong bok te jol.

Dis swaar om met 'n jong bok te jol  
 dis swaar om met die jong bok te jol  
 want die jong bok is 'n ding  
 wat vir jou in die moeilikgeit bring  
 ja dis swaar om met die jong bok te jol.  
 (G. du T. Cillié: Durban)

Dié lied is 'n variant van die baie bekende hartseerlied "Dit is swaar om 'n weeskind te wees". Daar bestaan talle variante daarvan en word later volledig bespreek (vergelyk nr. 404).

(244)

Dit is n blom dit is n blom dit is n

blom wat uit Car-na-von uit kom.

Dit is 'n blom  
 dit is 'n blom  
 dit is 'n blom  
 wat uit Carnavon uit kom.

Plant hom voor my deur  
 plant hom voor my deur  
 plant hom voor my deur  
 om my liefling se hart te steel.

Ek dra my rokkies kort  
 ek dra my rokkies kort  
 ek dra my rokkies kort  
 om te kyk wat van my word.

Ou Rosie staan op drie  
 ou Rosie staan op drie  
 ou Rosie staan op drie  
 ek roep vir Bokkie Olivier.

Die bruin kitaar se snaar  
 die bruin kitaar se snaar  
 die bruin kitaar se snaar  
 hy trek die liefde bymekaar.

Toe staan ek op die dou  
 toe staan ek op die dou  
 toe staan ek op die dou  
 en dit is op Calvinia se skou.  
 (Volwasse groep: Platfontein, Sutherland)


Die strofe wat lui: "Die bruin kitaar se snaar (3x)//hy trek die liefde bymekaar" is verskeie male aangetref by die bruinmense. Dit is 'n baie treffende kwatryn. Die woorde varieer soms, soos byvoorbeeld in nr. 323 waar dit lui: "Die ou bruinbakkitaar (3x)//hy trek die liedjies aanmekaar". Vergelyk ook nrs. 290, 292 en 319.

Die dans by hierdie lied is 'n riel.

(245)

Strofe 1

Doe-sie-meid is n plaas se meid Doe-sie-meid is n plaas se meid



Doe-sie-meid is 'n plaas se meid en die rooi-dag kom  
 uit. Ma slaan vir Doe-sie-meid Ma slaan vir Doe-sie-meid  
 Ma slaan vir Doe-sie-meid dis kof-fie-maak-tyd.

Doesie-meid is 'n plaas se meid  
 Doesie-meid is 'n plaas se meid  
 Doesie-meid is 'n plaas se meid  
 en die rooidag kom uit.

Ma slaan vir Doesie-meid  
 Ma slaan vir Doesie-meid  
 Ma slaan vir Doesie-meid  
 dis koffiemaaktyd.  
 (T. Boois: Garies)

(a)



Ma kom slaan vir Doe-sie-meid dis 'n nooi se meid dis  
 kof-fie-maak-tyd en die rooi-dag kom uit.

Ma kom slaan vir Doesie-meid  
 dis 'n nooi se meid dis koffiemaaktyd  
 en die rooidag kom uit.

O maar Ma kom slaan vir Doesie-meid



o maar Pa kruip uit die meelsak uit  
en die rooidag kom uit.

O maar Ma kom slaan vir Doesie-meid  
die hoender die kraai in die Bergrivier  
en die rooidag kom uit.

(H. Gouws: Kliprand)

(b)

Doe-sie-meid die voël-tjie fluit Doe-sie-meid dis op-staant-tyd Ma slaan vir

Doe-sie-meid die rooi-dag kom uit .

Doesie-meid die voëltjies fluit  
Doesie-meid dis opstaantyd  
Ma slaan vir Doesie-meid  
die rooidag kom uit.

Ma slaan vir Doesie-meid  
Ma slaan vir Doesie-meid  
Ma slaan vir Doesie-meid  
die rooidag kom uit.

Doesie-meid dis koffiemaaktyd  
Doesie-meid dis opstaantyd  
Ma slaan vir Doesie-meid  
die rooidag kom uit.  
(K. Spangenberg: Kliprand)

Die agt strofes van die drie variante bestaan uit slegs 'n paar reëls wat veral deur die laaste twee informante op vernuftige wyse gemeng en omgeruil word om elke keer 'n nuwe strofe voort te bring. Nrs. 245 en 245(b) is kwatryne, terwyl 245(a) uit driereëlige strofes bestaan.

Die reël "en die rooidag kom uit" in al die variante en in variant (a) die reël "die hoenders die kraai in die Bergrivier" herinner aan nr. 162 en sy variante.

(246)

Dol-la my hart is seer Dol-la my hart is seer o maar  
d'een wat ek wil hê die maak my hart so seer.

Dolla my hart is seer  
Dolla my hart is seer  
o maar die een wat ek wil hê  
die maak my hart so seer.

Dolla my hart voel seer  
Dolla my hart voel seer  
maar die een wat hom moet smeer  
se hart is net so seer.  
(H. Gouws: Kliprand)

Dit is een van die baie pragtige hartseer-dansliedjies. Dit het 'n variant wat deur Grobbelaar in die radioreeks *Die volk as digter I* bekend gestel is en soos volg lui:

Polla, my hart is seer,  
Polla, my hart is seer,  
en die polla wat hom moet smeer  
se hart is net so seer.

Polla, bring asyn,  
Polla, bring asyn,  
Polla, bring asyn,  
kom smeer my hart wat pyn.  
(Grobbelaar 1978:3)

Die lied is by 'n blanke man, mnr. Klaas Louw van die Knersvlakte, Loeriesfontein-distrik, opgeteken. Grobbelaar vertel omtrent hierdie liedjie: "En, so verseker 'n jonkman van weleer my, as hierdie Polla-liedjie opklink terwyl die dansers oor die baan gly, dan huil die meisie so op jou skouer." (1978:3). Albei opnames is in walstyd, maar die wysies is nie dieselfde nie.

(247)

Don-ker- klo- we o - don-ker klo- we ag maar  
kyk waar loop my bok-kie hyt my trou be - lo - we.

Donker klowe  
o donker klowe  
ag maar kyk waar loop my bokkie  
hy't my trou belowe.

Die lusernvoere  
o die lusernvoere  
nou's my bokkie weg  
nou lê net sy rubberspore.

Die koppietjie pekel  
o die koppietjie pekel  
kyk waar ry ou Sias  
met sy blink *bicycle*.  
(Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Die melodie van hierdie lied is presies dieselfde as dié van nrs. 214 en 231 wat deur dieselfde groep informante gesing is. Al drie liedere bestaan uit kwatryne. Hulle het egter duidelik te kenne gegee dat hulle dit as afsonderlike liedere beskou.

(248)

Draai bob-be-jaan draai draai om haar draai draai bob-be-jaan  
draai draai om die paal.

Draai bobbejaan draai  
draai om haar draai  
draai bobbejaan draai  
draai om die paal.

Koes bobbejaan koes  
koes om haar koes  
koes bobbejaan koes  
koes vir die koeël.

(H. Gouws: Kliprand)

Die informant het die twee strofes tientalle male om die beurt gesing, asof vir 'n dansgeleentheid. Hy noem dit 'n langarmdans.

Du Toit het 'n soortgelyke lied in sy bundel opgeneem. Hy noem dit 'n wals of moontlik 'n katriel/kadriël, maar gee nie die wysie weer nie. Die woorde lui soos volg:

Draai, bobbejaan! Draai, bobbejaan!  
Oubaas kom aan!  
Al om die boom, al om die boom,  
Oubaas kom aan!  
(Du Toit 1924:176)

(249)

Dra in die ger-we as my ou-pa ker-we wil ek die  
klon-kie er-we.

Dra in die gerwe  
as my oupa kerwe  
dan wil ek die klonkie erwe.  
(S. Pieterse: Malmesbury)

Dié kort strofe is waarskynlik net 'n gedeelte van die oorspronklike lied. Die informant was baie vaag en het probeer om nog strofes te sing, maar kon nie meer onthou nie. Die woorde toon vaagweg ooreenkoms met 'n rym wat algemeen onder kinders en jongmense bekend is:

As jy eendag kom te sterwe  
 wil ek jou kopbeen erwe  
 om biltong op te kerwe.  
 (P.W. Grobbelaar:onderhoud)

(250)

Een Son-dag-mô-re toe stap ek oor die rant-jie  
 toe rol my tra-ne soos 'n em-mer wa-ter.

Een Sondagmôre  
 toe stap ek oor die rantjie  
 toe rol my trane  
 soos 'n emmer water  
 ek is alleen  
 vir ewig alleen  
 toe rol my trane  
 soos 'n emmer water  
 ek het nie ma nie  
 my ma is in die wêreld  
 ek het nie pa nie  
 my pa is in die oorlog  
 ek het nie broers nie  
 my broers is oorlede  
 ek het nie suster nie  
 my susters is gesterwe.

(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Dié lied het 'n variant wat onder liedere wat oor hartseer, skeiding en die dood handel, opgeneem is (vergelyk nr. 405).

Die betrokke dans is die gabzella. Een van die informante, mej. Magdalena Platjies, het die gabzella uitgevoer. Dit bestaan hoofsaaklik uit voetbewegings en die swaai van die hande in die lug. Die woord "gabzella" het ook voorgekom in twee kinderliedere (vergeelyk nrs. 66 en 82).

(251)

Ek dans met die mei-sie met die kort-ste rok-kie  
 ron-de kop-pie sy lyk soos 'n pop-pie ek  
 dans met die mei-sie met die kort-ste rok-kie en  
 dit was die end van die jaar o my mam- ma  
 sê tog maar ja sê tog maar ja sê tog maar ja  
 o my mam- ma sê tog maar ja want  
 dit was die end van die jaar.

Ek dans met die meisie  
 met die kortste rokkie  
 ronde koppie  
 sy lyk soos 'n poppie  
 ek dans met die meisie



met die kortste rokkie  
en dit was die end van die jaar.

O my mama sê tog maar ja  
a dan sê tog maar ja  
a dan sê tog maar ja  
o my mama sê tog maar ja  
en dit was die end van die jaar.  
(Grobbelaar 1987:188)

Dié danslied is gesing deur mnr. August Gertse wat nog 'n paar nommers vir Grobbelaar se program *Die volk as digter II* gelewer het (vergeelyk nrs. 260 en 327). Hy is van Beukeskraal naby Wuppertal in die Clanwilliam-distrik. Die lied is oor en oor herhaal vir ongeveer drie minute.

(252)

Ek het sy spoor hier ge- kry en waar-om moet ek dan so  
treur sy was nog klein by die see en die  
maan is maar weer a- luis en die son die sak maar  
weg waar-om moet ek dan so treur en  
sy was tog klein by die see die see-wa-ter  
is nog maar blou die see-wa-ter is nog maar

blou en die see-wa-ter is nog maar blou . die  
blou blom-me tjie is die lief-de ja waar-om  
moet ek dan so- treur?

Ek het sy spoor hier gekry  
en waarom moet ek dan so treur?  
sy was nog klein by die see  
en die maan is maar weer alluin  
en die son sak maar weg  
waarom moet ek dan so treur  
en sy was tog klein by die see  
die seewater is nog maar blou  
die seewater is nog maar blou  
die seewater is nog maar blou  
die blou blommetjie is die liefde ja  
waarom moet ek dan so treur?  
(G. Bediet: Steinkopf)

Dit is een van die min dansliedere in 3/4-tyd wat by die bruinmense aangetref is. Die informant het dan ook te kenne gegee dat hulle in sy jong dae daarby gewals het. Die reël "die seewater is nog maar blou" wat reeds by verskeie ander liedere aangetref is (vergelyk nrs. 217, 226, en 238), word hier twee maal herhaal, maar dit vorm tog nie 'n volledige kwatryn nie.

(253)

Ek is op en ge- daan op en ge- daan dit is van  
bie- sie slaan. Nou maar slaan die

bie-sie nou ja maar wat tog maarge-wees het sal tog nooit weer wees

nie.

Ek is op en gedaan  
op en gedaan  
dit is van biesieslaan.

Nou maar slaan die biesie  
nou maar wat tog maar gewees het  
sal tog nooit weer wees nie.

Ag maar die seebankduine  
nou maar vanmôre lê die weer  
dit is met smart en pyne.

Nou maar die skuit se roeie  
jy sê tog vir jou ma  
ek lê nog vasgeboeie.

Nou die groen tamatie  
nou maar die kom van anderkant af  
maar jy't nog niks gehad nie.

O die vlooië het my gebyt  
o ja die hond het my gebyt  
dis oor die meid se skelmgeid.

Ja die wind waai uit die noord  
nou maar hoor daar hoe blaas die trein  
wat deur Gouda uitloop.

Nou ja maar bokkie vat jou sloop  
nou ja maar bokkie vat jou sloop  
laat ons kan Lambertsbaai toe loop.

Nou ja maar die liewe hartjie  
 jy sê tog vir jou ma  
 ek gaan nie môre werk nie.

Nou maar die bruin bak se snaar  
 nou ja maar wie sê wie kom daar  
 dit is net 'n ou graswewenaar.


Nou ja maar die skewe skoene  
 nou jy sê tog vir jou ma  
 die bok dra skewe skoene.

Nou ja maar die lewe is tam  
 nou maar wie kom tog daar aan  
 dit is 'n lelike Fransman.  
 (A. van Zyl: Lambertsbaai)

Tydens 'n opname wat Grobbelaar by mnr. Van Zyl gemaak het, het hy die dans beskryf, hoewel hy nie 'n naam daaraan gee nie. Twaalf pare neem teenoor mekaar stelling in, vleg op maat van die musiek heen en weer oor die vloer, dans met verskillende maats, maar kom op die ou end weer by die oorspronklike maat uit (Grobbelaar 1978:75).

Die verskynsel wat in hoofstuk twee bespreek is, naamlik dat baie van die driereëlige strofes begin met "nou ja maar" of "ja maar", is baie opvallend in hierdie lied.


(254)



Ek loop in die pad- en ek voel- so al- leen en ek



dink aan my ma- en my pa tel-le-rie-- tel-le-



rie-- tel-le tel-le tel-le tel-le tel-le- rie.


tel-rie.

Ek loop in die pad  
 en ek voel so alleen  
 en ek dink aan my ma en my pa  
 tellerie tellerie  
 telle- telle- telle- telle-  
 tellerie.


(C. Afrika: Middelpos)

Hierdie lied het 'n baie hartseer toon en herinner in dié opsig aan die minnelied nr. 168. Hoewel een van die reëls, "en ek voel so alleen" teenoor "ek staan so alleen" ook in 'n mate ooreenstem, kan die twee liedere nie variante genoem word nie.

(255)



Ek trap my spo-re toe ek trap my spo-re toe wat na my



ma se huis toe gaan.

Ek trap my spore toe  
 ek trap my spore toe  
 wat na my ma se huis toe gaan.

Die witte lelieblom  
 die witte lelieblom  
 wat uit Visrivier uit kom.

'n Kers se blaker  
 'n kers se blaker  
 jy is 'n kindermaker.

Die mosie voor my kop  
 die mosie voor my kop  
 daar kom 'n zoezoe oorkant aan.

(C. Afrika: Middelpos)

Die woord "mosie" in die laaste strofe is eintlik "moesie". Daar is aan die informant gevra wat "zoezoe" beteken en haar antwoord was dat dit 'n liedjie is. Op die oog af lyk dit dus nie of dit sin

maak dat 'n liedjie kan "aankom" nie. Tog is is dit so dat die natuurmens baie konkreet dink. 'n Vertelling is soos die wind wat na 'n mens aankom en jy kan dit voel. W.H.I. Bleek, 'n Duitse geleerde en kenner van die Santaal, het die volgende merkwaardige optekening uit die mond van die Boesman Kábbo, gemaak: "[...] that I may sit in the sun; that I may sitting, listen to the stories, which yonder come, which are stories which come from a distance. [ ] Then I shall get hold of a story from them, because they (the stories) float out from a distance..." (Grobbelaar 1981:101-102).

Die melodie is nie aantreklik nie en baie op een toon.

(256)

En die hoe-la-hoep en die hoe-la-hoep en die hoe-la-hoep en die  
 hoe-la-hoep en die hoe-la-hoep en die hoe-la-hoep my  
 mam-mie kom-kyk vir sê-ra want sê-ra wil 'n lang-broek  
 dra en die hoe-la-hoep en die hoe-la-hoep en die  
 hoe-la-hoep en die hoe-la-hoep en die hoe-la-hoep en die  
 hoe-la-hoep my mam-mie kom-kyk vir sê-ra want  
 sê-ra wil 'n lang-broek dra.



En die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 my mammie kom kyk vir Sêra  
 o Sêra wil 'n langbroek dra  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 en die hoela-hoep  
 my mammie kom kyk vir Sêra  
 o Sêra wil 'n langbroek dra.  
 (Grobbelaar 1987:189)

Die "hoela-hoep" (ook "hoelahoepel" of "hoela-hoelahoepel") is 'n groot ligte hoepel van rottang of plastiek wat om die lyf geplaas en deur ritmiese bewegings in die rondte geswaai word as spel of liggaamsoefening (WAT 1972b:323).

Saam met "Die nadroejakkals" (nr. 235) is hierdie lied die enigste waar een reël tot vyf maal direk na mekaar herhaal word. Dit beklemtoon baie sterk die eienskap van herhaling wat so kenmerkend van die volkslied is. Grobbelaar verduidelik ook dat die hele liedjie soveel keer herhaal is dat dit ongeveer drie minute geduur het (Grobbelaar 1987:187). Dit is ook gesing deur mnr. Augus Gertse van Wuppertal.

(257)

Gooi my met die skêr gooi my met die skêr  
 gooi my met die skêr want my ma se huis is ver.

Gooi my met die skêr

gooi my met die skêr  
 gooi my met die skêr  
 want my ma se huis is ver.

(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Dié enkele strofe is 'n pragtige voorbeeld van 'n drie-en-een-kwatryn. Die wysie is tipies in dié opsig dat die eerste en derde reëls dieselfde is (met die uitsondering van die eerste noot) en die tweede dieselfde melodiese lyn volg, maar 'n toon laer. Die slotfrase eindig met die volmaakte kadens dominant-tonika.

(258)

Hy druk sy kort-broek in die deur hy druk sy kort-broek in die  
 deur om vir my te ver-neuk.

Hy druk sy kortbroek in die deur  
 hy druk sy kortbroek in die deur  
 om vir my te verneuk.

Die hondjie van my blaf  
 die hondjie van my blaf  
 toe kom ek die Stoepieberge af.

Die môre op die dou  
 die môre op die dou  
 toe staan ek Calvinia se kou.

Kom staan en beduie my  
 kom staan en beduie my  
 daar kom my rooi bus deur die vlei.

My ma maak oop die deur  
 my ma maak oop die deur  
 kyk hoe donker word die weer.

My ma het my geslaan  
 my ma het my geslaan  
 ek moet hospitaal toe gaan.

'n Pakkie pille  
 'n pakkie pille  
 ek kom mos saam met julle.

My hart is aan die brand  
 my bokkie sê vanaand  
 hy kom eers Juliemaand.

Ek trap my spore toe  
 ek trap my spore toe  
 daar na my ma se huis toe.

Ou bokkie jy moet onthou  
 ou bokkie jy moet onthou  
 waar die Sederberge blou.

As ek my ma se huis so kyk  
 as ek my ma se huis so kyk  
 dan word ek so hartseer en spyt.

Ek knoop my doek 'n knoop  
 ek knoop my doek 'n knoop  
 ek gaan mos Sitterland toe loop.

My ma het my verbied  
 my ma het my verbied  
 maar nie weggeja nie.


My ma't met my gestry  
 my ma't met my gestry  
 oor in die donker gange bly.  
 (Groep volwassenes: Platfontein)

Strofe twee stem ooreen met strofe twee van nr. 218. Strofe drie word ook aangetref in nrs. 219 en 237. Slegs by strofe agt word reël een nie herhaal as reël twee nie, maar bestaan dit uit drie verskillende reëls.

"Ek trap my spore toe" kom ook voor in nrs. 255 en 328.

"Sitterland" is 'n streekuitspraak vir "Sutherland".

(259)



Ja- loer-se bok-kie met jou sty-we rok-kie

swaar swaar sal jy kry swaar swaar sal jy kry daar on-der die

wol-kom-bers van my

Jaloerse bokkie met 'n stywe rokkie  
 swaar swaar sal jy kry  
 swaar swaar sal jy kry  
 daar onder die wolkomers van my.

Dit kos 'n jong man om my los te speel  
 swaar swaar sal jy kry  
 swaar swaar sal jy kry  
 daar onder die wolkomers van my.


(Volwasse groep: Selderyfontein, Fraserburg)

Die lied is 'n variant van nr. 154. Die laaste reël van albei strofes kom meermale in die bruinmense se liedere voor (vergelyk nrs. 278, 284 en 322).


(260)




Jan ko- ló- la dit is




don-kie son-der tong Jan Ko- lê— la dit is




don-kie son-der long en laat's hoor wat sê die man daar kom




al die ro-kers aan en laat's hoor wat sê die man daar kom




al die ro-kers aan Jan Ko- lê— la dit is



don-kie son-der tong Jan Ko- lê— la dit is



don-kie son-der long en laat's hoor wat sê die man daar kom



al die ro-kers aan en laat's hoor wat sê die man daar kom



al die ro-kers aan.

Jan Kolêla

dit is donkie sonder tong

Jan Kolêla

dit is donkie sonder long

en laat's hoor wat sê die man

daar kom al die rokers aan

Jan Kolêla

dit is donkie sonder tong

Jan Kolêla

dit is donkie sonder long

en laat's hoor wat sê die man

daar kom al die rokers aan  
 en laat's hoor wat sê die man  
 daar kom al die rokers aan.  
 (Grobbelaar 1987:188)

Mnr. Gert Augus, die informant by wie Grobbelaar die lied opgeteken het, vertel dat Wuppertal se mans wat tydens die Tweede Wêreldoorlog saam met die Suid-Afrikaanse magte na Noord-Afrika was, dié lied gesing het toe hulle die dag weer in die vallei aankom (Grobbelaar 1987:188).

(261)

Jou bok jou ske-Im      jou ron-de Wil-le-mie-na  
 jou bok jou ske-Im      jou ron-de Wil-le-mie-na.

Jou bok jou skelm  
 jou ronde Willemiena.  
 (V. van der Horst: Fraserburg)

Die vorm van dié dansliedjie is baie tipies as begeleiding by 'n riel. Die twee reëls word oor en oor herhaal terwyl die riel gedans word. Die jong man, Vlok van der Horst, het ook die riel gedans. Vir ander tweereëlige riele, vergelyk nrs. 207, 261, 281 en 303.

(262)

Jou      fler-rie jou fler-rie flaaï jou fler-rie in die rond-te draai.

Jou flerrie jou flerrie flaaï  
 jou flerrie flaaï in die rondte draai.  
 (Groep volwassenes: Die Bof(b), George)



Die informante beskryf die dans as baie oud en hulle noem dit 'n tiekiedraaidans. Mnr. Gert Platjies het gesê: "Jy dans so 'n stukkie en dan draai jy op elke hoek in die rondte." Die hoek is waarskynlik die hoek van die vertrek of dansvloer. Volgens die benaming van die dans, moet die draaiery 'n soort tiekiedraai wees.

(263)

Jou rooi-rok soos 'n tier jou rooi-rok soos 'n tier jou  
 rooi-rok soos 'n tier ek gaan jou Mooi-ri-vier toe stuur.

Jou rooi rok soos 'n tier  
 jou rooi rok soos 'n tier  
 jou rooi rok soos 'n tier  
 ek gaan jou Moirivier toe stuur.

As jy my nie wil hoor  
 as jy my nie wil hoor  
 as jy my nie wil hoor  
 dan gaan die skollies jou vermoor.  
 (V. van der Horst: Fraserburg)

Die eerste strofe van hierdie kwatryn herinner aan nr. 218 waar die woorde lui: "Bontrok is 'n tier//ek gaan jou pêveld toe stuur". Die wysies stem egter nie ooreen nie.

(264)

Jy kan maar kruip kruip loop soos 'n mol jy kan maar  
 kruip kruip loop soos 'n mol dis oor jou wat my tra-ne so rol.

Jy kan maar kruip-kruip loop soos 'n mol  
 jy kan maar kruip-kruip loop soos 'n mol  
 dis oor jou wat my trane so rol.

(C. Afrika: Middelpos)

(a)

Lief-ling- jy kan maar kruip soos'n mol- lief-ling-  
 - jy kan maar kruip-soos'n mol maar na my toe sal jy hol.

Liefling jy kan maar kruip soos 'n mol  
 liefling jy kan maar kruip soos 'n mol  
 maar na my toe sal jy hol.

Liefling wat het jy gedaan  
 liefling wat het jy gedaan  
 jy't uit jou ma se huis uit gegaan.  
 (H. Saal: Springbok)

(b)

Bok-kie jy kan maar dol soos'n mol bok-kie jy kan maar  
 dol soos 'n mol dis oor jou wat my tra-ne rol.

Bokkie jy kan maar dol soos 'n mol  
 bokkie jy kan maar dol soos 'n mol  
 dis oor jou wat my trane rol.

Liefeling jy is jou mammi se blom  
 liefeling jy is jou mammi se blom  
 dis oor jou wat my trane so rol.  
 (Groep volwassenes: Soebatsfontein)

By nr. 264 het die informant vermeld dat dit die begeleiding vir 'n skuiwedans is. By variante (a) en (b) is geen spesifieke dans genoem nie. Die woorde van die eerste strofes van al drie variante stem redelik ooreen. Die wysies toon ook duidelike verwantskap.

(265)

Jy kan maar loop jy kan maar loop - ek sal nie huil oor jou -  
 nie jy kan maar loop jy kan maar loop ek sal nie huil oor jou  
 nie jy kan maar loop jy kan maar loop ek sal nie huil oor jou -  
 nie maar na my toe sal jy kom.

Jy kan maar loop jy kan maar loop  
 ek sal nie huil oor jou nie  
 jy kan maar loop jy kan maar loop  
 ek sal nie huil oor jou nie  
 jy kan maar loop jy kan maar loop  
 ek sal nie huil oor jou nie  
 maar na my toe sal jy kom.

En jy is jou ma  
 se sonneblom  
 en jy is jou ma  
 se sonneblom  
 en jy is jou ma

se sonneblom  
 maar na my toe sal jy kom.  
 (H. Saal: Springbok)

(a)

Jy kan maar loop jy kan maar loop ek sal nie  
 huil oor jou nie jy kan maar loop jy kan maar loop ek sal nie  
 huil oor jou nie jy kan maar loop jy kan maar loop ek sal nie  
 huil oor jou nie maar na my toe sal jy kom.

Jy kan maar loop jy kan maar loop  
 ek sal nie huil oor jou nie  
 jy kan maar loop jy kan maar loop  
 ek sal nie huil oor jou nie  
 jy kan maar loop jy kan maar loop  
 ek sal nie huil oor jou nie  
 maar na my toe sal jy kom.

Jy is jou ma  
 se môreblom  
 jy is jou ma  
 se môreblom  
 jy is jou ma  
 se môreblom  
 maar na my toe sal jy kom.  
 (H. Gouws: Kliprand)

'n Besondere verskynsel wat betref die kombinasie van musiek en woorde kom by albei variante voor. Die eerste strofes het woordgewys baie langer reëls as die tweede strofes. Die melodieë is egter dieselfde met dié verskil dat die nootwaardes van die tweede strofes langer is.

(266)

Jy's die len-te in my hand jy's vir my die mooi-ste  
plant ag bok-kie kom na my toe nog van-aand ag  
bok-kie kom na my toe nog van-aand.

Jy's die lente in my hand  
jy's vir my die mooiste plant  
ag bokkie kom na my toe  
nog vanaand  
ag bokkie kom na my toe  
nog vanaand.  
(T. Boois: Garies)

Daar is nêrens 'n lied gevind wat ooreenstem met hierdie danslied nie. Die verwysing na "bokkie" is baie algemeen.

(267)

Jy's jou ma se mō-re-mō-re-blom jy's jou ma se mō-re-  
blom jy's jou ma se mō-re-mō-re-blom jy's jou ma se mō-re-blom.

Jy's jou ma se môre- môreblom  
 jy's jou ma se môreblom  
 jy's jou ma se môre- môreblom  
 jy's jou ma se môreblom.  
 (J. Julies: Kliprand)

Dié kort dansliedjie stem in 'n groot mate ooreen met die tweede strofe van nr. 265(a). Aangesien die wysies ook verwant is, kan dit as 'n variant van daardie spesifieke strofe beskou word, maar nie van die lied as geheel nie.

(268)

Jy's my hart-jie en my kwaal ou bok as  
 jy my in die mô-re los sal ek maar die  
 wê-reld in dwaal.

Jy's my hartjie en my kwaal  
 bok as jy my die môre los  
 dan sal ek die wêreld in dwaal.

Hartseer en spyt  
 ek voel so hartseer en spyt  
 oor ek 'n ou bok se lewe.

Dis 'n ag en 'n sewe  
 ou bok vir jou sal ek staan en wys  
 ek sal jou dood lewe.

Dis 'n ag en 'n sewe  
 lief bok as jy nie agter jou kyk  
 sal ek jou kom dood lewe.



Die hawer in die land  
 bok al is dit 'n jaar  
 ontmoet ons vanaand weer mekaar.

Ek sal nie hoor nie  
 ou bok ek sal nie hoor nie  
 voor ek nie bloed verloor nie.

Mamma Doutjie daai  
 ag mamma Doutjie daai  
 ek het mos lankal veel gedraai.

Ma Doutjie daai  
 toe het ou bok tog belowe  
 hy sal nooit weer draai.

Kitaar se py-ding  
 met jou jaar se skeiding  
 ou bok is 'n hart-kastyding.

My hartjie is so seer  
 kom maak oop die deur  
 hier's die rondloper alweer.

Gebrande eierdop  
 as my skraal bok aan die deur kom klop  
 staan ek uit my warm bed uit op.

Vir hom sal ek wag  
 skraal bok vir jou sal ek wag  
 al kom jy twaalfuur in die nag.  
 (T. Boois: Garies)

Die informant se geheue het haar blykbaar telkens in die steek gelaat. Vergelyk die gevalle waar strofes met geringe wysiging direk na mekaar herhaal word, byvoorbeeld strofes drie en vier en weer sewe en agt.

Die reël "Dis 'n ag en 'n sewe" (strofe drie en vier), kom ook voor in "Die biesie" soos deur Grobbelaar opgeteken:

Nou maar die agt en die sewe  
 nou ja maar die ou vrou kook die afval  
 dat sy bobek bewe.

(Grobelaar 1987:3)

Die strofe kom nie voor in nr. 253 wat 'n weergawe van dieselfde lied deur dieselfde sanger is nie.

Hoewel daar nie sekerheid is oor wat "Mamma Doutjie daai" in strofe sewe en agt beteken nie, word vermoed dat "Doutjie" 'n naam is.

Die woord "py-ding" in strofe nege word deur die informant verklaar as "die *pick*-dingetjie van 'n kitaar".

(269)

Kaf-fer-kind-jie kom vat jou pap kaf-fer-kind-jie kom vat jou pap

kaf-fer-kind-jie kom vat jou pap jou pap is klaar ge-maak.

Kafferkindjie kom vat jou pap  
 kafferkindjie kom vat jou pap  
 kafferkindjie kom vat jou pap  
 jou pap is klaar gemaak.

Bomanie kom vat jou pay  
 Bomanie kom vat jou pay  
 Bomanie kom vat jou pay  
 op die sewentiende Mei.  
 (Volwasse groep: Soebatsfontein)

Die tweede strofe herinner aan die reël in nr. 235 wat lui: "Bokkie my kom haal jou pay by my". In die kinderlied "Daar onder in die vlei" (nr. 138) word 'n ooreenkoms in die slotreël aangetref: "//ho //ho //ho sê die sewende Mei".

(270)

Kaf-koen-tjie jou lek-ker ding daar kom jou mam-ma aan.

Kalkoentjie jou lekker ding  
 daar kom jou mamma aan.  
 (Volwasse groep: Die Bof(b), George)

Die kitaarspel van mnr. Gert Platjies maak van die twee eenvoudige reëls en die eenvoudige melodie baie opwindende dansbegeleiding. Die twee reëltjies word talle male herhaal.

(271)

Ka-loe-koe skree die hoenderhaan die rooi-dag breek ka-

loe-koe skree die hoenderhaan die rooi-dag breek as

jy my slaan dan laat ek jou staan as

jy my trou dan bly ek jou vrou.

Kaloekoe skree die hoenderhaan  
 die rooidag breek  
 kaloekoe skree die hoenderhaan  
 die rooidag breek  
 as jy my slaan  
 dan laat ek jou staan  
 as jy my trou  
 dan bly ek jou vrou  
 as jy my slaan  
 dan laat ek jou staan  
 as jy my trou  
 dan bly ek jou vrou

(Groep volwassenes: Die Vallei, Koo, distrik Montagu)

By nr. 162 is drie variante van hierdie lied reeds bespreek. Eintlik is dit slegs die eerste vier reëls wat ooreenkoms toon. Die laaste gedeelte van die lied vanaf reël vyf is verwant aan enkele reëls van die volkspelelied "Houtjies optel":

Houtjies optel, koffiewater kook,  
 houtjies optel, koffiewater kook.  
 Wil jy my hê, dan kan jy my kry;  
 wil jy met my trou, dan word ek jou vrou.  
 As jy my slaan, dan laat ek jou staan;  
 as jy my skop, ja, dan sal ek loop.  
 Waarnatoe? Na die Vrystaat toe.  
 Waarnatoe? Na die Vrystaat toe.  
 Waarnatoe? Na die Vrystaat toe.  
 Waarnatoe? Na die Vrystaat toe.  
 (NRVV 1962:164)

(272)

Kin-ders van die bos kin-ders van die bos kin-ders van die  
 bos jul-le moet my los.

Kinders van die bos  
 kinders van die bos  
 kinders van die bos  
 julle moet my los.

Kinders van die duine  
 kinders van die duine  
 kinders van die duine  
 julle is almal myne.

Kinders van die veld  
 kinders van die veld  
 kinders van die veld

julle skuld my geld.

(S. Pretorius: Swellendam)

Hierdie lied bestaan uit drie-en-een-kwartyne en vertoon uiterse eenvoud.

(273)

Klei-ne ba-ba-tjie kom slaap van-aand by my klei-ne ba-ba-  
tjie kom slaap van-aand by my.

Kleine babatjie  
kom slaap vanaand by my  
kleine babatjie  
kom slaap vanaand by my.

Hier wil ek nie bly nie  
want hier is niks van my nie  
huis toe wil ek gaan  
want daar het ek my mamma laat staan.

*Bicycle* kan ek ry  
maar my liefde wil ek kry  
*bicycle* kan ek ry  
maar my liefde wil ek kry.

Die Kaapse heuningby  
kom hang hier aan my sy  
die Kaapse heuningby  
kom hang hier aan my sy.

Met sy vlerk in my hand  
dan loop ek deur die land  
met sy vlerk in my hand  
dan loop ek deur die land.

Kleine babatjie

kom slaap vanaand by my  
 kleine babatjie  
 kom slaap vanaand by my.

Dan loop sy oor die rand  
 met haar trane in haar hand  
 dan loop sy oor die rand  
 met haar trane in haar hand.  
 (V. van der Horst: Fraserburg)

Die dans word 'n "skuiwestuk" genoem. Dit word ook gevind by nrs. 221 en 264.

Die tweede strofe is 'n variant van die kinderlied nr. 68, waar verskeie variante met dié woorde bespreek is.

P.W. Grobbelaar onthou 'n fragment van 'n lied uit sy kinderjare wat gedeeltelik ooreenkom met die eerste strofe:

Vra vir jou ma verneuk jou pa  
 kom slaap vanaand by my  
 kom slaap vanaand by my  
 kom slaap vanaand by my.  
 (P.W. Grobbelaar:onderhoud)

(274)

Kom kap vir my die klip ek sê kom

kap vir my die klip wat on-der die ou aar-de sit.

Kom kap vir my die klip  
 kom kap vir my die klip  
 wat onder die koue aarde sit.

Die skilpadkransie ek sê  
 die berg se jong meide  
 hulle kan nie losboud dans nie.

MB

Die reën val op die dak  
die reën val op die dak  
wie vir Michael klaar maak.

Vaaljas se mou  
dis beter om te trou  
as om die liefde in te hou.

Die letter op die koek  
Krismis is verby  
en ons gaan nou vir Nuwejaar opsoek.

Die kitaar se vratte  
my hande kry so seer  
op die kitaar se snare.

Die kitaar se vratte  
hoor daar hoe brul die tier  
in die bynesgate.

Die berg se klippe blink  
as die meisiekind vir my jaloers  
dan moet ek kasterolie drink.

Die katjiepiering  
'n meisiekind moenie vir my jaloers nie  
want jaloers maak tering.

Jy dra jou rokkies kort  
jy dra jou rokkies kort  
jy moet kyk wat van jou word.

Die masjien se dommie  
toe laat weet ek vir my mamma  
ek gaan nie huis toe kom nie.

Bokkie sê my reg  
bokkie sê my reg  
is ek goed of is ek sleg.  
(M. Muller: Porterville)

Volgens mnr. Muller is die "hotnotsriel" hierby gedans.



Daar is heelparty strofes wat ooreenstemming met ander liedere toon. Strofe twee is 'n variant van nr. 321. Strofe vier is deur dieselfde sanger in 'n ander lied gebruik (vergelyk nr. 217), maar daar is dit verleng tot 'n kwatryn. Dit vergelyk ook met die bekende "Swartbaadjie se mou" (nr. 328 en 328(a)). Strofe tien word in nr. 244 as 'n drie-en-een-kwatryn gevind. Strofe twaalf, die bekende "Bokkie sê my reg", word in talle ander strofes gevind, hoewel nie altyd met dieselfde slotreël nie (vergelyk nrs. 199, 211(a), 236 en 158 waar ook dieselfde slotreël aangetref word).

Die woord "dommie" in strofe 11 is 'n verkorting van die Engelse woord "speedometer".

(275)



Kom ons gaan jol by oom Ja-pie in die ka-mer kom ons gaan  
 jol by oom Ja-pie in die ka-mer ou Fie-la Sep-tem-ber jou  
 laat-sla-per kom ons gaan jol by oom Ja-pie in die ka-mer.

Kom ons gaan jol by oom Japie in die kamer  
 kom ons gaan jol by oom Japie in die kamer  
 ou Fiel September jou laatslaper  
 kom ons gaan jol by oom Japie in die kamer.  
 (G. du T. Cillié: Durban)

Die wysie van dié lied stem in 'n groot mate ooreen met dié van nr. 243 wat ook deur mnr. Cillié gesing is. Die derde reël is 'n fragment van nr. 404(b), waar dit lui: "Ag maar Pieter September jou laslapper". Die woorde word ook gevind in 'n variant wat by die Maleiers aangetref en soos volg deur I.D. du Plessis opgeteken is:

Kyk hoe jol ons met Tant' Dina in die kamer,  
 Kyk hoe jol ons met Tant' Dina in die kamer.  
 Tant' Dina, Tant' Dina, jou laatslaper,  
 Kyk hoe jol ons met Tant' Dina in die kamer.  
 (Du Plessis 1935:146)

Die wysies van mnr. Cillié en Du Plessis stem ooreen.

(276)

Kop-pies in die rak won-der wat my mam-mie in die  
wa-pad weer gaan maak

The image shows two staves of musical notation in G major (one flat) and 2/4 time. The melody is written on a treble clef staff. The lyrics are written below the notes.

Koppies in die rak  
wonder wat my mammie  
in die wapad weer gaan maak.

Ou Sep se dinge  
ou Sep se dinge  
dit is my hart se pyne.

Horlosiewyster  
vanaand trek my bok se woord  
soos 'n mosterdpleister.  
(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die gebruik van "horlosiewyster" as rymwoord is ook in nrs. 218, 227 en 242 aangetref.

(277)

Lê hier-na-toe lê soun-toe lê met jou lyf na my toe lê  
hier-na-toe lê soun-toe lê met jou lyf na my toe.

The image shows two staves of musical notation in G major (one flat) and 2/4 time. The melody is written on a treble clef staff. The lyrics are written below the notes.

Lê hiernatœ lê sountœ  
lê met jou lyf na my toe.  
(J. Julies en B. Spangenberg: Kliprand)

(a)

Lê hier-na-toe lê soun-toe lê met jou kop na boon-toe  
 baai-naar my ma baai-naar my ma lê hier-na-toe lê soun-toe  
 lê met jou kop na boon-toe baai-naar o baai-naar.

Lê hiernatoe lê soontoe  
 lê met jou kop na boontoe  
 Baai naar my ma  
 Baai naar my ma  
 lê hiernatoe lê soontoe  
 lê met jou kop na boontoe  
 Baai naar  
 o Baai naar.

(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Die woord "lyf" in nr. 277 is plaasvervangend gebruik vir 'n woord wat die twee informante wat dit totaal onhoorbaar gesing het, agterna nie wou herhaal nie. Dit is nie vergesog om af te lei dat dit een of ander suggestiewe woord moet wees nie.

Die woorde "Baai naar" in variant (a) beteken "na die Baai toe", dit is Port Elizabeth.

(278)

Lief-ling kom maak my toe lief-ling kom maak my toe  
 on-der jou wol-de-ken.

Liefeling kom maak my toe  
 liefeling kom maak my toe  
 onder jou woldeken.  
 (J. Swart: Vredendal)

Dié kort dansliedjie is 'n variant van nr. 209. 'n Variant van die laaste reël, naamlik "onder die wolkomers" kom baie voor (vergelyk nrs. 259, 284, 285 en 322(a)).

(279)

Ma gee die kin-ders die lek-ker stuk-kie brood die lek-ker stuk-kie  
 brood die lek-ker stuk-kie brood Ma gee die kin-ders die  
 lek-ker stuk-kie brood na die Kaap-stad toe o die rooi-rant-jies-  
 doek o die rooi-rant-jies-doek o die rooi-rant-jies doek is g'n  
 nie-mand se doek.

Ma gee die kinders die lekker stukkie brood  
 die lekker stukkie brood  
 die lekker stukkie brood  
 Ma gee die kinders die lekker stukkie brood  
 na die Kaapstad toe  
 o die rooirantjiesdoek  
 o die rooirantjiesdoek  
 o die rooirantjiesdoek

is g'n niemand se doek.

(K. Kriel: Montagu)

Dié lied is ook deur prof. Chris Lamprecht by dieselfde informant opgeteken in 'n vorm wat effens afwyk van bostaande en in sy boek *Dit kom van ver af* gepubliseer (1975:25). Dit is in die nuwe *FAK-sangbundel* opgeneem (1979:339).

Die eerste reël herinner aan die kinderlied "Ma gee die kinders kos" wat by S.J. du Toit aangetref word en by nr. 23 bespreek is.

Die laaste gedeelte van die danslied vorm 'n drie-en-een-kwatryn.

(280)

Mam-ma as-se-blijf o ja Mam-ma as-se-blijf

Mam-ma as-se-blijf ek het die swart-kop seun so lief.

Mamma asseblief  
o ja mamma asseblief  
mamma asseblief  
ek het die swartkop seun so lief.

Toe sit ek in die sloot  
o toe sit ek in die sloot  
toe sit ek in die sloot  
met my sewe snytjies brood.

Toe sit ek agter die bos  
o toe sit ek agter die bos  
toe sit ek agter die bos  
met my tien rand se kos.

Die eier in die pan  
die eier in die pan  
die eier in die pan

hier kom die Joodse man aan.

Die kelkie sonder voet  
o die kelkie sonder voet  
ek lag oor my lippe  
maar ek huil in my gemoed.

Die misbank oor die see  
die misbank oor die see  
ou bokkie gee 'n sakdoek  
dat ek my trane af kan vee.

Die sewe snytjies brood  
die sewe snytjies brood  
ou bok jy kan maar loop  
ek maak my kind allenig groot.  
(S. Hanekom: Clanwilliam)

Strofes een en sewe stem ooreen met strofes een en twee van nr. 200, terwyl strofe vyf, wat een van die beroemdste kwatryne is, ooreenstem met die eerste strofe van nr. 231. Die reël "Die misbank oor die see" word ook dikwels aangetref by kwatryne of driereëlige strofes (vergelyk nrs. 284 en 285).

(281)



Mam-ma bring die vi-ool van Bê-rend want hy wil vir my ver-moor.

Mamma bring die viool van Bêrend  
want hy wil vir my vermoor.  
(G. Nel: Sutherland)

Dié informant, 'n dogtertjie, was slegs sewe jaar oud en kon skaars wysie hou, maar het drie riele gesing wat sy by haar oom geleer het (vergelyk nrs. 287 en 312). Bogenoemde liedjie is dus begeleiding vir 'n rieldans.

(282)



Mam-ma ka-loem-ba zie Mam-ma ka-loem-ba zie

Mam-ma ka-loem-ba zie en jou ding-es ag-ter-na an-tie

Sie-na wie't vir jou ge-zoe-ma o jou ding is deur

vlak voor my deur jou ding is deur jou ding is deur

jou ding is deur ja vlak voor my deur.


Mamma kaloemba zie  
 Mamma kaloemba zie  
 Mamma kaloemba zie  
 en jou dinges agterna  
 antie Siena wie't vir jou gezoema?  
 o jou ding is deur  
 vlak voor my deur  
 jou ding is deur  
 jou ding is deur  
 jou ding is deur  
 ja vlak voor my deur.

(Groep volwassenes: Die Bof(b), George)

Die woorde van die eerste drie reëls, asook die woord "gezoema" (reël vyf), kon nie verklaar word nie. Hoewel dit lyk asof dit moontlik vroeër woorde in een of ander Bantutaal kon wees, is dit só verbleek dat die verband nie meer vasgestel kan word nie. (Vergelyk ingeslote kasset, nr. 6.)

(283)





o Mam-ma sal nie weer trou nie o Mam-ma sal nie weer trou  
 nie die een se trou was 'n bit-ter be-rou o  
 Mam-ma sal nie weer trou nie.

Mamma sal nie weer trou nie  
 Mamma sal nie weer trou nie  
 die een wat trou was 'n bitter berou  
 o Mamma sal nie weer trou nie.  
 (Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die woorde "Mamma sal nie weer trou nie" kom voor as: "Ma/Mamma ek sal nie weer trou nie" in die kinderliedere nrs. 8 en 39.

(284)



Mis-bank oor die see mis-bank oor die see mis-bank oor die  
 see ek soek 'n sak-doek om my tra-ne af te vee.

Misbank oor die see  
 misbank oor die see  
 misbank oor die see  
 ek soek 'n sakdoek om my trane af te vee.

Liefing maak my toe  
 liefing maak my toe

liefeling maak my toe  
 onder die wolkomers van my.  
 (J. Julies en B. Spangenberg: Kliprand)

Albei strofes van hierdie lied kom in ander liedere voor, die eerste byvoorbeeld in die volgende lied, nr. 285. Hulle is egter nie variante nie, aangesien hierdie lied 'n kwatryn en die volgende 'n drieeëlige strofe is. Die musiek verskil ook heeltemal. Die laaste reël van die tweede strofe word ook aangetref by nrs. 259 en 322(a).

Grobbelaar het nog 'n variant by mnr. Augus Gertse van Wuppertal gekry:

Bokkie kom maak my toe  
 o ja bokkie kom maak my toe-oe-oe-oe  
 onder die wolkomers.  
 (Grobbelaar 1987:200)

(285)

Mis-bank oor die see bok-kie gee jou sak-doek dat ek die

tra-ne af kan vee.

Misbank oor die see  
 bokkie gee jou sakdoek  
 dat ek my trane af kan vee.

Swaarheid sal jy kry  
 swaarheid sal jy kry  
 onder die wolkomers van my.

Groen tamatie  
 groen tamatie  
 ek het jou mos niks gemaak nie.

Daai sakdoek lê gevou  
 daai jong getroude vrou  
 hy moet sy bek van my af hou.

Die voëltjies se nes  
ou bokkie kan maar wag  
al is dit twaalfuur in die nag.

Vinkel vinkel  
dan jol ek mos die bok  
daar in die ou Jood se winkel.

Daai kitaar se derde snaar  
daai kitaar se derde snaar  
dit is die Spangenberg-kindere daar.

Ek is 'n weeskind van my ma  
ek is 'n weeskind van my ma  
ek moet by die Here genade vra.  
(J. Julies en B. Spangenberg: Kliprand)

Strofe een kom ook voor by nrs. 284 en 311. Die laaste twee reëls van dié strofe word aangetref by nr. 220. Met die uitsondering van strofes twee en agt, het die inhoud van die eerste reël (en wanneer reël een herhaal word, die eerste twee reëls) geen verband met die laaste reël nie.

(286)

Strofe 1

Moe-nie huil oor my nie moe-nie

huil oor my- nie te sal nie lank weg-bly nie. sal

t'rug-kom my ou ding sal t'rug-kom my ou ding en ons kan

saam 'n lied-jie sing.

Moenie huil oor my nie

moenie huil oor my nie  
ek sal nie lank wegbly nie.

Sal terugkom ou ding  
sal terugkom ou ding  
en ons kan saam 'n liedjie sing.

Daai heupie kan jy maar swaai  
daai heupie kan jy maar swaai  
net wat jy saai sal jy maai.

Maak solank daai afval gaar  
maak solank daai afval gaar  
dat my lus net kan bedaar.

Bokkie van die dal  
ja bokkie van die dal  
ek gaan jou nog kom haal.  
(P. van der Westhuizen: Bellville)

In teenstelling met die vorige lied, is daar by die strofes van hierdie lied deurgaans 'n verband tussen die reëls. Soos in hoofstuk twee verduidelik is, stel N.P. van Wyk Louw dit dat so 'n lied té berekend word sodat die spontaneïteit ontbreek (1970:100). Dit klink asof die sanger die strofes self uitgedink het.

Reël een van strofe een kom voor in nrs. 189 en 194.

(287)



Moe-nie vir koe-ja-wel kneus nie want koe-ja-wel het nie neus nie.

Moenie vir koejawel kneus nie  
want koejawel het nie neus nie.  
(G. Nel: Sutherland)

Hierdie liedjie is 'n riel, soortgelyk aan nr. 281, en gesing deur dieselfde jong informant.

(288)

My hart is seer my hart is seer jy kan maar  
maak net wat jy wil my hart is seer.

My hart is seer  
my hart is seer  
jy kan maar maak net wat jy wil  
my hart is seer.  
(C. Afrika: Middelpas)

Die vorm van bogenoemde liedjie, waar reël twee en vier dieselfde is, kom selde by die bruinmense voor, met die uitsondering van godsdienstige liederes (vergelyk nrs. 438, 441 en 448). Dit word ook aangetref in nrs. 275 en 283.

(289)

My ma is ver my ma my ma is ver my ma my ma is  
ver my ma hier bly ek nie.

My ma is ver my ma  
my ma is ver my ma  
my ma is ver my ma  
hier bly ek nie.

Hier gaan mos kinders weg  
hier gaan mos kinders weg

hier gaan mos kinders weg  
hier bly ek nie.

Ek werk week vir week  
ek werk week vir week  
ek werk week vir week  
geld sien ek nie.

(C. Afrika: Middelpoos)

(a)

My hart is seer my ma my hart is seer my ma my hart is  
seer my ma hier bly ek nie.

My hart is seer my ma  
my hart is seer my ma  
my hart is seer my ma  
hier bly ek nie.

Ek werk mos week vir week  
ek werk mos week vir week  
ek werk mos week vir week  
hier bly ek nie.

(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die twee variante is geografies naby mekaar opgeteken. Middelpoos is ongeveer 50 kilometer van die plaas Platfontein in die Sutherland-distrik. Daar is nêrens elders iets wat min of meer ooreenstem, aangetref nie. Die wysies van die twee variante stem grotendeels ooreen.

(290)

My mam-ma laat my toe laat ek huis toe gaan.

My mamma laat my toe  
laat ek huis toe gaan.

Pakkie blou jou pakkie blou  
kan julle nie sien  
dis 'n jong getroude vrou.

Vloek en skel is niks  
vloek en skel is niks  
maar jaloers is liederlik.

Die bruinbak kitaar  
die bruinbak kitaar  
slaan die liefde aanmekaar.

Die kar se kwaai ding  
toe sê ek vir liefbokkie mos af  
op die jaar se skeiding.  
(A. van Zyl: Springbok)

In hierdie lied word weer 'n onreëlmatigheid aangetref deurdat strofe een uit twee reëls bestaan en die ander strofes almal uit drie.

Strofe drie het 'n variant in nr. 159 en strofe vier word ook aangetref in nrs. 244 en 291.

(291)



My o - le man wou nie hê ek moet die riel dans nie my o - le


man wou nie hê ek moet die riel dans nie maar nou maar nou.



My ole man wou nie hê ek moet die riel dans nie  
 my ole man wou nie hê ek moet die riel dans nie  
 maar nou!  
 maar nou!  
 (B. van Wyk: Fraserburg)

Die laaste twee reëls is uitroepe: noudat haar man oorlede is, kan sy na hartelus die riel dans.  
 Die woord "ole" is 'n sametrekking van "oorlede".

(292)



My oom-pie lees die brief my oom-pie lees die brief my  
 oom-pie lees die brief met sy tra-ne in sy oë.

My oompie lees die brief  
 my oompie lees die brief  
 my oompie lees die brief  
 met sy trane in sy oë.

So staan sy onder die kant  
 so staan sy onder die kant  
 so staan sy onder die kant  
 met haar handsak in haar hand.

Ou tannie lees die brief  
 ou tannie lees die brief  
 ou tannie lees die brief  
 ek het die swartkopseun so lief.

Die bruin kitaar se snaar  
 die bruin kitaar se snaar  
 die bruin kitaar se snaar  
 hy trek die liefde aanmekaar.  
 (Ons Erfenis:NAM84-1a)

By hierdie lied is die strofes almal drie-en-een-kwatrene. Dit is by 'n sestienjarige seun, Nollie Muller in Clanwilliam-distrik opgeteken.

Die wysie slaag daarin om die hartseer toon van die lied oor te dra. Die laaste strofe het variante in nrs. 244 en 290.

(293)

My sus-sie het ge-loop my sus-sie het ge-loop my  
sus-sie het ge-loop tot bin-ne-in De Hoop.

My sussie het geloop  
my sussie het geloop  
my sussie het geloop  
tot binne-in De Hoop.  
(C. Afrika: Middelpos)

Bostaande lied is die begeleiding vir 'n rieldans en word oor en oor gesing.

(294)

'n Meid wat my loer 'n meid wat my loer ek skel mos vir  
haar op sy moer.

'n Meid wat my loer  
'n Meid wat my loer  
ek skel mos vir haar op sy moer.

Die geelslang oor my nek  
 die geelslang oor my nek  
 die meide is so jaloers dat hulle kan vrek.  
 (C. Afrika: Middelpas)

Die wysies van nrs. 293 en 294 is baie dieselfde. Dit is deur dieselfde informant gesing, en dit kom voor asof sy bloot by nr. 293 'n vierde reël geïmproviseer het.

(295)

Nou maar- klip-sal-man-der nou maar lief-bok  
 jy kan maar loop jy sal die saak ver- an- der.

Nou maar klipsalmander  
 nou maar liefbok jy kan maar loop  
 jy sal die saak verander.

O maar ek kry my briefies vroeg  
 o maar ek kry my briefies vroeg  
 na my daaimans bok toe.

Nou maar die pyp se rietjie  
 nou maar wag 'n bietjie  
 ek speel my laaste liedjie.

Ma sit sy kous en stop  
 o maar sy sit sy kous en stop  
 tot by sy linkerbene op.

O maar groen tamatie  
 o maar bok jy kan maar loop  
 ek het mos niks gemaak nie.

O maar kitaar se derde vrat  
 o maar liefbok gee my kans

dat ek my storie klaar kan praat.

O maar die selleryte  
o maar Ma maak oop die deur  
want ons liefling staan buite.

O maar die berg se skade  
o maar bokkie jy kan maar loop  
jy het tog 'n ander gedagte.

O maar die deur se werwel  
o maar weeskind van my ma  
ek moet die lang pad swerwe.

O maar die groen gordyne  
o maar bok jy kan maar wag  
want die wapad is myne.

O maar die suikerbos-kitaar  
o maar liefling jy kan maar kyk  
hy trek die morsery aanmekaar.  
(H. Gouws: Kliprand)

Die reël "Nou maar die pyp se rietjie" (strofe drie) kom voor in nr. 218, terwyl die reël "O maar die deur se werwel" (strofe nege) in nr. 237 aangetref word. Die woorde "groen tamatie" kom ook in nrs. 285 en 319 voor.

Die woord "daaimans" in strofe twee is waarskynlik 'n vervorming van "diamonds". "Selleryte" (strofe sewe) verwys na "seldery" en "skade" (strofe agt) is 'n ander woord vir "skaduwee".

Die laaste strofe herinner aan "Die bruin kitaar se snaar" (vergelyk nrs. 244, 290, 292, 319 en 323), hoewel dit hier in 'n meer negatiewe sin gebruik word, deurdat die laaste reël lui: "hy trek die morsery aanmekaar" teenoor "hy trek die liefde/liedjies aanmekaar".

Dit is opmerklik dat die sanger in hierdie lied by drie van die strofes die woorde "O maar liefbok/bok/bokkie jy kan maar loop" gebruik het, maar elke keer met 'n ander reël wat daarmee rym.

Opvallend is die herhaaldelike gebruik van die woorde "Nou maar" of "O maar", soos in die inleiding bespreek is.

(296)



O die bok-lam-me-jie skree lek-ker mē lek-ker  
 mē lek-ker mē o die bok-lam-me-tjie skree lek-ker  
 mē sy wil haar ma se melk mos hê.

O die boklammetjie skree lekker mē  
 lekker mē lekker mē  
 o die boklammetjie skree lekker mē  
 sy wil haar ma se melk mos hê.

Waar is 'n mammie nou en dan  
 nou en dan nou en dan?  
 waar is 'n mammie nou en dan?  
 sy het vir hom laat staan.


Waar gaan sy nou die melk dan kry  
 melk dan kry melk dan kry?  
 waar gaan sy nou die melk dan kry?  
 sy sal maar nou so moet bly.  
 (M. Muller: Porterville)

Die wysie van dié lied toon weer eens die tipiese eienskap van die kort volkslied waar die eerste en derde reëls dieselfde melodiese lyn handhaaf.

(297)



O die mō-re-mō-re-ster jadioe wa-re mō-re-ster dis die



O die môre- môrester  
 ja die ware môrester  
 dis die ster wat in die oostekant opkom.




O die doekie op my oë  
 ja die doekie op my oë  
 dis die doekie om my trane af te droë.

Ja die ster die blink  
 en die maan die skyn  
 en dan dink jy net aan my al is ek ver.

Dit is 'n mooi voorbeeld van 'n minnelied wat ook 'n danslied is. Die wysie pas uitstekend by die woorde aan (vergelyk nr. 7 op ingeslote kasset).

Die reël "dis die doekie om my trane af te droë" in strofe twee word in verskeie ander liedere aangetref (vergelyk nrs. 216, 219 en 227).

(298)



Die B-hoërings

Die B-hoërings  
 die B-hoërings  
 die B-hoërings

O die tamatie tamatie tamatie  
o die tamatie  
vanaand gee ons 'n party.

O die uiwe die uiwe die uiwe  
o die uiwe  
vanaand sal ons gaan skuiwe.  
(G. du T. Cillié: Durban)

Daar word dikwels in die liedere van die bruinmense van tamaties melding gemaak (vergelyk nrs. 79, 151 en 285), maar van bogenoemde lied in dié spesifieke vorm is geen variant gevind nie.

"Uiwe" is 'n meervoudsvorm van "ui" wat in die volksmond dikwels saam met "tamaties" gebruik word, byvoorbeeld "tamaties en uiwe". "Skuiwe" verwys waarskynlik na 'n skuifdans, of soos die bruinmense dit noem, 'n "skuiwedans".

(299)

O Di-na my met jou sty-we ly-fie Di-na my met jou  
sty-we ly-fie O Di-na my daar waar tant Sie-na bly.

O Dina my met jou stywe lyfie  
o Dina my met jou stywe lyfie  
Dina my daar waar tant Siena bly.

Dina my o roer jou angel  
Dina my o roer jou angel  
Dina my daar waar tant Siena bly.  
(G. Platjies: George)

Mnr. Platjies beskryf die dans hierby as "'n outydse dans wat die mense baie graag gedans het". Soos al die ander dansliedere wat mnr. Platjies gesing het, is hierdie een ook besonder ritmies en klink dit baie geskik vir dansmusiek.



(300)

o laat staan vir my o laat staan vir my o laat  
 staan vir my ek wil na my ma se huis toe gaan wat soek jy so  
 laat op straat die he-le tyd op die kan-tien-stoep staan toe  
 jy net sien die lō kom aan toe loop jy dat die stof so  
 staan o laat staan vir my o laat staan vir my  
 o laat staan vir my ek wil na my ma se huis toe gaan.

O laat staan vir my  
 o laat staan vir my  
 o laat staan vir my  
 ek wil na my ma se huis toe gaan.

Wat soek jy so laat op straat  
 die hele tyd op die kantienstoep staan  
 toe jy net sien die lō kom aan  
 toe loop jy dat die stof so staan.


O laat staan vir my  
 o laat staan vir my  
 o laat staan vir my

ek wil na my ma se huis toe gaan.

(Grobbelaar 1987:199)

Die tweede strofe van dié lied is 'n variant van nrs. 61, 101(e), (f), (g) en (h) en 107. Dit kom uit Wuppertal, gesing deur mnr. August Gertse. "Lô", die Engelse "law", verwys na die Polisie.

(301)



O maar dan-kie ma-dam gaan jy saam gaan jy saam as ons  
dans-baan toe gaan trek jou vaal skir-tjie aan.

O maar dankie *madam*  
gaan jy saam gaan jy saam?  
as ons dansbaan toe gaan  
trek jou vaal skirtjie aan.  
(H. Gouws: Kliprand)


Die sanger het die enkele strofe talle kere herhaal soos dit by 'n dansgeleentheid gedoen word.  
'n Paar maal het hy die reëls herrangskik, byvoorbeeld:

Gaan jy saam gaan jy saam  
as ons dansbaan toe gaan?  
as ons dansbaan toe gaan  
trek jou vaal skirtjie aan.

of:

Trek jou vaal skirtjie aan  
as ons dansbaan toe gaan  
o maar dankie *madam*  
gaan jy saam gaan jy saam?

(302)



O maar Dol-la kom tog nou o maar Dol-la kom tog




nou- ek sal jou kin-ders on-der-hou.

O maar Dolla kom tog nou  
o maar Dolla kom tog nou  
ek sal jou kinders onderhou.

Liefing kom sê my reg  
liefing kom sê my reg  
die trein trek nou mos weg.  
(H. Gouws: Kliprand)

Die laaste strofe is 'n variant van die talle voorbeelde van "Bokkie sê my reg" (vergelyk byvoorbeeld nrs. 158, 211(a), en 274).

(303)



O maar tant Di-na het 'n kind watuitsy lin-ker-bor-sie  
drink o maar tant Di-na het 'n kind watuit sy lin-ker-bor-sie drink.

O maar tant Dina het 'n kind  
wat uit sy linkerborsie drink.  
(H. Gouws: Kliprand)

Die dans hierby is 'n riel, wat duidelik aan die vorm gesien kan word. 'n Bekende taalverskynsel is die gebruik van die manlike voornaamwoord waar daar na 'n vrou verwys word (vergelyk nrs. 214 en 215). (Dit word in hoofstuk 2 bespreek). Vergelyk die musiek van dié lied op ingeslote kasset, nr. 8.

(304)

Om - nie - kie sent dem me-laai-sa om - nie - kie sent dem me-  
 laai-sa om - nie - kie sent dem me-laai-sa om - nie - kie sent dem me-  
 laai-sa ho - kaai lek-ka lek-ka le dem me - laai-sa ho -  
 kaai lek-ka lek-ka le dem me - laai-sa om - nie - kie sent dem me-  
 laai - sa om - nie - kie sent dem - me - laai - sa om laai - sa

Omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 hokaai lekka lekka dem melaaisa  
 hokaai lekka lekka dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa.

Tamatiesous en kerriekos  
 tamatiesous en kerriekos  
 tamatiesous en kerriekos  
 tamatiesous en kerriekos  
 hokaai lekka lekka dem melaaisa  
 hokaai lekka lekka dem melaaisa

omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa  
 omniekie sent dem melaaisa.

(Groep volwassenes: Die Bof(b), George)

Die vreemdklinkende woorde in bogenoemde lied kon òf uit 'n Bantutaal òf uit Engels totaal en onherkenbaar vervorm het. Die informante weet glad nie wat dit beteken nie. Die eerste vier reëls van strofe twee is die inleidende woorde van die bekende lied "Tamatiesous en kerriekos", waarvan Jimmy Boonzaaier die woorde en Nico Carstens die musiek geskep het. Die eerste strofe lui soos volg:

Tamatiesous en kerriekos  
 'n lekker waatlemoen en 'n druiwetros  
 'n afval en 'n mieliestronk  
 dan's die hele wêreld reg.  
 (Unika UNA:1528)

Die element van herhaling is baie sterk.

Die dans word deur die informante die ghaisa genoem. Hulle praat ook van "die ghaisa slaan" (vergelyk die uitdrukking "die askoek slaan") en beskryf dit as 'n tipe askoekdans. Een van die informante, mev. Georgina Platjies, kan nog self die ghaisa slaan.


(305)

Ons var-kies het klein-tjies hul-le ma is nie hier nie hul-le


al-mal het swart baad-jies aan hul-le voet-jies is kaal hul-le

ma-gies is leeg hul-le ma is nie hier nie is


ver in Trans-vaal as-se-blie-fie my lie-fie as




ek jou kan kry dan ver-lang ek na niks nie om




na jou te vry so rondt om die bos my lint is los ek



jol met 'n ker-rie wat ek nie wil los ek gee hom



draad al is dit min een van die da-e gaan ons



Blou-berg in.

Ons varkies het kleintjies  
 hulle ma is nie hier nie  
 is ver in Transvaal  
 hulle almal het swart baadjies aan  
 hulle voetjies is kaal  
 hulle magies is leeg  
 hulle ma is nie hier nie  
 is ver in Transvaal  
 assebliefie my liefie  
 as ek jou kan kry  
 dan verlang ek na niks nie  
 as om na jou te vry  
 so rondom die bos  
 my lint is los  
 ek jol met 'n kerrie  
 wat ek nie wil los  
 ek gee hom draad  
 al is dit min

een van die dae  
gaan ons Blouberge in.  
(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die laaste gedeelte van dié lied vanaf reël 13 is 'n variant van nr. 105, waar 'n paar variante behandel is, en die middelste deel van nr. 82 (reëls vyf tot agt). Die laaste twee reëls verskil egter van genoemde variante.

(306)

Oom Daan-tjie kom van die boe-re-plaas oom Daan-tjie ruik na  
gom oom Daan-tjie se broek is dik ge-lap en nou's hy kwaad daar-om.

Oom Daantjie kom van die Boereplaas  
oom Daantjie ruik na gom  
oom Daantjie se broek is dik gelap ;  
en nou's hy kwaad daarom.  
(G. du T. Cillie: Durban)

Ta...  
S...  
br on

Die lied is 'n variant van die bekende Afrikaanse volkslied "Oom Daantjie". Die woorde word soos volg deur P.W. Grobbelaar onthou:

Oom Daantjie kom van Stoffel se plaas  
oom Daantjie ruik na gom  
oom Daantjie se broek is dik gelap | ✓  
en die meide lag daarom.

Refrein:

Hou jou roksak toe  
hou jou roksak toe  
hou jou roksak handsak sysak  
hou die hele lot toe.




As my oubaas van die dorp af kom  
 dan is hy soms gekaait  
 dan bak die ouvrou pannekoek  
 dan kom die ding oraait.

Refrein

(P.W. Grobbelaar: onderhoud)

Nog 'n variant is by die kinderliedere opgeteken (vergelyk nr. 50). Die wysies van die twee variante sowel as dié van die bekende weergawe, stem almal ooreen.

(307)



Op 'n win- kel- stoep van 'n dood- loop- straat staan 'n ou- stok- man van  
 vroe- g tot laat en hy sing en hy dans op sy ki- taar  
 ou- stok- man van 'n boe- me- laar tjie- kie boem boem boem tjie- kie  
 boem boem boem boem boem boem van 'n boe- me- laar tjie- kie  
 boem boem boem tjie- kie boem boem boem boem boem boem van 'n  
 boe- me- laar ou- stok- man van 'n boe- me- laar.

Op 'n winkelstoep  
 van 'n doodloopstraat  
 staan 'n ou stokman

van vroeg tot laat  
 en hy sing en hy dans  
 op sy kitaar  
 ou stokman van 'n boemelaar  
 tjekie boem boem boem  
 tjekie boem boem boem  
 boem boem boem van 'n boemelaar  
 tjekie boem boem boem  
 tjekie boem boem boem  
 boem boem boem van 'n boemelaar  
 ou stokman van 'n boemelaar.

(Kindergroep: Garshoek, Buffeljagsrivier, distrik Swellendam)

Hoewel die informante kinders is, is dit tog 'n danslied wat op danspartye van volwassenes gesing is. Die kinders het dit by die grootmense gehoor en oorgeneem.

(308)

Ou an-tie as-se-blijf o - an-tie as-se-blijf ou

an-tie as-se-blijf ek het jou dog-ter tog so lief.

Ou antie asseblief  
 o ou antie asseblief  
 ou antie asseblief  
 ek het jou dogter tog so lief.

Ek trap my spore toe  
 o ek trap my spore toe  
 ek trap my spore toe  
 na oom Jan Swart se berge toe.

Ek laat my briewe lees  
 o ek laat my briewe lees  
 ek laat my briewe lees  
 om vir my te verneuk.

Ek voel so skaam en dom  
 o ek voel so skaam en dom  
 ek voel so skaam en dom  
 as ek uit Middelpas uit kom.

Toe loer ek deur die ruit  
 o toe loer ek deur die ruit  
 toe loer ek deur die ruit  
 toe trek daai *seabreeze* ben kar uit.  
 (C. Afrika: Middelpas)

Die lied bestaan uit drie-en-een-kwatreyne met 'n o vooraan elke tweede reël.

Strofe een stem ooreen met nrs. 200 en 280, terwyl die reël "Ek trap my spore toe" voorkom in nrs. 255, 258 en 328. Die woorde "*seabreeze* ben kar" in die laaste reël, kon nie deur die informant verduidelik word nie, maar verwys waarskynlik na 'n Mercedes-Benz.

(309)

ou boe-tie vat my hand ou boe-tie vat my hand

ou boe-tie vat my hand ek is bang vir die mam-ba-slang.

Ou boetie vat my hand  
 ou boetie vat my hand  
 ou boetie vat my hand  
 ek is bang vir mambaslang.

Slang is 'n ding wat byt  
 slang is 'n ding wat byt  
 slang is 'n ding wat byt  
 hy byt aan my broek se pyp.

Stap 'n entjie saam  
 stap 'n entjie saam

stap 'n entjie saam  
 ek is bang vir die mambaslang.  
 (Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die reël "ek is bang vir mambaslang" is in verskillende vorms in 'n hele paar volksliedere gevind. In die kinderliedere nrs. 18 en 95 is die woorde "Mamma ek is bang//vir die dassie en die slang" en "Mamma ek is bang//vir die rooikop slang". By nr. 505 lui dit: "Mamma ek is bang// vir die gele goue slang". By nr. 18 word daar verwys na die volkslied waarop Boerneef sy gedig "Die swartes loop en pronk" gebaseer het en waar die woorde lui: "Mamma ek is bang//vir Katriena Hardestang". Die enigste ander verwysing na 'n mambaslang wat gevind is, kom ook voor in 'n ou Afrikaanse lied wat verskyn op 'n 78-plaat. Die kunstenaars is die Petersen-broers, bygestaan deur Nico Carstens en sy orkes. Die eerste strofe lui:

Wie is bang vir 'n mambaslang?  
 wie is bang dat die ding jou vang?  
 wie is bang vir 'n meisiekind?  
 dis 'n ding om uit te vind.  
 (Plaat: Columbia D.E. 292)

(310)


Ou bok ek het 'n pyn in my been ou bok ek het 'n  
 pyn in my been ou bok ek het 'n pyn in my been  
 hoor net hoe A-ma-kai-a op Stein-kopf dreun.

Ou bok ek het 'n pyn in my been  
 ou bok ek het 'n pyn in my been  
 ou bok ek het 'n pyn in my been  
 hoor net hoe Amakaia op Steinkopf dreun.  
 (K. Spangenberg: Kliprand)

Die liedjie het 'n besonder hartseer toon. Steinkopf is 'n ou sendingstasie op die rand van die Richtersveld. Die naam "Amakaia" herinner aan die karakter "Amakeia" in A.G. Visser se gedig

met dieselfde titel. Visser gee as agtergrond vir sy gedig die inligting dat dit handel oor "'n voorval uit die Sesde Kafferoorlog" (Visser 1936:16). Dit het dus geen verband met bostaande lied nie.

(311)



Ou bok ek sien jou plan ou bok ek sien jou plan jy wil my  
lief-maak en laat staan.

Ou bok ek sien jou plan  
ou bok ek sien jou plan  
jy wil my liefmaak en laat staan.

Ek gee my bok 'n fluit  
ek gee my bok 'n fluit  
onder die neëntien bome uit.

Ek gee my doek 'n knoop  
ek gee my doek 'n knoop  
ek gaan mos Sitterland toe loop.

Die hond het my gebyt  
die hond het my gebyt  
toe kom ek uit Julie se kamer uit.

Die tafelmes se punt  
ek is 'n moeder van 'n kind.

Die lorrie staan gelaai  
en dit op Kannagas se draai.

Ek strik my *navy blue*  
ek gaan Saldanhaabaai toe.

Die misbank op die see  
kyk hoe donker word die weer.  
(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die vorm verander vanaf strofe vyf van drie na twee reëls per strofe.

Strofe twee kom in die volgende lied, nr. 312, in gewysigde vorm voor as 'n tweereëlige riel.  
Strofe vyf is 'n variant van nrs. 221, 221(c) en 518, terwyl strofe agt reeds 'n paar maal voorgekom het (vergelyk nrs. 284 en 285).

Afgesien van strofe vyf, is daar by al die ander strofes 'n betekenisverband tussen die onderskeie reëls.

Die verwysing na "Sitterland" in strofe drie kom ook voor in nr. 258. Dit is 'n streekuitspraak van "Sutherland".

### (312)

Musical notation for song (312) in 2/4 time, G major. The melody consists of a series of eighth and quarter notes. The lyrics are written below the staff.

Ou bok gee my 'n fluit daar on-der die don-ker bo-me uit.

Ou bok gee my 'n fluit  
daar onder die donker bome uit.  
(G. Nel: Sutherland)

Dié lied is wel op dieselfde plaas as nr. 311 gevind, maar by verskillende informante. Strofe twee van nr. 311 bestaan uit drie reëls, terwyl hierdie net twee reëls het. Die dans is 'n riel.

### (313)

Musical notation for song (313) in 2/4 time, G major. The melody consists of a series of eighth and quarter notes. The lyrics are written below the staff.

Ou bok-kie vat jou sloop o ja bok-kie vat ju sloop laat ons  
Ma se huis toe loop.

Ou bokkie vat jou sloop  
 ou bokkie vat jou sloop  
 laat ons ma se huis toe loop.

Bokkie sê my reg  
 bokkie sê my reg  
 ek trek my hart van jou af weg.

Bokkie vat jou sloop  
 bokkie vat jou sloop  
 laat ons westekant toe loop.  
 (M. Hendriks: Clanwilliam)

Aldrie strofes van hierdie lied is baie bekend en word dikwels by die bruinmense se sang aangetref. Strofes een en drie kom voor in nrs. 158, 214, 215 en 253 terwyl strofe twee onder meer voorkom in nrs. 199, 236 en 314.

(314)

The image shows two staves of handwritten musical notation in G major (one sharp) and 2/4 time. The first staff contains the melody for the first line of the song, with lyrics written below it. The second staff continues the melody for the second line of the song, also with lyrics below it. The notation includes treble clefs, a key signature of one sharp (F#), and a time signature of 2/4. The lyrics are written in a cursive, handwritten style.

Ou bok-kie sê my reg ou bok-kie sê my reg ek trek my  
 hart van jou af weg.

Ou bokkie sê my reg  
 ou bokkie sê my reg  
 ek trek my hart van jou af weg.

'n Halwe sakkie kaf  
 'n halwe sakkie kaf  
 ek sak hier in die noorde af.

Ou grootoog soos 'n uil  
 ou grootoog soos 'n uil  
 ek trek my hart van jou af weg.



Sontjie sak mos weg  
 sontjie sak mos weg  
 daar om die hoek van Tafelberg.  
 (Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Die eerste strofe is by die vorige lied, nr. 313 bespreek. Strofe vier bevat ook bekende woorde, hoewel die naam van die berg nie altyd dieselfde is nie (vergelyk nr. 324). Grobbelaar het dit ook by mnr. Klaas Louw van die Knersvlakte gevind:

Ou sontjie sak mos weg  
 o die ou sontjie sak mos weg,  
 ou sontjie sak mos weg  
 om die hoek van Bokveldsberg.  
 (Grobbelaar 1978:72)

Die wysies stem nie ooreen nie.

(315)

Ou I-sak Pens-vel-le jy het vir my ge-nooi ou I-sak  
 Pens-vel-le jy het vir my ge-nooi Ou I-sak Pens-vel-le  
 jy het vir my ge-nooi ou I-sak Pens-vel-le  
 jy het vir my ge-nooi die baas be-taal my pond in die maand  
 goei-e kos en drank die baas-be-taal my pond in die maand goei-ekos en  
 drank.

Ou Isak Pensvelle jy het vir my genooi  
 ou Isak Pensvelle jy het vir my genooi  
 ou Isak Pensvelle jy het vir my genooi  
 ou Isak Pensvelle jy het vir my genooi  
 die baas betaal 'n pond in die maand  
 goeie kos en drank  
 die baas betaal 'n pond in die maand  
 goeie kos en drank.

Die wit perd van Calvinia  
 hy kan nie sien en loop nie  
 die wit perd van Calvinia  
 hy kan nie sien en loop nie  
 die baas betaal my pond in die maand  
 goeie kos en drank  
 die baas betaal my pond in die maand  
 goeie kos en drank.

(Groep volwassenes: Die Vallei, Koo, distrik Montagu)

Die eerste deel van die tweede strofe is baie bekend. Dit kom ook voor in die volgende lied wat deur S.J. du Toit opgeteken is:

Mama kook kerriekos, kerriekos, kerriekos,  
 Mama kook kerriekos,  
 Kerriekos vir Sondag!

Ref. En die wit perd van Calvinie

Hy loop en hy kan nie sien nie;  
 En die wit perd van Calvinie,  
 Hy loop en hy kan nie sien nie.

(Du Toit 1924:151)

Die bruinmense sing "Calvinia", terwyl Du Toit se weergawe lui "Calvinie". Du Toit gee nie 'n wysie weer nie.

(316)



The image shows a single line of handwritten musical notation on a five-line staff. The notation is in treble clef, with a key signature of one sharp (F#) and a time signature of 4/4. The melody consists of quarter and eighth notes. Below the staff, the lyrics are written in a cursive hand: "Ou Tol-lie los my hart dat ek kan huis toe gaan ou Boe-lie".

Ou Tol-lie los my hart dat ek kan huis toe gaan ou Boe-lie

los my hart dat ek kan huis toe gaan ou Tol- lie

los my hart ek kan huis toe gaan ou Boe- lie los- my hart ek kan

huis toe gaan.

Ou Tollie los my hart  
 dat ek kan huis toe gaan  
 ou Boetie los my hart  
 dat ek kan huis toe gaan  
 ou Tollie los my hart  
 dat ek kan huis toe gaan  
 ou Boetie los my hart  
 dat ek kan huis toe gaan.

(Groep volwassenes: Die Vallei, Koo, distrik Montagu)

Herhaling kom baie sterk na vore in hierdie lied. Die informante beskryf dit as begeleiding vir 'n "outydse dans".

(317)

Strofe 1

Pak- kie bor- de pak- kie bor- de en ek

Strofe 2

loop van- mô- re. As my ma vir my slaan as my

ma vir my slaan dan moet ek huis se kant toe gaan.

Pakkie borde

pakkie borde  
en ek loop vanmôre.

As my ma vir my slaan  
as my ma vir my slaan  
dan moet ek huis se kant toe gaan.

Eina Frikkie  
ek sê eina Frikkie  
gee vir Ma 'n drukkie.  
(S. van Wyk: Malmesbury)

In bostaande transkripsie is die eerste sowel as tweede strofes genoteer, aangesien die tweede strofe meer lettergrepe vir dieselfde melodiese lyn van strofe een het.

(318)

Rom-mel en skom-mel ja- rom-mel en skom-mel daar is  
koek in die trom- mel.

Rommel en skommel  
ja rommel en skommel  
daar is koek in die trommel.  
(M. Arendse: Malmesbury)

Die wysie van dié liedjie is aangepas vir die drie reëls. Dit is 'n baie bekende wysie vir die o-kwatryn en kom onder andere voor by nrs. 237 en 326. Die derde reël van bostaande lied is 'n kombinasie van die derde en vierde reëls van die bekende wysie (vergelyk byvoorbeeld nr. 237).

(319)

Rond en dik soos 'n bit-ter-blom lank en skraal soos 'n te-le-foon-paal.

Rond en dik soos 'n bitterblom  
lank en skraal soos 'n telefoonpaal.

Eier in die pan  
daar kom baas Koos van der Merwe aan.

Sakkie lemoene  
jy dra mos Bettie se skoene.

Gaat mos weg  
nou moet julle voetslaan oor die berg.

Salie  
jy moenie water raak nie.

Sekel sny  
want onse jare gaan verby.

Ping pong ponkie  
jy moenie huis toe kom nie.

Swaar sal ek kry  
maar jollie sal ek bly.

Sewe sjielings geld  
ek dra daai losbroek sonder belt.

Haas se voetjie  
julle dra daai oorklap-goedjie.

Groen tamatie  
ek het mos niks gehad nie.

Bruin kitaar se snaar  
hy trek ons liefde bymekaar.  
(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Hoewel die strofes almal uit net twee reëls bestaan, is die samestelling in dieselfde trant as die meeste van die o-kwatrene en driereëlige strofes, dit wil sê die twee reëls het niks met mekaar te make nie, behalwe dat hulle rym. 'n Uitsondering is byvoorbeeld die strofe "Swaar sal ek kry//maar jollie sal ek bly".

Strofe een bevat twee vergelykings waarvan die tweede, "lank en skraal soos 'n telefoonpaal", redelik algemeen in die volksmond is. Dit word ook aangetref in strofe drie van nr. 384. Strofe elf kom voor in nrs. 285 en 295 en die laaste strofe in nrs. 244, 290 en 323.

(320)

Sê-ra jou rok-kie val af Sê-ra Sê-ra jou  
 rok-kie val af Sê-ra tel hom op en steek hom vas  
 Sê-ra.

Sêra jou rokkie val af Sêra  
 Sêra jou rokkie val af Sêra  
 tel hom op en steek hom vas Sêra.  
 (D. Isaac: Kliprand)

Daar is nêrens elders woorde gevind wat met hierdie liedjie ooreenstem nie.

(321)

Skil-pad - vrou-tjie moe-nie so bin-ne-boud dans nie  
 Die res word sonder vaste ritme uitgeroep

Skilpadvrou-tjie  
 moenie so binne-boud dans nie  
 ag nee oom Hennerik  
 moenie my so styf vashou nie.  
 (B. van Wyk: Fraserburg)

Dié lied is 'n variant van die tweede strofe van nr. 274 en strofe vier van nr. 384, wat albei begin met "Skilpadkransie". In bostaande lied vind klaarblyklik 'n tipe dialoog plaas, iets wat nie dikwels voorkom nie.

(322)




So hang ek aan die ha-kies-draad so hang ek aan die ha-kies-  
draad so hang ek aan die ha-kies-draad en ek  
suk-kel om my los te maak.

So hang ek aan die hakiesdraad  
so hang ek aan die hakiesdraad  
so hang ek aan die hakiesdraad  
en ek sukkel om my los te maak.


Siela se bollatjie  
Siela se bollatjie  
Siela se bollatjie  
en ek sukkel om my los te maak.  
(M. Onverwag: Swellendam)

(a)



So hang ek aan die ha-kies-draad so hang ek aan die ha-kies-  
draad so hang ek aan die ha-kies-draad ek soek 'n





So hang ek aan die hakiesdraad  
 so hang ek aan die hakiesdraad  
 so hang ek aan die hakiesdraad  
 ek soek 'n jong om my los te maak.

My skoen se hak is weg  
 my skoen se hak is weg  
 my skoen se hak is weg  
 nou moet ek voetslaan oor die berg.

Swaarheid sal jy kry  
 swaarheid sal jy kry  
 swaarheid sal jy kry  
 onder die wolkomers van my.

Bokkie sê my reg  
 bokkie sê my reg  
 bokkie sê my reg  
 ek hou my hart van jou af weg.

Mamma maak oop die deur  
 Mamma maak oop die deur  
 Mamma maak oop die deur  
 kyk hoe donker lyk die weer.

Kyk waar hang die maan  
 kyk waar hang die maan  
 kyk waar hang die maan  
 laat my nou Ma se huis toe gaan.  
 (S. Hanekom: Clanwilliam)

Die woord "hakiesdraad" (reël een van albei variante) verwys na doringdraad.

Die laaste reël van strofe twee van variant (a) kom voor in strofe vier van nr. 319 en die reël "laat my nou Ma se huis toe gaan" word aangetref by strofe een van nr. 300.

Die musiek van die twee variante stem feitlik heeltemal ooreen. Dit is slegs by die slotfrase waar 'n verskil aangetref word. Die eerste variant eindig met die volmaakte kadens leitoon-tonika, terwyl variant (a) eindig met die volmaakte kadens dominant-tonika.


By variant (a) is die derde strofe 'n variant van die tweede strofe elk van nrs. 259 en 285. Die baie bekende vierde strofe word ook aangetref by nrs. 199, 236 en 313. Strofe vyf kom onder meer voor by nr. 258. In 'n kinderlied (nr. 133) kom die woorde "hulle hang aan die hakiesdraad" as die laaste twee reëls voor.

Ooreenkoms is ook gevind tussen die eerste strofe van albei variante en reëls nege tot twaalf van 'n Griekwalied wat deur Cloete opgeteken is.

Die doeke met die kolletjie  
 Die doeke met die kolletjie  
 Die doeke met die kolletjie  
 Maar sy kan haar nie loskry nie.  
 Dis 'n baie mooie meisiekind  
 Sy's 'n baie mooie meisiekind  
 Sy's 'n baie mooie meisiekind  
 Maar sy kan haar nie loskry nie.  
 Sy't gehang aan die hakiesdraad  
 Sy't gehang aan die hakiesdraad  
 Sy't gehang aan die hakiesdraad  
 Maar sy kan haar nie loskry nie.  
 Sy't gewiegel en gewaggel en gewiegel  
 Sy't gewiegel en gewaggel en gewiegel  
 Sy't gewiegel en gewaggel en gewiegel  
 Maar sy kan haar nie loskry nie.  
 (Cloete 1986:278)

(323)

So klim hul-le deur die ruit so klim hul-le deur die ruit die ou groot-kop-pe buk die gras-dui-ne uit. Die stoel se spe-kie die stoel se spe-kie sē maar dui-send kom-pil-min-te aan ou



So klim hulle deur die ruit  
 so klim hulle deur die ruit  
 die ou grootkoppe buk die grasduine uit.

Geelbekke wys man  
 geelbekke wys man  
 wat daar na Houtkalkbaai toe gaan.

Die ou bruinbak-kitaar  
 die ou bruinbak-kitaar  
 die ou bruinbak-kitaar  
 trek die liedjies aanmekaar.

Die stoel se spekie  
 die stoel se spekie  
 sê maar duisend kompilminte  
 aan ou Sussie Bekie.

Die minuutwyster  
 die minuutwyster  
 toe trek my mamma se woorde  
 as 'n mosterdpleister.

As jy vir my trap en skop  
 as jy vir my trap en skop  
 as jy vir my trap en skop  
 dan maak jy my mos op.

As jy vir my grou en snou  
 as jy vir my grou en snou  
 as jy vir my grou en snou  
 hoe kan ek dit dan hou?

Ou bokkie pos my brief  
 ou bokkie pos my brief  
 ou bokkie pos my brief

na ou Wallekraal toe.

(F. Smit: Steinkopf)

Die sanger het hier weer die lengtes van die strofes gewissel van drie reëls by die eerste twee strofes na vier reëls by die res.

Strofe drie stem ooreen met nrs. 244, 290 en 319, maar het hier 'n nuwe slotreël, naamlik "trek die liedjies aanmekaar". By die variante is dit "trek die liefde aanmekaar". Strofe vier is 'n variant van 'n vers wat deur N.P. van Wyk Louw opgeteken is:

Die hand vol glase  
o die hand vol glase  
duisendste komplimente van  
Tant Miena Kla-a-se.  
(Louw 1970:101)

Die woord "kompilminte" in strofe vier is 'n ou uitspraak van "komplimente".

Die "minuutwyster" kom in talle ander liedere voor as "die horlosiewyster" (vergeelyk nrs. 218, 227 en 230).

Strofe ses kom voor in nrs. 191, 226 en 482. 'n Variant hiervan is deur Strydom onder die Rehoboth-Basters opgeteken:

As jy vir my trap en skop,  
Wie sal vir jou was en stryk?  
As ek vir jou vra om na my ma toe te gaan,  
Dan kyk jy my met 'n suurgesig aan!  
(Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 124)

Wallekraal, wat in die laaste strofe genoem word, is 'n klein plekkie in Namakwaland naby Soebatsfontein.

(324)

Son-tjie gaan maar weg ag-ter die Bok-veld se berg son-tjie gaan maar  
weg ag-ter die Bok-veld se berg.

Sontjie gaan maar weg  
 agter die Bokveld se berg  
 sontjie gaan maar weg  
 agter die Bokveld se berg.  
 (A. Farmer: Eksteensfontein)

Die lied is 'n variant van die laaste strofe van nr. 314. Die woorde kom meermale voor by die Afrikaanse volkslied en dit is dikwels net die naam van die berg wat verskil. 'n Ander variant is by nr. 314 bespreek. "Bokveld se berg" sluit aan by "Bokveldsberg" by mnr. Klaas Louw.

(325)

Sout Mam-ma sout sout Mam-ma sout sout

Mam-ma sout daarkom'n fout sout Mam-ma sout.

Sout Mamma sout  
 sout Mamma sout  
 sout Mamma sout  
 daar kom 'n fout  
 sout Mamma sout.

Daar kom die *van*  
 daar kom die *van*  
 daar kom die *van*  
 ja boetie hardloop  
 daar kom die *van*.

Die pad is nat  
 die pad is nat  
 die pad is nat  
 al is jou mamma met jou kwaad  
 dan word jy *k*waad.


Jy kan maar los  
 jy kan maar los

jy kan maar los  
ou Willem Rots  
daar om die bos.  
(M. Muller: Porterville)

Van dié lied is geen variante gevind nie. Die voorkoms van vyf reëls per strofe is minder algemeen by die liedere van die bruinmense.

Die woord "van" in strofe twee verwys waarskynlik na 'n polisievangwa.

(326)



Staan ek op die ê ja- staan ek op die ê jou  
ma kan maar skel maar vir jou wil ek mos hê.

Staan ek op die ê  
ja staan ek op die ê  
jou ma kan maar skel  
maar vir jou wil ek mos hê.

Die hand vol vere  
ja die hand vol vere  
die kinders van vandag  
dra geleende klere.

Ek gee my doek 'n knoop  
ja ek gee my doek 'n knoop  
hier kom die skilpad aangeloo.

Die sakkie lemoene  
ja die sakkie lemoene  
Drievlei se mense  
dra skewe skoene.  
(J. Arendse: Malmesbury)

Strofes een, twee en vier het die bou van 'n o-kwatryn, terwyl strofe drie uit net drie reëls bestaan. Die woordjie "ê" in strofe een verwys na 'n land wat pas geëg is.

Strofe twee is 'n variant van 'n bekende Afrikaanse volkslied wat soos volg lui:

Die hand vol vere  
 die hand vol vere  
 die Onderveldse meide  
 dra geleende klere.  
 (P.W. Grobbelaar:onderhoud)

Die wysies stem nie ooreen nie.

(327)

Sui-ker-bek jou gham sui-ker-bek jou gham en die  
 lor-rie kan nie ry nie want sy pe-te-rol is op  
 sui-ker-bek jou gham sui-ker-bek jou gham en die  
 lor-rie kan nie ry nie want sy pe-te-rol is op  
 swaai haar tat-ta swaai haar swaai haar in die rond-te  
 swaai haar in die rond-te swaai haar in die dam sui-ker-bek jou gham  
 sui-ker-bek jou gham en die lor-rie kan nie ry nie want sy



pe-te-rol is op sui-ker-bek jou gham  
 sui-ker-bek jou gham en die lor-rie kan nie ry nie want sy  
 pe-te-rol is op.

Suikerbek jou gham  
 suikerbek jou gham  
 en die lorrie kan nie ry nie  
 want sy peterol is op  
 suikerbek jou gham  
 suikerbek jou gham  
 en die lorrie kan nie ry nie  
 want sy peterol is op.

Swaai haar tatta swaai haar  
 swaai haar in die rondte  
 swaai haar in die rondte  
 swaai haar in die dam.

O suikerbek jou gham  
 suikerbek jou gham  
 suikerbek jou lekker bek  
 suikerbek jou gham  
 suikerbek jou gham  
 suikerbek jou gham  
 en die lorrie kan nie ry nie  
 want sy peterol is op.  
 (Grobbelaar 1987:189)

Hierdie liedjie is ook een van die nommers wat Grobbelaar by mnr. Augus Gertse van Beukeskraal, Wuppertal, gekry het. Let op die interessante uitspraak van die woord "peterol" om by die musiek in te pas.

Die woord "gham" verwys na die Engelse "chewing gum".

(328)

Strofe 1

Swart-haad-jie se mou as Piet vra om met jou te trou om daai dierbaar

Strofe 2

lief-de uit te hou. Bok-kie sê my reg bok-kie sê my

reg ek trek my hart-jie van jou af weg.

Swartbaadjie se mou  
as Piet vra om met jou te trou  
om daai dierbaar liefde uit te hou.

Bokkie sê my reg  
bokkie sê my reg  
ek trek my hartjie van jou af weg.

Vat die *gravel*  
vat die *gravel*  
jou ou bok moet mos die lang pad *travel*.

Bokkie jy kan weer kom  
bokkie jy kan weer kom  
wanneer lat die rooidag breek.

Bielie-lielie-bame  
is die lat julle so skaam is  
is dit die joi-jaar is dit die joi-jaar.


Vat jou rokkies bymekaar  
dan klim ek op daai motorkar  
bam bam bam bam ba bam bam bam bam.

Trap my spore toe  
trap my spore toe  
dan loop ek na my ma se huis toe.  
(J. Swart: Vredendal)

(a)



Die swart-baad-jie se mou die swart-baad-jie se mou dis



be-ter om te trou as om die er-ge-nis uit te hou.

Die swart baadjie se mou  
die swart baadjie se mou  
dis beter om te trou  
as om die liefde uit te hou.

Die groen komkommer  
die groen komkommer  
as die misbank oor Calvinia kom  
dan reën dit sommer.

Die platpot se voet  
die platpot se voet  
ek dink van my te veel om  
'n jaloers meid te groet.

Die wit sakdoek se punt  
die wit sakdoek se punt  
hoe nader ek aan my bokkie kom  
hoe koeler waai die wind.

Ou bokkie vat jou sloop  
ou bokkie vat jou sloop

ou bokkie vat jou sloop  
laat ons in die westewind in loop.

Elke boom het 'n bas  
elke boom het 'n bas  
die Onderveldse meide moet  
hulle vuile pote loop was.

Die witneus staan gelaai  
die witneus staan gelaai  
die witneus staan gelaai  
om na Klawer toe te waai.

Kawietsie maak maar oop  
Kawietsie maak maar oop  
Kawietsie maak maar oop  
laat die witneus kan inloop.

Die kelkie sonder voet  
die kelkie sonder voet  
daar's 'n glimlag oor my lippe  
maar ek huil in my gemoed.

Die handvol vere  
die handvol vere  
die Onderveldse bokkies  
dra geleende klere.

Die langnek-hoenderhen  
die langnek-hoenderhen  
die langnek-hoenderhen  
ry die eerste aan die pen.

Die geelbeen-hoenderhaan  
die geelbeen-hoenderhaan  
die geelbeen-hoenderhaan  
is die jaloers meid se man.  
(Ons Erfenis:NAM77-la)

Nr.328 bestaan uit driereëlige strofes en variant (a) uit kwatryne.

Vergelyk strofe twee van nr. 328 met onder meer nrs. 199, 236 313 en 323(a). Die reël "Bielie-lielie-bame" (strofe 5) herinner aan die bekende "wilde gebedjie" "Biesie biesie bame". Volgens

Du Toit is die sogenaamde "wilde gebedjies" teenhangers van die gebede van volwassenes, wat dikwels deur die moeder self aan die kinders geleer word (1924:52). Du Toit het talle variante daarvan opgeteken, waarvan een soos volg lui:


Biesie, biesie bamen,  
hou jou handjies samen,  
Eers 'n bietjie vleis,  
Dan 'n bietjie rys.  
Amen.  
(Du Toit 1924:52)

Die laaste strofe word ook aangetref by nrs. 255, 258 en 308.

Grobbelaar het variant (a) by mnr. Klaas Louw van Loeriesfontien-distrik opgeteken. Die sanger sê dat hy dit by die bruinmense gehoor het.

'n Hele paar strofes van variant (a) het ook elders variante, byvoorbeeld strofe twee in nr. 237, strofe vyf in nr. 214, strofe ses in nrs. 43 en 217, strofe nege in nrs. 231 en 237 en strofe tien in nr. 326. Die "witneus" in strofe sewe verwys na 'n International-bakkie, 1958-model, met twee kleure wat aan die sanger behoort het. "Kawietsie" is die naam van 'n bruinman. Daar is 'n hele storie aan die ontstaan van dié twee strofes verbonde. 'n Bruin meisie van Klawer het 'n ruk lank by mnr. Louw op sy plaas in die Knersvlakte gewerk. Die oggend toe hy haar weer moes terugneem, was die twee ongetroude bruin mans wat ook op die plaas gewerk het, baie hartseer. Om hulle te troos het hulle in hulle buitekamer begin kitaar speel en het hierdie woorde spontaan ontstaan (Ons Erfenis:NAM77-la).

(329)




Swart-jan Cloe-te laat die rooi-dagbreek bok-kie jy moet loop dat jy voor-dag breek  
Swart-jan Cloe-te laat die rooi-dagbreek ap-pel-lie-rie-jou do-ring-blaar.

Swartjan Cloete laat die rooidag breek  
bokkie jy moet loop dat jy voordag breek  
Swartjan Cloete laat die rooidag breek  
appelliepie jou doringblaar.  
(Groep volwassenes: Selderyfontein, Fraserburg)

In die programreeks *Die volk as digter III* kom die volgende danslied voor, waarvan die eerste reël 'n variant is van die laaste reël van bostaande lied:

Appelliefie my lam my hartlam  
 jou fyn geslypte rooiwang  
 as jy wil soos ek wil  
 dan sal ons met die poskar ry.  
 (Grobbelaar 1988:103)

(330)



'n Swart-kop Sek-kie wil ek hê 'n swart-kop sek-kie wil ek  
 hê 'n swart-kop Sek-kie wil ek hê in sy ar-rens wil ek lê.

Swartkop Sekkie wil ek hê  
 swartkop Sekkie wil ek hê  
 swartkop Sekkie wil ek hê  
 in sy arms wil ek lê.


(Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)

Volgens die informante is hierdie lied begeleiding vir 'n langarmdans. Die woorde is nie elders teëgekome nie.

(331)



Swart kraai swart kraai kom hier toe kom bring vir my die bood-skap uit  
 ver-re ver-re vel-de klaar kom drie rui-ters aan die  
 eer-ste een was my boe-tie die twee-de een was my ghoetie die



der-de een ken ek nie swart kraai swart kraai kom hier toe.

Swart kraai swart kraai kom hier toe  
 kom bring vir my 'n boodskap  
 uit verre verre velde  
 daar kom drie ruiters aan  
 die eerste een was my boetie  
 die tweede een was my ghoetie  
 die derde een ken ek nie  
 swart kraai swart kraai kom hier toe.  
 (V. van der Horst: Fraserburg)

Daar kon nie vasgestel word wat die woord "ghoetie" beteken nie.

Soos nr. 329, is hierdie lied ook begeleiding vir 'n rieldans maar heelwat langer. 'n Variant is by Strydom gevind wat dit onder die Rehoboth-Basters opgeteken het.

Swarte kraai, kom hiernatoe  
 Swarte kraai, kom hiernatoe  
 Swarte kraai, kom hiernatoe  
 en bring 'n boodskap na my soetlief toe.  
 Die boodskappie waarnatoe?  
 Die boodskappie na my soetlief toe.  
 Die boodskappie waarnatoe?  
 Die boodskappie na my soetlief toe.  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 60)

Die wysies stem nie ooreen nie.

(332)



Sy-doek in die hand ek sē die stea-mer het ge-land ek sē die



stea-mer het ge-land op Swarb-berg se komi.



Sydoek in die hand  
die *steamer* het geland  
die *steamer* het geland  
op Swartberg se kom.

Die doek met die kolle  
die doek met die kolle  
die doek met die kolle  
jy moet jou kop geroller.


Pannekoek en wyn  
pannekoek en wyn  
pannekoek en wyn  
daar kom die nagslang deur die lyn.

Mamma maak 'n plan  
Mamma maak 'n plan  
Mamma maak 'n plan  
ek moet na Mamma se huis toe gaan.

Die hoendersteier  
die hoendersteier  
die hoendersteier  
ek moet vir Kanna kuier.  
(M. Hendriks: Clanwilliam)

By hierdie lied wyk net die eerste strofe af van die drie-en-een-patroon. Daar kon nie vasgestel word wat die reël "Jy moet jou kop geroller", beteken nie.


(333)



Tan- nie met die bont rok dis met al-ler-han-de kol-le



want as hy om-kom kom skop hy die blik-kie om want as hy




om-kom kom skop hy die blik-kie om.

Tannie met 'n bont rok  
 dis met allerhande kolle  
 want as hy om kom  
 kom skop jy 'n blikkie om  
 want as hy om kom  
 kom skop hy 'n blikkie om.  
 (T. Boois: Garies)

Volgens die informant is die dans wat by dié lied gedans is, 'n outydse wals. Tog is die tydsaanwysing nie 3/4- nie, maar wel 4/4-tyd.

(334)



Tjok-ke - lok-kie pop dis 'n na-re jive en hy laat my draai en hy  
 laat my swaai en hy laat my jive tot die hoenders kraai tjok-ke-  
 lok-kie pop dis-se na-re jive.


Tjokkelokkie pop  
 dis 'n nare *jive*  
 en hy laat my draai  
 en hy laat my swaai  
 en hy laat my *jive*  
 tot die hoenders kraai  
 tjokkelokkie pop  
 disse nare *jive*  
 disse seabreeze kan  
 disse nare *jive*  
 en hy laat my draai  
 en hy laat my swaai

en hy laat my *jive*  
 tot die hoenders kraai.  
 (V. van der Horst: Fraserburg)

Die reëls "en hy laat my draai//en hy laat my swaai" herinner aan die reël in die bekende Afrikaanse volkslied "Ver in die sêreld, Kittie", wat lui: "Sy laat haar draai en sy laat haar swaai" (NRVV 1962:48).

Die informant het nie 'n spesifieke dans genoem nie, maar die lied maak melding van die "jive". Laasgenoemde is 'n dansvorm genoem na die "jive"-musiek wat in die 1940's onder Neger stedelinge in Amerika ontstaan het. Dit was baie gewild dwarsoor die wêreld (Sadie 1980:652).


(335)




Trek uit jou baad-jie vir my gooi jou baad-jie gooi hom on-der  
 my— ek kry seer ek kry seer trek uit jou baad-jie en  
 gooi hom on-der my.

Trek uit jou baadjie vir my  
 gooi jou baadjie gooi hom onder my  
 ek kry seer  
 ek kry seer  
 trek uit jou baadjie  
 en gooi hom onder my.  
 (G. Bediet: Steinkopf)

(a)



Jan trek uit jou baad-jie en gooi dit on-der my



jy kan nie wil stry nie die klim-meid lyk soos jy ja jy't ver-niet ge-  
stry ja jy't ver-niet ge-stry maar die dag toe die kind in die  
tjalie lê toe lyk hy net soos jy.

Jan trek uit jou baadjie  
en gooi dit onder my  
jy kan nie wil stry nie  
die kleinmeid lyk nes jy  
ja jy't verniet gestry  
ja jy't verniet gestry  
maar die dag toe die kind in die tjalie lê  
toe lyk hy net soos jy.  
(G. du T. Cillie: Durban)

Nr. 335 en die eerste twee reëls van variant (a) kom ooreen met reëls elf en twaalf van nr. 198, "Abdol". Reëls vier tot agt van variant (a) is bekende woorde by die Afrikaanse volkslied en stem ooreen met reëls vier tot agt van nr. 79.

(336)



Vaal-baad-jie ou klong at-te-loe-loe vaal-baad-jie ou  
klong at-te-loe-loe vaal-baad-jie ou klong wat uit die  
An-der-wê-reld uit kom.

Vaalbaadjie ou klong atteloeloe  
 vaalbaadjie ou klong atteloeloe  
 vaalbaadjie ou klong  
 wat uit die Onderwêreld kom.

As ek Ma se huisie toe kyk atteloeloe  
 as ek Ma se huisie toe kyk atteloeloe  
 as ek Ma se huisie toe kyk  
 dan kry ek so hartseer en spyt.

Spring ek onder my tong atteloeloe  
 spring ek onder my tong atteloeloe  
 spring ek onder my tong  
 vir daardie ou vaalbaadjie jong.  
 (E. Bok: Lekkersing)

Bogenoemde is in wese 'n drie-en-een-kwatrinvorm wat slegs afwyk deurdat die sanger aan die einde van die eerste twee reëls van elke strofe 'n soort tussenwerpsel sing: "atteloeloe". Die betekenis daarvan kon nie vasgestel word nie. "Onderwêreld" in strofe een verwys waarskynlik na die "Onderveld" wat by verskeie ander liedere aangetref word (vergelyk nrs. 163, 506 en 506(a)).

(337)

Wat het jy ge- doen? Boes-man-meid wat het jy ge-  
 doen? ek het se-we jaar na jou ge- vry die  
 agt- ste jaar ver- neuk jy my o ja Boes-man-meid wat het jy ge-  
 doen?

Boes-  
 man-  
 meid  
 wat  
 het  
 jy  
 ge-  
 doen?

Wat het jy gedoen?  
 Boesmanmeid wat het jy gedoen?  
 ek het sewe jaar na jou gevry  
 die agtste jaar verneuk jy my  
 o ja Boesmanmeid wat het jy gedoen?  
 (J. Swart: Vredendal)

Dié lied is 'n variant van die minnelied "Boesmanmeid is jy nog so flaaï" (vergelyk nr. 156).

(338)

Wie se kar is dit daardie?  
 dis die dokter s'n.

Wie se kar is dit daardie?  
 dis die dokter s'n.  
 (Groep volwassenes: Die Bof(b), George)

Die lied word soos riele tot vervelens toe oor en oor gesing. Die informante noem die dans hierby 'n tiekiedraaidans (vergelyk nr. 262).

## HOOFSTUK 6

## PIEKNIEKLIEDERE

Die term "piekniekliedere" verwys na liedere waarby piekniekdanse gedans is óf wat by pieknieks gesing is. Die term "piekniekdanse" onderskei danse waarin tiekiedraai en/of danspassies voorgekom het van piekniekspele wat eintlik kinderspele was, soos byvoorbeeld "Aljander aljander so deur die bos" (Burden 1985:92).

Daar is baie min piekniekliedere by die bruinmense gevind. Die enkeles wat wel opgeneem is, is almal duidelik variante van die algemeen bekende piekniekliedere wat meestal reeds in een of ander bundel gepubliseer is.

(339)

Bob-be - jaan klim die berg so haas-tig en so las-tig bob-be-  
jaan klim die berg so haas-tig en so las-tig bob-be jaan klim die berg om  
die boe-re te ver-erg hoe-ra Suid-A-fri- ka o moe-nie  
huil nie o moe-nie treur nie want Stel-len-bosch se boys kom  
weer o moe-nie huil nie o moe-nie treur nie want  
Stel-len-bosch se boys kom weer.




Bobbejaan klim die berg  
 so haastig en so lastig  
 bobbejaan klim die berg  
 so haastig en so lastig  
 bobbejaan klim die berg  
 om die boere te vererg  
 hoera Suid-Afrika  
 o moenie huil nie  
 o moenie treur nie  
 want Stellenbosch se *boys* kom weer  
 o moenie huil nie  
 o moenie treur nie  
 want Stellenbosch se *boys* kom weer.  
 (Kindergroep: Joubertsplaas, Baden, distrik Montagu)

Die lied verskil min van die bekende weergawe wat onder meer in die *FAK-sangbundel* verskyn (1979:307). Die belangrikste verskil lê by reël vier wat lui "hoera Suid-Afrika", terwyl die bekende weergawe lui "Hoera vir die jollie bobbejaan". Die wysies is dieselfde.

(340)

Daar on-der in die mie-lie-lan-de staan 'n do-ring-boom  
 daar waar my Sa-rie woon daar on-der in die mie-lie-lan-de  
 staan 'n do-ring-boom daar waar my Sa-rie woon bring my t'rugna die  
 ou Trans-vaal daar waar my Sa-rie woon daar  
 on-der in die mie-lie-lan-de staan 'n do-ring-boom



Daar onder in die mielielande  
 staan 'n doringboom  
 daar waar my Sarie woon  
 daar onder in die mielielande  
 staan 'n doringboom  
 daar waar my Sarie woon  
 bring my terug na die ou Transvaal  
 daar waar my Sarie woon  
 daar onder in die mielielande  
 staan 'n doringboom  
 daar waar my Sarie woon.

(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Dié lied is 'n variant van "Sarie Marais". Die lied is vandag só bekend dat die kanse vir variante baie beperk is. Dit maak bogenoemde lied des te meer merkwaardig. Die wysie is ook deels die bekende, hoewel die wysie van die refrein van "Sarie Marais" hier ook vir die inleidende deel gebruik word. Die eerste deel van die bekende wysie kom dus glad nie by hierdie variant voor nie. By S.J. du Toit word 'n paar variante aangetref waar dit meestal enkele woorde is wat verskil, byvoorbeeld "O, bring my terug na die ou Vrystaat" in plaas van "na die ou Transvaal" en "Daar onder in die mielies by die geel koringland" in plaas van "by die groen doringboom" (Du Toit 1924:287).

(341)

Ja-pie my die wind waai deur my sy Ja-pie my die  
 wind waai deur my sy en as jul-le nie kan kek-kel nie dan  
 smaak jul-le kos nie lek-ker nie en

Japie my en die wind waai in my sy  
 Japie my en die wind waai in my sy  
 en as julle nie kan kekkel nie  
 dan smaak julle kos nie lekker nie  
 en as julle nie kan kekkel nie  
 dan smaak julle kos nie lekker nie.  
 (K. Kriel: Montagu)

Bogenoemde lied is hier ingesluit omdat die informant gesê het dat daarby tiekiegedraai is. Die eerste twee reëls is 'n fragment van die refrein van "Roelandstraat", wat soos volg lui:

O hier's ek weer,  
 In die Roelandstraat,  
 Voor die deur  
 Van die magistraat.  
 O alla basie, wat het ek gemaak,  
 Toe kry ek nege maande bo in die Roelandstraat.

Ref.

Japie Mei,  
 En die wind waai in my sy,  
 Laat staan sulke dinge laat staan.  
 Laat staan sulke dinge laat staan,  
 Laat staan sulke dinge laat staan,  
 Laat staan sulke dinge laat staan.  
 (De Waal 1956:32-33)

Die lirieskrywer Anton de Waal, wat hierdie liedjie waarskynlik uit die volksmond opgeteken en algemeen bekend gemaak het, spel "Mei" asof dit 'n eiennaam is. Dit is moontlik, maar nie noodwendig nie. Dit kan ook 'n voornaamwoord wees, soos in nr. 341.

(342)

Mō-re oom-pie mō-re an-tie waar is San-nie dan?

San-nie het gaan wa-ter haal daar on-der in die vlei haar

rok-kie het 'n skeur-tjie in die jong-man loer daar-deur die

jong-man vra om met haar te trou en skaam'rig sê sy ja die

waai-le-wie-pie waai-le-wie-pie waai-le-wie-pie waai die

waai-le-wie-pie waai-le-wie-pie waai-le-wie-pie waai,

Môre Oompie môre *Antie*  
 waar is Sannie dan?  
 Sannie het gaan water haal  
 daar onder in die vlei  
 haar rokkie het 'n skeurtjie in  
 die jongman loer daardeur  
 die jongman vra om met haar te trou  
 en skamerig sê sy ja  
 die waai-le-wiepie waai-le-wiepie  
 waai-le-wiepie waai  
 die waai-le-wiepie waai-le-wiepie  
 waai-le-wiepie waai.  
 (C. Kemp: Springs)

Die lied is ook, soos die vorige, 'n samevoeging van twee liedere. Die eerste agt reëls tot voor "waai-le-wiepie" is 'n variant van "Môre Oompie! môre Tannie" wat soos volg by Boshoff en Du Plessis voorkom:

Môre Oompie! môre Tannie!  
 Waar is Sannie dan?  
 Sannie het gaan water haal,  
 Daar onder by die dam.

Ref. Ja, Oompie, ja!

Môre gaan ons trou!

Ja, Oompie, ja!

Môre gaan ons trou!

Haar rokkie was 'n skeurtjie in,

Die jonkman kyk daarna;

Die jonkman vra om na Sannie te vry:

van skaamgeit sê sy: "Ja!".

Ref. Ja, Oompie, ja!

Môre gaan ons trou!

Ja, Oompie, ja!

Môre gaan ons trou!

(Boshoff en Du Plessis 1921:107)

Volgens Boshoff en Du Plessis het bogenoemde lied ontwikkel uit "Die steweltjies van Sannie", wat deur F.W. Reitz geskep is. Van die elf strofes van laasgenoemde lied, is daar twee waarin ooreenkoms met "Môre Oompie môre Tannie" te bespeur is:

Strofe 8:

'Goei' môre, Tante! ...môre, Oom!

En waar is Sannie dan?'

Daar kom sy net soos in my droom,

Met dieselfde stewels aan.

Strofe 9:

Wel, ek sal jou maar kortaf sê:

Ek het haar toe gevra,

Of sy my vir 'n man wil hê,

Toe sê sy somaar: 'Ja!'

(Boshoff en Du Plessis 1921:103-106)

Daar is geen ooreenkoms in die wysies van "Die steweltjies van Sannie" en "Môre Oompie, môre Tannie!" nie.

Dit blyk dus dat die informant die twee strofes saamgevoeg het en ook die refrein weggelaat het. Mej. Kemp se teks wyk ook af in reël een waar sy die woord "*antie*" in plaas van "tannie" gebruik, en in reël vier waar sy "dam" met "vlei" vervang het. Die tweede deel van die lied is 'n variant van die refrein van 'n lied wat in Jan Bouws se boek *Die volkslied, deel van ons erfenis* opgeneem is. Dit lui soos volg:

Ek kom vanaand by my huis,

My huis is sonder dak,

Ek kry my vrou in die vuurherd,


Sy sit en poffertjies bak.

Wai met die wiepie, wai,

Waa met die wiepie, waa,  
 Waa met die wiepie,  
 Waa met die wiepie,  
 Waa met die wiepie, waa!  
 (Bouws 1969:23)

Die liedjie is ook opgeneem in die *FAK-sangbundel*, waar die woord "wiepie" verklaar word as 'n soort waaier om 'n vuur aan te blaas of om die rook weg te waa, of 'n soort swepie (1969:323). Die term kom in die *Verklarend handwoordenboek der Nederlandse taal* voor en word soos volg omskryf: "lange rol van met tenen omwonden rijshout" (Koenen 1973:1302).

(343)



My va-der was 'n dop-per en die dop-per was hy sy  
 pyp en sy twak-sak die hang in sy sy en die bles-bok-vel  
 broek en die per-de-stert hoed my va-der was 'n dop-per en 'n  
 dop-per was hy.

My vader was 'n Dopper  
 en die Dopper was hy  
 sy pyp en sy twaksak  
 die hang in sy sy  
 en die blesbokvel-broek  
 en die perdestert-hoed  
 my vader was 'n Dopper  
 en die Dopper was hy.  
 (W. van Niekerk: Pacaltsdorp)



Dié sogenaamde Dopperliedjie is reeds baie oud. Volgens oorlewering het dit as 'n tergliedjie ontstaan, gemik teen oom Ryk Jan Boshoff, 'n Voortrekker wat later in die Brandfort-distrik gewoon het. Dit het baie gewild geraak, want daar is baie variante daarvan opgespoor (Grobbelaar 1978:83). Du Toit het die lied soos volg opgeteken:

My vader was 'n Dopper en 'n Dopper was hy;  
 Sy pyp en sy twaksak die hang in sy sy.  
 'n Blesbok-vel broek, en 'n perdestert hoed,  
 Die sy, die sy 'n Dopper so goed.  
 (Du Toit 1924:294)

Die volgende weergawe is by Grobbelaar gevind:

My vader was 'n dopper, en 'n dopper was hy,  
 Sy pyp en sy twaksak die hang aan sy sy.  
 'n Perdesterthoed en 'n blesbokvelbroek,  
 dit was vir 'n dopper en 'n dopper seer goed.  
 (Grobbelaar 1978:86)

Die term "Dopper" (met 'n hoofletter geskryf), verwys na 'n lid van die Gereformeerde Kerk, maar "dopper" (met 'n kleinletter) is 'n ou term vir enige behoudende mens. Die wysies van die verskillende optekeninge stem ooreen.

### (344)

Nôi nôi die rietkooïnôi  
 die rietkooi is gemaak  
 die rietkooi is vir jou gemaak  
 om daarop te slaap.  
 (K. Kriel: Montagu)

Die informant, mnr. Kobus Kriel, kon feitlik glad nie sing nie. By die meeste van sy liedere is daar probeer om 'n soort wysie te transkribeer, maar by bogenoemde was alles letterlik op een noot.

Dié lied is die refrein van die bekende "Daar kom die Alibama". Die deel wat weggeval het lui, soos volg:

Daar kom die Alibama,  
 die Alibama die kom oor die see  
 Daar kom die Alibama,  
 die Alibama die kom oor die see.  
 (FAK-sangbundel 1979:413).

Volgens mnr. Kriel is daar tiekiegedraai op maat van die liedjie.

Die lied het na bewering in 1863 na aanleiding van 'n seegeveg tussen die *Alabama* en die *Sea Bride* in die omgewing van Tafelbaai, ontstaan. Dit was tydens die Amerikaanse Burgeroorlog



toe die *Alabama*, 'n kaperskip van die Suidelike State, die *Sea Bride* van die Noordelikes gebuit het. Toe die triomfantlike *Alabama* op 5 Augustus Tafelbaai binnegeseil het, het die Maleiers volgens oorlewering uitgeroep: "Daar kom die Alabama!" en dié woorde toe gesing op die aangepaste wysie van die bekende "Home sweet home". Sodoende is 'n volksliedjie geskep wat ná meer as 'n eeu nog steeds gewild is (Bouws 1969:29/30). Daar bestaan egter ook 'n ander teorie oor die ontstaan van dié lied. Lawrence Green, skrywer van talle nie-wetenskaplike reisboeke waarin ook die tradisionele lewe aan die Kaap betrek word, beweer dat daar teen die middel van die 19de eeu 'n skip met die naam *Alabama* tussen die Breërivier en Tafelbaai gevaar het. Dié skip het 'n soort riet wat in die mond van die Breërivier gegroei het na Kaapstad gebring waar dit gebruik is vir die beddens wat vir Maleierbruide gemaak is (Green 1967:213). Dié teorie bied dan ook 'n verklaring vir die tweede deel van die lied wat lui: "Nooi nooi die rietkooi nooi, // die rietkooi is gemaak".

Edna en Frank Bradlow se boek *Here comes the Alabama* is die resultaat van navorsing oor die skip, die *Alabama*. Hulle kon ook nie met sekerheid vasstel waar en hoe die lied ontstaan het nie. "We will never know whether the song was sung spontaneously as the crowd watched from the hill above Camps Bay, or whether it evolved from unquenchable talk and recounting of incidents [...]" (Bradlow 1958:70).

(345)

The image shows a handwritten musical score for a song. It consists of four staves of music in 2/4 time, written in treble clef. The lyrics are written below the notes. The first staff has the lyrics: "Rok-kies wou sy dra maar nie-mond kyk daar-na want al-mal staan ver-". The second staff has: "slae as sy die rok-kies dra oom Jan-nie se naam is". The third staff has: "Gog-ga-bie Gog-ga-bie Gog-ga-bie oom Jan-nie se naam is Gog-ga-bie". The fourth staff has: "mooi is sy nie le-lik nie mooi is sy nie le-lik nie." There are some corrections and markings in the original image, such as a '7' above a note in the second staff and a '3' above a note in the fourth staff.

Rok-kies wou sy dra maar nie-mond kyk daar-na want al-mal staan ver-  
slae as sy die rok-kies dra oom Jan-nie se naam is  
Gog-ga-bie Gog-ga-bie Gog-ga-bie oom Jan-nie se naam is Gog-ga-bie  
mooi is sy nie le-lik nie mooi is sy nie le-lik nie.

Rokkies wou sy dra  
maar niemand kyk daarna

want almal staan verslae  
 as sy die rokkies dra  
 rokkies wou sy dra  
 maar niemand kyk daarna  
 want almal staan verslae  
 as sy die rokkies dra  
 oom Jannie se naam is Goggabie Goggabie Goggabie  
 oom Jannie se naam is Goggabie  
 mooi is sy nie lelik nie  
 mooi is sy nie lelik nie.  
 (Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

(a)

Jan-nie se mam-ma gog-ga-bie gog-ga-bie gog-ga-bie

Jan-nie se mam-ma gog-ga-bie so le-lik was sy nie 'n

bol-la wil sy dra maar ha-re het sy nie ou lap-pe moet sy

vat om 'n bol-la van te maak.

Jannie se mamma goggabie goggabie goggabie  
 Jannie se mamma goggabie  
 so lelik was sy nie  
 'n bolla wil sy dra  
 maar hare het sy nie  
 ou lappe moet sy vat  
 om 'n bolla van te maak.  
 (W. van Niekerk: Pacaltsdorp)

Dit is 'n baie bekende lied wat in die *FAK-sangbundel* as "Rokkies wou sy dra" (1979:358) en in *Vir ons volkspelers* as "Lokkies wou sy dra" (1962:66) opgeneem is. Die lied het talle variante

waarvan 'n paar deur S.J. du Toit opgeteken is. Die inleidende reëls van die variante lui: "Rooi rokkie wil sy dra", "Bolla wil sy dra", "Bolle wil sy hê" en "Wit rokkie wil sy hê" (Du Toit 1924:128-130). Die eerste optekening stem ooreen met die weergawe van die *FAK-sangbundel*. Die lied soos deur mnr. Van Niekerk gesing (variant (a)), stem ooreen met Teks II van Du Toit, behalwe dat die strofe en refrein soos volg omgeruil is:

Bolla wil sy dra,  
Maar hare het sy nie;  
Lappe moet sy vat.  
Om bolla van te maak.

Ref. Oom Jannie se mama goggabie! goggabie! goggabie!

Oom Jannie se mama, goggabie!  
So lelik was sy nie.  
(Du Toit 1924:129)

(346)

O Ro-sy my dar-ling o Ro-sy I love you well o

Ro-sy is my dar-ling dear dar-ling dear dar-ling dear o Ro-sy is my

dar-ling dear dar-ling dear.

*Rosy my darling*  
*o Rosy I love you well*  
*Rosy my darling*  
*o Rosy I love you well.*

*O Rosy is my darling dear darling dear darling dear*  
*o Rosy is my darling dear*  
*darling dear.*

En skud ek die tak dan val die peer  
val die peer val die peer  
en skud ek die tak dan val die peer

val die peer.

Kielie ek die nôi dan slaan sy neer  
 slaan sy neer slaan sy neer  
 en kielie ek die nôi dan slaan sy neer  
 slaan sy neer.

(K. Kriel: Montagu)

(a)

Handwritten musical notation for the song 'Rosy my darling'. The notation is written on four staves in a single system. The first staff begins with a treble clef, a key signature of one flat (Bb), and a 4/4 time signature. The lyrics are written below the notes in a cursive hand.

Rosy my dar-ling Rosy was my dar-ling dear Rosy my  
 dar-ling Rosy was my dar-ling dear Rosy Rosy dar-ling dear  
 skud ek aan die boom dan val die peer Rosy Rosy dar-ling dear  
 skud ek aan die boom dan val die peer.

*Rosy my darling*  
*Rosy was my darling dear*  
*Rosy my darling*  
*Rosy was my darling dear*  
*Rosy Rosy darling dear*  
 skud ek aan die boom  
 dan val die peer  
*Rosy Rosy darling dear*  
 skud ek aan die boom  
 dan val die peer.  
 (H. Korkee: Krakeelrivier, Langkloof)

'n Variant van die lied is behandel by kringspele (vergelyk nr. 55).

Dié lied is 'n goeie voorbeeld van 'n Engelse lied wat 'n Afrikaanse stertjie gekry het. Dit is veral opvallend in variant (a). By nr. 346 kom twee volledige Afrikaanse strofes voor. Die lied word deur Boshoff en Du Plessis bespreek en is soos volg deur hulle opgeteken:

Rosie, my darling,  
My darling, I love you well.  
Rosie, my darling,  
My darling, I love you well.

Ref. Rosie is my darling dear,  
Darling dear! Darling dear!  
Rosie is my darling dear  
Skud jii die boom, dan val daar 'n peer!  
(Boshoff en Du Plessis 1918:42)

Nie een van bostaande twee optekeninge stem dus heeltemal ooreen met dié van Boshoff en Du Plessis nie. Die wysies is wel dieselfde.

Du Toit gee die volgende variant aan:

Rosie, my darling,  
My darling, I love you well  
Rosie, my darling,  
My darling, I love you well

Ref. And Rosie is my darling dear,  
darling dear, darling dear!  
And Rosie is my darling dear!  
Skud jy die boom dan val daar 'n peer!  
(Du Toit 1924:166)

Hy gee ook 'n tweede teks waarvan die eerste vier reëls dieselfde is, maar met die volgende refrein:

En Rosie is my lieveling,  
lieveling, lieveling!  
En Rosie is my lieveling!  
Skud jy die boom dan val daar 'n ring.  
(Du Toit 1924:166)

Hoewel Du Toit nie 'n wysie aangee nie, beweer hy dat die wysie dieselfde as dié van "Japie, my skapie" is, met 'n verdubbelde koor (Du Toit 1924:167). Dit is egter nie die geval nie. Die wysie van "Japie, my skapie" verskil in baie opsigte van dié van "Rosie my darling". Dit is egter moontlik dat Du Toit die wysie anders as wat dit vandag algemeen bekend is, geken het.



## HOOFSTUK 7

### ARBEIDSLIEDERE

Karl Bücher, skrywer van die bekende werk *Arbeit und Rhythmus*, beweer dat ritme lei tot sang en dat gemeenskaplike arbeid wat ritmies verrig moet word, aanleiding gegee het tot die ontstaan van liedere (Van Delft 1952:16). Volgens Suppan het latere vorsers Bücher se teorie weerlê. Hy wys wel drie tipes verhoudings aan waar arbeid en die lied verband kan hê:

- (a) Die lied kan 'n stimulerende werking hê; dit kan aanspoor tot arbeid. Dit is veral by primitiewe kulture die geval.
- (b) Die lied kan die ritmiese verloop van die werk orden.
- (c) Die lied kan sonder enige ritmiese of logiese verbintenis daarmee, saam met die arbeid gesing word, dit wil sê as vermaak tydens die arbeid dien (Suppan 1966:33).

Die laaste verhouding word bevestig deur Herzog waar hy sê: "In some localities almost any kind of song may be sung at work" (Herzog 1972:1041). Uit die opnames wat onder die bruinmense gemaak is, blyk dit dat die laaste verhouding wat Suppan noem, die meeste aangetref word.

Die Nederlanders beskik oor 'n ryke erfenis aan arbeidsliedere. Schrijnen verwys onder meer na die dorslied, die smidslied, die visserslied, die spinlied, die maaierslied, die touslanerslied, die kuiperslied, die meulenaarslied, die skipperslied, die roeilied en die wewerslied (1933:229-233). Min sulke arbeidsliedere is na Suid-Afrika oorgeplant, hoewel heelwat ander tipes gevind is.

Volgens Grobbelaar is daar vir baie jare beweer dat feitlik geen arbeidsliedere in Afrikaans bestaan nie (1982:242). Hy sê verder: "Intensiewe stofinsameling oor die afgelope klompie jare het, soos dikwels gebeur, duidelik aangetoon dat dit nie die Afrikaanse volkskultuur is wat te kort skiet nie, maar dat die volksmens deur die navorser in die steek gelaat is" (Grobbelaar 1982:243). Hy staaf sy bewering deur na verskeie tipes te verwys, byvoorbeeld parsliedere, 'n stampblokrym, 'n smidslied, 'n maailied, mielibôlliedere, 'n vuurmaakrym, 'n wasvrourym en dryfryme vir ossespanne (1982:243-244). Daar is ook 'n klompie arbeidsliedere by die bruinmense gevind, waarvan die meeste bloot as begeleiding by werk aangewend is. Tog is ook gevind dat, hoewel die woorde in daardie gevalle niks met die werk te make het nie, die liedere dikwels slegs by die arbeid gesing word en nie by ander geleenthede nie.

In die George-distrik en enkele ander streke is vroeër jare mielibôlle gehou (afgelei van die Engelse "mealie ball"). Dit was 'n geleentheid wat hom in die besonder geleen het tot die ontstaan van arbeidsliedere. Die mielies is uit die land gery en op 'n hoop afgelaai. Die hele buurt

het oorgekom om die mielies te verwerk sodat dit opgehang kon word om te droog. Sommiges het die blare afgestroop, alles behalwe die laaste twee blare, wat die "stertvere" genoem is; ander moes die mielies twee-twee met die stertvere aanmekaar bind, 'n paar mense het aangedra na die stellasio en een of twee het dit oor die stellasio's gehang waar dit moes droogword. Terwyl die werk verrig is, het hulle saam gesing. Die liedere wat hulle gesing het, is spesiaal vir mieliebôlle gereserveer en is nooit by ander geleenthede gesing nie. Ná die werk is gewoonlik 'n dansparty gehou (vandaar die "ball") en saam geëet (B.W. Gericke: onderhoud). Voorbeelde van mieliebôl-liedjies is nrs. 347, 348, 350, 351, 352, 353 en 357. Die mieliebôlle is gewoonlik deur wit- en bruinmense saam gehou, hoewel hulle waarskynlik nie saam gedans het nie. 'n Kenmerk van die mieliebôl-liedjies is dat hulle gewoonlik baie kort is.

'n Ander aspek van arbeidsliedere is dat blankes sowel as bruinmense baie graag godsdienslike liedere sing terwyl hulle werk. Die gewyde liedere wat opgeteken is by die verrigting van arbeid, word onder godsdienslike liedere behandel (vergelyk nrs. 459, 467 en 476(a)).

Van die vyftien arbeidsliedere wat hier byeengebring is, is almal, met die uitsondering van die laaste twee, óf by mieliebôlle óf by koringsny gesing. Albei dié tipes handarbeid het grootliks of totaal verdwyn as gevolg van meganisasie in die landbou.

Drie arbeidsliedere wat in M.I. Murray se boek gevind is, word aan die einde van die hoofstuk behandel (dus nie alfabeties op hulle plek nie) aangesien daar nie musiek beskikbaar is nie.

(347)

Ap- pe - dai ap- pe- dai het die man ge- vang hy  
spring som- mer weg en sê hy's nie bang.

Appedai appedai het man gevang  
hy spring sommer weg en sê hy's nie bang.


Die hoenderhaan skud toe sy vere reg  
en toe hardloop die man sommer *all over* weg.

(P. le Grange: George)



Dit is een van die mieliebôlliedere. Die liedjie is baie kort en het 'n eenvoudige wysie wat uit slegs vier tone bestaan binne die omvang van doh na soh.

(348)




Ap-pel-lie-fie-kon-fyt is 'n lek-ker kon-fyt ge-  
bruik hom op sy tyd dan smaak hy na kon-fyt.

Appelliefiekonfyt  
is 'n lekker konfyt  
gebruik hom op sy tyd  
dan smaak hy na konfyt.  
(B.W. Gericke: George)

Die tema van kos wat veral by die kinderliedere opvallend was, kom ook in hierdie lied na vore. Dit is 'n mieliebôlliedjie. 'n Variant van die lied is in Calitzdorp gevind, maar dit is nie daar as arbeidslied bekend nie (vergelyk nr. 513).

(349)



Bok-ka gaan jy saam bok-ka gaan jy saam bok-ka ek gaan  
Bo-land toe want die plaas se oes is af.

Bokka gaan jy saam?  
bokka gaan jy saam?  
bokka ek gaan Boland toe  
want die plaas se oes is af

bokka gaan jy saam?  
 bokka gaan jy saam?  
 bokka ek gaan Boland toe  
 want die plaas se oes is af  
 bokka gaan jy saam?  
 bokka gaan jy saam?  
 bokka ek gaan Boland toe  
 want die plaas se oes is af.  
 (Grobelaar 1987:192)

Dié pragtige arbeidslied kom uit die Clanwilliam-distrik. Dit is gevind by 'n blanke; mnr. J. Smit, wat vertel dat dit by die koringsny saam met die bruinmense gesing is.

(350)

Die sprin-kaan in die droog-te die droog-te van ons land en  
 wat daar van sal wō-re is bo-ven my ver-stand  
 ver ver my dar-lie ver ver my dear ver ver my dar-lie  
 ver ver my dear.

Die sprinkaan in die droogte  
 die droogte van ons land  
 en wat daarvan sal wōre  
 is boven my verstand.

Refrein:

Ver ver my *darlie*  
 ver ver my *dear*  
 ver ver my *darlie*  
 ver ver my *dear*.

(G. Gericke: George)

Hierdie lied, wat ook by mielibôle gesing is, vorm deel van 'n ou gedig. Dit het begin met twee strofes, wat geleidelik gegroei het tot nege. Die eerste anonieme weergawe het omstreeks 1874 in die Vrystaatse koerante verskyn en telkens het ander anonieme volksdigters strofes bygelas (Conradie 1949:324-325). Die eerste strofe van die gedig, soos dit verskyn in die bundel *Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte* van F.W. Reitz, lui soos volg:

Die sprinkhaan en die droogte  
Is swaar op onse land,  
En wat van ons sal worde  
Is bowe mij verstand.  
(Reitz 1916:82)

Die refrein "Ver ver my *darlie*" is nie deel van dié gedig nie, en is waarskynlik by die mielibôle aangelas.

(351)

Ek het-te jou lief ek het-te jou lief dan skryf ek vir jou 'n  
brief dis waar dis waar ek sal jou aan-vaar.

Mans:

Ek hette jou lief  
ek hette jou lief  
dan skryf ek vir jou 'n brief.

Vroue:

Dis waar  
dis waar  
ek sal jou aanvaar.  
(B.W. Gericke: George)

Dis die enigste lied met beurtsang wat by volwassenes aangetref is. Dit kan ook 'n minnelied genoem word, maar is in die George-distrik slegs by mielibôle gesing.

(352)

Groen a - ma - ra won - ner - lik - sens dis net die ding vir 'n ou - e mens. ✓

Groenamara wonnerliksens  
dis net die ding vir 'n oue mens.

Groen komkommer en gebakte vis  
daar's vir jou 'n ding wat lekker is.  
(P. le Grange: George)

Hierdie lied sowel as die volgende, nr. 353, word gesing op die wysie van die bekende "Ou tante Koba". Dit is ook 'n mielibôllied. Die eerste reël van die tweede strofe kom voor in 'n kinderlied (vergelyk nr. 8).

Groenamara en "wonnerliksens" (wonderessens) is ou Hollandse medisynes wat vroeër deel uitgemaak het van die sogenaamde "huis apotheek", 'n bliktrommeltjie met allerhande medisynebotteltjies, pleister, salwe, ensovoorts (Grobbelaar 1977:126).

(353)

Ing - el - se sout is 'n du - re sout swart - baad - jie met kra - le.

Ingelse sout is 'n dure sout  
swart baadjie met krale.  
(G. Gericke: George)

Dié lied was een van die gewildste mielibolliedere. Vroeër jare is die term "Engels" dikwels deur Afrikaners as "Ingels" uitgespreek. Engelse sout is 'n medisyne wat as purgeermiddel gebruik word, maar ook 'n huishoudelike middel.

(354)

Kom laat ons sny sny sny sny laat die a - re waai kom en laat ons

sny sny sny sny dat die a-re waai

ou-baas wat-se ko-ring is dit die? swart-baard ko-ring my jong

ou-baas moet ons dit ook sny? sny my vol-kies sny kom en laat ons

sny sny sny sny dat die a-re waai kom en laat ons sny sny sny

sny dat die a-re waai.

Kom en laat ons sny sny sny  
 sny dat die are waai  
 kom en laat ons sny sny sny  
 sny dat die are waai  
 Oubaas watse koring is dit die?  
 swartbaardkoring my jong  
 Oubaas moet ons dit ook sny?  
 sny my volkies sny  
 kom en laat ons sny sny sny  
 sny dat die are waai  
 kom en laat ons sny sny sny  
 sny dat die are waai.  
 (S. Rondganger: George)

'n Besondere aspek van dié lied is die tweegesprek wat plaasvind tussen die "Oubaas" en die "jong". Dit is duidelik dat die lied as aansporing tot die spesifieke taak van koring sny moes dien.

(355)

Ons het ko-ring ge-sny ons het ko-ring ge-  
sny ons het ko-ring ge-sny ons het ko-ring ko-ring ge-sny.

The musical notation for (355) consists of two staves in treble clef, key of D major (two sharps), and 6/8 time. The melody is simple and repetitive, with lyrics written below the notes.

Ons het koring gesny  
ons het koring gesny  
ons het koring gesny  
ons het koring koring gesny.


(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Die wysie van dié lied is in 6/8-tyd wat, met die uitsondering van godsdienstige liedere, skaars is by die Afrikaanse volkslied. Hierdie lied word baie stadig gesing en die woorde word gekenmerk deur uiterse eenvoud.

(356)

oor daar-die ma-nier van jou van huil in die nag en  
kerm in die dag oor daar-die ma-nier van jou oor  
daar-die ma-nier van jou van huil in die nag en  
kerm in die dag oor daar-die ma-nier van jou oor

The musical notation for (356) consists of four staves in treble clef, key of B-flat major (two flats), and 2/4 time. The melody is simple and repetitive, with lyrics written below the notes.




daar-die ma-nier van jou oor daar-die ma-nier van  
 jou van huil in die nag en kerm in die dag oor  
 daar-die ma-nier van jou.

Oor daardie manier van jou  
 van huil in die nag  
 en kerm in die dag  
 oor daardie manier van jou  
 oor daardie manier van jou  
 van huil in die nag  
 en kerm in die dag  
 oor daardie manier van jou  
 oor daardie manier van jou  
 oor daardie manier van jou  
 van huil in die nag  
 en kerm in die dag  
 oor daardie manier van jou.  
 (Grobbelaar 1987:192)

Die lied het 'n interessante bou met 'n willekeurige patroon. Die eerste maal word reël een slegs een maal gesing; wanneer dit weer voorkom, word dit een keer herhaal; die derde keer word dit drie maal gesing en dan word die lied daarmee afgesluit. Die lied is by koring sny gesing. Dit kom ook uit Clanwilliam en is soos nrs. 349 en 358 by mnr. J. Smit gevind.

(357)



Pe-trus Ja-ko-bus en Jo-han-nes Ha-ba-kuk Se-fan-ja Ma-le-a-gi.



Petrus Jakobus en Johannes  
Habakuk Sefanja Maleagie.  
(B.W. Gericke: George)

Die name van ses Bybelboeke is sonder enige verband ingeryg om dié lied te vorm. Soos baie ander mielibôlliedjies, bestaan ook hierdie een uit net twee reëls wat oor en oor gesing word. Die wysie is dieselfde as dié van nrs. 352 en 353.

(358)

Smôrs vroeg saans laat die boer-klong kry dit swaar ja die  
boer-klong kry dit swaar smôrs vroeg saans laat die boer-klong kry dit  
swaar ja die boer-klong kry dit swaar smôrs vroeg saans laat die  
boer-klong kry dit swaar.

Smôrs vroeg saans laat  
die boerjong kry dit swaar  
ja die boerjong kry dit swaar  
smôrs vroeg saans laat  
die boerjong kry dit swaar  
ja die boerjong kry dit swaar  
smôrs vroeg saans laat  
dis boerjong kry dit swaar.  
(Grobelaar 1987:191)

Dit is die derde van die drie arbeidsliedere wat uit die Clanwilliam-distrik kom en by koringsny gesing is, opgeteken by mnr. J. Smit.

**(359)**

Daar onder by die draai  
 Waar die noordewind so waai  
 Twee slaggies sny  
 Twee slaggies sny  
 Dan staan ons opsy  
 Maaier wat die saad laat groei  
 Saai dit in ons hart  
 Daar onner om die draai  
 Waar die noordewind so waai.  
 (Murray 1974:34)

Die eerste twee reëls kom voor in 'n uitbundige volkslied, "Die hond se naam is Flaai", wat deur Grobbelaar by mnr. Klaas Louw van Loeriesfontein opgeteken is. Die eerste twee strofes en koor lui soos volg:

Jy het my ma belowe  
 jy sal my goed oppas  
 en nou vandat ek oud is  
 nou is ek vir 'n las.

Daar onder in die draai  
 waar die noordewind so waai  
 die ene wil my hê  
 en die ander wil my braai.

Koor:

Die hond se naam is Flaai  
 die hond se naam is Flaai  
 toe speel ek en my bokkie  
 agter die melkbosrant aspaai.  
 (Grobbelaar 1987:2)

Reëls ses en sewe, "Maaier wat die saad laat groei//Saai dit in ons hart", het klaarblyklik 'n godsdienstige inslag.

M.I Murray beskryf die arbeid wat met dié lied gepaard gegaan het: "Elkeen sny sy vak, en as hy die een vak klaar gesny het, draai hy in die anner vak af, maar almal sny gelyk soos hulle sing [...] En jy sien hoe hulle sekels blink as hulle so sing-sing gelyk die grane sny. En as hulle by die end van die akker kom, maak hulle almal gelyk hulle draai, so twee treë vorentoe by 'twee slaggies sny', en twee treë na die kant toe so half-orent by 'staan ons opsy', dat hulle rug nie so moeg word nie en dan begin sny elkeen weer sy vak, so gelyk, gelyk soos hulle sing: 'Maaier wat die saad laat groei'. So sny hulle akker by akker [...]" (Murray 1974:34).

**(360)**

As Piet vir Karlientjie wegja  
 Waarnatoe nou?  
 Oor die see, oor die see  
 Met die eilandsteamertjie.  
 (Murray 1974:1)

Dié liedjie is deur die kinders gesing wanneer hulle met dragte hout terugstap van die houtveld af huis toe. Dit is 'n bekende volksliedjie wat ook in *Goue gerf* opgeneem is (Cassaleggio 1970:160). Strydom het die volgende variant by die Rehoboth-Basters gekry:

As Piet vir Karlientjie wegja,  
 Na waarnatoe nou?  
 As Piet vir Karlientjie wegja,  
 Na waarnatoe nou?  
 Oor die see, oor die see,  
 Moet die eilandsteamertjie  
 Oor die land, oor die land,  
 Moet die heilige pre'kant.  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 67)

Die lied kom ook by die Maleiers voor en is woordeliks dieselfde as dié van die Rehoboth-Basters (Du Plessis 1935:108)

**(361)**

De Wet het die witperd gery  
 Om Kalviniedorp te kry.  
 (Murray 1974:95)

"Kalviniedorp" verwys na Calvinia.

Die woorde herinner aan die bekende reëls: "Die wit perd van Calvinie//hy loop maar hy kan nie sien nie" (vergelyk nr. 315).

Een van die vroue van wie Murray vertel, het dié liedjie altyd gesing wanneer sy sit en naaldwerk doen. Sy het dit geleer in die distrik Klein Pakhuis by die boervrou wat glo genl. Christiaan de Wet van Tweede Vryheidsoorlog-faam se "baadjies gemaak" het (Murray 1974:95). Daar bestaan geen bewyse vir dié oorlewering nie. Die woorde toon ooreenkoms met 'n gedeelte van nr. 315.


## HOOFSTUK 8

### HUMORISTIESE LIEDERE

In hierdie hoofstuk is onder meer 'n paar algemeen bekende volksliedere wat as humoristies beskou word. Daar is egter ook liedere wat uitsluitlik by die bruinmense gevind word en wat waarskynlik nie as humoristiese lied ontstaan het nie, maar vir die hoorder tog as sodanig voorkom (vergelyk nrs. 366, 368 en 369).

Vroeër jare het die volkslied 'n belangrike deel van die volksmens se vermaak verteenwoordig. Daarom speel die lagwekkende 'n groot rol daarin (Grobbelaar 1982:239). Humor is trouens een van die belangrikste elemente in die volksletterkunde (volkswoordkuns) in die algemeen, ook wat byvoorbeeld vertellings betref. Vir die plattelandse bruinmense is daar steeds minder vorme van vermaak as vir die stedelinge. Dit is een van die redes waarom hulle nog volksliedere sing en waarom dit nodig is dat dié liedere vermaak. Hoewel daar nie baie liedere in hierdie hoofstuk opgeneem is nie, kom daar ook humoristiese liedere in ander kategorieë voor, byvoorbeeld by kinderliedere (vergelyk nrs. 61, 95, 95(a) en 153) en dansliedere (vergelyk nrs. 303, 321 en 327).

(362)



Daar kom 'n hoen-deraan hy het 'n rok-kie aan  
 wat sal die an-der hoen-ders sê? hy't 'n kap-pie op sy kop en sy  
 pol-lie's om-ge-dop wat sal die an-der hoen-ders sê?

Daar kom 'n hoender aan  
 hy het 'n rokkie aan  
 wat sal die ander hoenders sê?  
 hy't 'n kappie op sy kop

sy pollie is omgedop  
 wat sal die ander hoenders sê?  
 (Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

Dié lied is 'n variant van die bekende "Daar kom 'n hoender aan//hy het 'n *bloomer* aan". Die oorspronklik opgetekende weergawe is soos volg gepubliseer in *Goud in die mond* van G.G. Cillié:

Kom 'n hoene aan,  
 met 'n bloeme aan,  
 Wat sal die anne hoenes sê?  
 Jy's gedie en gedaai,  
 jy's gekoller en getaai,  
 Wat sal die anne hoenes sê?

Kom 'n hoene aan,  
 met 'n bloeme aan,  
 Wat sal die anne hoenes sê?  
 Jy's gedie en gedaai,  
 jy's gekoller en getaai,  
 Hoe sal jy jou eiertjie lê?  
 (Cillié 1969:12-13)

Die wysies van die twee liedere stem ooreen.

### (363)

Ek woon stokkie alleen  
 in 'n pondokkie wat lek as dit reën  
 vra ek vir haar  
 vra sy vir my  
 waarom dek jy hom nie  
 sê ek vir haar  
 as die son skyn dan lek hy mos nie.  
 (K. Kriel: Montagu)

### (a)

Ek en my bok bly al- leen ons bly so stek-siel al- leen

ek en my bok bly al- leen in 'n pon-dok wat lek as dit  
reën as dit reën bly ons twee al- leen as dit reën bly ons twee al-  
leen as dit reën bly ons twee al- leen in 'n  
ding wat lek as dit reën.

Ek en my bok bly alleen  
ons bly so stoksielalleen  
ek en my bok bly alleen  
in 'n pondok wat lek as dit reën.

As dit reën bly ons twee alleen  
as dit reën bly ons twee alleen  
as dit reën bly ons twee alleen  
in 'n ding wat lek as dit reën.

(P. Claassen: Garies)

By variant (a) het die sanger 'n drie-en-een-kwatrijn van die tweede strofe gemaak.

Strydom het 'n variant by die Rehoboth-Basters gevind wat soos volg lui:

Ek en my vroujie woon stoksiel alleen  
In 'n pondokkie wat lek as dit reën.  
Vra die mense waarom dek ek dit nie,  
Sê'k as die son skyn dan lek dit mos nie.  
My pa't 'n bok en 'n koei en 'n skaap.  
Daar buite op die paaltjie daar sit ook 'n aap.  
Ek en my vroujie woon stoksiel alleen  
In 'n pondokkie wat lek as dit reën.  
Vra die mense waarom dek ek dit nie,  
Sê'k as die son skyn dan lek dit mos nie.  
(Strydom 1983(b):notasievoorbeld 47)

Nr. 363 is die tweede lied wat deur mnr. Kobus Kriel gesing is, waarvan geen wysie hoegenaamd uitgemaak kan word nie (vergelyk nr. 344). Die wysies van variant (a) en die optekening van Strydom verskil heeltemal.

Die eerte vier reëls van bogenoemde lied is ook algemeen onder die blankes bekend (P.W. Grobbelaar:onderhoud).

(364)

Gis- traand toe'k gaan slaap in my ka- mer gis-  
 traand toe'k gaan lê op my kooi gis- traand toe'k gaan slaap in my  
 ka- mer toe kry ek 'n vlooi in my kooi --- vlooi vlooi o  
 vlooi vlooi wat maak jy so laat in my kooi --- vlooi vlooi o  
 vlooi vlooi wat maak jy so laat in my kooi.

Gistraand toe ek gaan slaap in my kamer  
 gistraand toe ek gaan lê op my kooi  
 gistraand toe ek gaan slaap in my kamer  
 toe kry ek 'n vlooi in my kooi  
 vlooi vlooi o vlooi vlooi  
 wat maak jy so laat in my kooi?  
 vlooi vlooi o vlooi vlooi  
 wat maak jy so laat in my kooi?  
 (K. Kriel: Montagu)




Die wysie van hierdie lied is dié van die Engelse liedjie "My Bonnie lies over the ocean". Dit is 'n lied waarop dikwels in Afrikaans parodieë gemaak word, veral op die tweede strofe, soos in hierdie geval. In die sangbundel *Songs for swinging housemothers* is die strofe as die derde opgeteken en lui soos volg:

Last night as I lay on my pillow,  
 last night as I lay on my bed,  
 Last night as I lay on my pillow,  
 I dreamed my poor Bonnie was dead.  
 Bring back, bring back,  
 oh, bring back my Bonnie to me, to me,  
 Bring back, bring back,  
 oh, bring back my Bonnie to me.  
 (Lynn 1963:176)


Die weergawe van mnr. Kriel vanaf reël vier herinner baie aan die refrein van 'n lied wat deur die bekende kunstenaars Al Debbo en Nico Carstens bekend gemaak is:

Vlooi vlooi vlooi  
 wat seek jy in my kooi?  
 vlooi vlooi vlooi  
 jy's lastig kleinde vlooi  
 vlooi vlooi vlooi  
 jy byt my bont en rooi  
 vlooi vlooi vlooi  
 wat seek jy in my kooi?  
 (Columbia 33 JSX:11059)

(365)



Klein Pie-ter van Zyl het sy pa se keil stil



stil van die rak-kie gaan haal en dit vir die pret op sy



kop-pie ge-sit en hy stap na oom Jan-nie de Waal.

Klein Pieter van Zyl  
het sy pa se keil  
stil stil van die rakkie gaan haal  
en dit vir 'n pret  
op sy koppie gesit  
en hy stap na oom Jannie de Waal  
hulle het hom sien kom  
en hou hul maar dom  
en open die deur toe hy klop  
hy vra hoe dit gaan  
met 'n vol vol mond  
voel pols kyk die tong  
en sê: U's byna gesond  
klein Bettie sy nig  
met 'n ernstige gesig  
en maak of sy niks het gewaar  
maar kyk wat 'n grap  
hy't sy koppie gekrap  
en daar val die hoed toe op die grond  
klein Bet het geskrik  
Bet lag dat sy hik  
oom Jan en sy vrou skud dit uit  
die dokter lag saam  
Pa loer deur die raam  
en kom tot die end besluit  
onder om die draai  
sit 'n papegaai  
en die papegaai het hom doodgelag  
hy't hare op sy kop  
sy voete is kaal  
Ma moet alweer 'n sjieling betaal  
is tienglienge-lieng  
dis vleismasjien  
tel haar op die hekkie dat ek haar kan sien  
agge nee my baas  
dit is so seer  
want my toon se nael het afgeskeur.  
(S. Rondganger: George)

Hierdie lied is die eerste voorbeeld van 'n lang verhalende gedig. Die oorsprong van die lied kon nie vasgestel word nie.

Die lied het die bekende volkskinderrymritme wat aangetref word in ryme soos "Klein Griet van der Poel":

Klein Griet van der Poel  
 sy sit op haar stoel  
 en eet lekker stroop en brood.  
 Maar 'n spinnekop loop  
 oor die brood en die stroop,  
 en klein Griet skrik haar ampertjies dood.  
 (Grobelaar 1976b:42)

Die reël "onder om die draai" en die volgende twee reëls is 'n fragment van 'n ou volksrym wat klaarblyklik ingelas is. P.W. Grobbelaar onthou dit uit sy kinderjare in die Wes-Vrystaat:

Onder op die draai  
 sit 'n mal papegaai  
 die ander lawwe voëls  
 het sy nek omgedraai.  
 (P.W. Grobbelaar:onderhoud)

Die twee reëls "is tienglienge-lieng//dis vleismasjien" herinner aan die verskillende "masjientjies" wat in nr. 45 voorkom.

(366)

Ma slaap al-weer van-aand by Pa son-der vra-

Ma slaap al-weer van-aand by Pa son-der vra

Pa is in die on-der-broek Ma is in die nu-we look

Ma slaap al-weer van-aand by Pa.

Ma slaap alweer vanaand by Pa sonder vra  
 Ma slaap alweer vanaand by Pa sonder vra  
 Pa is in die onderbroek  
 Ma is in die nuwe *look*  
 Ma slaap alweer vanaand by Pa.

Pa slaap alweer vanaand by Ma  
 Pa slaap alweer vanaand by Ma  
 Ma sit in die hoek  
 Pappa kan maar versoek  
 Pa slaap alweer vanaand by Ma.  
 (Groep volwassenes: Soebatsfontein)


Die "nuwe *look*" of "new look" verwys na 'n nuwe styl in kleremodes wat in 1947 in swang gekom het. Dit was 'n wegbeweeg van die stywe, manlike snit wat deur die Tweede Wêreldoorlog teweeggebring is, na meer vroulike lyne en vol rompe. Dit was gebaseer op die styl van die 1860's (Laver 1982:256). Volgens die landboutydskrifte van 1947 was dié styl ook in Suid-Afrika baie gewild (Moolman 1990:345).

In *Die volk as digter I* het Grobbelaar 'n lang lied opgeneem waarvan die laaste vyf reëls 'n variant van bogenoemde vorm:

Pa slaap vanaand weer by Ma,  
 Pa slaap vanaand weer by Ma.  
 Toe kom die predikant  
 met die Bybel in sy hand.  
 Pa slaap vanaand weer by Ma.  
 (Grobbelaar 1978:10)

Dit was interessant om die informante waar te neem terwyl hulle hierdie lied gesing het. Hulle het geen tekens van geamuseerdheid getoon nie en dit het voorgekom asof hulle 'n ernstige lied sing. Dit is waarom die vermoede ontstaan dat dit nie as 'n humoristiese lied bedoel is nie, hoewel dit vir die hoorder so voorkom.


(367)




My man kom laat my man kom laat my man kom so laat by die




huis en toe hy by- die voor-deur in-kom en'n




vreem-de hoed sien hy vrou vrou vrou vrou  
vrou vrou vrou vrou



wie- se hoed is dit daar-die dit is nie 'n




wie- se skoene is dit daar-die dit is nie skoene




hoed dis 'n blom-pot wat my mam-ma ge-stuur het ek

nie dis 'n as-bak wat my mam-ma ge-stuur het ek




het ge-reis en ek het ge-reis vir 'n jaar of tien maar 'n

het ge-reis en ek het ge-reis vir 'n jaar of tien maar 'n




blom-pot ja met 'n sweet-kand daar-om die het ek nog nooit-ge-


as-bak ja met ve-ters daar-om die het ek nog nooit-ge-




sien sien vrou vrou vrou vrou daar-die ma-nier van jou ek




het die wê-reld so deur-ge-reis dit is vir 'n jaar of tien




vrou vrou vrou vrou wie- se broek is dit daar-die dit



is nie 'n broek dis 'n meel-sak wat my mam-ma ge-stuur het




vrou vrou vrou vrou o daar-die ma-nier van jou ek




het die wê-reld so deur-ge-reis vir- n jaar of




tien maar 'n meel-sak ja met py-pe daar-aan die het ek nog nooit ge-




sien nie vrou vrou vrou o daar-die ma-nter van jou




vrou vrou vrou vrouwen wat- ter man is dit nou daar-die dit




is nie 'n man dis n kit-chen-boy wat Mam-ma ge-



stuur het ek het ge-reis en ek het ge-reis vir n jaar of



tien maar 'n kit-chen-boy met 'n bloed-rooi snor die het ek nog nooit ge-



sien nie.

My man kom laat my man kom laat  
 my man kom so laat by die huis  
 en toe hy by die voordeur inkom  
 en 'n vreemde hoed sien hy  
 vrou vrou vrou vrou  
 wie se hoed is dit daardie  
 dit is nie 'n hoed



dis 'n blompot wat my mamma gestuur het  
 ek het gereis en ek het gereis  
 vir 'n jaar of tien  
 maar 'n blompot ja met 'n sweetband daarom  
 die het ek nog nooit nie gesien  
 vrou vrou vrou vrou  
 en wie se skoene is dit nou daardie  
 dit is nie skoene nie  
 dis 'n asbak wat my mamma gestuur het  
 ek het gereis en ek het gereis  
 vir 'n jaar of tien  
 maar 'n asbak ja met veters daarin  
 die het ek nog nooit nie gesien  
 vrou vrou vrou vrou  
 daardie manier van jou  
 ek het die wêreld so gereis  
 dit is vir 'n jaar of tien  
 vrou vrou vrou vrou  
 wie se broek is dit daardie  
 dit is nie 'n broek  
 dis 'n meelsak wat my mamma gestuur het  
 vrou vrou vrou vrou  
 o daardie manier van jou  
 ek het die wêreld deurgereis  
 vir 'n jaar of tien  
 maar 'n meelsak ja met pype daaraan  
 die het ek nog nooit nie gesien  
 vrou vrou vrou vrou  
 o daardie manier van jou  
 vrou vrou vrou vrou  
 en watter man is dit nou daardie  
 dit is nie 'n man  
 dit is 'n *kitchen-boy* wat Mamma gestuur het  
 ek het gereis en ek het gereis  
 vir 'n jaar of tien  
 maar 'n *kitchen-boy* met 'n bloedrooi snor  
 die het ek nog nooit nie gesien.  
 (A. Ferus: Ladismith)

Bostaande is 'n bekende verhalende lied wat ook in ander tale, byvoorbeeld Duits, Nederlands en Engels, voorkom (Grobelaar 1987:139). Die weergawe wat Grobelaar in die Transvaal opgeteken het, is heelwat langer as bostaande met meer "vreemde elemente" wat die man vind



as hy by die huis kom (Grobbelaar 1987:139-143). Dieselfde geld vir 'n optekening van S.J. du Toit, wat 'n Nederlandse sowel as 'n Afrikaanse weergawe gee (1924:267-270).

In die lied wat mnr. Ferus sing, is daar vier dinge wat die man aantref as hy by die huis kom, naamlik 'n hoed, skoene, 'n broek en 'n man. Die weergawes van Grobbelaar en Du Toit stem grootliks ooreen, en by albei word die volgende elemente aangetref: perd, saal, pyp, jas, hoed, skoene, broek en man (Grobbelaar 1987:139-143; Du Toit 1924:267-270).

'n Baie korter variant wat eintlik net 'n fragment van die oorspronklike is, is by die Rehoboth-Basters gevind.

Een aand toe kom my man so laat.  
 Hy kom aspris so laat,  
 En hy vra my: Wie se man lê daar?  
 Wie se man lê daar op die vloer?  
 Wie se man lê daar?  
 Wie se man lê daar?  
 Wie se man lê daar op die vloer?  
 My man, my man, my liewe man,  
 Dis 'n waspop wat my ma my gegee het.  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 107)

Die wysies van die verskillende weergawes is nie dieselfde nie.

(368)

So na-der na die huis so lek-ker ruik die vleis na  
 li-ber-stein so na-der na die huis so  
 lek-ker ruik die vleis na li-ber-stein sê maar vir jou  
 ma en pa sê maar vir jou ma en pa so

na-der na die huis so lek-ker ruik die vleis na

Li-ber-stein.

So nader na die huis  
 so lekker ruik die vleis  
 na Lieberstein  
 so nader na die huis  
 so lekker ruik die vleis  
 na Lieberstein  
 sê maar vir jou ma en pa  
 sê maar vir jou ma en pa  
 so nader na die huis  
 so lekker ruik die vleis  
 na Lieberstein.

'n Kindjie is gebore  
 ek ken hom aan die ore  
 dis nie myne nie  
 'n kindjie is gebore  
 ek ken hom aan die ore  
 dis nie myne nie  
 sê maar vir jou ma en pa  
 sê maar vir jou ma en pa  
 so nader na die huis  
 so lekker ruik die vleis  
 na Lieberstein.

(Groep volwassenes: Quado, De Doorns)

By die wysie van hierdie lied word die verskynsel aangetref dat die tweede reël dieselfde melodielyn as die eerste handhaaf, maar 'n heeltoon hoër. Daar is reeds in hoofstuk 2 daarna verwys as 'n algemene verskynsel by die volkslied.

Die humor in die teks spreek uit die verwysing na die sanger se liefde vir Lieberstein, 'n gewilde soort witwyn, en in die tweede strofe uit die moontlike verwarring oor die vaderskap van die kind. Nog 'n verwysing na die handelsnaam vir 'n wynsoort, kom voor by nr. 153.

(369)

Toe ek in my mam-ma se huis ge-bly het toe dra ek 'n  
skoen van tien pond tien maar nou kyk hoe lyk ek die so-le loop my  
na wat traak dit vir jou wat traak dit vir my ek stap soos 'n gen-tle-  
man.

Toe ek in my mamma se huis gebly het  
toe dra ek 'n skoen van tien pond tien  
maar nou kyk hoe lyk ek  
die sole loop my na  
wat traak dit vir jou  
wat traak dit vir my  
ek stap soos 'n *gentleman*.

Toe ek in my mamma se huis gebly het  
toe kam ek my kop met 'n kam van tien pond tien  
maar nou kyk hoe lyk ek  
die luise loop my na  
wat traak dit vir jou  
wat traak dit vir my  
ek stap soos 'n *gentleman*.

Toe ek in my mamma se huis gebly het  
toe ry ek met 'n kar van tien pond tien  
maar nou kyk hoe lyk ek  
die donkies loop my na  
wat traak dit vir jou  
wat traak dit vir my

ek stap soos 'n *gentleman*.

(T. Smith: Springs)

'n Variant van die lied is deur A.M. Cloete by 'n aantal Griekwvroue van Krantzhoek opgeteken:

Talihi! Talihi for you

talihi, talihi for you

talihi, talihi for you

talihi my sweetheart is gone.

Toe ek in my mamma se huis gebly het,

toe dra ek skoene van een pond tien.

Mamma kyk hoe lyk ek, kyk hoe lyk ek

kyk hoe lyk ek, kyk hoe lyk ek

Mamma kyk hoe lyk ek, kyk hoe lyk ek

die flenters loop my na!

Aag wat traak dit jou wat traak dit my

ek stap soos 'n "gentleman"

Mamma kyk hoe lyk ek, kyk hoe lyk ek,

kyk hoe lyk ek, kyk hoe lyk ek

Mamma kyk hoe lyk ek, kyk hoe lyk ek,

die flenters loop my na!

(Cloete 1986:276)

Die weergawe van Cloete het 'n interessante Engelse inleiding wat glad nie by die eerste optekening voorkom nie. Daar is geen ooreenkoms in die wysies nie.


## HOOFSTUK 9

## SPOTLIEDERE

Soos humoristiese liedere, dra spotliedere ook by tot die vermaaklikheidsfunksie van die volkslied. Dit is egter nie net deur middel van die volkslied dat die spot gedryf word met die medemens nie, maar dit maak deel uit van talle ander aspekte van die volkskultuur en veral die volkswoordkuns, soos bynaamgewing, uitdrukkings en gesegdes en tergrypies. Volgens J. Cornelissen, navorser van Nederlandse volks humor, is die neiging om te spot en terg baie oud. Hy beweer dat dit onder andere ontstaan uit naywer en afguns. Die mens benut enige moontlike gebeurtenis wat tot spot aanleiding kan gee, verdraai, vergroot en verkondig dit (Cornelissen g.d.:VII-X).

Die liedere in hierdie hoofstuk verskil van die humoristiese liedere deurdat hulle spesifiek daarop gemik is om met 'n persoon of 'n groep die spot te dryf.

(370)




Daar kom Jan Ba-lie aan hy het sy vrou se tja-lie aan.  
scoe-ne

Daar kom Jan Balie aan  
hy het sy vrou se tjalie aan.


Daar kom Jan Balie aan  
hy het sy vrou se skoene aan.

Daar kom Jan Balie aan  
hy het sy vrou se baadjie aan.  
(J. McClaren: Calitzdorp)

(a)



Daar kom ou Ke-tel-tjies aan sy het haar ny-lon skoen-tjies aan sy



stap ook op die pad na die bran-de-wyn vat.

Daar kom ou Keteltjie aan  
 sy het haar nylonskoentjies aan  
 sy stap ook op die pad na die brandewynvat.  
 (P. le Grange: George)

"Jan Balie" is 'n Afrikaanse spotrympie wat in baie vorme voorkom. Du Toit het dit by sy afdeling vir kinderryme as 'n knieruiterliedjie ingesluit. Met laasgenoemde verwys hy na die gebruik dat die vader die kind op sy knie laat "perdry". Die volgende variant stem baie ooreen met nr. 370:

Taliet, daar kom Jan Balie aan!  
 Hy het sy vrou se tjalie aan.  
 (Du Toit 1924:13)


Nog een van die variante wat hy opgeteken het, lui soos volg:

Daar kom ou Jan Balie om die draai,  
 Hy het sy vrou se tjalie om;  
 Hy lag so, gie! Hy lag so, ga!  
 Hy lag so, gie, ga, ga!  
 (Du Toit 1924:13)


Du Toit noem die groep "Jan Balie"-variante eg Afrikaanse knieruiterliedjies, hoewel dit oorspronklik waarskynlik nie vir dié doel gebruik is nie (1924:13).

Du Toit gee nie 'n wysie aan nie, en die wysies van bostaande twee variante is heeltemal verskillend.

(371)



O my mam-ma het 'n Boes-man-meid met hieren daar 'n haar



toe ek na haar ha-re kyk toe word ek som-mer naar toe

loop ek na die kêmmis en koop 'n ha-re-kam toe ek haar  
 ha-re kam toe word my be-nelam o sê my waar bly jy  
 o sê my waar bly jy van-aand kan jou ring-e en jou  
 bors-spel-de kry o sê my waar bly' jy o sê my waar bly jy  
 van-aand kan jou ring-e en jou bors-spel-de kry.

O my mamma het 'n Boesmanmeid

met hier en daar 'n haar

toe ek na haar hare kyk

toe word ek sommer naar

ek gaan na die kêmmis

ek koop 'n harekam

toe ek haar hare kam

toe word my bene lam

o sê my waar bly jy

o sê my waar bly jy

vanaand kan jou ringe

en jou borsspelde kry

o sê my waar bly jy

o sê my waar bly jy

vanaand kan jou ringe

en jou borsspelde kry.

(Groep volwassenes: Quado, De Doorns)

Daar is geen variant van dié lied gevind nie. Die woord "Boesmanmeid" kom egter ook voor in nr. 156. Die woord "kêmmis" in bostaande lied verwys na die Engelse "chemist".



(372)

Oom Koe-rat kom by die ar-my oom  
 Ting-e-ling was al daar oom Koe-rat speel op die bont ki-taar oom  
 Ting-e-ling word som-mer naar.

Oom Koerat kom by die *army*  
 oom Tingeling was al daar  
 oom Koerat speel op die bont kitaar  
 oom Tingeling word somer naar.  
 (J. McClaren: Calitzdorp)

Volgens die informant verwys die "army" na die Heilsleër en was oom Koerat en oom Tingeling twee mans wat werklik bestaan en met wie die bruinmense die spot gedryf het.

(373)

O tol-lie y-we tol-lie y-we tol-lie y-we  
 o tol-lie y-we mō-re gaan ons skui-we.

O tollie ywe tollie ywe tollie ywe  
 o tollie ywe  
 mōre gaan ons skuiwe.

O kollie rape kollie rape kollie rape

o kollie rape  
die boere lyk nes ape.

O volstruise volstruise volstruise  
o volstruise  
die Hotnots is vol luisse.  
(J. McClaren: Calitzdorp)

Volgens die informant het die bruin en wit kinders mekaar oor en weer gekoggel of geterg met hierdie lied. "Ywe" is 'n vervorming van "uiwe", wat weer 'n ou vorm van "uie" is (vergelyk nr. 298). "Skuuwe" is 'n dansvorm.

(374)

Ou tan-te ko-ba sy is so dom sy roer haar kof-fie met haar

groot-toon om tie-rie-rie-rie-rie-rie-rie ram-pam-pa

tie-rie-rie-rie-rie-rie-rie ram-pam-pa.

Ou tante Koba sy is so dom  
sy roer haar koffie met haar groottoon om  
tie-rie-rie-rie-rie-ram-pam-pa  
tie-rie-rie-rie-rie-ram-pam-pa.

Ou tante Koba maak ope die deur  
haar ouma se rok sit vas in die skeur  
tie-rie-rie-rie-rie-ram-pam-pa  
tie-rie-rie-rie-rie-ram-pam-pa.

Ou tante Koba is 'n kwaai ou vrou  
sy lyk net soos 'n ou makou  
tie-rie-rie-rie-rie-ram-pam-pa  
tie-rie-rie-rie-rie-ram-pam-pa.

Ou tant Koba is 'n lelike ou sel  
 hare op haar kop nes 'n rooi beesvel  
 la-la-la-la-la-la-la-la  
 la-la-la-la-la-la-la-la.

Ou tante Koba is 'n kwaai ou wyf  
 haar ou man het 'n bokramkuif  
 la-la-la-la-la-la-la-la  
 la-la-la-la-la-la-la-la.

Ou tante Koba sy sit op die trap  
 sy speel konsertina dat haar neusgate klap  
 la-la-la-la-la-la-la-la  
 la-la-la-la-la-la-la-la.

Ek steek my sak vol mielieblare  
 en ek dans met die tannie met die vaal hare  
 la-la-la-la-la-la-la-la  
 la-la-la-la-la-la-la-la.  
 (W. van Niekerk: Pacaltsdorp)

(a)

Ou tan-te Ko-ba sy sit op die trap sy  
 speel kon-ser-ti-na dat haarneus-gate klap ou oom kod hy  
 gaan na die Jood 'n tie-kie se sui-ker en 'n  
 trip-pens se brood was my sak vol tee-le-pels ek  
 dans met die tan-nie met die lang te-pels..

Ou tant Koba sy sit op die trap  
sy speel konsertina dat haar neusgate klap.

Ou oom Kool hy gaan na die Jood  
'n tiekie se suiker en 'n trippens se brood.

Was my sak vol teelepels  
ek dans met die tannie met die lang tepels.  
(A. Ferus: Ladismith)

(b)

Ou tante Kowa se rietskraal lyf,  
Haar ouman het 'n bokramkuif.  
(Murray 1974:2)

"Ou tante Koba" is sekerlik een van die bekendste spotliedere in Afrikaans. S.J. du Toit het 'n paar variante daarvan opgeteken. Die enigste reëls wat egter ooreenstem met bogenoemde variante, is "Ou tante Kowa is so dom//sy roer haar koffie met haar groottoon om" (Du Toit 1924:188). In die *FAK-sangbundel* is die volgende twee strofes opgeneem:

Ou tante Koba, sy was so dom,  
sy roer haar koffie met haar groottoon om.

Ou tante Koba, maak oop die deur;  
jou man se broek sit vas in die skeur.

Tie-rie-rie-ra, die-rie ram-pam-pa!  
Tie-rie-rie-ra, die-rie ram-pam-pa!  
(*FAK-sangbundel* 1979:416)

Die twee strofes en die refrein stem dus albei min of meer ooreen met twee van die strofes van mnr. Van Niekerk. Strofes vyf en ses van sy weergawe is ook baie bekend. Variant (b) stem ooreen met strofes vyf van nr. 374. Murray skryf in *Witwater se mense* dat die kinders wat die woorde gesing het, dit uitgekraai het van die lag, want hulle het die ouderling en sy vrou "wat annerkant die Fontein woon" in gedagte gehad met hulle spottery (1974:2).

Die woord "sel" in strofe vier van nr. 374, is 'n vervorming van "siel" ter wille van die rym met "-vel".

Nr. 374 en 374(a) kombineer albei "Ou tante Koba" met die aanlasliedjie "Ek steek my sak vol ...", wat heeltemal 'n afsonderlike lied is (vergelyk Grobbelaar 1987:112).

Volgens oorlewering het die verhaal van "Ou tante Koba" ná die Groot Trek in verre Noord-Transvaal ontstaan. Ou tante Koba was 'n weduwee wat haar oog op 'n ryk wewenaar, oom Hennie, gehad het. Hy het egter glad nie in haar belang gestel nie, en die enigste vryer wat by haar opdaag, was die armsalige ou Rothman. 'n Grapmaker het 'n rympie oor die episode gemaak, waarin die verhaal oorspronklik vertel is, maar met die jare is die woorde fietlik totaal deur nuwes verdring. Dis sekerlik ook een van die liedere waarvan die meeste ongure variante in die volksmond in omloop is (Grobelaar 1988:157). Die wysies van al die weergawes is dieselfde.

(375)

Pop-pie dun pop-pie dik pop-pie pad-da in-ge-sluk toe word sy  
naar op die hon-de-ba-saar.

Poppie dun poppie dik  
poppie padda ingesluk  
toe word sy naar  
op die hondebasaar.  
(J. McClaren: Calitzdorp)

op die hondesaar

Volgens mnr. McClaren is die liedjie gesing vir 'n ongetroude vrou wat 'n baba verwag. 'n Variant is as 'n touspringrym by 'n kindergroep gevind (vergelyk nr. 96). Die wysie stem grotendeels ooreen met die bekende Afrikaanse volkslied "Hier's ek weer" (NRVV 1962:98).

(376)

Som-mer-so en jy is som-mer-so jy's nes die ou Ka-roo  
jy's som-mer-so sê vir my waar het hul-le




jou ge-kry nou ja vir my bly jy net som-mer-so




som-mer-so en jy is som-mer-so jy's nes die vaal Ka-roo




jy's som-mer-so sê vir my waar het hul-le



jou ge-kry nou ja vir my bly jy net som-mer-so




jy's nes 'n ou bob-be-jaan wat op sy kop pro-beer



staan jy is ge-pla met die maan tog loop ons die paad-jie saam



som-mer-so en jy is som-mer-so jy's nes die ou Ka-roo



jy's som-mer-so jy's nes n ou bob-be-



jaan wat op jou kop pro-beer staan jy's ge-pla met die maan



tog loop ons die paad-jie saam som-mer-so en jy is

som-mer-so jy's nes die ou Ka-roo jy's som-mer-so

som-mer-so en jy is som-mer-so jy's nes die vaal Ka-roo

jy's som-mer-so sê vir my waar het hul-le

jou ge-kry nou ja vir my bly jy net som-mer-so vir

my bly jy net som-mer-so.

Sommersoe en jy is sommersoe  
 jy het die ou Karoe  
 jy's sommersoe  
 sê vir my waar het hulle jou gekry  
 nou ja vir my bly jy net sommersoe  
 jy's nes 'n ou bobbejaan  
 wat op jou kop probeer staan  
 jy's gepla met die maan  
 tog loop ons die paadjie saam  
 sommersoe en jy is sommersoe  
 jy het die ou Karoe  
 jy's sommersoe.  
 (E. Biancie: Montagu)

Die informant het hier met 'n sterk Bolandse uitspraak gesing deur die "o"-klank as "oe" uit te spreek. In die ander liedere wat dieselfde informant gesing het, was die uitspraak nie opvallend nie. Die informant het homself op die kitaar begelei, en daar is dele waar hy vir 'n hele paar mate 'n tussenspel speel, wat nie in die transkripsie aangedui word nie. Die lied is klaarblyklik as spot- of skimplied bedoel.



## HOOFSTUK 10

### DRINK- EN DAGGALIEDERE EN DOPRYME

Dit is nie noodwendig dat alle liedere wat oor sterk drank handel drinkliedere is, of dat alle ryme oor dagga deur daggarokers gesê is nie. Dit is egter moeilik om te bepaal, aangesien informante bang is dat hulle deur die sing van so 'n lied te kenne kan gee dat hulle drinkers of daggarokers is. Die twaalf liedere en ryme in hierdie hoofstuk lyk egter asof dit egte drink- en daggaliedere en dopryme kan wees.

Daggaryme word gewoonlik deur bruinmense saamgeflans en opgesê terwyl hulle dagga rook en reeds die uitwerking daarvan begin voel. Dit bestaan meestal uit onsamehangende sinne, brokstukke van vertellings of raaisels en soms ou woorde en uitdrukkings. Direkte lof aan dagga of die daggapyp kom egter selde voor (*WAT Deel 2 1974:14*). Die daggapyp kan enige soort pyp wees waarmee dagga gerook word, veral die horingpyp. Tradisioneel het daggarokers, veral die Khoi en San, 'n pyp in die grond gemaak (*WAT Deel 2 1974:14*).

Dopryme is tradisioneel opgesê wanneer plaaswerkers hulle uitvaldop (kwota wyn wat ná die dag se werk uitgedeel is) ontvang het.

Daar bestaan 'n verwantskap tussen dop-, dagga- en dryfryme (vir osse), wat eintlik 'n tipe arbeidsrym is. Hier is byvoorbeeld eers 'n daggarym:

Haaits! hasie met die doekvoet  
 Dassie met die strykstervoet  
 Ek kom in Stellenbosch  
 Daar gee hulle my 'n bord kos  
 Ek kom in die Kaap  
 Daar ja hulle my met die aap  
 Ek kom in die Baai  
 O magtag pas op vir die haai!

So klink dit as dryfrym, waarvan slegs die eerste ses reëls aangehaal word:

Ek kom van die land van Alkoebaai  
 Daar braai hulle karringmelk op die rooster  
 Ek kom in die Kaap  
 Daar slaat hulle my met 'n aap  
 Ek kom in Oudtshoorn  
 Daar gee hulle my met 'n beeshoring [...]  
 (Grobelaar 1982:250)

## (a) Drink- en daggaliedere

(377)

Bier bier heer-li-ke bier drink vandie heer-li-ke bier--

drink dat jy bars klein biet-jie vat drink van die heer-li-ke bier.

Bier bier heerlike bier  
 drink van die heerlike bier  
 drink laat jy bars  
 klein bietjie vat  
 drink van die heerlike bier  
 prane en siedie is te duur  
 drink van die heerlike bier  
 bier bier heerlike bier  
 drink van die heerlike bier.

(Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Dit is die enigste lied oor bier wat gevind is, hoewel daar aan die einde van die hoofstuk ook twee dopryme is wat met bierdrinkery gepaardgegaan het (vergelyk nrs. 383 en 388). Die woord "bier" kom egter nie daarin voor nie. Die woord "prane" in reël ses kon nie verklaar word nie. "Siedie" verwys moontlik na "cider".

Die bekende Kapenaar Willem Versfeld, wat van die einde van die 19de eeu tot die dertigerjare van die 20ste eeu talle liedere uit Engels verwerk het, was verantwoordelik vir 'n Afrikaanse verwerking van die Engelse lied "Beer beer" waarvan die refrein só begin:

Bier, bier, heerlijke bier;  
 Maak jousef vol op tot hier.  
 Daar's veel in de bottel, daar's veel in de vat,  
 En de prijs is toch nie alte duur.  
 (Ons Erfenis:Versfeld-legger)

Die fotostatiese afdruk in Grobbelaar se besit (dit is 'n fotostaat van 'n handgeskrewe stuk in Versveld se eie handskrif), is gedateer 18/8/1912. Versveld se vertaalde liedere is dikwels op

plaat opgeneem en 'n groot groep het volksliedere geword (byvoorbeeld "Waar het jy daardie hoed gekry?") (SABW III 1977:841).

(378)

Bran-de-wyn laat my staan bran-de-wynlaat my staan

bran-de-wyn laat my staan ek moet nou huis toe gaan.

Brandewyn laat my staan  
 brandewyn laat my staan  
 brandewyn laat my staan  
 ek moet nou huis toe gaan.

Ek is my ma se enigste kind  
 ek is my ma se enigste kind  
 ek is my ma se enigste kind  
 laat my nou huis toe gaan.  
 (M. Hendrikse: Clanwilliam)

Dié lied is een van die bekendstes in Afrikaans. Die lied verskyn in die volgende vorm op 'n plaat, gesing deur Danie Pretorius:

O brandewyn laat my staan  
 o brandewyn laat my staan  
 o brandewyn laat my staan  
 ek wil nou huis toe gaan.

Ek is vanaand vol probleme  
 ek is nou huis toe op pad  
 maar ek sien hier is twee paie  
 en watter een moet ek nou vat?

O brandewyn laat my staan  
 o brandewyn laat my staan  
 o brandewyn laat my staan  
 ek wil nou huis toe gaan.

Hier is 'n boom wat hier rondloop  
 kom staan altyd reg in my pad  
 net soos ek opstaan en aanstryk  
 kom staan daardie boom in my pad.  
 (Plaat:Perel PLS 7095).

Dié plaatopname is ongetwyfeld 'n uitbreiding van die oorspronklike volksliedjie.

Die wysies van die twee weergawes stem ooreen.

S.J. du Toit het die volgende weergawe by Petrusburg opgeteken:

O, brandewyn laat my staan!  
 O, brandewyn laat my staan!  
 O, brandewyn laat my staan!  
 Dat ek na my huis kan gaan.  
 (Du Toit 1924:181)

(379)

*skerumba*

Ek wor-ry my nooit ske-rum-ba ek wor-ry my nooit ske-  
 rum-ba en ek wor-ry my nooit ske-rum-ba ske-  
 rum-ba ske-rum-ba.

Ek worry my nooit skerumba  
 ek worry my nooit skerumba  
 ek worry my nooit skerumba  
 skerumba skerumba.

En ek koop 'n kan skerumba  
 en ek koop 'n kan skerumba  
 en ek koop 'n kan skerumba  
 skerumba skerumba.


En ek drink hom uit skerumba  
 en ek drink hom uit skerumba  
 en ek drink hom uit skerumba  
 skerumba skerumba.

En ek *worry* my nooit skerumba  
 en ek *worry* my nooit skerumba  
 en ek *worry* my nooit skerumba  
 skerumba skerumba.

(Groep volwassenes: Rietkuil, Swellendam)

Hierdie lied is 'n drinklied in kwatrynvorm, soos ook die vorige een, nr. 378. Die woord "skerumba" kon nie verklaar word nie.

(380)



Haas-ti-ge bok-kie bring die wyn haas-ti-ge bok-kie bring die  
 wyn jy het by my in my dro-me ge-bly  
 haas-ti-ge bok-kie bring die wyn..

Haastige bokkie bring die wyn  
 haastige bokkie bring die wyn  
 jy het by my in my drome gebly  
 haastige bokkie bring die wyn.

Haastige bokkie bring die wyn  
 Uitroep: O moenie huil nie!  
 haastige bokkie bring die wyn

jy het by my in my drome gebly  
 haastige bokkie bring die wyn.  
 (M. Onverwag: Swellendam)

By die herhaling van die strofe het die sanger 'n verandering in voordrag aangebring deur die reël "o moenie huil nie" tussen die eerste twee reëls in die vorm van 'n uitroep in te voeg. Dit herinner aan die gelykluidende reël in "Bobbejaan klim die berg" (vergelyk nr.339).

(381)

My pap-pa was 'n drin-ker en 'n drin-ker so ben ek my  
 pap-pa drink die bot-tels maar die kan-ne die drink ek.

My pappa was 'n drinker  
 en 'n drinker so ben ek  
 my pappa drink die bottels  
 maar die kanne die drink ek  
 My pappa was 'n houtsoeker  
 en 'n houtsoeker so ben ek  
 my pappa kap die bosse  
 en die stompe die kap ek  
 my pappa was 'n roeker  
 en 'n roeker so ben ek  
 my pappa roek die entjies  
 en die dagga die roek ek.  
 (S. Siebrits: Zoar)

Hierdie lied is een waar dit moeilik is om te bepaal of dit werklik 'n drinklied is. Die elemente van drink en daggaroo kom na vore. Die uitspraak van die woord "roeker" in die derde laaste reël verwys spesifiek na 'n daggaroker. Dit kan ook "rooker" gespel word (vergelyk nr. 59).

Die opset van die lied, naamlik "My pappa was 'n ...", herinner aan die Dopperlied, "My vader was 'n Dopper" (vergelyk nr. 343). Daar is egter geen ooreenkoms in die wysies nie.



(382)



Waar kan ons nou dag-ga kry? waar kan ons nou  
 dag-ga kry? die son kom op in die Zee-loe-land en die  
 dag-ga-land die slaan aan die brand.

Waar kan ons nou dagga kry?  
 waar kan ons nou dagga kry?  
 die son kom op in die Zululand  
 en die daggaland die slaan aan die brand.  
 (Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Daar is geen variant van die lied gevind nie, maar die laaste reël kom wel voor in een van die kettingliedere, "Die daggaland is aan die brand" (vergelyk nr. 123).

**(b) Dopryme**

(383)

Ait! Hasie loop 'n stywe galop  
 Daarom ja die honne hom op!  
 (Murray 1974:125)

Murray vertel hoe die bruin gemeenskap van Witwater in die Sederberge op Oujaarsaand fees gevier het. Hulle drink bier (waarskynlik heuningbier) en dans die "hotnosriel" en saam met die bierdrinkery is dié versie opgesê.

(384)

Ek is Klaartjie Sas!  
 ek slaan al die meisies se hand in die as.

Ek is Tollie Dis  
 ek weet waar die lekkerte is.



Lank en skraal soos 'n telefoonpaal  
kort en dik soos 'n petrolblik.

Skilpadkransie  
moenie so binneboud dans nie.

Gesondheid in die blomtyd  
steek jou vinger in jou kies  
krap die pruiimpie na jou lies.  
(B. van Wyk: Fraserburg)

Dié rympies is gesê wanneer plaaswerkers hulle dop gekry het. Daarmee saam is die askoek geslaan ('n tipe rieldans).

Die derde strofe kan vergelyk word met die danslied "Rond en dik soos 'n bitterblom" (vergelyk nr. 319) en strofe vier toon ook ooreenstemming met twee dansliedere (vergelyk nrs. 274 en 321).

Die eerste reël van die laaste strofe herinner aan die bekende heildronk: "Gesondheid in die rondheid//mooi meisies in die blomtyd".

### (385)

Hier en daar soos 'n doringblaar!  
Glip en gly soos padda innie vlei,  
Waar hy gly daar is ek by.  
(Murray 1974:40)

Dié rympie is deur 'n paar dopstekers gesê nadat hulle die wyn in 'n beker geskink het, maar voordat hulle om die beurt daaruit drink. Die eerste een het 'n sluk gevat ná "doringblaar" en die volgende ná "is ek by" (Murray 1974:40).

Grobbelaar het 'n strofe opgeteken wat gedeeltelik ooreenstem:

Jou hier jou daar jou doringblaar  
dis vaalhoed se baas  
vaalhoed se baas  
vaalhoed se baas.  
(Grobbelaar 1987:207)

Die eerste reël word ook gevind in 'n lied wat deur Du Plessis by die Maleiers opgeteken is, en waarvan die eerste vier reëls aangehaal word:

Hier en daar 'n doringblaar,  
Wat maak jy my hart so naar?

My mamma het gesê jy kan vir my kry  
 As jy die vosseperd kan ry.  
 (Du Plessis 1935:109)

**(386)**

Koos,  
 Waarom is jy so goddeloos?  
 Span vier in  
 En in die trek  
 Skiet hy een met die rek!  
 (Murray 1974:40)

Die jong dogter wat die hoofkarakter in Murray se verhaal is, vertel hoe hulle gesin dorp toe gegaan het vir Kersfees en Nuwejaar. Sy het haar verwonder aan die mans se manewales wat met hulle drinkery gepaardgegaan het en die rympies wat daarmee saam opgesê is (Murray 1974:37-41). Nrs. 385, 386 en 387 is voorbeelde daarvan.

**(387)**

Samghoes, samghang  
 Geelwater wegblaas  
 Noggedop wegjaag!  
 (Murray 1974:41)

Die oorsprong of betekenis van "samghoes, samghang" is nie bekend nie. "Geelwater" verwys moontlik na soetwyn.

**(388)**

Strykvoet soos 'n das  
 Lapvoet soos 'n haas!  
 (Murray 1974:110)

Dié rympie wat by 'n bierdrinkery gesê is, herinner aan 'n lied wat by Du Toit voorkom en wat hy 'n "gallop" uit die Vrystaat noem. 'n Galop is 'n dans wat in die 19de eeu baie gewild was (Burden 1985:84).

Strykystervoet soos dassie,  
 Deurskyn oor soos hassie,  
 Rooi oog soos lewer,  
 Bakstert soos meerkat.  
 (Du Toit 1924:175)

(389)

Tina van tant Lakkie  
staan op die hoek van die straat  
staan staan is 'n lekker staan  
die poliesman knip haar draad  
so laat op straat  
(B. van Wyk: Fraserburg)

Die bruinmense het hierdie rymple opgesê wanneer hulle 'n dop gekry het.

## HOOFSTUK 11


## OORLOGSLIEDERE

Historiese gebeure vind dikwels weerklank in 'n volk se liedereskat. 'n Mens sou dus verwag om ook oorlogsliedere by elke volk aan te tref. Grobbelaar wys op die groot versameling oorlogsliedere en -ryme in Afrikaans, waarvan die oudste waarskynlik die "Lied van die Swellendamse helde" is. Dit handel oor die eerste Britse oorname van die Kaap in 1795 (Grobbelaar 1982:237). Die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880-1881 sowel as die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het albei groot getalle ryme en liedere opgelewer. Daarteenoor is daar baie min liedere wat uit die tyd van die Eerste en Tweede Wêreldoorlog dateer. Die volk was nie heelhartig daarby betrokke nie en sterk verdeeld oor Suid-Afrika se deelname (Grobbelaar 1982:237-239).

Vier van die vyf liedere in hierdie hoofstuk is waarskynlik uit die tyd van die Eerste of Tweede Wêreldoorlog afkomstig.

(390)

Daar kom kont An-na aan sy het haar man laat staan om n  
 ar-my jong te jol hou vas kok-kle hou vas my hier  
 hou haar tot die die-ner kom hier kom ou  
 An-na aan sy het haar plan laat staan om'n an-der man te  
 trou hou vas my nou hou vas my nou



- oor - dat jy my sal trou.

Daar kom tant Anna aan  
 sy het haar man laat staan  
 om 'n *army*-jong te jol  
 hou vas bokkie hou vas my hier  
 hou haar tot die diener kom.


Hier kom ou Anna aan  
 sy het haar plan laat staan  
 om 'n ander man te trou  
 hou vas my nou hou vas my nou  
 oordat jy my sal trou.

(H. Korkee: Krakeel)


Mnr. Korkee het verduidelik dat die liedjie tydens die Tweede Wêreldoorlog gesing is. Dit gaan hier nie om gebeure aan die oorlogsfront nie, maar wel tuis.

Die woord "diener" verwys na 'n lid van die Polisiemag (vergelyk nr. 154).

(391)



Die ka- non is op die kop en die dlop-pie is daar-op die



Rooi-es val- daar- oor met die bur-gers op hul spoor so






staan ons na die kant van die Vry- staat se rand.

Die kanon is op die kop  
 en die doppie is daarop  
 die Rooies val daar oor

met die burgers op hul spoor  
 so staan ons na die kant  
 van die Vrystaat se rand.  
 (Grobbeelaar 1987:265)

Dié liedjie het Grobbeelaar by mev. Martiene Dodds van Stellenbosch gekry wat dit in die vyftigerjare by 'n ou bruinman op Plettenbergbaai gehoor het (Grobbeelaar g.d.b:265). Die lied het verband met die lied "Jan Brand is president" (die ooreenkoms is veral in die melodie), wat handel oor die botsings tussen die Vrystaters en die Basoeto's in die vyftiger- en sestigerjare van die 19de eeu. Daar is ook variante teëgekome waar die woorde aangepas is om op ander gewapende botsings van toepassing gemaak te word, byvoorbeeld die sogenaamde Transvaalse Burgeroorlog (Grobbeelaar 1987:64, 265). Uit die woorde blyk dit dat die lied hierdie geval met die Anglo-Boereoorlog te make het.

(392)



Ek is soldaat se vrou  
 ek is soldaat se vrou  
 hou dit in die mou  
 hou dit vir jou  
 ek is soldaat se vrou.

Ek is soldaat se man  
 ek is soldaat se man  
 gooi uit die kan  
 hou maar my man  
 ek is soldaat se man.

Jy bly soldaat se vrou  
 jy bly soldaat se vrou  
 hou dit in die mou  
 vertel dit vir jou  
 ek is soldaat se vrou.  
 (H. Korkee: Krakeel)


Die wysie van hierdie lied is een van die skaars volkswysies in Afrikaans wat in 6/8-tyd is (vergelyk ingeslote kasset, nr. 9). Die lied dateer ook uit die Tweede Wêreldoorlog.

Die twee strofes vorm 'n tweegesprek. 'n Soortgelyke verskynsel word aangetref by nr. 321.

(393)




Hier staat n mooi-e mei-sie met n ron-de ly-fie



sy's skaars van ha-re maar sy's bei-e jonk in haar ja-re



ja sy ba-klei vir die ko-ning sy ba-klei vir haar ko-ning



sy ba-klei vir haar land en ko--- ning sy ba-klei vir haar





land sy ba- klei vir haar land sy ba- klei vir haar land en haar  
 ko-ning hier staat 'n mooi-e mei-sie sy's jonk van ja-re  
 en grys van ha-re maar baie jonk van bla-re.


Hier staat 'n mooie meisie  
 met 'n ronde lyfie  
 sy's skaars van hare  
 maar sy's baie jonk in haar jare  
 ja sy baklei vir die koning  
 sy baklei vir haar koning  
 sy baklei vir haar land en haar koning  
 sy baklei vir haar land  
 sy baklei vir haar land  
 sy baklei vir haar land en haar koning  
 hier staat 'n mooie meisie  
 sy's jonk van jare  
 en grys van hare  
 maar baie jonk van blare.  
 (H. Korkee: Krakeel)

Die eerste twee reëls kom voor in die lied "Perdeby" (vergelyk nr. 53). In die volgende oorlogslied, nr. 394, word "mooie meisies" ook vermeld. Daar is egter geen verdere ooreenkoms tussen die twee liedere nie.


Die eerste lettergreep van die woord "koning" in reël sewe (maat 15 en 16) word oor meer as een noot versprei. Dié verskynsel, 'n melisme, word selde by die egte Afrikaanse volkslied aangetref (die uitsonderings word in hoofstuk 15 bespreek).

Die lied dateer vermoedelik ook uit die Tweede Wêreldoorlog, soos nrs. 390 en 392 wat by dieselfde informant opgeteken is. In daardie geval verwys die "koning" na koning George VI van Brittanje.


(394)



Mooi-e mei-sies jul-le moe-nie huil nie jul-le moe-nie



treur nie ons gaan na die Jer-man se oor-log toe maar ons



gaan nie om daar te bly nie ons gaan om weer te kom.

Mooie meisies julle moenie huil nie  
 julle moenie treur nie  
 ons gaan na die Jerman se oorlog toe  
 maar ons gaan nie om daar te bly nie  
 ons gaan om weer te kom.  
 (J. McClaren: Calitzdorp)

"Jerman" in reël drie verwys na "German", dit wil sê die oorlog van die Duitsers. Die lied kan dus uit die Eerste of Tweede Wêreldoorlog kom, maar dit is waarskynlik dat dit na Wêreldoorlog I verwys, aangesien die variant wat volg vóór die Tweede Wêreldoorlog opgeteken is. I.D. du Plessis het dit soos volg by die Maleiers gevind:

Mooije meisie, moenie huil nie,  
 Ek gaat na die Duitste Oorlog toe.  
 Ek gaat nie om daar te bly nie,  
 Ek gaat om weer te kom.  
 Toe sit ek my voet op die *steamer*,  
 Toe kyk ek oor die diep blou see,  
 Toe sit ek die gaweer op my skouer,  
 Toe breek ek haar hart aan twee.  
 (Du Plessis 1935:148)

Die volgende weergawe kon in die radioreeks *Die volk as digter II* gehoor word:

Mooie meisies julle moenie huil nie  
 ons gaan die Duitse oorlog toe  
 maar ons gaan nie om te bly nie  
 môre môre kom ons weer

skud die boom dan val die blaar  
al die Baainars bymekaar  
o jou lekker Baainaar.  
(Grobelaar 1987:267)

Grobelaar het hierdie lied by mev. Hester Marx, 'n blanke vrou van Humansdorp, gekry (1987:267). Die woord "Baainars" verwys na die mense van Port Elizabeth.

Die wysies van die drie variante is nie noot vir noot dieselfde nie, maar daar is 'n duidelike verband.

## HOOFSTUK 12

### LIEDERE OOR HARTSEER, SKEIDING EN DIE DOOD

Die ernstige sy van die bruinmense se liedere word oorheers deur in die eerste plek godsdienstige liedere en in die tweede plek liedere met taamlik morbiede temas soos hartseer, skeiding en die dood. Baie van die liedere dateer uit die twintiger- tot vyftigerjare toe dit deur vroeë Afrikaanse sangers op plate opgeneem is. Tans word baie van dié liedere wat by die blankes nog net deur die ouer mense gesing word, deur die bruinmense lewend gehou.

Sommige navorsers beweer dat dié liedere hulle ontstaan hoofsaaklik aan die proses van verstedeliking en die maatskaplike en ekonomiese probleme wat daarmee saamgaan, te danke het. Sentimentele liedere is egter oeroud en gaan nie noodwendig saam met 'n proses van verstedeliking nie. In hierdie hoofstuk is daar dan ook talle liedere wat niks daarmee te make het nie. Dit is egter wel so dat sekere liedere teen die agtergrond van die spesifieke armoede en lyding wat met verstedeliking gepaardgegaan het, ontstaan het (vergelyk nrs. 401 en 422). Vandag se stedelike Afrikaners spot dikwels met hierdie soort tranetrekkers, sê Estelle Pretorius wat navorsing oor dié onderwerp gedoen het. "Maar wanneer 'n mens die maatskaplike omstandighede verken waarin hul plate gemaak is, kry jy begrip en deernis vir die lirieke vol lyding, dood, eensame weeskinders en verlange na die ouerhuis en die plaas" (Pretorius 1988:19).

Kenmerke van dié liedere wat waarskynlik deur die grammofoonplaat bekend geraak het, is onder meer dat hulle langer en meer verhalend is. Die wysies is in die algemeen ingewikkelder as die eenvoudige volkswysie wat baie van herhaling gebruik maak. Opvallend is die talle liedere wat handel oor 'n moeder, hetsy 'n moeder wat besig is om te sterf of reeds gesterf het, of weggaan. Pretorius maak ook melding van die tema van moederliefde en selflose opoffering wat dikwels in die lirieke van hierdie tipe plate voorkom (1988:20).

Twee liedere wat in Murray se boek *Witwater se mense* gevind is, word aan die einde behandel omdat daar nie musiek beskikbaar is nie.

(395)

Ag was ek maar lie-wer-ster dood dan was die

pyn in my hart nie so groot ag was ek maar lie-wer

daar was die pyn in my hart nie so swaar.

Ag was ek maar liewerster dood  
 dan was die pyn in my hart nie so groot  
 ag was ek maar liewer daar  
 was die pyn in my hart nie so swaar.  
 (B. van Wyk: Fraserburg)

Variante van dié kort hartseerliedjie word gevind in 'n minnelied deur Grobbelaar opgeteken. Die lied, "As die seewater daar so blou", bestaan uit verskeie drie-en-een-kwatre. Die twee betrokke strofes, die tweede en die laaste, lui soos volg:

Ag was ek maar tog daar  
 ag was ek maar tog daar  
 ag was ek maar tog daar  
 was die pyn in my hart nie so swaar.

Ag was ek maar tog net dood  
 ag was ek maar tog net dood  
 ag was ek maar tog net dood  
 was die pyn in my hart nie so groot.  
 (Grobbelaar 1987:43)

S.J. du Toit het 'n hele paar variante opgeteken waarvan een sterk ooreenstem met dié van mev. Van Wyk. Dit lui soos volg:

O, was ek maar dood!  
 Dan was die pyn in my hart nie so groot.  
 O, was ek maar daar!  
 Dan was die pyn op my hart nie so swaar.  
 (Du Toit 1924:181)

Die wysies van nr. 395 en en dié by Grobbelaar stem nie ooreen nie, en Du Toit gee nie 'n wysie aan nie.

(396)




Ar-re-me klein Jan-nie sy mam-ma was dood sy  
 pap-pa was 'n dronk-lap en kon nie koop sy brood sit by die ven-ster  
 hoor die or-rel speel God seën Mam-mie hy's ver weg van my.


Arme klein Jannie  
 sy mamma was dood  
 sy pappa was 'n dronklap  
 en kan nie koop sy brood  
 sit by die venster  
 hoor die orrel speel  
 God seën Mammie  
 hy's ver weg van my.

Krismis is komment  
 en ek het nie 'n pennie  
 asseblief gooi tog 'n pennie  
 in die ou ou man se hoed  
 as jy nie 'n pennie het nie  
 'n halfpennie sal ook doen  
 as jy nie 'n halfpennie het nie  
 God sal jou seën.  
 (T. Dewee: Springs)

(a)




Ar-re-me ou klein Jan-nie sy moe-der was al dood sy



va-der was 'n dronk-lap en werk vir 'n stuk-kie brood toe  
staan hy by die ven-ster toe sien hy die hon-de blaf toe  
dink hy aan sy mœ-der wat ver van hom af is.

Arme ou klein Jannie  
sy moeder was al dood  
sy vader was 'n dronklap  
en werk vir 'n stukkie brood  
toe staan hy by die venster  
toe sien hy die honde blaf  
toe dink hy aan sy moeder  
wat ver van hom af is.  
(E. Bok: Lekkersing)

(b)



Klein Jan-nie was 'n wees-kind sy mœ-der was al  
dood sy va-der was- n dronk-lap hy lyk tog so be-  
droef ek sien hom sit in die ven-ster en  
luis-ter na die mu-siek o God van-my mœ-der so  
ver ver van my.



Klein Jannie was 'n weeskind  
 sy moeder was al dood  
 sy vader was 'n dronklap  
 hy lyk tog so bedroef  
 ek sien hom sit in die venster  
 en luister na die musiek  
 o God van my moeder  
 so ver ver van my.

(A. Kane: Graaff-Reinet)

(c)

Ou Zônie was 'n seuntjie sy moeder was al dood sy  
 vader was 'n dronklap en daar was geen brood hy  
 sit daar onder die venster hy hoor die orgel speel en  
 vra waar is sy moeder die wy-e we-reld in waar is sy  
 moeder sy moeder is ver weg alleen.

Ou Zônie was 'n seuntjie  
 sy moeder was al dood  
 sy vader was 'n dronklap  
 en daar was geen brood

hy sit daar onder die venster  
 hy hoor die orgel speel  
 en vra waar is sy moeder  
 die wye wêreld in  
 waar is sy moeder  
 sy moeder is ver weg alleen.  
 (Kindergroep: Laerskool R.P. Botha, Zoar)

(d)

Een- dag was daar 'n seun-tjie sy moe-der was al dood sy  
 va- der was 'n dronk-aard geen brood om te eet een -dag staan hy byd'  
 ven-ster en hy hoor die or-rel speel en toe dink hy aan sy  
 moe-der wat al lank-al g'sterf het.

Eendag was daar 'n seuntjie  
 sy moeder was al dood  
 sy vader was 'n dronkaard  
 geen brood om te eet  
 eendag staan hy by die venster  
 en hy hoor die orrel speel  
 en toe dink hy aan sy moeder  
 wat al lankal gesterf het  
 en toe dink hy aan sy moeder  
 wat al lankal gesterf het.  
 (Groep volwassenes: Rietkuil, Swellendam)

Die oorspronklike weergawe van dié lied kon nie opgespoor word nie, maar die aantal variante wat ontstaan het bewys hoe gewild die lied was. Slegs nr. 396 het twee strofes en die tweede het ook nie 'n duidelike verband met die eerste nie. Die strekking van die verskillende variante is baie

dieselfde; dit is slegs by fyner detail wat verskille ontstaan het. Variant (c) is deur 'n kindergroep gesing, maar hulle beskou dit nie as 'n kinderlied nie.

Die woord "komment" in strofe twee van nr. 396 beteken "aan 't komme" of "komende". Dié strofe klink na 'n soort bedellied. In variant (c) word die verouderde vorm van orrel, naamlik "orgel", aangetref.

(397)

Doar by die hek daar by die voor-- sien ek  
 haar laas-te spoor sy was nog gis-ter daar ge- wees  
 o Heer dit maak my hart so seer sy was nog gis-ter  
 daar ge- wees sy was nog gis-ter in die le-  
 we toe neem ek haar na die spruit en dit is  
 daar wat sy vir my- sê daar by die hek daar by die  
 voor toe sien ek haar laas-te spoor sy was nog  
 gis-ter daar ge- wees o Heer dit maak my hart so

seer dit was - Hes-sie in die aand

dit was die ses-de Ok-to-ber-maand


toe kom die dood ek sê vir jou o Heer dit

was vir my te gou.

Daar by die hek daar by die voor  
 sien ek haar laaste spoor  
 sy was nog gister daar gewees  
 o Heer dit maak my hart so seer  
 sy was nog gister daar gewees  
 sy was nog gister in die lewe  
 toe neem ek haar na die spruit  
 en dit is daar wat sy vir my sê  
 daar by die hek daar by die voor  
 toe sien ek haar laaste spoor  
 sy was nog gister daar gewees  
 o Heer dit maak my hart so seer  
 dit was Hessie in die aand  
 dit was die sesde Oktobermaand  
 toe kom die dood ek sê vir jou  
 o Heer dit was vir my te gou.  
 (E. Biancie: Montagu)

Dié lied is 'n voorbeeld van een van die ingewikkelder wysies wat nie 'n tipiese volkswysie is nie.  
 Die lied is moontlik van 'n plaat afkomstig.


(398)




Daar in die mooi-e pa-leis wat ons van ver-tel het



God moet my ge-na-de skenk doen my vaar-wel ek gaan nou




weg na weg na my graf eer-ste na my siek-bed wat vir my




wag al ver-stoot jy my ek sal jou trou die Va-der in die




he-mel wees net met jou my hart is ge-bro-ke




ek is in die dood die Va-der in die he-mel



weet ek moet dood die roos wat jy my ge-gee het een so-mers-



dag net soos jou lief-de ver-dwyn in die nag en as ek dood



is kom ver-tel my die ding plant die rooi ro-sie op die hoof van my graf.

Daar in die mooie paleis  
 wat ons van vertel het  
 God moet my genade skenk  
 doen my vaarwel  
 ek gaan nou weg na  
 weg na my graf  
 eerste na my siekbed  
 wat vir my wag  
 al verstoot jy my  
 ek sal jou trou  
 die Vader in die hemel  
 wees net met jou  
 my hart is gebroke  
 ek is in die dood  
 die Vader in die hemel  
 weet ek moet dood  
 die roos wat jy my gegee het  
 een somersdag  
 net soos jou liefde  
 verdwyn in die nag  
 en as ek dood is  
 kom vertel my die ding  
 plant die rooi rosie  
 op die hoof van my graf.  
 (H. Appollos: Pacaltsdorp)

Die oorspronklike weergawe van dié lied kon nie opgespoor word nie. Dit is waarskynlik dat hierdie weergawe daarvan afwyk, want dit maak nie oral sin nie. Vergelyk byvoorbeeld "en as ek dood is//kom vertel my die ding". Dit kom moontlik ook op 'n plaat voor.

(399)

Daar - on-der in die vlei by die ou wil-ger- boom Daar-  
 sien- ek- loop my- mam-mie se speek maar wat kan ek

doen dis die bit-ter-ste be-rou maar - wat kan ek doen dit was die

laas-te van haar.

Daar onder in die vlei  
 by die ou wilgerboom  
 daar sien ek loop  
 my mammie se spook  
 maar wat kan ek doen  
 dis die bitterste berou  
 maar wat kan ek doen  
 dit was die laaste van haar  
 en ek kom by die huis  
 my mammie die weet  
 ek kom by die huis  
 my pape die weet  
 ek kom by die huis  
 my sussie die weet  
 maar wat kan ek doen  
 dit was die laaste van haar  
 maar wat kan ek doen  
 dit was die laaste van haar.

(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Die wysie van dié lied toon 'n paar kenmerke wat nie tipies van die Afrikaanse volkswysie is nie. Die eerste is dat dit in 3/4-tyd is; die tweede kenmerk is die verspreiding van een lettergreep oor meer as een noot (soos bespreek by nr. 393). Verder kan melding gemaak word van die invoeging van die toevallige teken G-kruis (maat 11), met 'n herstelde G onmiddellik daarna en E-kruis (maat 13).

In reël vier is 'n verwysing na 'n spook (vergelyk nr. 416). Spoke speel 'n belangrike rol in die volksgeloof en vroeër jare was die geloof daarin nog sterker as vandag. Die woord "pape" in reël twaalf is 'n wisselvorm vir "pappa".

(400)



Daar staan ek daar onder op die hoog-te ja ja  
 tra-vel-laar ja ja tra-vel-laar daar staan ek daar onder op die  
 hoog-te met my tra-ne in my o-ë my-  
 mam-ma se dier-ba-re woor-de ja ja tra-vel-laar ja ja  
 tra-vel-laar ja ja tra-vel-laar ja ja tra-vel-laar.  
 tra-vel-laar.

Daar staan ek daar onder op die hoogte  
 ja ja *travellaar*  
 ja ja *travellaar*  
 daar staan ek daar onder op die hoogte  
 met my trane in my oë  
 my mamma se dierbare woorde  
 ja ja *travellaar*  
 ja ja *travellaar*  
 ja ja *travellaar*  
 ja ja *travellaar*.

(Groep volwassenes: Die Bof(b), George)

Die woord "travellaar" is 'n Engelse woord met 'n Afrikaanse uitgang, naamlik "-aar".

Die lied is 'n variant van 'n baie bekende volkslied "Hier sit ek onder die hoogte" wat in die *FAK-sangbundel* soos volg verskyn:

Hier sit ek onder die hoogte,  
 hier sit ek onder die hoogte,  
 hier sit ek onder die hoogte  
 met trane in my oë.

My moeder se dierbare woorde,  
 my moeder se dierbare woorde,  
 my moeder se dierbare woorde,  
 die trap ek onder my voete.  
 (FAK-sangbundel 1979:400)

Die wysies is nie presies dieselfde nie, maar toon hier en daar ooreenkom.

Van Zyl het dieselfde twee strofes in haar versameling minneliedjies opgeneem, met nog drie bykomende strofes (Van Zyl 1962:137-138).

Fragmente van die lied kom ook in nr. 415 voor.

(401)

Die Goud-stad-lyg-te brand so hel-der wyl die win-ter-  
 wind so droe-wig huil daar staan 'n moe-der met haar kind-jie.  
 sy moes daar in die vlak-te skuil.

Die Goudstadligte brand so helder  
 wyl die winterwind so droewig huil  
 daar staan 'n moeder met haar kindjie  
 sy moes daar in die vlakke skuil  
 haar man het haar so sleg behandel  
 toe sy vir hom die rede vra  
 toe word sy uit die huis weggeja  
 hul moes daar in die vlakke skuil  
 die anderdag se ligdag sonskyn  
 het winterwind reeds so sterk gewaai  
 en toe die anderdag se son skyn  
 lê hul altwee reeds daar koud en dood.  
 (Groep volwassenes: Quado, De Doorns)

Dié lied verskyn op die plaat *Goudstadligte* van die Vos-broers. Laasgenoemde was 'n baie gewilde sanggroep van die veertigerjare. Die oorspronklike woorde lui soos volg:

Die Goudstadligte brand so helder,  
Wyl die winterwind so droewig huil  
En daar staan 'n moeder met haar kindjie,  
Hul moet daar in die vlakke skuil.

Geen herberg kon hul nêrens vind nie  
In die Goudstad ryk, en o, so groot  
En voor die klok twaalfuur geslaan het  
Was die kindjie reeds van koue dood.

Sy het die klere van haar liggaam  
Om die dierb're kind se lyk gevou  
En so het sy dan ook gesterwe  
Met haar arms om die kind gevou.

Hier is 'n les vir elke man nou  
Om sy vroutjie altyd te waardeer,  
Want voor die ander dag se sonskyn  
Was hul altwee veilig by die Heer...  
(Pretorius 1988:22)

Waarskynlik was die Vos-broers self die skeppers van dié lied, soos dikwels met dié tipe sang gebeur.

(402)

Die ri- vier is vol laat my tra- ne rol ek wil

huis toe gaan na my mam- ma toe ek kan nie meer ek

kan nie meer ek kan nie meer want my hart is seer.

Die rivier is vol  
 laat my trane rol  
 ek wil huis toe gaan  
 na my mamma toe  
 ek kan nie meer  
 ek kan nie meer  
 ek kan nie meer  
 want my hart is seer.  
 (P. le Grange: George)

Variante van die eerste vier reëls word aangetref by nrs. 37 en 190. Die wysies verskil egter heeltemal.

Die laaste vier reëls van die lied het talle variante en verskyn in baie bundels of studies. In die boek *Jakob Platjie* van G.R. von Wielligh vertel die karakter Sina, 'n bruin vrou, van die hartseerlied "wat die ou volk en moeders gesing het toen hulle weggetrek het om ver en verder van die witman pad te gee" (Von Wielligh 1918:21). Dan sing sy dit soos volg:

Nou trek ek weg,  
 Op d'hoek van Blouwberg;  
 Nou trek ek weg,  
 Dit gaan tog te erg.  
 Mij hart is so seer,  
 Ek kan tog nie meer,  
 Ek wil nou nie blij,  
 En laat ook maar glij.

Korus:

Kom mij pappie pa,  
 Kom mij mammie ma,  
 Kom my boetie ba,  
 Kom my sussie ja.

D'ander trek voor,  
 Hul wil nie meer blij,  
 Ons vat nou hul spoor  
 En sal hul gouw krij.  
 Die wegtrek van haar,  
 Die maak mij so naar;  
 Die wegtrek van hij,  
 Die maak mij so blij.

Korus

Nou trek ons weg;  
 Wat staan jij nog stil?  
 Nou trek ons weg,

Kom saam wie maar wil.  
 Die stilstaan van haar.  
 Die is mij so swaar;  
 Die omkijk van hom,  
 Die maak mij so stom.

Korus


(Von Wielligh 1918:21-22)

Du Toit het 'n variant in Petrusburg opgeteken wat die laaste vier reëls van bostaande lied soos volg omkeer:

My hart is so seer!  
 My hart is so seer!  
 My hart is so seer!  
 En ek kan tog nie meer.  
 (Du Toit 1924:181)

(403)

Die wind- die waai- oor n graf-fie so klein-  
 en n kis-sie in stil --- te in n graf-fie ver-  
 dwyn ek het dit ge- weet --- dat hy moes  
 gaan maar toe het dit my --- in droef-heid laat  
 staan n graf-fie so klein- waar die wind daar-oor waai-  
 en n kis-sie in stil --- te in n graf-fie ver-



Die wind die waai  
 oor 'n graffie so klein  
 en 'n kisse in stilte  
 in 'n graffie verdwyn  
 ek het dit geweet  
 dat hy moes gaan  
 maar toe het dit my  
 in droefheid laat staan  
 'n graffie so klein  
 waar die wind daaroor waai  
 en 'n kisse in stilte  
 in 'n graffie verdwyn.  
 (Groep volwassenes: Rietkuil, Swellendam)

Presies dieselfde kenmerke wat by die wysie van nr. 399 uitgelig is, is hier van toepassing. Die lied is ook in D-majeur getranskribeer en toevallige tekens verskyn onder meer in maat 3, 4, 8, 14 en 20.

(404)

Three lines of handwritten musical notation on five-line staves. The key signature has two sharps (F# and C#). The first line contains a melody of eighth notes: G4, A4, B4, C5, B4, A4, G4, F#4, E4, D4, C4, B3, A3, G3, F#3, E3, D3, C3. The second line contains a melody of eighth notes: G4, A4, B4, C5, B4, A4, G4, F#4, E4, D4, C4, B3, A3, G3, F#3, E3, D3, C3. The third line contains a melody of a dotted quarter note on G4, followed by a quarter note on A4, and a quarter note on B4. A slur is placed under the last two notes. The lyrics are written below the staves: "Dit is te swaar om 'n wees-kind 'n wees-kind te wees ou Pie-tie jou tem-ber jou las-lap- per hoe-kom maak jy my hart so-seer."

Dit is te swaar om 'n weeskind te wees kind te wees  
 ou Pietie jou tember jou laslapper  
 hoekom maak jy my hart so seer?  
 (Y. Smith: Springs)

(a)

O dis swaar om 'n wees-kind te wees o dis  
 swaar om 'n wees-kind te wees o Mien-na my jol-la jou  
 laat sla-per o dis swaar om 'n wees-kind te wees.

O dis swaar om 'n weeskind te wees  
 o dis swaar om 'n weeskind te wees  
 o Miena my jolla jou laatslaper  
 o dis swaar om 'n weeskind te wees.

O dis swaar om 'n jong bok te jol  
 o dis swaar om 'n jong bok te jol  
 tant Dina September se vinger ruik na gemmer  
 o dis swaar om 'n jong bok te jol.  
 (J. McClaren: Calitzdorp)

(b)

Hoe-kom maak jul my hart so seer? hoe-kom  
 maak jul my hart so seer? ag maar Pie-ter Sep-tem-ber jou



las-lap-per waar-om maak jy my hart so seer

trek uit my skoe-ne pas-op vir die sker-pi-oe-ne hul-le

steek jou nou trek uit my skoe-ne pas-op vir die sker-pi-

oe-ne hul-le steek jou nou trek uit my

skoe-ne pas-op vir die sker-pi-oe-ne hul-le steek jou

nou trek uit my skoe-ne pas-op vir die sker-pi-oe-ne

hul-le steek jou gou vra vir tant Dol-lie

sy's op 'n trol-lie wat sy daar-van sê

vra vir ou Jack-ie hy sê hy's nie gek nie maar wat wil hy dan

he? vra vir oom To-nie hy's in die ko-




lo-nie      wat het hy ge- doen?      vra vir oom




To-nie    hy's in die ko-lo-nie      hylt die nooi ge- soen.

Hoekom maak jy my hart so seer?  
 hoekom maak jy my hart so seer?  
 ag maar Pieter September jou laslapper  
 waarom maak jy my hart so seer?  
 trek uit jou skoene  
 pas op vir die skerpioene  
 hulle steek jou nou  
 trek uit jou skoene  
 pas op vir die skerpioene  
 hulle steek jou nou  
 trek uit jou skoene  
 pas op vir die skerpioene  
 hulle steek jou nou  
 trek uit jou skoene  
 pas op vir die skerpioene  
 hulle steek jou gou  
 vra vir tant Dollie  
 sy's op 'n trollie  
 wat sy daarvan sê  
 vra vir ou Jackie  
 hy sê hy's nie gek nie  
 maar wat wil hy dan hê?  
 vra vir oom Tonie  
 hy's in die Kolonie  
 wat het hy gedoen?  
 hy't die nooi gesoen  
 hy't die nooi gesoen.  
 (A. van Zyl: Lambertsbaai)

(c)



Hier staat ek      met my hou-de      on-der die berg.



ou Sy-sie Sep-tem-mer jou voet-jies ruik na  
gem-mer waar-om maak jy my hart so seer.


Hier staat ek met my boude onder die berg  
hier staat ek met my boude onder die berg  
ou Sysie Septemmer jou voetjies ruik na gemmer  
waarom maak jy my hart so seer?

Dis swaar om 'n mensekind te wees  
o dis swaar om 'n mensekind te wees  
ou Sysie Septemmer jou voetjies ruik na gemmer  
waarom maak jy my hart so seer?

Hier sit ek met my hartseer alleen  
hier sit ek met my hartseer alleen  
ou Sysie Septemmer jou voetjies ruik na gemmer  
waarom maak jy my hart so seer?  
(B.W. Gericke (jr.): George)

(d)

✓✓



Dit is swaar dit is swaar dit is swaar dit is swaar dit is  
swaar om 'n wees-kind te wees en toe loop ek in die pad met my  
tra-ne in my oë dit is swaar- om 'n wees-kind te wees.

Dit is swaar dit is swaar  
 dit is swaar dit is swaar  
 dit is swaar om 'n weeskind te wees  
 en toe loop ek in die pad  
 met my trane in my oë  
 dit is swaar om 'n weeskind te wees.  
 (T. Smith: Springs)

(e)

Strofe 1

Dis swaar om'n wees-kind te wees dit is swaar my  
 ma swaar my pa dis swaar om'n wees-kind te wees,

Strofe 2

Al-mal het daar iets oor te sê al-mal het daar iets oor te  
 sê en dit is swaar my ma en dit is swaar my pa dis  
 swaar om 'n wees-kind te wees.

Dis swaar om 'n weeskind te wees  
 dis swaar om 'n weeskind te wees  
 dit is swaar my ma  
 dit is swaar my pa  
 dit is swaar om 'n weeskind te wees.

Almal het daar iets oor te sê  
 almal het daar iets oor te sê  
 en dit is swaar my ma

en dit is swaar my pa  
 dis swaar om 'n weeskind te wees.  
 (V. van der Horst: Fraserburg)

(f)




Dit is swaar om 'n wees-kind te wees dis  
 swaar om 'n wees-kind te wees swaar Mam-ma  
 swaar Pap-pa dis swaar om 'n wees-kind te wees.

Dit is swaar om 'n weeskind te wees  
 dit is swaar om 'n weeskind te wees  
 dis swaar Mamma  
 dis swaar Pappa  
 dis swaar om 'n weeskind te wees.

Want almal het maar iets daaroor te sê  
 want almal het maar iets daaroor te sê  
 dis swaar Ma  
 dis swaar Pa  
 want almal het maar iets daaroor te sê.  
 (Groep volwassenes: Selderyfontein, Fraserburg)

(g)



Dis swaar om 'n wees-kind te wees dis swaar om 'n wees-kind te  
 wees dis swaar ja dis swaar ja dis swaar om 'n wees-kind te wees.

Dis swaar om 'n weeskind te wees  
 dis swaar om 'n weeskind te wees  
 dis swaar ja  
 dis swaar ja  
 dis swaar om 'n weeskind te wees.  
 (Groep volwassenes: Platfontein, Sutherland)


(h)



Dit is swaar om 'n wees-kind te wees dit is  
 swaar om 'n wees-kind te wees sy het nie  
 mam-ma nie sy het nie pap-pa nie dit is maar  
 swaar om 'n wees-kind te wees.

Dit is swaar om 'n weeskind te wees  
 dit is swaar om 'n weeskind te wees  
 sy het nie mamma nie  
 sy het nie pappa nie  
 dit is swaar om 'n weeskind te wees.  
 (J. Swart: Vredendal)

(i)



O dis swaar om 'n wees-kind te wees o dis



swaar om 'n wees-kind te wees want jy kry  
 hier hier 'n stamp en jy kry daar daar 'n stamp ai dis  
 swaar om 'n wees-kind te wees .

O dis swaar om 'n weeskind te wees  
 o dis swaar om 'n weeskind te wees  
 want jy kry hier hier 'n stamp  
 en jy kry daar daar 'n stamp  
 ai dis swaar om 'n weeskind te wees.

So loop ek in die pad  
 met trane in my oë  
 ai dis swaar om 'n weeskind te wees  
 want jy kry hier hier 'n stamp  
 en jy kry daar daar 'n stamp  
 ai dis swaar om 'n weeskind te wees.  
 (P. Booyse: Sutherland)

Bostaande is die lied met die meeste variante onder liedere van volwassenes. Dit lyk asof die eerste vier optekeninge 'n bepaalde groep variante vorm, terwyl die laaste ses weer 'n ander groep vorm. Let op die wyse waarop reël twee van die eerste drie variante verskil. Dit toon ook ooreenstemming met reël twee van nr. 275: "Ou Fiela September jou laatslaper" en 'n reël in Du Plessis se optekening by die Maleiers, waarvan die eerste vier reëls aangehaal word:

Kyk hoe jol ons met Tant'Dina in die kamer,  
 Kyk hoe jol ons met Tant'Dina in die kamer.  
 Tant' Dina, Tant' Dina, jou laatslaper,  
 Kyk hoe jol ons met Tant'Dina in die kamer.  
 (Du Plessis 1935:146)

Die woord "laaslaper" in reël drie van variant (b), is moontlik 'n vervorming van "laatslaper".



Reël twee van die tweede strofe van variant (a) is verwant aan dié van variant (c): "Tant Dina September se vinger ruik na gemmer" en "Ou Sysie Septemmer jou voetjies ruik na gemmer". Die eerste reël van die tweede strofe van variant (a) kom ooreen met die eerste reël van nr. 243. Nog 'n variant wat met albei dié reëls ooreenstem, word gevind by Du Toit:

Dis swaar om met die jong bok te jol!  
 Dis swaar om met die jong bok te jol!  
 Andjie September, jou vinger is vol gemmer!  
 En dis swaar om met die jong bok te jol.  
 (Du Toit 1924:179)

Variant (b) se tweede deel wat begin met "trek uit jou skoene" lyk asof dit eintlik 'n losstaande lied behoort te wees wat waarskynlik deur die betrokke informant aan die voorafgaande deel gelas is. Dit kan egter nie met sekerheid gesê word nie.

Laastens kan verwys word na die woord "mensekind" in variant (c). Dit is die enigste van al die variante wat nie die woord "weeskind" gebruik nie.

(405)

Een Son-dag-mô-re staan ek om die hoe-kie my tra-ne

rol soos sui-ker-wa-ter ek het nie Ma nie my ma is in die

Bo-land ek het nie Pa nie my pa is in die

oor-log ek het nie sus-ter nie my sus-ter is 'n

Ma-fia ek het nie broer nie my broer is 'n Non-gro waar is

Noen-di Noen-di is daar on-der sy doen die kê-rels sy doen die  
 kê-rels sy doen die kê-rels sy doen die  
 kê-rels sy doen die kê-rels sy doen die kê-rels kê-rels.

Een Sondagmôre staan ek om die hoekie  
 my tranerol soos suikerwater  
 ek het nie 'n ma nie  
 my ma is in die Boland  
 ek het nie 'n pa nie  
 my pa is in die oorlog  
 ek het nie 'n suster nie  
 my suster is 'n Mafia  
 ek het nie 'n broer nie  
 my broer is 'n Nongro  
 waar is Noendi?  
 Noendi is daar onder  
 sy doen die kêrels  
 sy doen die kêrels  
 sy doen die kêrels  
 sy doen die kêrels  
 sy doen die kêrels  
 sy doen die kêrels  
 (N. Johannes: Zoar)

'n Variant van die lied is as danslied opgeneem (vergelyk nr. 250). Dit stem in 'n mindere mate ook ooreen met nr. 406. Die wysies van 405 en 250 is nie presies dieselfde nie, maar is duidelik verwant aan mekaar. Dit verskil egter heeltemal van dié van nr. 406.

Die "Mafia" (reël agt) is 'n oerou kriminele organisasie wat vandag nog baie sterk onder meer in Amerika is (*NEB* Deel VII 1986:665). Daar kon nie vasgestel word wat 'n "Nongro" is nie.

(406)




Ek hoor my moe-der se stem so duid'-lik daar-bo in die  
 he-mel daar waar sy swer-we ek het nie meer  
 broer nie wat vir my kan slaat nie ek het nie meer  
 pa nie wat met my kan praat nie.

Ek hoor my moeder  
 se stem so duidelik  
 daar bo in die hemel  
 daar wat sy swerwe  
 ek het nie meer 'n broer nie  
 wat kan vir my slaat nie  
 ek het nie meer 'n pa nie  
 wat kan met my praat nie.

(Groep volwassenes: Selderyfontein, Fraserburg)

Hierdie lied is een van die talle in dié hoofstuk waarin die tema van die moeder na vore kom.  
 Vergelyk onder andere nrs. 399, 400, 407, 409, 411, 412 en 419.

(407)



Ek is vyf-dui-send myl van my huis ek is  
 vyf-dui-send myl van my huis nou my moe-der is

weg ja en ek gaan ver-sleg maar ek is vyf-dui-send  
myl van my huis.

Ek is vyfduisend myl van my huis  
ek is vyfduisend myl van my huis  
nou my moeder is weg  
ja en ek gaan versleg  
maar ek is vyfduisend myl van my huis.

Ek is vyfduisend myl van my huis  
ek is vyfduisend myl van my huis  
as my moeder my laat staan  
ja dan sal ek moet gaan  
maar ek is vyfduisend myl van my huis.


Ek is vyfduisend myl van my huis  
ek is vyfduisend myl van my huis  
as my moeder my verlaat  
ja dan word ek nooit kwaad  
maar ek is vyfduisend myl van my huis.  
(A. van Zyl: Lambertsbaai)

Aan die einde van die lied het die sanger gejoel. Die enigste ander lied waar dié verskynsel voorkom, is nr. 159.

Hoewel die lied ook oor 'n moeder handel, is dit nie dieselfde tipe as die liedere wat van plate afkomstig is nie. Dit weerspieël nie die soetsappigheid en smart wat byvoorbeeld in die woorde en wysies van nrs. 419 en 421 waargeneem kan word nie.

(408)

Ek ver-lang my mam-ma ek ver-lang my ta-ta



ek ver-lang my mam-ma net hul kan my swaar-kry dra .


Ek verlang my mamma  
ek verlang my tata  
ek verlang my mamma  
net hul kan my swaarkry dra.

Waarheen gaan ons nou na  
hetsê waarheen gaan ons nou na?  
môre lyk so donker  
net ons hoop bring nog 'n vonkel.


Die maag is leeg hy steek nou  
die maag is leeg hy steek nou  
die maag is leeg hy steek nou  
daar's my niks hy voel so leeg.  
(P. van der Westhuizen: Bellville)

In strofe twee verskyn dieselfde uitroep "hetsê" wat in nr. 172 by dieselfde informant voorkom en daar verduidelik is. Die reël "net ons hoop bring nog 'n vonkel" is nie volks nie (vergelyk nrs. 167 en 172).


(409)



Ek was bai- e jonk ge- wees toe be- land ek in die



tronk deur-dat ek on- ge- hoor- saam was aan



haar my- va- der het ge- se toe sy

op haar sterf-bed lê jy sal jy sal nooit jou moe-der  
 mis voor-dat sy ster--- we jy sal  
 jy sal nooit jou moe-der mis voor-dat sy ster---  
 we .

Ek was baie jonk gewees  
 toe beland ek in die tronk  
 deurdat ek ongehoorsaam was aan haar  
 my vader het gesê  
 toe sy op haar sterfbed lê  
 jy sal jy sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe  
 jy sal jy sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe.


Ek het verweggedwaal  
 en my moeder veel laat staan  
 deurdat ek ongehoorsaam was aan haar  
 my vader het gesê  
 toe sy op haar sterfbed lê  
 jy sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe  
 jy sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe.

(H. Botes: Fraserburg)

(a)

Ek was nog bai-e jonk ge-wees toe be-land ek in die






tronk deur-dat ek on-ge-hoor-saam was aan- haar - - - en my  
 va-der het ge- sê toe hy op sy sterf-bed lê jy sal nooit jou moe-der  
 mis voor-dat sy ster - - - we.

Ek was nog baie jonk gewees  
 toe beland ek in die tronk  
 deurdat ek ongehoorsaam was aan haar  
 en my vader het gesê  
 toe hy op sy sterfbed lê  
 jy sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe.

Ek het toe verder weggedwaal  
 en my moeder hier laat staan  
 deurdat ek ongehoorsaam was aan haar  
 en my vader het gesê  
 toe hy op sy sterfbed lê  
 jy sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe.

(Groep volwassenes: Hartebeesrivier, Swellendam)

(b)



Ek was nog bai-e jonk toe be-land ek in die tronk deur my  
 on-ge-hoor-saam-heid aan my- moe- der my va-der het ge-




sê toe hy op sy sterf-bed lê jy sal jy sal nooit jou moe-der  
 moe-der mis voor-dat sy ster--- we jy sal  
 nooit sal nooit jou moe-der moe-der mis voor-dat sy ster--- we.

Ek was nog baie jonk  
 toe beland ek in die tronk  
 deur my ongehoorsaamheid aan my moeder  
 my vader het gesê  
 toe hy op sy sterfbed lê  
 jy sal jy sal nooit vir moeder mis  
 voordat sy sterwe  
 ja sal jy sal nooit vir moeder mis  
 voordat sy sterwe.  
 (Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

(c)

Ek het ver weg-ge-dwaal en my moe-der so laat staan om-dat  
 ek on-ge-hoor-saam vir haar was --- toe my  
 va-der ge-- sterf het het hy dit aan my ge-  
 sê jy sal nooit sal nooit jou moe-der mis voor-dat sy



Ek het ver weggedwaal  
 en my moeder so laat staan  
 omdat ek ongehoorsaam vir haar was  
 toe my vader gesterf het  
 het hy dit aan my gesê  
 jy sal nooit sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe  
 jy sal nooit sal nooit jou moeder mis  
 voordat sy sterwe.  
 (Groep volwassenes: Rietkuil, Swellendam)

Dié vier variante verskil baie min. 'n Interessante en betekenisvolle afwyking is egter dat reël vyf van nr. 409 lui: "toe sy op haar sterfbed lê" terwyl die ooreenstemmende reël by al die ander variante lui: "toe hy op sy sterfbed lê". In al die gevalle is dit die vader wat aan die woord is.

Nog 'n variant is deur Cloete onder die Griekwas opgeteken:


Eendag toe ek jonk was toe beland ek in die tronk  
 deurdat ek ongehoorsaam was aan haar.  
 My vader het gesê toe hy op sy sterfbed lê:  
 "Jy sal nooit jou moeder mis voordat sy sterwe."  
 (Cloete 1986:275)

Die wysies van die verskillende variante, ingesluit dié van Cloete, toon ooreenkoms. Dit is veral vanaf reël ses by elke variant (reël vier by Cloete) dat die wysies baie dieselfde is.

Een van die vroeë sanggroepe, "Die Straatsingers", het die lied soos volg op plaat opgeneem:

Ek was nog baie jonk  
 Toe was ek reeds in die tronk  
 Omdat ek ongehoorsaam was aan haar.  
 En my vader voor hy sterf,  
 Het hy dit vir my gesê:  
 Jy sal nooit jou moeder mis voordat sy sterf.  
 (Pretorius 1989:35)

(410)



Hier staan ek by die kis van my lief-ling met  
 kran-se van blom-me om-ring ek soen die kou-e lip-pe van my  
 lief-ling en fluis-ter sag-gies daar-oor kom  
 praat tog met my klei-ne lief-ling maak o-pe jou o-ë vir  
 my- met tra-ne van rou staan ek jou lyk en aan-skou ek  
 wens ek was nou ook by jou.

Hier staan ek by die kis van my liefling  
 met kranse van blomme omring  
 ek soen die koue lippe van my liefling  
 en fluister saggies daaroor  
 kom praat tog met my kleine liefling  
 maak ope jou oë vir my  
 met trane van rou  
 staan ek jou lyk en aanskou  
 ek wens ek was nou ook by jou.

(Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

Die woorde wyk baie min af van die oorspronklike soos geskep deur "Die Straatsingers" en gesing deur K. en E. Nortjé:

Ek staan hier by die kis van my liefling  
 Met kranse van blomme omring.  
 Ek soen die koue lippe van my liefling  
 En fluister saggies aan haar:  
 Kom praat tog met my kleine liefling;  
 Ag open jou oë vir my,  
 Deur trane van rou  
 Moet ek jou lyk aanskou  
 En ek wens ek was ook nou by jou.  
 (Trio Records TRLP 3004)

(411)

Mam-ma sal nie weer trou nie Mam-ma sal nie weer trou  
 nie my eer-ste trou was my spyt en be-rou  
 Mam-ma sal nie weer trou nie.

Mamma sal nie weer trou nie  
 Mamma sal nie weer trou nie  
 my eerste trou was my spyt en berou  
 Mamma sal nie weer trou nie.  
 (Groep volwassenes: Die Valleie, Koo, distrik Montagu)

Hierdie liedjie is 'n regte kwatryn in volkstrant, soos baie van die dansliedjies. Die wysie toon egter 'n verskynsel wat uiters seldsaam by die volksliedjie is, naamlik 'n modulasie van C-majeur na F-majeur na C-majeur. Aangesien die lied nêrens elders in dieselfde vorm teëgekom is nie, is dit onmoontlik om te sê of dié verskynsel 'n eenmalige vertolking van die betrokke groep was en of dit altyd so gesing word.

Die woorde toon ooreenkoms met reëls nege tot twaalf van nr. 8 en strofe drie van nr. 39.

(412)

Mam-ma ver-ge-we my son-de my son-de wat ek ge-  
doen het die Slam-se doek waai weg waai weg in die wes-te in.

Mamma vergewe my sonde  
my sonde wat ek gedoen het  
die Slamse doek waai weg  
waai weg in die weste in.

(Groep volwassenes: Selderyfontein, Fraserburg)

Dié kwatryn het geen rympatroon nie, maar toon ooreenkoms met die o-kwatryn deurdat die eerste twee en laaste reëls geen verband met mekaar het nie.

(413)

Moe-der- Moe- der Moe-der- Moe- der vaar-wel  
en vaar-wel my moe-der.

Moeder moeder  
moeder moeder  
vaarwel en vaarwel  
my moeder.

(Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

Die verspreiding van een lettergreep oor meer as een noot kom op 'n paar plekke in die lied voor. Die lied is moontlik 'n fragment van 'n lied wat op 'n ou Afrikaanse plaat verskyn.

(414)

Moe-nie aan Pap-pie meer sjer-rie verkoop nie dan kom hy nie  
 Ek loop langs die straat in 'n klei-ne ou dor-pie hier na-by my  
 huis toe van-aand ons is bai-e hong-er en Mams is ver-  
 is die kan-tien daar staan 'n klein seun- Fine tji- hy lyk so arm-  
 drie-tig o gee hom geen sjer-rie van-aand die  
 oe-dig sy pap-pie word bin-ne be-dien  
 kind het ge-be-we en hard-op ge-soe-bat sy woor-de ver-  
 D.C. AL FINE  
 tel ek jou nou - .

\*

Moenie aan Pappie meer sjerrie verkoop nie  
 dan kom hy nie huis toe vanaand  
 ons is baie honger en Mams is verdrietig  
 o gee hom geen sjerrie vanaand  
 ek loop langs die straat  
 in 'n kleine ou dorpie  
 hier naby my is die kantien  
 daar staan 'n klein seuntjie  
 hy lyk so armoedig  
 sy pappie word binne bedien  
 die kind het gebewe en hardop gesoebat  
 sy woorde vertel ek jou nou  
 moenie aan Pappie meer sjerrie verkoop nie  
 dan kom hy nie huis toe vanaand  
 ons is baie honger en Mams is verdrietig  
 o gee hom geen sjerrie vanaand  
 ons voel so gelukkig as Pappie weer tuis is



met liefde omring hy ons hart  
 maar een bottel sjerrie maak hom so wreedaardig  
 as Mammie dan huil slaan hy haar  
 het hy geen liefde vir Mammie en my nie  
 hy wil ons net altyd verras  
 moenie aan Pappie meer sjerrie verkoop nie  
 dan kom hy nie huis toe vanaand  
 ons is baie honger en Mams is verdrietig  
 o gee hom geen sjerrie vanaand.  
 (D. Lotz: Swellendam)

Hierdie lied is ook onder blankes bekend en is van 'n plaat afkomstig, maar dit kon nie opgespoor word nie.

(415)

My dier-ba-re moe-der se tra-ne die  
 from-mel ek so bin-ne my han-de my dier-ba-re  
 moe-der se woor-de die trap ek so on-der my  
 voe-be.

My dierbare moeder se trane  
 die frommel ek so binne my hande  
 my dierbare moeder se woorde  
 die trap ek so onder my voete  
 het ek my moeder geluister  
 dan was ek vandag by haar  
 hiersit ek in 'n vreemde plek  
 ek's ver van my moeder af  
 ek sit op die hoogte



met my trane en my hartseer  
 my trane kan ek afdroog  
 maar my hart kan g'n ander nie troos.  
 (P. van der Westhuizen: Bellville)

'n Variant van die lied is by die Griekwas gevind en soos volg deur Cloete opgeteken:

As ek na my Mamma geluister het  
 dan was ek 'n goeie seun.  
 O, as ek na my Mamma geluister het,  
 dan was ek 'n goeie seun.  
 Ja my Mamma se dierbare woorde  
 het ek onder my voete vertrap.  
 O as ek na my Mamma geluister het,  
 dan was ek 'n goeie seun.  
 (Cloete 1986:274)


Die wysies van bogenoemde twee variante is nie dieselfde nie.

Die lied toon ooreenkoms met nr. 400.

Die reëls: "My moeder se dierbare woorde//vertrap ek so onder my voete" kom meermale in liedere voor (vergelyk nrs. 194 en 419)..

(416)

My man is dood ek is al-leen my kin-der-  
 tjies is bai-e klein en hut-le sit so rond-om my toe kom die  
 dood so on-ver-wags daar by die vlei daar by die vlei toe sien ek  
 nog my man se spook en dit is elf-uur in die nag toe kom die




dood so on-ver-wags.

My man is dood ek is alleen  
 my kindertjies is baie klein  
 en hulle sit so rondom my  
 toe kom die dood so onverwags  
 daar by die vlei  
 daar by die vlei  
 toe sien ek nog my man se spook  
 en dit is elfuur in die nag  
 toe kom die dood so onverwags.  
 (S. Swartz: Springs)

Die enigste ander lied wat melding maak van 'n spook, is nr. 399: "daar sien ek loop//my mammi se spook". Hoewel die twee liedere nie variante is nie, is daar nog 'n ooreenkomst, naamlik die verwysing na die vlei.

(417)

Op n pla-sie daar ver in die Bos-veld daar staan 'n  
 hut-sie so een-saam en skoon en daar het elc ja-re ge-  
 le-de met my moe-der ge-luk-kig ge- woon maar toe kom die  
 bit-be-re skei-ding die dood neem haar ver weg van




my sy roep my om te kniel by haar sterf-bed en  
 luis-ter wat sê sy vir my.


Op 'n plasie daar ver in die Bosveld  
 staan 'n huisie so eensaam en skoon  
 en daar het ek jare gelede  
 met my moeder gelukkig gewoon  
 maar toe kom die bittere skeiding  
 die dood neem haar ver weg van my  
 sy roep my om te kniel by haar sterfbed  
 en luister wat sê sy vir my  
 my seun laat 'n wil waar jou hart is  
 breek maar jou moeder se hart  
 bly haar getrou en bemin haar  
 en wat sal jou hartseer dan baat?  
 die trane kom toe uit my oë  
 berou neem plek in my hart  
 want ek breek die grootste belofte  
 aan my moeder die roos van my hart  
 aan my moeder die roos van my hart.  
 (Groep volwassenes: Rietkuil, Swellendam)

Dié lied verskyn waarskynlik ook op 'n ou plaat, maar die oorspronklike woorde kon nie gevind word nie.


(a)




In ons hui-sie daar ver in die Bos-veld Daar het eksaam met my  
 moe-der vir ja-re ge-luk-kig ge-woon maar




een-dag toe-roep sy my haas-tig en toe ont-hou ek nog haar




woor-de sy spreek my aamen sy sê dan my seun be-lo-we my




dit ek vra dan my moe-der wat is dit? sy




spreek dan en sê daar's net een ding be-lo-we my dat as ek



ster-we dat jy nooit jou lip-pe sal drink ek




sweer en be-lo-we dit pleg-tig ja moe-der ek be-



lo-we as u dan sal ster-we sal ek nooit drink maar



toe kom dit so dat sy sterf toe my moe-der se sterf-bed een



Woens-dag het ek toe be-sluit ek gaan drink ek



drink en ek woes toe my geld uit my tra-ne was toe ook te

veel toe ont-hou ek my moe-der se woor-de

my seun be-loof my net een ding be-lo-we dat jy nooit weer sal

drink my moe-der ek treur maar ek's een-saam u

woor-de is steeds hier by my maar ek gaan so swaar as ont-

hou is ek nooit weer aan u sal dink.


In ons huisie daar ver in die Bosveld  
 daar het ek saam met my moeder  
 vir jare gelukkig gewoon  
 maar eendag toe roep sy my haastig  
 en toe onthou ek nog haar woorde  
 sy spreek my aan en sy sê dan  
 my seun belowe my dit  
 ek vra dan my moeder wat is dit?  
 sy spreek dan en sê daar's net een ding  
 belowe my dat as ek sterwe  
 dat jy nooit jou lippe sal drink  
 ek sweer en belowe dit plegtig  
 ja Moeder ek belowe  
 as u dan sal sterwe sal ek nooit drink  
 maar toe kom dit so dat sy sterf  
 toe my moeder se sterfbed een Woensdag  
 het ek toe besluit ek gaan drink  
 ek drink en ek woes toe my geld uit  
 my tranes was toe ook te veel  
 toe onthou ek my moeder se woorde  
 my seun beloof my net een ding  
 belowe dat jy nooit weer sal drink  
 my moeder ek treur maar ek's eensaam  
 u woorde is steeds hier by my

maar ek gaan so swaar as onthou is  
 ek nooit weer aan u sal dink.  
 (J. Draai: Louterwater)

Dit lyk asof variant (a) meer verbrokkel is as nr. 417. In eersgenoemde is daar enkele reëls wat nie sin maak nie, byvoorbeeld reël elf: "dat jy nooit jou lippe sal drink" en die laaste twee reëls: "maar ek gaan so swaar as onthou is//ek nooit weer aan u sal dink". Die uitdrukking "ek woes toe my geld uit" (reël agtien), is ook onbekend. Die variant bestaan ook uit 'n tweegesprek tussen moeder en seun.

In variant (a) draai die lied grootliks om die seun se belofte om nooit weer te drink nie, terwyl daar in nr. 417 geen verwysing na drank is nie.

(418)



Se-we jaar moes ek dien in die g'vang'-nis en  
 se-we lang ja-re meer hul-le vang my vir 'n  
 man wat ek ver-moor het en al sy geld van hom ge-  
 neem een-saam en treu-rig sit ek in die ge-  
 vang-e-nis al-leen en ek dink nog aan die dag wat ver-  
 by is weer en die smart watek nou in ver-keer.

Sewe jaar moes ek dien in gevangenis  
 en sewe lang jare meer  
 hulle vang my vir 'n man wat ek vermoor het  
 en al sy geld van hom geneem



eensaam en treurig  
 sit ek in die gevangenis alleen  
 en ek dink nog aan die dag wat verby is weer  
 en die smart wat ek nou in verkeer.

(D. Lotz: Swellendam)

Dit is moontlik dat die lied van 'n plaat afkomstig is, hoewel dit nie bevestig kon word nie.

Ander liedere wat na die gevangenis of tronk verwys, is nrs. 188 en 409 met sy variante.

(419)

So loop ek so langs die ber-ge met tra-ne in my  
 o-ë my moe-der se dier-ba-re woor-de so ver-  
 trap ek dit on-der my voe-te moe-nie huil oor my my  
 lief-ling moe-nietreuroor my- my seun my oë gaan toe vir  
 al-tyd en my stem sal jy nooit hoor.

So loop ek so langs die berge  
 met trane in my oë  
 my moeder se dierbare woorde  
 dit vertrap ek so onder my voete  
 moenie huil oor my my liefling  
 moenie treur oor my my seun  
 my oë gaan toe vir altyd



en my stem sal jy nooit hoor.

(Groep volwassenes: Quado, Doorns)

Die lied is 'n variant van die minnelied nr. 189 en die afskeidslied nr. 194. Die verskil is dat daar duidelik van 'n geliefde gesing word, terwyl hierdie lied vertel van 'n moeder en seun. Vir variante van reëls drie en vier, vergelyk ook nr. 415, reëls drie en vier. Die wysie stem ooreen met dié van nrs. 189 en 194, maar het geen verband met nr. 415 nie.

(420)

V.L.

Swaar werk vir die boer deur win-teren so-mer hong-er en  
stuk-kend moes ek loop saans as ek loop kry ek 'n  
dro-ë stuk-kie brood as ek daar-oor praat dan wil hy aan my slaan

Swaar werk vir die boer  
deur winter en somer  
honger en stukkend moes ek loop  
saans as ek loop  
kry ek 'n stukkie brood  
as ek daaroor praat  
dan wil hy aan my slaan  
toe ook my moeder afgesterf het  
toe was ek 'n jongetjie van veertien jaar oud  
en die kruis wat ek vandag dra  
dit is een kruis wat niemand kan sien  
hier moet ek swerf in my jongigheid  
en van die een af na die ander  
net waar ek kom  
kry ek 'n stamp en 'n stoot  
o vanaand voel my hart weer te seer  
'n bruinman se seun is 'n witman se hond  
hier moet ek swerf in my jongigheid

hier moet ek swerf in my jongigheid. ✓✓

(S. Rondganger: George)

Die woorde van reël tien, "die kruis wat ek vandag dra", verwys na 'n vorm van swaarkry wat verduur moet word, en word algemeen gebruik na analogie van die kruis van Christus. Die woord "jongigheid" is 'n wisselvorm vir "jonkheid".

Die reël "'n bruinman se seun is 'n witman se hond" is 'n variant van 'n reël wat voorkom in 'n lied opgeteken deur Chris Lamprecht, en uitgesaai in die radioprogramreeks "Dit kom van ver af". Die tweede strofe lui soos volg:

Dis swaar om 'n arm man te wees  
dis swaar om 'n arm man te wees  
want 'n arm man se kind is 'n ryk man se hond  
dis swaar om 'n arm man te wees.

(SAUK-bandopname:TM191)

Die "arm man se seun is 'n ryk man se hond" kom by die bruinmense voor as: "'n bruinman se seun is 'n witman se hond". Dit is 'n sosiale verskynsel dat by die blankes ryk en arm teenoor mekaar afgespeel word, terwyl by die bruinmense bruin teenoor wit afgespeel word.

(421)



Sy bly die naam in my le-we die soe-te naam van moe-  
der dit help my om deur swaar te kry die naam van haar my moe-  
der moe- der o soe-te naam moe- der lief-ste naam van haar  
moe- der hei-li-ge die naam die naam van haar my moe-der.

Sy bly die naam in my lewe  
die soete naam van moeder

dit help my om deur swaar te kry  
 die naam van haar my moeder  
 Moeder o soet die naam  
 Moeder liefste naam van haar  
 Moeder heilige die naam  
 die naam van haar my moeder.

(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Die hele lied is 'n verheerliking van die moeder. Daar is geen variant gevind nie en die oorspronklike kon nie opgespoor word nie. Dit is moontlik dat dit op 'n plaat verskyn.

(422)

Ek moet nou gaan na Pretoria  
 Om 'n storie te gaan vertel.  
 Die weer was bitter koud.  
 In die hoekie sit 'n meisie  
 Sy lyk so skaam en benoud.  
 (Murray 1974:1)

Dié lied is waarskynlik een van die heel bekendste "tranetrekkers en smartlappe" van die jare dertig tot vyftig (Pretorius 1988:18). Dit is 'n Afrikaanse verwerking deur Willem Versveld (vergelyk nr. 377) van die oorspronklike Engels-Amerikaanse lied, "The East-bound train". Dit is op plaat deur Chris Bignaut dwarsdeur die land bekend gemaak. Die lied het baie gewild geword en talle variante daarvan is deur Grobbelaar in liedjiesboeke gevind (Grobbelaar 1987:257). Een van die plate van die Briel-gesin, wat baie bekende sangers van daardie jare was, is getitel *Op trein na Pretoria*. Die teks van die eerste strofe soos deur die Briels gesing, lui soos volg:

Dit het gebeur op die trein na Pretoria,  
 Die weer was bitterlik koud.  
 In 'n hoekie sit 'n meisie  
 Sy lyk vir my skaam en benoud.  
 Die kondukteur die vra vir haar kaartjie  
 Sy sê sy't nie geld om een te koop,  
 "Maar ek moet gaan na Pretoria,  
 Al moet ek ook daarheen loop.  
 My moeder lê daar op sterwe  
 En ek is haar enigste kind  
 En ek moet gaan na Pretoria  
 As ek haar nog lewend wil vind."  
 (Pretorius 1988:18)

Die eerste twee strofes van een van Grobbelaar se weergawes lui soos volg:

Een aand op die trein na Pretoria  
 die weer was bitterlik koud

in die hoekie sit 'n meisie  
sy lyk tog so skaam en benoud.

Die kondukteur vra toe haar kaartjie  
sy lyk so vreeslik gekwel  
uit haar oë stort die trane  
toe het sy die storie vertel.  
(Grobbelaar 1987:257)

**(423)**

Nou vlie my voëltjie weg  
nou vlie my voëltjie weg  
en dan kom sy nooit weer nie.  
(Murray 1974:6)

Dié lied is deur 'n ma vir haar kind gesing en sy noem dit die liedjie met die "weggaanwoorde"  
(Murray 1974:6).

## HOOFSTUK 13

### GODSDIENSTIGE LIEDERE

Daar is 'n versameling van ongeveer sestig gewyde liedere in hierdie hoofstuk byeengebring. Dit ly geen twyfel dat hulle volksliedere genoem kan word nie, want hulle leef by uitstek in die volksmond. Strydom spreek ook die mening uit dat gewyde liedere as religieuse volksliedere beskou kan word (1983:201).

Die geestelike lied kan nie altyd streng van die wêreldlike lied geskei word nie. Daar is te veel wisselwerking tussen die twee groepe, veral wat wysies betref (Schrijnen 1933:261). Dié feit word bevestig deur prof. G.G. Cillié, kenner van kerkmusiek in die algemeen en spesifiek van die ou Afrikaanse liederwysies, wat voorbeelde noem van geestelike liedere met wêreldlike wysies (G.G. Cillié:onderhoud). In hierdie versameling is dit ook aangetref, byvoorbeeld by nr. 456. Dikwels is die wysie nie in geheel dié van 'n wêreldlike lied nie, maar kom fragmente wel voor (vergelyk nr. 452). In die algemeen het baie wysies 'n sterk sekulêre inslag (vergelyk nrs. 437, 447, en 464).

Die gewyde liedere wat by die bruinmense gevind is, is meestal van die sogenaamde "koortjie"- tipe wat sterk ooreenkoms toon met hallelujaliedere. Die oorsprong van die koortjies lê vermoedelik in die gebruik om liedere met baie strofes na elke strofe af te wissel met 'n koor of refrein wat 'n deurlopende draad verskaf het. Omdat die sangers nie altyd al die strofes kon onthou nie, het hulle dikwels net die koortjies gesing. Later het dié koortjies onafhanklik van 'n langer lied ontstaan (G.G. Cillié:onderhoud). Verskeie liederbundels van kerkgenootskappe is deurgegaan om te kontroleer of hierdie liedere daarin verskyn, maar nie een van die liedere is volledig daar gevind nie. Hier en daar is brokstukke wat ooreenstem met dele van Hallelujaliedere (vergelyk nrs. 424, 425 en 436). Die volgende bundels is geraadpleeg:

*De kinderharp* (1892, gebruik deur die N.G. Kerk)

*De Psalmen en evangelische gezangen* (1895, gebruik deur die N.G. Kerk)

*Evangelisch gezangboek* (1923, saamgestel deur die Hervormde kerke van Nederland, maar in die 19de ook deur die Afrikaanse kerke gebruik)

*Halleluja* (1983, gebruik deur die N.G. Kerk en die Evangelies-Gereformeerde Kerk)

*Sionsgesange* (1984, gebruik deur die N.G. Sendingkerk)

'n Moontlikheid bestaan dat die bruinmense van die liedere by sektes geleer het. Een liederbundel van sektes en een wat deur die Anglikaanse Kerk gebruik word, is gevind, maar albei is in Engels. Die boek *Living praise* (1983) bevat Engelse koortjies en word deur verskillende sektes asook die Bethel-Bybelgenootskap gebruik. *Scripture in song* (1979) bevat toonsettings van Skrifgedeeltes en is baie gewild by die Anglikaanse Kerk (Pietersen 1989:onderhoud).



Enkele liedere met 'n geestelike strekking wat nie noodwendig by 'n kerk- of ander gewyde byeenkoms gesing sou word nie, is ingesluit (vergelyk nrs. 434 en 461).

Die kerksang van die bruinmense is baie meer informeel as wat oor die algemeen by blanke kerke aangetref word. In dié opsig sluit dit nouer aan by die volkslied. Die bruinmense sing graag en baie tydens kerkdienste of ander godsdienstige byeenkomste. By byeenkomste wat nie in 'n kerkgebou plaasvind nie, sing hulle meestal onbegeleid.

'n Kenmerk van die gewyde sang van die bruinmense is dat wanneer 'n groep dit sing, dit altyd meerstemmig is met pragtige harmonieë wat op natuurlike wyse gedoen word. Soms is daar so baie harmonieë dat dit moeilik is om die wysie uit te maak (vergelyk nr. 11 op meegaande kasset).

Herhaling is die mees uitstaande kenmerk van die koortjies. Hier kan nie van 'n rymskema gepraat word nie, aangesien rymwoorde selde voorkom, maar wel van 'n reëlpatroon. Baie koortjies het die vorm aaba (vergelyk nrs. 438, 441, 448 en 458), terwyl by die meerstrofige koortjies dikwels die vorm aaab, cccb, dddb, ensovoorts, aangetref word (vergelyk nrs. 426, 427, 446 en 469).

Die godsdienstige liedere handel oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe, maar een tema wat verskeie male aangetref word, is dié van die kruis (vergelyk nrs. 427, 428 en 461).

#### (424)



As ek ben ar-rem naak en blind vlug ek tot oor my  
 siel se vrind wan-neer ek Hom indie le-we  
 vind o lam van God- ek hoor.

As ek ben arm naak en blind  
 vlug ek tot oor my siel se vrind  
 wanneer ek Hom dan in die lewe vind

o Lam van God ek hoor.

(D. Isaac: Kliprand)

"Lam van God" verwys na Jesus Christus (vergelyk Johannes 1:36: "Toe Jesus verbyloop, het Johannes stip na Hom gekyk en gesê: 'Dáár is die Lam van God!'").

Die lied toon ooreenkoms met reël drie van hallelujalied nr. 437, wat soos volg lui:

Jesus min my, salig lot!  
Dit leer my die Woord van God;  
al is ek ook swak en blind,  
nogtans noem Hy my sy kind.  
(Halleluja 1983:204)

Daar is egter geen ooreenkoms in die wysies nie.

Dit is een van twee godsdienstige liedere wat by die bruinmense gevind is wat 'n geringe Nederlandse invloed toon (vergelyk nr. 442).

(425)

As ju-le doen wat die woord sê stro-me van le-wen-de  
wa-ter stro-me van le-wen-de wa-ter  
sal in jou hin-ne-ste vloei.

As julle doen wat die Woord sê  
stromen van lewende water  
stromen van lewende water  
sal in jou binneste vloei.  
(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Die "Woord" verwys na die Woord van God, naamlik die Bybel. Reël twee, "stromen van lewende water" is die Bybelse simboliek vir die onsterflikheid of ewige lewe wat die mens kan verkry deur in die Woord te glo.



Dié lied toon ooreenkoms met hallelujalied nr. 508 wat lui:

Strome van lewende water,  
 strome van lewe so vry,  
 vloeiend van U, o my Heiland,  
 laat hulle vloei ook deur my.  
 (Halleluja 1983:228)

Daar is nie ooreenkoms in die wysies nie.

(426)

Daar bo sal ek nou my va-der loop sien daar bo sal ek nou my  
 va-der loop sien daar bo sal ek nou my va-der loop sien in die  
 nu-we Je-ru-sa-lem.

Daar bo sal ek nou my vader loop sien  
 daar bo sal ek nou my vader loop sien  
 daar bo sal ek nou my vader loop sien  
 in die Nuwe Jerusalem.

Daar bo sal ek nou my moeder loop sien  
 daar bo sal ek nou my moeder loop sien  
 daar bo sal ek nou my moeder loop sien  
 in die Nuwe Jerusalem.

Daar bo sal ek nou my broeder loop sien  
 daar bo sal ek nou my broeder loop sien  
 daar bo sal ek nou my broeder loop sien  
 in die Nuwe Jerusalem.

Daar bo sal ek nou my suster loop sien  
 daar bo sal ek nou my suster loop sien

daar bo sal ek nou my suster loop sien  
in die Nuwe Jerusalem.

Daar bo sal ek nou my heerlijkheid loop sien  
daar bo sal ek nou my heerlijkheid loop sien  
daar bo sal ek nou my heerlijkheid loop sien  
in die Nuwe Jerusalem.

Daar bo sal ek nou my saligheid loop sien  
daar bo sal ek nou my saligheid loop sien  
daar bo sal ek nou my saligheid loop sien  
in die Nuwe Jerusalem.

(K. Esterhuyse: Middelpos)

Volgens Openbaring 21:9-27 is die Nuwe Jerusalem 'n sinnebeeldige voorstelling van die Kerk van Jesus Christus in volle vereniging met Hom, die Bruidegom (Geldenhuis 1976:815). Uit die lied blyk dit egter dat dié betrokke Skrifgedeelte letterlik opgeneem is, asof die stad Jerusalem in 'n nuwe voorkoms in die hemel aangetref sal word.

Opvallend van hierdie lied is die element van herhaling wat tipies is van die godsdienstige koortjie.

(427)

Daar hang die He-re aan die kruis daar  
hang die He-re aan die kruis daar hang die He-re aan die  
kruis op die heu-wel van Gol-go-ta.

Daar hang die Here aan die kruis  
daar hang die Here aan die kruis  
daar hang die Here aan die kruis  
op die heuwel van Golgota.

Vir u en vir my  
 vir u en vir my  
 vir u en vir my  
 op die heuwel van Golgota.

Dit maak net die liefde alleen  
 dit maak net die liefde alleen  
 dit maak net die liefde alleen  
 op die heuwel van Golgota.

Daar sterf onse Jesus aan die kruis  
 daar sterf onse Jesus aan die kruis  
 daar sterf onse Jesus aan die kruis  
 op die heuwel van Golgota.

Daar kniel 'n engel by die kruis  
 daar kniel 'n engel by die kruis  
 daar kniel 'n engel by die kruis  
 op die heuwel van Golgota.  
 (Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Die hele lied verwys na die kruisiging van Jesus Christus (vergelyk Matt.27:31-44; Mark.15:21-32; Luk.23:26-48; Joh.19:17-27). Strofe een en vier behandel die werklike gebeure, terwyl strofe twee en drie die betekenis van die gebeure oordra. Strofe vyf is onbybels.

Die lied het presies dieselfde bou as die vorige, nr. 426, naamlik elke strofe bestaan uit drie eenderse reëls met 'n slotreël wat deurgaans dieselfde is. Soos in die inleiding gemeld is, is dit 'n vorm wat meermale by die koortjies voorkom (vergelyk ook nrs. 445 en 467).

Die volgende variant is by die Rehoboth-Basters opgeteken:

Daar hang onse Jesus aan die kruis, aan die kruis.  
 Daar hang onse Jesus aan die kruis, aan die kruis.  
 Daar hang onse Jesus aan die kruis, aan die kruis.  
 Op die heuwel van Golgotha.

Vir u en vir my, en vir my.  
 Vir u en vir my, en vir my.  
 Vir u en vir my, en vir my.  
 Op die heuwel van Golgotha.  
 (Strydom 1983b:notasievoorbeeld 22)

Die wysies is nie noot vir noot dieselfde nie, maar baie na aan mekaar.

(428)


Daar is plek by die kruis vir jou daar is plek by die kruis vir jou baie het ge-kom en daar is nog plek vir jou- daar is plek by die kruis- vir jou kruis vir jou.

Daar is plek by die kruis vir jou  
 daar is plek by die kruis vir jou  
 daar is plek by die kruis vir jou  
 daar is plek by die kruis vir jou  
 baie het gekom en daar is nog plek vir jou  
 daar is plek by die kruis vir jou.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Dit is nog 'n lied, soos ook nr. 427, waar die tema van die kruis baie prominent is.

(429)

Daar loop 'n gro-te snel-treinge-du-rig deur die land sy naam is won-der-sa-lig ge-bou deur God se hand Ity laat nie af-klim



toe nie en loop op 'n tyd so ver en ons gaan he-mel-

huistoe as die goei-e By-bel lei .

Daar loop 'n grote sneltrein  
 gedurig deur die land  
 sy naam is Wondersalig  
 gebou deur God se hand  
 Hy laat nie afklim toe nie  
 en loop op 'n tyd so ver  
 en ons gaan hemelhuis toe  
 as die goeie Bybel lei  
 die goeie Bybel lei  
 die goeie Bybel lei  
 ek koop daarvoor 'n kaartjie  
 as die goeie Bybel lei  
 Hy laat nie afklim toe nie  
 en loop op 'n tyd so ver  
 en ons gaan hemelhuis toe  
 as die goeie Bybel lei.

(Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

Die lied het nie die bou van 'n koortjie nie, maar is meer verhalend.

(430)

Deur die he-le week deur die he-le week het Je-sus my  
 vei - lig deur-ge- dra deur die he-le week deur die he-le  
 week het Je-xus my vei - lig deur-ge- dra daar-om

is daar-om is ek so ge-luk-kig daar-om is daar-om  
 is ek so bly kom drink 'n bie-tjie le-wen-de  
 wa-ter kom drink 'n bie-tjie saam met my.

D.C. AL FINE

Deur die hele week deur die hele week  
 het Jesus my veilig deurgedra  
 deur die hele week deur die hele week  
 het Jesus my veilig deurgedra  
 daarom is daarom is ek so gelukkig  
 daarom is daarom is ek so bly  
 kom drink 'n bietjie lewende water  
 kom drink 'n bietjie saam met my.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Die begrip "lewende water" kom ook voor in nr. 425, waar 'n volledige verduideliking gegee word.

(431)

Die eer-ste dag toe ont-moet ek my va-der is dit jou  
 va-der? nee nee nee nee- hoe-kom dan nie?  
 hy ver-sleg my naam-.

Die eerste dag toe ontmoet ek my vader  
 is dit jou vader?  
 nee nee nee nee.

Praatstem:

Hoekom dan nie?  
 hy versleg my naam.

Die tweede dag ontmoet ek my suster  
 is dit jou suster?  
 nee nee nee nee.

Praatstem:

Hoekom dan nie?  
 sy versleg my naam.

Die derde dag ontmoet ek my Jesus  
 is dit jou Jesus?  
 ja ja ja ja.

Praatstem:

Hoe lank gaan hy jou Jesus wees?  
 tot in alle ewigheid.  
 (H. Saal: Springbok)

Dit is die enigste van die godsdienstige liedere waar gesproke gedeeltes aangetref is. Die strekking van die woorde herinner aan nr. 426. Dit is nie duidelik wat die sanger met "hy versleg my naam" bedoel nie. Dit kom voor asof die vader (en in strofe twee die suster) kwaadpraat van die sanger. As die ontmoeting in die hemel plaasvind, maak dit egter nie sin nie.

(432)

Die he-mel is so mooi waar-om sal ons twy-fel  
 kom ons dien die He-re want Hy is die moei-te werd.

Die hemel is so mooi  
 waarom sal ons twyfel  
 kom ons dien die Here



want Hy is die moeite werd.

(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

(a)

Die he-mel is so mooi waar-om sal ons twy-fel  
kom ons dien die He-re want Hy is die moi-be werd.

Die hemel is so mooi  
waarom sal ons twyfel  
kom ons dien die Here  
want Hy is die moeite werd.  
(E. Bok: Lekkersing)

Die woorde van die twee optekeninge stem presies ooreen. Die eerste vier mate van die musiek is ook dieselfde, maar vanaf maat 5 tot die einde is daar verskille. Die lied word in albei gevalle met 'n gesinkopeerde ritme gesing.

(433)

Die Naam van Je-sus Chris-tus moet ge-prys word  
prys sy Naam - prys sy Naam prys sy Naam -  
prys sy - Naam.

Die Naam van Jesus Christus  
 moet geprys word  
 die Naam van Jesus Christus  
 moet geprys word  
 prys sy Naam prys sy Naam  
 prys sy Naam prys sy Naam.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (a), George)


Dié lied bestaan uit lofprysing teenoor Jesus Christus, soos in talle ander godsdienstige liedere aangtrek word (vergelyk *Die berymde psalms en die evangeliese gesange* 1978:gesange 181-203).

Hier word weer die verskynsel aangetref wat by enkele liedere in hoofstuk 12 voorgekom het (vergelyk nr. 413), dat een lettergreep, in hierdie geval "Naam" in maat 3 en 5, oor drie note versprei word.


(434)




Dik-wels kniel my moe-der een-saam in haar hui-sie voor haar



bed en dan bid sy dat die Heer my siel moet red—




en dan pleit sy daarvoor Je-sus as sy dink sy is al-




leen maar ek hoor sy noem my naam in haar ge-bed— ek hoor sy



bid ek hoor sy bid vir my— ek hoor sy



pleit ek hoor sy pleit vir my— ek ken haar stem ek ken haar



✓✓

Dikwels is my moeder eensaam  
 in haar huisie voor haar bed  
 en dan bid sy dat die Heer my siel moet red  
 en dan pleit sy daar by Jesus  
 as sy dink sy is alleen  
 maar ek hoor sy noem my naam  
 in haar gebed.

Refrein:

Ek hoor sy bid  
 ek hoor sy bid vir my  
 ek hoor sy pleit  
 ek hoor sy pleit vir my  
 ek ken haar stem  
 ek ken haar stem  
 sy roep na my  
 ek hoor sy bid  
 ek hoor sy bid vir my.

Sy wou graag haar kindjie so hê  
 net soos Jesus dit wil hê  
 en sy het aan sy voete neergelê  
 ek onthou nie juis die woorde  
 wat sy daar gebruik het nie  
 maar ek hoor sy noem my naam  
 in haar gebed.

Refrein:

Ek hoor sy bid  
 ek hoor sy bid vir my  
 ek hoor sy pleit  
 ek hoor sy pleit vir my  
 ek ken haar stem  
 ek ken haar stem  
 sy roep na my  
 ek hoor sy bid  
 ek hoor sy bid vir my.

(Groep volwassenes: Amerville, Fraserburg)

Bogenoemde is een van die liedere wat, soos in die inleiding gemeld is, nie noodwendig by gewyde byeenkomste gesing is nie, maar dit het tog 'n sterk godsdienstige strekking.


Die tema van 'n biddende moeder is baie gewild by die volksmens. Grobbelaar gebruik in *Die volk as digter III* die lied "Sou ik niet my moeder eeren", waarvan hy talle variante bekom het. Dit is 'n gedeeltelike verafrikaansing van 'n gedig deur 'n vroeë Nederlandse digter, H. van Alphen (1988:162). Die volgende weergawe, waarvan die eerste drie strofes aangehaal word, word op die wysie van die gewilde "Clementine" gesing:

Sou ik niet my moeder eeren?  
ag wat doet sy nie vir my  
wat my nut is dit bespoed sy  
ben ik vrolik sy is bly.

Ben ik siek ik hoor haar klagen  
en wanneer sy by my sit  
met haar oog omhoog geslagen  
dan geloof ik dat sy bid.

Ja dan bid sy dat ik spoedig  
mog bevry word van my smart  
word ik beter hoe blymoedig  
en hoe dankbaar is haar hart.  
(Grobbelaar 1988:162-163)

(435)



Dis heer-lik om vry te kan wees dis heer-lik om vry te kan  
wees dis heer-lik dis heer-lik dis heer-lik om vry te kan wees.

Dis heerlik om vry te kan wees  
dis heerlik om vry te kan wees  
dis heerlik dis heerlik  
dis heerlik om vry te kan wees.  
(Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Die lied word baie langsaam en gedrae gesing sodat dit glad nie so kort is soos dit in geskrewe vorm voorkom nie. "Om vry te kan wees" verwys daarna dat hulle wat in Christus glo, bevry is van die mag van die sonde en vry is van die straf op sonde, omdat Christus hulle vrygekoop het deur sy kruisdood.

(436)

Dit was vir my— n mooi-e dag— toe ek my  
 Hei-land so ont-moet n bly-e dag—  
 n mooi-e dag— my Hei-land leef hierwaardit  
 voel hier bin-ne my siel— my Hei-land leef  
 hier bin-ne my siel— ek leef nie meer Hy  
 leef hier bin-ne my siel— hoe ek— kan hoor  
 hoe ek kan voel— my Hei-land leef hier waar dit  
 voel hier bin-ne my siel— my Hei-land

Dit was vir my 'n mooie dag  
 toe ek my Heiland so ontmoet  
 'n blye dag 'n mooie dag  
 my Heiland leef hier waar dit voel  
 hier binne my siel  
 my Heiland Heer  
 hier binne my siel  
 ek leef nie meer  
 my Heiland leef  
 hier binne my siel  
 ek kan hoor ek kan voel  
 my Heiland leef hier waar dit voel  
 hier binne my siel.  
 (Groep volwassenes: Quado, De Doorns)

Hierdie groep informante het besonder pragtige sang gelewer. Die vertolking van dié lied is merkwaardig wat harmonieë betref (vergelyk ingeslote kasset nr. 10). Die woorde herinner aan hallelujalied nr. 201:

O blye dag, waarop my siel  
 deur Jesus bloed gereinig is.  
 Ek juig, terwyl ek dankbaar kniel  
 voor Jesus wat my Redder is!

Koor:

Blye dag, blye dag,  
 die einde van my sondenag!  
 Die Heiland leer my bid en waak,  
 die vreugde van die lewe smaak.  
 Blye dag, blye dag,  
 die einde van my sondenag!  
 (Halleluja 1983:91)

Die wysies van die twee liedere toon egter geen ooreenkoms nie.

(437)

Ek is so bly dat ek kan sê dat Je-sus het my lief



Je-sus het my lief Je-sus het my lief

ek is so bly dat ek kan sê dat Je-sus het my lief ha-le-

lu-ja Je-sus het my lief.

Ek is so bly dat ek kan sê dat

Jesus het my lief

Jesus het my lief

Jesus het my lief

ek is so bly dat ek kan sê dat

Jesus het my lief

halleluja Jesus het my lief.

(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

In ooreenstemming met die woorde word die lied op baie vrolike trant gesing.

(438)

Ek voel om in te gaan ek voel om in te gaan my

huis is in die he-mel ek voel om in te gaan.

Ek voel om in te gaan

ek voel om in te gaan

o my huis is in die hemel

ek voel om in te gaan.

(Groep volwassenes: Grootplaas, Louterwater)

"My huis is in die hemel" verwys na die Skrifgedeelte waar Jesus aan sy dissipels sê dat hy na sy Vader gaan om vir hulle plek te berei: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek" (Joh. 14:2).



'n Opmerklike verskynsel by die ritmiese vertolking van hierdie lied, is die fermate op die laaste noot van maat 3. Nie alleen is die voorkoms daarvan seldsaam by volksliedere in groepsang nie, maar in hierdie geval word dit gevind op die eerste noot van 'n reël waar dit normaalweg op 'n laaste noot aangetref word.

(439)

Ek is die wa-re wyn- stok en my va-der die land-bou-  
er en el-ke loot wat in my nie vrug dra nie die  
neem- hy- weg dis el-ke loot- wat vrug-te dra die maakhy  
skoon so -dat dit meer vrug-te dra- .

Ek is die ware wynstok  
en my Vader die landbouer  
en elke loot wat in My nie vrug dra nie  
die neem Hy weg  
dis elke loot wat vrugte dra  
wat vrugte dra  
die maak Hy skoon  
sodat dit meer vrug sal dra.  
(R. Swarts: George)

Dié lied is gebaseer op Joh. 15:1-2: "Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra."

Die woorde van die lied stem baie ooreen met nr. 449, maar as die woorde en die vorm goed bestudeer word, is dit duidelik dat hulle nie variante is nie. Die wysies stem ook nie ooreen nie.

(440)

Ek weet die He-re maak 'n weg vir- my ek weet die He-re maak 'n  
weg vir my- want van-mô-re sit ek hier ag-ter  
se-we slot-te en 'n muur ek weet die He-re maak 'n weg vir-  
my.


Ek weet die Here maak 'n weg vir my  
ek weet die Here maak 'n weg vir my  
want vanmôre sit ek hier  
agter sewe slotte en 'n muur  
ek weet die Here maak 'n weg vir my.  
(R. Swarts: George)

"Die Here maak 'n weg vir my" verwys na dieselfde Skrifgedeelte as nr. 438. Jesus het aan die dissipels verduidelik dat Hy vir hulle die weg sal berei na die Vaderhuis: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6)


Reël vier verwys waarskynlik na die gevangenis. Dit is dus heel moontlik nie 'n kerklied nie, maar dit het tog 'n duidelike gewyde inslag. Die getal sewe speel 'n belangrike rol in die volksgeloof as gelukkige getal (Grobbelaar 1977:96), en in die Bybel as heilige getal.

(441)

En bai-e diep haal Hy my uit en bai-e diep haal-



Hy- my uit Hy plaas my voe-te op 'n e-wi-ge rots e baie




diep haal Hy my uit.

En baie diep haal Hy my uit  
 en baie diep haal Hy my uit  
 en plaas my voete op 'n ewige rots  
 en baie diep haal Hy my uit.  
 (S. Erasmus: George)


Die lied is waarskynlik gebaseer op Ps.40:3: "Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder, my op 'n rots laat staan en my weer op vaste grond laat loop". Die rots word in die Bybel gebruik as simbool van standvastigheid. Daarom het Jesus aan Simon die naam Petrus, wat "rots" beteken, gegee (vergelyk Matt.16:18).

Die vorm van hierdie lied, naamlik die reëlpatroon aaba, word dikwels by koortjies aangetref. 'n Uiteensetting daarvan is in die inleiding gegee (vergelyk ook nrs. 438, 448, en 458).


(442)



En daar was her-ders te Bet-le-hem in-die oop veld wat



wag-hou oor al-die-ska-pe die nag en met-



eens staan 'n eng-el-by-hul-le en die heer-lik-heid het



rond-om hul-le ge-styn die heer-lik-heid des He-ren die heer-lik-

heid het rond-om hul- le ge- skyn toe word hul-le bai-e bang

groot vrees het hul oor- wel-dig en die eng- el se vir

hul-le wees nie be- vrees wees nie be-

vrees want kyk ek- ver- kon-dig die gro-- te-

blyd- skap ja gro--- te- blyd skap- vir die he-- le

volk van- dag- is- jul- le ver- los-- ser ge- bo- re wel-ke

is --- Chris- tus die Heer in- die- stad-

Da --- wid en skie-lik was saam met die

eng- el in me- nig- te he- mel- se leër- ska- re die me- nig- te

loof en prys- die Heer en sy- ne e- re e- re

e - re aan God in die hoog - ste en vre - de op aar - de in die  
 men - se 'n wel - be - ha - - e in die men - se 'n wel - - be -  
 ha - - e e - re aan God (in die hoog - - ste)  
 e - re aan God (in die hoog - - ste) en vre - - de op  
 aar - de en vre - - de op aar - de in die men - se 'n wel - - be -  
 ha - - e e - re e - re e - re aan God in die  
 hoog - ste en vre - de op aar - de in die men - se 'n  
 wel - be ha - - e in die men - se 'n wel - - be - ha - -  
 e .

En daar was herders te Betlehem  
 in die oop veld  
 wat waghou oor al hulle skape die nag

en meteens staan 'n engel by hulle  
 en die heerlijkheid het rondom hulle geskyn  
 die heerlijkheid is des Heeren  
 die heerlijkheid het rondom hulle geskyn  
 toe word hulle baie bang  
 groot vrees het hulle oorweldig  
 en die engel sê vir hulle  
 wees nie bevrees  
 wees nie bevrees  
 want kyk ek verkondig  
 die grote blydschap  
 ja grote blydschap  
 vir die hele volk  
 vandag is julle Verlosser gebore  
 dit is Christus die Heer  
 in die stad Dawid  
 ek skielik was saam met die engele  
 menigte hemelse leërskaer  
 die menigte loof en prys die Heer en syne  
 ere ere ere aan God in die hoogste  
 en vrede op aarde  
 in die mense 'n welbehae  
 in die mense 'n welbehae  
 ere aan God in die hoogste  
 ere aan God in die hoogste  
 en vrede op aarde  
 en vrede op aarde  
 in die mense welbehae  
 ere ere ere aan God in die hoogste  
 en vrede op aarde  
 in die mense 'n welbehae  
 in die mense 'n welbehae.  
 (W. van Niekerk: George)


Dié betrokke Skrifgedeelte (Luk. 2:8-14) is getoonset deur C. Palmer, professor in teologie aan die Universiteit van Tübingen. Hy is oorlede in 1875 (*FAK-sangbundel* 1951:343). Die lied is in dié versameling opgeneem omdat mnr. Van Niekerk beweer het dat hy dit self getoonset het. Daar is eers later vasgestel dat dit 'n komposisie van Palmer is. Dit is waarskynlik nie 'n doelbewuste valse bewering nie, maar dit is 'n bekende verskynsel dat mense 'n lied of rym soveel maal by herhaling sing of sê, dat hulle later self glo dat hulle dit geskep het. Dit voldoen moontlik nie in hierdie oorspronklike vorm aan die basiese vereistes van 'n volkslied nie, maar dit is nie onmoontlik dat dit so gewild kan raak dat dit mondelings oorgedra sal word nie.



Daar is 'n oorblyfsel van Nederlands te bespeur in die vorm van "des Heeren" (reël ses). Met "in die stad Dawid" word bedoel "in die stad van Dawid".

Dit is die enigste Kerslied wat by die bruinmense aangetref is, met die uitsondering van nr. 476(a), wat nie 'n Kersboodskap dra nie, maar vroeër jare gereeld met Kersfees gesing is.

(443)



Er- ken Hom in al jou we-ë er-ken Hom in al jou  
we-ë er-ken Hom in al jou we-ë en dan  
sal Hy jou paaie ge-lyk-maak.

Erken Hom in al jou weë  
erken Hom in al jou weë  
erken Hom in al jou weë  
dan sal Hy jou paaie gelyk maak.

Dan sal Hy jou paaie gelyk maak  
dan sal Hy jou paaie gelyk maak  
dan sal Hy jou paaie gelyk maak  
ja erken Hom in al jou weë.

(Groep volwassenes: Grootplaas, Louterwater)

Die woorde is gebaseer op Spr. 3:6: "Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak" (1933-vertaling).

Die element van herhaling is nie net in die woorde baie sterk nie, maar ook in die wysie, waar die eerste drie reëls dieselfde melodiese lyn handhaaf, 'n heeltoon uit mekaar.

In die *Jeugsangbundel* wat deur die N.G. Kerk uitgegee is, verskyn die woorde soos volg:

Ken Hom in al jou weë,  
ken Hom in al jou weë,



dan sal Hy jou paaie gelyk maak,  
 gelyk maak, gelyk maak.  
 Ken Hom in al jou weë.  
 (*Jeugsangbundel* 1987:18)

Die Rehoboth-Basters sing die lied soos volg:

Ken Hom in al jou weë,  
 Ken Hom in al jou weë,  
 Ken Hom in al jou weë,  
 Dan sal Hy jou paaie gelykmaak.  
 Dan sal Hy jou paaie gelykmaak.  
 Dan sal Hy jou paaie gelykmaak.  
 Dan sal Hy jou paaie gelykmaak.  
 Ken Hom in al jou weë.  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 26)

Die wysies van nr. 443 en dié van die Rehoboth-Basters is dieselfde, hoewel die ritme verskil. Die wysie van die *Jeugsangbundel* verskil egter heeltemal daarvan.

(444)

Gaan jy deur 'n don-ker wolk eers tot ster-we kind van God  
 moet tog nooit nie wan-kel nie mô-re sal die son weer skyn.  
 Mô-re sal die son weer skyn mis-wol-ke sal dan ver-dwyn  
 glim-lag deur die sto-rm-wind jy is mos 'n Ko-nings-kind.

Gaan jy deur 'n donker wolk  
 eers tot sterwe kind van God  
 moet tog nooit nie wankel nie  
 môre sal die son weer skyn.

Koor:

Môre sal die son weer skyn  
miswolke sal dan verdwyn  
glimlag deur die stormwind  
jy is mos 'n Koningskind.

Jesus sal jou laste dra  
al was die stryd ook baie swaar  
wonderlik om dit te weet  
môre sal die son weer skyn.

Koor:

Môre sal die son weer skyn  
miswolke sal dan verdwyn  
glimlag deur die stormwind  
jy is mos 'n Koningskind.

God sal jou laste dra  
Hy doen alles wat jy vra  
wonderlik om dit te weet  
môre sal die son weer skyn.

Koor:


Môre sal die son weer skyn  
miswolke sal dan verdwyn  
glimlag deur die stormwind  
jy is mos 'n Koningskind.

(Groep volwassenes: Amerville, Fraserburg)

Herhaling het in hierdie lied nie 'n vaste patroon nie, maar kom dikwels voor. Die enigste vaste patroon is dat die laaste reël van al die strofes dieselfde is. Die refrein of koor handhaaf ook dieselfde vorm.

Die donker wolk waarna in strofe een verwys word, kan simbool wees van lyding. "Koningskind" (strofe twee) verwys na 'n kind van God. "Jesus sal jou laste dra" (strofe drie) is gebaseer op Matt. 11:28-30.

(445)



God roep nog die ver-lo-re so naas jou luis-ter na

hoor hoor sy roep-stem hoor God roep na jou jy het  
 ver af-ge-dwaal maar van-dag roep Hy na jou hoor hoor sy  
 roep-stem hoor God roep na jou.

God roep nog die verlore  
 so naas jou luister na  
 hoor hoor sy roepstem  
 hoor God roep na jou.

Jy het ver afgedwaal  
 maar vandag roep Hy na jou  
 hoor hoor sy roepstem  
 hoor God roep na jou.  
 (M. Krige: De Doorns)

Die tweede reël van strofe een wat voorkom asof dit nie sin maak nie, is net so deur die informant gesing. Sy het waarskynlik deurmekaar geraak of die woorde vergeet, of moontlik bedoel "so haas jou luister na Hom".

Die lied is waarskynlik gebaseer op die Skrifgedeelte "Die goeie herder" wat in Joh. 10:1-21 opgeteken is.

(446)

Gooi o-lie gooi o-lie in jul lam-pe gooi  
 o-lie gooi o-lie in jul lam-pe gooi

o-lie gooi o-lie in jul lam-pe want die  
brui-de-gom die kom teen mid-der-nag.

Gooi olie gooi olie in julle lampe  
gooi olie gooi olie in julle lampe  
gooi olie gooi olie in julle lampe  
want die bruidegom die kom om middernag.

Word wakker word wakker in julle drome  
word wakker word wakker in julle drome  
word wakker word wakker in julle drome  
want die bruidegom die kom om middernag.

Halleluja halleluja in die hemel  
halleluja halleluja in die hemel  
halleluja halleluja in die hemel  
want die bruidegom die kom om middernag.  
(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Die lied verwys na die gelykenis van die tien meisies, soos opgeteken in Matt. 25:1-13.

Die bou van die lied is dieselfde as onder andere nrs. 426 en 427.

'n Variant van dié lied wat nog sterk Nederlandse invloed toon, is by prof. G.G. Cillié gevind. Hy het dit in Oktober 1950 by mnr. Frans Fouché en sy vrou van Doornhoek, Pk. Maanhaarrand, opgeteken:

Bereid uwe lampen  
bereid uwe lampen  
bereid uwe lampen  
want die bruidegom kom  
want die bruidegom kom  
want die bruidegom kom  
bereid uwe lampen  
want die bruidegom kom.

Houdt olie in uwe lampen  
houdt olie in uwe lampen  
houdt olie in uwe lampen  
want die bruidegom kom

want die bruidegom kom  
 want die bruidegom kom  
 houdt olie in uwe lampen  
 want die bruidegom kom.


Ontwaak uit uw slaapen  
 ontwaak uit uw slaapen  
 ontwaak uit uw slaapen  
 want die bruidegom kom  
 want die bruidegom kom  
 want die bruidegom kom  
 ontwaak uit uw slaapen  
 want die bruidegom kom.

Draai om gy die dwaze  
 draai om gy die dwaze  
 draai om gy die dwaze  
 want die deure is gesluit  
 want die deure is gesluit  
 want die deure is gesluit  
 draai om gy die dwaze  
 want die deure is gesluit.

Gaan uit Hem tegemoet  
 gaan uit Hem tegemoet  
 gaan uit Hem tegemoet  
 want die bruidegom kom  
 want die bruidegom kom  
 want die bruidegom kom  
 gaan uit Hem tegemoet  
 want die bruidegom kom.  
 (G.G. Cillie:manuskrip)

Die wysies van die twee liederes stem nie ooreen nie.

(447)



na ho - san - na hal - le - lu - ja

ho - san - na.

Hosanna halleluja hosanna  
 hosanna halleluja hosanna  
 hosanna halleluja hosanna  
 hosanna halleluja hosanna.

(Groep volwassenes: Die Bof(b), George)

Die woord "hosanna" word slegs by een geleentheid in die Bybel gebruik, en dit is by die intog van Jesus in Jerusalem, waar die skare uitgeroep het: "Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!" (Matt. 21:9, 1933-vertaling). Dit kom ook in die evangelies van Markus en Johannes voor. In die formele kerksang is die woord ook skaars. Dit kom voor in die tweede strofe van gesang 80 in *Die berymde psalms en evangeliese gesange* (1978). "Hosanna" beteken "help tog, red nou, gee nou seën", 'n smeekbede wat later as juigkreet gebruik is (WAT Deel IV 1972:412). Die woord "halleluja" beteken "prys die Here" (WAT Deel IV 1972:412) en kom voor in talle psalms, byvoorbeeld psalm 113-118 en in psalm 146-150. In kerksang is dit ook baie algemeen en in *Die berymde psalms en evangeliese gesange* word dit onder meer aangetref in psalms 115, 117 en 150 en in gesange 1,8,66 en 69. In die *Halleluja* kom dit in talle liedere voor, onder andere nrs. 1, 84, 355 en 537.

Hoewel die oorsprong van die wysie onbekend is, het dit, soos baie van die koortjies, 'n sterk sekulêre inslag. Die gesinkopeerde ritme in maat 3 en 4 en weer in maat 11 en 12 dra baie daartoe by.

(448)

Hul-le sê Hy is won-der-lik won-der-lik hul-le

sê Hy is won-der-lik want die son en die maan en die

ster-re is daar-bo hul-le sê hy is won-der-lik.

Hulle sê Hy is wonderlik  
 hulle sê Hy is wonderlik  
 want die son en die maan en die sterre is daarbo  
 hulle sê Hy is wonderlik.  
 (A. Stroebel: manuskrip)

Die lied verwys klaarblyklik na die grootsheid van God, soos waargeneem kan word in die skepping. Dit hou dus verband met die skeppingsverhaal soos opgeteken in Genesis 1.

Hier word weer die reëlpatroon aaba aangetref (vergelyk nrs. 438, 441 en 458).

(449)

Hy - is die wa-re wyn - stok ons is die lo - te  
 waar ons vlug word ons ge-rei- nig so- dat ons weer vrug kan dra.  
 Bly in my soos ek in jul- le dan sal jul- le vrug- te dra  
 son- der my kan jul- le niks- doen daar- om moet my nie ver- laat.

Hy is die ware wynstok  
 ons is die lote  
 waar ons vlug word ons gereinig  
 sodat ons weer vrug kan dra.

Koor:

Bly in my soos Ek in julle  
 dan sal julle vrugte dra  
 sonder my kan julle niks doen  
 daarom moet my nie verlaat.



As jul na my woorde luister  
 kry jul alles wat jul vra  
 ook verheerlik jul die Vader  
 deur die vrugte wat jul dra.

Koor:

Bly in my soos Ek in julle  
 dan sal julle vrugte dra  
 sonder my kan julle niks doen  
 daarom moet my nie verlaat.

Soos die Vader my bemin het  
 het ek jul ook liefgehad  
 bly in hierdie liefde van my  
 min mekaar met woord en daad.

Koor:

Bly in my soos Ek in julle  
 dan sal julle vrugte dra  
 sonder my kan julle niks doen  
 daarom moet my nie verlaat.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)

Daar is by nr. 439 melding gemaak van die ooreenkoms tussen hierdie twee liedere. Daar is ook verwys na die teksgedeelte waarop dit betrekking het. Die belangrikste verskil lê in die bou. Nr. 439 bestaan uit een strofe van agt reëls, terwyl hierdie lied drie vierreëlige strofes het met 'n koor wat ná elkeen herhaal word.

(450)

Hy is hier om ons te sien hal-le-lu-ja Hy is hier om  
 ons te sien hal-le-lu-ja Hy het op-ge-staan Hy het op-ge-  
 staan-Hy is hier om ons te sien hal-le-lu-ja.

Hy is hier om ons te seën (halleluja)  
 Hy is hier om ons te seën (halleluja)  
 Hy het opgestaan  
 Hy het opgevaar  
 Hy is hier om ons te seën (halleluja).  
 (Groep volwassnes: Die Bof (b), George)

Dit is waarskynlik 'n Pinksterlied, omdat dit verwys na die opstanding van Christus, sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees (vergelyk Hand. 1:9-11 en 2:1-13).

Die woord "halleluja" aan die einde van reëls een, twee en vyf, is ingevoeg as 'n soort tussenwerpsel wat nie uitgeroep word nie, maar wel gesing word. Dit is nie deel van die werklike lied nie. In die musiek word dit met klein nootjies aangedui.

(451)

Ja Hy ver sa- dig my Hy deel sy vre-de met  
 my aan Hom wil ek my he-le le-we gun- ja  
 Hy ver-sa- dig my.

Ja Hy versadig my  
 Hy deel sy vrede met my  
 aan Hom wil ek my hele lewe gun  
 ja Hy versadig my.  
 (D. Pearse: Beaufort-Wes)

Dié lied verwys moontlik na Jak. 2:16: "en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig [...]" (1933-vertaling).

Daar is nêrens liedere of fragmente gevind wat ooreenkoms hiermee toon nie.

(452)



Ja-re ge-le-de in die ou Je-ru-sa-lem in die  
 hof-soal voor Pi-la-bus staan 'n man ver-werpen ver-  
 sto-te Hy dra 'n do-ring-kroon die man met die pur-per-  
 kleed maar die ska-re skree een-drag-tig krui-sig krui-sig  
 Hom die man met die pur-per-kleed maar die  
 ska-re stree een-drag-tig krui-sig krui-sig Hom die man met die  
 pur-per-kleed.

Jare gelede in die ou Jerusalem  
 in die hofsaal voor Pilatus staan 'n Man  
 verwerp en verstote Hy dra 'n doringkroon  
 die Man met die Purperkleed  
 maar die skare skree eendragtig

kruisig kruisig Hom  
 die Man met die Purperkleed  
 maar die skare skree eendragtig  
 kruisig kruisig Hom  
 die Man met die Purperkleed.  
 (D. Pearse: Beaufort-Wes)

Die lied is gebaseer op die Skrifgedeelte wat vertel van Jesus se verskyning voor Pilatus en sy veroordeling deur die volk, wat eerder vir Barabbas vrygelaat wou hê (Matt. 27:11-26).

Die tweede reël van die wysie is presies dieselfde as dié van 'n bekende sportliedjie wat soos volg lui:


Dis lekker om 'n Matie (Kwagga, Struisie) te is te is  
 dis lekker om 'n Matie te is  
 om die lkeys te ry  
 en hul meisies te vry  
 dis lekker om 'n Matie te is.

Die lied is ook bekend as "Dis jollie om 'n jonkman te wees" met die volgende woorde:

Dis jollie om 'n jonkman te wees te wees  
 dis jollie om 'n jonkman te wees  
 om die perde te ry  
 en die nooiens te vry  
 dis jollie om 'n jonkman te wees.  
 (Grobelaar 1988:28)

Reël vier stem ook op die eerste noot ná, ooreen. Daar is in die inleiding verwys na die wisselwerking tussen geestelike en sekulêre wysies, dus is bogenoemde ooreenkoms nie so vreemd nie.

(453)



Je-sus dink aan my ja Hy dink aan my deur sy  
 dood en smart dink Je-sus aan my wat 'n trou-e vriend  
 dink Je-sus aan my Je-sus Hy dink aan my.

Jesus dink aan my  
 ja Hy dink aan my  
 deur sy dood en smart  
 dink Jesus aan my  
 wat 'n troue vriend  
 dink Jesus aan my  
 Jesus Hy dink aan my.

(Groep volwassenes: Hartebeesrivier, Swellendam)

"Deur sy dood en smart" verwys na Jesus se lyding en kruisiging (Joh. 19:1-37).

Sonder dat een van die algemene reëlpatrone hier voorkom (byvoorbeeld aab of aaba), word hier ook baie van herhaling gebruik gemaak. Soms word die woorde net in 'n ander volgorde geplaas in die onderskeie reëls, byvoorbeeld in reëls een en vier: "Jesus dink aan my" en "dink Jesus aan my".

(454)



Je- sus kan in 'n mens se hart- sien Je- sus kan in 'n mens se  
 hart- sien Hy's die Skep- per van die wê- reld- Hy's die  
 Skep- per van die aar- de.

Jesus kan in 'n mens se hart sien  
 Jesus kan in 'n mens se hart sien  
 Hy's die Skepper van die wêreld  
 Hy's die Skepper van die aarde.

(Groep volwassenes: Fairy Brand Pakstoor, Misgund)

Dit is opvallend dat Jesus as die Skepper besing word en nie God, die Vader, soos opgeteken in Genesis 1 nie. Gesinkopeerde ritme kom voor in maat 5 en 7.

(455)

Je-sus roep my wat het ek ge- doen

Je-sus roep my wat het ek ge-

Je-sus roep my wat het ek ge- doen Hy roep my wat het ek ge- doen.

doen wat het ek ge- doen Hy roep my wat het ek ge- doen.

Jesus roep my wat het ek gedoen?

Jesus roep my wat het ek gedoen?

Jesus roep my wat het ek gedoen?

Hy roep my wat het ek gedoen?

(Groep volwassenes: Fairy Brand Pakstoor, Misgund)

Die gedagte van Jesus wat die sondaar roep, kom dikwels in hallelujaliedere voor, byvoorbeeld *Halleluja* nr. 181: "Saggies en teer is die roepstem van Jesus//Hy roep vir jou en vir my", nr. 182: "Jesus roep ons; oor die storme//van die lewensee roep Hy" en nr. 236: "Jesus roep my vir 'n sonstraal". Die laaste reël lui "hulle roep my", wat nie verklaar kon word nie.

Hierdie lied is die enigste beurtsang wat gevind is. Die laaste vier mate sing die twee groepe saam.

Alhoewel die woorde baie dieselfde is as nr. 477, kan dit nie as variante beskou word nie, omdat die wysies totaal verskil en nr. 455 buitendien 'n beurtsang is.



(456)

Kin-der boon-toe kin-der boon-toe son-straal-tjies son-straal-tjies

laat ons lek-ker saam-sing laat ons lek-ker saam-sing ek en jy

ek en jy.

Kinder boontoe

kinder boontoe

sonstraaltjies

sonstraaltjies

laat ons lekker saamsing

laat ons lekker saamsing

ek en jy

ek en jy.

(Kindergroep: Dankbaar, Hoekwil, distrik George)


Die woorde "kinder boontoe" maak nie sin nie, maar kon nie deur die informante verklaar word nie. Reël drie herinner aan die refrein van *Halleluja* nr. 236:

'n Sonstraal, 'n sonstraal,  
 Jesus roep my vir 'n sonstraal;  
 'n sonstraal, 'n sonstraal,  
 laat my 'n sonstraal steeds wees!

Die wysie is dié van die bekende beurtsang "Vader Jakob" (vergelyk *FAK-sangbundeel* 1979:399).

(457)







Kind van God wees sterk wees nie mis-moe-dig want vir



jou is die don-kerstryd ver-by-- want na el-ke



nag is daar die mô- re en vir hulp van on-se he- mels-




heer daar-om kan ek sing en aan Je-sus hul-de




bring vry van al ons kom-mer en vrees---



ja in daar-die land van eng'-le ko- re sal daar



nim-mer-meer ge-bro-ke har-te wees sal daar nim-mer meer ge-



bro-ke har-te wees.

Kind van God wees sterk  
 wees nie mismoedig  
 want vir jou is die donker stryd verby  
 want na elke nag is daar 'n môre  
 en vir hulp van onse Hemelsheer  
 dan kan ek sing  
 en aan Jesus hulde bring  
 vry van al ons kommer en vrees  
 ja in daardie land van eng'lekore

sal daar nimmermeer gebroke harte wees  
 sal daar nimmermeer gebroke harte wees.  
 (J. Kane: Graaff-Reinet)

Die laaste vier reëls dui op die verwagting wat die kind van God koester van die hiernamaals.

Daar is nêrens variante van hierdie lied gevind nie.

(458)


Laat die lie-we son-skyn in laat die lie-we son-skyn- in  
 rei-nig al die ven-sters maak die deu-re wyd oop laat die lie-we  
 son-skyn- in.

Laat die liewe sonskyn in  
 laat die liewe sonskyn in  
 reinig al die vensters maak die deure wyd oop  
 laat die liewe sonskyn in.  
 (Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Die reëlpatroon vergelyk onder andere met nrs. 438, 441 en 448. Die simbool van lig en sonskyn verwys na God of Jesus Christus wat ingelaat moet word. Dié simboliek word meermale in geestelike liedere aangetref (vergelyk *Halleluja* nr. 101:

"Langs die heuweltoppe kom daar  
 blye, skone môregloed.  
 Vra my siel verbaas, eerbiedig,  
 wat dit tog beteken moet?  
 Dis die Heiland, dis die Heiland  
 bring Hom nou jou welkomsgroet!")

(459)



Laat die ver-los-tes huis toe gaan laat die ver-  
 los-tes huis toe gaan o He-re help my dat ek kan saam-gaan  
 laat die ver-los-tes huis toe gaan.

Laat die verlostes huis toe gaan  
 laat die verlostes huis toe gaan  
 o Here help my dat ek kan saamgaan  
 laat die verlostes huis toe gaan.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (a), George)

In dié lied word die verwysing na die hemelse woning weer aangetref (vergelyk nr. 438).

In hoofstuk sewe is verwys na godsdienstige liedere wat saam met die verrigting van arbeid gesing word en dus ook arbeidsliedere genoem kan word. Bogenoemde lied is opgeneem by 'n groep werkers wat besig was om spanhoute te maak. Laasgenoemde is die dun paaltjies waarvan drie of vier tussen twee dik pale in 'n draadheining voorkom. In Engels word daarna verwys as "droppers".

(460)

Baie stadig



Heer ons om reg te bid o- Heer met eer-bied en- ont-  
 sag al is ons skep-sels van die- stof be-moed ons en ons wag.

Leer ons om reg te bid o Heer  
met eerbied en ontsag  
al is ons skepsels van die stof  
bemoed ons en ons wag.

(Groep volwassenes: Fairy Brand Pakstoor, Misgund)

As deel van die bergrede het Jesus vir sy dissipels geleer om reg te bid met die woorde: "So moet julle bid:", en dan volg die volmaakte gebed, die Onse Vader (Matt. 6:9-13).

Die lied word baie stadig en gedrae gesing. Die eerste woord van die laaste reël word baie duidelik as "bemoed" gesing, maar dit is moontlik dat die oorspronklike dalk "behoed" was, of dat dit 'n afkorting vir "bemoedig" is.

(461)

Met die Heer se klak-ke-lo-se ly-ding beendie son-de  
gee die Heer be-vry-ding is ek vei-lig kom teen my ver-  
lei-ding in die hol-te van sy hand in die  
hol-te van sy hand In die hol-te van sy  
hand ek hoef niks te vrees want ek is vei-lig in die  
hol-te van sy hand.

Met die Heer se klakkelose lyding  
 teen die sonde gee die Heer bevryding  
 is ek veilig kom teen my verleiding  
 in die holte van sy hand.

Koor:

In die holte van sy hand  
 in die holte van sy hand  
 ek hoef niks te vrees want ek is veilig  
 in die holte van sy hand.

(Groep volwassenes: Soebatsfontein)

Die woord "klakkelose" in reël een het normaalweg 'n negatiewe betekenis en is hier heeltemal foutief gebruik. Waarskynlik het die oorspronklike weergawe 'n ander woord daar gehad. Die simboliek van "die holte van sy hand" is dié van veiligheid en geborgtheid.

Die aaba reëlpatroon word hier slegs in die koorgedeelte aangetref en nie in die strofe self nie. Die tema van die kruis kom weer na vore (vergelyk nrs. 426 en 427).

(462)

My mam-mie ver-tel my ei-ke aand dat die dui-wel my sal  
 vang en nou is ek so bang dat die dui-wel my sal vang dan  
 gaan ek na my ka-mer en kniel daarvoor my bed en  
 vra vir lie-we Je-sus om my siel te red.

My mammie vertel my elke aand  
 dat die duiwel my sal vang  
 en nou is ek so bang  
 dat die duiwel my sal vang  
 dan gaan ek na my kamer

en kniel daar voor my bed  
 en vra vir liewe Jesus  
 om my siel te red.

(Kindergroep: Garshoek, Buffeljagsrivier, distrik Swellendam)

Die duiwel word dikwels aangewend as kinderskrik (Grobelaar 1977:69), soos in dié lied.  
 Daarby speel hy ook 'n belangrike rol in die Christelike geloof.

Soos nr. 434 is hierdie lied waarskynlik nie by gewyde byeenkomste gesing nie, maar het dit wel  
 'n geestelike strekking.

(463)

Vv

O lief-de moet ek hê-- lief-de moet ons hê --

lief-de moet ek hê om he-mel toe te gaan ons prys sy

Naam- sy dier-bre Naam ons prys sy Naam- sy dier-bre

Naam ons sing- en prys-- sy Naam.

O liefde moet ek hê  
 liefde moet ons hê  
 liefde moet ons hê  
 om hemel toe te gaan.

Refrein:

Ons prys sy Naam sy dier'bre Naam  
 ons prys sy Naam sy dier'bre Naam  
 ons sing en prys sy Naam.

My moeder moet ek liefhê  
 en my vader moet ek liefhê

liefde moet ek hê  
om hemel toe te gaan.

Refrein:

Ons prys sy Naam sy dierb're Naam  
ons prys sy Naam sy dierb're Naam  
ons sing en prys sy Naam.

My vriende moet ek liefhê  
en my vyande moet ek liefhê  
liefde moet ek hê  
om hemel toe te gaan.

Refrein:

Ons prys sy Naam sy dierb're Naam  
ons prys sy Naam sy dierb're Naam  
ons sing en prys sy Naam.

My broeder moet ek liefhê  
en my suster die moet ek liefhê  
liefde moet ek hê  
om hemel toe te gaan.

Refrein:

Ons prys sy Naam sy dierb're Naam  
ons prys sy Naam sy dierb're Naam  
ons sing en prys sy Naam.

(S. Pretorius: Hartebeesrivier, Swellendam)

Die boodskap van hierdie lied is gebaseer op die Goddelike opdrag dat elke mens sy naaste moet liefhê (vergelyk onder meer Matt. 5:43-44, Mark. 12:31 en Rom. 13:9). Die woord "broeder" (strofe vier) is 'n verouderde vorm van "broer", maar word nog dikwels in kerkverband gebruik.

'n Koorgedeelte wat uit drie reëls bestaan, kom nie dikwels voor nie.


(464)

Ons is fa- mi - lie      ons is fa- mi - lie





Ons is fa- mi- lie      fa-      mi- lie van die e- van-



ge- lie .

Ons is familie

ons is familie

ons is familie


familie van die Evangelie.

(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)


Die vreemde gebruik van die begrip "familie van die Evangelie" is opvallend. "Evangelie" beteken die blye tyding dat die heilsbeloftes van God in Jesus Christus vervul is (WAT Deel II 1974:624).

Die woorde sowel as die wysie van hierdie liedjie is baie eenvoudig. Die wysie bestaan uit slegs vyf note, en dit word talle male herhaal.

(465)



Ons sê nou dan- kie vir die He- re bai- e dan-



kie      ons sê nou dan- kie vir die He- re bai- e dan- kie .

Ons sê nou dankie vir die Here

baie dankie

ons sê nou dankie vir die Here


baie dankie.

(B. Stoffels: Pacaltsdorp)


Dankliedere speel 'n belangrike rol in die Christelike geloof.

Dié lied is een van die min wat 'n tydmaatwisseling het. Dit wissel 'n paar maal oor en weer tussen 2/4- en 3/4-tyd.

(466)




Op die wol-ke van die he-mel sal ek Je-sus weer ont-




moet op die wol-ke van die he-mel sal ek Je-sus weer ont-



moet weer ont moet weeront-moet sal ek Je-sus weer ont



moet op die wol-ke van die he-mel sal ek Je-sus weer ont-



moet weeront-moet.

Op die wolke van die hemel  
sal ek Jesus weer ontmoet  
op die wolke van die hemel  
sal ek Jesus weer ontmoet  
weer ontmoet weer ontmoet  
sal ek Jesus weer ontmoet  
op die wolke van die hemel  
sal ek Jesus weer ontmoet  
weer ontmoet weer ontmoet  
sal ek Jesus weer ontmoet  
op die wolke van die hemel  
sal ek Jesus weer ontmoet.

(Groep volwassenes: Fairy Brand Pakstoor, Misgund)

(a)

Op die wol-ke van die he-mel sal ek

Je-sus weer ont-moet Heer ek weer ont-moet Heer ek

weer ont-moet sal ek Je-sus weer ont-moet op die wol-ke van die

he-mel sal ek Je-sus weer ont-moet op die

wol-ke van die he-mel sal ek Je-sus weer ont-

moet Heer ek weer ont-moet Heer ek weer ont-moet sal ek Je-sus weer ont-

moet op die wol-ke van die he-mel sal ek

Je-sus weer ont-moet.

Op die wolke van die hemel  
 sal ek Jesus weer ontmoet  
 op die wolke van die hemel  
 sal ek Jesus weer ontmoet  
 Heer ek weer ontmoet Heer ek weer ontmoet  
 sal ek Jesus weer ontmoet  
 op die wolke van die hemel  
 sal ek Jesus weer ontmoet.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

(b)

Weer ont - moet weeront-moet sal ek Je-sus weeront-moet- op die  
 wol-ke van die he-mel sal ek Je-sus weeront-moet .

Weer ontmoet weer ontmoet  
 sal ek Jesus weer ontmoet  
 op die wolke van die hemel  
 sal ek Jesus weer ontmoet.  
 (Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

Die woorde verwys na die wederkoms van Christus. Dit is egter 'n foutiewe interpretasie dat die mens vir Christus op die wolke sal ontmoet, want volgens Hand. 1:11 sal Christus op die wolke kom.

Die woorde van die drie variante verskil baie min. By variant (a) het die sangers twee woorde in reël vyf ingevoeg, terwyl variant (b) eintlik dieselfde is as die ander twee, behalwe dat dié groep in die middel van die lied begin sing het, soos ook uit die musiek blyk.

Die ritmiese vertolking van al drie variante het die transkripsie baie moeilik gemaak. Die eerste is in 6/8-tyd getranskribeer en variante (a) en (b) in 3/4-tyd. By variant (b) was dit veral moeilik om te bepaal of dit gesinkopeerde 3/4-tyd of 6/8-tyd is.

(467)

O so Heer die ryk-dom be-hou weet jy wat dit sal kos as God  
 jou moet ver-los maar be-re-ken wat die die-naar sal doen weet jy  
 wat dit sal kos as God jou moet ver-los al so eer die ryk-dom  
 be-hou weet jy wat dit sal kos as God jou moet ver-los maar be-  
 re-ken wat die die-naar sal doen.

O so Heer die rykdom behou  
 weet jy wat dit sal kos  
 as God jou moet verlos?  
 maar bereken wat die dienaar sal doen  
 weet jy wat dit sal kos  
 as God jou moet verlos?  
 al so Heer die rykdom behou  
 weet jy wat dit sal kos  
 as God jou moet verlos?  
 maar bereken wat die dienaar sal doen.  
 (H. Appollos: Pacaltsdorp)

Die woorde van dié lied kom voor asof dit met oorlewering verdraai is of verbrokkel het, want dit maak nie oral sin nie. Die lied is ook saam met handarbeid gesing.

(468)

Ou Jo-na was ge-stuur na die stad van Ni-ne-vé ou

Jo-na was ge-stuur na-die stad van Ni-ne-vé hul-le vat hom skud hom

wak-ker en gooi hom in die see hul-le vat hom skud hom wak-ker en

gooi hom in die see. 'n Wal-vis kom ver-by en hy sluk vir Jo-na

in 'n wal-vis kom ver-by en hy sluk vir Jo-na in en hy

swem en hy swem en hy swem en hy swem en hy swem en hy

swem en hy spoeg vir Jo-na uit en hy spoeg vir Jo-na uit.

Ou Jona was gestuur  
na die stad van Ninevé  
ou Jona was gestuur  
na die stad van Ninevé  
hulle vat hom skud hom wakker  
hulle gooi hom in die see  
hulle vat hom skud hom wakker

hulle gooi hom in die see  
 'n walvis kom verby  
 en hy sluk vir Jona in  
 'n walvis kom verby  
 en hy sluk vir Jona in  
 en hy swem en hy swem en hy swem  
 en hy swem en hy swem en hy swem  
 en hy spoeg vir Jona uit  
 en hy spoeg vir Jona uit.  
 (E. Heyns: Rietkuil, Swellendam)

(a)

Ou Jona was ge- stuur na die stad van Ni-ne- vé ou  
 Jona was ge- stuur na die stad van Ni-ne- vé o vat hom skud hom  
 wak-ker en gooi hom in die see o vat hom skud hom wak-ker en  
 gooi hom in die see.

Ou Jona was gestuur  
 na die stad van Ninevé  
 ou Jona was gestuur  
 na die stad van Ninevé  
 o vat hom skud hom wakker  
 en gooi hom in die see  
 o vat hom skud hom wakker  
 en gooi hom in die see  
 die walvis kom verby  
 en hy sluk vir Jona in  
 die walvis kom verby  
 en hy sluk vir Jona in







Sjoe sjoe dis warm daar  
 sjoe sjoe dis warm daar  
 sjoe sjoe dis warm daar  
 dis warm in die hel.

Ek wil nie daar wees nie  
 ek wil nie daar wees nie  
 ek wil nie daar wees nie  
 dis warm in die hel.

(Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

Die komiese verwysing na die helse vuur ("sjoe sjoe dis warm daar"), verberg eintlik 'n diepliggende vrees vir die hel. Die Bybel stel dit baie duidelik dat diegene van God afvallig raak, "in die vuur van die hel" gegooi sal word (Matt. 18:9).

Die reëlpatroon in dié lied is weer een wat algemeen by koortjies aangetref word, naamlik aabb, cccb (vergelyk nrs. 426, 427 en 445).

(470)

Stuur vir my He- re stuur vir my He-re -- stuur vir my He

re -- stuur vir my- stuur vir my stuur vir my He-re

stuur vir my He- re stuur vir my He-re -- stuur vir my-

stuur vir my stuur vir my.

Stuur vir my Here  
 stuur vir my Here  
 stuur vir my Here  
 stuur vir my stuur vir my  
 stuur vir my Here  
 stuur vir my Here  
 stuur vir my Here  
 stuur vir my stuur vir my stuur vir my.

(Groep volwassenes: Fairy Brand Pakstoor, Misgund)

Dié lied dra klaarblyklik 'n sendingboodskap. Dit is iets wat algemeen voorkom in godsdienstige liedere (vergelyk *Halleluja* nrs. 157, 159 en 161 asook gesang 222-224 in *Die berymde psalms en evangeliese gesange*, 1978).

Die lied is in 6/8-tyd, wat baie meer by godsdienstige liedere as by ander volksliedere voorkom.

(471)



Sy lief-de<sup>is</sup> won-der-baar vir my sy lief-de<sup>is</sup>  
 won-der-baar vir my sy lief-de<sup>is</sup> won-der-baar Hy sterf op  
 Gol-go-ta sy lief-de<sup>is</sup> won-der-baar won-der-baar vir my.

Sy liefde is wonderbaar vir my  
 sy liefde is wonderbaar vir my  
 sy liefde is wonderbaar Hy sterf op Golgota  
 sy liefde is wonderbaar wonderbaar vir my.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (a), George)

'n Verskynsel wat in die Afrikaanse kerkliedere van die N.G. Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk meermale aangetref word (veral in die psalmberymings), is die oorbind van twee lettergrepe in die teks wat op een noot gesing moet word. Dit kom in feitlik al die psalms voor (vergelyk *Die berymde psalms en die evangeliese gesange*, 1978.) By hierdie lied is

dit telkens die geval met die lettergrepe "-de is", maar dit is nie elders by die liedere van die bruinmense aangetref nie.

(472)

Sy naam is soos bal-sem vir my ---

Je- sus Je- sus Je- sus Je ---

sus sy naam is soos bal-sem vir my sy naam is soos

bal-sem vir my.


Sy naam is soos balsem vir my  
 Jesus Jesus Jesus Jesus  
 sy naam is soos balsem vir my  
 sy naam is soos balsem vir my.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Die lied word baie stadig gesing. In die rusmaat wat in die transkripsie aangedui word, is daar slegs kitaarbegeleiding.

(473)

Toe Je-sus deur Je-ri-go gaan toe

Je-sus deur Je-ri-go gaan toe Je-sus deur Je-ri-go



gaan het Hy sie-kes ge-sond ge-maak die blin-des het ge-sien die  
do-wes het ge-hoor die kreu-pe-les het ge-loop en die  
dooi-es het op-ge- staan.

Toe Jesus deur Jerigo gaan  
toe Jesus deur Jerigo gaan  
toe Jesus deur Jerigo gaan  
het Hy siekes gesond gemaak  
die blindes het gesien  
die dowes het gehoor  
die kreupeles het geloop  
en die dooies het opgestaan.


Toe Jesus deur Jerigo gaan  
toe Jesus deur Jerigo gaan  
toe Jesus deur Jerigo gaan  
het Hy siekes gesond gemaak  
die blindes het gesien  
die dowes het gehoor  
die melaatses was gereinig  
en die dooies het opgestaan.

(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)


Die lied is gebaseer op die verhaal van Jesus se genesing van 'n blinde man in Jerigo, soos opgeteken in Luk. 19:35-43. Die ander wonderwerke wat in die lied genoem word, het wel plaasgevind, hoewel nie in Jerigo nie.

Die musiek volg dieselfde patroon as die woorde: die melodiese lyn van die eerste reël word herhaal by die volgende twee reëls, maar elke keer 'n heeltone hoër.


(474)




Trek hul-le uit gooi hul-le weg al-le stou-te ha-sies in die




groen-te-tuin af-guns ja-loe-sie trots en haat bly in my hart-jie as ek



hul-le toe-laas ek wan-del in die land van God ek



wan-del in die land van- God ek wan-del in die land ek



wan-del in die land ek wan-del in die land van God.

Trek hulle uit gooi hulle weg  
 alle stoute hasies in die groentetuin  
 afguns jaloesie trots en haat  
 bly in my hartjie as ek hulle toelaat  
 ek wandel in die land van God  
 ek wandel in die land van God  
 ek wandel in die land  
 ek wandel in die land  
 ek wandel in die land van God.  
 (E. Appels: George)

Die reël "alle stoute hasies in die groentetuin" wat lyk asof dit deel van 'n kinderlied of -speletjie kan wees, is waarskynlik 'n simboliese verwysing na die "onkruid" in reël drie wat uitgetrek en weggegooi moet word.

Die gedeelte vanaf reël vyf tot nege is 'n variant van 'n geestelike lied wat baie algemeen deur jongmense gesing word. Normaalweg word 'n tweede en derde strofe in Engels en Xhosa ook by



gesing. Die woorde wat volg word deur die skrywer onthou uit die sestiger- en sewentigerjare en is in 1990 opgeteken by 'n blanke predikant van George:

Ek wandel in die lig van God  
 ek wandel in die lig van God  
 ek wandel in die lig  
 ek wandel in die lig  
 ek wandel in die lig van God.

I'm walking in the light of God  
 I'm walking in the light of God  
 I'm walking in the light  
 I'm walking in the light  
 I'm walking in the light of God.


Ihamba lekka ni ka te tke  
 ihamba lekka ni ka te tke  
 ihamba lekka ni  
 ihamba lekka ni  
 ihamba lekka ni ka te tke.  
 (R. Badenhorst:onderhoud)

Dit is onbekend waar en hoe die woorde ontstaan het.

Volgens mnr. L. Botha, dosent in Antropologie aan die Universiteit van Stellenbosch, kan die laaste strofe moontlik 'n vervorming wees van die Xhosa-woorde "Ndihamba elukhanyeni lykaThixo", wat letterlik beteken: "Ek loop in die lig van God". (L.J. Botha:onderhoud).

Die wysies van die twee variante stem ooreen.

(475)



U's my leids-man o Je-ho-va wyl ek hier as pel-grim swerf  
 ek is swak maar u is mag-tig laat my nooit u by-stand erf

he-mels-man-na he-mels-man-na voed my dat my siel nooit sterf.



U's my Leidsman o Jehova  
 wyl ek hier as pelgrim swerf  
 ek is swak maar U is magtig  
 laat my nooit u bystand erf  
 hemelsmanna hemelsmanna  
 voed my dat my siel nooit sterf.  
 (D. Pearse: Beaufort-Wes)

"Jehova" was 'n gebruiksnaam vir die Here deur die Jode, omdat hulle nie die naam "Jahwe" algemeen wou noem nie (K.B. Gericke:onderhoud). Dit kom dus nie in die Afrikaanse vertaling van die Bybel voor nie.

"Hemelsmanna" verwys na die manna wat God vir die Israëliete gegee het tydens hulle trek deur die woestyn (vergelyk Ex. 16:31-36). In die lied word dit egter in 'n figuurlike sin gebruik, want dit verwys na voedsel vir die siel.

(476)

Wat gaan jy maak met daardie kos-ba-re siel? wat  
 gaan jy maak met daardie siel? met hom gaan ek die He-re dien met  
 hom gaan ek die He-re dien.

Wat gaan jy maak met daardie kosbare siel?  
 wat gaan jy maak met daardie siel?  
 met hom gaan ek die Here dien  
 met hom gaan ek die Here dien.

Wat gaan jy maak met daardie siel van jou?  
 wat gaan jy maak met daardie siel?  
 met hom gaan ek die Here dien  
 met hom gaan ek die Here dien.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (a), George)

(a)

wat gaan jy maak met daardie kos-ba-re siel kos-ba-re  
 siel kos-ba-re siel wat gaan jy maak met daardie  
 kos-ba-re siel met hom gaan ek die He-re dien  
 met hom gaan ek die He-re dien met hom gaan ek die  
 He-re dien.


Wat gaan jy maak met daardie kosbare siel  
 kosbare siel kosbare siel?  
 wat gaan jy maak met daardie kosbare siel?  
 met hom gaan ek die Here dien  
 met hom gaan ek die Here dien  
 met hom gaan ek die Here dien  
 wat gaan jy maak met daardie kosbare siel  
 kosbare siel kosbare siel?  
 wat gaan jy maak met daardie kosbare siel?  
 met hom gaan ek die Here dien.  
 (Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

By nr. 442 is daar verwys na nog 'n godsdienstige lied wat gereeld deur die betrokke informante by Kersfees gesing is, hoewel dit nie 'n duidelike Kersboodskap dra nie, naamlik nr. 476. Die groep informante (wat hoofsaaklik uit een huisgesin bestaan) het die gebruik gehad om gereeld op Oukersnag by die plaashuis te gaan sing. Dié lied is altyd ingesluit. Dit was in die sestiger- en


sewentigerjare in die George-distrik en skrywer het dit self beleef. Die gebruik het egter sedertdien uitgesterf.

Variant (b) maak meer van herhaling gebruik, maar die wysies is basies dieselfde. In variant (b) kom die verskynsel wat in nr. 399 opgeval het weer voor, naamlik die invoeging van die toevallige teken E-kruis en D-kruis.


(477)




Wat het ek ge-doen? wat het ek ge-doen? wat



het ek ge-doen? wat het ek ge-doen? wat



het ek ge-doen? wat het ek ge-doen? wat



het ek ge-doen? wat het ek ge-doen?

Wat het ek gedoen?

wat het ek gedoen?

wat het ek gedoen?


wat het ek gedoen?

(Groep volwassenes: Fairy Brand Pakstoor, Misgund)


In die woorde van hierdie eenvoudige lied lê 'n skuldbelydenis opgesluit.

Dié lied het 'n tydmaatwisseling wat by elke maat plaasvind, naamlik van 3/4- na 4/4- en weer na 3/4-tyd. Dit is waarskynlik een van die mooiste opnames van groepsang wat opgeteken is (vergelyk ingeslote kasset nr. 12).

(478)



Wat was jou moe-ders-naam my Heer? wat was jou moe-ders-



naam my Heer? wat was jou moe-ders-naam wat was jou moe-ders-naam wat



was jou moe-ders-naam my Heer--!

Wat was jou moeders naam my Heer?  
 wat was jou moeders naam my Heer?  
 wat was jou moeders naam?  
 wat was jou moeders naam?  
 wat was jou moeders naam my Heer?

Ons noem haar Maria my Heer  
 ons noem haar Maria my Heer  
 ons noem haar Maria  
 ons noem haar Maria  
 ons noem haar Maria my Heer.

Wat was jou vaders naam my Heer?  
 wat was jou vaders naam my Heer?  
 wat was jou vaders naam?  
 wat was jou vaders naam?  
 wat was jou vaders naam my Heer?

Ons noem hom Josef my Heer  
 ons noem hom Josef my Heer  
 ons noem hom Josef  
 ons noem hom Josef  
 ons noem hom Josef my Heer.

Waar was Hy gebore my Heer?  
 waar was Hy gebore my Heer?

waar was Hy gebore?  
 waar was Hy gebore?  
 waar was Hy gebore my Heer?

Gebore in Betlehem my Heer  
 gebore in Betlehem my Heer  
 gebore in Betlehem  
 gebore in Betlehem  
 gebore in Betlehem my Heer.

Waar was Hy gekruisig my Heer?  
 waar was Hy gekruisig my Heer?  
 waar was Hy gekruisig?  
 waar was Hy gekruisig?  
 waar was Hy gekruisig my Heer?

Gekruisig op Golgota my Heer  
 gekruisig op Golgota my Heer  
 gekruisig op Golgota  
 gekruisig op Golgota  
 gekruisig op Golgota my Heer.  
 (Groep volwassenes: Grootplaas, Louterwater)

Dit is opvallend dat die Here in dié lied met die vorm "jou" aangespreek word, en nie met "u" nie. In strofe vyf word die Here ook direk aangespreek, maar daar word gevra: "Waar was Hy gebore" en nie "Waar was Jy gebore" nie.

Die element van herhaling is baie sterk in hierdie lied. By die musiek is die tweede reël nie 'n toon hoër soos in die meeste gevalle nie, maar wel 'n majeur-derde, soos by 'n kanon.

(479)

Wie is Hy wat op die wa-ter loop- wie is Hy wat op die  
 wa-ter loop- dit is Je-sus die Seun van God.

Wie is Hy wat op die water loop?  
 wie is Hy wat op die water loop?  
 dit is Jesus die Seun van God.  
 (P. le Grange: George)

Die woorde verwys na die gebeure waar Jesus op die see na sy dissipels, wat in 'n skuit was, geloop het (vergelyk Matt. 14:22-32).

Triole kom wel soms voor by die wysies van die bruinmense, maar is nie volop nie. By hierdie lied word dit in maat een en drie aangetref (vergelyk ook nrs. 44, 402 en 522).

Die lied is by die Rehoboth-Basters met twee strofes opgeteken:


Wie is Hy wat op die water loop?  
 Wie is Hy wat op die water loop?  
 Wie is Hy wat op die water loop?  
 Dis Jesus die Seun van God.  
 Ameni  
 Ameni, ameni, ameni,  
 Ameni, ameni, ameni,  
 Ameni, ameni, ameni,  
 Dis Jesus die Seun van God.  
 (Strydom 1983(b):notasievoorbeeld 27)

Daar is 'n duidelike ooreenkoms in die wysies, hoewel dit nie noot vir noot dieselfde is nie.


(480)

Wie sal ek stuur en wie - sal gaan? wie sal ek stuur en  
 wie - sal gaan? wie sal ek stuur en wie - sal  
 gaan - ? my - Heer hier is ek stuur my my - Heer hier is  
 ek stuur my o kom tog gou kom - nou laat ons die





oes in-sa-mel sy koms is bai-e na-by wie sal ek



stuur en wie-sal gaan-? my-Heer hier is ek stuur



my my-Heer hier is ek stuur my.

Wie sal Ek stuur en wie sal gaan?

wie sal Ek stuur en wie sal gaan?

wie sal Ek stuur en wie sal gaan?

my Heer hier is ek stuur my

my Heer hier is ek stuur my

o kom tog gou kom nou

laat ons die oes insamel

sy koms is baie naby

wie sal Ek stuur en wie sal gaan?


my Heer hier is ek stuur my.

(Kindergroep: Kafferskraal, Beaufort-Wes)

(a)



Wie sal ek stuur en wie-sal gaan? wie sal ek stuur en



wie-sal gaan? wie sal ek stuur en wie-sal gaan? o-



Heer hier is ek stuur my.



Wie sal Ek stuur en wie sal gaan?  
wie sal Ek stuur en wie sal gaan?  
wie sal Ek stuur en wie sal gaan?  
o Heer hier is ek stuur my.  
(R. Swarts: George)

Behalwe dat die eerste variant langer is, is die wysies min of meer dieselfde - dit verskil net by enkele note (byvoorbeeld in die laaste vier mate). Die strekking van die woorde stem baie ooreen met nr. 470, en handel oor die sendinggedagte wat voortvloei uit die Here se opdrag in Hand. 1:8: "[...] julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld".


## HOOFSTUK 14

## ALGEMENE LIEDERE

Die sowat vyftig liedere wat in hierdie hoofstuk opgeneem is, kan nie volgens inhoud of funksie by enige van die ander hoofstukke ingedeel word nie.

Daar is hier en daar variante van liedere wat in ander hoofstukke voorkom, maar dan het die informante by hierdie variante nie aangedui dat dit byvoorbeeld 'n danslied is nie (vergelyk nr. 518 wat ook as 'n danslied, nr. 221, voorkom).

(481)



An-der-kant die blou ber-ge se-we jaar ge-nees an-der-kant die  
blou ber-ge se-we ja-re.

Anderkant die blou berge  
sewe jaar genees  
anderkant die blou berge  
sewe jare.  
(R. Bango: De Doorns)

Die rol van die getal sewe in die volksgeloof is reeds by nr. 440 genoem. Dit is gewoonlik 'n gelukkige getal.

Die eerste reël kom ook voor in nr. 201. Die "blou berge" herinner aan die bekende Afrikaanse volkslied "Die blou berg moet ek oor" (vergelyk *FAK-sangbundel* 1979:281). Daar is egter geen ooreenkoms in die wysies nie.

(482)



As jy vir my wil trap en skop as jy vir my wil trap en skop

as jy vir my wil trap en skop wie sal dan vir my lap en stop.

As jy vir my wil trap en skop  
 as jy vir my wil trap en skop  
 as jy vir my wil trap en skop  
 wie sal dan vir my lap en stop.  
 (K. Kriel: Montagu)

Dit is 'n drie-en-een-kwatryn. Die woorde "trap en skop" kom meermale voor in die liedere van die bruinmense (vergelyk ook nrs. 191, 226 en 323). Die woorde van die laaste reël is klaarblyklik 'n vergissing, want om sin te maak behoort dit te lui "wie sal dan vir jou lap en stop?" Nog 'n variant is deur Grobbelaar gevind by mnr. Klaas Louw van die Loeriesfontein-distrik, waar hy dit tussendeur 'n lang weergawe van "Grootrivier se voël" ingevoeg het:

As jy dan vir my trap en skop  
 wie sal dan vir jou lap en stop?  
 (Ons Erfenis: NAM77-1a)

(483)

A-wel koe- ja-wel a-wel koe- ja-wel a-wel koe-  
 ja-wel dan vat ek aan die meid se sna-wel.

Awel koejawel  
 awel koejawel  
 awel koejawel  
 dan vat ek aan die meid se snawel.

Moen my nie kielie nie  
 moen my nie kielie nie  
 moen my nie kielie nie

want ek is nie jou familie nie.

Moen my nie kyk nie  
moen my nie kyk nie  
moen my nie kyk nie  
want ek is nie jou lyk nie.

Moen my nie dop nie  
moen my nie dop nie  
moen my nie dop nie  
want ek is nie jou bok nie.

(P. le Grange: George)

Hierdie lied bestaan uit drie-en-een-kwartyne, wat dikwels by dansliedere voorkom. Die woord "moen" in die laaste drie strofes is 'n vervorming van "moet" soos dit in die woord "moenie" aangetref word. In die laaste reël van strofe drie, is die woord "lyk" blykbaar bloot ter wille van die rym gebruik.

Die hele lied, maar veral die laaste strofe, het klaarblyklik 'n seksuele konnotasie.

(484)

Boe-tie jy moet skool toe gaan Mam-ma ek het nie skoe-ne nie

trek jou pap-pa se ste-wels aan Mam-ma kom maak dit vas.

Boetie jy moet skool toe gaan  
Mamma ek het nie skoene nie  
trek jou pappa se skewers aan  
Mamma kom maak dit vas.  
(C. Kemp: Springs)

Die lied bestaan uit 'n tweegesprek tussen 'n moeder en haar kind. Dit is 'n fragment van 'n ou rym wat deur Tante Kota (1917:7) en S.J. du Toit in hul onderskeie bundels opgeneem is.

Moeder Maria sit onder die trap,  
Sy voer haar kinders met suiker en pap.

"Josie moet naar skool toe gaan".  
 "Moeder, ek het geen skoene aan".  
 Trek jou vader zyn stevels aan,  
 Gaat daarmee naar Spanje,  
 Van Spanje naar Oranje,  
 Van Oranje naar die zee,  
 Breng een mandje vol appeltjes mee".  
 (Du Toit 1924:24)

Volgens Du Toit verwys die "Josie" in dié lied na Jesus en "Maria" na sy moeder. In die weergawe van die bruinmense het dit verbleek tot "Boetie" en "Ma".

Lucy Gelber het die volgende weergawe in Brugge, Vlaãndere, opgeteken:

Annemarie zat onder de trap,  
 Ze gaf haar kindje suikerdepap.  
 Suikerdepap met lepeltje,  
 't Kindje wil niet eten.  
 Georgje moet naar schooltje gaan,  
 Heeft er geen kloefjes om aan te doen.  
 Moeder zegt: doe vaders aan.  
 Vaders zijn te groot.  
 Steek 'r een bundeltje hooi in.  
 Waar gaan we dat hooi gaan halen?  
 Ga, steel het bij de boeren.  
 De boeren gaan me slaan!  
 (Gelber 1982:44)

Hoewel dit van oorsprong 'n kinderryim is, het mej. Kemp nie te kenne gegee dat sy dit spesifiek as 'n kinderlied ken nie.

(485)

Daar is drie bob-be-ja-ne ji-ge-lu-ma-ma hul-le  
 eet pam-poe-ne ji-ge-lu-ma-ma hul-le sit op die kran-se  
 ji-ge-lu-ma-ma ji-ge-lu-ma-ma

ji-ge-lu-ma-ma. Sa-ni-bo-na sa-ni-bo-na

sa-ni-bo-na sa-ni-bo-na sa-ni-bo-na sa-ni-bo-na

sa-ni-bo-na sa-ni-bo-na.

Daar is drie bobbejane jigelumama  
 hulle eet pampoene jigelumama  
 hulle sit op die kranse jigelumama  
 jigelumama jigelumama.

Sanibona sanibona  
 sanibona sanibona  
 sanibona sanibona  
 sanibona sanibona.

(Groep volwassenes: Elandsfontein, Beaufort-Wes)

(a)

Daar's vier bō-ja-ne shi-wap-shi-wa daar's vier bō-ja-ne

shi-wap-shi-wa hul-le drink ja-boe-la shi-wap-shi-wa-wa

shi-wap-shi-wa-wa shi-wap-shi-wa-wa-wa

Daar is vier bôjane shiwap-shiwa-wa  
 daar is vier bôjane shiwap-shiwa-wa  
 hulle drink jabula shiwap-shiwa-wa  
 shiwap-shiwa-wa shiwap-shiwa-wa-wa.

Daar is nog 'n bôjaantjie shiwap-shiwa-wa  
 sy naam is Jakobus shiwap-shiwa-wa  
 en hy drink jabula shiwap-shiwa-wa  
 shiwap-shiwa-wa shiwap-shiwa-wa-wa.

Dis al die bôjane shiwap-shiwa-wa  
 dis al die bôjane shiwap-shiwa-wa  
 hulle drink jabula shiwap-shiwa-wa  
 shiwap-shiwa-wa shiwap-shiwa-wa-wa.

(Groep volwassenes: Amerville: Fraserburg)

Albei variante toon invloed van 'n Bantutaal. "Jigelumama" in strofe een van variant een kan moontlik 'n sametrekking wees van die Xhosawoorde "jikela" (om om te draai) en "umama" (my mamma). Die woord sal dan beteken "draai om my mama". "Sanibona" in strofe twee is 'n Zulugroet wat beteken "ons sien julle". In variant (b) kom die Zuluwoord "jabula" voor, wat oorspronklik beteken "om bly te wees". Die woord word deur 'n maatskappy as handelsnaam vir 'n bier gebruik.

Strofe twee word drie maal herhaal en waar die naam Jakobus voorkom, word die name van die ander lede van die sanggroep ingevoeg, naamlik Georgie, Johan en Willem.


Variant (a) is 'n voorstellingslied, dit wil sê die lede van die groep word een vir een voorgestel deur die noem van hulle name in die tweede reël. Dit is moontlik dat hulle die eerste variant reeds geken het en toe self hulle voorstellingslied daarop gebaseer het. Cloete het 'n soortgelyke voorstellingslied by die Griekwas opgeteken. Dit lui soos volg:

Sha-la-la-la-la-la sha-la-la-la-la  
 sha-la-la sha-la-la  
 sha-la-la-la-la  
 And this is Vivian Vivian Vivian Vivian  
 And this is Vivian Vivian Vivian Vivian  
 And this is Clifford Clifford Clifford Clifford  
 And this is Clifford Clifford Clifford Clifford.  
 (Cloete 1986b:282)

Die wysies het geen verband met mekaar nie.




(486)



Die plaas se naam is Die-mans-kraal as jy geld wil hê kan jy



hier kom haal ag-ter die sal jy lek-ker kry maar ag-ter daai sal jy



bit-ter bars.


Die plaas se naam is Diemanskraal  
 as jy geld wil hê kan jy hier kom haal  
 agter dié sal jy lekker kry  
 maar agter daai sal jy bitter bars.  
 (G. du T. Cillié: Durban)

Daar is nêrens 'n lied gevind wat ooreenkoms toon met hierdie een nie.

(487)



Die see-wa-ter is blou en die gras is groen deur



jou moes ek my mam-ma se huis ver-laai deur jou deur jou deur



jou moes ek my moe-der se huis ver- laat.

Die seewater is blou  
 en die gras is groen

deur jou moes ek my mamma se huis verlaat  
 deur jou deur jou  
 deur jou moes ek my moeder se huis verlaat.  
 (Groep volwassenes: Hartbeesrivier, Swellendam)

Die eerste reël is baie algemeen by die liedere van die bruinmense (vergelyk nrs. 217, 226, 238 en 252). Dit kom ook by blankes voor. Grobbelaar het dit in Namakwaland saam met 'n paar ander drie-en-een-kwatrene opgeteken:

As die seewater daar so blou  
 as die seewater daar so blou  
 as die seewater daar so blou  
 dan kan ek die tranes nie hou.  
 (Grobbelaar 1987:43)

(488)

Dis ou Pie-ta se ding ou Pie-ta se ding ou


Pie-ta se ding dis-sie ding wat die mei-de moet dwing.

Dis ou Pieta se ding  
 ou Pieta se ding  
 ou Pieta se ding  
 dissie ding wat die meide moet dwing.


Jou mamma't jou gekry  
 jou mamma't jou gekry  
 jou mamma't jou gekry  
 in die sloot byna dood.  
 (P. le Grange: George)

Die strekking van hierdie lied is waarskynlik suggestief. Dit is nie altyd moontlik om bedoelings of insinuasies in liedere te verklaar nie. Suggestiwiteit in volksliedere word in hoofstuk 15 bespreek.


(489)



Ek het rond ge-tra-vel en rond ge-gaan na die



boe-re-pla-se toe op Nou-poort het ek vas ge-staan vir 'n



sjie-ling op 'n dag.

Ek het rondgetravel en rondgegaan  
na die boereplase toe  
op Noupoot het ek vas gestaan  
vir 'n sjieling op 'n dag  
sjieling op 'n dag was alte min  
maar wat kan 'n arm mens doen?  
ou slossie en 'n snytjie brood  
die was vir my genoeg  
het toe vir hom 'n perdjie gekoop  
en ou Windvoël was sy naam  
ou Windvoël was 'n flukse perd  
en sterk kon hy ook trek  
die aand toe ek by my huisie kom  
toe lê ou Windvoël dood  
ek het ou Windvoël afgeslag  
en oor die draad gegooi  
die anderdag toe my vroujie opstaan  
en my koffie in die kooi kom gee  
sê sy ag ou man kom kyk  
hier runnik ou Windvoël weer  
ek sê vroujie jy's regtig laf  
ou Windvoël is dan dood  
ek het opgestaan en my skoene aangetrek  
en ek het gaan kyk toe daar  
toe ek by die agterdeur kom  
toe runnik ou Windvoël weer  
ek sê my vroujie dis regtig waar  
nou het ons 'n perdjie weer.  
(S. Rondganger: George)

Dié lied is eintlik 'n vervorming en verkorting van 'n merkwaardige grootligverhaal waarvan Grobbelaar vertel in sy boek *Volkslewe van die Afrikaner*. Dit kom kortliks daarop neer dat 'n boer se perd vrek, hy slag hom af en besluit om die vel vir skoenleer te gebruik. Net toe die vel afgeslag is, begin die perd te roer, want hy was nooit dood nie. Die boer gee instruksies dat daar gou 'n paar mofskape afgeslag moet word, hy pak die velle so warm op die perd en werk dit vas. Die velle groei vas, die perd se wol word ses duim lank, en hy maak tog te lekker geld daarmee (Grobbelaar 1974:27-28). Die verhaal is ook in die vorm van 'n gedig opgeneem in P.J. Nienaber se bloemlesing *Eerste stemme*. Dit het min of meer dieselfde strekking as in bogenoemde vertelling en bestaan uit 26 strofes. Die gedig word toegeskryf aan F.W. Reitz (onseker), en sluit af met die volgende drie strofes:

Hoe nou gemaak? Hy kry die raad  
van 'n ou vrou wat daar bak:  
"Ses skape moet jy nou afslag,  
die velle op hom plak."

Dit word toe alles vasgemaak;  
ou Windvoël word gesond,  
en ieder kan hom nou gaan kyk:  
hy loop die werf al rond.

Al jare lewer hy sy wol,  
gereeld kan hul skeer!  
Dan is hy ryperd bowenop...  
ek wil dit ook probeer!  
(Nienaber 1973:28-31)

(490)

Ek lê en slaap --                    on-der die ei-ke-  
bo-me                    daar het ek gaan lê -    lê en slaap -- .

Ek lê en slaap  
onder die eikebome  
daar het ek gaan lê


lê en slaap.

(Groep volwassenes: Die Bof (b), George)

Die musiek van hierdie lied is in 3/4-tyd en dit word baie stadig gesing, sodat dit 'n sussende effek het. Die woorde is egter nie dié van 'n wiegeliëd nie.

(491)

Ek sal gaan ek sal gaan waar die wind my waai ek sal  
 gaan ek sal gaan net soos die wind my waai want ek  
 hoor maar die ge-luid uit die noor - de son - der fluit ja ek sal  
 gaan ek sal gaan waar die wind my waai ek sit op my  
 swart perd en ek gaan na my huis  
 ek sit op my swart perd nou voel ek my tuis  
 ek sit op my swart perd ja te - rug na  
 huis ek sit op my swart perd ja nou voel ek my



Ek sal gaan ek sal gaan  
 waar die wind my waai  
 ek sal gaan ek sal gaan  
 net soos die wind my waai  
 want ek hoor maar die geluid  
 uit die noorde sonder fluit  
 ja ek sal gaan ek sal gaan  
 waar die wind my waai  
 ek sit op my swart perd  
 en ek gaan na my huis  
 ek sit op my swart perd  
 nou voel ek my tuis  
 ek sit op my swart perd  
 ja terug na my huis  
 ek sit op my swart perd  
 ja nou voel ek my tuis  
 ek sal gaan ek sal gaan  
 waar die wind my waai  
 ek sal gaan ek sal gaan  
 net soos die wind my waai  
 want ek hoor maar die geluid  
 uit die noorde sonder fluit  
 ja ek sal gaan ek sal gaan  
 waar die wind my waai.  
 (A. van Zyl: Lambertsbaai)

Dié lang lied maak baie van herhaling gebruik en onderskei hom dus van 'n lang, verhalende gedig. Soos in hoofstuk 2 genoem, veroorsaak kitaarbegeleiding baie maal verwarring wanneer 'n lied gestranskribeer word omdat die begeleiers dikwels 'n ekstra maatslag invoeg. Dit is ook die geval by hierdie lied, van daar die wisseling na 3/2-tyd.

(492)

bra my le-we's deur-me-kaar ek sê my bra my le-we's deur-me-  
 kaar hoe sal ek maak om my le-we reg te kry.

Ek sê my bra my lewe is deurmekaar  
 ek sê my bra my lewe is deurmekaar  
 ek sê my bra my lewe is deurmekaar  
 hoe sal ek maak om my lewe reg te kry?

Ek sê my bra die rooikat gaan jou vang  
 ek sê my bra die rooikat gaan jou vang  
 ek sê my bra die rooikat gaan jou vang  
 hoe sal ek maak om die rooikat weg te keer?  
 (E. Michaels: Rietkuil, Swellendam)

Die woord "bra" verwys na "broer" en is waarskynlik 'n afkorting van die Engelse "brother".

Die vorm van die teks is drie-en-een-kwartyne, terwyl herhaling in die musiek by die eerste twee reëls voorkom. Vir 'n variant van strofe een vergelyk nr. 203.

(493)

En die wit-broek sit nie lek-ker nie want die  
 wit-broek het nie rek-ke nie en die wit-broek sit nie nice nie want die  
 wit-broek het nie size nie.

En die witbroek sit nie lekker nie  
 want die witbroek het nie rekke nie



en die witbroek sit nie *nice* nie  
 want die witbroek het nie *size* nie  
 en die witbroek sit nie mooi nie  
 en die witbroek sit nie mooi nie  
 en die witbroek sit nie mooi nie  
 want die witbroek het nie plooi nie.  
 en as julle nie kan kekkel nie  
 dan smaak julle kos nie lekker nie  
 en as julle nie kan kekkel nie  
 dan smaak julle kos nie lekker nie.  
 (K. Kriel: Montagu)

Grobbelaar skryf in *Die volk as digter II* dat die bekende volksliedjie "Die witbroek sit nie nice nie" tot 'n lang, verhalende lied uitgewerk en bekend gemaak is deur Chris Blignaut. Hy sê dat die lied al die potensiaal van 'n volkslied het (Grobbelaar 1987:88). Hierdie weergawe van mnr. Kriel toon afwykings van die weergawe deur Grobbelaar in die program gebruik. Die refrein van die lied soos gesing deur Randall Wicomb, lui soos volg:

Die witbroek sit nie mooi nie  
 die witbroek sit te styf  
 die witbroek span ook baie sleg  
 om die rondings van my lyf.  
 Die witbroek sit nie mooi nie  
 want die witbroek het nie plooi nie  
 Die witbroek sit nie nice nie  
 want hy's nie die regte size nie.  
 (Grobbelaar 1987:88)

Die wysies toon verband, hoewel dit nie presies dieselfde is nie. Die laaste vier reëls van mnr. Kriel se weergawe is ook deur hom in 'n ander lied gebruik (vergelyk nr. 341).

(494)

En dis nie ek-ke nie ek voel nie lek-ke nie so  
 on-der die wol-kom-bers en dis nie ek-ke nie ek voel nie  
 lek-ke nie so on-der die wol-kom-bers en dis nie



ek-ke: nie ek voel nie lek-ke nie so  
 on-der die wol-kom-bers wie slaap van-aand al-le-nig  
 on-der die wol-kom-bers.

En dis nie ekke nie ek voel nie lekke nie  
 so onder die wolkomers  
 en dis nie ekke nie ek voel nie lekke nie  
 so onder die wolkomers  
 en dis nie ekke nie ek voel nie lekke nie  
 so onder die wolkomers  
 wie slaap vanaand allenig  
 onder die wolkomers?  
 (Groep volwassenes: Quado, De Doorns)

Die woorde "onder die wolkomers" is by talle ander liedere van die bruinmense aangetref, almal as dansliedere opgeteken (vergelyk onder meer nrs. 209, 259, 278, 284, 285 en 322). Die woord "lekke" moet "lekker" wees, maar die "r" is weggelaat om te rym met "ekke".

(495)



Hier-van-daan na die re-sies-baan ry-broeken vel koe-mas-te aan  
 A-pies fon-bein is 'n lek-ker fon-bein daar loop 'n stroom wyn so

dik as my duim die ring aan haar vinger is 'n wa-re trou-pand die  
strik in haar sy is 'n mei-sie van my.

Hiervandaan na die resiesbaan  
rybroek en velkoemaste aan  
voor op die wa sit die bruinoog pa  
agter in die wa sit die ma  
voor by die tou loop die swarte kriek  
agter aan die wa sit die ysterbriek  
Apiesfontein is 'n lekker fontein  
daar loop 'n stroom wyn  
so dik as my duim  
die ring in haar vinger  
is 'n ware trou-pand  
die strik in haar sy  
is 'n meisie van my.  
(J. McClaren: Calitzdorp)

(a)

Daar by die wa se lin-ker-ag-ter-wiel daar sit 'n  
pik-swart kaffer met 'n spier-wit siel siel siel siel siel siel siel.

Daar by die wa se linkeragterwiel  
daar sit 'n pikswart kaffer met 'n spierwit siel  
siel siel siel siel siel siel.  
(B. van Wyk: Fraserburg)

Variant (a) is slegs 'n fragment van die eerste optekening.

Die weergawe van mnr. McClaren is 'n samevoeging van meer as een lied wat by Du Toit gevind word. Die eerste deel kom voor in 'n lied wat volgens Du Toit uit Angola kom:

Hiervandaan na die reisesbaan,  
 'n Geel komas en die wye broek aan;  
 My pa kan praat en my ma kan slaat  
 Maar die swart-oog dogter gaat ek vat.  
 Al was die deur van yster en staal,  
 Ek slaan hom stukkend en ek gaat haar haal.  
 (Du Toit 1924:197)

Die deel vanaf reël drie tot ses (dit is ook die deel waarvan variant (a) 'n fragment is), kom ooreen met "Veertien rooibontes voor die wa", waarvan die laaste ses reëls soos volg lui:

Voor aan die tou is die swarte kriek,  
 Agter aan die wa is die ysterbriek;  
 Voor op die wa sit die swartoog pa,  
 Agter in die wa daar sit my ma.  
 Die son gaan onder agter die Asvoëlberg,  
 Daar waar die noointjies nog sal erf.  
 (Du Toit 1924:205)

Vergelyk ook dié gedeelte met die refrein van "Kammalandse tannie":

Kammaland se tannie met die vaalkuif haar,  
 stuur ons die toue van die bamboesblaar;  
 agter die wa is die ysterbriek,  
 voor by die tou loop die "swarte kriek".  
 (*FAK-sangbundel* 1979:337).

Grobbelaar het 'n variant van dieselfde gedeelte as 'n strofe van 'n langer lied soos volg opgeteken:

Voor op die wa sit my vaalbaard-pa  
 agter in die wa lê my blouoog-ma  
 voor aan die tou is die kleine kriek  
 agter aan die wa is die ysterbriek.  
 (Grobbelaar 1988:50)

Volgens Du Toit is dit 'n lied wat hom leen tot vermenging met fragmente van ander liedere en sê dit maak deel uit van die "Oorkant die spruit-serie" (Du Toit 1924:205).

'n Variant van die laaste twee reëls is deur Grobbelaar as refrein van 'n langer lied gevind by mnr. John Lizamore van Amsterdam:

Die groen komkommer en die ryp spanspek  
 ag en sy maak my so waterbek  
 julle kan maar dans en skoene verniel  
 ou Pieta sleep vlerk by tant Anna van oom Giel.

Ref.:

Sowaar sowaar so by my siel  
 dis 'n spierwit kaffer met 'n pikswart siel.  
 (Ons erfenis:TVL79-IIb)

Die laaste deel vanaf "Apiesfontein is 'n lekker fontein", is 'n variant van die volgende liedjie:

Meisiesfontein,  
 Jou ware fontein,  
 Daar loop 'n stroom wyn,  
 So dik as my duim.  
 (Du Toit 1924:182),

Du Toit het nog 'n variant opgeteken:

Die ring in haar vinger  
 Is 'n ware trouband;  
 Die strik in haar sy  
 Is 'n noointjie van my.  
 (Du Toit 1924:182)

Die "resiesbaan" is deur die informant verklaar as die vroeë diamantvelde by Kimberley, terwyl die reël "daar loop 'n stroom wyn" verwys na Kimberley se kroëë.

(496)

Hoor hoe speel oom Char-lie oom Char-lie oom Char-lie hoor hoe speel oom  
 Char-lie op sy ou ki-taar lek-ker speel oom Char-lie oom  
 Char-lie oom Char-lie lek-ker speel oom Char-lie op sy ou ki-  
 taar haai kom ons lui-ter al-te-saam dit maak ons voe-te jeuk  
 som-mer word ons weg-ge-jaag ons voel so on-ge-luk-kig lek-ker speel oom

Char-lie oom Char-lie oom Char-lie lek-ker speel oom Char-lie  
op sy ou ki-taar.

Hoor hoe speel oom Charlie oom Charlie oom Charlie  
 hoor hoe speel oom Charlie  
 op sy ou kitaar  
 lekker speel oom Charlie oom Charlie oom Charlie  
 lekker speel oom Charlie  
 op sy ou kitaar  
 haai kom ons luister altesaam  
 dit maak ons voete jeuk  
 sommer word ons weggejaag  
 ons voel so ongelukkig  
 lekker speel oom Charlie oom Charlie oom Charlie  
 lekker speel oom Charlie  
 op sy ou kitaar.  
 (E. Biancie: Montagu)

Hierdie lied kom vermoedelik van 'n ou Afrikaanse plaat, hoewel dit nie bevestig kon word nie. Dit is veral die musiek wat die vermoede laat ontstaan. Die invoeging van die toevallige tekens (in hierdie geval die F-kruis in maat 21 en 22 en die herstelteken in maat 23) is nie tipies van Afrikaanse volksmusiek nie.

(497)

Hou die ding in die mik hou die ding in die mik ta-  
 lie die ding kan sto-ries maak maar skel is lie-der-lik.

Hou die ding in die mik  
 hou die ding in die mik  
 talié die ding kan stories maak  
 maar skel is liederlik.

(G. du T. Cillié: Durban)

Die woorde is waarskynlik weer suggestief. Dit is 'n tipiese volksliedjie. Dit het die vorm van die o-kwatryn (wat deur die bruinmense dikwels sonder die "o" gesing word) en die laaste reël kom meermale in die bruinmense se liedere voor. Normaalweg lui dit: "vloek en skel is niks// maar jaloers is liederlik" (vergelyk nrs. 158 en 290).

(498)

Hou-te-pop-pie hou-te-pop-pie hand in die sy

hou-te-pop-pie hou-te-pop-pie kyk na my.

Houtepoppie houtepoppie hand in die sy  
 houtepoppie houtepoppie kyk na my  
 houtepoppie houtepoppie staan in die ry  
 houtepoppie houtepoppie kyk na my.

(J. McClaren: Calitzdorp)

Mnr. McClaren het dié lied nie geken as 'n piekniek lied nie, maar dit is wel as 'n volkspeletjie in *Vir ons volkspelers* opgeneem waar dit soos volg lui (aangehaal sonder die refrein):

Houtepoppie, houtepoppie,  
 hand in die sy,  
 hou op met stry,  
 van stry kom baklei.  
 Houtepoppie, houtepoppie,  
 kom laat ons draai,  
 ek sal jou nooit nie verraai.

(NRVV 1962:116)

By nr. 100 kom die woorde "Houtepoppie houtepoppie//dans met my" voor.



(499)

Handwritten musical notation for song (499). The first line shows the melody for the first two phrases. The second line shows the melody for the next two phrases. The lyrics are written below the notes.

Kaas en brood en sui-ker-bier al die jam is teen die muur  
gee vir die ou meid tji-ke-rie lek-ker brood en sui-ker-bier.

Kaas en brood en suikerbier  
al die *jam* is teen die muur  
gee vir die ou meid tjiekerie  
lekker brood en suikerbier.  
(B. Stoffels: Pacaltsdorp)

Daar is reeds melding gemaak van die groot aantal liedere wat kos as tema het (vergelyk onder meer nrs. 23, 35, 47, 83 en 93). Hierdie lied sluit daarby aan. Die woord "tjiekerie" is waarskynlik 'n vervorming van die Engelse "chicory".

(500)

Handwritten musical notation for song (500). The notation is in treble clef with a key signature of two sharps (F# and C#) and a 4/4 time signature. The melody is written across three staves with lyrics underneath.

Ka- die-sa my lam is sy dan bang? is sy dan  
bang? is sy dan bang? Ka- die-sa my lam is sy dan  
bang? is sy dan bang vir die ding wat hang?

Kadiesa my lam is sy dan bang  
is sy dan bang is sy dan bang?  
Kadiesa my lam is sy dan bang  
is sy dan bang vir die ding wat hang?

Nee Kadiesa sy sê sy is nie bang  
 sy is nie bang sy is nie bang  
 nee Kadiesa sy sê sy is nie bang  
 sy is nie bang vir die ding wat hang.

Maar waarvoor is sy dan nou so bang  
 so baie bang so baie bang?  
 maar waarvoor is sy dan nou so bang?  
 want dit is nie vir die ding wat hang.

Kadiesa sê sy is nog bang  
 sy is nog bang sy is nog bang  
 Kadiesa sê sy is nog bang  
 sy's baie bang vir die rooikop-slang.  
 (G. du T. Cillié: Durban)

Die betekenis van die woorde is heel moontlik suggestief.

Die lied stem in 'n mate ooreen met 'n ou slaaplidjie wat volgens Du Toit uit Kakamas se wêreld kom.

Soesa, my lam! Soesa, my lam!  
 Soesa my lam! Waarom is jy bang?  
 Soesa, my lam! Soesa, my lam!  
 Is jy dan bang  
 Dat Dollewera se honde  
 Jou sal vang?  
 (Du Toit 1924:5)

Die laaste strofe van mnr. Cillié se weergawe bevat weer eens 'n verwysing na die "rooikop-slang" wat, hoewel nie altyd in presies dieselfde vorm nie, talle male in die Afrikaanse volkslied aangetref word. By die bruinmense is 'n hele paar voorbeelde gevind (vergelyk nrs. 18, 95, 95(a) en 505).

(501)

Kom slaan my neer voor die hof se deur kom slaan my

neer- voor die hof se deur o mô-re my

ba-sie wat het ek ge- maak- hier staan ek  
ne-ge maan-de voor die hof se deur.

Kom slaan my neer voor die hof se deur  
kom slaan my neer voor die hof se deur  
o môre basie wat het ek gemaak?  
hier staan ek nege maande voor die hof se deur.  
(H. Gouws: Kliprand)

Dié lied is 'n variant van 'n baie bekende volkslied. 'n Fragment daarvan kom voor in nr. 142, waar die meer bekende vorm ook bespreek is.


Hoewel nr. 501 slegs 'n fragment van die bekende lied is, stem die wysies wel ooreen.

(502)


kwē-la kwē-la kom-aan kwē-la van-aand met  
my shie bam bam bam bam kwē-la shie bam bam bam bam  
kwē-la shie bam bam bam kom-aan kwē-la van-aand met my  
kwē-la kwē-la kom-aan kwē-la van-aand met  
my kwē-la kwē-la kom-aan




kwê-la van-aand met my ou pel-lie hoor hoe blaas die




trein op die Brick-en-field se lyn ver van daar-die



lyn ver van die Brick-en-field se lyn ou pel-lie kyk daar om die




hoek dan sal jy die bam-nie soek sy maak jou hempen




baad-jie en tsot-sie-broek kwê-la kwê-la



kom-aan kwe-la van-aand met my shie bam bam bam bam



kwê-la shie bam bam bam bam kwê-la shie bam bam bam



kom-aan kwê-la van-aand met my ou pel-lie



hoor hoe blaas die trein op die Brick-en-field se lyn

ver van daardie lyn ver van die Brick-en-field se lyn ou pel-lie

kyk daar om die hoek dan sal jy die tan-nie soek sy

maak jou hemp en baad-jie en tsot-sie - broek kwê-la

kwê-la kom-aan kwê-la van-aand met my

shie bam bam bam shie bam bam bam shie bam bam bam shie

bam bam bam kom-aan kwê-la van-aand met my.

Kwêla kwêla

komaan kwêla vanaand met my

shie bam bam bam bam kwêla

shie bam bam bam bam kwêla

shie bam bam bam

komaan kwêla vanaand met my

kwêla kwêla

komaan kwêla vanaand met my

kwêla kwêla

komaan kwêla vanaand met my

ou pèllie hoor hoe blaas die trein

op die Brickenfield se lyn

ver van daardie lyn

ver van Brickenfield se lyn


ou pèllie kyk daar om die hoek

dan sal jy die tannie soek  
 sy maak jou hemp en baadjie  
 en tsotsi-broek  
 kwêla kwêla  
 komaan kwêla vanaand met my  
 shie bam bam bam bam kwêla  
 shie bam bam bam bam kwêla  
 shie bam bam bam  
 komaan kwêla vanaand met my  
 ou pêllie hoor hoe blaas die trein  
 op die Brickenfield se lyn  
 ver van daardie lyn  
 ver van die Brickenfield se lyn  
 ou pêllie kyk daar om die hoek  
 dan sal jy die tannie soek  
 sy maak jou hemp en baadjie  
 en tsotsi-broek  
 kwêla kwêla  
 komaan kwêla vanaand met my  
 shie bam bam bam  
 shie bam bam bam  
 shie bam bam bam  
 shie bam bam bam  
 komaan kwêla vanaand met my.  
 (E. Biancie: Montagu)

"Kwêla" is 'n tipe dans wat oorspronklik by die stedelike swartmense ontstaan het (HAT 1988:230).

Mnr. Biancie beweer dat dit 'n ou Nico Carstens-liedjie is. Nico Carstens is veral bekend vir sy boereorkesmusiek. Hy het vóór 1960 al 'n goue plaat-toekenning ontvang vir verkope van meer as een miljoen plate. Hy was op daardie stadium die enigste Suid-Afrikaanse kunstenaar wat al dié onderskeiding gekry het (*Die Landbouweekblad* 17/7/1962:70-71).

(503)



Ma my nu-we skoe-ne druk my Ma my nu-we skoe-ne  
 druk my nu-we skoe-ne nu-we skoe-ne Ma my nu-we skoe-ne druk my.

Ma my nuwe skoene druk my  
 Ma my nuwe skoene druk my  
 nuwe skoene nuwe skoene  
 Ma my nuwe skoene druk my.  
 (A. Stroebel: manuskrip)

Hierdie kwatryn is een van die liedjies wat in 1960 deur mev. Stroebel in die Oudtshoorn-distrik opgeteken is.

(504)

Ma se kind se kaas-kop kind skrams ge-bo-re in die oos-te-wind  
 deur-ge-trek deur die suur a-syn droog ge-word in die ma-ne-skyn.

Ma se kind se kaaskop kind  
 skrams gebore in die oostewind  
 deurgetrek deur die suur asyn  
 droog geword in die maneskyn.  
 (B. Stander: manuskrip)


Blydie Stander is 'n bekende skryfster van onder meer luimige sketse in Afrikaans. Sy sê dat sy dié liedjie as kind by huishulpe in die Porterville-distrik geleer het. Die wysie is dieselfde as die eerste twee en laaste twee reëls van die volkslied "Kortjakkie" wat soos volg lui:

Altyd is Kortjakkie siek  
 middel van die week maar Sondags niet  
 Sondags gaan sy na die kerk  
 middel van die week wil sy nie werk  
 altyd is Kortjakkie siek  
 middel van die week maar Sondags niet.  
 (G. Gericke: George)

Laasgenoemde is eintlik 'n luiaardsrym en is opgeteken by 'n blanke informant.



(505)



My mam-ma ek is bang my mam-ma ek is bang my  
mam-ma ek is bang vir die ge-le gou-e slang.

My mamma ek is bang  
my mamma ek is bang  
my mamma ek is bang  
vir die gele goue slang.

My mamma moet kom kyk  
my mamma moet kom kyk  
my mamma moet kom kyk  
hoe slaan die kinders my.

My mamma moet kom kyk  
my mamma moet kom kyk  
my mamma moet kom kyk  
die blikkie se boom val uit.

My mamma bly by die huis  
my mamma bly by die huis  
my mamma bly by die huis  
sy laat haar degie rys.

(A. Stroebel: manuskrip)

Die eerste strofe van die lied het al herhaalde male voorgekom (vergelyk nrs. 18, 95, 95(a) en 500, laasgenoemde die laaste reël). Strofe drie se laaste reël kom ook voor in nr. 220, waar die ooreenstemmende Maleierlied aangehaal is. Nog 'n variant is in die Oudtshoorn- en Caledon-distrik deur Ruben Stander opgeteken en vir vierstemmige koor verwerk deur Dirkie de Villiers. Die betrokke gedeelte lui:

En die blikkie se boom val uit  
en al die jêm loop uit

en die blikkie se boom val uit  
 en al die jêrn loop uit.  
 (Program 1975:13)

(506)


My naam is ou Daantjie Ooksowa - wa ek woon in die Dassi-  
 straat my moe-der was 'n Hot-ten-tots-vrou my  
 va-der 'n sol- daat ek het ge- kom van die On-der- veld gaan  
 kyk hoe die Bo- land lyk maar jong dit gaan maar naeren droog  
 daar in die On- der- veld.

My naam is ou Daantjie Ooksowa  
 ek woon in die Dassiestraat  
 my moeder was 'n Hottentotsvrou  
 my vader 'n soldaat  
 ek het gekom van die Onderveld  
 gaan kyk hoe die Boland lyk  
 maar jong dit gaat maar naar en droog  
 daar in die Onderveld  
 'n Hottentot kan geen wyn daar kry  
 al het hy ook sometyds geld  
 bo in die Kaap daar's baie wyn  
 in die pakhuis en in die stoor  
 en elkere vat wat daar nou staan  
 die rekent ek is almal vol  
 my mond gaat sommer aan die water

my maag kry so 'n pyn  
 ek wens dat ek kan swem  
 in so'n vat vol wyn  
 dan is daar kinders  
 wat my *sometryds* moet veer  
 hulle slaan my hulle stamp my  
 hulle maak my *sometryds* seer  
 dan tel ek ook weer klippe op  
 en gooi so laat dit krap  
 en elkere skoot wat ek daar gooi  
 dan hoor ek hulle sê dis raak  
 waar is die dieners  
 die blou duiwelsgoed?  
 hulle kan geen Hotnot afstaan  
 as jy vir hulle niks doen nie  
 hulle vat my sommer pens en pote  
 smyt my in 'n tronk  
 en as ek dan daar wakker skrik  
 dan lê ek binne-in 'n hok  
 hulle bring my voor die magistraat  
 dan behandel my net so sleg  
 hy gee sy diener net een rook  
 en dagga Daantjie weg  
 Daantjie *you was drunk* gewees  
*you* het lawaai gemaak  
*plenty cuts with the cane*  
 dit is jou straf ondien  
 o allala my basie  
 dit is tog baie seer  
 my ou genaaide broek  
 sal naand begin te skeur  
*you mister magistrate*  
*Ja some tell I not leave*  
*but when I out the tronk uit come*  
*then go I on the street.*  
 (A. Ferus: Ladismith)

(a)

Ek is oom Daan-tjie Oks-kon-daan ek kom van die On-der-veld 'n



Hot-not kan geen drank daar kry al het hy ook some-times geld ag  
 man dit is maar nat en droog daar in die On-der-veld 'n  
 Hot-not kan geen drank daar kry al het hy ook 'n hoed vol geld ag  
 man my hart gee so 'n pyn daar in die On-der-veld ek  
 wens dat ek tog so kon duik daar deur 'n bad vol wyn.

Ek is oom Daantjie Okskondaan  
 ek kom van die Onderveld  
 'n Hotnot kan geen drank daar kry  
 al het hy ook *sometimes* geld  
 ag man dit is maar nat en droog  
 daar in die Onderveld  
 'n Hotnot kan geen drank daar kry  
 al het hy ook 'n hoed vol geld  
 ag man my hart gee so 'n pyn  
 daar in die Onderveld  
 ek wens tog dat ek so kan duik  
 daar deur 'n bad vol wyn.  
 (P. le Grange: George)

Die taalkundige J. du P. Scholtz skryf: "In *Het Volksblad* van 17 November 1860 word vertel van 'n Hottentot Daantjie wat voor die hof kom omdat hy weer dronk was en met klippe op straat gegooi het. Hy was 'gekleed in een soldaten baatje en in zijn kroeshaar was een groote hanenveder gestoken.' Op die vraag van die magistraat: 'Wel, Daantje, ben je weer hier?' antwoord Daantjie kortaf: 'Ok so!' Daar vind 'n hele tweegesprek tussen hom en die magistraat plaas wat Daantjie afsluit met die woorde 'Ok so! Dag ou Baas!'" (Scholtz g.d.:315). Blykbaar het

hierdie berig die agtergrond gevorm vir 'n gedig deur die bekende vroeë skrywer Melt Brink. Hy het 'n baie lang gedig wat uit 31 vierreëlige strofes bestaan oor "Daantjie Oeksoo" geskryf. Die eerste en laaste strofe van Brink se gedig word aangehaal:

Mijn naam is Daantjie Oeksoo, hoor!  
Ik woon op Dassie Straat;  
Mijn memme was een Hottotvrou,  
Mijn tata een soldaat.

Maar zwaar of nie, die Magistraat  
Zijn sin sal ik niet gee;  
Want soo's ik uit die tronk uit kom,  
Gaat ik weer aan die spreek!  
(Brink 1893:41,45)

In die eerste optekening kom die woord "naand" in die vyfde laaste reël voor. Dit is 'n verkorting van "naderhand".

(507)

My ou-ma kook mie-lies en bo-ne my  
ou-pa roer daar sui-ker in nou's hy kwaad kwaad kwaad  
kwaad oor haar mie-lies kwaad toe kook my ou-pa weer mie-lies en  
bo-ne en ou-ma roer daar sui-ker in nou lag lag  
lag lag oor die mie-lies lag.

My ouma kook mielies en bone  
 my oupa roer daar suiker in  
 nou's hy kwaad kwaad kwaad  
 kwaad oor haar mielies kwaad.

Toe kook my oupa weer mielies en bone  
 en ouma roer daar suiker in  
 nou lag lag lag  
 lag oor die mielies lag.  
 (H. Korkee: Krakeel)

Daar is nêrens 'n lied gevind wat hiermee ooreenkom nie. Let daarop dat die tema van kos weer prominent is (vergelyk nrs. 23, 35, 47, 83, 93, en 499).

(508)

Neem my saam neem my saam neem my saam met jou  
 bi-cy-cle ry my hier ry my daar  
 hier-van-daan tot in De Aar ry bie-tjie ry bie-tjie  
 ry jy bly bie-tjie bly bie-tjie bly by bly bie-tjie bly bie-tjie  
 bly by ry ons die wê-reld om neem my saam  
 neem my saam neem my saam met jou bi-cy-cle

ry my hier ry my daar hier-van-daan tot in De

Aar.

Neem my saam neem my saam  
 neem my saam met jou *bicycle*  
 ry my hier ry my daar  
 hiervandaan tot in De Aar  
 ry bietjie ry bietjie ry jy  
 bly bietjie bly bietjie bly by  
 bly bietjie bly bietjie bly by  
 ry ons die wêreld om  
 bly bietjie bly bietjie bly by  
 bly bietjie bly bietjie bly by  
 ry bietjie ry bietjie ry jy  
 ry ons die wêreld om  
 neem my saam neem my saam  
 neem my saam met jou *bicycle*  
 ry my hier ry my daar  
 hiervandaan tot in De Aar.  
 (E. Biancie: Montagu)

In hierdie lied is nie net die herhaling van woorde en reëls opvallend nie, maar ook van klanke.

(509)

Nooien-tjies nooien-tjies leer jou les nooien-tjies nooien-tjies leer jou les-

nooien-tjies nooien-tjies leer jou les steek jou les In die bran-de-wyn-fles.



Nooientjies nooientjies leer jou les  
 nooientjies nooientjies leer jou les  
 nooientjies nooientjies leer jou les  
 steek jou les in die brandewynfles.  
 (H. Farmer: Eksteensfontein)

Die informant wat met die opname reeds 82 jaar oud was, het dié liedjie in haar jeug geleer. Dit moet dus reeds baie oud wees. Dit is opvallend dat "nooientjies" in die meervoudsvorm gebruik word, maar terselfdertyd met die enkelvoudsvorm "jou" aangespreek word.

(510)

Nou die stea-mer die stea-mer die stea-mer ja die  
 stea-mer die stea-mer oor die see ag my  
 moe-der my moe-der my moe-der ek wil  
 saam met daardie stea-mer vaar.

Nou die *steamer* die *steamer* die *steamer*  
 ja die *steamer* die *steamer* oor die see  
 ag my moeder my moeder my moeder  
 ek wil saam met daardie *steamer* vaar.

Ja die *steamer* die *steamer* die *steamer*  
 nou dan bly daardie *steamer* weer  
 nou my moeder my moeder my moeder  
 ag ja my hart ja my hart is op die see.

Ja die *steamer* die *steamer* die *steamer*  
 ek wil saam met daardie *steamer* gaan  
 nou my moeder my moeder my moeder

ja jy moet vir my laat gaan.

(A. van Zyl: Lambertsbaai)

Dié lied kan 'n tipe seemanslied genoem word, veral na aanleiding van die laaste reël van strofe twee. In nr. 360 word ook melding gemaak van 'n "steamer".

Die lied is na regte streng in 4/4-tyd, maar die kitaarbegeleiding veroorsaak dat ekstra maatslae bygevoeg word, meestal aan die einde van 'n reël (vergelyk ook nr. 491). Daar kom besonder baie herhaling in die woorde voor.

(511)

Strofe 1

Ou hart-bees van kerk ou Bloem-fon-teinse skip is in die

strofe 2

noord ge-an-ker. Hoor wat brom die uil ja ag ou bok jy

lieg dit is die blom-bak wat daar huil.


Ou hartbees van kerk  
ou Bloemfontein se skip  
is in die noord geanker.

Hoor wat brom die uil  
ja ag ou bok jy lieg  
dit is die blombak wat daar huil.

(E. Bok: Lekkersing)

Die lied het die vorm van die driereëlige dansliedjies en die wysie is, soos by baie van dié dansliedere, baie eenvoudig - dit kan amper primitief genoem word. Ook die woorde maak nie sin nie.

(512)




Ou tan-te die reën kom aan ple-ter-sie-lie son-ne-blom mooi-e mei-sie  
bin-ne-kom jou swar-te ser-want hui-te bly pi-ty pi-ty joy met die  
waai -trek-sel.

Ou tante die reën kom aan  
pietersielie sonneblom  
moie meisie binnekom  
jou swarte serwant buite bly  
*pity pity joy* met die waai treksel.  
(A. Mentoor: Beaufort-Wes)

Die woord "serwant" in reël vier word nie op Engels uitgespreek nie, daarom word die "w" gebruik. Dit is 'n vervorming van die Engelse "servant".

(513)



Pie-sang-kon-fyt is 'n lek-ker kon-fyt ge-  
bruik hom op sy tyd dan smaak hy nes kon-fyt.

Piesangkonfyt is 'n lekker konfyt  
gebruik hom op sy tyd  
dan smaak hy nes konfyt.  
(J. McClaren: Calitzdorp)

Dié lied is 'n variant van nr. 348, 'n arbeidsliedjie, waar die eerste reël lui: "Appelliefiekonfyt is 'n lekker konfyt". Volgens mnr. McClaren is hierdie lied nie as arbeidslied bekend nie, maar het dit ontstaan rondom groot feesvieringe wat in 1920 gehou is met die inwyding van die nuwe dam by Calitzdorp.

(514)

Piet en my lai - tie is kwaad vir my Piet en sy ker- rie hul- le

praat met my Piet en my lai - tie hul- le twist die gane

Piet en my lai - tie hul- le maak uit van my.


Piet en my laitie is kwaad vir my  
 Piet en sy kerrie hulle praat met my  
 Piet en my laitie hulle *twist* die *gane*  
 Piet en my laitie hulle maak uit van my.  
 (P. le Grange: George)

Die woord "laitie" word baie algemeen deur Afrikaanssprekendes vir 'n jong seun gebruik. Dit is reeds deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aanvaar en sal in die volgende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* verskyn (W. Gericke: onderhoud).

In die kinderlied "So rondom die bos" waarvan drie variante opgeteken is (vergelyk nr. 105), kom die woord "kerrie" voor in die reël "ek jol nie met 'n kerrie". In 'n ander variant verskyn die woord "cherrie" op die ooreenstemmende plek. Dit is dus moontlik dat "kerrie" 'n vervorming van "cherrie" is en "meisie" beteken.

Die "twist" is 'n dansvorm wat in die vroeë sestigerjare in Amerika ontwikkel het. Dit het karakteristieke heup- en beenbewegings (*NEB* Deel 12 1986:81). Volgens die informant is die "gane" ook 'n tipe dans, maar daar kon geen verwysing daarna gevind word nie.

(515)



Some- times I feel so hap- py some- times I feel so gay some-  
times I feel de swer- noot in want sy ver- neuk vir my.

*Sometimes I feel so happy  
sometimes I feel so gay  
sometimes I feel de swernoot in  
want sy verneuk vir my.  
(B. van Wyk: Fraserburg)*

Hierdie lied is 'n voorbeeld van 'n Engelse liedjie wat 'n Afrikaanse slotgedeelte gekry het (vergelyk ook nrs. 344(a) en 346). P.W. Grobbelaar onthou die volgende variant uit sy kinderjare in die Wes-Vrystaat:

*Sometimes I feel happy  
sometimes I feel blue  
sometimes I feel sommer everything  
and that's because of you.  
(P.W. Grobbelaar: onderhoud)*

(516)



Stop - pie wie't jou ge- maak- dat jy van- aand so lek- ker  
smaak stop - pie wie't jou ge- maak- dat  
jy van- aand so lek- ker smaak dis die skol- lie- boy wat op die

rail - way werk koop sy stop - pie met sy  
 rail - way - geld die skollie - boy wat op die  
 rail - way werk koop sy stop - pie met sy  
 rail - way - geld.

Stoppie wie't vir jou gemaak  
 dat jy vanaand so lekker smaak  
 stoppie wie't vir jou gemaak  
 dat jy vanaand so lekker smaak  
 die skollie-boy wat op die *railway* werk  
 koop sy stoppie met sy *railway*-geld  
 die skollie-boy wat op die *railway* werk  
 koop sy stoppie met sy *railway*-geld.  
 (E. Arendse: Krakeel)

Dié ou Afrikaanse lied verskyn op 'n plaat. Die groep sangers sowel as die plaat word *Oranje Blanje Blou* genoem. Die woorde lui soos volg:

Stoppie wie't vir jou gemaak  
 dat jy vanaand so lekker smaak  
 stoppie wie't vir jou gemaak  
 dat jy vanaand so lekker smaak  
 dit is die skollie-boy wat op die *railway* werk  
 stoppies draai van sy *railway*-geld  
 dit is die skollie-boy wat op die *railway* werk  
 stoppies draai van sy *railway*-geld  
 en as die windjie so lekker waai  
 daar onder by die rokersdraai



en as die windjie so lekker waai  
 daar onder by die rokersdraai.  
 (Teal GGLIO MMTL1303)

Die woord "rokersdraai" in die laaste variant bevestig dat daar van daggarokery gesing word. Die wysies van die twee variante stem ooreen.

(517)



Swaar om die draai swaar om die draai swaar om die draai die  
 draai is swaar ge-laai soh doh te la soh fa me re  
 swaar om die draai soh doh te la soh fa me re  
 swaar om die draai swaar om die draai swaar om die draai  
 swaar om die draai die draai is swaar ge-laai.

Swaar om die draai  
 swaar om die draai  
 swaar om die draai  
 die draai is swaar gelaai  
 soh doh te la soh fa me re  
 swaar om die draai  
 soh doh te la soh fa me re  
 swaar om die draai  
 swaar om die draai  
 swaar om die draai



swaar om die draai  
 die draai is swaar gelaai.  
 (E. Arendse: Krakeelrivier)

Die name van solfanote word as woorde gebruik in hierdie lied. Dit kom ook voor in een van die touspringliedere (vergelyk nr. 80).

(518)

Ta-fel-mes se punt ta-fel-mes se punt ta-fel-mes se  
 punt jy is die va-der van die kind.

Tafelmes se punt  
 tafelmes se punt  
 tafelmes se punt  
 jy is die vader van die kind.

Waarom wil jy stry?  
 waarom wil jy stry?  
 waarom wil jy stry?  
 want die kind lyk nes jy.

Pap tamatie  
 pap tamatie  
 die hele ding is uitgewerk  
 dis die gaatjie wat daar sit.  
 (P. le Grange: George)

Die eerste twee strofes is drie-en-een-kwatrene. Variante van die eerste strofe word gevind in nrs. 221 en 311. Strofe twee is 'n variant van die laaste gedeelte van die kinderlied "Die rooi tamatie" (vergelyk nr. 79) en die laaste gedeelte van nr. 335(a).

(519)

Tag-gen-tag jaar het hy ga-lop -lop -lop en  
nou het hy ge-stop -stop -stop en daar lê ou  
Pom-pie in die sloot en my ou-pa se ry-perd is nou dood.

Taggentag jaar het hy galop -lop -lop  
en nou het hy gestop -stop -stop  
en daar lê ou Pompie in die sloot  
en my oupa se ryperd is nou dood.  
(S. Rondganger: George)

"Taggentag" is 'n vervorming van "tagtig", en "galop" is 'n vervorming van "geloop". Daar is geen variant van dié lied gevind nie. Daar is wel die lied "My oupa het 'n perd" (vergelyk nr. 147), maar dit het geen verband met hierdie lied nie. Grobbelaar het 'n variant opgeteken waar die laaste twee reëls van nr. 519 as refrein van "My oupa het 'n perd" voorkom:

My oupa het 'n perd  
met 'n spierwitte stert  
waarmee hy die vlieë van hom waai  
sy ore is so lank  
soos 'n viersitplekbank  
en as hy runnik sal jy sweer  
dis 'n haan wat kraai.

Ref.:

Maar nou lê ou Pompie in die sloot  
en my oupa se ryperd is dood.  
(Grobbelaar 1988:26)

(520)

Ta-ra-ra-ra-boem-de-ry Gam-mat het die vark ge-ry

af-ge-val en seer-ge-kry op-ge-klim en weer ge-ry  
 ta-ra-ra-boem-de-ry ta-ra-ra-boem-de-ry  
 ta-ra-ra-boem-dery ta-ra-ra-boem-de-ry.

Ta-ra-ra-ra-boemdery  
 Gammat het die vark gery  
 afgeval en seergekry  
 opgeklim en weer gery  
 ta-ra-ra-boem-dei  
 ta-ra-ra-boem-dei  
 ta-ra-ra-boem-dei  
 ta-ra-ra-boem-dei.  
 (W. van Niekerk: Pacaltsdorp)

Die lied hou geen verband met die volksliedjie "Taraboemdery, my vaalhaarntoentjie" nie (vergelyk *FAK-sangbundel* 1979:133). Dit is wel 'n variant van 'n bekende kinderrytm wat soos volg deur Grobbelaar opgeteken is:

Ta-ra-ra-ra boemdiehy!  
 Oupa het 'n vark gery,  
 afgeval en seergekry,  
 opgeklim en weer gery.  
 (Grobbelaar 1976a:46)

(521)

Toe ons as skaap-boys tra-vel ons ont-moet me-kaar in die

Ro-land ons vra hom en ver-tel hom dis van-aand--  
 ons gaan toe weer aan daar ver na ons land en ons  
 sien ons ei-ke-bo-me die treur.

Toe ons as skaap-boys travel  
 ons ontmoet mekaar in die Roland  
 ons vra hom en vertel hom dis vanaand  
 ons gaan toe weer aan  
 daar ver na ons land  
 en ons sien ons eikebome die treur.


(S. Rondganger: George)

Die informant kon nie verduidelik waarna die naam "Roland" verwys nie.

Die lied se oorsprong is nie bekend nie en die woorde kom sonder verband voor. Die informant kon geen bykomende inligting verstrek nie. Moontlik is die "skaap-boys" 'n span skaapskeerders, want hulle trek van plaas tot plaas.

(522)

Waar kom jy so laat van-daan? die he-le nag het jy op die strand ge-  
 staan nou kom jy met 'n vis-kop aan niks <sup>3</sup> nie daar-  
 by net die sko-ne sop moe-la moe-la moe-la me-di-sy-ne



Waar kom jy so laat vandaan?  
 die hele nag het jy op die strand gestaan  
 nou kom jy met 'n viskop aan  
 niks nie daarby net die skone sop  
 moela moela moela medisyne  
 moela moela moela medisyne.  
 (B. Stoffels: Pacaltsdorp)

Grobbelaar het 'n kwatryn opgeteken waarvan die eerste reël met hierdie lied ooreenstem. Dit kom uit Calvinia se wêreld en word op 'n rielwysie gesing.

Waar kom hy so laat vandaan  
 met jou stywe been en jou reënjas aan  
 toe sien jy die diener kom aan  
 jy kap dit uit dat die stof so staan.  
 (Grobbelaar 1987:98)

Dié lied toon ook tydmaatwisseling: die eerste deel is in 3/4-tyd en die laaste twee reëls in 4/4-tyd (vergeelyk nrs. 464 en 477). Nog 'n musikale interessantheid is die triool in maat ses.

(523)

Waar kry jy daar-die hoed? waar kry jy daar-die keil? ek wil graag ook  
 een hê en ek wil graag met jou ruil ek wil graag ook een hê ge-  
 maak van die-self-de goed net waar ek draai daar  
 skree die men-se haai haai waar kry jy daar-die hoed?

Waar kry jy daardie hoed  
 waar kry jy daardie keil?  
 ek wil graag ook een hê  
 en ek wil graag met jou ruil  
 ek wil graag ook een hê  
 gemaak van dieselfde goed  
 net waar ek draai  
 skree die mense haai-haai  
 waar kry jy daardie hoed?  
 (W. van Niekerk: Pacaltsdorp)

Dié lied is uit Engels verwerk deur Willem Versveld en verskyn op een van sy plaatopnames wat vroeg in die twintigste eeu gemaak is (Grobelaar 1978:93).

Soos gesing deur mnr. Van Niekerk, is die lied slegs die refrein van die bekende Afrikaanse lied "Waar kry jy daardie hoed?" (vergelyk *FAK-sangbundel* 1979:318). Die wysies stem ooreen.

(524)

Wah wah wah wah wah wah daar kom die zon-kies aan

wah wah wah wah wah wah wah daar kom die zon-kies aan


hmm - - - - - wat maak jy so laat in Mar-kei-straad

daar kom die zon-kies aan jou ma't ge-sê ek kan jou kry so-


lank as jy in ro-ker bly daar kom die zon-kies aan




wha wha wha wha wha wha wha daar kom die zon-kies aan



wha wha wha wha wha wha wha daar kom die zon-kies aan




wha wha wha wha wha wha wha daarkom die zon-kies aan



wha wha wha wha wha wha wha daar kom die zon-kies aan .

Wha wha wha wha wha wha  
 daar kom die zonkies aan  
 wha wha wha wha wha wha  
 daar kom die zonkies aan  
 'n oulap betaal om laat te maak  
 wat soek jy so laat op Marketstraat  
 daar kom die zonkies aan  
 jou ma het gesê ek kan jou kry  
 solank as jy 'n roker bly  
 daar kom die zonkies aan  
 wha wha wha wha wha wha  
 daar kom die zonkies aan  
 wha wha wha wha wha wha  
 daar kom die zonkies aan.  
 (E. Biancie: Montagu)

(a)



Wha wha wha wha wha wha wha daar kom die zon-kies



aan aan my mam-ma is 'n mot-si my

papp-pa is 'n tsot-si daar kom die zon-kies aan my

daar kom die zon-kies aan.

Wha wha wha wha wha wha wha  
 daar kom die zonkies aan  
 wha wha wha wha wha wha wha  
 daar kom die zonkies aan  
 my mamma is 'n motsi  
 my pappa is 'n tsotsi  
 daar kom die zonkies aan.

(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Hoewel slegs die eerste paar reëls van die twee variante ooreenstem, is dit waarskynlik dat die oorsprong dieselfde is. Die woorde en veral die inleidende klanke is nie so algemeen dat dit afsonderlik sou ontstaan nie. Moontlik kom dit ook op 'n ou plaat voor. Dit kon egter nie vasgestel word nie. Die betekenis van die woord "zonkies" is nie bekend nie.

(525)

Wie klop daar bo die deur dit is El-len wie

klop daar bo die deur- dit is El-len El-len El-len

kom in El-len- El-len kom in E-ve-li-na

moe-nie so- klop nie E-ve-li-na-- dit is

El-len E-ve-li-na dit is El-len E-ve-li-na--

dit is El-len.

Wie klop daar bo die deur?

dit is Ellen

wie klop daar bo die deur?

dit is Ellen

Ellen Ellen kom in

Ellen Ellen kom in

Evelina moenie so klop nie

Evelina dit is Ellen

Evelina dit is Ellen

Evelina dit is Ellen.

(Groep volwassenes: Kroonvale-Suid, Graaff-Reinet)

Die lied is heeltemal onbekend en daar kon nêrens ooreenstemming met enige ander lied gevind word nie.

(526)

Wien-tel-dam skil-pad-ram Ja-pie met sy fien-ter-jas wa'-na-

toe wa'-na - toe wa'-na - toe? na Kor-an-na-land toe.

Wienteldam skilpadram  
Japie met sy flenterjas  
wa'natoe wa'natoe wa'natoe?  
na Korannaland toe.  
(G. du T. Cillié: Durban)

Die verwysing na Korannaland laat die vermoede ontstaan dat dit 'n baie ou lied is. Met die verspreiding van Khoistamme in die 19de eeu, het die Koranas na die noordooste uitgewyk en hulle uiteindelik by die sameloop van die Vaal- en die Hartsrivier gevestig. Hulle was oorlogsugtig en het rooftogte uitgevoer teen die Tswanas, die Basoeto's en later selfs teen die Republikeinse Afrikaners. Hulle het geleidelik met die swartes vermeng en het vandag prakties as volk verdwyn (Van Jaarsveld 1969:25).

## HOOFSTUK 15

### GEVOLGTREKKINGS

Deur die optekening en bestudering van honderde volksliedere en die bestudering van talle geskrewe werke van volksliedvorsers, kon 'n hele aantal kenmerke van die volkslied geïdentifiseer word.

#### 15.1 Kenmerke van die volksliedere by bruinmense

##### (1) Mondelinge oorlewering:

Hoewel mondelinge oorlewering nie iets is wat op 'n gegewe oomblik vasgestel kan word nie, is daar talle bewyse by die liedere van die bruinmense dat dit mondelings versprei en van geslag tot geslag oorgelewer word. Die belangrikste bewyse is die talle variante wat ontstaan (vergelyk nrs. 68, 101, 396 en 404) en die vervorming van woorde in die volksmond (vergelyk "pe-sunrite" in nr. 28(a), "belling" in nr. 219, "prane en siedie" in nr. 377 en "Jerman" in nr. 394).

In 'n musiekgeletterde kultuur word musiek gewoonlik genoteer en 'n werk van 'n komponis kan moontlik nooit eens in sy leeftyd uitgevoer word nie. In 'n ongeletterde gemeenskap daarenteen moet 'n lied gesing en onthou word en deur een geslag aan die volgende geleer word, anders sterf dit weg (Nettl 1973:3/4). Hierdie mening word gedeel deur Herzog wat sê dat die volkslied voortleef deur mondelinge oorlewering. Hy maak ook die akkurate en belangrike opmerking dat selfs as volksangers geletterd is, hulle selde vir die oordrag van volksliedere van geskrewe musiek gebruik maak (Herzog 1972:1033).

Ander kenners wat klem lê op mondelinge oordrag as een van die mees geldende kenmerke van die volkslied, is Hensel (1944:10), nog 'n Duitse volksliedvorser, en ook Strydom (1983:149). Laasgenoemde pas dit toe op die musiek van die Rehoboth-Basters en vind dat dit een van die belangrikste kenmerke van dié groep se liedere is (Strydom 1983:160).

##### (2) Eenvoud:

In die studie van die woorde sowel as die musiek van die volkslied van die bruinmense is eenvoud een van die opvallendste kenmerke (vergelyk nrs. 225, 284, 312 en 314). Uitsonderings word aangetref in hoofstuk 4 en 12, waar heelwat van die liedere vermoedelik van ou Afrikaanse plate kom (vergelyk nrs. 161, 176, 396, 403 en 418).

Von Pulikowski omskryf baie duidelik wat hy met eenvoud by die volkslied bedoel: dit is verstaanbaar, maklik, vir die leek singbaar, vermy moeilik intoneerbare intervale, is sonder

stemtrillinge en ander aanstellerigheid - die hoofkarakter van die lied is dus eenvoud (1933:75). Hy brei nog verder uit en noem vereistes wat die meeste ander volksliedkenners nie identifiseer nie, naamlik die feit dat daar 'n ooglopende ooreenkoms tussen die musikale en die poëtiese toon van die lied moet wees (1933:22). Wanneer 'n mens 'n groot aantal volksliedere bestudeer, word dit duidelik dat dit wel 'n belangrike eienskap is.

Eienskappe wat nou saamhang met eenvoud, is egtheid en naïwiteit. Strydom voeg hierby die feit dat die volkslied soms selfs onsamehangend is (1983:173), 'n kenmerk wat ook by die liedere van die bruinmense voorkom (vergelyk nrs. 58, 353 en die laaste deel van nr. 365). Die meeste van die kwatryne en driereëlige strofes van hoofstuk 5 is wat betekenis betref onsamehangend. Volgens Jan Bouws kan die volkslied deur sy eenvoud en direktheid ook ander eienskappe soos erns, vroomheid, onbesorgdheid en humor omvat (1958:52).

Von Pulikowski maak 'n baie fyn waarneming wat eenvoud betref. Waar die meeste navorsers sê dat die volkslied uit die hart en wese van die volk moet kom, beweer Von Pulikowski dat dit die hart en oor van die volk moet tref (1933:29/30).

### **(3) Omvang:**

Die melodie van die volkslied het normaalweg 'n beperkte omvang (Strydom 1983:180). Dit is 'n algemeen bekende en 'n algemeen geldende kenmerk van die volkslied en dra op sigself by tot die eenvoud daarvan. Volgens Herzog kom die omvang selde eens naby die beperkinge van die menslike sangstem, en is melodieë waarvan die omvang groter as anderhalf oktaaf is, baie skaars (1972:1041). By die bruinmense is talle melodieë aangetref waarvan die omvang minder as 'n oktaaf is (vergelyk nrs. 81(a), 202 en 464).

Mev. Jo Fourie, wat uitgebreide veldwerk ten opsigte van Afrikaanse volksmusiek gedoen het, verduidelik hoe die korthed en eenvoud van baie volksliedere saamhang met die beperkte akkoorde van die wysies. Dié akkoorde bestaan meestal uit die tonika, onderdominant en die dominant, wat ook beteken dat daar op die konsertina as begeleiding slegs drie knoppies vir die majeurhoofakkoorde gebruik word (Bouws 1958:48,49).

### **(4) Verband tussen woord en melodie:**

Die vraag word dikwels gevra watter element, woord of melodie, die sterkste by die volkslied is. Navorsers verskil baie daarvoor, maar myns insiens kan nie een van die twee uitgesonder word as oorheersend nie: hulle is onlosmaaklik verbonde. Herzog beweer ook dat die antwoord nie eenvoudig is nie, omdat in sommige gevalle die musikale faktore sterker is, en by ander die teks. Wat belangrik is, is dat daar 'n voortdurende interaksie tussen die twee voorkom (Herzog 1972:1040).



Sommige navorsers, soos Strydom (1983:192), meen dat hoewel woord en melodie nie geskei kan word nie, die woord tog ondergeskik is aan die melodie. Hy staaf sy argument deur die voorbeeld te noem van die Rehoboth-Basters wat gevra is om die woorde van gesonge liedere voor te dra, en dit nie kon doen nie. Hulle kon slegs die woorde onthou as hulle dit sing (Strydom 1983:193). Volgens Herzog het navorsers dit al herhaaldelik waargeneem dat mense dit baie moeilik vind, selfs onmoontlik, om die woorde van liedjies voor te dra; hulle móét dit sing (1972:1039). Von Pulikowski sê dat navorsers wanneer hulle opnames maak gevolglik meer ag slaan op die melodie as op die teks (1933:588). Dié feit, dat mense 'n lied moet sing om die woorde te onthou, beteken myns insiens op sigself nog nie dat die woord ondergeskik is aan die melodie nie, maar slegs dat hulle nie geskei kan word nie. Met die opnames van volksliedere by die bruinmense is gevind dat die woorde juis 'n baie belangrike rol speel omdat die aantal melodieë by hulle beperk is. Baie liedere word op dieselfde wysie gesing (vergelyk nrs. 214, 231, 237, 247, 318 en 326).

Die beroemde Duitse volksliedvorser Johann Gottfried Herder lê ook baie klem op die rol van die melodie. Hy sê dat as daar 'n mooi wysie voorkom, die inhoud self nie van belang is nie. Vroeër of later word die swak inhoud met 'n beter inhoud vervang (Herder 1640:167. Die datum wat in dié boek van Herder aangegee word, is 1640. Dit is egter foutief, want Herder het van 1744-1803 gelewe. Die korrekte datum, volgens *Der Neue Brockhaus*, is 1807, toe die boek *Sammlung von Volksliedern* as *Stimmen der Völker in Liedern* herdruk is (1974:574)).

##### (5) Verbrokkeling en vervorming:

Duitse volksliedvorsers gebruik die terme "Zersingen" en "Umsingen" vir wat in Afrikaans as "verbrokkeling" en "vervorming" bekend sou staan.

Volgens Strydom blyk dit dat "Umsingen" as konstruktiewe vervorming en "Zersingen" as destruktiewe vervorming beskou word. Laasgenoemde sou onder meer behels invoegings uit ander liedere, kontaminasie, vervlakking, die vervanging in die volksmond van onverstaanbare, moeiliker woorde deur makliker verstaanbare woorde wat soms die hele betekenis verander of dit selfs onsinnig en belaglik maak (Strydom 1983:156). Die gebruik van die term "destruktief" ten opsigte van "Zersingen" is egter onaanvaarbaar omdat dit suggereer dat die produk wat daardeur gevorm word noodwendig minderwaardig teenoor die oorspronklike is. Myns insiens is so 'n beskouing nie toepaslik by die volkslied nie, want dit is juis een van die eienskappe wat daarvan 'n volkslied maak.

"Umsingen" en "Zersingen" geskied natuurlik nie volgens wette waaraan alle liedere op dieselfde wyse onderworpe is nie (Danckert 1939:13). Die verbrokkeling en vervorming vind plaas na gelang van omstandighede, soos die uitspreekbaarheid en verstaanbaarheid van die woorde, die gewildheid van die bepaalde lied (omdat, hoe gewilder, hoe meer male word dit gesing en hoe groter die kans op verbrokkeling en vervorming), en die ooreenkomste met ander liedere.

As die woorde of melodie van 'n lied baie naby aan dié van 'n ander is, kan die twee verwar en dele daarvan oor en weer gebruik word. Voorbeelde van verbrokkeling en vervorming van die Afrikaanse volkslied is talryk by die bruinmense aangetref. Behalwe die voorbeelde wat onder die eerste kenmerk genoem is, vergelyk ook "souwie" in nr. 8, "boeiing" in nr. 27(c) en "dyn shô" in nr. 33.

#### (6) Die ontstaan van variante:

Die buigsaamheid en veranderlikheid van die wysie sowel as die woorde van die volkslied, is 'n belangrike eienskap daarvan. Dit gebeur dat sangers binne dieselfde gemeenskap wysigings aan 'n bepaalde melodie aanbring, en selfs dat dieselfde sanger 'n melodie wysig wanneer hy dit herhaaldelik sing (Herzog 1972:1037). Prick van Wely merk ook op dat variante op verskillende maniere tot stand kan kom: die melodie self kan gewysig en vereenvoudig word, of dieselfde kan met die teks gebeur, of met albei. Hy sê dat baie navorsers nie die herkoms van die volkslied van primêre belang ag nie, maar juis dié lewenskragtigheid van die oorlewering wat tot uiting kom in bogenoemde variante (Prick van Wely g.d.:18).

Onder die eerste kenmerk is reeds verwys na voorbeelde van variante wat by die bruinmense aangetref is. Nog liedere wat interessante variante toon, is nrs. 58, 63, 78, 466, 476 en 480. By die kort dansliedjies in hoofstuk 5 gebeur dit dikwels dat enkele strofes in een lied variante van strofes in 'n ander lied is, hoewel die liedere as geheel nie variante is nie. Genoemde voorbeelde verwys spesifiek na variante van die woorde, maar in die meeste gevalle toon die wysies van dieselfde liedere ook variante.

Ten slotte word verwys na die uitspraak van Gelber waar sy sê dat die volkslied deur die vorming van variante sy soepelheid van vorm en uitdrukking toon, maar ook sy aktualiteit behou deur die bestendige versmelting van die oue en die nuwe (1982:vii).

#### (7) Weerspieëling van die wese van die volk:

Jan Bouws ontleen die titel van een van sy boeke, *Die volkslied, weerklank van 'n volk se hartklop*, aan die uitspraak van 'n Amerikaanse skrywer, Henry E. Krehbiel. Hy sê volksliedere is die weerklank van die hartklop van die hele volk. In hulle word die gevoelens, die geloof en gewoontes uit die volksgeskiedenis bewaar (Bouws g.d.:15). 'n Hele paar volksliedkenners gee prominensie aan dié kenmerk.

A. de Lattin, skrywer van die Nederlandse *Het marktlied*, sê dat die volkslied 'n onvervalste, eerlike uiting van die volksiel is en direk spreek tot die gemoed van die volk in 'n taal wat hy verstaan (1943:91). Gelber stel dit meer prakties: sang uit die volksmond hou verband met situasies uit die mens se lewe, soos die verskillende lewenstadia en daaglikse bedrywighede (1982:vii).



**(8) Majeurtoonaard:**

Dit is algemeen bekend dat die Afrikaanse volkslied feitlik uitsluitlik van die majeurtoonaard gebruik maak. Dit word gestaaf deur die bevinding dat ook by die liedere van die bruinmense, wat 'n belangrike deel van die Afrikaanse volksliedereskat uitmaak, deurgaans die majeurtoonaard aangetref word.

Bouws wys daarop dat dit blyk nie net 'n tipies Afrikaanse verskynsel te wees nie, maar ook baie algemeen by ander volkere is. Fleisch het dieselfde eienskap geïdentifiseer by die Germaanse volksmusiek in die algemeen, en die Franse navorser Julien Tiersot het eweneens die majeure as tipiese modus vir 'n volkswysie aangewys (Bouws 1958:48).

By Afrikaanse volksmusiek is daar enkele uitsonderings wat toonaard betref deurdat daar by die Kaapse Maleiers 'n paar mineurwysies aangetref word. Bouws noem as voorbeelde hiervan "Een seeman" en "Sou ek daar een vrouentjie" (1958:48).

**(9) Vermyding van modulاسie:**

Die feit dat die volkslied oor die algemeen modulاسie vermy, dra ook tot die eenvoud daarvan by. Strydom (1983:178) en Von Pulikowski (1933:391) sê albei dat wanneer daar wel by uitsondering van modulاسie gebruik gemaak word, dit min en eenvoudig en sonder skielike spronge is. Jo Fourie bring die spanning van die tonika-subdominant in die eerste helfte van 'n lied en sy ontspanning van dominant-tonika in die tweede helfte, in direkte verband met die kortheid van baie van die Afrikaanse volksliedere en die gevolglike vermyding van modulاسie (Bouws 1958:49). By die liedere van die bruinmense is modulاسie slegs by twee liedere, nrs. 268 en 411, aangetref.

**(10) Spraak in laaste reël(s):**

Dié kenmerk is veral aangetref by die liedere van die bruin kinders (vergelyk nrs. 16, 80, 81, 84(b) en 101(c)).

List vermeld dat dit dikwels by die volkslied van Engeland sowel as Nieu-Engeland voorkom dat die laaste reël van 'n lied gepraat in plaas van gesing word (1972:376).

**(11) Suggestiwiteit/grofheid:**

Die aanwending van growwe taal of suggestiewe opmerkings in die volkslied verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Cecil Sharp praat uit 'n baie wye ervaringsveld met betrekking tot die volkslied as hy sê dat die werklik uitermate growwe en aanstootlike elemente in die volkslied die uitsondering is en dat dit gewoonlik indruis teen die gemeenskaplike sin vir wat "reg" is. Wanneer dit by geleentheid gesing word, is die bedoeling baie duidelik om aanvaarde

standaarde te oortree (Howes 1969:9). Strydom sê ook dat die gebruik van die aanstootlike element in die volkslied ten einde die establishment te skok, slegs individuele afwykings is (1983:202).

Dit is moeilik om die verskynsel van suggestie en growwe taal by die volkslied van die bruinmense aan die hand van bogenoemde te beoordeel. Daar is heelwat voorbeelde daarvan opgeteken sodat dit nie as individuele uitsonderings bestempel kan word nie (vergelyk nrs. 71, 75, 88 en 277). In die meeste gevalle blyk dit ook dat die bedoeling daarvan nie is om "die establishment te skok" nie, maar dat dit eerder natuurlik kom en daarom 'n lewenswyse weerspieël. Norme en standaarde van aanvaarbaarheid verskil tussen gemeenskappe, daarom sou wat vir hulle natuurlik is, deur navorsers buite hulle gemeenskap as grof of onaanvaarbaar bestempel word.

'n Belangrike opmerking wat Strydom maak, is dat volksliedvorsers soms verkeerdelik poog om growwighede meer eufemisties weer te gee (1983:202). Dit is nie die taak van die volksliedvorsers om morele norme aan te lê nie, maar om op wetenskaplike wyse weer te gee wat hy met sy veldwerk versamel het.

#### **(12) Slot-kadens:**

Die slotkadens dominant-tonika wat 'n vierde op is (byvoorbeeld in F-majeur C na F), word dikwels by die volkslied in die algemeen aangetref (vergelyk nrs. 281, 308 en 314). Die ander volmaakte kadens dominant-tonika wat 'n vyfde af is (byvoorbeeld in F-majeur van C na F), is veral by die bruinmense gewild (vergelyk nrs. 224, 233, 249, 317 en 483).

#### **(13) Herhaling van melodiese lyn:**

Dit is 'n kenmerk van die kort volksliedjies dat die melodiese lyn van die eerste reël herhaal word, soms as tweede reël 'n toon hoër (nr. 218 en 257) of 'n majeur-derde hoër (nr. 478).

#### **(14) Skaarsheid van sekere tydmaatsoorte:**

Die meeste van die volksliedere van die bruinmense word aangetref in 4/4-, 2/4- of 2/2-tyd. Met die uitsondering van godsdienstige liedere (hoofstuk 13) en die liedere wat vermoedelik van ou Afrikaanse plate kom (hoofstuk 4 en 12), is 3/4- en 6/8-tyd baie skaars.

#### **(15) Een noot per lettergreep:**

'n Opvallende verskynsel by die liedere van die bruinmense is die feit dat daar feitlik deurgaans een noot per lettergreep gesing word. Die uitsonderings is weer eens godsdienstige liedere en dié wat waarskynlik van plate kom, waar dit meer algemeen voorkom dat 'n lettergreep oor meer as een noot versprei word (vergelyk nrs. 161 en 409).

## 15.2 Kenmerke van die volkslied in die algemeen

### (1) Onsterflikheid:

As daar na die volkslied as verskynsel oor die wêreld heen gekyk word, is navorsers dit nie altyd eens oor die voortbestaan daarvan nie. Baie meen dat dit wel onsterflik is, daarom word dit hier as kenmerk ingesluit. Strydom sê volksmusiek is onuitroeibaar (1983:194). Howes sê: "Folk song is always at its last gasp, but it never dies" (1969:238). Hoewel die titel van H.F. Wirth se werk *Der Untergang des niederländischen Volksliedes* is, sê hy tog dat die volkslied 'n onsterflike kunsvorm is (1911:1). Die voortbestaan van die volkslied word verder bespreek onder 15.4.

### (2) Anonimiteit:

Jan Bouws beweer dat die anonimiteit, die onbekendheid van die maker, een van die vernaamste kenmerke van die volkslied is (g.d.a:21). Dit is wel dikwels die geval dat die naam van die skepper onbekend is, maar dit is nie noodwendig die geval nie. Dit word bevestig deur Hensel as hy sê dat anonimiteit vir 'n lang tydperk as 'n uitstaande kenmerk gegeld het, maar dat daar later tot die besef gekom is dat die vergeet van die skepper toevallig kan wees (Hensel 1944:9-10). Pol Heyns skryf ook oor dié belangrike aspek wat nog steeds deur baie leke, en selfs deur navorsers, as 'n absolute vereiste by die volkslied beskou word. Hy maak wel in sy definisie melding van die anonimiteit by die volkslied, maar sê ook dat dit nie noodwendig is nie (Heyns 1941:8,11).

### (3) Motoriese element van aktiewe sang:

'n Kenmerk wat eintlik so vanselfsprekend is dat die meeste navorsers dit nie eens uitlig nie, is die feit dat die volkslied gesing wil word. Pollmann haal 'n ander volksliedvorser, G. Verriest aan, wat sê dat die volkslied nie berus op die akoestiese genot daarvan om passief te luister nie, maar op die vreugde van aktief te sing - die motoriese ritme van al die spiere van die stemorgaan. Hy stel dit as 'n baie belangrike karakteristiek van die volkslied (Pollmann 1936:9).

## 15.3 Taalverskynsels

Hier word gewys op enkele interessante verskynsels soos dit in hul liedere waargeneem is. Dit behels hoofsaaklik die invloed van Engels en Bantutale, sowel as fonetiese afwykings van standaard Afrikaans. Die bruinmense se taalgebruik wyk af van standaard Afrikaans, net soos enige streek in die land se streekstaal daarvan afwyk. Dit word dus beskou as groepstaal.

J.H. Rademeyer het 'n studie gemaak van Kleurling-Afrikaans, en veral gekyk na die taalgebruik van die Griekwas en die Rehoboth-Basters. Enkele van die verskynsels wat deur hom bespreek word, kan ook in die liedere van die bruinmense waargeneem word.

### 15.3.1 Afrikaans-Engels

Rademeyer wys daarop dat die jonger geslag sy taal deurspek met allerlei Anglisismes. Ook Engelse woorde word net so oorgeneem en geweldig baie gebruik (Rademeyer 1938:103). In die liedere van die bruinmense word Afrikaans en Engels op drie maniere vermeng. Eerstens word Engelse woorde op enige plek in die sin of reël tussen die Afrikaanse woorde gebruik (soms is dit om rym te bewerkstellig); tweedens is 'n paar reëls van die lied Afrikaans en dan een of twee reëls in Engels, of 'n paar reëls Engels en dan een of twee Afrikaanse reëls; derdens word Afrikaans en Engels binne een woord vermeng, bv. 'n Engelse woord met 'n Afrikaanse uitgang of met die Afrikaanse verledetydsvorm "ge-" vooraan. Net die betrokke reëls word hier as voorbeelde aangehaal aangesien die liedere reeds volledig bespreek is.

#### (1) Waar Engelse woorde op enige plek ingevoeg word:

Hier sit ek in my huisie binne in my glaskas  
hallo my *baby boy*  
hallo my *baby* hallo my lekker ding  
hallo my *baby boy*.  
(nr. 39)

Katriena *all the way*  
Kom slaap vanaand by my.  
(nr. 91(a))

*Ice cream sakka (sucker)*  
*gingerbread* en dagga  
dagga maak jou dronk  
en smyt hom in die tronk.  
(nr. 95(a))

Daar is ook voorbeelde waar die Engelse woorde heeltemal vervorm word, soos die volgende twee:

Die boksie *mêtjies*  
ek lyk nog altyd netjies.  
(nr. 232)

Daar kom Polla om die hoekie  
en Polla met sy *waai (white) dressie*.  
(nr. 137)

Die volgende voorbeeld is waar die Engelse woord rym met Afrikaanse woorde:

Daar loop ek 'n draai  
dis my ou bok se *taai* (*tie*)  
wat oor sy linkerskouer waai.  
(nr. 224)

(2) Waar Afrikaanse en Engelse reëls vermeng word:

*Rosy my darling*  
*Rosy was my darling dear*  
*Rosy Rosy darling dear*  
skud ek aan die boom  
dan val die peer.  
(nr. 346)

*Mr Barry koms van Swellendam*  
*He calls himself a gentleman.*  
(nr. 114)

*Sometimes I feel so happy*  
*sometimes I feel so gay*  
*sometimes I feel de swernoot in*  
want sy verneuk vir my.  
(nr. 515)

(3) Waar Afrikaans en Engels binne een woord vermeng word:

Daar staan ek onder die hoogte  
ja, ja, *traveelaar*.  
(nr. 400)

'n Hottentot kan geen wyn daar kry  
al het hy ook *sometyds* geld.  
(nr. 506)

Die rooibekkie van my  
ek wil op die *railwaystasie* bly.  
(nr. 235)

### 15.3.2 Afrikaans-Bantutaal

Daar is drie bobbejane *jigelumama*  
(nr. 485)



Daar is vier bôjane shiwap-shiwa-wa  
hulle drink *jabula*  
(nr. 485(a))

*Abatwana* hier kom ons aan  
ons sal mos nooit nie verloor.  
(nr. 125)

### 15.3.3 Fonetiese verskille

Volgens Rademeyer is daar allerlei fonetiese verskille tussen Kleurling-Afrikaans en standaard-Afrikaans; daar kan selfs binne dieselfde gemeenskap verskillende uitsprake vir dieselfde woord aangetref word (1938:39). Die fonetiese verskille is nie so opvallend in die liedere van die bruinmense as in die spreektaal nie, maar daar is nogtans 'n paar voorbeelde waargeneem:

Hiervandaan na die resiesbaan  
rybroek en vel-*koemaste* (kamaste) aan.  
(nr. 495)

Die stoel se spekie  
sê maar duisend *kompilminte* (komplimente)  
aan ou Sussie Bekie.  
(nr. 323)

Ag maar mammie *assembliet* (asseblief)  
ek is vir liefie dan so lief.  
(nr. 200)

Die berg se *kammeroe* (kambro)  
maar bok gee my jou sakdoek  
dat ek my trane af kan *dro* (droog).  
(nr. 227)

Want die jong bok is 'n ding  
wat vir jou in die *moeilikheit* (moeilikeid) bring.  
(nr. 243)

Ek gee my doek 'n knoop  
ek gaan mos *Sitterland* (Sutherland) toe loop.  
(nr. 311)

Dit is belangrik om hier te noem dat die fonetiese verskille nie noodwendig altyd dui op Kleurling-Afrikaans nie, maar dat dit soms streektaal is wat ook by die blankes van die bepaalde gebied voorkom.

## 15.4 Voortbestaan van die volkslied

Min skrywers oor die volkslied is werklik positief oor die voortbestaan daarvan. Baie redes word aangevoer vir die afname in gewildheid en die "proses van verdwyning" waaraan die volkslied onderworpe is.

Herzog raak die belangrike faktor van die ingesteldheid van die jeug aan as hy sê dat jongmense dikwels die volkslied as "outyds" bestempel. Hy voer dit as 'n rede aan waarom die volkslied moontlik geheel en al kan uitsterf (1972:1041). Bouws vergelyk die volkslied met die poplied, en bevind dat 'n volkslied baie langer bly voortbestaan as 'n besondere poplied aangesien laasgenoemde se lewensduur afhanklik is van algemene gewildheid en mode, wat baie wisselvallig is. Sodra 'n nuwe treffer met prikkelende ritme en/of wysie sy verskyning maak, verdwyn die vorige, of raak uit die mode (Bouws 1969:66). Hoewel Bouws dit nie so duidelik aandui nie, is sy vergelyking van toepassing op individuele liedere en nie op die genres van die volkslied en die poplied nie. 'n Deeglike vergelykende studie van dié twee terreine sou nodig wees om dieselfde vergelyking ten opsigte van die genres te maak. Strydom beweer ook dat popmusiek 'n kortstondige bestaan het en voer juis die jeug se belangstelling daarin aan as 'n gevaar vir die voortbestaan van volksmusiek (1983:196).

In Engeland het A.L. Lloyd gekyk na die invloed van die ontwikkeling van industrieë op volksmusiek. Volgens hom beweer sommige navorsers dat die spoorweë die Engelse volkslied doodgemaak het. Ander weer sê dit was opvoeding; nog ander beweer dat dit die skuld van die Industriële Rewolusie was. Dan haal hy Cecil Sharp soos volg aan: "[folk songs were] not altered by environment, but by a fundamental change in the outlook of the people themselves, arising from the attainment of a particular stage in their development." Lloyd se kommentaar is: "How, you may well ask, do people reach a stage in development without a change in circumstances? How does their outlook alter, except as social environment alters?" (Lloyd 1967:52). Lloyd erken dat ontwikkelinge soos die radio en die daaglikse aflewering van koerante wel 'n negatiewe invloed op die volkslied kon hê. Maar die uitwerking van die vooruitgang van industriële tegnieke en die verandering of verdwyning van tipe arbeid wat vroeër deur die sing van volksliedere begelei is, was veel groter. Wat die nadelige effek vererger het, was die toename in industriële geraas (Lloyd 1967:52).

In hoofstuk 1 is reeds verwys na die vroeëre negatiewe houding van die kerk teenoor die sing van volksliedere. Volgens sommige navorsers sou die opbloeit van die Calvinisme dan gelei het tot die sogenaamde "verdwyning" van die volkslied (Hattingh en Rautenbach 1942:XVIII).

Die feit dat daar al so baie oor die volkslied geskryf is en selfs in onlangse jare nog omvattende studies daarvoor die lig gesien het, is myns insiens reeds bewys dat die volkslied nog nie werklik uitgesterf het nie. Ook hierdie studie oor volksliedere wat deur bruinmense in Afrikaans gesing word, bevestig dié gevolgtrekking. Moontlik sal die Afrikaanse volkslied in 'n groot mate bly



voortbestaan, hoewel dan op effens kunsmatige wyse, deur die werking van die media en gepubliseerde bundels. Hiertoë het die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge) reeds 'n geweldige groot bydrae gelewer deur verskeie sangbundels die lig te laat sien.

Wat die Afrikaanse volkslied onder die bruinmense betref, is dit duidelik dat dit bestaan en dat dit gesing word. Dit kan egter nie ontken word dat moderne ontwikkeling en verstedeliking wel 'n negatiewe uitwerking daarop gehad het nie. Daarom is die meeste opnames op die platteland gemaak.

## 15.5 Slot

Die wye veldwerk wat gedoen is, het bewys dat daar 'n groot verskeidenheid liedere by die bruinmense voorkom, waarskynlik groter as wat vroeër vermoed is. Ten spyte van die invloed van die liedere van blankes, wat duidelik te bespeur is, is die oorgrote meerderheid van die bruinmense se liedere tog eiesoortig. Daar is 'n sterker invloed van die bruinmense se liedere op dié van die blankes merkbaar. Dit is waarskynlik omdat die bruinmense so dikwels vir die blankes musiek gemaak en daarmee saam gesing het - terwyl die omgekeerde nie gebeur het nie. Hulle liedere is dus deur die blankes oorgeneem. Die bruinmense het feitlik totaal verwesters en het noue kontak met die blankes, maar hulle liedere het as 'n afsonderlike stroming ontwikkel.

## BRONNELYS

## AFKORTINGS:

- CE: *Consolidated encyclopedia*  
 NEB: *New encyclopedia Britannica*  
 NRVV: Nasionale Raad vir Volksang en Volkspede  
 SABW: *Suid-Afrikaanse Biografiese woordeboek*  
 WAT: *Woordeboek van die Afrikaanse taal*

## GESKREWE BRONNE

- |                                   |      |   |
|-----------------------------------|------|---|
| Barnard, E.                       | 1986 | <i>'n Kultuurhistoriese beeld van Gansbaai en omgewing</i> (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch). |
| Bartelink, G.J.M.                 | g.d. | <i>Twents volksleven</i> , Wassenaar.   |
| Bartók, B.                        | 1967 | <i>Rumanian folk music</i> , Deel 2, Den Haag.  |
| Beitl, R.                         | 1933 | <i>Deutsche Volkskunde</i> , Berlyn.  |
| Bester, P.                        | 1987 | <i>Tradisionele boeremusiek</i> , Pretoria.   |
| Böckel, O.                        | 1908 | <i>Handbuch des deutschen Volksliedes</i> , Marburg.  |
| Boshoff, S.P.E.                   | 1936 | <i>Beskouinge en feite</i> , Kaapstad, Bloemfontein.  |
| Boshoff, S.P.E. & L.J. du Plessis | 1918 | <i>Afrikaanse volksliedjies, "Pieknieklidjies"</i> ( <i>Ballade-poësie</i> ), Deel 1(A), Kaapstad.                      |
|                                   | 1921 | <i>Afrikaanse volksliedjies, "Minnelidjies"</i> , Deel II, Pretoria & Amsterdam.  |
| Bouws, J.                         | 1958 | <i>Die Afrikaanse volkslied</i> , Johannesburg.   |
|                                   | 1964 | <i>Maatgespeel</i> , Kaapstad & Pretoria.   |
|                                   | 1969 | <i>Die volkslied, deel van ons erfenis</i> , Kaapstad.  |

- 1973 Petrus Imker Hoogenhout en die Afrikaanse volksliedjies, (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September).
- 1982 *Solank daar musiek is*, Kaapstad.
- g.d.a *Die volkslied, weerklank van 'n volk se hartklop*, Kaapstad.
- g.d.b *Woord en wys van die Afrikaanse lied*, Kaapstad, Pretoria.
- Bradford Boni (red.) 1952 *The fireside book of favorite American songs*, New York.
- Bradlow, E. & F. 1958 *Here comes the Alabama*, Kaapstad, Amsterdam.
- Brouwer, C. 1930 *Das Volkslied in Deutschland, Frankreich, Belgien und Holland*, Gröningen.
- Burden, M. 1985 *Die herkoms en ontwikkeling van die Afrikaanse volksdans* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
- Carpenter, H. & M. Prichard 1984 *The Oxford companion to children's literature*, New York.
- Cassaleggio, M. (red.) 1970 *Goue gerf*, Johannesburg.
- Cillié, G.G. 1969 *Goud in die mond*, Kaapstad.
- Cloete, A.M. 1986 a *Die musiek van die Griekwas Deel I*, (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
- 1986 b *Die musiek van die Griekwas, Deel II*, (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
- Coetzee, A. 1960 *Die Afrikaanse volkskultuur*, Amsterdam, Kaapstad.

- |  |      |  |
|--|------|--|
| Conradie, E.                               | 1949 | <i>Hollandse skrywers uit Suid-Afrika</i> , Deel II, 1875-1905, Kaapstad, Pretoria.  |
| <i>Consolidated Encyclopedia</i>           | g.d. | Deel II & V, VSA.  |
| Cornelissen, J.                            | g.d. | <i>Nederlandsche volkshumor op stad en dorp, land en volk</i> , Deel I, Antwerpen.   |
| Danckert, W.                               | 1939 | <i>Das europäische volkslied</i> , Berlyn.   |
| Davis, A.K. (jr.)                          | 1965 | <i>Folk-songs of Virginia</i> , New York.  |
| De Jongh, J.H.                             | 1984 | <i>Kleinspele onder die blanke bevolking van die Suidwes-Kaap</i> (Ongepubliseerde M.-verhandeling in Liggaamlike Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch). |
| <i>De Kinderharp</i>                       | 1892 | (2de druk), Kaapstad & Johannesburg.   |
| De Kock, A. & Is. Teirlinck                | 1903 | <i>Kinderspel en kinderlust in Zuid-Nederland</i> , Deel II & III, Gent.   |
|  | 1904 | <i>Kinderspel en kinderlust in Zuid-Nederland</i> , Deel IV, Gent.   |
| De Kock, V.                                | 1963 | <i>Those in bondage</i> , Pretoria.  |
| De Lange, D., e.a.                         | 1919 | <i>Nederlandsch volksliederenboek</i> (11de hers. dr.), Amsterdam.   |
| De Lattin, A.                              | 1943 | <i>Het martk lied</i> , Antwerpen.   |
| <i>De Psalmen en Evangelische Gezangen</i> | 1895 | Kaapstad.  |
| <i>Der Neue Brockhaus</i>                  | 1974 | Deel II, Wiesbaden.  |
| De Roubaix, E.                             | 1928 | <i>Boesmanlandse sketse en verhale</i> , Pretoria.   |
|  | 1929 | <i>Giel Ool en ander verhale uit Boesmanland</i> , Pretoria.   |

- |  |      |  |
|--|------|--|
| De Waal, A. (verw.)                                  | 1956 | <i>Afrikaanse liedjies en wysies</i> , Johannesburg.   |
| <i>Die berymde psalms en die evangeliese gesange</i> | 1978 | (hers. uitg.), Kaapstad.   |
| <i>Die Landbouweekblad</i>                           | 1962 | 17 Julie.  |
| Dijkstra, W.   | 1966 | <i>Uit Friesland's volksleven</i> , (herdr.), Leeuwarden.  |
| Dorson, R.M. (red.)                                  | 1972 | <i>Folklore and folklife</i> , Chicago & Londen.   |
| Drost, J.W.P.  | 1914 | <i>Het Nederlandsch kinderspel vóór de zeventiende eeuw</i> , s'Gravenhage.                                |
| Du Plessis, I.D.                                     | 1935 | <i>Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied</i> , Kaapstad.                          |
|  | 1939 | <i>Die Maleise samelewing aan die Kaap</i> , Kaapstad.   |
|  | 1972 | <i>The Cape Malays</i> , Cape Town.  |
| Du Toit, S.J.  | 1972 | Afrikaanse volksliedjies: Die oorsprongvraagstuk ( <i>Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal</i> , Oktober). |
| Du Toit, S.J.  | 1924 | <i>Suid-Afrikaanse volkspoësie</i> , Amsterdam.  |
| Eitemal  | 1958 | <i>Skaduwees teen die muur</i> , Pretoria.   |
| <i>Evangelisch Gezangboek</i>                        | 1923 | (1ste Z.A. uitg., 25ste dr.) Kaapstad.   |
| <i>FAK-Sangbundel</i>                                | 1951 | Johannesburg.  |
|  | 1979 | Johannesburg.  |
| Fowke, E.  | 1973 | <i>The Penguin book of Canadian folk songs</i> , Londen.   |
| Fudge, R., e.a.                                      | 1983 | <i>Living praise</i> , Londen.   |

- Gelber, L. 1982 *Encyclopedie van het levende Vlaamse volkslied*, Deel I, Aurelia.
- 1983 *Encyclopedie van het levende Vlaamse volkslied*, Deel II, Aurelia.
- Geldenhuis, J.N. (alg. red.) 1976 *Die Bybel met verklarende aantekeninge*, Deel II, Kaapstad.
- Green, L. 1967 *On wings of fire*, Kaapstad.
- Greyvenstein, C. 1981 *The fighters*, Kaapstad.
- Grobbelaar, P.W. 1974 *Volksewe van die Afrikaner*, Kaapstad.
- 1975 *Koeitjies in die klawer*, Kaapstad.
- 1976 *Trippe trappe trone* (1ste uitg. 3de dr.),  
a Kaapstad.
- 1976 *Varkies in die bone*, (2de dr.), Kaapstad.  
b
- Grobbelaar, P.W., e.a. 1977 *Boerewysheid*, Kaapstad.
- 1978 *Die volk as digter I* (Ongepubliseerde reeks radioprogramme).
- (red.) 1980 *Die Vrystaat en sy mense*, Kaapstad.
- 1982 *Volksliedjies en volksrympies* (*Nuwe Afrikaanse kinderensiklopedie*, Deel 8), Kaapstad & Johannesburg.
- 1984 *Die mooiste Afrikaanse sprokies*, Kaapstad, Pretoria.
- 1985 Die huidige stand van die Afrikaanse volksrym/volksliedjie, (*Tydskrif vir Volkskunde & Volkstaal*, April).
- 1987 *Die volk as digter II* (Ongepubliseerde reeks radioprogramme).

- |   |      |   |
|---|------|---|
|   | 1988 | <i>Die volk as digter III</i> (Ongepubliseerde reeks radioprogramme). |
| Groenewald, C.F.  | 1919 | <i>Rÿmpies en raaisels</i> , Gröningen & Den Haag.                    |
| <i>Halleluja</i>  | 1983 | Kaapstad.   |
| Hallema, A. & J.D. van der Weide  | 1943 | <i>Kinderspeelen - voorheen en thans</i> , 'S-Gravenhage.             |
| <i>Handelingen der Twaalfde Vergadering van de Synode der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika</i>          | 1874 | Kaapstad.   |
| <i>Handelingen der Zeven Eerste Vergadering van de Synode der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika</i>      | 1883 | Kaapstad.   |
| <i>Handelingen der Een-en-twintigste Vergadering van de Synode der Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika</i> | 1906 | Kaapstad.   |
| <i>Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)</i>   | 1985 | (2de uitg. 5de dr.), Johannesburg & Kaapstad.                         |
| Hattingh, S.C., & S.C.H. Rautenbach   | 1942 | <i>Volkskuns uit die Eerste Tydperk</i> , Johannesburg.               |
| Hensel, W.  | 1944 | <i>Auf der Spuren des Volksliedes</i> , Leipzig & Busel.              |
| Herder, J.G. von  | 1640 | <i>Stimmen der Völker in Liedern</i> , Stuttgart & Berlyn.            |



- |                       |      |  |
|-----------------------|------|--|
| Herzog, G.            | 1972 | Song: Folk song and the music of folk song (in M. Leach: <i>Standard dictionary of folklore, mythology and legend</i> , New York).         |
| Heuvel, H.W.          | 1909 | <i>Volksgeloof en volksleven</i> , Zutphen.  |
| Howes, F.             | 1969 | <i>Folk music of Britain - and beyond</i> , Londen.  |
| <i>Jeugsangbundel</i> | 1987 | (9de dr.), Bloemfontein.   |
| Karpeles, M.          | 1958 | <i>The collecting of folk music and other ethno-musicological material. A manual for field workers</i> , s.p.                              |
| Keller, M.S.          | 1984 | The problem of classification in folksong research: a short history ( <i>Folklore</i> , Deel 95:1).  |
| Koenen, M.J., e.a.    | 1973 | <i>Verklarend handwoordenboek der Nederlands Taal</i> (26ste dr.), Gröningen.  |
| Koning, J.A.J.        | 1983 | <i>De folksbeweging in Nederland</i> (Ongepubliseerde proefskrif vir die graad Doktor in die Sosiale Wetenskappe, Universiteit Amsterdam). |
| Kotzé, T.             | 1972 | <i>Latjieboud en die horingsmanooi</i> , Kaapstad.   |
| Kunst, Jaap           | 1915 | <i>Terschellinger volksleven</i> , Uithuizen.  |
| Lamprecht, C.         | 1975 | <i>Dit kom van ver af</i> , Pretoria.  |
| Laver, J.             | 1982 | <i>Costume and fashion. A concise history</i> , Londen.  |
| Leach, M.             | 1972 | <i>Standard dictionary of folklore, mythology and legend</i> , New York.   |
| Le Roux, M.           | 1981 | Veels geluk, liewe Pinokkio! (Bylae by <i>Die Burger</i> : 24/10/1091).  |
| Links, T.             | 1989 | <i>So praat ons Namakwalanders</i> , Kaapstad.   |

- |   |      |   |
|---|------|---|
| List, G.  | 1972 | <i>Folk Music</i> (Dorson, R.M. <i>Folklore and folk life</i> , Chicago en Londen).                             |
| Lloyd, A.L. (red.)                                    | 1965 | <i>Folk songs of the Americas</i> , New York.   |
| Lloyd, A.L.   | 1967 | <i>Folk song in England</i> , Londen.   |
|   | g.d. | <i>The singing Englishman</i> , Londen.   |
| Lomax, A.   | 1964 | <i>The Penguin book of American folk songs</i> , Londen.  |
|   | 1968 | <i>Folk song style and culture</i> , Washington.  |
| Louw, N.P. van W.                                     | 1970 | <i>Random eie werk</i> , Kaapstad & Johannesburg.   |
| Lynn, F.  | 1963 | <i>Songs for Swinging housemothers</i> , San Francisco.   |
| Marais, J.S.  | 1957 | <i>The Cape Coloured people, 1652-1937</i> , Johannesburg.  |
| Maskew, W.H.  | 1890 | <i>"n Jolly Hotnot" en ander snaakse versies uit die ouwe doos</i> , Kaapstad.                                  |
| Moolman, A.M.   | 1990 | <i>Landboutydskrifte as kultuurhistoriese bron</i> (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch). |
| Müller, J.J.  | 1950 | <i>Die jeug se lekkergoed</i> , Kaapstad.   |
| Murray, M.I.  | 1974 | <i>Witwater se mense</i> , Kaapstad & Johannesburg.   |
| Nasionale Raad vir<br>Volksang en Volkspele<br>(NRVV) | 1962 | <i>Vir ons volkspelers</i> , (s.p).   |
| Nettel, R.  | 1969 | <i>A social history of traditional song</i> , Londen.   |
| Nettl, B.   | 1973 | <i>Folk and traditional music of the Western Continents</i> , New Jersey.                                       |

- |   |      |   |
|---|------|---|
| <i>New encyclopedia Britannica</i>        | 1983 | Chicago.  |
| Nienaber, G.S.                            | 1942 | <i>Afrikaans tot 1860</i> , Johannesburg, ens.  |
| Nienaber, P.J.                            | 1973 | <i>Eerste Stemme</i> , Johannesburg.  |
| <i>Nuwe Afrikaanse kinderensiklopedie</i> | 1982 | Deel VIII, Kaapstad, Bloemfontein & Johannesburg.   |
| <i>Ons Klyntji</i>                        | 1898 | Maart.  |
| Opie, I. & P.                             | 1952 | <i>The Oxford dictionary of nursery rhymes</i> , Oxford.  |
| Peesch, R.                                | 1957 | <i>Das berliner Kinderspiel der Gegenwart</i> , Berlyn.   |
| Pollard, M.                               | 1982 | <i>Discovering English folksong</i> , (s.p.)  |
| Pollmann, J.                              | 1936 | <i>Ons eigen volkslied</i> , Amsterdam.   |
| Pretorius, E.                             | 1988 | Tranetrekkeers en smartlappe van weleer ( <i>De Kat</i> , Augustus).  |
|   | 1989 | <i>Vroeë Afrikaanse sanggroepe</i> . (Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, Stellenbosch.) |
| Prick van Wely, M.                        | g.d. | <i>De bloeitijd van het Nederlandse volkslied</i> , (2de hers. dr.), Haarlem.   |
| Pringle, D.                               | 1987 | <i>Imaginary people</i> , New York.   |
| Program                                   | 1975 | Universiteitskoor van Stellenbosch.   |
| Rabie, J.                                 | 1977 | Die kultuurlewe van die Kleurling ( <i>Buurman</i> , September).  |
| Rademeyer, J.H.                           | 1938 | <i>Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters</i> , Amsterdam.  |

- |  |      |   |
|--|------|---|
| RGN-Sportondersoek<br>nr. 15             | 1982 | <i>Sportgeskiedskrywing en -dokumentasie</i> (Verslag van die Werkkomitee), Pretoria.                           |
| Rörich, L., & R.W.<br>Brednich           | 1967 | <i>Deutsche Volkslieder</i> , Düsseldorf.   |
| Rothman, A.                              | 1983 | <i>Overberg</i> , Kaapstad.   |
| S.A. Akademie vir We-<br>tenskap en Kuns | 1966 | <i>Volksgeneeskuns in Suid-Afrika</i> , Deel II (Werkstuk saamgestel deur S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns). |
| Sadie, S (red.)                          | 1980 | <i>The new Grove dictionary of music and musicians</i> , Deel III & IX, Londen.                                 |
| Sanders, M.J.E.                          | 1958 | <i>Het Nederlandse kinderlied</i> , Amsterdam.  |
| <i>Sarie Marais</i>                      | 1964 | 19 Augustus.  |
| <i>Sarie</i>                             | 1990 | 8 Augustus.   |
| Schapera, I. (red.)                      | 1933 | <i>The early Cape Hottentots</i> , Kaapstad.  |
| Schell, O.                               | 1908 | <i>Das Volkslied</i> , Leipzig.   |
| Scholtz, J. du P.                        | 1965 | <i>Afrikaans uit die vroeë tyd</i> , Kaapstad.  |
| Schonken, F. Th.                         | 1914 | <i>De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen</i> , Amsterdam.                                    |
| Schotel, G.D.J.                          | 1903 | <i>Het Oud-Hollandsch huisgezin der zeventiende eeuw</i> , Leiden.  |
| Schrijnen, J.                            | 1933 | <i>Nederlandsche volkskunde</i> Deel II, (2de hers. dr.), Zutphen.  |
| <i>Scripture in Song</i>                 | 1979 | Deel I, Nieu-Seeland.   |
| Sharp, C.J.                              | 1960 | <i>English folk songs from the Southern Appalachians</i> (3de dr.), Londen.                                     |
| <i>Sionsgesange</i>                      | 1984 | (18de dr.), Kaapstad.   |

- Standard encyclopedia of Southern Africa* 1972 Deel VI, Kaapstad.
- Strydom, F.J. 1983 a *Die musiek van die Rehoboth-Basters van Suidwes-Afrika* Deel I (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
- 1983 b *Die musiek van die Rehoboth-Basters van Suidwes-Afrika* Deel II (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
- Strydom, J. 1977 a Die volkslied as deel van ons kultuurerfenis (*Taalgenoot*, Februarie).
- 1977 b Wat is 'n volkslied? (*Taalgenoot*, Maart).
- 1977 c Hoe ontstaan 'n volkslied? (*Taalgenoot*, April).
- 1977 d Kom ons sing weer ons volksliedere (*Taalgenoot*, Mei).
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*
- Suppan, W. 1966 *Volkslied*, Stuttgart.
- Tante Kota 1917 *Kinderrympies vir Afrikaanse kinders*, Kaapstad & Pretoria.
- The new Encyclopedia Britannica* 1986 (15 de uitg.), Deel II, V, VI, VII & XI, Chicago.
- Theron, E. (red.) 1964 *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. 'n Verslag van 'n komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA) insake die Kleurling*, Stellenbosch & Grahamstad.

- |  |           |   |
|--|-----------|---|
| Theron, E., & J.B. du Toit                 | 1977      | <i>Kortbegrip van die Theron-verslag</i> , Kaapstad                                     |
| Tongue, R.                                 | 1968      | <i>The chime child</i> , Londen.  |
| Trekker (skuiln.)                          | 1934      | <i>Afrikaansche mieliepitten</i> , Amsterdam.   |
| Troelstra-Bokma de Boer, S., & J. Pollmann | 1944      | <i>Het spel van moeder en kind</i> , Heemstede, De Toorts.                              |
| Van Delft, A.J.A.C.                        | 1952      | <i>Spin- en weversliedjes, oud en nieuw</i> , Utrecht.                                  |
| Van der Molen, S.J.                        | 1961      | <i>Levend volksleven</i> , Assen.   |
|  | 1969      | <i>De Friese tjalk</i> , Wassenaar.   |
| Van Doren, L.                              | 1964      | <i>Kinder-volksliedjies uit de Vlaamse gewesten</i> , Brussel.                          |
| Van Duyse, Fl.                             | 1902      | <i>De melodie van het Nederlandsche lied en hare rhythmische vormen</i> , s'Gravenhage. |
|  | 1965<br>a | <i>Het oude Nederlandsche lied</i> , Deel I (herdr.), Hilversum.                        |
|  | 1965<br>b | <i>Het oude Nederlandsche lied</i> , Deel II (herdr.), Hilversum.                       |
|  | 1965<br>c | <i>Het oude Nederlandsche lied</i> , Deel III (herdr.), Hilversum.                      |
| Van Jaarsveld, F.A.                        | 1982      | <i>Van Van Riebeeck tot P.W. Botha</i> (3de uitg., 1ste dr.), Johannesburg.             |
| Van Rooyen, G.H., & S.H. Pellissier        | 1961      | <i>Raai raai riepa of Die Afrikaanse Raaiselboek</i> , Pretoria.                        |
| Van Vloten, J.                             | 1872      | <i>Nederlandsche baker- en kinderrijmen</i> , Leiden.                                   |

- |  |           |  |
|--|-----------|--|
|  | 1874      | <i>Nederlandsche baker- en kinderrijmen</i><br>(3de dr.), Leiden.  |
| Van Zyl, V.S.  | 1962      | <i>Minneliedjies in Suid-Afrika</i> (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch).   |
| Van Zyl, W.J.  | 1975      | <i>Die Afrikaanse volkspoësie, met spesiale toespitsing op Boerneef se poësie</i> (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch). |
| Vaughan Williams, R.                                   | 1934      | <i>National music</i> , New York.  |
| Vereniging voor<br>Nederlandse Muziek-<br>geschiedenis | 1975      | <i>Het Antwerps liedboek</i> , Deel II (2de dr.), Amsterdam.   |
| Visser, A.G.   | 1963      | <i>Die purper iris e.a. nagelate gedigte</i> (6de dr.), Kaapstad.  |
| Von Pulikowski, J.                                     | 1933      | <i>Geschichte des Begriffes Volkslied im musikalischen Schrifttum</i> , Heidelberg.  |
| Von Wielligh, G.R.                                     | 1918      | <i>Jakob Platjie</i> , Kaapstad.   |
| Waldmann, G.   | 1957      | <i>Kleine volksliedkunde</i> , Berlyn.   |
| WAT  | 1968      | <i>Woordeboek van die Afrikaanse taal</i> , Deel V, Pretoria.  |
|  | 1970      | <i>Woordeboek van die Afrikaanse taal</i> , Deel I (herdr.), Pretoria.   |
|  | 1972<br>a | <i>Woordeboek van die Afrikaanse taal</i> , Deel III (herdr.), Pretoria.   |
|  | 1972<br>b | <i>Woordeboek van die Afrikaanse taal</i> , Deel IV (herdr.), Pretoria.  |
|  | 1974      | <i>Woordeboek van die Afrikaanse taal</i> , Deel II (herdr.), Pretoria.  |
| Wiora, W.  | 1950      | <i>Das echte Volkslied</i> , Heidelberg.   |



Wirth, H.F. 1911 *Der Untergang des Niederländischen Volksliedes*, Haag.

Wouters, D. & J. 1933 *Het straatlied*, Amsterdam.  
Moormann

## MANUSKRIPTE

Seminaar DAK ALGNW-VI  
Dept. Afrikaanse Kultuurgeskiedenis  
Universiteit van Stellenbosch  
Stellenbosch

Stander, B. (mev.) Courtnaystraat  
George  
66 jaar  
skryfster  
*Datum:* Oktober 1987  
Brief en handgeskrewe musiek. Tans in besit van M. Burden, Spesiosastraat 22, Paradyskloof, Stellenbosch.

Stroebel, A. (mev.) Palgravestraat 66  
George  
62 jaar  
huisvrou (oorlede in 1961)  
*Datum:* Oktober 1960  
Handgeskrewe musiek met aantekeninge. Tans in besit van M. Burden, Speciosastraat 22, Paradyskloof, Stellenbosch.

Cillié, G.G. (prof.) Minseriestraat 4  
Stellenbosch  
80 jaar  
Professor in Wiskunde en Kerkmusiek, afgetree  
*Datum:* Oktober 1990  
Manuskripversameling (woorde en musiek).  
Tans gehuisves by bogenoemde adres.

**PLATE**

Columbia DE 292  
Juweel LSJ 12225  
MFP SRSJ 7032  
Perel PLS 7095  
Teal GGL 10 MMTL 1303  
Trio Records TRLP 3004  
Unika UNA 1570

**MONDELINGE BRONNE****(a) Onderhoude**

- |                          |   |
|--------------------------|---|
| Badenhorst, R. (ds.)     | Palgravestraat 93<br>George<br>34 jaar<br>predikant<br><i>Datum:</i> Augustus 1990  |
| Cillié, G.G. (prof.)     | Minseriestraat 4<br>Stellenbosch<br>80 jaar<br>Professor in Wiskunde en Kerkmusiek,<br>afgetree<br><i>Datum:</i> Oktober 1990 |
| De Swardt, G.J.          | Dagbreek<br>Victoriastraat<br>Stellenbosch<br>56 jaar<br>Assistent-Direkteur Studentesake<br><i>Datum:</i> Oktober 1990       |
| Du Plessis, J.A. (prof.) | Dept. Afrikatale<br>Universiteit van Stellenbosch<br>Stellenbosch<br>dosent<br><i>Datum:</i> Oktober 1990                     |

- Gericke, K.B. (ds.)  
Woltemadestraat 15  
Glen Ive  
Durbanville  
38 jaar  
Predikant  
*Datum:* Oktober 1990
- Gericke, W.  
Omegastraat 9  
Rozenal  
Stellenbosch  
47 jaar  
mede-redakteur, Buro van die WAT
- Grobbelaar, P.W. (prof.)  
Dept. Afrikaanse Kultuurgeskiedenis  
Universiteit van Stellenbosch  
dosent  
*Datum:* September & Oktober 1990
- Nols, M. (mev.)  
Bokkraal  
Garies-distrik  
17 jaar  
huishulp  
*Datum:* Desember 1989
- Pietersen, N.H.  
Posbus 2068  
Dennesig  
Stellenbosch  
30 jaar  
tegniese Assistent  
*Datum:* 19 April 1989
- Van der Westhuizen, A.  
(mev.)  
Slangrivier  
Wellington  
28 jaar  
Plaasbestuurder, huisvrou  
*Datum:* Oktober 1990

Van Zyl, M. (mej.)

Stellenberg-woonstel 9  
Kloofnekweg  
Kaapstad  
34 jaar  
hoof-biblioteekaresse  
*Datum:* Julie 1990

**(b) Sangers**

**(i) Individue**

Afrika, C. (mej.)

Middelpos  
Calvinia-distrik  
19 jaar  
huishulp  
*Datum:* Junie 1987

Alexander, M. (mej.)

Grootplaas  
Louterwater  
Langkloof  
21 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* April 1987

Apolloos, H. (mej.)

Pacaltsdorp  
distr. George  
45 jaar  
huishulp  
*Datum:* Augustus 1977

Appels, E. (mej.)

Dankbaar  
Hoekwil  
George  
11 jaar  
skoolkind  
*Datum:* Desember 1986

- Arendse, E. (mev.)  
Krakeelrivier  
Langkloof  
42 jaar  
huisvrou  
*Datum:* April 1987
- Arendse, J. (mej.)  
Drievlei  
Malmesbury  
22 jaar  
huishulp  
*Datum:* November 1986
- Arendse, K. (mev.)  
Drievlei  
Malmesbury  
34 jaar  
huishulp  
*Datum:* November 1986
- Arendse, M. (mej.)  
Drievlei  
Malmesbury  
25 jaar  
huishulp  
*Datum:* November 1986
- Bango, R. (mev.)  
Prosper Fair  
De Doorns  
78 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Junie 1987
- Bediet, G.  
Huis vir Bejaardes  
Steinkopf  
67 jaar  
plaasarbeider, afgetree  
*Datum:* Julie 1987

- Biancie, E.  
Keerom  
Koo  
Montagu  
61 jaar  
plaasarbeider  
*Datum: April 1987*
- Bok, E. (mev.)  
Lekkersing  
Richtersveld  
35 jaar  
huisvrou  
*Datum: Julie 1987*
- Boois, T. (mej.)  
Molsvlei  
Garies-distrik  
24 jaar  
huishulp  
*Datum: Julie 1987*
- Booyse, P.  
Platfontein  
Sutherland  
41 jaar  
plaasarbeider  
*Datum: Julie 1987*
- Christoffel, C. (mev.)  
Eksteensfontein  
Richtersveld  
77 jaar  
huisvrou  
*Datum: Julie 1987*
- Botes, H.  
Amerville  
Fraserburg  
40 jaar  
bouer  
*Datum: Junie 1987*

- Cillié, G. du T. Tuinsig-Ouetehuis  
Durban  
81 jaar  
skoolhoof, afgetree  
*Datum:* Januarie 1988
- Claasse, S. (mev.) Rivierstraat 105  
Bergsig  
Springbok  
48 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Julie 1987
- Claassen, P. Molsvlei  
Garies-distrik  
47 jaar  
werkloos  
*Datum:* Julie 1987
- Dewee, T. (mej.) Wandererstraat 33  
Selcourt  
Springs  
37 jaar  
huishulp  
*Datum:* Julie 1986
- Draai, J. Grootplaas  
Louterwater  
Langkloof  
36 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* April 1987
- Erasmus, S. Dankbaar  
Hoekwil  
George  
28 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Desember 1986



- Esterhuise, K. (mev.)  
Middelpos  
Calvinia-distrik  
80 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Junie 1987
- Farmer, A. (mej.)  
Eksteensfontein  
Richtersveld  
84 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Julie 1987
- Farmer, H. (mej.)  
Eksteensfontein  
Richtersveld  
82 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Julie 1987
- Ferus, A.  
Dr. Gariesstraat  
Nashville nr. 11  
Ladismith  
72 jaar  
kantoorbode, afgetree (tans koster)  
*Datum:* April 1987
- Gericke, B.W.  
Die Bof  
George  
61 jaar  
boer (oorlede in 1989)  
*Datum:* Augustus 1977
- Gericke, B.W. (jnr.)  
Gladiolistraat 2  
George  
31 jaar  
versekeringsagent  
*Datum:* Mei 1987

- Gericke, G. (mev.)  
Die Bof  
George  
72 jaar  
Onderwyseres (afgetree), huisvrou, boer  
*Datum:* Augustus 1977 & Oktober 1990
- Gericke, M. (mev.)  
Cooksdriftweg 9  
Blanco  
39 jaar  
musiekonderwyseres  
*Datum:* Julie 1990
- Gouws, H.  
Karagas  
Kliprand  
43 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Julie 1987
- Hanekom, S. (mej.)  
Zeekoeivlei  
Clanwilliam  
14 jaar  
skoolkind  
*Datum:* Februarie 1987
- Hendriks, H. (mej.)  
Hartebeesrivier  
Buffelsjagsrivier  
Swellendam  
27 jaar  
huishulp  
*Datum:* Februarie 1987
- Hendrikse, M. (mej.)  
Zeekoeivlei  
Clanwilliam  
24 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Februarie 1987
- Isaac, D.  
Kliprand  
66 jaar  
plaasarbeider, afgetree  
*Datum:* Julie 1987

- Isaac, S. (mev.)  
Kliprand  
62 jaar  
huisvrou  
*Datum: Julie 1987*
- Johannes, N.  
Laerskool R.P. Botha  
Zoar  
Ladismith-distrik  
14 jaar  
skoolkind  
*Datum: April 1987*
- Julies, J.  
Kokerboomkraal  
Kliprand  
59 jaar  
plaasarbeider  
*Datum: Julie 1987*
- Julies, J. en  
B. Spangenberg  
Kokerboomkraal  
Kliprand  
18 en 17 jaar onderskeidelik  
plaasarbeiders  
*Datum: Julie 1987*
- Karools, K.  
Grootplaas  
Louterwater  
Langkloof  
27 jaar  
plaasarbeider  
*Datum: April 1987*
- Kemp, C. (mej.)  
Blesbokstraat 30  
Edelweiss  
Springs  
28 jaar  
huishulp  
*Datum: Julie 1986*

- Korkee, H.  
Krakeelrivier  
Langkloof  
65 jaar  
soldaat, plaasarbeider, afgetree (tans skoolopsigter)  
*Datum:* April 1987
- Kriel, K.  
Mooi Erfenis  
Pietersfontein  
Montagu  
73 jaar  
boer, afgetree  
*Datum:* April 1987
- Krige, M. (mev.)  
Prosper Fair  
De Doorns  
60 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Junie 1987
- Le Grange, P.  
Die Bof  
George  
42 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Augustus 1977
- Lewies, S.  
Drievlei  
Malmesbury  
74 jaar  
plaasarbeider, afgetree  
*Datum:* November 1986
- Lotz, D. (mev.)  
Hartebeesrivier  
Swellendam  
43 jaar  
huishulp  
*Datum:* Februarie 1987

- McClaren, J.J.  
Wes-oewer  
Calitzdorp  
74 jaar  
polisieman, afgetree  
*Datum:* April 1987
- Mentoor, A.  
La-de-dah  
Beaufort-wes  
83 jaar  
plaasarbeider, afgetree  
*Datum:* Junie 1987
- Michaels, E. (mej.)  
Rietkuil  
Swellendam  
19 jaar  
huishulp  
*Datum:* Februarie 1987
- Muller, M.  
Heideveld  
Porterville  
33 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Februarie 1987
- Nel, G. (mej.)  
Platfontein  
Sutherland  
7 jaar  
skoolkind  
*Datum:* Junie 1987
- Onverwag, M. (mev.)  
Goedeverwagting  
Swellendam  
27 jaar  
huisvrou  
*Datum:* November 1986

- Opperman, S. (mev.)  
Joubertsplaas  
Baden  
Montagu  
71 jaar  
huisvrou  
*Datum:* April 1987
- Pieterse, S. (mev.)  
Drievlei  
Malmesbury  
65 jaar  
huisvrou  
*Datum:* November 1986
- Platjies, G.  
Die Bof  
George  
39 jaar  
plaasarbeider en lekeprediker  
*Datum:* Maart 1987
- Pretorius, S. (mej.)  
Hartebeesrivier  
Swellendam  
31 jaar  
huishulp  
*Datum:* Februarie 1987
- Pretorius, S. (mej.)  
Hartebeesrivier  
Swellendam  
29 jaar  
huishulp  
*Datum:* Februarie 1987
- Rondganger, S.  
Waboomskraal  
George-distrik  
74 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Januarie 1987

- Saal, H. (mev.)  
Rivierstraat 375  
Bergsig  
Springbok  
38 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Julie 1987
- Smit, F.  
Huis vir Bejaardes  
Steinkopf  
75 jaar  
plaasarbeider, afgetree  
*Datum:* Julie 1987
- Smit, T. (mej.)  
Tiptolweg 19  
Daggafontein  
Springs  
20 jaar  
huishulp  
*Datum:* Julie 1986
- Smith, G. (mej.)  
Hogenstraat 30  
Selcourt  
Springs  
31 jaar  
huishulp  
*Datum:* Julie 1986
- Spangenberg, K.  
Kokerboomkraal  
Kliprand  
51 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Julie 1987
- Stoffels, B. (mev.)  
Beukesstraat  
Pacaltsdorp  
78 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Augustus 1977



- Swart, J. Ultrasingel 139  
Vredendal-Noord  
57 jaar  
straatskoonmaker  
*Datum:* Julie 1987
- Swart, L. Zeekoeivlei  
Clanwilliam  
35 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Februarie 1987
- Swarts, R. (mej.) Dankbaar  
Hoekwil  
George  
19 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* Desember 1986
- Swartz, S. (mej.) Tiptolweg 12  
Daggafontein  
Springs  
21 jaar  
huishulp  
*Datum:* Julie 1986
- Van der Horst, V. Amerville  
Fraserburg  
18 jaar  
bou-handlanger  
*Datum:* Junie 1987
- Van der Westhuizen, A.  
(mev.) Slangrivier  
Wellington  
28 jaar  
plaasbestuurder, huisvrou  
*Datum:* Oktober 1990

- Van der Westhuizen, P.  
Lindenstraat  
Ravensmead  
Parow  
32 jaar  
onderwyser  
*Datum:* November 1986
- Van Niekerk, W.A.  
Pantherstraat  
Pacaltsdorp  
76 jaar  
onderwyser, afgetree  
*Datum:* Maart 1987
- Van Wyk, B. (mev.)  
Van Schalkwykstraat  
Frazerburg  
63 jaar  
huisvrou  
*Datum:* Junie 1988
- Van Wyk, E. (mev.)  
Drievlei  
Malmesbury  
53 jaar  
huishulp  
*Datum:* November 1986
- Van Wyk, H.  
Huis vir Bejaardes  
Steinkopf  
82 jaar  
plaasarbeider, afgetree  
*Datum:* Julie 1987
- Van Wyk, S.  
Drievlei  
Malmesbury  
55 jaar  
plaasarbeider  
*Datum:* November 1986

- Van Zyl, A. Ferreirastraat 69  
Immanuel  
Lambertsbaai  
64 jaar  
plaasarbeider, fabriekswerker  
*Datum:* Februarie 1987
- Van Zyl, A. Vaalwater 34 Bergstraat  
Springbok  
65 jaar  
plaasarbeider, afgetree  
*Datum:* Julie 1987
- Wales, R. La-de-dah  
Beaufort-wes  
11 jaar  
skoolkind  
*Datum:* Junie 1987

**(ii) Groepe volwassenes**

- Amerville,*  
*Frazerburg* Andreas, J. (17 jaar)  
Majiet, W. (16 jaar)  
Meintjies, T. (18 jaar)  
Oliphant, G. (16 jaar)  
Van Staden, J. (16 jaar)  
*Datum:* Junie 1987
- Die Bof (a), George* Stander, B. (14 jaar)  
Stander, H. (72 jaar)  
Stander, J. (14 jaar)  
Stander, M. (19 jaar)  
Stander, L. (65 jaar)  
*Datum:* Augustus 1977
- Die Bof (b), George* Platjies, Gert (39 jaar)  
Platjies, Georgina (37 jaar)  
Platjies, Magdalena (14 jaar)  
Platjies, Magrieta (15 jaar)  
*Datum:* Maart 1987

*Die Vallei, Koo,  
Montagu*

De Vos, K. (18 jaar)  
Johnson, M. (42 jaar)  
Meyer, A. (50 jaar)  
Wiese, D. (47 jaar)  
*Datum:* April 1987

*Elandsfontein,  
Beaufort-wes*

Blom, L. (18 jaar)  
De Beer, G. (19 jaar)  
De Beer, M. (25 jaar)  
Smit, H. (25 jaar)  
*Datum:* Junie 1987

*Fairy Brand  
Pakstoor, Misgund,  
Langkloof*

Claassen, F. (57 jaar)  
Claassen, F. (24 jaar)  
Esau, M. (47 jaar)  
Jantjies, M. (27 jaar)  
Jordaan, M. (21 jaar)  
Kapong, J. (32 jaar)  
Louw, R. (23 jaar)  
Maart, M. (40 jaar)  
Maarten, E. (22 jaar)  
Maja, M. (41 jaar)  
*Datum:* April 1987

*Grootplaas,  
Louterwater,  
Langkloof*

April, S. (35 jaar)  
Brouwers, K. (19 jaar)  
Malôwa, M. (21 jaar)  
Rossouw, E. (17 jaar)  
*Datum:* April 1987

*Kroonvale-Suid,  
Graaff-Reinet*

Bollodello, L. (38 jaar)  
Kane, E. (48 jaar)  
Kane, K. (45 jaar)  
Kemp, K. (65 jaar)  
Meyer, H. (50 jaar)  
*Datum:* April 1987

*Platfontein,  
Sutherland*

Booyse, P. (41 jaar)  
Julies, G. (20 jaar)  
Tromp, M. (53 jaar)  
Van Wyk, Magdalena (20 jaar)  
Van Wyk, Martha (20 jaar)  
*Datum:* Junie 1987

*Quado, De Doorns*

Maart, M. (19 jaar)  
Maart, W. (37 jaar)  
Pieterse, D. (28 jaar)  
Pieterse, J. (21 jaar)  
Williams, S. (40 jaar)  
*Datum:* Junie 1987

*Rietkuil, Swellendam*

Rossouw, M. (35 jaar)  
Rossouw, S. (16 jaar)  
Rossouw, S. (11 jaar)  
*Datum:* November 1986

*Selderyfontein,  
Fraserburg*

Bosman, M. (30 jaar)  
Konstabel, K. (21 jaar)  
Scheepers, H. (49 jaar)  
*Datum:* Junie 1987

*Soebatsfontein*

Christiaan, M. (66 jaar)  
Don, J. (31 jaar)  
Jas, S. (43 jaar)  
Mentoor, D. (55 jaar)  
Steenkamp, D. (55 jaar)  
Steenkamp, E. (54 jaar)  
*Datum:* Julie 1987

**(iii) Kindergroepe**

*Dankbaar, Hoekwil,  
George-distrik*

Appels, Ester (14 jaar)  
Buys, Loretta (14 jaar)  
Dewee, Noline (13 jaar)  
Thys, Jeanette (12 jaar)  
Van Rooyen, Mieta (12 jaar)  
*Datum:* Desember 1986

*De Rust N.G.K.*  
*Primêr, Wellington*

Hendriks, Aletta (10 jaar)  
Ontong, Johnny (6 jaar)  
Ontong, Josef (6 jaar)  
Smit, Anna (10 jaar)  
Zanazo, Florina (10 jaar)  
Zweni, Miriam (12 jaar)  
*Datum:* Januarie 1987

*Die Bof, George*

Buys, Jan (11 jaar)  
Frans, Johannes (8 jaar)  
Platjies, Magrieta (15 jaar)  
*Datum:* Maart 1987

*Dr. Isak van Niekerk,*  
*Bergsig, Springbok*

Claassen, S. (13 jaar)  
September, M. (13 jaar)  
*Datum:* Julie 1987

*Elizabeth Wimmer*  
*N.G.K. Primêr,*  
*Lekkersing*

Diergaardt, Elizabeth (11 jaar)  
Diergaardt, Jeanette (11 jaar)  
Diergaardt, Marieta (13 jaar)  
Diergaardt, Roelene (7 jaar)  
Diergaardt, Valerie (8 jaar)  
*Datum:* Julie 1987

*Goedehoop Primêr,*  
*Malmesbury*

Baron, Sabiena (11 jaar)  
Bolsem, Michelle (8 jaar)  
Cupido, Anna (7 jaar)  
Cupido, Magrieta (11 jaar)  
Oewies, Regina (9 jaar)  
*Datum:* November 1986

*Goedeverwagting*  
*Primêre skool,*  
*Rietkuil, Swellendam*

Blackenberg, Elize (9 jaar)  
Fluks, Veronica (12 jaar)  
Hartnich, Gertruida (11 jaar)  
Hartnich, Sara (6 jaar)  
Mollaboela, Magrieta (11 jaar)  
Onverwag, Alicine (6 jaar)  
Pieterse, Valerie (10 jaar)  
*Datum:* November 1986

*Hartebeesrivier,  
Swellendam*

Lotz, Bettie (13 jaar)  
Platjies, Baba (15 jaar)  
Platjies, Meidjie (16 jaar)  
Pretorius, Soni (9 jaar)  
*Datum:* Februarie 1987

*Joubertsplaas,  
Baden, Montagu*

Booyesen, Charlene (16 jaar)  
Kok, Margaret (15 jaar)  
Kok, Mary-Anne (13 jaar)  
*Datum:* April 1987

*Kafferskraal,  
Beaufort-wes*

Pieters, Dawid (11 jaar)  
Robbertse, Petro (14 jaar)  
*Datum:* Junie 1987

*Kroonvale-suid,  
Graaff-Reinet*

Davids, Patrick (12 jaar)  
Kane, Elroy (16 jaar)  
Meyer, Benjamin (13 jaar)  
Prins, Leon (14 jaar)  
*Datum:* April 1987

*Laerskool R.P.  
Botha, Zoar,  
Ladismith-distrik*

Basson, Beryl (8 jaar)  
Blaauw, Wilfred (13 jaar)  
Siebrits, Shaun (11 jaar)  
*Datum:* April 1987

*Proseskop N.G.K.  
Primêr,  
Buffelsjagsrivier,  
Swellendam*

Alexander, John (16 jaar)  
Februarie, Marita (13 jaar)  
Fredericks, Francina (17 jaar)  
Hoogwaard, Elton (11 jaar)  
Kleynhans, Elizabeth (14 jaar)  
Kleynhans, Johanna (12 jaar)  
Lotz, Elzevith (11 jaar)  
Nomdoe, Sophia (12 jaar)  
Olckers, John (13 jaar)  
Persence, Sarah (11 jaar)  
*Datum:* November 1986



*St. John's Junior  
Primêr, Buffels-  
jagsrivier, Swel-  
lendam*

Bantom, Annie (12 jaar)  
Carelse, Heidi (8 jaar)  
Jansen, Liesel (8 jaar)  
Jonkers, Jordine (8 jaar)  
Jonkers, Loretta (10 jaar)  
Julies, Heleen (10 jaar)  
Pieterse, Annie (8 jaar)  
Slingers, Sophia (8 jaar)  
Snyman, Erika (12 jaar)  
*Datum:* November 1986

*Stofkraal, N.G.K.  
Primêr, Garies*

Claassen, Gertruida (12 jaar)  
De Wet, Cecilia (10 jaar)  
*Datum:* Julie 1987

*Twee Palms, George*

April, Abraham (11 jaar)  
April, Kewaai (10 jaar)  
Mooi, Ruben (10 jaar)  
Windvogel, Herbert (9 jaar)  
Windvogel, Taliëtte (11 jaar)  
*Datum:* Augustus 1977

*Zeekoeivlei Primêre  
skool, Graafwater*

Goeieman, Elsabé (13 jaar)  
Hanekom, Sophia (9 jaar)  
Mohapa, Magrieta (9 jaar)  
Nero, Maria (10 jaar)  
September, Magrieta (8 jaar)  
Snyers, Dollie (9 jaar)  
*Datum:* Februarie 1987

## ALFABETIESE INDEKS VOLGENS EERSTE REËLS

	Nommer	Bladsy
<b>A</b>		
Abatwana hier kom ons aan	125	212
Abdol Abdol ek gaan jou mamma sê	198	302
A en die B	199	306
Ag maar Mammie assemblief	200	307
Ag sonder jou by my	195(a)	297
Agter die berg staan 'n jollermeid	66(a)	120
Agter die berg staan 'n Zoeloemeid	66	120
Ag was ek maar liewerster dood	395	518
Ait! Hasie loop 'n stywe galop	383	507
Allejan allejan deur die bos	19	49
Al staan ek op die winkelstoep	154	243
Anderkant die blou berge	201	308
Anderkant die blou berge	481	635
Annatjie Sabonnatjie	22	53
Ant Dol maak boontjies skoon	23	53
Antjie Antjie Somers	67	121
Ant Lizzie se kinders is jarig	202	310
Appedai appedai het die man gevang	347	465
Appelliefiekonfyt	348	466
Appel op my kop	68	122
Appel op my kop	68(b)	123
Appel op my kop	68(c)	125
Appel op my kop	68(e)	126
Appel op my kop	68(f)	127
Appels op my kop	68(a)	122
Arreme klein Jannie	396	520
Arreme ou klein Jannie	396(a)	520
As die bol in die water rol	58(c)	106
As die bol so liggies in die water rol	58(a)	104
As ek ben arm naak en blind	424	569
As iemand sê hy loop vas teen die hek	203	311
As julle doen wat die Woord sê	425	570
As jy jou ma se manier verstaan	60(c)	112
As jy vir my wil trap en skop	482	635
Askies mies Mollie	24	55
As Piet vir Karlientjie wegja	360	475
Awel koejawel	483	636

	Nommer	Bladsy
<b>B</b>		
Baby slang is 'n kwaai ou slang	204	311
Bee bee bokstert	78(c)	141
Bier bier heerlike bier	377	502
Blommetjie ek sê vir jou	155	244
Bloupiet se ouma bly in Blouhuisstraat	70	130
Bobbejaan klim die berg	339	451
Bobbejaan my man	71	131
Boegoeberg se dam is 'n baie lekker dam	205	312
Boesmanmeid is jy nog so flaaï	156	245
Boetie jy moet huis toe gaan	484	637
Boetie moenie so maak nie	206	313
Bokka gaan jy saam?	349	466
Bokkie hang aan my	207	313
Bokkie jy kan maar dol soos 'n mol	264(b)	377
Bokkie jy moet huis toe gaan dis laat al	157	246
Bokkie kom laat ons besluit	208	315
Bokkie maak my toe	209	316
Bokkie moet my nie vloek	210	317
Bokkie my hart is aan die brand	211	317
Bokkie my hart is aan die brand	211(a)	318
Bokkies bokkies laat ons weggaan	212	318
Bokkie sê my ja	213	319
Bokkie sê my reg	158	247
Bokkie vat jou sloop	214	320
Bokkie vat jou sloop	215	321
Bossie wille prei	216	323
Brandewyn laat my staan	378	503
Buck neem vir Wilma na die <i>disco</i>	69	129
<b>D</b>		
Daantjie Daantjie tel op jou klip	72	133
Daantjie jy moet huis toe gaan	136	221
Daantjie Vaalgevreet	15	45
Daar anderkant die bult	121	203
Daar bo sal ek nou my vader loop sien	426	571
Daar by die hek daar by die voor	397	524
Daar by die wa se linkeragterwiel	495(a)	650
Daar hang die Here aan die kruis	427	572
Daar in die mooie paleis	398	526
Daar in die pad lê 'n hondjie	27(c)	61
Daar is drie bobbejane jigelumama	485	638
Daar is iemand wat ween	159	249
Daar is plek by die kruis vir jou	428	574

	Nommer	Bladsy
Daar is vier bôjane	485(a)	639
Daar kom Bellie om die hoekie	25	55
Daar kom die lorrie	26	56
Daar kom die lorrie	126	212
Daar kom Jan Balie aan	370	491
Daar kom 'n hoender aan	362	476
Daar kom ou Keteltjies aan	370(a)	491
Daar kom Polla om die hoekie	137	223
Daar kom tant Anna aan	390	511
Daar loop 'n grote sneltrein	429	574
Daar onder by die dam	73	133
Daar onder by die dam	73(a)	134
Daar onder by die dam	73(b)	135
Daar onder by die draai	359	474
Daar onder in die mielielande	340	452
Daar onder in die paadjie	27	58
Daar onder in die paadjie	27(b)	60
Daar onder in die vlei	74	136
Daar onder in die vlei	138	224
Daar onder in die vlei	399	527
Daar onder langs die paadjie	27(a)	59
Daar ry hy met daardie pad	160	250
Daar sit 'n muisie binne in die koskas	8	38
Daar's 'n roos in die tuin	28	63
Daar staan ek daar onder op die hoogte	400	528
Daar trek 'n hasie	139	225
Daar vlieg 'n voëltjie in die ghiemilès	29	65
Dame Belinda so rein en skoon	161	251
De ket en die fiedel	84(b)	151
Deur die hele week deur die hele week	430	575
De Wet het die witperd gery	361	475
Die aand se lemoene	162(b)	254
Die aap sit in die boom	75	137
Die akkerboom se bas	217	324
Die <i>A-team</i> die <i>A-team</i>	140	227
Die bak vol eiers	76	138
Die belling en die ring	218	326
Die berg se kammero	219	327
Die blikkie se boom is uit	220	329
Die blou gordyne	221	330
Die boereplek se dam	30	66
Die boer gaan na die land	65	118
Die boer gaan na die land	122	206
Die boer stuur vir Jochem uit	120	201

	Nommer	Bladsy
Die bok het my gestoot	222	331
Die daggaland die daggaland	123	206
Die <i>daisy</i> van my	223	332
Die doek met die sterre	224	333
Die donkie lê in die kooi	17	47
Die Doringbaai	225	334
Die een wat ek nie wil hê nie	163	255
Die eerste dag toe ontmoet ek my vader	431	576
Die geelslang is nie vrek	227	336
Die Goudstadligte brand so helder	401	530
Die haan en die hen het stry gekry	31	67
Die haan en die hen het stry gekry	77	139
Die haas se kop is ek en jy s'ne	141	228
Die halwe koppie kool	228	338
Die hemel is so mooi	432	577
Die hemel is so mooi	432(a)	578
Die hen en die haan het stry gekry	31(a)	68
Die hoenderhaan die kraai	162	252
Die hoenderhaan die kraai	162(a)	253
Die hoenderkop en -pootjies en tamatieslaai	229	338
Die horlosiewyster	230	341
Die kanon is op die kop	391	512
Die kelkie sonder voet	231	341
Die krale om my nek	232	342
Die man wat die koeie melk	78(a)	140
Die man wat die koeie melk	78(b)	141
Die man wat die koei oppas	78	140
Die man wat die osse oppas	78(d)	142
Die meid se voet is seer	233	344
Die môre toe my ma my los	234	344
Die naam van Jesus Christus	433	578
Die nadroejakkals het sy kinders opgeëet	235	345
Die pienk strik in my sy	236	346
Die plaas se naam is Diemanskraal	486	641
Die potjie Vaseline	237	348
Die rivier is vol	402	531
Die rooi haan die kraai	240	352
Die rooibekkie van my	238	350
Die rooidag wil breek	239	351
Die rooi tamatie	79	145
Die seewater is blou	487	641
Die sewe pampoene die rol in die sloot	32	69
Die sprinkaan in die droogte	350	467
Die swartbaadjie se mou	328(a)	440

	Nommer	Bladsy
Die tafelmes se punt	221(a)	331
Die tier tier en die Tierberge	241	353
Die vaalbaadjie-klong	242	354
Die windjie die waai	403	533
Dikwels kniel my moeder eensaam	434	579
Dis die Bosveld waar ek Lettie ontmoet het	164	256
Dis heerlik om vry te kan wees	435	581
Dis ou Pieta se ding	488	642
Dis swaar om met 'n jong bok te jol	243	355
Dis swaar om 'n weeskind te wees	404(e)	539
Dis swaar om 'n weeskind te wees	404(g)	540
Dit is 'n blom	244	355
Dit is swaar dit is swaar	404(d)	538
Dit is swaar om 'n weeskind te wees	404	534
Dit is swaar om 'n weeskind te wees	404(f)	540
Dit is swaar om 'n weeskind te wees	404(h)	541
Dit was vir my 'n mooi dag	436	582
Doe-doe doe-doe Sanna doe-doe	110	193
Doe-doe my kindjie klein	111	194
Doe-doe my poppie	112	195
Doesie-meid die voëltjies fluit	245(b)	358
Doesie-meid is 'n plaas se meid	245	356
Doh te la	80	145
Dolla my hart is seer	246	359
Donker klowe	247	360
Dossie dossie annerland	60(a)	111
Draai bobbejaan draai	248	360
Dra in die gerwe	249	361
<b>E</b>		
Een been dik	1	33
Eendag was daar 'n seuntjie	396(d)	523
Een Saterdagmôre het ek opgestaan	142	228
Een Sondagagtermiddag	33	70
Een Sondagagtermiddag	165	258
Een Sondagmôre	250	362
Een Sondagmôre staan ek om die hoekie	405	543
Een twee drie vier vyf ses sewe	2	34
Ek dans met die meisie	251	363
Ek en my bok bly alleen	363(a)	477
Ek gaan nou Kafferland toe	34	71
Ek gaan vir Mamma sê	113	195
Ek het 'n kleine hasie	81	146
Ek het 'n kleine hasie	81(a)	147

	Nommer	Bladsy
Ek het 'n kokkerotjie in die koskas gevang	127	215
Ek het rondgetravel en rondgegaan	489	642
Ek het sy spoor hier gekry	252	364
Ek hette jou lief	351	468
Ek het ver weggedwaal	409(c)	550
Ek hoor my moeder	406	545
Ek hou van 'n appel en 'n ei	35(a)	73
Ek is die ware wynstok	439	585
Ek is Klaartjie Sas	384	507
Ek is 'n ander bollem sas se skelm	82	148
Ek is oom Daantjie Okskondaan	506(a)	664
Ek is op en gedaan	253	365
Ek is op vir jou	166	259
Ek is so bly dat ek kan sê	437	583
Ek is soldaat se vrou	392	513
Ek is vyfduisend myl van my huis	407	545
Ek kan nie verstaan	192	290
Ek koop 'n pond tamaties	9	40
Ek koop 'n sak tamaties	83	149
Ek lê en slaap	490	644
Ek loop in die pad	254	367
Ek lus vir 'n appel en 'n ei	35	72
Ek lus vir 'n appel en 'n ei	143	230
Ek lus vir 'n appel en 'n ei ei ei	35(b)	73
Ek moet nou gaan na Pretoria	422	566
Ek sal gaan ek sal gaan	491	645
Ek sê die eiertjie se door	226	335
Ek sê my bra my lewe is deurmekaar	492	646
Ek sien 'n skilpad in die pad	36	74
Ek's op vir jou	167	260
Ek staan so alleen	168	261
Ek trap my spore toe	255	368
Ek verlang my mamma	408	546
Ek voel om in te gaan	438	584
Ek was baie jonk gewees	409	547
Ek was my goed met Omo	84	150
Ek was nog baie jonk	409(b)	549
Ek was nog baie jonk gewees	409(a)	548
Ek weet die Here maak 'n weg vir my	440	586
Ek wil na Mamma gaan die rivier is vol	37	75
Ek woon stokkie alleen	363	477
Ek worry my nooit skerumba	379	504
En baie diep haal Hy my uit	441	586
En daar was herders te Betlehem	442	587



	Nommer	Bladsy
En die hoelahoep	256	369
En die witbroek sit nie lekker nie	493	647
En dis nie ekke nie	494	648
Erken Hom in al jou weë	443	591
<b>G</b>		
Gaan jy deur 'n donker wolk	444	592
Gansbaai se meisies is 'n bietjie baie jonk	169	262
Gebrande briefie	170	263
Gee daar van die rooi flennelet	115	196
Geel Barry loop 'n pas ja	171	264
Gistraand toe ek gaan slaap in my kamer	364	479
Grietjie Grietjie Dou	86	154
Groen amara wonnerliksens	352	468
Groene gras groene gras	38	76
Groene groene gras	85	152
Groen groen gras	68(d)	125
God roep nog die verlore	445	593
Gooi my met die skêr	257	370
Gooi olie gooi olie in julle lampe	446	594
<b>H</b>		
Haastige bokkie bring die wyn	380	505
Hannekoekiede	14	44
Hartjie ek kom haal jou net vir my	172	265
Hasia hasie bloubok	144	231
Hets het jy gehoor	173	267
Hier en daar soos 'n doringblaar	385	508
Hier gaan ek voor 'n deur voor haar deur verby	174	268
Hier sit ek in my huisie binne-in my glaskas	39	77
Hier staan ek by die kis van my liefling	410	552
Hier staat ek met my boude onder die berg	404(c)	537
Hier staat 'n mooie meisie	393	514
Hiervandaan na die resiesbaan	495	649
Hoekom maak jul my hart so seer?	404(b)	535
Hoenderpootjies koppe en tamatieslaai	229(a)	340
Hoe oud wil jy wees?	87	154
Hoeveel kos die meel?	126(a)	214
Hoe ver is dit na Kimberley?	88	155
Hondjies blaf katjies lag	89	156
Hoor hoe speel oom Charlie	496	652
Hosanna halleluja	447	596
Hou die ding in die mik	497	653
Houtepoppie houtepoppie hand in die sy	498	654

	Nommer	Bladsy
Hulle sê Hy is wonderlik	448	597
Hy druk sy kortbroek in die deur	258	371
Hy is die ware wynstok	449	598
Hy is hier om ons te seën	450	599
<b>I</b>		
Iets het gebeur en nou	193	293
In die ou pad ontmoet ek 'n meisie	59(a)	108
In die skool leer ons nou	90	157
Ingelse sout is 'n dure sout	353	469
In ons huisie daar ver in die Bosveld	417(a)	559
<b>J</b>		
Ja Hy versadig my	451	600
Jaloerse bokkie	259	373
Jan Kolêla	260	373
Jannie se mamma goggabie	345(a)	460
Jan trek uit jou baadjie	335(a)	447
Japie my en die wind waai in my sy	341	453
Jare gelede in die ou Jerusalem	452	601
Ja Wheatlands is die hy is die wenner	128	216
Jesus dink aan my	453	602
Jesus kan in 'n mens se hart sien	454	603
Jesus roep my wat het ek gedoen?	455	604
Johnny my skat	40	78
Johnny my skat	40(a)	79
Jou bok jou skelm	261	375
Jou flêrrie jou flêrrie flaaï	262	375
Jou rooi rok soos 'n tier	263	376
Jy kan maar kruip kruip soos 'n mol	264	376
Jy kan maar loop jy kan maar loop	265	378
Jy kan maar loop jy kan maar loop	265(a)	379
Jy's die lente in my hand	266	380
Jy's jou ma se môre- môreblom	267	380
Jy's my hartjie en my kwaal	268	381
<b>K</b>		
Kaas en brood en suikerbier	499	655
Kadiesa my lam is sy dan bang?	500	655
Kafferkindjie kom vat jou pap	269	383
Kalkoentjie jou lekker ding	270	383
Kaloekoe skree die hoenderhaan	271	384
Karretjie wipgat tipgat oorkant klipgat	118	199

	Nommer	Bladsy
Kas ghan	109(b)	190
Katie kind lê soontoe	91	158
Katriena <i>all the way</i>	91(a)	159
Kerriekos H-A	92	159
Kerrie rys en viskopvleis	93	160
Kerrie rys en vleis spanspek	93(a)	161
Kinder boontoe	456	605
Kinders van die bos	272	385
Kind van God wees sterk	457	605
Kleine babatjie	273	386
Klein Jannie was 'n weeskind	396(b)	521
Klein Pieter van Zyl	365	480
Koffie suiker melk en tee	94	163
Kom kap vir my 'n klip	274	387
Kom laat ons sny sny sny	354	469
Kom ons gaan jol by oom Japie in die kamer	275	389
Kom sit hier by my	175	269
Kom slaan my neer voor die hof se deur	501	656
Kom soen my vir laas voor ek gaan	194	294
Koos waarom is jy so goddeloos?	386	509
Koppies in die rak	276	390
Kruip maar deur jou venster	41	80
Kwêla kwêla	502	657

## L

Laat die liewe sonskyn in	458	607
Laat die verlostes huis toe gaan	459	608
Laat ons in 'n kring staan	42	80
Laat ons in 'n kring staan	42(a)	81
Leer ons om reg te bid	460	608
Lê hiernatoe lê sountoe	277	390
Lê hiernatoe lê sountoe	277(a)	391
Liefeling is jy eensaam?	176	271
Liefeling jy kan maar kruip soos 'n mol	264(a)	377
Liefeling kom maak my toe	278	391
Liefeling laat ons besluit	208(a)	315

## M

Maandag werk ek nie	145	232
Ma gee die kinders die lekker stukkie brood	279	392
Ma kom slaan vir Doesie-meid	245(a)	357
Mamma assemblief	280	393
Mamma bring die viool van Bêrend	281	394
Mamma ek is bang	18	48

	Nommer	Bladsy
Mamma ek is bang	95(a)	164
Mamma ek is bange	95	163
Mamma kaloemba zie	282	394
Mamma Mamma weet Mamma	129	217
Mamma sal nie weer trou nie	283	395
Mamma sal nie weer trou nie	411	553
Mamma sê vir g/i	43	82
Mamma vergewe my sonde	412	554
Mammie kom was vir my	97	166
Ma my nuwe skoene druk my	503	660
Ma se kind se kaaskop kind	504	661
Ma slaap alweer vanaand by Pa	366	482
Ma waar's Pa?	109(a)	189
Mê mê die bokkie	44	83
Mê mê die bokkie	44(a)	85
Mê mê die bokkie	44(b)	86
Mens kan sommer sien	101(h)	177
<i>Merry-go-round merry-go-round</i>	45	87
Met die Heer se klakkelose lyding	461	609
Misbank oor die see	284	396
Misbank oor die see	285	397
<i>Mister Barry</i> koms van Swellendam	114	196
Moeder mag ek gaan?	177	272
Moeder moeder	413	554
Moenie aan Pappie meer sjerrie verkoop nie	414	555
Moenie huil oor my nie	286	398
Moenie vir koejawel kneus nie	287	399
Mooie meisie met jou ronde lyfie	98	167
Mooie meisie met jou ronde lyfie	178	273
Mooie meisie mooie meisie	178(a)	273
Mooie meisies julle moenie huil nie	394	516
Môre gaan my suster trou	20	50
Môre gaan my suster trou	20(a)	51
Môre oompie môre antie	342	454
My dierbare moeder se trane	415	556
My hart is seer	288	400
My hart is seer my ma	289(a)	401
My kind wil jy 'n man hê?	179	274
My komkommertjie my liewe sonneblommetjie	180	276
Myle weg na Johannesburg	146	233
My ma is ver my ma	289	400
My mamima ek is bang	505	662
My mamma laat my toe	290	401
My mamma se kind	96	165

	Nommer	Bladsy
My mammie vertel my elke aand	462	610
My man is dood ek is alleen	416	557
My man kom laat my man kom laat	367	483
My naam is Big John Tate	99	168
My naam is Doemsie Doemsie Doemsie	46	88
My naam is Jan die Kaffersman	181	277
My naam is Liewe Heksie	11	42
My naam is ou Daantjie Ooksowa	506	663
My ole man wou nie hê	291	402
My oompie het gaan pere haal	47	89
My oompie lees die brief	292	403
My ouma kook mielies en bone	507	666
My oupa het 'n perd	147	234
My oupa het 'n perd	147(a)	235
My pa bou 'n huis	3	34
My pappa was 'n drinker	381	506
My sussie het geloop	293	404
My vader was 'n dopper	343	457

## N

Na doe doe doe wanie	48	91
Neem my saam neem my saam	508	667
'n Feetjie wat nou binnekom	49	92
'n Hand vol teer <i>together here</i>	21	52
'n Meid wat my loer	294	404
Nog net 'n bietjie vinniger	130	217
Nôi nôi die rietkooi nôi	344	458
Nooientjies nooientjies leer jou les	509	668
Nou die <i>steamer</i> die <i>steamer</i> die <i>steamer</i>	510	669
Nou ja my koperperd is flou	182	278
Nou maar klipsalmander	295	405
Nou vlie my voëltjie weg	423	567

## O

O die boklammetjie skree lekker mê	296	407
O die môre- môrester	297	407
O die tamatie tamatie tamatie	298	408
O Dina my met jou stywe lyfie	299	409
O dis swaar om 'n weeskind te wees	404(a)	535
O dis swaar om 'n weeskind te wees	404(i)	541
O laat staan vir my	300	410
O liefde moet ek hê	463	611
O maar dankie madam	301	411
O maar Dolla kom tog nou	302	411

	Nommer	Bladsy
O maar tant Dina het 'n kind	303	412
Omniekie sent dem melaaisa	304	413
O my mamma het 'n Boesmanmeid	371	492
Onder die brug daar sit 'n hond	4	35
Onder die brug staan twee kalkoentjies	5	35
Onder in die paadjie	16	45
Ons het koring gesny	355	471
Ons het same gegaan	184	282
Ons is familie	464	612
Ons sê nou dankie vir die Here	465	613
Ons varkies het kleintjies	305	414
Oom Daantjie kom van die boereplaas	306	416
Oom Daantjie werk op Barry se plaas	50	95
Oom Jan gaan saam	100	169
Oom Koerat kom by die <i>army</i>	372	494
Oor daardie manier van jou	356	471
Oorkant die spruit	183	279
Op die klavier staan 'n bottel wyn	6	37
Op die wolke van die hemel	466	614
Op die wolke van die hemel	466(a)	615
Op 'n dam se wal	101	171
Op 'n dam se wal	101(a)	171
Op 'n dam se wal	101(c)	172
Op 'n dam se wal	101(d)	173
Op 'n dam se wal	101(e)	174
Op 'n dam se wal	101(f)	175
Op 'n dam se wal	101(g)	177
Op 'n plasie daar ver in die Bosveld	417	558
Op 'n winkelstoep	307	417
Op oom Jan se wal	101(b)	172
<i>O Rosy my darling</i>	346	461
O so Heer die rykdom behou	467	617
O tjielê mama tjielê	116	197
O tollie ywe tollie ywe	373	494
Ou antie asseblief	308	418
Ou boetie vat my hand	309	419
Ou bok ek het 'n pyn	310	420
Ou bok ek sien jou plan	311	421
Ou bok gee my 'n fluit	312	422
Ou bokkie sê my reg	314	423
Ou bokkie vat jou sloop	313	422
Ou hartbees van kerk	511	670
Ou Isak Pensvelle	315	424
Ou Jiekerie Jollie	10	40

	Nommer	Bladsy
Ou Jona was gestuur	468	618
Ou Jona was gestuur	468(a)	619
Ou liefling van die vlei	185	283
Ouma Janie ouma Janie	51	96
Oupa Niklaas	102	179
Ou Rooijan was dood en hy lê in sy graf	52	97
Ou Rosy met sy ronde kop	49(b)	94
Ou tante die reën kom aan	512	671
Ou tante Koba sy is so dom	374	495
Ou tante Koba sy sit op die trap	374(a)	496
Ou tante Kowa se rietskraal lyf	374(b)	497
Ou Tollie los my hart	316	425
Ou Zônie was 'n seuntjie	396(c)	522

## P

Pakkie borde	317	426
Perdeby perdeby	53	98
Perdeby waarom steek jy my?	148	237
Perdjie waar's jou ma?	103	179
Pe-sunrite koffie pe-sunrite tee	28(a)	64
Petrus Jakobus en Johannes	357	472
Pierampie pierampie	54	99
Piesangkonfyt is 'n lekker konfyt	513	671
Piet en my laitie is kwaad vir my	514	672
Pietersfontein is 'n lekker fontein	186	284
Piet skiet die kat	119	199
Pinocchio waar is jou vrou?	104	180
Pinocchio waar is jou vrou?	104(a)	181
Poppie dun poppie dik	375	498

## R

Rokkies wou sy dra	345	459
Rommel en skommel	318	427
Rom rom rom	131	218
Rôna is my rokkie mooi?	64	117
Rond en dik soos 'n bitterblom	319	427
Rose Maria my tere beminde	195	296
<i>Rosy is my darling dear</i>	55	100
<i>Rosy is my darling</i>	346(a)	462
Rotjie rotjie leef jy nog?	56	101
Rotjie rotjie leef jy nog?	56(a)	102
Rotjie rotjie leef jy nog?	56(b)	102



	Nommer	Bladsy
<b>S</b>		
Sa geluk Carnavon	132	219
Samghoes samghang	387	509
Sannie draai die maan	57	103
Sêra jou rokkie val af	320	429
Sewe jaar moes ek dien in die gevangenis	418	562
Siena laat my los	187	285
/Sjoe sjoe dis warm daar	469	620
Skilpadvroutjie	321	429
Skryf vir my 'n brief	180	286
Smôrs vroeg saans laat	358	473
Soen my vir laas voor ek gaan	194(a)	295
So hang ek aan die hakiesdraad	322	430
So hang ek aan die hakiesdraad	322(a)	430
So klim hulle deur die ruit	323	432
Solank as die bol in die water rol	58(b)	105
Solank as die bol op die water rol	58	104
So loop ek oor die rantjie	189	287
So loop ek so langs die berge	419	563
<i>Sometimes I feel so happy</i>	515	673
Sommerso en jy is sommerso	376	498
So nader na die huis	368	487
Sondagagtermiddag	149	238
<i>Sonny</i> my vader was 'n rooker	59	107
Sontjie gaan maar weg	324	434
Soos die blomme en soos die sonskyn	196	299
So rikke-tikke-tik my trommeltjie	150	239
So rondom die bos	105	183
So rondom die bos	105(a)	183
So rondom die bos	105(b)	184
Sout Mamma sout	325	435
Staan ek op die ê	326	436
Stanford wil maan toe gaan	133	219
Stil maar my kindjie jou moeder is hier	117	198
Stoppie wie't jou gemaak?	516	673
Strykvoet soos 'n das	388	509
Stuur vir my Here	470	621
Sub A ry die wa	134	220
Suikerbek jou gham	327	437
Swaar om die draai	517	675
Swaar werk vir die boer	420	564
Swartbaadjie se mou	328	439
Swartjan Cloete	329	442
Swartkop Sekkie wil ek hê	330	443

	Nommer	Bladisy
Swart kraai swart kraai kom hier toe	331	443
Sy bly die naam in my lewe	421	565
Sydoek in die hand	332	444
Sy liefde is wonderbaar vir my	471	622
Sy naam is soos balsem vir my	472	623
<b>T</b>		
Tafelmes se punt	518	676
Taggentag jaar het hy galop -lop -lop	519	676
Tamatie jô jô jô jô	151	239
Tannie met die bont rok	333	445
Tant Rosy wat nou binnekom	49(a)	93
Tant Sannie sy huil	152	240
Tant Sarie en tant Marie	12	43
Tara-ra-ra-boemdery	520	677
Tina van tant Lakkie	389	510
Tjokkelokkie pop	334	446
Toe ek in my mamma se huis gebly het	369	489
Toe Jesus deur Jerigo gaan	473	623
Toe maak ou Boesietak sy goedjies bymekaar	190	288
Toe ons as skaapboys <i>travel</i>	521	678
Tokkelossie in die kamer	153	241
Trek hulle uit gooi hulle weg	474	625
Trek uit jou baadjie vir my	335	447
Tussen Keulen en Parys	60	110
<b>U</b>		
U's my Leidsman o Jehova	475	626
<b>V</b>		
Vaalbaadjie ou klong atteloeloe	336	448
Vaarwel my liefing ek gaan nou	197	299
Ver in die wêreld	60(b)	111
Vir 'n pennie koop twak	71(a)	132
Vrot tamatie lekker konfyt	106	185
<b>W</b>		
Waar is Groenhuis?	135	221
Waar kan ons nou dagga kry?	382	507
Waar kom jy so laat vandaan?	522	679
Waar kry jy daardie hoed?	523	680
Waar was Anne die hele aand?	107	185
Waar was jy die hele aand?	61	114

	Nommer	Bladsy
Waar woon jy?	7	37
Waar woon jy?	108	186
Waar woon jy?	108(a)	187
Was jou goed met Omo	84(a)	150
Wat gaan jy maak met daardie kosbare siel?	476	627
Wat gaan jy maak met daardie kosbare siel?	476(a)	628
Wat het ek gedoen?	477	629
Wat het jy gedoen?	337	449
Wat soek jy in die sand?	13	44
Wat soek jy in die sand?	124	208
Watter kant toe nou?	191	289
Wat was jou moeders naam my Heer?	478	630
Weer ontmoet weer ontmoet	466(b)	616
Wha wha wha wha wha wha	524	681
Wha wha wha wha wha wha wha	524(a)	682
Wie hardloop vanaand om die huisie?	62	114
Wie het die hoender uit die pot uit gesteel?	63	115
Wie het die hoender uit die pot uit gesteel?	63(a)	115
Wie het die hoender uit die pot uit gesteel?	63(b)	116
Wie is Hy wat op die water loop?	479	631
Wie klop daar bo die deur?	525	683
Wienteldam skilpadram	526	684
Wie sal ek stuur en wie sal gaan?	480	632
Wie sal ek stuur en wie sal gaan?	480(a)	633
Wie se kar is dit daardie?	338	450
Wie't die bok se horing gevat?	109	188